

**DIE NASIONALE PARTY VAN SUID-AFRIKA
SE LAASTE DEKADE AS REGERENDE PARTY,
1984 – 1994**

J. M. AUCAMP

**DIE NASIONALE PARTY VAN SUID-AFRIKA
SE LAASTE DEKADE AS REGERENDE PARTY,
1984 – 1994**

JACOBUS MARTHINUS AUCAMP

PROEFSKRIF

VOORGELê TER VERVULLING VAN DIE

VEREISTES VIR DIE GRAAD

DOCTOR PHILOSOPHIAE

IN DIE

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE

(DEPARTEMENT GESKIEDENIS)

AAN DIE

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN

PROMOTOR: PROF. PW COETZER

MEDEPROMOTOR: PROF. JA DU PISANI

BLOEMFONTEIN

NOVEMBER 2010

VERKLARING

Ek verklaar dat die proefskrif wat hierby vir die graad Doctor Philosophiae aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit / fakulteit ingedien is nie.

Ek doen voorts afstand van die outeursreg op die proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

.....

J.M. AUCAMP

.....

DATUM

DANKWOORD

Graag betuig ek my opregte dank aan die volgende persone wat almal op die een of ander wyse gehelp het om hierdie studie te voltooi:

- Prof. Hermann Giliomee wat, heel waarskynlik onwetend, die saadjie vir hierdie navorsing geplant het;
- Wyle prof. Leo Barnard wat aangebied het om as promotor op te tree en my, tot sy dood toe, met aansteeklike entoesiasme aangemoedig het;
- Prof. Pieter Coetzer, 'n mede-Stormberger uit die Molteno-kontrei, wat ingewillig het om as promotor oor te neem en met baie geduld en diplomatie 'n oudpolitikus wetenskaplik georiënteer het;
- Prof Kobus du Pisani vir sy professionele advies, vriendelikheid en behulpsaamheid;
- Alta Coetzer, wat met taalversorging gehelp het;
- Rika Oosthuizen en Mitzi Cloete, vir die tik van die proefskrif en hulle eindelose geduld met al die veranderinge wat deurlopend aangebring is;
- Esmé, my kinders, familie en vriende vir hulle liefde, aanmoediging en geloof dat ek sal “klaarmaak”;
- My Hemelse Vader wat my deur die lewe, en ook met hierdie studie, ver bo verdienste begenadig het.

**DIE NASIONALE PARTY VAN SUID-AFRIKA SE LAASTE
DEKADE AS REGERENDE PARTY,**

1984 – 1994

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING	i
DANKWOORD	ii
INLEIDING	5
HOOFSTUK 1. AGTERGROND VAN DIE HOOFONDERHANDELAARS VIR DIE 1993-GRONDWET	35
1. DIE NASIONALE PARTY VAN SUID-AFRIKA : DIE NAAM	35
2. APARTHEID : DIE BENAMING	38
3. DIE ANC : VAN SAMEWERKING TOT KONFRONTASIE TOT ONDERHANDELING	40
4. POLITIEKE REGTE VIR SWARTES	51
HOOFSTUK 2. DIE NASIONALE PARTY – VOLKSBEWEGING EN HERVORMING	58
1. DIE JEUG TREE STERK NA VORE	58
2. DIE AFRIKANER BROEDERBOND (AB)	61
3. DIE ROL VAN GODSDIENS	63
4. AFRIKANER-SAKELUI GEE HERVORMING 'N HUPSTOOT	68
5. REFERENDUMS BEPAAL DIE NP-KOERS	71
6. DIE AKKOMMODASIE VAN BRUIN, SWART EN INDIËR-MENSE IN SUID-AFRIKA – 'N NUWE BEDELING	73

HOOFSTUK 3. UITDAGINGS WAARMEE DIE NASIONALE PARTY GEDURENDE DIE TAGTIGER- EN VROEë NEGENTIGERJARE GEKONFRONTEER IS	97
1. INLEIDING	97
2. DIE STIGTING VAN DIE KONSERWATIEWE PARTY (KP)	99
3. DIE UITVLOEISELS VAN DIE KP-STIGTING	102
4. 'N NOODTOESTAND WEENS BINNELANDSE OPSTAND EN ONRUS	109
5. ALTERNATIEWE KUNSTENAARS MAAK STEM DIK	118
6. INTERNASIONALE DRUK VERGROOT	119
7. SPORTBOIKOTTE EN DIE GEVOLGE DAARVAN	126
8. SANKSIES SPAN DIE NET WYER	130
9. DIE BOTHA-REGERING SKOP VAS	133
10. GEWAPENDE STRYD NEIG NA ANARGIE	138
11. SUIDWES-AFRIKA / NAMIBIë	145
HOOFSTUK 4. DIE NASIONALE PARTY SE METAMORFOSE: LEIERS- EN KOERSVERANDERING (1982-1989)	150
1. RASDENKE EN RASSEPROBLEMATIEK UNIEK AAN SUID-AFRIKA?	152
2. 'N KLEMVERSKUIWING, 1982 – 1988	158
3. PW BOTHA WORD SIEK	175
4. 'N NUWE ERA – DE KLERK NEEM OOR	178
5. DE KLERK EN BOTHA KRUIS SWAARDE	191
6. DIE BREUK VERGROOT	207
7. DIE NP-WIELE ROL VOORT	217
8. DIE VERKIESING VAN 1989	236

HOOFSTUK 5. APARTHEIDSMATREËLS TUIMEL (1989-1991)	245
1. DIE TOESPRAAK VAN 2 FEBRUARIE 1990	252
2. NIE-OORHEERSING EN MINDERHEIDSREGTE	264
3. DISKRIMINASIE / APARTHEID VERDWYN	282
3.1 Oop lidmaatskap van NP	282
3.2 Uitskakeling van diskriminasie (openbare geriewe)	286
3.3 Gelyke onderwys	294
3.4 Ander pilare van apartheid	297
HOOFSTUK 6. REAKSIE OP HERVORMING EN DIE PAD NA 'N ONDERHANDELDE SKIKKING (1990-1993)	306
1. GLOEIENDE BUITELANDSE REAKSIE	306
2. TOENEMENDE REGSE EN LINKSE DRUK	308
3. ROOI LIGTE : DIE NP BEGIN STEUN VERLOOR	311
4. DIE REFERENDUM-UITSLAG VERRAS	326
5. ONDERHANDELINGE BEGIN	336
6. 'N PROBLEMATIESE SITUASIE: DIE ANC BLY GEWELD PROPAGEER	342
7. KODESA I SKOP AF	346
8. KODESA II WORD 'N KRISIS	352
9. DIE VEELPARTY-ONDERHANDELINGSFORUM KOM OP DREEF	362
10. DIE OORGANGSGRONDWET KOM TOT STAND	365

HOOFSTUK 7. DIE 1994-VERKIESING EN ONMIDDELLIKE GEVOLGE DAARVAN	381
1. DIE UITVOERENDE OORGANGSRAAD (UOR) KRY SY HAND OP DIE STUUR	381
2. DIE TUSSENTYDSE GRONDWET LUI DIE VERKIESING IN	383
3. ANC / SAKP-PERSPEKTIEF	388
4. DIE NP KRY SY TREKGOED GEREED	390
5. MENINGSPEILINGS	399
6. DIE FEDERALE KONGRES WIL DIE NP-VISIE VERWESENLIK	402
7. DIE NP-MANIFES	404
8. DIE VERKIESING	406
9. DIE UITSLAG VAN DIE VERKIESING	409
10. EVALUERING VAN DIE VERKIESING	412
10.1 Algemeen	412
10.2 Organisasie	412
10.3 Bemarking	413
10.4 Media	413
10.5 Finansies	414
10.6 Die grootste probleme in die verkiesing	414
11. DIE NP IN DIE REGERING VAN NASIONALE EENHEID (RNE)	415
12. VERGEEFSE POGINGS OM MAGSDELING IN DIE FINALE GRONDWET TE KRY	424
HOOFSTUK 8. SLOT-PERSPEKTIEWE	436
BRONNELYS	459
OPSOMMING	499
ABSTRACT	502

INLEIDING

Die oogmerke met hierdie studiestuk is om die kollig op die rol van die NP-regering gedurende die laaste termyn (1984-1994) te laat val. Hierdie termyn val in twee fases uiteen, naamlik die Botha-tydperk (1984-1989) en De Klerk-era (1989-1994). Aspekte wat belig sal word, is onder meer die binne- en buitelandse probleme waarmee die leiers gekonfronteer is, aanpassings wat gemaak moes word, linkse en regse politieke strominge, die hantering en volgehoue toepassing van die apartheidsbeleid, die situasie van ander bevolkingsgroepe, druk van individue en organisasies om verandering, die invloed van sport en sanksies op beleidsvorming, die gewapende stryd (formele en nie-formele kragdadige optrede teen die ANC en ander faksies), die tuimeling van apartheidsmaatreëls, onderhandelinge met die ANC en die uitvloeisels daarvan, asook die beweging na 'n volle demokratiese verkiesing met al sy implikasies.

'n Onderwerp soos hierdie met die kollig op die periode 1984 tot 1994 kan nie behoorlik begryp word, as daar ten aanvang nie ook kortliks oor die geskiedenis en hoofmomente van die Nasionale Party (NP) sedert sy stigting in 1914 besin word nie. Gevolglik word in die eerste deel van hierdie studie as aanloop bepaalde agtergrondinligting oor die party verskaf.

Na die stigting van die Nasionale Party in 1914 – gedurende 'n tydperk toe nasionalisme wêreldwyd hoogty gevier het – was die party in Suid-Afrika die voertuig van Afrikaner-nasionalisme. Toe die party weer¹ aan bewind gekom het tydens die 1948-verkiesing – in 'n wêreld steeds gekenmerk deur imperialisme, rassisme en paternalisme – was die NP-beleid inder-

¹ Van 1924 tot 1929 het die NP in 'n koalisie met die Arbeidersparty regeer. In 1929 het die NP met 'n volstreekte meerderheid gewen en alleen regeer tot met die verkiesing in 1933.

daad openlik rassisties en paternalisties. Meer nog: Met die ontbinding van die Europese ryke gedurende die vyftiger- en sestigerjare, het die NP toenemend uit voeling geraak met die res van die wêreld. Die party het met groeiende desperaatheid onsuksesvol probeer om 'n manier te vind om die sogenaamde reg van Afrikaners en wit Suid-Afrikaners tot self-beskikking in hul eie land in stand te hou, en wel op 'n manier waardeur ander Suid-Afrikaners se ewe legitieme eise vir volle politieke regte geakkommodeer kon word. Gedurende die laat tagtigerjare ('n kernelement van hierdie studie), in 'n tydperk gekenmerk deur die val van die Sowjet-unie en 'n nuwe opbloeï van politieke en ekonomiese vryhede, was die party genoodsaak om 'n hervormingsproses te inisieer wat vryheid aan alle Suid-Afrikaners sou bring.²

In hierdie navorsing sal aangetoon word dat die NP ook 'n party van vernuwing en hervorming was. Vanaf 1924 tot 1929 het die NP, in koalisie met die Arbeidersparty, gelykberegtiging van Afrikaans en Engels in die staatsdiens ingevoer, 'n eie vlag vir Suid-Afrika daargestel en Suid-Afrikaanse burgerskap ingevoer. In 1929 is 'n volstreekte meerderheid behaal en is die pad van grondwetlike hervorming begin wat gelei het tot die soewereine onafhanklikheid van Suid-Afrika en die aanname van die Statuswette en is die Suid-Afrikaanse diplomatieke diens gestig.³

Genl. JBM Hertzog, stigter van die NP, het aan bevolkingsverhoudinge wat erkenning aan die regte van swart gemeenskappe gegee het, gebou. Dit was die voorloper van die bekende naturelletwewing van 1936. In 1961 is die republikeinse ideaal verwesenlik en 'n beleidsraamwerk daargestel wat ongekennde ekonomiese groei moontlik gemaak het.

² FW de Klerk, The demise of the New National Party (artikel) van die FW de Klerk-stigting, www.fwdklerk.org.za, 15 Augustus 2004, p. 1. (Vergelyk D Welsh, *The rise and fall of apartheid*, pp. 52-109.)

³ Jan J van Rooyen, *Altyd nuut*, p. 3.

Gedurende sy eerste fase het die tuislandbeleid vir 'n oomblik die hoop op 'n regverdige rassebedeling laat opvlam. Dit was egter geensins 'n haalbare beleid nie. Vandaar dat dit teen 1984 vir die NP duidelik was dat hy sou moes aanpas.

Die geskiedenis van die NP word vanaf sy stigting deur twee baie duidelike pole gekenmerk, naamlik enersyds die blankes (veral die Afrikaners) se byna obsessiewe strewe na die handhawing van hulle identiteit en die gepaardgaande vrees vir oorheersing deur swart mense, en andersyds hulle opregte strewe na geregtigheid. Uiteindelik sou blyk dat hierdie onversoenbare strewes nie haalbaar was nie.

Die dekade tussen 1984 en 1994 was inderdaad waarskynlik die mees kritieke tydperk, nie net in die geskiedenis van die Nasionale Party (NP) nie, maar ook in dié van Suid-Afrika. Die mees omvattende en lotsbepalende staatkundige veranderinge ooit in die land se geskiedenis, het plaasgevind, terwyl die partypolitieke opset ook dramaties verander het.

Binne die bestek van 'n dekade het die Suid-Afrikaanse parlement se suiwer wit karakter verander – aanvanklik toe kleurlinge en Indiërs in 1984 in die Driekamerparlement sitting geneem het en daarna in 1994 toe alle landsburgers op 'n gemeenskaplike kieserslys die heel eerste ten volle demokraties-verkose parlement saamgestel het. Vir baie was dit inderdaad 'n politieke wonderwerk.

Min Suid-Afrikaners sou voor 1984 en selfs jare daarna gedink het dat 'n vreedsame en bloedlose skikking moontlik was, omdat die land so 'n ingewikkelde bevolkingsamestelling het en so heterogeen is. In *A question of*

survival, skryf Abeldas en Fisher dat hulle gedurende 1986 die land deurreis het en nog nooit tevore soveel uiteenlopende opinies en 'n verskeidenheid van idees deur die "argitekke van die toekoms" teëgekomp het nie. Hulle sê: "South Africa is fast reaching a point of no-return. Time is running out." Vandaar hul mening dat opsies orals op die tafel gesit moes word.⁴ Wat hulle voorsien het, het inderdaad gebeur. Opsies is oorweeg, op die tafel gesit en 'n nuwe bedeling is betree.⁵

Vroeg in daardie dekade (1984 tot 1994) het die twee vernaamste politieke rolspelers, naamlik die NP en die African National Congress (ANC) se uitsprake en optrede weinig hoop gelaat dat die partye mekaar ooit anders as oor die loop van 'n geweer sou ontmoet. Die ANC is binnelands (en ook deur regerings soos in Brittanje en die VSA) as 'n terroriste-organisasie getipeer, deur die NP uit die land verban en baie van hul leiers was in die tronk. Daar is geglo dat hulle nie veel erg aan onderhandelings gehad het nie en met niks minder as die "seizure of power" tevrede sou wees nie.

Oliver Tambo, president van die ANC in 1986, sê in dié verband: "Prospects of a bloodbath and the reduction of South Africa to a wasteland will not stop the struggle. We would much rather that no blood was lost, that the country was left intact. But not at the expense of our continued enslavement."⁶ 'n Amptelike verklaring deur die ANC se sekretaris-generaal, Alfred Nzo, weerspieël hierdie gesindheid: "The central question of South African politics is the overthrow of the white minority regime, the

⁴ M Abeldas en A Fisher (reds.), *A question of survival. Conversations with key South Africans*, voorwoord.

⁵ N Mandela, *Long walk to freedom*, pp. 516-524.

⁶ Aangehaal in JA Stemmet, *Apartheid under siege, 1984-1988: Action and reactions*, PhD-proefskrif, UV, p.55.

seizure of power by the people and the uprooting by the victorious masses of the entire apartheid system of colonial and racist domination, fascist tyranny, the super exploitation of the black majority and the imperialist aggression and expansionism.” Hulle wou dit doen onder meer “by rendering South Africa ungovernable” en deur ’n gewapende stryd.⁷

Hierteenoor het die NP-regering geglo dat die land met ’n totale kommunistiese geweldsaanslag gekonfonteer word, erger as dié van die sewentigerjare, omdat selfs sommige Westerse lande en lede van die Europese Ekonomiese Gemeenskap (EEG) met die oog op eiebelang daarvan deel was. Juis daarom sou pres. Botha, eers as minister van verdediging en later as staatshoof, die Staatsveiligheidsraad (SVR) ’n al hoe belangriker rol in die veiligheidsake laat speel.⁸

Ter wille van oorlewing het die NP besluit om die totale aanslag met ’n totale strategie teen te staan. Hierdie aanslag en strategie was sielkundig, polities, ekonomies en militêr. Genl. Magnus Malan, voormalige weermaghoof en minister van verdediging, het hul standpunt verwoord: “As jy nie ’n strategie het nie, is jy in jou donner.”⁹

Gedurende hierdie tyd is die NP gelei deur die realiteite in die land. Ten spyte van hul pogings om oplossings te soek wat groter welwillendheid sou skep, het een groot vraagstuk brandend gebly. Hoe kon die staat-

⁷ *Ibid.*; Johan van der Merwe, *Trou tot die dood toe*, pp. 95-113; *Sechaba*, Augustus 1985, pp. 1-2.

⁸ JM (Inus) Aucamp-versameling (hierna verwys as Aucamp-versameling), bandopname van NP-Federale Raadsvergadering, 6 Junie 1986.

⁹ M Malan, *My lewe saam met die SA Weermag*, pp. 78-83; Stemmet, p. 10; H Giliomee, “*Great expectations: Pres. PW Botha’s Rubicon Speech of 1985*”, *New Contree*, Mei 2008, p. 3; W Gutteridge (red.), *From apartheid to national unity*, pp.21-24; *Argief vir Eietydse Aangeleenthede* (hierna bloot verwys as AREA), PV 203: PW Botha-versameling, PS/2/6/1.

kundige kwessie in Suid-Afrika beredder word en in watter politieke sisteem moes swartes geakkommodeer word? Tot in die laat tagtigerjare was die NP se verklaarde standpunt dat swartes nie in die parlement verteenwoordiging sou kry nie “nie nou nie en nie môre nie, want dan is blank Suid-Afrika se selfbeskikkingsreg daarmee heen”, aldus pres. PW Botha in 1986.¹⁰ Dis hierdie onwrikbare houding van die NP waarmee die ANC as moontlike onderhandelingsvennoot op dié tydstip gekonfronteer is.

Chris Heunis, minister van staatkundige ontwikkeling, sê ook in ’n onderhoud in 1988 dat die blanke en die NP nie bereid sal wees om ’n ondergeskikte posisie op ’n getalsbasis te aanvaar nie. Ook hy benadruk: “Ek is nie bereid om ’n ontwikkelde mens se regte weg te onderhandel nie.”¹¹

Ten spyte van hierdie uitsprake van leiers van die NP en ANC, is Suid-Afrika binne die bestek van ’n dekade totaal op staatkundige gebied omvorm tot ’n land waarin al sy burgers gelyke stemreg sou kry. Dit benadruk die belangrikheid van hierdie epogmakende dekade in die NP-geskiedenis.

Die partypolitieke toneel het inderdaad vanaf 1984 tot 1994 dramaties verander. Die ANC, in 1984 nog ’n verbanne organisasie, wen die verkiesing in 1994 met groot gemak. Die NP wat in die destydse politieke sisteem in 1984 onoorwinlik gelyk het, trek in 1994 slegs 20% van die stemme en begin agteruitgaan, wat in 2006 tot sy roemlose ontbinding

¹⁰ Aucamp-versameling, bandopname van NP-Federale Raadsvergadering, 6 Junie 1986.

¹¹ AREA, PV 895: JC Heunis-versameling, B 4/6/6, onderhoud met Annatjie Agenbach, 1988.

sou lei. Meer nog: die Konserwatiewe Party (KP), wat sedert 1987 in twee verkiesings (ook in 1989) in die NP se nek begin blaas het en in 'n stadium gelyk het asof hulle die NP gaan onttron, neem nie eens aan die 1994-verkiesing deel nie.

Belangwekkend is pres. Botha se verklaarde standpunt agt jaar vantevore, in 1986, dat dit nie soseer apartheid was wat die konflik in Suid-Afrika veroorsaak het nie, maar die kommuniste, wat die swart politieke organisasies en spesifiek die ANC, geïnfiltreer het.¹² In hierdie studie sal onder meer besin word oor die korrektheid van Botha se stelling.

Vir ongeveer die helfte van die NP se laaste dekade as regerende party (1984-1989), was pres. Botha die party se hoofleier en die land se staats- en regeringshoof. Vir die ander vyf jaar (1989-1994) sou pres. FW de Klerk die septer swaai. Hierdie twee leiers se persoonlikhede en styl het dramaties verskil. Botha was meer outokraties, reguit en sonder genade vir teenstand, maar 'n partyman in murg en been, iemand wat groot respek vir die NP se strukture gehad het. Hy het egter 'n menslike kant gehad waarvan die gewone publiek nie altyd bewus was nie.¹³ Botha word deur sommige, ten onregte, as 'n remskoen vir verandering getipeer, terwyl hy in werklikheid 'n hervormer was met 'n "adapt or die"-ingesteldheid.¹⁴ Nadat Perez du Cuellar, die Verenigde Nasies (VN) se sekretaris-generaal Suid-Afrika in 1983 besoek het, het hy verklaar: "Twee wêreld-

¹² C Alden, *Apartheid's last stand: The rise and fall of the South African security state*, pp. 41-50.

¹³ Aucamp-versameling, onderhoud met Ian Putter, 24 April 2009; Aucamp-versameling, onderhoud met Frik van Deventer, 24 Mei 2009.

¹⁴ In Julie 1979 het Botha tydens 'n NP-vergadering op Upington gesê dat hy hom gebonde ag aan beginsels wat net deur die kongresse verander kan word en beleid wat nie voortdurend dieselfde kan bly nie. Met verwysing na standpunte van sy mentor, dr. DF Malan, het hy gesê politiek moet nie uit haat bestaan nie, maar uit liefde vir die medemens; Vergelyk ook Leon Wessels, *Vereeniging. Die onvoltooide vrede*, p. 146; M Ramphele, *Laying ghosts to rest*, p. 17. (Jan Momberg, oud-ANC-LP swaai Botha ook lof toe vir sy hervormingstappe in die Kyknet-program *Rian* op 19 Oktober 2010.)

leiers wat 'n groot indruk op my gemaak het, was China se Deng Xiao-Ping en Suid-Afrika se PW Botha. Hulle verstaan mag.”¹⁵ Daar kan egter tereg gevra word of iemand wat mag verstaan, op die tydstip noodwendig die regte leier vir Suid-Afrika was.

Pres. FW de Klerk, op sy beurt, het meer gemoedelik voorgekom en kon rustig na ander se argumente luister. Hy het 'n meer demokratiese leierskapstyl gehad en het oor 'n skerp en ontledende juridiese brein beskik. Tot voor die 2 Februarie 1990-toespraak is hy allerweë as konserwatief en behoudend beskou en het hy tot in 1989 verwoed vir groepregte en “eie sake” geveg.¹⁶

Ironies egter is dat die geskiedenis toenemend daarop dui dat De Klerk sy kabinet, koukus en veral party, voor die 2 Februarie 1990-toespraak en veral tydens die onderhandelingsproses, nie voldoende betrek het nie.¹⁷

Beweeg 'n mens terug na 1984, die aanvang van hierdie studie, dan is dit van kardinale belang om te benadruk dat die NP en sy leiers met ernstige probleme gekonfronteer is. Geweld en onluste het in 1984 in swart gebiede in die Vaaldriehoek, suidoos van Johannesburg, opgevlam en vroeg in 1985 met boikotte, wegblyksies, “halssnoermoorde” en ontwrigtende optrede teen swart plaaslike owerhede na groot dele van die land

¹⁵ Giliomee, pp. 3-4.

¹⁶ F van Zyl Slabbert, *Duskant die geskiedenis*, pp. 34-37; J Heunis, *Die binnekring*, p. 62; T Leon, *Hope and fear*, pp. 21-22; A Russel, *After Mandela*, pp. 134-135.

¹⁷ Van Zyl Slabbert, p. 35; e-pos van Sakkie Pretorius, 18 Oktober 2010; Aucamp-versameling, onderhoud met dr. Tertius Delport, 10 Maart 2010; Onderhoud met Frans Smit, 9 Maart 2008. (In 'n onderhoud met HERNUS KRIEL op 18 Februarie 2010 antwoord hy dat De Klerk net die binnekring van sy kabinet en koukus “al die pad saamgeneem het” en dat die res net “saamgegaan het”. Op 'n vraag of De Klerk die heeltid in beheer van sy span was, was Kriel se antwoord: “geen kommentaar”.)

versprei. Die situasie was kritiek toe meer as 20 swart betogers by Langa in Uitenhage op 21 Maart 1985 tydens polisieoptrede doodgeskiet is. Die veiligheidstoestand in die land het sodanig versleg dat dit volgens die regering nie meer met gewone middele tot die staat se beskikking hanteer kon word nie. Gevolglik is 'n gedeeltelike noodtoestand op 20 Junie 1985 in 36 landdrosdistrikte landwyd van toepassing gemaak – die eerste maal sedert die Sharpeville-opstand van Maart 1960 dat die regering van daardie magte moes gebruikmaak.¹⁸

Teen 1984 was landwye geweldsmisdade vir die NP-regering 'n ernstige probleem. As deel van die ANC se gewapende stryd het hulle 362 geweldsmisdade tussen 1976 en 1983 gepleeg, wat bomontploffings by SASOL, die militêre basis Voortrekkerhoogte, die Koeberg-kernkragentrale en die lugmaghoofkwartier in Kerkstraat, Pretoria (waar 19 mense dood is), ingesluit het. Die NP se dilemma is uiteeraard met genoegdoening deur die ANC en Pan Africanist Congress (PAC) gadeslaan. Vandaar dat die ANC in Junie 1985 by die Kabwe-konferensie besluit het om sogenaamde “sagte” teikens aan te val en om die land onregeerbaar te maak.¹⁹

Die NP het op die tydstip geen maklike taak gehad nie. Suid-Afrika se verhouding met die internasionale gemeenskap was nog nooit so kritiek as sedert 1984 nie. Dit het mettertyd intensiveer en het oor alle velde waar internasionale kontak normaalweg plaasvind, naamlik sport, kultuur, wetenskap, opvoeding, finansies, diplomatieke bande, politiek, handel, verdediging en veiligheid, gestrek. Vir baie jare was die Derdewêreld- en

¹⁸ D Prinsloo, *Stem uit die Wilderness*, pp. 270-271; Van der Merwe, p. 112; Malan, p. 329.

¹⁹ H Giliomee, *The Afrikaners*, p. 612; GD Ntanjana, A historical analysis of the political transformation of the African National Congress, MA-verhandeling, Universiteit van die Vrystaat, p.59; *Sechaba*, Augustus 1985, pp. 18-24..

Oosbloklande die enigste wat legitimititeit aan die ANC verleen het, maar in die tagtigerjare het Westerse lande toenemend aanvaarding vir die ANC begin toon.²⁰ Dit sou uiteraard die probleme vir die NP-rergering vergroot en 'n nuwe denkproses aan die gang sit.

Dit verbaas dus nie dat die tagtigerjare dramatiese veranderinge meegebring het nie. Met asemrowende spoed het die fundamente van Suid-Afrika se internasionale ekonomiese posisie onder geweldige druk gekom. Dit is begin met die besluit van die Chase Manhattan Bank in Augustus 1985 om hulle lenings aan die land te herroep. Dit het 'n kredietkrisis tot gevolg gehad wat die waarde van die rand drasties laat afneem het. Buitelandse investering het feitlik tot stilstand gekom en krediteure het hul lenings opgevra, wat vinnig in waarde verminder het. Met tweederdes van sy buitelandse skuld op die korttermyn was Suid-Afrika geforseer om 'n eensydige moratorium op buitelandse skuld te plaas. Hoewel die skuld later herskeduleer is, het die land se vermoë om buitelandse lenings te bekom, 'n gevoelige morele slag gekry.²¹

In Augustus 1985 het die VSA-Kongres die Comprehensive Anti-apartheid Act aanvaar wat alle nuwe investering en lenings verbied het, landingsregte aan vliegtuie ingetrek het en die invoer van steenkool, uraan, yster en staal ernstig ingekort het. Die Europese Gemeenskap en die Statebond het ook 'n reeks meer gematigde sanksies ingestel,²² alles faktore wat bygedra het om die NP hoofbrekens te besorg.

²⁰ Albeldas en Fisher (reds.), pp. 31-37.

²¹ R Schrire, Hackles rising, Sanctions, *leadership*, 1988/89, pp. 92-95; H Giliomee, "Surrender without defeat", *SA Institute of Race Relations Topical Papers*, 1997; N Alexander, *An ordinary country*, p. 44.

²² Wessels, p. 148; Prinsloo, pp. 307-326.

Die interessante uitvloeisel hiervan was dat ekonomiese sanksies en binnelandse onrus verskeie van die wit kiesers die noodsaaklikheid van hervorming laat beseef het, terwyl dit 'n groot groep blankes terselfdertyd gehard gemaak het met 'n houding van “ons sal vir ons nie laat voorskryf nie”. Die groei in regse steun is tekenend van laasgenoemde groep.²³

Namate die probleme waarmee die NP sedert 1984 gekonfronteer was, groter geword het en tot 1994 in intensiteit toegeneem het, het die nasionale en internasionale simpatie met die ANC eweneens gegroei. Die regering het op veiligheidsgebied die aanslag probeer afweer, op maatskaplike gebied lewensomstandighede probeer verbeter en op staatkundige gebied verskeie aanpassings gemaak. Die instelling van die Driekamerparlement in 1984 was maar die begin van verbete pogings van die party om die situasie te probeer besleg.

Te midde van al die snelopeenvolgende gebeure vanaf 1984-1994 is dit verstaanbaar dat dit geen maklike taak is om die laaste tien jaar van die NP as regerende party behoorlik in perspektief te plaas nie. In hierdie studie word gepoog om die talle probleme en uitdagings waarmee die party sedert 1984 geworstel het, in akademiese konteks te plaas. Dit was vir die navorser enersyds moeilik om as oud-organiseerder en oud-politikus hierdie tema vanuit 'n suiwer akademiese perspektief te benader (dus om altyd te probeer om objektief te wees). Daar word egter gepoog om deurgaans objektief te wees. Dit was nietemin 'n voordeel om sedert 1981 in die binnekring van die NP, elke politieke gebeurtenis en ontwikkeling persoonlik te kon beleef en om nou, jare nadat die party

²³ Schrire, pp. 92-95.

ontbind het, onbevange die besluite en motivering in die binnekringe van die NP feitelik te verhaal.

Tot dusver is weinig objektiewe en waarheidsgetroue navorsing oor die “hart en siel” van die NP vanaf 1984 tot 1994 gedoen. Van die mees resente publikasies was ooglopend subjektief om óf te probeer aantoon hoe die NP gefouteer het en vanaf sy stigting geen morele basis gehad het nie, óf om te probeer uitwys watter oordrewe rol sommige individue in die totstandkoming van die nuwe Suid-Afrika gespeel het.

Tipiese voorbeelde van subjektiewe gepubliseerde bronne is dié van Christi van der Westhuizen, *White power and the rise and fall of the National Party*, D Potgieter se *Totale aanslag*, C Braam se *Operation Vula* en Amos van der Merwe se *Eugene Terre'Blanche my storie*. Die drie klassieke voorbeelde van bronne waarin die rolle van individue oordryf is, is Frederick van Zyl Slabbert se *Duskant die geskiedenis* (oor homself), Jan Heunis se *Die binnekring* (oor sy pa, Chris) en Donald Woods in *Rainbow nation revisited*.

Gepubliseerde literatuur wat van groot waarde was en die toets van relatiewe objektiwiteit slaag, is onder andere die volgende: H Giliomee, *The Afrikaners – biography of a people. Expanded and updated edition*; FW de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*; A Jeffery, *People's war: New light on the struggle for South Africa*; M Malan, *My lewe saam met die SA Weermag*; N Mandela, *Long walk to freedom*; D Prinsloo, *Stem uit die Wilderness*; M Ramphela, *Laying ghosts to rest*; Leon Wessels, *Vereeniging. Die onvoltooide vrede*; Johan van der Merwe, *Trou tot die*

dood toe; Eli Louw, Oor my pad; Tony Leon, On the contrary; David Welsh, The rise and fall of apartheid en RW Johnson, South Africa's brave new world.

Hoewel bogenoemde bronne nie oor die Nasionale Party *per sé* handel nie, was dit handig omdat hulle die breë politieke milieu belig het.

Om oor die eens magtige NP navorsing te doen, spreek dit vanself dat leiersfigure binne die party se uitsprake en standpunte in debatte, asook die party se besprekings en besluite, kernelemente sou vorm. Die navorser was sedert 1979 lid van die NP in die Vrystaat se dagbestuur as jeugleier en is in Februarie 1981 aangestel as adjunksekretaris en notulehouer van die party in die Vrystaat. Sedert sy aanstelling as hoofsekretaris in 1984 is alle vergaderings op federale vlak bygewoon. Dit het hom in staat gestel om nie alleenlik op provinsiale vlak met alle beplanning tot in die fynste besonderhede gemoeid te wees nie, maar ook vanaf 1984 op federale vlak. Al die party se publikasies, notules en manifeste (van tak- tot federale vlak) was dus voortdurend beskikbaar. Daarbenewens is deurlopend ook nou met al die party se rolspelers tot op die hoogste vlak geskakel. Omdat die NP ook gedurende hierdie tydperk tot en met 1994 die regering was, is al die regeringspublikasies deurlopend geraadpleeg, wat insluit debatte van die ou Senaat tot 1980, die Volksraad tot 1984, die Driekamerparlement sedert 1984 en die Presidentsraad tot met sy ontbinding. Daarbenewens is ook wette, witskrifte, departementele verslae, grondwette en regeringspublikasies soos dié van die buro vir inligting/Suid-Afrikaanse kommunikasiediens geraadpleeg. Die NP se verslae van parlementêre kookusstudiegroepe het ook grootliks die parlementêre bedrywighede saamgevat. Hierdie bronne belig die NP uit 'n

spesifieke partypolitieke oogpunt, en is dus uiteraard soms subjektief hoewel dit wat die partygeskiedenis betref, waarheidsgetrou is. Vandaar dat die bronne telkens aan die hand van ander bronne getoets moet word, veral in die lig van gebeure in die konteks van die breë Suid-Afrikaanse geskiedenis.²⁴

Koerante was handig om die bogenoemde bronne mee te toets. Afrikaanse nuusblaaië was van onskatbare waarde, veral weens hulle wye nuusdekking van politieke gebeure. Die redakteurs van hierdie koerante, sowel as dié van die Engelstalige pers, was in 'n groot mate die spreekbuis van die bepaalde groep of partye wat hulle verteenwoordig het. Daarom was redaksionele kommentare ook van besondere belang. Daarbenewens was tydskrifartikels vrylik beskikbaar en baie maklik bekombaar. Ook dit het gehelp om die gebeure tussen 1984 en 1994 in die konteks van die breë Suid-Afrikaanse geskiedenis te beoordeel.

Omdat baie van die leierskorps van dié dekade (1984-1994) nog leef, is onderhoude (persoonlik, telefonies en per e-pos) met 'n veertigtal oud-politici en ander sleutelfunksionarisse oor die partypolitieke spektrum gevoer. Sonder uitsondering was almal baie behulpsaam en het nie een gehuiwer om volledig en waarskynlik eerlik op vrae te antwoord nie.

²⁴ Die outeur is in 1979 verkies tot Vrystaatse NP-jeugleier, in 1981 aangestel as adjunksekretaris en in 1984 as hoofsekretaris van die party in die Vrystaat. Hy word in 1987 verkies tot indirek-verkose LP vir die Vrystaat en wen in 1989 die Fauresmith-kiesafdeling met vyf stemme nadat die Hooggeregshof 'n hertelling gelas het toe die kiesbeampte 'n staking van stemme afgekondig het. Aucamp word in 1994 verkies tot Vrystaatse NP-leier en as lid van die Provinsiale Wetgewer. Tot 2004 was hy onder meer lid van die Uitvoerende Raad (LUR) en adjunkspeaker. In 2004 bedank hy as lid van die NP en as Vrystaatse leier uit protes teen die party se eerlose opgaan in die ANC. Hy was met sy uittrede, naas Amie Venter (Noordwes), die langsdienende provinsiale leier.

Die persone met wie onderhoude gevoer is, verteenwoordig politici wat die totale spektrum vanaf verlinks tot verregs verteenwoordig het en sluit in Koos van der Merwe, oud-KP tot Pat Matosa, gewese Vrystaatse ANC-voorsitter. Hoewel die meerderheid oud-NP lede is, het hulle later nege verskillende politieke partye verteenwoordig.²⁵

Koerante wat die NP-beleidsrigting breedweg ondersteun het, soos *Rapport*, *Volksblad*, *Die Burger*, *Beeld* en *The Citizen* is gebruik om feite te verifieer, terwyl “anti-NP”-koerante soos onder meer die *Sunday Times*, *Business Day*, *Mail and Guardian*, *Sowetan* en *The Star* ter wille van gebalanseerde wetenskaplike verantwoordbaarheid onontbeerlik was om ook deurentyd die “ander kant” (die teenstanders) se sentimente te belig.

Baie inligting van al die vernaamste partye (ook die ANC as vryheidsbeweging) was beskikbaar in party-publikasies en -pamflette, die internet of in koerant- en tydskrifartikels of biografiese of eietydse bronne waarvan daar ’n magdom gepubliseer is. Ankerbronne van politieke partye is uiteraard hulle amptelike mondstukke. Daarom was die NP se *Die Kruithoring*, later *Nat 80's* en toe *Die Nasionalis* en uiteindelik *Nasionalis*, die ANC se *Sechaba* en die KP se *Die Patriot/Patriot* van wesenlike waarde.

Die persoonlike versamelings van politici en oud-politici by die Argief vir Eietydse Aangeleenthede (AREA), soos in die bronnelys aangedui, was ook van kardinale belang om die optrede van die party in perspektief te

²⁵ In ’n telefoniese gesprek op 27 September 2010 meld dr. Leon Wessels dat talle van FW de Klerk se kollegas na die toespraak van 2 Februarie 1990 by minstens nege verskillende politieke partye aangesluit het.

plaas. Van die belangrikste versamelings wat in hierdie studie gebruik is, is dié van die Nasionale Party, PW Botha, RP Meyer en HJ Coetsee.

Twee proefskrifte en een verhandeling was ook in die navorsing van besondere waarde, naamlik dié van J Jacobs, *Sechaba as mondstuk vir die ANC se stryd teen blanke oorheersing, 1967-1989* (D Phil., Universiteit van Pretoria, 1992); JA Stemmet, *Apartheid under siege, 1984-1988: actions and reactions* (Ph D., Universiteit van die Vrystaat, 2001) en GD Ntanjana, *An historical analysis of the political transformation of the African National Congress (1912-1994)*, MA-verhandeling, Universiteit van die Vrystaat, 2009.

Daar word gepoog om met hierdie studie 'n historiese bydrae te lewer omdat min navorsers tot dusver oor die wye toeganklike bronne-versameling beskik het, min so intens by die party betrokke was en so intens die harte van NP-ondersteuners geken het, maar nogtans nie nodig het om ter wille van lojaliteit subjektief te wees nie. Uiteraard word gepoog om ten spyte van persoonlike betrokkenheid objektief te wees, en juis deur die rekonstruksie en herbesinning van die NP se geskiedenis, 'n gesaghebbende akademiese studiestuk vir toekomstige navorsers daar te stel.

Soos die hervormingsproses veral gedurende die tagtigerjare van die vorige eeu verloop het, was die logiese konsekwensie daarvan dat die NP sy beleid wat op ras gebaseer was, stelselmatig verander het na 'n beleid waarin ras geen rol meer sou speel nie – daar is inderdaad beweeg na 'n nie-rassige beleid. 'n Beleid waarin ras nie 'n rol sou speel om te bepaal waar burgers kan woon, vir wie hulle kon stem en hoe hulle lewens gereël

word nie. Al die oorblywende apartheidswette, ingesluit die Groepsgebiedewet, is vroeg in die negentigerjare herroep.²⁶ Dit op sigself was merkwaardig, aangesien dit gedoen is in 'n land waar ras, sedert die koms van Jan van Riebeeck op 6 April 1652, 'n bepalende rol op alle die lewensterreine gespeel het, maar veral op staatkundige terrein. Met die eerste werklike demokratiese verkiesing in 1994 het Suid-Afrikaners dus 'n staatkundige bedeling binnegegaan wat 'n era afgesluit het waaraan die land vir 342 jaar gewoond was. Vandaar dat baie mense oordeel dat die NP eenvoudig nie kon oorleef na so 'n reuse kwantumsprong nie.

Die finale keerpunt na 'n nuwe bedeling is ingelui met pres. FW de Klerk se dramatiese en historiese toespraak op 2 Februarie 1990. Dit het daartoe gelei dat die NP in 1991 sy lidmaatskap vir alle rasse oopgestel en daarna en daardeur ook die beheer van sowel die Huis van Verteenwoordigers (kleurlinge) as die Huis van Afgevaardigdes (Indiërs) in die Driekamerparlement gekry het. Die eerste inklusiewe kookusvergadering van die NP sedert sy stigting in 1914, is op 30 Mei 1991 in die kookuskamer, in die Volksraadsvleuel in Kaapstad gehou. Vir die eerste keer in die geskiedenis het nie-wit parlamentslede verklaar dat hulle bekend is met die reglement van die kookus en hulle verbind tot die geheimhoudingsaspek daarvan.²⁷ Die NP het in die 1994-verkiesing 20,39% van die stemme getrek en na vore getree as die party met die mees diverse rasse-ondersteuning, en ook as meerderheidsparty van Suid-Afrika se drie belangrikste minderheidsgroepe, te wete die blankes, bruinmense en Indiërs. Hiermee is die era onder bespreking afgesluit en sou die gebeure later tot en met 1994 inderdaad polities "getoets" word.

²⁶ Aucamp-versameling, opsomming van die voorlegging aan die Waarheids- en Versoeningskommissie deur FW de Klerk, 21 Augustus 1996.

²⁷ Aucamp-versameling, gedrukte kookusagenda 63, 30 Mei 1991.

Die NP se rol as vennoot in die Regering van Nasionale Eenheid (RNE) was vir baie ondersteuners verdag, veral omdat geoordeel is dat hul onderhandelaars by Kemptonpark “gegly” het en die NP tot ‘n junior “gekoöpteerde” vennoot in die RNE gerelegeer is. Hierbenewens het die beeld wat van die NP en sy leiers tydens en na die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) deur persepsies geskep is, die party onberekenbare skade berokken en oudpresident FW de Klerk in Kaapstad laat verklaar: “Maar die siening van ons geskiedenis wat nou gepropageer word, poog om my – en ek glo 70% wit kiesers wat my in die 1992-referendum ondersteun het – die eerbare plek as medeskeppers van die nuwe Suid-Afrika te ontsê wat ons kortstondig van 1994 tot 1996 beklee het.”²⁸

Tydens die 1999-verkieping, nadat Marthinus van Schalkwyk by FW de Klerk as nasionale leier oorgeneem het, sou die NP poog om voort te bou op die veelrassige basis deur homself in die politieke sentrum te posisioneer en dus ‘n meer tegemoetkomende benadering tot die regerende ANC te volg. Die Nuwe Nasionale Party (NNP)²⁹ se ondersteuningsbasis wou ‘n meer kragdadige beleid sien en die party sou in die proses byna 67% van sy ondersteuners verloor. Die NP wou wegbreek uit die politieke rassepatroon waar swart kiesers hoofsaaklik vir die ANC en wit kiesers hoofsaaklik vir die NP stem. Hierna het ‘n onsuksesvolle en vernietigende vennootskap met die Demokratiese Party (DP) binne die Demokratiese Alliansie (DA) gevolg, en daarna, te midde van wantroue en oor en weer beskuldigings, is ‘n samewerkende verhouding met die ANC gevestig. In die proses sou die NNP tydens die latere 2004-verkieping 75% van sy oorblywende steun verloor – enersyds weens persepsies van onaanvaarbare opportunistiese van sy leierskap, en andersyds ook weens

²⁸ *Rapport*, 8 Februarie 2009, p. 12; *Volksblad*, 30 Julie 2007, p. 11; Aucamp-versameling, onderhoud met Sakkie Pretorius, 3 Maart 2009.

²⁹ Die Nasionale Party het in September 1998 die Nuwe Nasionale Party (NNP) geword.

ondersteuners se klaarblyklike verwerping van 'n samewerkende benadering. Dit sou FW de Klerk noop om te sê dat dit ironies is dat die party, wat by sy stigting gegrond was in die bevordering van eksklusiewe etniese belange, polities vernietig is, omdat hy gekies het om sy beleid aan te pas by die belofte van 'n breë multi-etniese samewerkende patroon. Selfs meer ironies is die feit dat die NNP voor sy finale ontbinding in 2006 verswelg is deur die ANC wat tradisioneel beskou is as sy grootste en mees onverbiddelike vyand.³⁰

Op die brandende vraag hoe die NP wat in die twintigste eeu vir 90 jaar 'n kolos in die Suid-Afrikaanse parlementêre politiek was en so wyd bygedra het tot die groei van die Afrikanergemeenskap en die land as geheel, so onwaardig in die 21ste eeu kon verdwyn, antwoord historikus en waarnemer, Hermann Giliomee, dat die ware feit is dat die NP 'n verlamme identiteitskrisis ontwikkel het. Die party was nie meer 'n "staatsparty" nie, ook nie 'n ware opposisieparty nie. Hulle wou graag met die nuwe orde vereenselwig, maar is steeds as handhawers van die vorige orde uitgekryt. Sakelui en die nuwe regerende elite het gevolglik aanvaar dat die staat wat sedert Uniewording opgebou is, in 1994 uit die lug geval het. Toe dieselfde Giliomee in *Rapport* oor die NP se finale ondergang moes skryf, het hy die leiers verwyt wat ter wille van hulle eie politieke oorlewing, die NP se lyk aan die ANC oorhandig het op wat hy as 'n "prostituutbegrafnis" bestempel het.³¹ Dit moes inderdaad vir die klompie oorblywende Nasionaliste gevoel het asof hulle oral misbruik en toe verwerp is en dat daar van selfrespek en integriteit in 1994 en daarna niks meer oor was nie.

³⁰ De Klerk, p. 2.

³¹ I Aucamp en J Swanepoel, *Einde van 'n groot party*, p. 14.

Weereens en aan die hand van die voorafgaande: Op die oog af lyk hierdie studie na 'n maklike taak. Die teendeel is egter waar. Met hierdie studie sal gepoog word om te fokus op die geskiedenis van die regerende NP tussen 1984 en 1994 en die tersaaklike aanloop tot daardie periode om die omstandighede te belig oor, asook om kortliks antwoorde te vind op die belangrikste redes vir die latere dramatiese verdwyning van die party, vir talle stoere Nasionaliste uiteraard 'n verbysterende ervaring.

Namate die euforie oor die sukses wat die hele wêreld gedink het die 1994-onderhandelde skikking in Suid-Afrika was, begin kwyn het en baie Suid-Afrikaners begin wonder oor die "wonderwerk", is dit gepas om benewens die positiewe van die onderhandelinge, ook die vraag te vra: Wat het verkeerd geloop?³² Hoekom sê al hoe meer wit mense, maar ook sommige bruin, Indiër en swart kiesers "Wat ons nou het, is darem nie waarvoor ons gestem het nie". Of daar word ten minste gewaarsku: "Afrika mors met demokrasie", soos Willem Gumede, skrywer van *Thabo Mbeki and the battle for the soul of the ANC*, in 'n toespraak tydens die Harold Wolpe-gedenklesing in Kaapstad, sê.³³ Dit is bevestig deur een van die land se voorste swart bewussynsaktiviste, dr. Mamphela Ramphele, gewese rektor van die Universiteit van Kaapstad en besturende direkteur van die Wêreldbank, wat verdoemende kritiek uitspreek in haar boek *Laying ghosts to rest* oor die manier waarop die ideale van die bevrydingstryd beslag gekry het in die plaaslike demokratiese bestel.³⁴

Selfs Pik Botha, die mees senior minister in FW de Klerk se kabinet tot 1994 en die langsdienende minister van buitelandse sake destyds in die wêreld, het in 'n toespraak in Julie 2007 gesê dat indien die NP tydens die

³² M Meredith, *The state of Africa*, pp. 676-688.

³³ *Rapport*, 2 Augustus 2009, p. 17. (Vergelyk ook W Gumede, *Thabo Mbeki and the battle for the soul of the ANC*, pp. 393-430) Vergelyk ook Russel, p. 54.

³⁴ *Volksblad*, 16 Mei 2008, p. 4. (Vergelyk ook Ramphele, pp. 20-27 en pp. 274-276.)

onderhandelinge gewet het hoe regstellende aksie later toegepas sou word, daar nooit 'n skikking sou gewees het nie. Hy reageer op 19 Julie 2008 op 'n brief van oudpresident Thabo Mbeki en sê: "U weet dat ons nie kon en ook nie ingestem het tot 'n proses wat uitsluitlik gegrond sou wees op demografiese verteenwoordiging nie." Enkele maande vantevore was Pik Botha bekommerd dat Suid-Afrika op die "Zimbabwe-pad" was en "die land se voortbestaan ernstig in die gedrang (was)". Op die tydstip was hy van mening dat die onderhandelaars van die negentigerjare weer moes byeenkom om die dreigende krisis waarop die land afstuur, te probeer keer.³⁵

Die vraag kan tereg gevra word hoe bogenoemde standpunte met die navorsingstema gekoppel kan word. Die antwoord is dat die Nasionale Party (NP) die regerende party was toe die onderhandelinge vir 'n nuwe staatkundige bestel ná 1990 op dreef gekom en vinnig momentum gekry het. Teweens, die NP was saam met die African National Congress (ANC) een van die twee belangrikste rolspelers tydens die onderhandelinge en elkeen kon in eie reg besluit om die finale oorgangsgrondwet te aanvaar, al dan nie. Die NP, met sy hand op die stuur, het egter die groter verantwoordelikheid gedra as "wettig verkose" en erkende regering van Suid-Afrika. Die NP sou dus tereg moes "pa staan" vir die geboorte van die nuwe Suid-Afrika en in die ontluiking daarvan sou die party getoets word aan sy beloftes. Hierdie evaluasie sou ook 'n impak hê op die geloofwaardigheid van die party wat weer sou korreleer met kiesersteun.

Hoewel president FW de Klerk met die aanvaarding van die nuwe grondwet van 1993 gesê het dat die land op die drumpel van die geskiedenis na 'n nuwe era, met al sy gevare, geleenthede en uitdagings, gevoer word, het die kiesers vas geglo dat die nuwe bedeling vir almal 'n wen-wen

³⁵ *Rapport*, 3 Februarie 2008, p. 15.

situasie sou meebring. De Klerk het dié verwagting versterk toe hy in 1990 in die parlement onder meer gesê het: "By diegene wat arrogant die konsep van 'n nuwe Suid-Afrika aan 'n magsoorname gelykstel, moet die boodskap duidelik tuisgebring word. Die nuwe Suid-Afrika sal aan al sy mense behoort en sy algehele vryheid, veiligheid en voorspoed vir al sy inwoners bied en sal nie 'n deel van die bevolking ten prooi val ten koste van die res nie." Hy het hom ook verbind tot 'n raamwerk vir die nuwe Suid-Afrika waarvan die grondslag geregtigheid moes wees. Dit moes hierbenewens ook 'n regstaat wees, gekenmerk deur verantwoordelike en ordelike bestuur. Dit moes 'n vooruitstrewende nuwe Suid-Afrika wees met werks- en bevorderingsgeleenthede en waarborge van eiendomsreg vir al sy mense. Dit moes 'n Suid-Afrika wees wat 'n dinamiese rol in streeks- en internasionale verband speel. "Ons land moet 'n land wees waarop al sy burgers saam trots kan wees; verenig in hul gemeenskaplike lojaliteit en nasieskap; verryk deur die dinamiek van sy verskeidenheid van bevolkingsgemeenskappe", het De Klerk destyds gesê. Hy het geglo dat so 'n nuwe Suid-Afrika binne hul bereik was "as ons almal wil uitstyg bo selfsug, hebsug, klein politiek en angs".³⁶

Selfs na die verkiesing van 1994 was De Klerk steeds baie positief toe hy in 'n toespraak op 2 Mei verwys het na wat hy sowat vier jaar tevore in die parlement gesê het: "The agenda would include a new and dynamic constitution; the removal of any form of discrimination and domination; equality before an independent judiciary; the protection of minorities as well as of individual rights; freedom of religion; and universal franchise." Hy voeg daaraan toe dat gedurende die laaste week daardie droom verwerklik is. "We have the assurance that there will be no domination of any South Africans by any others; minority rights have been secured." De

³⁶ *Vele kulture een nasie*, gedenkalbum tydens Presidentsinhuldiging. 10 Mei 1994, Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens; *Hansard*, 17 April 1990, kol. 6606-6607.

Klerk het hierop ook in besonder die kiesers bedank wat die NP ondersteun het en belowe: "Ons sal u nie teleurstel nie."³⁷ Daar kan tereg gevra word of pres. De Klerk in 1994 by magte was om so 'n belofte te maak.

Perspektiewe van politieke funksionaris se met wie onderhoude gevoer is, het ook interessante vrae oor die hipotetiese voortbestaan van die (N)NP help formuleer. 'n Reeks bepalende momente en besluite sou die koers van die party en sy bestaan en selfs die koers van die land moontlik kon verander. Die volgende vrae kan binne die konteks van hierdie tema inderdaad gevra word:

- Moes die NP nie meer vasberade by die eise vir volledige veelpartyregering of ongebreidelde magdeling gestaan het nie?
- Het die ANC tydens die onderhandelinge verskuilde agendas gehad, veral gegewe die openbaring van Anthea Jeffery in haar boek *People's war: new light on the struggle for South Africa*, waarin sy onder meer verwys na die "kwesbaarheid" van die ANC voor en tydens die onderhandelinge nie?
- Sou 'n permanente en gesonde stelsel van deelnemende of veelpartyregering op al drie vlakke van regering nie latere probleme grootliks ondervang het nie?
- Het die NP tydens die onderhandelingsproses dalk verskuilde agendas gehad en was daar 'n opregte strewe na reg en billikheid?
- Sou die meerderheid kiesers in die belangrike referendum van 1992 "ja" gestem het as hulle geweet het hoe die finale grondwet vier jaar later, in 1996, daar sou uitsien?
- In watter mate het die agteruitgang en latere verdwyning van die NP bygedra tot 'n skuldgevoel onder sommige wittes, die onttrekking van

³⁷ www.fwdklerk.org.za. Toespraak van pres. FW de Klerk in reaksie op die verkiesingsuitslag, 2 Mei 1994.

wit Afrikaners uit die openbare lewe en hulle gevoel dat hulle bloot tweedeklas burgers is?

- Sou enige ander onderhandelde grondwet met meer waarborge en "wigte en teenwigte" vir minderheidsgroepe nie maar in elk geval geëindig het waar die land tans is – met bloot 'n eenvoudige meerderheidsregering nie? In 'n latere gesprek oor die huidige stand van sake, vra Eli Louw, die laaste blanke en NP-speaker tot 1994 tereg: "Wat is die alternatief?"³⁸
- Daar kan inderdaad gevra word of FW de Klerk (en die NP) in 1994 gereed was om vir die eerste keer in sy bestaan as 'n opposisieparty buite die regering te funksioneer?

Hierdie wesentlike vrae moet in korrelasie met die NP se situasie in 1994 gesien word. Wat daarna gebeur het, was die uitvloeisels van die beleid en optrede van die party tot en met die ANC-magsoorname in dieselfde jaar.

Meer nog: In 'n poging om die laaste jare van die NP as regerende party (1984-1994) te verwoord, kom talle vrae ook na vore waarmee elke historiese navorser worstel, vrae soos onder meer: Hoe objektief kan geskiedenis wees en hoe ver moet die verlede van die hede verwyder wees om rasideel daarna te kyk?

Joernalis-historikus, Leopold Scholtz, raak die dilemma van geskiedskrywers aan as hy vra: Geskiedenis – wie is reg? Hy kom tot die gevolgtrekking dat, soos die Nederlandse historikus, Pieter Geyl, gesê het, die geskiedenis 'n diskussie sonder einde is. Dit is geen eksakte wetenskap waar twee plus twee altyd vier is nie, maar dit kan ook vyf of meer wees, afhangende van hoe jy na die saak kyk. Volgens Scholtz is 'n aspek wat

³⁸ Aucamp-versameling, onderhoud met Eli Louw, 30 Oktober 2009.

hiermee verband hou dat, hoe verder die gebeure van die hede verwyder is, hoe makliker dit is om onemosioneel, en dus meer objektief, daarna te kyk.³⁹ Dus: tyd en afstand bring perspektief. Omdat die tydperk in die NP se geskiedenis waarvoor navorsing gedoen is, steeds vars in die geheue lê, is dit uiteraard moontlik dat tyd nog nuwe perspektiewe na vore kan bring.

Net 'n kantaantekening. Aan die ander kant kan gevra word of geskiedenis nie juis ten minste waarheidsgetrou oorgedra word hoe nader die gebeure aan die hede staan nie. So kan die rol van heersende omstandighede en emosie in besluitneming en optrede ook beter verstaan word. Waarheidsgetroue data is maar één aspek van historiese navorsing. Die gevaar van subjektiewe vertolking van feite is die dilemma van die historikus. Daarom is die interpretasie van gebeure, persone se optrede en standpunte van partye die groot uitdaging vir die wetenskaplike historiese navorser in elke era.

Dit is natuurlik ook so dat net 'n deel van die Suid-Afrikaanse bevolking intens in die geskiedenis van die Nasionale Party belangstel. Omdat die party nie meer bestaan nie, kan daardie belangstelling kwyn en is dit waarskynlik nou die aangewese tyd om daaroor te skryf, veral deur diegene met eerstehandse kennis. Trouens, dit is van wesenlike belang dat die NP se rol in die aftakeling van apartheid en die totstandkoming van die nuwe bedeling uitgelig word, anders word dit verswelg deur die ANC-georiënteerde vertolking van die oorgangstydperk. Indien dit nie gebeur nie, sal bronne soos SADET se *Road to Democracy*⁴⁰ en ander relevante bronne as standaardwerke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis vertolk word, en sal die geskiedenis van die Afrikaner en die NP agterweë bly.

³⁹ *Volksblad*, 13 September 2008, p. 17.

⁴⁰ South African Democracy Education Trust (SADET), *The road to democracy*.

Terug by die tergende en interessante vraag van Scholtz oor die waarheid in geskiedenis. Hierdie vraag bied geen maklike antwoord nie. Hy doen 'n paradoks aan die hand: “Die historiese waarheid is absoluut. Dit is egter ook relatief. En wat ook al die geval is, daar is meer as een waarheid.” In die geskiedenis is niks wit of swart nie, slegs verskillende skakerings van grys, wat dus ruimte laat vir ander en selfs teenoorgestelde vertolkings van die verlede.⁴¹

Wynand Malan, kommissaris van die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK), som spesifiek Suid-Afrikaners se dilemma met die interpretasie van die geskiedenis goed op in sy minderheidsverslag. Hy sê dat die 17 kommissarisse uit verskillende dele van die gemeenskap kom en “by definition, we had to have different understanding of our history and immediate past”. Hy gaan voort om te sê dat elkeen verskillende blootstellings gehad het en al sou hulle oor feite saamstem, verskil hulle in die interpretasie daarvan. Hulle verteenwoordig verskillende waardesisteme en verstaan sommige mense beter as ander. Hy gaan voort: “At worst, we misrepresent each other. At best, we misunderstand each other, yet we are able to cope and live with each other.”⁴² In die vertolking van die laaste dekade van NP-regering sal bogenoemde stelling ook geldig wees.

Hierdie navorsing, wat die periode 1984 tot 1994 in die kollig plaas, moet dus in daardie lig beoordeel word. 'n Eerlike poging sal aangewend word om so objektief moontlik te probeer weergee wat 'n “binnestander” of mede-rolspeler redelik intensief beleef het. Daar is 'n verskil tussen objektiwiteit en waarheid as sodanig.

⁴¹ *Volksblad*, 13 September 2008, p. 17.

⁴² Truth and Reconciliation Commission of South Africa Report, Vol. 5, 1998, p. 436.

Dit is teen hierdie agtergrond dat dit tans en na 1994 baie moeilik is om gebalanseerd objektief te wees in 'n land soos Suid-Afrika waar sekere rasse-stereotipes vir dekades lank gegeld het en mense steeds hul eie persepsies vorm en rassisme nog lewendig is.⁴³

'n Verdere waarheid is dat die laaste jare van die geskiedenis van die Nasionale Party-bewind waarskynlik nog oor en oor herskryf en her-evalueer gaan word. Meer nog: oor die nalatenskap van die NP en oor hoe goed of sleg die party was, sal nog baie gedebatteer word, veral namate tyd duideliker perspektiewe bring. 'n Baie interessante waarneming is hoe daar al geruime tyd fel kritiek kom van talle toonaangewende Suid-Afrikaners wat die NP verag en die ANC fanaties aangehang het met die huidige algemene verwyt: "Dis nie waarvoor ons ons beywer en opgeoffer het nie". (Vergelyk die uitsprake van Desmond Tutu, Alex Borrairie en Mamphela Ramphele later in hierdie studie.) Daarmee saam is daar uiteraard die miljoene wit Suid-Afrikaners wie se lewens ook na 1994 se demokratiese verkiesing ingrypend verander het en van wie baie as gevolg van die toepassing van regstellende aksie nie meer vir hulle 'n toekoms in hulle eie vaderland sien nie.

Tussen 1984 en 1989 het die NP met grondwetlike hervormings geworstel, terwyl buitelandse isolasie en binnelandse opposisie steeds feller geword het. Die NP het toenemend 'n stryd gevoer oor die logiese konsekwensies en uitvoerbaarheid van sy beleid en die tergende vraag oor wat moreel geregverdig kon word en wat nie. Hervormingsmaatreëls het mekaar snel opgevolg deurdat reeds in die laat sewentigerjare besef is dat gebiedskeiding vir die kleurlinge en Indiërs onmoontlik is.⁴⁴ In 1986 is

⁴³ Wessels, p. 311; Ramphele, pp. 73-78.

⁴⁴ Dr HF Verwoerd het al in 1961 in 'n toespraak voor die destydse Kleurlingraad ontken dat daar sprake van 'n tuisland vir kleurlinge was en in 1971 het die NP 'n formele besluit geneem dat die idee van 'n tuisland vir kleurlinge nie prakties moontlik is nie.

een burgerskap vir almal in Suid-Afrika aanvaar en begin die NP die eerste stappe neem in die soeke na 'n konstitusionele oplossing vir alle Suid-Afrikanners, omdat dit toe reeds duidelik was dat afsonderlike ontwikkeling gefaal het.⁴⁵

Op 2 Februarie 1990 het pres. FW de Klerk sy bekende toespraak gelewer waarna die land nooit weer dieselfde sou wees nie. 'n Onderhandelde skikking het gevolg en gelei tot die eerste ten volle demokratiese verkiesing op 27 April 1994. Daar was op dié tydstip 'n uitstekende infrastruktuur in die land gevestig – die enigste land in Afrika met 'n ten volle ontwikkelde moderne sektor. Apartheid het dus nie bloot negatiewe nalatenskappe gehad nie, maar ook positiewe gevolge meegebring.⁴⁶ Voorbeelde hiervan is die feit dat die stand van Suid-Afrika se ekonomie, sy infrastruktuur en die relatiewe voorspoed en ontwikkeling van sy mense deur die meeste ander Afrika- en Derdewêreldlande begeer word. Teen 1976 was die land die 18de grootste ekonomie op die wêreldranglys en die 15de grootste handelsland. Dus, 'n baie suksesvolle staat wat in dié opsig met trots sy plek tussen die voorste lande in die wêreld kon inneem.⁴⁷

Dit is tans insiggewend om te ervaar hoe sommiges wat die ANC met ope arms verwelkom het en die NP van alles wat boos is, beskuldig het, al hoe meer bekommerd, sinies en pessimisties raak oor Suid-Afrika se toekoms onder die ANC-bewind. Emeritus-aartsbiskop en Nobelprys-wenner, Desmond Tutu, seker een van die felste kritici van die NP, sê in later jare aan die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) dat die land sy respek

⁴⁵ FW de Klerk, notas tydens NP-voorlegging aan WVK, 21 Augustus 1996; *Sowetan*, 27 September 1993, p. 18.

⁴⁶ FW de Klerk, notas tydens NP-voorlegging aan WVK, 21 Augustus 1996; *Sowetan*, 27 September 1993, p. 18.

⁴⁷ RW Johnson, *South Africa's brave new world: The beloved country since the end of apartheid*, pp.11 en 598.

vir lewe verloor het. Hy noem talle voorbeelde hiervan en vra dan: “Waarom probeer ons ons nasie saboteer met prosesse waarin ons sê die meerderheid kan andere totaal vertrap.” Hy vaar ook uit teen “magsdronk” en “arrogante” leiers in die land as hy sê: “Ons regeringshoofde moet beginselvaste mense wees na wie ons met trots kan opsien – pleks van vernederings wat ons voortdurend moet verdedig.” Hy klim verder in onder diegene wat korrup en oënskynlik onaantasbaar is met ‘n houding van “ons is hier om te bly”.⁴⁸ Hy was later so moedeloos dat hy gesê het hy sien nie eers kans om in die 2009-verkiesing te stem nie.

Historiese gebeure word beoordeel op grond van oorsaak, verloop en gevolge. Vandaar dat in die hantering van ‘n tema soos hierdie, met die kollig op die Nasionale Party gedurende 1984 tot 1994, daar ook kortliks op die aanloop tot en die onmiddellike uitvloeisels van die NP-besluite gelet moet word, ter wille van groter perspektief.

Om die tye en geskiedenis waarin Suid-Afrika se rassebeleid toenemend onder skoot gekom het na behore te begryp, is dit net akademies korrek om te verstaan wat die algemeen aanvaarde beleidsmotivering was – opvattinge wat ook deur onder meer Afrikaanse kerkgenootskappe op Bybelse gronde geregverdig was.

In nabetraging oor die dramatiese jare 1984 tot 1994 kan talle afleidings gemaak word en uiteenlopende menings geopper word. Die belangrikste is: apartheid, vreedsame naasbestaan, afsonderlike ontwikkeling, of wat die beleid ook al genoem is, en hoe goedbedoeld die doelwit daarvan was, het misluk. Toe dit finaal duidelik geword het, reeds teen die middel-tagtigerjare van die vorige eeu, het die NP besef dat daar deur onderhandeling na ander oplossings gesoek moes word. Die uiteinde van die

⁴⁸ *Volksblad*, 18 Julie 2007, p. 8 en 2 Maart 2009, p. 4.

NP-beleid, soos dit neerslag gevind het tot in die tagtigerjare, kon op daardie tydstip nie meer moreel geregverdig word nie.

Kortom: vir die hoofonderhandelaars, die NP en die ANC, was dit van kardinale belang dat daar, ten spyte van moontlike vooroordele en agterdog, 'n werkbare model vir 'n nuwe politieke bedeling geskep moes word. Hierin sou ook die besluite en optrede van die NP instrumenteel wees.

HOOFSTUK 1

AGTERGROND VAN DIE HOOFONDERHANDELAARS VIR DIE 1993-GRONDWET

Ter wille van agtergrondperspektief word enkele onderwerpe in die eerste hoofstuk kortliks belig, omdat dit daarsonder nie moontlik is om volledig te begryp wie die rolspelers in die 1984-1994-dekade was nie, waar hulle vandaan kom, wat hulle standpunte was en watter kwessies bestaan het en hanteer moes word nie.

Die Nasionale Party (NP) en die African National Congress (ANC) sou uiteraard gedurende 1984 tot 1994 die sleutelrolspelers op pad na 'n nuwe bedeling wees. Vandaar dat in hierdie hoofstuk kortliks enkele aspekte van die twee groepe belig word. Eerstens val die kollig op die NP en sy benaming, waarna die benaming "apartheid" (sinoniem met die party) ook belig word. Vervolgens ook enkele gedagtes oor die ANC en sy transformasie vanaf bloot 'n latente samewerkingsorganisasie, 'n bevrydingsbeweging midde-in konfrontasie, tot 'n onderhandelingsvennoot na 'n nuwe bedeling. As agtergrond tot hierdie studie en die verhouding tussen wit en swart in Suid-Afrika word die stryd om politieke regte vir swart mense eweneens kortliks belig.

1. DIE NASIONALE PARTY VAN SUID-AFRIKA: DIE NAAM

Die naam van die party was vanaf sy stigting in 1914 tot in 1940 Nasionale Party. Die Nasionale Party van die Vrystaat is op 9 Januarie 1914 gestig, die Nasionale Party van Transvaal op 26 Augustus 1914, dié van Natal op 19 Augustus 1915 en dié van Kaapland op 15 September

1915. Die federale band tussen die selfstandige provinsiale organisasies sou egter eers in 1916 gelê word toe die konstitusie van die Federale Raad van die Nasionale Party van die Unie van Suid-Afrika op 30 Julie 1916 in *Die Burger* gepubliseer is. Genl. JBM Hertzog, die Vrystaatse NP-leier, is as eerste voorsitter van die Federale Raad gekies.¹

Hoofsaaklik as gevolg van ekonomiese redes en die krisis van die vroeë dertigerjare het genls. Hertzog en JC Smuts, hoofleier van die Suid-Afrikaanse Party (SAP), 'n koalisie-ooreenkoms gesluit wat in 1934 tot die stigting van die Verenigde Party (VP) gelei het. Die NP is onder leiding van dr. DF Malan en 18 ander parlamentslede voortgesit. Tydens die 1938-verkiesing het die NP 27 kiesafdelings verower. Hertzog, die destydse premier, was gekant teen deelname aan die Tweede Wêreldoorlog en het neutraliteit bepleit, terwyl Smuts van oordeel was dat Suid-Afrika betrekkinge met Duitsland moes verbreek en sy verpligtings as lid van die Britse Gemenebes moes nakom. Hertzog se voorstel is op 4 September 1939 met 80 stemme teen 67 in die Volksraad verslaan en hy het gevolglik as premier bedank. Sterk toenadering tussen die NP en die Hertzog-kamp en 'n strewe na "hereniging" het daartoe gelei dat op 29 Januarie 1940 aangekondig is dat 'n ooreenkoms tussen die twee groepe bereik is en dat daar onder meer besluit is dat die naam van die party voortaan die Herenigde Nasionale Party of Volksparty (HNP of V) sou wees.²

Daar was nooit groot opgewondenheid oor hierdie naam nie en veral die Vrystaatse kongres het al vanaf 1942 gepoog om die naam verander te kry. Die Republikeinse Nasionale Party is selfs voorgestel. Die Federale Raad van die party het egter geoordeel dat daar nie genoeg eenstemmig-

¹ O Geysler en AH Marais, *Die Nasionale Party I*, p. 197; MPA Malan, *Die Nasionale Party van Suid-Afrika. 1914-1964: sy stryd en prestasies*, pp. 16-20.

² Malan, pp. 185-200.

heid vir 'n naamsverandering bestaan nie. Die Vrystaatse party het nie bes gegee nie en in 1944, 1945, 1946 en 1948 versoek dat die HNP of V en die Afrikanerparty in een party, die Nasionale Party van Suid-Afrika, moes saamsnoer. Hierdie voorstel het inderdaad tot groot blydskap van almal in 1951 as besluit realiseer.³

"Die Nasionale Party" het die benaming van die party gebly totdat in September 1998 besluit is om dit te verander na die Nuwe Nasionale Party (NNP), want is geoordeel, "dit is nie meer die ou party nie, die uitgangspunte en beleid is nuut en moet ook in die naam reflekteer". Dit sou die naam bly totdat die party op 4 Maart 2006 ontbind het.⁴

Vir die onthalwe van die rekord en in die volksmond sou die party wat in 1914 gestig en in 2006 na 92 jaar ontbind het, vir altyd as die Nasionale Party (NP) bekend staan en hulle ondersteuners as die "Natte" of "Nasionaliste". In Engels was die benaming die "National Party", maar moedswillige Engelse en veral Progressiewe Party-ondersteuners het die party tot groot irritasie van sy parlamentslede die "Nationalist Party" genoem.

Ná 1994 is die konstitusie van die Nasionale Party verander om mag meer te sentraliseer by die hoofleier (wat later die nasionale leier geword het) en die Federale Raad. Die onderskeie provinsiale organisasies (nege en nie meer vier nie) was toe bekend as byvoorbeeld "Die Nasionale Party in die Vrystaat". Die nasionale leier is ingevolge die wysigings nie meer deur die parlementêre kookus aangewys nie, maar deur 'n kieskollege van die Federale Raad terwyl die federale kongres uitsluitlike bevoegdhede oor alle nasionale beleidskwessies en die wysiging van die konstitusie verkry

³ Argief vir Eietydse Aangeleenthede (hierna verwys as AREA), PV 28: MCGJ van Rensburg-versameling, lêer 185, artikel Geskiedenis van die Nasionale Party.

⁴ Inus Aucamp en Johan Swanepoel, *Einde van 'n groot party*, p. 72.

het. Dit, tesame met die groter houvas wat partye deur die proporsionele kiesstelsel op openbare ampsbekleërs gekry het, het tot spanning gelei en, volgens baie parlamentslede, aan nasionale leiers "te veel mag gegee".⁵

2. DIE BENAMING APARTHEID

"Apartheid" is die woord wat waarskynlik internasionaal die bekendste woord is, as oor rasseproblematiek gepraat word, maar terselfdertyd ook die uiteenlopendste betekenis en belewenis vir mense inhou.

Vir baie eeue het Europa, die VSA, Kanada en verskeie ander lande soos ook Australië later, ongelyke behandeling van onderontwikkelde mense as vanselfsprekend beskou. Dit is teweens tans nog vervat in konstitusionele en internasionale reg as verwys word na byvoorbeeld "native reserves" of "mandate" en "trusteeship".⁶ Die NP het dus nie die idee van segregasie of diskriminasie teenoor mense van kleur uitgedink of ontdek nie.

Gedurende die twintiger- en dertigerjare van die vorige eeu was die Nasionale Party (NP) en die Afrikaners in die breë se rassebeleid een van segregasie. Hierdie woord is, soos genoem, nie deur die Afrikaner gekies nie, maar veral in Amerika gebruik en tot uitvoering gebring. Die woord was om twee redes hier ook nie baie populêr nie. Met segregasie is bedoel die skeiding van wit en swart, asof alle swart mense een homogene groep is. Daarbenewens het die woord nie uitgedruk wat die Afrikaner in sy hart en in sy lewensooruiging gevoel het die beleid moes wees nie, aldus MDC de Wet (Daan) Nel. Hulle het toe na 'n ander

⁵ Aucamp-versameling, onderhoud met Frik van Deventer, 1 Maart 2009; Federale Konstitusie van die Nasionale Party van Suid-Afrika, 3 Augustus 1996; Nasionale Party van die Vrystaat, Konstitusie 1994.

⁶ *Verenigde Nasies Handves*, hoofstukke XI-XIII; M Ramphela, *Laying ghosts to rest*, p. 74 en 92.

benaming gesoek en dr. P van Biljon, destydse sekretaris van die Naturellesakekommissie, het toe die woord "apartheid" voorgestel.⁷

Apartheid het egter eers formeel sy politieke beslag gekry in die Afrikanerbond vir Rassestudie. 'n Groep Afrikaners het op 23 Desember 1934 byeengekom om die Rasseverhoudingsbond van Afrikaners te stig wat op 26 Julie 1935 verander is na die Afrikanerbond vir Rassestudie. Die doel was om Afrikaners aan te wakker om nie net belang te stel in die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk nie, maar ook om 'n deeglike studie daarvan te maak, sodat gesonde verhoudings tussen blank en nie-blank bewerkstellig kon word en om die Afrikaner se sienswyses en opvattinge in hierdie verband te bevorder en uiteindelik toe te pas.⁸

Tydens 'n konferensie van die Afrikanerbond vir Rassestudie op 19 en 20 Junie 1935 in Pretoria is die woord "apartheid" gebruik en het die woord soos 'n veldbrand versprei en is dit deur nasionaalgesinde Afrikaners as towerwoord aangegryp. Dit is duidelik gestel dat in plaas van om swart mense te verontreg, die Afrikaners hulle deur apartheid tot volle wasdom wou laat groei. Vele Afrikaners het geglo dat die Skepper Suid-Afrikaners hier geplaas het, nie om mekaar te vernietig nie, maar om mekaar te dien en toe te laat dat almal tot die hoogs moontlike vlak kon ontwikkel.⁹

Skielik was die land aan die gons en selfs akademici het in alle erns op die kleurvraagstuk gefokus. Teen 1943 het die begrip "apartheid" uitgekristalliseer en op 26 Maart 1943 was *Die Burger* die eerste koerant wat die term gebruik het toe daar verwys is na die "Nasionaliste se beleid van

⁷ AREA, K360, onderhoud met MDC de Wet Nel, 23 Junie 1977. (Nel was baie bedrywig op die politieke en kulturele terrein in Transvaal, lid van die Volksraad vir Wonderboom vanaf 1943, voorsitter van die Naturellesakekommissie en minister van bantoe-administrasie en -ontwikkeling tot in 1961). Vergelyk ook Hermann Giliomee, *The Afrikaners*, pp. 487-492.

⁸ AREA, EG Jansen-versameling, lêer 1/53, Program van beginsels van die Afrikanerbond vir Rassestudie.

⁹ AREA, K360, onderhoud met. MDC de W Nel, 23 Junie 1977.

apartheid". Op 9 September skryf dieselfde koerant van die "erkende Afrikaner-standpunt van apartheid". Op 25 Januarie 1944 praat dr. DF Malan, hoofleier van die HNP of V, van "die getroue beginsels van apartheid en voogdskap". Malan verwys 'n paar maande daarna na segregasie as "afhok", terwyl apartheid beteken 'n beleid waar verskillende rasse opgehef word deur hulle in staat te stel om hulself op te hef op die grondslag van dit wat hulle eie is.¹⁰

Apartheid het inderdaad vir mense verskillende betekenis gehad en diegene wat glo dat die motief naakte rassisme en diskriminasie was, oordeel dat apartheid nie 'n bloudruk was nie, maar eerder 'n stel beleidsaspekte wat deurlopend deur die NP aangepas is met die uitsluitlike doel om aan bewind te bly. Dit het gegaan oor mag wat deur die skepping van Afrikaner-selfbeskikking die Verenigde Party (VP) verhoed het om 'n verkiesing te wen. Hierdie feit, so is geoordeel, is oorskadu deur die klem wat NP-propaganda geplaas het op die idealistiese aspek van apartheid, naamlik dat Afrikanernasionaliste 'n "groot droom" gehad het en nooit bedoel het om teen enigiemand te diskrimineer nie. Die "ongerieflikheid" vir swart mense is as tydelik beskou voor die "geluksaligheid" van etniese nasies, wat elkeen in sy eie grondgebied, gevestig sou word.¹¹

3. DIE ANC: VAN SAMEWERKING TOT KONFRONTASIE TOT ONDERHANDELING

Suid-Afrika se geskiedenis is in vele opsigte uniek. Nie net loop ironieë soos 'n goue draad daardeur nie, maar inkonsekwentheid en soms

¹⁰ Giliomee, p. 423; N Rhodie en AH Venter, *Apartheidsgedagte*, pp. 182-187. Sien ook Deborah Posel se standaardwerk getiteld *The making of apartheid, 1948-1961: conflict and compromise*, pp. 1-8.

¹¹ Christi van der Westhuizen, *White power and the rise and fall of the National Party*, p. 39.

onlogiese denke en daad oor die hele politieke spektrum, staan soos lelike bakens uit op die pad waarlangs die land gekom het.

Terwyl die NP deurentyd wyd gekritiseer is vir sommige van sy uitgangspunte, is die ANC nie altyd met dieselfde kritiese oog beoordeel nie. Hoe verklaar mens anders die stilswye oor die feit dat die ANC hom sedert sy stigting in 1912 vir gelyke politieke regte beywer het, terwyl hulle volgens 'n artikel van prof. Willie Breytenbach, eers in die laat 1950's (langer as 40 jaar na hulle stigting) wittes as lede toegelaat het? Oliver Tambo, ANC-president, het later erken dat die ANC aanvanklik inderwaarheid ook "anti-blank" was.¹²

Suid-Afrikaners van kleur het nie deelgeneem aan die onderhandelinge wat in 1910 tot die vorming van die Unie van Suid-Afrika gelei het en waardeur die vier Britse kolonies, naamlik die Kaapkolonie, Transvaal, Oranjerivierkolonie (Oranje-Vrystaat) en Natal saamgesnoer is nie. Tewel, hulle is ook geensins geraadpleeg nie en hierdie uitsluiting sou eers in die negentigerjare reggestel word.¹³

Kort na Uniewording is sekere wette van 'n diskriminerende aard aanvaar wat swart teenstand teen die Nasionale Konvensie se stemregreëlings substantief vermeerder het en in 1912 het vooraanstaande swartes van oral in die land op aandrang van 'n Durbanse advokaat, dr. Pixley Ka Isaka Seme, in Bloemfontein vergader. Die South African Native National Congress is daar gestig wat in 1923 die African National Congress (ANC)

¹² *Boeke Rapport*, 26 September 2010, p. 6. Vergelyk ook Oliver Tambo se verduideliking in *Sechaba*, vierde kwartaal, 1977, p. 11 en *Sechaba*, Oktober 1981, p. 18.

¹³ Aucamp-versameling, onderhoud met Leon Wessels, 7 April 2009; D Welsh, *The rise and fall of apartheid*, p. 7.

geword het. Dr. JL Dube was die eerste president, dr. W Rubusana die erepresident en Sol Plaatje die sekretaris.¹⁴

Eenheid onder swartes, die uitbreiding van politieke regte en die sosio-ekonomiese ontwikkeling van swartes was van hierdie organisasie se hoofogmerke. Vanaf sy stigting tot ongeveer 1937 het die ANC sy hoop vir 'n groter politieke rol vir swartes op die invloed van wit liberale elemente gevestig en hulle aktiwiteite was hoofsaaklik om verhoë en petisies aan die regering voor te lê. Vanaf sy vroegste jare was die ANC ten gunste van "a spirit of loyalty to the British Crown and all lawfull authority". Hulle het ook Rhodes se idee van "equal rights for all civilised men" voorgestaan en tot 1928 was die tradisionaliste in die leierskader gekant teen samewerking met die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) omdat die kommuniste van die Sowjetunie die monargie en aristokrasie omvergewerp het. Die *Communist International* het egter hulle eie idees oor die ANC tydens hulle sesde kongres in 1928 gehad toe daar besluit is: "The CPSA (Communist Party of South Africa) should pay particular attention to the ANC. Our aim should be to transform the ANC into a fighting nationalist revolutionary organisation..."¹⁵

Swart belange, soos verteenwoordig deur sowel sewe wit parlamentslede as die Naturelle Verteenwoordigende Raad, het samewerking met wit liberaliste moontlik gemaak. Maar toe dit blyk dat die Raad misluk, het die graad van swart politieke aktiwiteit begin verander. Die ANC het hierin die toon aangegee. Vanaf die vroeë veertigerjare tot ongeveer 1949 het die ANC 'n sterk stedelike organisasie begin ontwikkel wat onafhanklik van

¹⁴ Giliomee, p. 259; Amptelike Jaarboek, 1992, Hersiene uitgawe, pp. 34-35.

¹⁵ Bureau for Information, Talking with the ANC, Junie 1986, p. 3.

wittes en Indiërs kon funksioneer.¹⁶ In die veertigerjare het die ANC-Jeugliga en veral Anton Lembede radikale Afrikanisme gepropageer.

Die ANC se doelstellings was inderdaad aanvanklik vreedsaam en toe hoofman Albert Luthuli in Desember 1952 tot president van die organisasie verkies is, was sy standpunt nog: "I have embraced the non-violent passive resistance technique in fighting for freedom because I am convinced it is the only non-revolutionary legitimate and humane way that could be used by people denied, as we are, effective constitutional means to further aspirations."¹⁷ Luthuli het die Nobelprys vir vrede in 1961 ontvang en was die eerste Afrikaan wat die besondere eer te beurt geval het. Dit is ironies dat die ANC in dieselfde jaar besluit het om 'n militêre vleuel *Umkhonto we Sizwe* (Spies van die Nasie of MK) te stig.¹⁸ Nelson Mandela, wat in 1951 as president van die ANC Jeugliga verkies is, het al in 1952 geweld as middel om politieke oogmerke te bereik met Walter Sisulu bespreek, dog hierdie debat het eers in die vroeë sestigerjare in erns toegeneem.¹⁹

Jonger en meer militante swart leiers het in 1959 van die ANC weggebreek en die Pan-Africanist Congress (PAC) onder Robert Sobukwe gestig wat ook 'n militêre vleuel, *POQO*, georganiseer het wat later tot Azanian People's Liberation Army (APLA) herdoop is. Sommige historici beweer dat Luthuli tot met sy dood in 1967 teen geweld gekant was, terwyl ander van mening is dat hy in 1961 tydens 'n byeenkoms van die Nasionale Uitvoerende Komitee (NUK) ingestem het dat militêre optrede onvermydelik is. Feit bly dat Mandela en sy geesgenote ál meer geneë

¹⁶ D O'Meara, *Forty lost years*, p. 18; DT McKinley, *The ANC and the liberation struggle*, p. 14.

¹⁷ JG Pillay en C Nystrom, "God's image of color", *Christian History and Biography* 94, pp. 28-31.

¹⁸ GD Ntanjana, An historical analysis of the political transformation of the African National Congress (1912-1994), MA-verhandeling, Universiteit van die Vrystaat, 2009, pp. 47-51; Wessels, pp. 291-292.

¹⁹ *Ibid.*

was om die gewapende stryd as strategie te aanvaar omdat hulle geglo het dat die "Gandhi-styl" van lydelike verset nie in Suid-Afrika sou werk nie.²⁰ Die besluit oor die gewapende stryd is egter eers na die verbod op die ANC geneem, omdat gevoel is dat dit die enigste opsie was wat vir die ANC oorgebly het.

Die ANC se "hervormingspad" het dus in 'n doodloopstraat beland en vanaf 1960 was hulle droom dieselfde as vryheidsmagte wêreldwyd soos dit in die Tri-Continental Conference in 1966 in Havana neerslag gevind het. Hulle het saam met die bekende Che Guevara²¹ geglo dat die plig van rewolusionêres is "to create one, two, three Vietnams".²²

Die ANC en ander vryheidsbewegings het hulle duidelik as deel van die sosialistiese wêreldwye kamp gesien met die USSR en ander kommunistiese partye in leiersrolle. Die National Liberation Front in Viëtnam is beskou as 'n organisasie op die voorpunt van die geveg téén imperialisme en vir sosialisme. In Suid-Afrika is die beeld van die heroïese guerrilla-vegters beliggaam in MK.²³

Teen die laat veertigerjare het die ANC se karakter al begin verander toe bekende kommuniste, soos Moses Kotane, die SAKP-sekretarisgeneraal, en Edwin Mofutsanyana, die leierskap infiltrer het. Hulle het veroorsaak dat 'n meer konfronterende en militante houding ingeneem is. Tussen 1949 en 1952 het die ANC ook begin om die massas te mobiliseer,

²⁰ S Baai, *OR Tambo*, p. 120; J Jacobs, *Sechaba* as die mondstuk in die ANC se stryd teen blanke oorheersing, 1967-1989, D.Phil proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 140; Vergelyk ook South African Democracy Education Trust, *The road to democracy in South Africa*, vol 2, pp. 453-468.

²¹ Guevara, die Argentynse vryheidsvegter en Samora Machel, eertydse Mosambiekse president, is onder die buitelanders wie se name in die leiersgalery by die Vryheidspark sal pryk. *Volksblad*, 19 Maart 2009, p. 9.

²² G Prevost, "The evolution of the African National Congress in power. From revolutionists to social democrats?" *South African Journal of Political Studies* 33(2), Augustus 2006, p. 164.

²³ *Ibid.*

hoewel dit redelik effektief deur die regering se optrede bemoeilik is. Voor die besluit van gewapende optrede is die Vryheidsmanifes (Freedom Charter) in 1955 in Kliptown deur swart, wit, Kleurling- en Indiër-afgevaardigdes aanvaar. Hierdie manifes het liberaal-demokratiese sowel as sosialistiese beginsels vervat.²⁴

Sommiges glo dat die manifes deur Joe Slovo, SAKP-voorsitter, opgestel is, maar dat hulle (die SAKP) die inhoud nie as 'n uiteindelijke doel gesien het nie, want Mandela sê self gedurende sy verhoor op 20 April 1964: "Although it (SACP) is prepared to work for the Freedom Charter as a short-term solution to the problems created by white supremacy, it regards the Freedom Charter as the beginning, and not the end, of its programme."²⁵

Sowel die ANC as die PAC is in 1960 tot verbode organisasies verklaar en hulle werk is ondergronds voortgesit. In 1963 is die ANC 'n gevoelige slag toegedien toe van sy voorste leiers in die sogenaamde Rivonia-verhoor weens sabotasie aangekla, skuldig bevind en op 12 Junie 1964 tot lewenslange gevangenisstraf gevonnissen is. Benewens Nelson Mandela, was die ander beskuldigdes Walter Sisulu, Ahmed Kathrada, Dennis Goldberg, Raymond Mhlaba, Govan Mbeki, Elias Motsoaledi en Andres Mlangeni. Mandela is op Sondag 11 Februarie 1990 vrygelaat, terwyl die ander reeds in 1989 vrygelaat is.²⁶

Baie voormalige ANC/SAKP militante leiers en simpatiseerders wat sedert 1994 ontnugter is met die ANC se optrede oordeel dat dit 'n groot fout was

²⁴ Bureau for Information. Talking with the ANC, pp. 4-5, Junie 1986; *Sechaba*, November 1980, pp. 2-3; *The African Communist* 87, Vierde kwartaal, 1981.

²⁵ Baai, p. 99.

²⁶ Amptelike Jaarboek, 1990-1991, p. 41; Nelson Mandela 90, Huldigingsblad gepubliseer deur *Rapport* in samewerking met die Nelson Mandela-stigting, p. 31; N Mandela, *Long walk to freedom*, p.551-557, Sien ook <www.nelsonmandela.org>

om af te sien van 'n vreedsame benadering ten gunste van 'n gewapende stryd. 'n Britse akademikus, John Saul, skryf dat dieselfde van FRELIMO, SWAPO, ZANU en die ANC gesê kan word as wat George Dangerfield in sy boek, *The strange death of liberal England*, aan die vooraand van die Eerste Wêreldoorlog oor die Liberale Party geskryf het: "The Liberals emerged from the fray, flushed with one of the greatest victories of all time, yet from that victory they never recovered."²⁷

Rusty Bernstein, wat homself 'n "long time ANC and SACP militant" noem, en destyds self 'n aandeel in die ANC se besluit gehad het, skryf byvoorbeeld op 8 Junie 2001 aan dieselfde Saul "the shift from concepts of mass popular resistance towards the concepts of some form of 'seizure of power' by an armed force gradually became the main political current of thinking in the ANC and SACP". Op die vraag wat verkeerd gegaan het, antwoord Bernstein dat die rede teruggevoer moet word na die besprekings en besluite in die 1960's wat die keerpunt in die Vryheidsbeweging se besluit was "to abandon its exclusive reliance on non-violent campaigning and to found the armed wing 'Umkhonto we Sizwe'." Hy sê dat die "seizure of power" nooit op die ANC se agenda was nie en dat die organisasie ook nie daarvoor ontwerp was nie. "The drive towards power has corrupted the political equation in various ways", was sy mening.²⁸

Die gewapende stryd het na 1964 intenser geword en die guerrilla-vegters is deur die regering as terroriste getipeer en die ANC as 'n terroriste-organisasie. Die VSA en Brittanje het dit ook gedoen omdat onskuldige mense geteiken en moorde gepleeg is vir politieke doeleindes. Die Britse regering was byvoorbeeld eers teen Januarie 1990 bereid om met gematigde, nie-militante ANC-leiers te onderhandel. Margaret Thatcher,

²⁷ Transformation 31 (64), Oktober 2007, pp.140-144.

²⁸ *Ibid.*

die destydse Britse premier, was tot op dié tydstip onverbiddelik teen enige ministeriële kontak met die ANC omdat sy hulle as terroriste-organisasie beskou het.²⁹

Baie wreedhede is in die tyd onder die dekmantel van die gewapende stryd gepleeg. Amnestie Internasionaal het in 'n verslag geskryf hoe die ANC hul gevangenes in strafkampe behandel het: "For a dozen of years or more, prisoners of the ANC were subjected to torture, ill-treatment and executions. These abuses took place at military prison camps run by the ANC in several African countries, notably Angola, Zambia, Tanzania and Uganda." FW de Klerk het ook in die NP se voorlegging aan die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) op 21 Augustus 1996, ont-hul wat die ANC se "People's War" tot gevolg gehad het. Tussen 1984 en 1996 is sowat 3 477 huise vernietig of beskadig, 1 220 skole vir swartes óf beskadig óf vernietig, swart opvoeding en plaaslike regering ernstig onderbreek en 573 mense gedood (295 volgens die halssnoermetode).³⁰

Dit het ook tydens die WVK-sittings aan die lig gekom dat elemente in die veiligheidsmagte hulle ook aan die skending van menseregte en vergrype skuldig gemaak het. Die bekendste was waarkynlik die Suid-Afrikaanse Polisie se Vlakplaaseenheid, wie se voormalige bevelvoerder, kol. Eugene de Kock, nou nog tronkstraf uitdien.³¹

In hierdie verband sê Wynand Malan, kommissaris van die WVK in 'n minderheidsverslag "The period 1990 – 1994 is characterised in policy terms as one of negotiation towards a Constitution based on the principle

²⁹ Magnus Malan, *My lewe saam met die SA Weermag*, p. 353; *Volksblad*, 13 Januarie 1990, p. 3.

³⁰ NP-voorlegging aan WVK, 21 Augustus 1996; Amnesty International, Desember 1992; Vergelyk ook J van der Merwe, *Trou tot die dood toe*, pp. 94-125.

³¹ Van der Merwe, p. 245 en pp. 314-342; L Wessels, *Vereeniging. Die onvoltooide vrede*, pp. 264-367.

of universal adult franchise. Even to suggest that the government had a secret agenda of human rights violations during this period would border on lunacy. To depict De Klerk as having had a double agenda or even, given his track record, of covering up, would be an injustice to him.”³² Die outeur onderskryf hierdie siening, aangesien ongetoetse bewerings nie aanvaar kan word nie.

Na die Soweto-opstande in 1976 tot en met die vrylating van Nelson Mandela in 1990 het die gewapende stryd 'n veelfasettige karakter aange- neem met die toetrede van nuwe vennote soos die United Democratic Front (UDF), die Congress of South African Trade Unions (COSATU) en die Congress of South African Students (COSAS). 'n Magdom van plaas- like en nasionale organisasies het ook tot die stryd toegetree. Gedurende die tagtigerjare het die ANC geglo dat die NP-regering aan mag sou bly vasklou deur onder meer gebruik te maak van meer onderdrukkende maatreëls, maar dat die vryheidsbeweging uiteindelik sou triomfeer en Suid-Afrika dan ten volle op politieke, ekonomiese en sosiale terreine sou transformeer. Daar het egter vanaf die ANC-kant 'n fundamentele skuif in 1989 en 1990 gekom en baie van sy ondersteuners was verward oor die feit dat die ANC toegegee het om nie volgens riglyne van die Vryheidsmanifes die land te herontplooi nie. Hulle het geglo dat die ANC die mag net eenvoudig sou oorvat soos hulle persepsie was van wat in Angola met die Movement for Liberation of Angola (MPLA) en in Suidwes- Afrika/Namibië met die South West African Peoples Organization (SWAPO) in 1990 gebeur het, en was geskok oor die leierskap se afstanddoening van die gewapende stryd. Hulle het ook MK se mag totaal oorskat.³³

³² Truth and Reconciliation Commission of South Africa Report, Vol. 5, p. 448.

³³ Prevost, pp. 164-167; Z Magubane, “The revolution betrayed? Globalization, neoliberalism and the post apartheid state”, *South Atlantic Quarterly* 103(4), pp. 657-671; *Sechaba*, Maart 1981, p. 10; Mandela, p. 512.

Die veranderinge wat die ANC ondergaan het, was inderdaad dramaties. Vanaf 1912 was hulle 'n breë basis vir verskillende politieke kragte. Gedurende 1960 tot 1990 het meer radikale magte die oorhand gekry en in 1990 het die ANC begin terugbeweeg na 'n politieke beweging toe mnr. Mandela uit die tronk vrygelaat is. Daar was ook ander faktore wat die ANC tot onderhandelinge beweeg het. Die ineenstorting van die Oos-Europese sosialistiese ideologie was 'n ontnugtering en het begin toe pres. Gorbachev van Rusland in die tagtigerjare met sy *perestroika* en *glasnost* krities teenoor die Sowjet-styl van sosialisme geraak het. Dit het 'n impak gehad op 'n verskeidenheid van politieke strydaksies dwarsoor die wêreld in Brasilië, Nicaragua, El Salvador en Guatemala, sowel as vir die Ierse Republikeinse Leër (IRL) en die Palestynse Bevrydingsorganisasie (PBO).³⁴

Die ANC-leiers het besef dat die NP-leiers vanuit 'n posisie van krag onderhandel en dat hulle nie eensydig die mag sou kon oorneem nie. Die oorgangsgrondwet het baie ANC-ondersteuners geskok en hierbenewens is die tydperk tussen 1990 en 1994 gekenmerk deur die demobilisasie van die voetsoolvlak politieke kragte wat sedert die tagtigerjare gevestig is. Die situasie was inderdaad soos 'n ANC-raadslid dit later gestel het: "Faced with the collapse of the Soviet Union we had little choice but to abandon the baggage of Marxism."³⁵

Verskeie waarnemers is dit eens dat die ANC sedert 1990 beslis meer konserwatief na die politieke sentrum beweeg het - weg van die rewolu-

³⁴ Prevost, pp. 164-167; South African profile, Bureau for Information, Januarie 1991, pp. 34-38; D Robbins, *After the dance, Travels in a democratic South Africa*, pp. 267-280.

³⁵ Prevost, p. 171.

sionêre linkerkant na die posisie wat bekendstaan as die "Third Way".³⁶ Een skrywer beweer later: "In any case, the ANC has moved from its position on the revolutionary left and in many ways has even jettisoned the political stance of social democracy in favour of the more conservative Third Way position with other proponents like Bill Clinton, Bill Gates (Microsoft) and Tony Blair."³⁷

Die ANC het dus duidelik veral 'n ekonomiese beleid geïmplementeer radikaal anders as die sosialistiese programme wat in die vooruitsig gestel is in hul bekende Vryheidsmanifes (1955) en wat vir soveel jaar vertroetel is tydens die jarelange ballingskap en deur noue kontrak met die Sowjetblok.³⁸

Die draaipunt van die ANC in 1990 word in hulle dokumentasie duidelik verwoord. Daar was aanvanklik geen kompromis nie, "want die gewapende stryd sou triomfeer", maar op 8 Januarie 1990 verklaar hulle dat "tactical flexibility will be needed".³⁹ Kortom: die ANC het beweeg van samewerking tot konfrontasie tot onderhandeling of van 'n vryheidsbeweging tot 'n terroriste-organisasie tot 'n politieke party.

³⁶ J de Beus en T Koelble, *The Third Way diffusion of social democracy. Western Europe and South Africa compared*, beweer o.m.: "Third Way perspective distances itself from traditional social democracy and its projected long term commitment to socialism. There are different political currents with the Swedish Social Democrats the most progressive force within Third Way politics."

³⁷ Prevost, p. 172; K Johnson, "Liberal or liberation framework? The contradictions of the ANC rule in South Africa", *Journal of Contemporary African Studies* 22(2), Mei 2003, p. 321.

³⁸ N Lazarus, "The South African Ideology: The myth of exceptionalism, the idea of Renaissance", *South Atlantic Quarterly* 103(4), pp. 607-628; P Kingsworth, "Globalization made them do it. The once-radical ANC is now toeing the free-market line", *Social Policy* 33(3), pp. 39-41.

³⁹ Historical documents, www.anc.org.za, 7 Mei 2009.

4. POLITIEKE REGTE VAN SWARTES

Die eerste daadwerklike kontak tussen wit en swart was gedurende die laat agtiende eeu in die omgewing van die Groot Visrivier. Hierdie twee gemeenskappe het totaal verskillende wêreldes verteenwoordig wat sosio-ekonomiese en politieke ontwikkelingsvlakke betref. Swartes se opleiding en opvoeding was geensins op geletterdheid gebaseer nie. Hul politieke stelsel het tradisioneel berus op die beginsel van kapteinskaps-in-rade, terwyl die stam en die stamgebied in groter en kleiner administratiewe eenhede onderverdeel is. Die stam as geheel spits egter uit in 'n piramide, met die stamhoof aan die spits van die politieke organisasie, die regspleging, die weermag, die ekonomiese lewe en les bes, die religieuse lewe.⁴⁰

Politiese regte, meer spesifiek stemreg, was eintlik 'n kwessie sedert die eerste blankes in 1652 in Kaapstad geland het. Aanvanklik was dit beperk tot die blankes en 'n stryd het ontstaan tussen die vryburgers en die kompanjie oor seggenskap in die regering van die Kaap. Dit het onder meer gelei tot die stigting van die republieke van Graaff-Reinet en Swellendam. Met die Britse besetting het die regte van nie-wittes ook ter sprake gekom. Die strewe na vryheid en "om onder die Britse juk uit te kom" het tot die Groot Trek en die stigting van die twee Boererepublieke, dié van die Vrystaat en dié van Transvaal, gelei. Stemreg, die sogenaamde uitlanderkwessie, was onder meer die oorsaak van twee Anglo-Boereoorloë en die verlies van blanke soewereiniteit. Toe die vier Britse kolonies die Unie van Suid-Afrika vorm, is beperkte stemreg van anderskleuriges in die Kaapprovinsie en Natal behou, maar nie na ander provinsies uitgebrei nie. Sedertdien was die kwessie van stemreg

⁴⁰ *Official Yearbook*, 1988-1989, p. 171; Tomlinson-verslag (samevatting), April 1955 p. 4.

deurlopend op die Suid-Afrikaanse, maar ook die internasionale gemeenskap, se agenda.⁴¹

Gedurende die begin van die twintigste eeu was dit nog internasionaal die algemene opvatting dat swart mense net by uitsondering geregtig is om te stem. Vrouens het in daardie tyd geen politieke regte gehad nie. Hierdie siening het geleidelik begin verander reeds voor en veral na die Tweede Wêreldoorlog in 1945 momentum gekry toe aanvaar is dat alle mense, ongeag kleur, geslag of geloof, op stemreg geregtig is. Hieruit het gevolg die suksesvolle burgerregtebeweging in die VSA gedurende die vyftigerjare en die onafhanklikheidswording van talle Afrikastate in die laat vyftiger- en sestigerjare. Vir Suid-Afrika het dit 'n probleem geskep omdat die getalverhouding tussen wit en swart van so 'n aard was dat ongekwalifiseerde of 'n een-mens-een-stem stelsel die land onder 'n swart meerderheidsbewind sou plaas. Dit, tesame met die groot verskille, kultureel en andersins, en die blankes se strewe na die behoud van 'n eie identiteit, het hulle in Suid-Afrika na ander uitweë laat soek.⁴²

Soos vroeër aangetoon, is besluit op 'n beleid van apartheid, wat later weens die negatiewe konnotasie daarvan, afsonderlike ontwikkeling geword het. Die gedagte, namate die beleid ontplooi het, was om swart tuislande, wat mettertyd vir elke swart bevolkingsgroep beslag sou kry, te skep wat later tot soewereine, onafhanklike state sou ontwikkel. In daardie state sou swart mense hulle stemreg tot die hoogste vlak kon ontwikkel en uitoefen sonder dat dit die gevaar van swart oorheersing in die oorblywende (blanke) deel van Suid-Afrika sou skep. Hierdie state sou die gebiede wees waar die onderskeie swart volke histories en tradisioneel gewoon het. Deur die jare het vier state, die sogenaamde TBVC-state

⁴¹ S van der Merwe, *En wat van die swartmense?*; NP Federale Inligtingsdiens, 1985, pp. 1-2.

⁴² *NP Standpuntstelling 1: Magsdeling en verwante begrippe*, NP Federale Inligtingsdiens, Julie 1986, p. 4.

(Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei), volle onafhanklikheid aanvaar, terwyl ses state selfregerende gebiede met 'n groot mate van interne outonomie bereik het. Hierdie state was: KwaZulu, Lebowa, Kangwane, KwaNdebele, Gazankulu en Qwa-Qwa. Ten spyte van baie energie, arbeid en geld wat opeenvolgende NP-regerings aan die uitvoering van die ideaal bestee het, het dit nie die sukses meegebring waarop gehoop is nie. Gedurende die vroeë tagtigerjare is ook besluit dat die meerderheid swart mense wat in die sogenaamde "blanke" gebied woonagtig was, nooit na hulle tuislande sou terugkeer nie en gevolglik as permanente inwoners van Suid-Afrika beskou moes word. Dit het ook beteken dat hulle daarop geregtig sou wees om hulle stemreg uit te oefen in die gebied waar hulle woon, hoewel hulle in daardie stadium nie in parlementêre verkiesings kon stem nie.⁴³

Dit het gaandeweg duideliker geword dat die NP se Twaalfpuntplan wat in 1979 deur al die partykongresse goedgekeur en aanvaar is en die basis vir die 1981-verkiesingsmanifest gevorm het, nie kon werk vir die politieke regte van swartes nie. Daarin is byvoorbeeld voorsien: "Die daarstelling van konstitusionele strukture wat voorsiening maak vir die volle onafhanklikheid van die onderskeie swart volkere in die RSA, sinvolle konsolidasie van swart state en gebiede, en die aanvaarding van 'n sosio-ekonomiese program gerig op die ontwikkeling van sodanige swart state en gebiede." In die toeligting is lig gewerp hierop: "Die ideale bestel sou een wees waarin elke volk hom sou kon regeer soos hy wil, verkieslik binne sy eie geografiese gebied. Die nedersettingspatroon van die swart volke maak dit grootliks moontlik om so 'n bestel vir hulle te verwesenlik", terwyl "ten opsigte van swart mense wat buite hulle nasionale state

⁴³ *Ibid.*, pp. 5-6.

woonagtig is, voortgesette politieke verbondenheid aan hulle nasionale state nagestreef word".⁴⁴

In 'n rigtinggewende beleidstoespraak tydens die opening van die parlement, het die Suid-Afrikaanse president, PW Botha, egter op 25 Januarie 1985 nadruklik verklaar dat die regering die permanensie van die groot getal swart mense buite die TBVC- en selfregerende state aanvaar. Dit het besliste implikasies ten opsigte van burgerskap gehad en etlike maande daarna het die president aangekondig dat Suid-Afrikaanse burgerskap aanvaar moes word vir diegene wat dit vanweë die onafhanklikheid van die TBVC-state verloor het, dog permanent in Suid-Afrika woonagtig was. Die regering was ook bereid om die Suid-Afrikaanse burgerskap, in samewerking met die onderskeie regerings, van diegene wat binne die TBVC-state woon, te herstel op 'n grondslag dat hulle dan dubbele burgerskap sou hê. Botha sluit af: "Die belangrike besluite wat ek so pas aan u verduidelik het, is die resultaat van onder meer die ywer en begrip van vele swart leiers op talle terreine. So sal ons gesamentlik 'n toekoms bou, nie deur klippe te gooi en rooi vlae te swaai nie. So sal ons 'n geordende gemeenskap met 'n plek vir ons almal se kinders skep, (en) nie deur slagspreuke op buitelandse televisieskerms te bulder nie."⁴⁵

Hierdie besluit het uiteraard die gang van die geskiedenis verander, omdat dit nou vanself gespreek het dat alle inwoners van 'n onverdeelde Suid-Afrika op gelykwaardige burgerskap geregtig is - uiteraard met die gepaardgaande verantwoordelikhede en voorregte. Maar die tuislandbeleid is toe nog nie laat vaar nie en daar was nog nie sprake van verteenwoordiging vir swartes in die parlement nie.

⁴⁴ Manifes van die Nasionale Party, verkiesing 29 April 1981.

⁴⁵ Aucamp-versameling, verklaring deur die Staatspresident, 11 September 1985 en toespraak deur pres. PW Botha tydens die opening van die parlement, 25 Januarie 1985.

Tydens die openingsrede van die parlement waarna in die voorlaaste paragraaf verwys is, het pres. Botha ook aangebied om Nelson Mandela vry te laat, mits hy sou onderneem om van geweld af te sien. In sy antwoord, wat namens hom deur sy dogter, Zinzi, voor 'n juigende gehoor van swart ondersteuners oorgedra is, het Mandela die aanbod summier van die hand gewys.⁴⁶ Ander sake wat tydens die toespraak uitgewys is en in wetgewing vervat moes word, het benewens burgerskap, ingesluit: die uitbreiding van magte van die selfregerende state, die betrokkenheid van swart gemeenskappe, 'n eenvormige identiteitsdokument vir lede van alle bevolkingsgemeenskappe, die herstrukturering van die provinsiale stelsel en 'n verstedelingsbeleid.⁴⁷

In nog 'n belangrike toespraak voor die parlement op 17 April 1986 verwys PW Botha na verdere wetgewing op die hervormingsterrein wat in verskillende stadia was, maar nog voor die einde van die sitting afgehandel moes word:

- Die Kieswetsontwerp vir Plaaslike Owerheidsliggame;
- Die Wetsontwerp op Provinsiale Regering;
- Die Wetsontwerp op Selfregerende Gebiede;
- Die Wetsontwerp op Dorpsontwikkeling;
- Die Wysigingswetsontwerp op Swart Plaaslike Owerhede;
- Die Wysigingswetsontwerp op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe;
- Die Wetsontwerp op die Afskaffing van Instromingsbeheermaatreëls en
- Die Wysigingswetsontwerp op Staatkundige Ontwikkeling.⁴⁸

⁴⁶ FW de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 119; Mandela, pp. 509-511.

⁴⁷ *Skietgoed*, NP Federale Inligtingsdiens, 1/1986.

⁴⁸ *Ibid.*; Aucamp-versameling, toespraak van pres. PW Botha, 17 April 1986; *Hansard*, 17 April 1986.

Die Twaalfpuntplan, waarna vroeër verwys is, was die NP se program van aksie, want artikel 25 van die program van beginsels het bepaal dat "...ten tye van verkiesings ... stel die Nasionale Party sy Program van Aksie vas, gegrond op hierdie Program van Beginsels as sy politieke grondwet". Die program van beginsels is in wese onveranderd gelaat tot in die tagtigerjare, sedert dr. DF Malan in 1935 die oorspronklike beginsels wat met die stigting van die NP aanvaar is, herskryf het. Onder die opskrif "Karakter en doel" het paragraaf 2(b) bepaal: "Die Party staan vir die regverdige en gelyke behandeling van alle dele van Suid-Afrika, en vir die onpartydige handhawing van die regte en voorregte van elke deel van die bevolking."⁴⁹

Sedert bogenoemde formulering het NP-leiers toenemend besef dat die groepsgebaseerde filosofie nie vir swartes aanvaarbaar is nie en 'n formele beleidsverandering 'n voorvereiste vir sinvolle onderhandelings sou wees. Hierdie nuwe beleidsraamwerk sou die basis vorm van die NP se manifes tydens die 1987-verkiesing. Vir die NP was dit inderdaad 'n politieke-ingrypende tydperk. Teen 1988 is reeds meer as 100 apartheidswette afgeskaf - meestal dié waarmee apartheid vereenselwig was, soos gesegregeerde hotelle, vermaaklikheidsplekke en openbare geriewe; paswette; wette wat teen swartes in die werkplek gediskrimineer het; wette wat verhoed het dat swartes eiendom buite tuislande besit; wette wat die stigting van veelrassige politieke partye verbied en wette wat met gemengde sport ingemeng het.⁵⁰

Hoewel die verwydering van hierdie "klein apartheid" (in die buiteland bekend as "petty apartheid") deur die meerderheid van die NP-ondersteuners aanvaar is, was daar 'n gemor onder die sogenaamde regtervleuel in die party onder leiding van dr. Andries Treurnicht totdat hulle in

⁴⁹ Aucamp-versameling, konstitusie van die Nasionale Party van Suid-Afrika, 1980.

⁵⁰ De Klerk, pp. 128-129.

1982 as die Konserwatiewe Party (KP) weggebreek het. Sy voortgesette verzet teen hervorming het hom die bynaam "Doctor No" besorg. Daarna was daar 'n groot mate van eensgesindheid onder Nasionaliste dat die verwydering van "klein apartheid" nie hulle uiteindelijke selfbeskikkingsreg in die gedrang sou bring nie.

Hierbenewens is plaaslike bestuurstrukture vir alle Suid-Afrikaanse gemeenskappe gevestig en in 1986 is die eerste veelrassige provinsiale administrasies geskep. Die NP was op die tydstip bereid om onderhandelinge met swart Suid-Afrikaners aan te knoop oor die toekomstige grondwetlike strukture van die land. Teen 1988 was die vernaamste oorblywende apartheidsmatreëls die volgende: rasseklassifikasie, afsonderlike woonbuurte, skole en hospitale en die feit dat swartes nog nie volle stemreg gehad het nie.⁵¹ Hierdie demokratiese proses was egter in swang en onomkeerbaar.

⁵¹ *Ibid.*

HOOFSTUK 2

DIE NASIONALE PARTY – VOLKSBEWEGING EN HERVORMING

Die Afrikanervolk het na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in droefheid, verdrukking en dikwels wanhoop verkeer. Die twee Boererepublieke het hulle vryheid verloor en is deur Britse imperialisme finansieel geruïneer. Die burgers het in ellende verkeer en verontreg gevoel. Hierdie oorlog het die Afrikaners soos 'n weerligstraal geruk en hulle wreed, maar kragtig, daarvan bewus gemaak dat daar iets in die volksbestaan is om voort te veg. Die Afrikaners sou in 1914 en daarna in die Nasionale Party (NP) sy stukrag kry om voort te gaan. In die party sou 'n nasionale volksbeweging en beweging na hervorming geleidelik sy beslag kry, wat ook in die periode 1984 tot 1994 sou kulmineer. Vervolgens enkele gedagtes hieroor, met die klem op die rol van die NP-jeug, die rol van godsdienste, die Afrikaner-Broederbond (AB), Afrikanersakelui, referendums, asook die akkommodasie van bruin, swart en Indiër-mense.

1. DIE JEUG TREE STERK NA VORE

As 'n volksbeweging het die Nasionale Party deurentyd kon staatmaak op die ondersteuning van die Afrikanerjeug (en spesifiek studente), -kerke, -kultuurorganisasies en -akademici. Namate die omstandighede in die land verander het, en realiteite getoon het dat beleidsaanpassings gemaak moes word, het hierdie ondersteuningsbasisse van die party nie as remskoene tot verandering gedien nie, maar dikwels die weg vir hervorming voorberei.

Afrikaanssprekende Suid-Afrikaanse studente, oor die algemeen tradisionele ondersteuners van die Nasionale Party, sou veral sedert die sewentigerjare en selfs voor die 1976-onluste, begin om uit te reik na die swart jeug. Dit was 'n klemverskuiwing in gesindheid tussen wit en swart studente in Suid-Afrika. Onder die opskrif "UV beweeg uitwaarts" is in 1973 verslag gedoen oor 'n besoek van studente van die Universiteit van Zoeloeland aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat op uitnodiging van die studenteraad, want "om sake van gemeenskaplike belang te bespreek, is onontbeerlik om probleme uit die weg te ruim".¹

Tydens 'n studenteraads- en bestuurskamp van die Afrikaanse Studentebond (ASB) wat deur die Randse Afrikaanse Universiteit as 'n nasionale projek van die ASB van 23 tot 25 Mei 1974 by Warmbad (Bela Bela) gereël is, het dr. Piet Koornhof, die destydse minister van immigrasie, sport en ontspanning, onder meer gesê: "In die toekomsplan wat ons vir Suid-Afrika uitwerk, moet geregtigheid die basiese grondslag wees." Die tema van die kamp was "Suid-Afrika in die jaar 2000 op politiek-staatkundige en sosio-ekonomiese terrein". Afrikaanse studente het besef dat Suid-Afrika slegs op alle terreine kon slaag en sukses behaal as geregtigheid teenoor almal geskied. JA Rabie, destydse leier van die Federale Kleurling Volksparty en lid van die Verteenwoordigende Kleurlingraad asook latere kleurryke lid en minister van die Nasionale Party, het sy belewenis as lid van die Erika Theron-kommissie² met studente gedeel. Hy het aangrypend vertel hoe kleurlingkinders "O Boereplaas" sing dat prof. Erika Theron tranes in haar oë kry en hoedat

¹ *Irawa*, 19 Oktober 1973, p. 1; Vergelyk ook Leon Wessels, *Vereeniging. Die onvoltooide vrede*, pp. 113-116.

² Op 23 Maart 1973 het die staatspresident 'n kommissie aangestel om ondersoek in te stel en verslag te doen oor die kleurlingbevolkingsgroep. Die kommissie het sy verslag op 9 April 1976 bekend gemaak.

aan sy broer 'n "wit" persoonskaart (identiteitsdokument) uitgereik is. "Wat anders as net my velkleur maak my anders?", het hy tereg gevra.³

Dr. Leon Wessels, voormalige ASB-president en oud-NP-kabinetslid onthou in sy outobiografie hoe die ASB in 1973 tydens 'n kongres op Stellenbosch besin het oor die posisie van die stedelike swartes en oortuig was dat die toestroming van swart mense nie gekeer kon word nie en besef het dat hulle politieke toekoms saam met en nie vir hulle uitgewerk moet word nie.⁴

'n Ander jeugorganisasie wat die NP op kultuurterrein baie verstewig het en tot met die stigting van die Konserwatiewe Party (KP) in 1982 "een van hart en een van sin" met die NP was, was die koverte jeugorganisasie, die Ruiterswag (RW), wat tereg die Jong Broederorde genoem is. Hierdie organisasie "wat die vrugte van die sterk nasionale oplewing sou (help) konsolideer", is in 1956 deur die Afrikaner Broederbond (AB) as beheerde junior affiliaat gestig.⁵

Teen 1987 het Suid-Afrika ongekende vlakke van geweld en misdaad beleef en die land was in 'n noodtoestand. Die RW het besef dat as daar nie 'n staatkundige oplossing kom nie, daar uiteindelik niks van die land sou oorbly nie en hulle het begin voorberei op 'n paradigmaskuif. Die RW en die AB het saam 'n teenrewolusionêre strategie geloods wat daarop gemik was om weg te beweeg van 'n militêre benadering na 'n onderhandelnde benadering.⁶

³ *Irawa*, 7 Junie 1974, p. 1; Persoonlike aantekeninge van die outeur, 23 tot 25 Mei 1974.

⁴ Wessels, p. 115.

⁵ C Payze, *Die Ruiterswag: Jong broederorde*, pp. 21-30.

⁶ *Ibid.*, p. 155.

Die leierskap van Afrikaanse universiteite en baie kolleges het vir etlike jare lank hoofsaaklik uit lede van die RW bestaan en van die presidente van die organisasie het later en ook vanaf 1984 tot 1994, prominente posisies in die Suid-Afrikaanse politiek bekleed. Hierdie gesindheid in die RW en AB sou ook in dié tyd deursyfer na die Nasionale Party, aangesien albei eintlik frontorganisasies van die party was.

2. DIE AFRIKANER BROEDERBOND (AB)

Die Afrikaner Broederbond (AB) is in 1918 gestig en was die senior organisasie wat Afrikanerbelange bevorder het. Hierdie organisasie was tot in 1993 uiters geheim en slegs vir blanke Protestantse Afrikanermans, waarna dit "oopgestel" is, nie meer 'n geheime organisasie was nie en die naam verander is na die Afrikanerbond.

Die AB was oor die jare en gedurende die Nasionale Party (NP) se laaste dekade as regerende party, besonder invloedryk en sy *bona fides* is dikwels verdag gemaak deur diegene wat óf jaloers was omdat hulle nie lede was nie óf geglo het dat hulle benadeel is deur 'n lid wat nie op meriete in 'n pos aangestel is of in 'n posisie verkies is nie. Daar was 'n tyd toe baie NP-politieke funksionariese ook lede van die AB was - en uiteraard die meeste lede van die kabinet. Dis egter 'n mite dat die AB aan die kabinet voorgeskryf het. Sedert die stigting van die Konserwatiewe Party (1982) het die NP teweens al verder beweeg van die AB af en die openheid wat daar altyd was, het skade gely, omdat daar aanvanklik heelwat regsies in die AB oorgebly het. Sommige ministers, wat lede was, het nie 'n enkele AB-vergadering tydens 'n parlamentsitting bygewoon nie.⁷ Dit neem egter niks weg van die feit dat die AB, wat hervorming

⁷ Die navorser was sekretaris van 'n groep AB-parlamentslede wat tydens sittings vergader het en minstens drie kabinetsministers ingesluit het.

betref, steeds op die voorpunt van nuwe inisiatiewe van die party was nie. Die AB was dus nie 'n organisasie wat daarvan beskuldig kan word dat hy aan apartheid bly vaskleef het nie.⁸ Dit word aanvaar dat dr. Gerrit Viljoen wat dr. AP (Andries) Treurnicht in 1974 opgevolg het as voorsitter van die AB, se denke rigtinggewend vir die organisasie was juis in die tyd toe Afrikaners ernstig begin worstel het met staatkundige sake. Dr. Viljoen het vanaf 1989 die portefeulje staatkundige ontwikkeling in die De Klerk-kabinet beklee.

Paragraaf 3.2 van die eerste dokument lui: "n Christelike toets vir regering is sekerlik daarin geleë dat 'n regering in die algemene belang van al sy onderdane regeer. Hy mag nie sommige bevoordeel ten koste van ander nie. Hy moet in gelyke mate billik en regverdig oor al sy onderdane regeer. Daarby moet die grondwet op sigself aan die eis van geregtigheid voldoen."

Par. 3.3 bevestig: "Verder is die uitsluiting van effektiewe swart deelname aan die staatkundige prosesse tot op die hoogste vlak 'n bedreiging vir die blanke voortbestaan, wat nie met die behoud van die *status quo* of 'n verdere konsolidering van mag in blanke hande afgeweer kan word nie."

Par. 3.4 lui: "Dit is dus nodig dat alle burgers van die staat effektief moet kan deelneem aan die wetgewende proses sowel as die proses waardeur die regering aan die bewind gestel word..."⁹

Die AB het vanaf ongeveer 1975 'n aktiewe betrokkenheid by die denke oor staatkundige ontwikkeling gehandhaaf. Prof. Pieter de Lange, voormalige Uitvoerende Raadsvoorsitter van die AB, het na pres. FW de Klerk

⁸ JM (Inus) Aucamp-versameling (hierna verwys as Aucamp-versameling), onderhoud met Jan Bosman, 23 Maart 2009.

⁹ *Ibid.*, AB-studiestuk, Junie 1986.

se 2 Februarie 1990-toespraak opgemerk dat die AB se standpunte die voorafgaande tien jaar op die noodsaaklikheid gedui het "dat 'n algemeen aanvaarbare nuwe staatkundige bedeling deur onderhandeling bereik moet word". Soos met die 1983-referendum het die AB ook in die 1992-referendum sy lede aanbeveel om 'n "ja"-stem uit te bring.¹⁰

Daar moet dus klem geplaas word op die feit dat die proses van vernuwende denke spesifiek tussen 1984 en 1994 aan die orde van die dag was binne die AB en dat die denke van laasgenoemde en die NP nou verweef was.

3. DIE ROL VAN GODSDIENS

Godsdiens was nog altyd vir die Afrikaner en daarom vir die Nasionale Party baie belangrik. Dit is tewens hoekom die party tot en met sy ontbinding verklaar het sy "beleid is die uitdrukking van 'n omvattende stel kernwaardes binne die raamwerk van Christelike norme en standaarde..."¹¹ Die laaste grondwet vir Suid-Afrika wat die party alleen opgestel het, se aanhef het gelui: "In nederige erkentlikheid teenoor die Almagtige God, Beskikker oor die lotgevalle van volkere en nasies ... verklaar ons dat ons bewus is van ons verantwoordelikheid voor God en die mensdom ... om die volgende nasionale doelwitte na te streef: Om Christelike waardes en beskaafde norme te handhaaf..."¹²

Die drie Afrikaanse susterskerke het deurentyd hulle steun aan apartheid gegee en hierdie steun was noodsaaklik vir die NP se ideologiese onderbou en die prinsipiële regverdiging van apartheid. Deur die dekades heen is vas geglo dat die Bybelse naasteliefdebeginsel, naamlik dat jy jou

¹⁰ ELP Stals, *Die geskiedenis van die Afrikaner Broederbond, 1918-1994*, pp. 639-667.

¹¹ Aucamp-versameling, *Nasionale Party Visie*, 1996.

¹² Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 110 van 1983), p. 2.

naaste moet liefhê soos jouself, ten grondslag van die NP-beleid lê. Want, so is geargumenteer, jy moet eers jouself liefhê om te weet hoe jy jou naaste moet liefhê.¹³

Uit meningsopnames gedurende die vroeë sewentigerjare onder Afrikaners het dit byvoorbeeld geblyk dat Afrikaners die sterkste gevoel het oor die handhawing van openbare orde en veiligheid en 'n regeringsbeleid wat ooreenstem met mense se morele en godsdienstige beginsels.¹⁴

Namate die apartheidsideologie al meer onder druk gekom het, veral vanaf die middel-sewentigerjare, het die kerk se steun vir apartheid ook begin verkrummel. Tewens, die apartheidsideologie sou sy houvas op die meeste Afrikaners behou het as die kerke dit teologies bly regverdig het. Die NG Kerk is in 1982 in Ottawa deur die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK) geskors en 'n *status confessionis* is geformuleer, waarin verklaar is dat apartheid 'n sonde is en die teologiese regverdiging daarvan 'n kettery. Daarbenewens het die NG Sendingkerk (die bruin NG Kerk) in 1982 besluit om die staat van belydenis te onderskryf.¹⁵

Tydens die sinodes van 1986 en 1990 het die NG Kerk finaal van apartheid afstand gedoen. Dit is veral die 1986 Algemene Sinode in Kaapstad wat 'n historiese draaipunt was met die aanvaarding van 'n beleidstuk "Kerk en samelewing". Hierdie sinode het in Oktober 1990 in Bloemfontein 'n hersiene weergawe van die beleidsdokument aanvaar. Prof. Johan Heyns, die moderator van die sinode in 1986, het beklemtoon dat die sinode nie 'n politieke definisie van apartheid gegee het toe hy hom oor apartheid en skuldbelydenis uitgespreek het nie. Hy het hom slegs uitge-

¹³ JJ van Rooyen, *Altyd nuut*, p.8; Wessels, p. 81.

¹⁴ H Giliomee, *Die Afrikaners*, p. 574.

¹⁵ *Ibid.*, p. 575.

spreek teen 'n beleid wat tot rassisme of diskriminasie kon lei, waardeur mense uitgebuit word en verklaar dat daardie negatiewe apartheid nie verdedig kon word nie.¹⁶

Die NG Kerk se besluit oor apartheid is met slegs enkele teenstemme aangeneem. Sinodegangers van alle oortuigings kon die bewoording aanvaar, vandaar die besluit:

- Paragraaf 319: “Namate die besinning van die NG Kerk oor die prinsipiële en skriftuurlike begroning van die beleid van apartheid oor die jare heen in die kerklike tydskrifte, konferensies, kommissies en sinodes voortgegaan het, het die oortuiging mettertyd gegroei dat gedwonge afsonderlikheid en skeiding van volke nie as 'n voorskrif uit die Bybel afgelees kan word nie. Die poging om so 'n voorskrif uit die Bybel te regverdig, moet as fout erken en afgewys word.”
- Paragraaf 320: “Die NG Kerk is oortuig dat die hantering van apartheid as 'n politieke en maatskaplike sisteem wat mense veronreg en een groep onregmatig bo 'n ander bevoordeel, nie op Christelik-etiese gronde aanvaar kan word nie, omdat dit in stryd is met die beginsels van naasteliefde en geregtigheid en onafwendbaar die menswaardigheid van almal wat daarby betrokke is, aantast.”
- Paragraaf 321: “Die lyding van mense, waarvoor die Kerk deernis het, moet egter nie net aan apartheid toegeskryf word nie, maar aan 'n verskeidenheid faktore van ekonomiese, maatskaplike en politieke werklikhede waarin mense van verskillende gemeenskappe mekaar

¹⁶ *Die Volksblad*, 24 Oktober 1986, p. 9, en 3 November 1986, p. 9 en 16 Oktober 1986, p. 9 en 18 Oktober 1990, p. 1; *Rapport*, 28 Oktober 1990, p. 34; NG Kerk Algemene Sinode, Kerk en samelewing, Oktober 1986; Argief vir Eietydse Aangeleenthede (hierna verwys as AREA), L Wessels-versameling; koerantknipsels oor prof. Heyns se standpunte.

nie aanvaar het nie. In soverre die Kerk en sy lidmate hier aandeel het, bely hy dit met ootmoed en berou.”

- Paragraaf 322: “Die leierskap verklaar homself bereid om in die gees van Christus mee te werk aan die soeke na 'n oplossing vir die Suid-Afrikaanse samelewing waardeur vir elke gemeenskap die hoogs moontlike lewensgeluk bereik kan word.”¹⁷

Prof. Johan Heyns het 'n verdere belangrike taak van die kerk uitgelig toe hy in 1989 in Stellenbosch saam met dr. Beyers Naude en prof. Carel Boshoff aan 'n debat oor die roeping van die kerk in 'n nuwe Suid-Afrika gepraat het. Hy het onder meer gesê die kerk moet 'n nuwe Suid-Afrika voorberei deur die skepping van nuwe gesindhede omdat die *status quo* nie kan voortbestaan nie.¹⁸

Sowel prof. Tjaart van der Walt, uit die geledere van die Gereformeerde Kerk, as dr. FP Moller, president van die Apostoliese Geloofsending (AGS), het die NG Kerk se besluite onvoorwaardelik verwelkom. Moller het tewens beklemtoon dat die AGS ook op sy sinode in April besluit het dat apartheid nie 'n beginsel vir die Koninkryk van God is nie. Die uitsondering was die Hervormde Kerk wat 'n bepaling (tot 2009) in sy kerkorde gehad het wat bepaal dat net blankes lidmate mag wees en wie se leier, prof. Bart Oberholzer, hom nie oor die saak wou uitlaat nie. Selfs ds. Sakkie Mentor, assessor van die NG Sendingkerk, was optimisties oor wat tydens die NG Kerk se 1986-sinode gebeur het en het onder meer gesê: "Ek beskou dit as 'n belowende sinode waarop belowende besluite

¹⁷ Rapport, 26 Oktober 1986, p. 4; NG Kerk Algemene Sinode, Kerk en samelewing, 1986.

¹⁸ Die Burger, 28 Februarie 1989, p. 4.

geneem is, spesifiek oor oop lidmaatskap en oop legitimasie" omdat die sinode ook besluit het dat die kerk oop is vir almal ongeag hulle kleur.¹⁹

In November 1990 is 'n ekumeniese konferensie gehou om nasionale versoening te bespreek, wat deur verteenwoordigers van verskeie Christelike kerke bygewoon is. Daar het prof. Willie Jonker van Stellenbosch namens homself en namens die NG Kerk verantwoordelikheid aanvaar vir die lyding en onreg gedurende apartheid.²⁰

Hiermee het een van die belangrikste ideologiese pilare van apartheid verdwyn. Dit sou die NP ook noop om anders oor sake te dink. Die konserwatiewe Afrikaners was egter hewig ontsteld. Sestig predikante en 30 000 lidmate het reeds in 1987 van die NG Kerk weggebreek en die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) gestig. Gedurende die negentigerjare het nog 70 000 lidmate by die APK aangesluit.²¹

Uiteraard was hierdie verwickelinge traumaties vir die Afrikaners, wat sedert die Nasionale Party se stigting in 1914, geen noemenswaardige skeurings op kerklike vlak beleef het nie. Die tradisie dat Afrikaners lidmate van 'n susterskerk is en vir die NP stem, het met die KP-stigting in 1982 en die APK se stigting in 1987 'n gevoelige slag gekry. Tewens, die vraag kan tereg gevra word of groter eensgesindheid onder Afrikaners tussen 1984 en 1994 nie hulle posisie en minderheidsregte in die finale grondwet van 1996 beter sou verskans nie. Met die voordeel van terugkyk, is die antwoord hierop 'n besliste ja. Dit het inderdaad die NP se posisie verswak.

¹⁹ *Rapport*, 26 Oktober 1986, p. 4.

²⁰ Giliomee, p. 621.

²¹ *Ibid.*, p. 576; *The Citizen*, 29 Junie 1987, p.6.

4. AFRIKANERSAKELUI GEE HERVORMING 'N HUPSTOOT

Nog 'n kategorie Suid-Afrikaners wat hervorming en gesprek met die ANC 'n hupstoot gegee het, was wit Afrikaanssprekende sakelui. Daar het in die tagtigerjare 'n siening by die ANC-leierskap posgevat dat hulle eerder met Afrikaners wil gesprek voer en bande smee as met liberale Engels-sprekendes.²²

Die hoofrede vir hierdie siening van die ANC was waarskynlik die wete dat sakelui toegang tot politieke leiers gehad het en hulle dus kon beïnvloed – iets wat inderdaad gebeur het. Binne sekere NP-kringe is ook geglo dat Afrikaners en swart mense mekaar beter verstaan omdat hulle geskiedenis deur eeue so ineengevleg was en beide geweet het wat armoede, swaarkry en onderdrukking beteken. Moontlik was die gevoel wedersyds.

Prof. Willie Breytenbach was tot in 1985 vier jaar lank in die staatsdepartement van staatkundige beplanning as sekretaris van min. Chris Heunis se spesiale kabinetskomitee verbonde en het daarna ook dikwels oorsese gesprekke met die ANC meegemaak. Hy het later geskryf hoe die Russe ook teenwoordig was by 'n gesprek tussen die ANC en binnelanders in Oktober 1988 in Leverkusen in Duitsland en hoe daar iets vreemds in die lug was: “Die Russe het van vrede begin praat en was amper meer in die Afrikaners as in die ANC geïnteresseerd”. Dit was toe reeds duidelik dat hulle “glasnost”, vrede en samewerking en nie meer konflik en geweld voorgestaan het nie.²³

Prof. Willie Esterhuysen, wat terloops 'n goeie verhouding met Thabo Mbeki ontwikkel het, vertel hoedat akademici en sakelui in die geheim met Mbeki

²² Beeld, 4 Junie 2009, p. 8.

²³ Méér as “bruikbare idiote”, www.volksblad.com - 30 Januarie 2010.

en Jacob Zuma²⁴ samesprekings gevoer het en hoe daar probeer is om ook prof. Johan Heyns, moderator van die NG Kerk, en prof. Pieter de Lange, voorsitter van die Afrikaner Broederbond (AB), so vroeg as Junie 1987 hierby te betrek. Uiteindelik het Esterhuuse, proff. Sampie Terre'blanche, Marinus Wiechers en Willie Breytenbach in Desember 1987 Londen toe gevlieg vir die eerste van 'n reeks gesprekke met die ANC. Dr. Niel Barnard, voormalige hoof van nasionale intelligensie, het 'n deurslaggewende rol gespeel en was die heeldyd op die hoogte van sake, met die medewete van pres. PW Botha.²⁵

Die gespreksgroep is later uitgebrei om Marinus Daling, voorsitter van Sanlam, Attie du Plessis, direkteur van Sanlam, Mof Terre'Blanche, 'n makelaar en broer van Sampie, Willem Pretorius, hoof van Metropolitan en Gert Marais van *Finansies en Tegniek* te betrek.²⁶

Volgens Esterhuuse het sakelui "die finansiële spierkrag gehad om die skakels wat vasgedraai het, weer los te maak". Hulle het ook besef dat Mbeki teen daardie tyd geweet het dat sosialisme nie kon werk nie en dat die destydse ANC-leier, Oliver Tambo, ook nie sosialisme aangehang het nie. Toe die onderhandelinge tydens die Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika (KODESA) in 1992 ontspoor het, was dit weer die groep sakelui wat die ANC ontmoet het en gehelp het om die gesprek op dreef te kry, hoewel die politici nie daarmee gediend was om die sakelui direk by die onderhandelinge te betrek nie.²⁷

²⁴ Mbeki was destyds lid van die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee (NUK) en direkteur van die departement van inligting en publisiteit, terwyl Zuma die ANC se intelligensiehoof was. Beide was in ballingskap en het latere presidente van sowel die ANC as die land geword.

²⁵ *Volksblad*, 4 Junie 2009, p. 16; J van der Merwe, *Trou tot die dood toe*, p. 130.

²⁶ *Volksblad*, 4 Junie 2009, p. 16.

²⁷ *Ibid.*

Die implikasie van hierdie gesprekke met die ANC het beslis die weg voorberei vir die formele onderhandelinge wat na 2 Februarie 1990 'n aanvang geneem het. Pres. Botha was deurlopend op hoogte van die gesprekke deurdat lede van Nasionale Intelligensie (NI) soos Niel Barnard (hoof) en Mike Louw ook deur Esterhuysen in kontak met die ANC gebring is. Soveel so dat Botha, volgens Barnard, teen laat 1987 'n viermanspan saamgestel het om gesprekke met Mandela en onderhandelinge met die ANC te bestuur.²⁸

In 'n bylae om 20 jaar van Mandela se vrylating te gedenk, sê dr. Frederik Van Zyl Slabbert "Barnard (Niel) credits Botha as one of the people who were key in creating the environment that led to De Klerk making that speech (2 February)". Slabbert vervolg dat Botha geweet het dat geweld nie die oplossing was nie, want as jy met hom eenkant gesels het, het jy besef dat hy geweet het dat geweld nie sou werk nie.²⁹

Sake wat volgens Willie Breytenbach wisselend tussen die ANC en die binnelanders en sakelui bespreek is, was die vrylating van Mandela, die ekonomie, die opskorting van die ANC se geweldstrategie, die NP se onderhandelingsstrategie, asook wit vrese, soos die verlies van kultuur en identiteit.³⁰ Hierdie gesprekke was baie belangrik in die skep van die kontoere vir 'n post 1994-ekonomiese stelsel, aangesien die ANC nie meer die Oosblokstelsels as ekonomiese rolmodel beskou het nie, maar wel die Sweedse model.³¹

²⁸ *The Star*, The long walk, bylae 11 Februarie 2010. p. 5.

²⁹ *Ibid.*, p. 6; F van Zyl Slabbert, *Duskant die geskiedenis*, pp. 36-37; Vergelyk ook pres. Zuma se toespraak in die parlement, 16 Februarie 2010.

³⁰ www.volksblad.com – 30 Januarie 2010.

³¹ *Ibid.*

5. REFERENDUMS BEPAAL DIE NP-KOERS

Blanke stemgeregtigde Suid-Afrikaners het tydens drie koersbepalende referendums gedurende die twintigste eeu hulle deur realistiese idealisme laat lei. Op 5 Oktober 1960 is 'n referendum gehou waar kiesers hulle ten gunste van of teen 'n republiek moes uitspreek. Die ja-stemme was 850 458 en die nee-stemme 775 878. "Na 'n taai en volhardende stryd oor lang jare heen, breek 'n nuwe tydvak nou aan", het *Skietgoed* van die Nasionale Party die emosie verwoord. Op 31 Mei 1961 het die Republiek van Suid-Afrika tot stand gekom toe die unie in 'n republiek omskep is en dit oral in die land luisterryk gevier is.³²

Drie en twintig jaar later, op 2 November 1983, moes blanke kiesers vir die tweede maal die eeu 'n referendum hou. Die vraag: "Is u ten gunste van die inwerkingstelling van die Grondwet van 1983, soos deur die Parlement goedgekeur?", moes met 'n "ja" of "nee" beantwoord word. Die ja-stemme was 1 360 223 of 66,30% van die uitgebragte stemme, terwyl die nee-stemme 691 577 of 33,70% was, met 10 669 of 0,52% bedorwe stembriewe.³³ Daardeur het die Driekamerparlement in 1984 tot stand gekom.

Op 17 Maart 1992, nege jaar verder, moes kiesers weereens "ja" of "nee" stem op die vraag: "Ondersteun u die voortsetting van die hervormingsproses wat die Staatspresident op 2 Februarie 1990 begin het en wat gerig is op 'n nuwe grondwet deur onderhandeling?" Hierdie keer was die ja-stemme 1 924 186 of 68,70% en die nee-stemme 875 619 of 31,30%, terwyl daar 5 142 of 0,20% bedorwe stembriewe was. Net in een van die 15 referendumstreke, naamlik Pietersburg, het die nee-stemme (57%) die

³² MPA Malan, *Die Nasionale Party van Suid-Afrika*, pp. 287 en 294.

³³ Aucamp-versameling, referendum 17 Maart 1992, Grafiese en kartografiese profiel van die referendum, Kantoor van die Staatspresident.

meerderheid gevorm, soos ook in die geval tydens die 1983-referendum was toe die nee-stemme daar 52,58% van die totaal uitgemaak het.³⁴ Noord-Transvaal, met kiesafdelings soos Soutpansberg, Waterberg, Pietersburg en Potgietersrus, was deur die jare regse kiesafdelings en sedert 1987 almal deur die KP verteenwoordig.

Die volledige referendum-uitslag vir 1983 en 1992 word hieronder tabelgewys weergegee.³⁵

REFERENDUM- STREKE	1983		1992	
	JA	NEE	JA	NEE
OOS-LONDEN	77,91%	22,09%	78,30%	21,70%
KAAPSTAD	75,61%	24,39%	84,80%	15,10%
BEAUFORT-WES	74,42%	25,58%	61,60%	38,40%
DURBAN	73,58%	26,42%	85,00%	15,00%
GEORGE	73,23%	26,77%	65,40%	34,80%
PIETERMARITZBURG	71,60%	28,40%	76,00%	24,00%
PORT ELIZABETH	70,10%	29,90%	74,50%	25,50%
JOHANNESBURG	69,44%	30,56%	78,30%	21,70%
KIMBERLEY	66,05%	33,95%	54,50%	45,50%
BLOEMFONTEIN	65,90%	34,10%	58,60%	41,40%
GERMISTON	65,35%	34,65%	65,40%	34,60%
KROONSTAD	63,20%	36,80%	51,50%	48,50%
PRETORIA	57,12%	42,88%	57,40%	42,60%
ROODEPOORT	56,75%	43,25%	52,40%	47,60%
PIETERSBURG	47,42%	52,58%	43,00%	57,00%
SUID-AFRIKA	66,30%	33,70%	68,70%	31,30%

³⁴ *Ibid.*

³⁵ *Ibid.*

Wat hier opval, is dat die blanke kiesers elke keer tydens 'n lotsbepalende referendum die NP vertrou het en oorweldigend ten gunste van dié party se oproep gestem het. Redes hiervoor was moontlik dat die NP se propaganda oorweldigend en hulle oordeel volgens die kiesers reg was. 'n Ander rede vir die vertroue in die NP was ook moontlik die swak opposisie wat nie 'n doeltreffende alternatief op die tafel geplaas het nie.

6. DIE AKKOMMODASIE VAN BRUIN, SWART EN INDIËR-MENSE IN SUID-AFRIKA – 'N NUWE BEDELING

Daar is waarskynlik nie 'n land ter wêreld waar demokratiese hervorming so snel soos in Suid-Afrika plaasgevind het nie – binne die bestek van nagenoeg tien jaar vanaf 1983 tot 1993. Daar is algemeen binne die NP aanvaar dat daar 'n ander staatkundige bedeling vir swart mense as vir kleurlinge en Indiërs moes wees, omdat dit duidelik was dat nóg die kleurlinge nóg die Indiërs oor nasionale state of sogenaamde tuislande beskik het waarbinne hulle politieke regte kon verkry. Hulle was dus deel en het deel gebly van die breë Suid-Afrikaanse nasie wat die grondgebied met die blankes gedeel het. Dit het uiteraard vir 'n nuwe en unieke benadering gevra.

In die begin van die sewentigerjare is reeds besef dat nog nie daarin geslaag is om 'n bevredigende reëling ten opsigte van die Indiërs en kleurlinge te tref nie. Derhalwe is die Erika Theron-kommissie op 23 Maart 1973 deur die staatspresident aangestel. Hul opdrag was om ondersoek in te stel na, oorweging te skenk aan en verslag te doen oor die vordering van die kleurlingbevolkingsgroep sedert 1960 op sosio-ekonomiese en staatkundige gebied, asook ten opsigte van plaaslike bestuur, sport en kultuur.

Stremmende faktore op bogenoemde terreine moes as knelpunte geïdentifiseer word, terwyl enige verdere verwante sake binne die bestek van die aangewese ondersoekterrein vir ondersoek uitgelig moes word. Aanbevelings moes gedoen word oor hoe ontwikkeling van die kleurling-bevolkingsgroep op die aangewese terreine verder bevorder kon word."³⁶

Die Theron-kommissie het op 9 April 1976 hulle verslag ter tafel gelê en hulle gevolgtrekking was onder meer dat "die Westminister-regeringstelsel moet verander word". Hierdie aanbeveling is in Junie 1976 deur die regering aanvaar toe 'n kabinetskomitee onder voorsitterskap van PW Botha (NP-leier van Kaapland) aangestel is om uitvoering aan die aanbevelings te gee. Hierdie komitee het die sogenaamde 1977-voorstelle voorgelê wat onder meer die volgende ingesluit het: Die daarstel van 'n uitvoerende staatspresident verkies deur 'n kieskollege van blankes, kleurlinge en Indiërs; 'n Raad van Kabinette bestaande uit blankes, kleurlinge en Indiërs; daar moes een finale regeringsgesag wees; daar is voorsiening gemaak vir 'n verkose presidentsraad van al drie bevolkings-groepe; aktiewe bevordering van die beginsel van oorlegpleging en besluitneming op alle regeringsvlakke oor sake van gemeenskaplike belang; asook die verdeling van mag, waar moontlik.³⁷

Die vier provinsiale kongresse van die Nasionale Party het in 1977 die voorstelle goedgekeur en die groen lig is ook verkry tydens die algemene verkiesing van 30 November 1977. Weens verskeie redes is daar egter nie vordering gemaak met die voorstelle nie. Toe die grondwetvoorstelle van 1983, wat in wese weinig van die 1977-voorstelle afgewyk het, goedgekeur is, is geargumenteer dat dit nie deur die kleurlinge en Indiërs

³⁶ Aucamp-versameling, Inligtingsdiens van die NP. Skietgoed 13/82, 13 Mei 1982.

³⁷ *Ibid.*, toespraak eerste minister PW Botha, NP Federale Kongres, Bloemfontein, 30 Julie 1982; AREA, PW Botha-versameling, PS 5/5/1.

aanvaar is nie, omdat hulle nie genoeg gekonsulteer is en mede-onderhandel het nie.

Daarna het 'n gesamentlike parlementêre komitee - die Schlebusch-kommissie (gelei deur Alwyn Schlebusch, Vrystaatse NP-leier) tot stand gekom en veral vier belangrike bevindinge is gemaak:

- dat die Westminister-regeringsvorm en die een-mens-een-stem-stelsel nie 'n oplossing vir die RSA se probleme bied nie;
- dat ander bevolkingsgroepe geraadpleeg moes word oor 'n veranderde stelsel;
- dat 'n benoemde Presidentsraad bestaande uit blankes, kleurlinge en Indiërs, verder ondersoek moes doen, navors en advies verleen; en
- dat die senaat afgeskaf moes word.³⁸

Hierdie voorstelle is vervat in die NP se verkiesingsmanifes vir die verkiesing wat op 29 April 1981 plaasgevind het toe die NP 142 uit 177 setels³⁹ ingepalm het en dus 'n mandaat gekry het om met die implementering daarvan voort te gaan.

Die Senaat is ontbind en die Presidentsraad wat deur die kommissie aanbeveel is, is hierop saamgestel. Hul verslae en aanbevelings het in verskillende vorme verskyn. Hulle het onder meer aanbeveel dat 'n uitvoerende staatspresident die eerste minister moes vervang. Die regering se riglyne in verband met die Presidentsraad se voorstelle is op 'n federale kongres van die NP in die Callie Human-sentrum op 30 en 31 Julie 1982 in Bloemfontein bespreek en as sodanig aanvaar.⁴⁰

³⁸ *Ibid.*, toespraak eerste minister PW Botha, NP Federale Kongres, Bloemfontein, 30 Julie 1982; AREA, PW Botha-versameling, PS 5/6/1.

³⁹ M.i.v. 22 Januarie 1981 is agt lede deur 'n kieskollege verkies ingevolge Artikel 40(11)(c) van die grondwet, 1961 en m.i.v. 23 Januarie 1981 het die Staatspresident een lid ten opsigte van elke provinsie benoem ingevolge artikel 40(11)(b) van die grondwet, 1961.

⁴⁰ Aucamp-versameling, Federale Kongresverslag, 30 en 31 Julie 1982.

Hierna is 'n konsepgrondwet opgestel wat voorsiening sou maak vir die sogenaamde Driekamerparlement wat benewens die Volksraad ook vir 'n Raad van Verteenwoordigers vir die kleurlinge en 'n Raad van Afgevaardigdes vir die Indiërs voorsiening gemaak het. Dit is saamgestel uit blankes, kleurlinge en Indiërs, wat op afsonderlike kieserslyste gestem het. Elke groep het seggenskap oor sy "eie sake" gehad, terwyl die drie huise oor "algemene sake", dit wil sê sake wat al drie die groepe se lewens raak, sou saamwerk om wette op te stel.⁴¹ Die Driekamerparlement was 'n belangrike ontwikkeling in die staatkundige geskiedenis van die land, aangesien daardeur die eerste besliste treë gegee is om alle burgers nader aan volwaardige burgerskap in hul vaderland te bring, alhoewel swartes steeds hiervan uitgesluit was.

Na die referendum van 2 November 1983 is verkiesings vir die kleurling- en Indiërhuise ook gehou en hoewel die stempersentasie 30% en 24% onderskeidelik was, is besluit dat dit groot genoeg was om die grondwet in werking te stel. Die Volksraad wat vir die doeleindes van die grondwet van 1961 saamgestel is en wat voor die inwerkingtreding van die grondwet op 3 September 1984 bestaan het, is vir die doeleindes van laasgenoemde wet saamgestel. Iemand wat as lid van die Volksraad verkies of benoem is en sy amp voor inwerkingtreding beklee het, is geag behoorlik verkies of benoem te wees tot die Volksraad, ooreenkomstig artikel 102(4) van die grondwet van 1983.⁴²

Tussen 1984 en 1989 is daar in die parlement konsensus bereik oor 427 wetsontwerpe, terwyl slegs 14 na die Presidentsraad vir beslissing verwys is. Die Nasionale Party (NP) het geglo dat dit 'n bewys is dat magsdeling

⁴¹ *Ibid.*, NP Inligtingsdiens, grondwet 1983 in 'n neutedop.

⁴² Parlementêre register, 1910-1984, p. 225; Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 110 van 1983.

werk. In dieselfde tyd het die drie huise 86 wette aanvaar wat oor hulle eie sake handel. Dit kan geargumenteer word dat dit onrealisties was om te sê magsdeling het gewerk, terwyl die townships aan die brand was en die massas deur 'n noodtoestand in bedwang gehou moes word.

Die Driekamerparlement was in volle swang toe die eerste verkiesing van die nuwe bedeling vir die Volksraad vir 6 Mei 1987 afgekondig is. Die Konserwatiewe Party (KP), wat in 1982 gestig is en saam met ander regses beweer het dat die NP sy mandaat versaak het, het laasgenoemde genoop om opnuut sy mandaat te toets. In sy manifes is die NP se program van aksie uitgespel wat gebaseer is op besluite wat geneem is tydens 'n federale kongres van 12 en 13 Augustus 1986 in Durban. 'n Mandaat is gevra om onder meer "deur volgehoue hervorming die demokratiese grondslag van die regering te verbreed deur die bevordering van almal se deelname aan regeringsprosesse wat hulle raak. Dit beteken dat die beginsel van magsdeling tussen alle groepe verder in die praktyk uitgedra word, sonder dat een groep 'n ander oorheers."⁴³ Van betekenis was die uitgangspunte onder staatkundige hervorming:

"2.1.2: die multi-kulturele aard van ons land verg besondere maatreëls ter beskerming van die regte van groepe op die basis van maksimale selfbeskikking vir elk en mede-verantwoordelikheid oor gemeenskaplike belange op 'n wyse wat oorheersing van enige groep deur ander uitskakel;

2.1.3: die reg van selfregerende gebiede tot vrywillige onafhanklikheid word erken en nagestreef, en

2.1.4: ten opsigte van gebiede wat nie onafhanklikheid aanvaar nie, erken ons dat alle streke en gemeenskappe binne sy grense deel uitmaak van die Suid-Afrikaanse staat, met die reg tot deelname deur al

⁴³ Aucamp-versameling, manifes van die Nasionale Party, 1987.

daardie politieke entiteite aan regeringsprosesse en -instellings waartoe ooreengekom word. Ons aanvaar ook een burgerskap vir alle Suid-Afrikaners."⁴⁴

FW de Klerk, destydse Transvaalse NP-leier, het in 1987 in die parlement ook die versekering gegee dat die NP onherroeplik tot hervorming verbind is en opposisiesprekers wat beweer het dat hervorming dood is, verseker dat sodanige waarnemings onwaar is. Die party was voornemens om voort te gaan met hervorming op 'n gebalanseerde en ordelike wyse. De Klerk het klem gelê op basiese vertrekpunte soos die beskerming van groepsidentiteit, selfbeskikking, eie politieke en administratiewe strukture, politieke strukture vir swartes buite tuislande, want "we want to create fully autonomous and even independant bodies for black metropolitan areas outside the national states".⁴⁵ Hierdie uitlatings moet ook in konteks gesien word, aangesien De Klerk die man was wat op die drumpel was om die nuwe staatspresident te word en hierna krisisbesluite in die NP ten uitvoer sou bring.

Dit moet opnuut beklemtoon word dat die NP in 1985 aanvaar het dat die sogenaamde stedelike swartes permanent as deel van Suid-Afrika beskou is en dat swartes in selfregerende state hulle Suid-Afrikaanse burgerskap sou behou. Swart mense se politieke regte, hoewel hulle dit steeds in tuislande moes uitoefen, was dus eensklaps hoog op die agenda. Hervormingstappe het nou snel en met reëlmaat gevolg en 'n momentum opgebou wat, soos die geskiedenis sou leer, onstuitbaar was. Vir die party se hervormingsproses was die vertrekpunte die volgende:

⁴⁴ *Ibid.*

⁴⁵ *The Star*, 6 Februarie 1987, p. 2.

- 'n onverdeelde Suid-Afrika, een burgerskap en algemene stemreg in 'n gedifferensieerde politieke stelsel wat die saambestaan van verskillende gemeenskappe erken;
- gelyke magdeling tussen alle gemeenskappe oor sake van nasionale belang en selfbeskikking oor gemeenskapsake deur hulle demokraties-verkose verteenwoordigers;
- soewereiniteit van die reg as die grondslag vir die beskerming van die fundamentele regte van individue en gemeenskappe, en die beskerming van die menswaardigheid, lewe, vryheid en eiendom van almal, ongeag kleur, ras, belydenis, geslag of godsdiens.⁴⁶

Vir die NP is die volgende basiese beginsels neergelê:

- geen politieke oorheersing van enige gemeenskap deur 'n ander nie;
- die insluiting van alle gemeenskappe in die politieke besluitnemingsproses;
- regverdigheid en gelyke geleentheid vir alle gemeenskappe;
- die uitskakeling van enige vorm van diskriminasie en die beskerming van menswaardigheid.⁴⁷

Die Engelse opposisiepers was nie opgewonde oor die NP se manifes en die party se wil en vermoë om werklik te hervorm nie. *The Star* verwys in

⁴⁶ Aucamp-versameling, toesprake pres. PW Botha, 25 Januarie 1985, 30 September 1985, 15 Augustus 1985 en 31 Januarie 1986; die manifes van die Nasionale Party, 1987.

⁴⁷ Aucamp-versameling, toespraak pres. PW Botha, 19 Mei 1987.

'n hoofartikel na die "dead-end-manifesto" En: "(It) offers no genuine message of hope to South Africa, and no reason for Nationalist opponents to give the Government another chance after 39 years of failure". Tertius Myburgh, 'n voormalige redakteur, skryf in die *Sunday Times*: "The modern Afrikaner has been utterly alarmed to find there is no viable agenda secret or otherwise. Reformers feel betrayed." Die regeringsgesinde *The Citizen* het op stembag op sy voorblad kiesers opgeroep om vir die Nasionale Party te stem, want "this is the only party that is in a position to introduce further reforms. The only party that is able to ensure law and order in this critical period. The only party that is able to tell the rest of the world to go to hell and leave us to work out our own solutions to our own problems in our own way." Dié koerant het nie hoop vir die Progressiewe Federale Party (PFP) gehad nie en sê dat hulle "certainly cannot do any of these things".⁴⁸ Daar moet egter beklemtoon word dat *The Citizen* die enigste Engelstalige koerant was wat die NP gedurende die tagtigerjare goedgesind was.

Na die verkiesing was die einste Myburgh se reaksie dat Suid-Afrika "may have to wait for reform". Hy skryf oor die realiteit van 'n regerende party "that displays remarkable vigour after an astonishing 39 years in office". Hy is verslae as hy voortgaan: "It is truly astounding that an improvident government so lacking in eptness, so clothed in undemocratic power, so unshamelessly reliant on repressive force, and so unable to meet the first test of good government – sound management – should be so mightily swept back into office." Van die venyn en bitterheid tussen die NP en die Engelse pers skemer hier sterk deur. Ter wille van balans het Brian Pottinger en prof. Sampie Terre'Blanche in latere uitgawes darem

⁴⁸ *The Citizen*, 5 Mei 1987, p. 1; *The Star*, 18 Februarie 1987, p. 18 en 24 Februarie 1987, p. 10; *Sunday Times*, 8 Februarie 1987, p. 21.

profeties erken: "The fact is, South African voters DO care about reform", en: "Not the end, but the end of the beginning."⁴⁹

Dit is nodig om vir 'n oomblik stil te staan by die belangrikste hervormingstappe gedurende die tagtigerjare. Hierdie hervormingstappe was in die Suid-Afrikaanse politieke konteks van segregasie uiteraard van kardinale belang:

- vrye organisasie en assosiasie in arbeid (1981);
- die de-segrasie van sport en sportfasiliteite;
- die daarstel van 'n nuwe grondwetlike bedeling (1984)⁵⁰;
- die instelling van 'n raad vir die koördinerende van plaaslike owerheidsaangeleenthede (1984)⁵¹;
- die afskaffing van permissie vir nie-blanke om blanke universiteite by te woon (1984);
- die instelling van 'n eenvormige belastingstelsel vir alle gemeenskappe (1984);
- die herroeping van die Wet op die Verbod van Politieke Inmenging, wat die vorming van gemengde politieke partye moontlik maak (1985);

⁴⁹ *Sunday Times*, 10 Mei 1987, p. 23 en 17 Mei 1987, p. 23.

⁵⁰ Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 110 van 1983.

⁵¹ C Heunis, "*In search of democracy*", *Leadership*, Januarie 1986.

- die herroeping van die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike en artikel 16 van die Ontugwet (1985)⁵²;
- die herstel van 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse burgerskap (1986)⁵³;
- die uitreiking van eenvormige identiteitsdokumente aan alle Suid-Afrikaners sonder verwysing na ras (1986)⁵⁴;
- die daarstel van veelrassige provinsiale uitvoerende komitees (1986)⁵⁵;
- die oordrag van sentrale regeringsfunksies na provinsiale regerings in navolging van die beleid van desentralisasie (1986)⁵⁶;
- die verlening van volle eiendomsreg aan swartes (1986)⁵⁷;
- die afskaffing van instromingsbeheer en verwante maatreëls (1986)⁵⁸;
- die aanvaarding van 'n nuwe verstedelikingstrategie (1986);
- die oordrag van volle eiendomsreg aan swart plaaslike regerings (1986);
- die afskaffing van spesiale howe vir sake tussen swartes (1986);

⁵²*Ibid.*⁵³Aucamp-versameling, toespraak pres. PW Botha, 11 September 1985; JC Heunis, "Constitutional reform in South Africa", *Business and Society Review*, New York, 1986.⁵⁴*Ibid.*⁵⁵

Aucamp-versameling, toespraak min. JC Heunis, 19 November 1985.

⁵⁶*Ibid.*⁵⁷*Ibid.*⁵⁸

Jaarverslae van die departement van staatkundige ontwikkeling en beplanning, 1985, 1986, 1987; Aucamp-versameling, toespraak min. Heunis, 11 Maart 1987.

- die oopstelling van sentrale sakegebiede (1986);
- die oopstelling van hotelle, bioskope en teaters (1986);
- die skraping van die kleurbepaling in die Drankwet (1986);
- die toelating van Indiërs in die Oranje-Vrystaat en Noord-Natal (1986)⁵⁹;
- die verwydering van diskriminasie by immigrante-keuring (1986);
- die skraping van kleurbepaling in die Wet op Myne en Bedrywe (1987);
- die instelling van 'n gesamentlike uitvoerende owerheid vir KwaZulu-Natal, asook magtiging aan ander streke om dieselfde te doen (1987)⁶⁰;
- die oopstelling van talle Suid-Afrikaanse strande vir alle rasse (1987)⁶¹;
- die devolusie van magte en funksies vanaf provinsiale regerings na plaaslike owerhede in navolging van die beleid van dewolusie van mag (1987)⁶²;
- die voorsiening van 'n nasionale forum vir onderhandeling (Wet op die Bevordering van Staatkundige Ontwikkeling, 1988)⁶³ wat

⁵⁹ *Ibid.*

⁶⁰ *Ibid.*

⁶¹ *Ibid.*

⁶² *Ibid.*

- voorsiening maak vir geleentheid tot deelname deur alle Suid-Afrikaners aan die beplanning en voorbereiding van 'n nuwe grondwetlike bedeling;
 - voorsiening maak vir inspraak van swart Suid-Afrikaners in regeringsprosesse op 'n tussentydse grondslag; en
 - gesonde verhoudings tussen almal en respek vir die menswaardigheid, regte en vryhede van almal sal bevorder;
- die aankondigings om die grondwet te wysig om voorsiening te maak vir (1988)
 - swart ministers in die kabinet;
 - swart verteenwoordiging in die kieskollege wat die staatspresident verkies;
 - swart verteenwoordiging in die Presidentsraad; en
 - die herinstelling van die amp van die eerste minister⁶⁴
 - die publikasie van 'n wetsontwerp wat voorsiening maak vir die instelling van direk verkose wetgewende en uitvoerende streeksrade vir swartes buite die selfregerende gebiede (1988)⁶⁵;
 - die desegrasie van voorstedelike treindienste (1988)⁶⁶;
 - die voorsiening vir die instelling van oop woongebiede (vryvestigingsgebiede) waar lede van alle bevolkingsgroepe mag woon (1988)⁶⁷;

⁶³ Wet op die Bevordering van Staatkundige Ontwikkeling, Wet 86 van 1988.

⁶⁴ *Hansard*, 18 April 1988, kol. 6 380 en 23 Junie 1988, kol. 15 095.

⁶⁵ Aucamp-versameling, verklaring deur min. JC Heunis, Kaapstad, 6 Julie 1988.

⁶⁶ E Louw, *Oor my pad*, p. 136.

- die voorsiening vir nie-rassige politieke deelname aan plaaslike regeringsprosesse deur inwoners van vryvestigingsgebiede (1988)⁶⁸;
- algemene plaaslike bestuursverkiesings vir alle gemeenskappe (26 Oktober 1988),⁶⁹ asook
- die magtiging aan universiteite om self te besluit oor die oopstelling van koshuisgeriewe (1989).⁷⁰

Hoewel die outeur glo dat dit goedbedoelde en selfs ingrypende maatreëls was om apartheidswetgewing te hersien, en die NP dit as opreg beleef het, het die NP se opponente dit steeds as “window dressing” afgemaak.

Buitelandse reaksie op die Suid-Afrikaanse verkiesing van 1987 het gewissel. Die Reagan-administrasie in die VSA se reaksie was dat PW Botha nou die hervormings moes instel waarvoor hy 'n mandaat gevra het. "We urge him to get on with it." Die Britse koerante het 'n kommerwekkende swaai na regs waargeneem, soos *The Guardian* dit gestel het "who robs the last shred of justification from those in the West who proclaim their belief in white South Africa's benevolent intent towards the black majority". *The Times* het 'n verharding van swartes se houding en 'n groeiende eksodus van wittes uit die land voorspel. *The Sun* was meer

⁶⁷ Aucamp-versameling, toespraak van min. JC Heunis, 26 September 1988.

⁶⁸ *Hansard*, 25 Augustus 1988, kol. 16128.

⁶⁹ Aucamp-versameling, verklaring deur min. JC Heunis oor algemene munisipale verkiesing op Woensdag 26 Oktober 1988, Kaapstad, 7 Februarie 1988.

⁷⁰ Aucamp-versameling, staatkundige ontwikkeling in SA; handleiding vir NP-kandidate; Hervorming en die toekoms. Bundel saamgestel deur die departement van ontwikkelingsbeplanning, November 1988; *Sowetan*, 27 September 1993, p. 18.

vleiend in hulle kommentaar dat die uitslag niks is om oor te ween nie en dat dit sin maak "for South Africans to stick with a tough guy like Botha".⁷¹

Toe die Volksraadslede na die verkiesing van 6 Mei 1987 vir die eerste maal byeengekom het, was daar nie minder nie as 43 nuweling onder die 133 NP-lede nie. Van hierdie 133 het 123 lede kiesafdelings verteenwoordig, terwyl vier deur die staatspresident, ingevolge artikel 41(1)(b) van die grondwet van 1983 benoem is en ses indirek verkies is ingevolge subartikel (c) van dieselfde artikel. Van die oorblywende twee indirek verkose lede was een van die KP (kmdt. CJ Derby-Lewis, wat later skuldig bevind en tronkstraf opgelê is vir die moord op die SAKP-leier, Chris Hani) en een van die Progressiewe Federale Party (PFP), prof. NJJ Olivier, wat as Stellenbosse akademikus gedurende die helfte van die twintigste eeu al prominent op politiek-staatkundige terrein was.⁷²

Voor die 1987-verkiesing het veral Engelstalige koerante en die KP-mondstuk, *Patriot*, gewag gemaak van die sogenaamde "New Nats" wat ontevrede was met die NP se stadige pas van hervorming en na die verkiesing wou wegbreek om hulle aan te sluit by Wynand Malan en dr. Denis Worrall, wat beide onafhanklike kandidate in die verkiesing was. Die *Pretoria News* het op 3 April 1986 'n lys van 33 dienende LP's bekendgemaak, wat volgens hulle min. Pik Botha ondersteun het en ongelukkig was met pres. PW Botha se leierskap.⁷³

Gedurende Februarie 1987 het 'n groep akademici van Stellenbosch, onder leiding van prof. Sampie Terre'Blanche, hulle steun aan die NP

⁷¹ *The Star*, 9 Mei 1987, p. 4; Vergelyk Chester Crocker se herinneringe oor die VSA se betrokkenheid in Suid-Afrika soos verwoord in *High noon in Southern Africa: making peace in a rough neighborhood*, pp. 261-276.

⁷² *Hansard*, lys van kiesafdelings, 18 Mei 1987; Aucamp-versameling, foto van NP-lede vir die eerste maal tot die Volksraad verkies, 1987.

⁷³ *Pretoria News*, 3 April 1986, p. 1.

onttrek. Agt en twintig akademici wat hulself “Besprekingsgroep '85” genoem het, omdat hulle sedert 1985 gereeld byeengekom het weens hul bekommernis oor die verslegting van die veiligheidsituasie in die land en, volgens hulle, die "stagnasie van hervorming sedert Mei 1986", het 'n manifest uitgereik. Hulle het die regering uitgedaag om die reste van apartheid, soos die Groepsgebiedewet, te skrap en groepe nie meer statutêr op die basis van ras te definieer nie. Hulle het ook gesê dat die Driekamerparlement nie onbepaald kon oorleef nie en vervang moes word, na onderhandeling, met 'n sentrale parlement waarin alle Suid-Afrikaners, ook swartes, effektief verteenwoordig word. Hierdie groep is ook ondersteun deur 'n petisie wat deur 301 van die sowat 700 dosente en navorsers aan die Universiteit van Stellenbosch (US) onderteken is, waarin hulle "in breë trekke saamstem" met die verklaring van hulle 28 kollegas. Hierdie optrede was 'n slag vir die party, en vir pres. PW Botha wat toe ook kanselier van die US was, asook vir min. Chris Heunis wat in die US se raad gedien het en wie se kiesafdeling, Helderberg, die buurkiesafdeling van Stellenbosch was. Stellenbosch was nog altyd die bakermat van die party en die alma mater van vorige hoofleiers soos DF Malan, HF Verwoerd en BJ Vorster. Trouens, die NP van Kaapland het die geld waarmee die DF Malan-gedenksentrum by die US opgerig is, ingesamel en aan die universiteit geskenk.⁷⁴

Gewag is destyds ook gemaak van die groep NP-parlementslede, die sogenaamde “Klub 22”, wat na die 1987-verkiesing gevorm is om die kandidatuur van Pik Botha as NP-hoofleier te bevorder. Dit is inderdaad 'n feit dat 'n groep van 22 NP-LP's, waaronder verskeie agterbankers, 'n uitnodiging ontvang het na 'n geselligheid een aand aan huis van Pik

⁷⁴ *Sunday Times*, 8 Maart 1987, p. 1; *Die Burger*, 20 Maart 1987, p. 2; Aucamp-versameling, onderhoud met Frik van Deventer, 25 April 2009; *Weekend Argus*, 25 Maart 1987, p. 1; *Beeld*, 25 Februarie 1987, p. 1 en *Patriot*, 20 Februarie 1987, p. 5; *The Citizen*, 26 Februarie 1987, p. 4 en 4 April 1987, p. 4; *The Star*, 24 Februarie 1987, p. 11.

Botha. Pietie du Plessis, destydse minister van mannekrag en van openbare werke en grondsake, was ook teenwoordig en daar is gesellig saamgekuier, sonder dat daar ooit 'n woord oor die kandidatuur van Pik Botha gepraat is. Die volgende dag is in die wandelgange genoem dat dié groep 'n geheime motief het. Wat die storie ietwat legitimitieit gegee het, was dat Sakkie Louw, LP vir Newtonpark en oud-NP-organiseerder, met die reëlings gemoeid was en 'n besondere heldeverering vir Pik Botha gehad het, terwyl hy en PW Botha nie altyd saamgestem het nie. Net die gedagte aan kliekvorming het mense soos Frik van Deventer, LP vir Durbanville, en Inus Aucamp, indirek-verkose LP van die Vrystaat, onmiddellik laat besluit om weg te staan van "Klub 22". Die klub het hierna inderdaad ook 'n vroeë dood gesterf en volgens inligting nooit weer byeengekom nie. Dat PW Botha lede in die NP-koukus gehad het wat hom nie kon gedoog nie en sy leierskap beëindig wou sien, is waar, maar enige bewering dat hy nie meer die steun van sy koukus geniet het nie, is onwaar.⁷⁵

Dat PW Botha getwyfel het aan die lojaliteit van sommige koukuslede, waaronder selfs van sy ministers, is geensins fiksie nie. Onder dié ministers het, benewens Pik Botha, ook Dawie de Villiers en Stoffel van der Merwe getel. Trouens, PW Botha het vertel dat toe BJ Vorster as eerste minister bedank het, hy aan hom (Botha) gesê het: "Jy behoort alles te kan hanteer, maar ek dank die Here ek's ontslae van Pik Botha - hy's nou jou baba!" Nietemin het PW Botha altyd waardering gehad vir die talle positiewe dinge wat Pik Botha as minister van buitelandse sake vermag het.⁷⁶

⁷⁵ Aucamp-versameling, onderhoud met Frik van Deventer, 25 April 2009; Daan Prinsloo, *Stem uit die Wilderness*, p. 332.

⁷⁶ Aucamp-versameling, onderhoud met Frik van Deventer, 25 April 2009.

Nadat adv. BJ Vorster as staatspresident bedank het, het 'n groepie parlamentslede hom in sy ampswoning, Groote Schuur, in Kaapstad gaan groet. Tydens 'n baie ontspanne gesprek het hy sy voormalige kollegas gewaarsku: "Julle moet oppas vir een man – hy's baie talentvol en bekwaam, maar op die verkeerde pad." Geen naam is genoem nie en die groep het aanvaar dat hy na Pik Botha verwys het.⁷⁷

Dat daar na die 1987-verkiesing van oral druk op die Nasionale Party was om die hervormings te versnel, is oorbekend. So ook die feit dat daar eweneens druk van die regterkant was wat hervorming as verraad teen die Afrikaners en die blankes beskou het. Wat egter belangrik was, is dat al hoe meer Nasionaliste hulle byvoorbeeld openlik ten gunste van die afskaffing van die Groepsgebiedewet uitgespreek het. So het een van die NP se aspirant-kandidate, Neels Wilken, tydens die Smithfield-kiesafdeling se nominasievergadering, uitdruklik gesê dat dié wet afgeskaf moes word. Nieteenstaande sy standpunt het hy nie ver verloor teen Hendrik Smith wat uiteindelik die kandidaat was en parlamentslid geword het nie. Nie lank na die verkiesing nie, is 'n groepie jong parlamentslede na die Mount Nelson Hotel in Kaapstad genooi waar van die "oueres" soos Leon Wessels, Renier Schoeman en Sakkie Louw ook openlik vir die afskaffing van die Groepsgebiedewet gepleit het.⁷⁸

Die jare 1987 tot 1990 kan en sal steeds beskou word as die mees kritieke tydperk in die geskiedenis van die Nasionale Party, toe die toekoms van Suid-Afrika op die staatkundige terrein die sentrale tema was. Dit was 'n era toe die party verbete probeer het om die selfbeskikkingsreg van blankes nie onderhewig te maak aan die toekenning van politieke regte van swart mense nie. Gedurende en voor hierdie jare is die NP-regering

⁷⁷ *Ibid.*, onderhoud met Gert Terblanche, 29 April 2009.

⁷⁸ Aucamp-versameling, aantekeninge van Smithfield-kiesafdelingsbestuur se nominasievergadering, 1987; Persoonlike herinnering van outeur.

gereeld daarvan beskuldig dat hy nie helderheid oor die staatkundige toekoms van die land gehad het nie.⁷⁹ Hierdie beskuldiging was nie onredelik nie, omdat dit later duidelik geblyk het dat die twee oogmerke, blanke selfbeskikking en politieke regte vir swartes, nie versoenbaar was nie.

In 'n belangwekkende toespraak tydens sy begrotingspos in die parlement het pres. PW Botha op 21 April 1988 gesê dat in 'n veranderende, ontwikkelende land, dit nie moontlik is om eenvoudig 'n toekoms af te baken en te sê presies hoe dit sal wees nie, want omstandighede verander daaglik; mense verander en reaksies is besig om in te tree op optrede wat gevolg word. Daarom is dit moeilik vir 'n regering om net eenvoudig te sê hy weet alles wat betref die toekoms.⁸⁰ Hy het 'n hele paar fundamentele sake aangeroer en begin deur te sê dat daar 'n beskawing in Suid-Afrika is wat deur geslagte opgebou is en wat gedra word deur diegene wat saam met die blankes, waarvan die Afrikaner 'n belangrike deel vorm, in sekere waardesisteme glo. Daardie beginsels en waardesisteme mag nie in die gedrang kom nie. Net so moet die bestaan en geestesgoedere van al die ander bevolkingsgemeenskappe erken en gerespekteer word. Die toekoms moet dus nie op haat gebou word nie, maar op waardering en wedersydse respek vir diversiteit. Sedert 1910 het elke Suid-Afrikaanse regering met die staatkundige posisie van die verskillende swart gemeenskappe geworstel en elkeen het oplossings gesoek in die lig van die wysheid en werklikheid van die betrokke stadium. Om vorige regerings van kwade trou te beskuldig, is, volgens Botha, verwerplik. Die leiers wat die land vanaf 1910 gelei het, was almal eerbare manne en hoe jy ook al van hulle verskil het, hulle het altyd in goeder trou

⁷⁹ Van Zyl Slabbert, pp. 33-51.

⁸⁰ *Hansard*, 21 April 1988, kol. 6993-7014.

opgetree. Daar is noodwendig foute gemaak, want almal maak foute, anders "sal ons in die hiernamaals wees".⁸¹

Die belangrikheid van stabiliteit, samewerking en oorlegpleging is ook beklemtoon toe PW Botha gesê het dat 'n buitelandse deskundige op grondwetlike gebied aan hom gesê het: "Govern yourself into a new dispensation. Do not try to create it overnight." Hy het ook verwys na die wêreldwye wanvoorstellings van die woord "apartheid" en herhaal dat as daar met apartheid bedoel word politieke oorheersing van enige gemeenskap deur 'n ander, die uitsluiting van enige gemeenskap van die politieke besluitnemingsproses, onregverdigheid in die geleentheid wat aan enige gemeenskap beskikbaar gestel word, rassediskriminasie en die skending van menswaardigheid, die Suid-Afrikaanse regering so 'n konsep verwerp. Hy het ook verwys na dr. DF Malan se intrede as eerste minister toe hy gesê het dat apartheid nie onderdrukking is nie, maar geleentheidskepping.⁸²

Nieteenstaande terugslae in die Schweizer-Reneke- en Standerton-tussenverkiesings in 1988 het Botha die regering se beslistheid om voort te gaan op die hervormingspad herbeklemtoon. Hy het gesê tydelike teleurstellings mag nie die regering daarvan weerhou om met sy taak voort te gaan nie.⁸³ Botha se siening onderstreep die feit dat hy in wese 'n hervormer was. Dit is hy wat gesê het, dit wat jy wil opbou, moet belangriker wees as dit wat jy wil afbreek, dat as jy nie wil help nie, jy nie moet hinder nie en dat jy moet aanpas of sterf omdat 'n party se beleid nie staties is nie. Hy was dus nie net simplisties in sy benadering nie, maar

⁸¹ *Ibid.*

⁸² *Ibid.*

⁸³ *Sunday Times*, 6 Maart 1988, p. 20; *Sowetan*, 4 Maart 1988, p. 2; *The Star*, 4 Maart 1988, p. 8.

het die hervormingspad (natuurlik volgens sy eie definisie) met oorgawe geloop.

'n Ontleder van die departement politieke wetenskap aan die destydse Potchefstroomse Universiteit (tans Noordwes-Universiteit), Donald Simpson, argumenteer dat die uitslag van die tussenverkiesings inderdaad NP-strategie moes bekommer het, maar sê "in view of the type of constituencies contested and the circumstances, panic is an inappropriate response".⁸⁴

FW de Klerk, wat PW Botha as staatspresident opgevolg het, is van mening dat Botha se styl, nadat hy in 1984 as uitvoerende staatspresident ingehuldig is, al hoe meer hooghartig geword het en dat daar 'n toenemende verwydering van sy ministers en NP-parlementslede ingetree het. Meer nog: Botha se verhouding met die media het versleg, sodat selfs Ebbe Dommissie en Alf Ries, twee bekende joernaliste, die baasspelerige en nors PW Botha-styl beskryf het as iets wat toenemend in hoë regeringskringe kommer gewek het. So is na die amptelike staatswoning as "Kruithuis" in plaas van "Tuynhuys" verwys, soos die onstuimige botsings met baie mense aan 'n breër kring bekend geword het.⁸⁵

Ter wille van billikheid moet egter genoem word dat die sogenaamde hooghartige en bullebakstyl waarmee PW Botha getipeer word, erg oordryf is en onregverdig aan hom toegedig is, meestal om NP-opponente se eie vooroordele te regverdig. So is dit eenvoudig nie waar, soos FW de Klerk beweer, dat "alles simptome (was) van PW Botha se toenemende verwydering van sy ministers en NP-parlementslede" nie. Intendeel, die oorgrote meerderheid van NP-parlementslede het groot

⁸⁴ *Sunday Times*, 13 Maart 1988, p. 23.

⁸⁵ FW de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 143-144; Alf Ries en Ebbe Dommissie, *Leierstryd*, pp. 72-76.

respek vir en lojaliteit teenoor Botha gehad en aansprake dat hy "verwyderd" geraak het, is erg oordrewe. Meer nog: heelwat parlamentslede het gemeen dat De Klerk se bydraes in die koukus elke keer 'n tipe motiveringstoespraak was (iets soos "kollegas ons moet begin vibreer!"), terwyl Botha die koukus meer in sy vertrouwe geneem het en vertel het wat agter die skerms aangaan. Soos 'n waarnemer dit stel: "PW Botha het ons vertrou en vertrou met ons gedeel." 'n Ander voormalige koukuslid se siening is dat PW Botha 'n wellewende en hoflike, maar streng man was wat skerp teenoor sy kritici was.⁸⁶

Ian Putter, voormalige administratiewe sekretaris van PW Botha, vertel dat hy De Klerk se privaatsekretaris was toe laasgenoemde hom twee dae lank oorreed het om in Botha se diens te tree. Op Putter se verweer: "Ek's bang vir die oubaas", het De Klerk gesê dat Botha baie hoë standaarde stel, wat, as jy nie daaraan voldoen nie, veroorsaak dat hy jou aanvat. Maar, as hy jou 'n pak slae gegee het, dan is dit afgehandel. En dit is presies soos Putter dit ervaar het in die agt jaar wat hy vir Botha gewerk het. Gedurende die agt jaar het Botha by een geleentheid vir Putter geroskam, omdat hy dr. Wim de Villiers ('n minister) se telefoonnommer (waarvan die area-kode kort tevore verander het) nie dadelik byderhand gehad het nie. Die volgende oggend het Botha vir sy ondergeskikte verskoning gevra, maar bygevoeg: "Jy moet my met sulke goed een voor wees." Dit is hoekom Putter vir Botha beskryf as 'n man van ongelooflike integriteit en iemand wie se deernis teenoor mense baie buitelanders ongelukkig nie geken het nie.⁸⁷

⁸⁶ Aucamp-versameling, onderhoude met Johan Swanepoel en Gert Terblanche, 29 April 2009; Vergelyk ook 'n voormalige polisiekommissaris, genl. J van der Merwe se siening in sy boek *Trou tot die dood toe*, p. 159.

⁸⁷ Aucamp-versameling, onderhoud met Ian Putter, 29 April 2009.

Die oggend toe PW Botha as staatspresident bedank het, was hy en Ian Putter alleen in sy kantoor terwyl Botha sy lessenaar opgeruim het. Hy het twee hopies gemaak en die dokumente sorteer met 'n "dis myne, dis myne, dis die staat s'n, dis die staat s'n". Die penne het hy in 'n bondel gevat met 'n "hierdie behoort nie aan my nie, vat dit vir jou". Dit was PW die mens - die man wat as Frik van Deventer, voormalige Kaaplandse hoofsekretaris, by die hoofleier oornag het, vir hom, nadat hulle nag gesê het, 'n asbakkie kamer toe gebring het.⁸⁸

Dat PW Botha die dilemma van alle hervormers intens beleef het, ly geen twyfel nie en dat dit tot sy frustrasie bygedra het, is ewe waar. Prof. Willie Esterhuise haal Machiavelli aan wat gesê het dat niks so moeilik is om uit te voer, niks gevaarliker is om te hanteer en niks so maklik onsuksesvol kan wees as om 'n nuwe orde te inisieer nie. Hy brei hierop uit: "The reformer has enemies in all those who profit by the old order, and only lukewarm defenders in all those who would profit by the new order, this lukewarmness arising partly from fear of their adversaries, who have the laws in their favour; and partly from the incredulity of mankind, who do not truly believe in anything new until they have had actual experience of it. Thus it arises that on every opportunity for attacking the reformer his opponents do so with the zeal of partisans, the others only defend him half-heartedly, so that between them he runs great danger."⁸⁹

Die dilemma van die hervormer is dus dat hy aan twee fronte moet veg en die Suid-Afrikaanse toneel vir politieke hervormers het gewentel om die aard van die kragspel tussen die revolusionêre en die reaksionêre. Een strategie vir die hervormer sou wees om al sy kaarte op die tafel te plaas, maar so 'n "beweeg-in-en-opdons-strategie" sou nie die gewenste resulta-

⁸⁸ *Ibid.*, Aucamp-versameling, onderhoud met Frik van Deventer, 1 Maart 2009.

⁸⁹ WP Esterhuise, *Die pad van hervorming*, p. 137.

te meebring nie. Die alternatief van geleidelike hervorming, waarin prioriteite deeglik gekies en hervormingspogings fyn deurdag geïnisieer word, was eerder dit waarin Botha geglo het wanneer na sy verwysing van "govern into a new dispensation" gekyk word.

Willie Esterhuysen sluit sy boek, *Die pad van hervorming*, profeties af as hy sê: "Ondanks die dilemmas van hervormers, bied dit alles 'n uitdaging waarvan nie teruggedeins kan word nie - al sou die hervormingsweg soms moeilik en selfs eensaam wees. Dis immers 'n weg wat hoop vir die toekoms gee. En wat ons nie in Suid-Afrika kan ontbeer nie, is hoop vir die toekoms. Dié hoop bestaan wel: die pad van hervorming."⁹⁰

Eerste minister John Vorster het gesê dat politiek die wetenskap van die waarskynlike is. Basies verander elke samelewing van tyd tot tyd op die pad van ontwikkeling. Hervorming is dus 'n begrip wat te make het met menswees en institusies moet tred hou met die mense en hul ontwikkeling. Die feit dat Suid-Afrika se samelewing veelrassig en multikultureel is, het dit nog altyd baie moeiliker gemaak omdat 'n mens met verskillende ontwikkelingsvlakke te make het.⁹¹ Nietemin het die NP deur die jare as hervormingsparty die land staatkundig en polities vrygemaak van Britse oorheersing, republiekwording in 1961 bewerkstellig en in 1983 bruin mense en Indiërs vir die eerste keer in die geskiedenis van die land in die parlement ingebring.

In 'n belangwekkende toespraak in 1985 sê pres. PW Botha dat "ons" besig is om apartheid in die negatiewe sin te ontgroeï en in baie opsigte reeds ontgroeï het. Saamwerkende naasbestaan is 'n lewende proses wat steeds hervorming en aanpassings verg. Hy en sy regering het 'n keuse

⁹⁰ *Ibid*, p. 139.

⁹¹ AREA, PV 895: JC Heunis-versameling, B 4/6/6, onderhoud met Annetjie Aggenbach, 1988.

gemaak en daarby sal hy staan of val. “Dit is ’n keuse van staatkundige, maatskaplike en ekonomiese hervorming”. Dit is nie gemaak om die buiteland ter wille te wees nie, want hulle prys is buitendien te hoog. Hy bepleit ook nie hervorming omdat geweldenaars dit afdreig nie. Hervorming is ’n proses van konsultasie langs evolusionêre weg met erkenning van mekaar se regte en dit is die benadering wat menswaardigheid van alle Suid-Afrikaners aanvaar. “Dis ’n benadering wat Christelike geregtigheid nastreef, maar dis nie ’n beleid van selfmoord nie.”⁹²

Die uitdaging sou wees om in die dekade 1984 tot 1994 die posisie van swart mense te beredder. Die NP het tot in 1989 verbete aan groepregte vasgeklou en wou deur ’n stelsel van “eie” en “algemene” sake al die land se kiesers “tot die hoogste vlak” stemreg gee, maar nie op ’n gemeenskaplike kieserslys nie, en nie in ’n een-mens-een-stem en wenner-vat-alles kiesstelsel nie. Wit kiesers, ten minste die meerderheid NP-ondersteuners, het geglo dis moontlik. Die 1984-1994 dekade sou egter aantoon dat die NP nie die pas van hervorming kon bepaal nie en ook nie die uiteinde daarvan nie. Hervorming het ’n sneeubal-effek gehad en sy eie momentum opgebou. Baie NP-ondersteuners moes net “veiligheidsgordels vasmaak”, in Kobie Coetsee se woorde⁹³, en toekyk hoe sake tot finaliteit gebring word.

⁹² Aucamp-versameling, toespraak van pres. PW Botha, 30 September 1985.

⁹³ Kobie Coetsee het meerdere male in die outeur se teenwoordigheid kiesers op vergaderings gewaarsku dat hulle hulle veiligheids gordels sal moet vasmaak omdat drastieser veranderinge gaan kom as wat hulle verwag.

HOOFSTUK 3

UITDAGINGS WAARMEE DIE NASIONALE PARTY GEDURENDE DIE TAGTIGER- EN VROEË NEGENTIGERJARE GEKONFRONTEER IS

1. INLEIDING

Die geskiedenis van die Nasionale Party (NP) kan nie volledig verhaal en na behore verstaan word sonder om onder meer te verwys na die invloed wat die regse Afrikanerpolitiek, die linkse “struggle”-vennote en die internasionale gemeenskap op NP-beleidsrigtings gehad het nie. Die historikus, Hermann Giliomee, sê tereg dat die wegbreek van die Konserwatiewe Party (KP) en ander regse groeperings gedurende die vroeë tagtigerjare met hulle steun van byna die helfte van Afrikaners, onder meer tot die disintegrasie van Afrikaner-nasionalisme gelei het.¹

’n Ander dramatiese verwikkeling gedurende hierdie tyd was die val van die Berlynse Muur en die ineenstorting van die Sowjetunie, wat mnr. FW de Klerk in die onbenydenswaardige posisie geplaas het dat die anti-kommunisme van die Westerse lande, wat hulle Suid-Afrika laat ondersteun het, skielik nie meer ’n faktor was nie.² Het die Berlynse Muur nie geval nie, sou die African National Congress (ANC) waarskynlik nie al in 1994 aan bewind gekom het nie. Hierna word later in die hoofstuk meer volledig verwys.

¹ *Rapport*, 1 Februarie 2009, p. 21.

² *Ibid.* In ’n onderhoud met die oudpolitikus Frederik van Zyl Slabbert het hy ook op die belangrikheid van die val van die Berlynse Muur en die implikasies daarvan op die Suid-Afrikaanse politiek gewys. Hierdie onderhoud is onlangs weer op Kyknet gebeeldsaai. Vgl. heruitsending van onderhoud met Sandra Prinsloo, 23 Mei 2010.

Daar was uiteraard binne die NP altyd, in wisselende grade, beleidsverskille. Die party sou veral oor konstitusionele sake verskil, aspekte wat die regte, ook stemreg, van die land se inwoners moes bepaal. Die Afrikaner, welbekend vir sy hardkoppigheid en soms starre siening van sake, het oor die jare nie gekroom om mekaar op politieke terrein die stryd aan te sê nie.

CJ Langenhoven, bekende Afrikaanse skrywer en letterkundige, word deur 'n rubriekskrywer in *Die Volksblad* aangehaal toe hy reeds so vroeg as in 1926 die gebrek aan eensgesindheid as kenmerkende eienskap van die Afrikaner uitgesonder het. Hy voeg daaraan toe: "En dit alles vanweë sy buitensporige slimigheid. Die wortel van sy kwaad is dat hy 'n beteweter is. Sy beteweterskap bestaan daarin dat elkeen beter weet as al die ander wat elkeen beter weet as hy en beter as mekaar. Daarom sal jy nooit 'n Afrikanerleier kry nie. So gou as jy een het, het jy twee en daar is skaars twee of elkeen van die twee is weer twee."³ Hoe reg was Langenhoven nie.

Die rubriekskrywer sê profeties, aan die hand van bogenoemde, dat as die Afrikanervolk uiteindelik saamstem oor die praktiese wenslikheid van 'n apartheidsbeleid, dan was daar weer verskille oor die beginsels wat die beleid ten grondslag moes lê. En as almal mekaar oortuig het en saamstem oor die beginselgronde, dan is daar weer verskille oor die praktiese wenslikheid van die uitvoering van sodanige beleid. En as die krisis-uur kom, tree verbittering in.⁴

Daar kan tereg gevra word of bogenoemde nie ook die aard van die Afrikaner se politieke geskille gedurende 1984 tot 1994 versinnebeeld nie.

³ *Die Volksblad*, 17 Maart 1956.

⁴ *Ibid.*

2. DIE STIGTING VAN DIE KONSERWATIEWE PARTY

Hierdie patroon van Afrikaner-beterweterigheid het hom ook gemanifesteer tydens 'n spanningsvolle koukusvergadering van 24 Februarie 1982, wat tot die stigting van die Konserwatiewe Party (KP) onder die leierskap van dr. AP (Andries) Treurnicht gelei het. Die finale breuk op die koukusvergadering is ontken na 'n artikel van dr. Jan Grobler, hoofinligtingsbeampte van die Nasionale Party (NP), in *Nat 80*^s, die amptelike lyfblad van die party, waarin hy onder meer skryf "dat dit net logies is dat daar nie meer as een regering in een land kan wees nie".⁵

Treurnicht, destydse minister van staatsadministrasie en statistiek en leier van die NP in Transvaal, het op 8 Februarie 1982 in sy eie handskrif aan dr. Grobler, onder meer met verwysing na dié betrokke sin, geskryf: "Die afleiding wat daarvoor gemaak word, is dat ons net een regering sal hê, dat hy gemengd sal wees, dat ek dus Kleurling- en Indiër-ministers sal hê wat oor my en alle Blankes sal mederegeer ens. ens. en dis 'n algeheel onaanvaarbare gedagte."⁶

Hierop het Grobler op 15 Februarie geantwoord: "Soos ek die 1977 konstitusionele plan⁷ verstaan, sou daar nie sprake kon wees van onbepaalde eksklusief Blanke soewereiniteit oor die R.S.A. nie. Trouens, die voorstelle

⁵ Nasionale Party Inligting 1982, p. viii.

⁶ *Ibid.*

⁷ Die Theron-kommissie het op 9 April 1976 in 'n verslag onder meer aanbeveel dat "die Westminister-regeringstelsel verander moet word". Daarop het 'n kabinetskomitee onder voorsitterskap van PW Botha in 1977 voorstelle gemaak wat 'n bedeling "van oorlegpleging en besluitneming op alle regeringsvlakke oor sake van gemeenskaplike belang" vir blankes, kleurlinge en Indiërs, moontlik sou maak. Die voorstelle het partybeleid geword, tydens die November 1977 algemene verkiesing is 'n mandaat van blanke kiesers daarvoor ontvang, maar dit is nooit geïmplementeer nie, omdat dit nie vir die kleurlinge en Indiërs aanvaarbaar was nie.

is baie duidelik dat Ministers wat terreine hanteer wat 'gemeenskaplik' is, oor en weer in mekaar se parlemente sou optree.”⁸

Hierop was die vet in die vuur, veral toe PW Botha in 'n persverklaring op 22 Februarie 1982 verwys het na sy toespraak in die wantrouedebat daardie jaar toe hy gesê het “dat daar nie 'n eie soewereine parlement vir die Kleurlinge geskep kan word nie. Daar kan net een sentrale regeringsgesag in die land wees, hoewel daar verskeie regeringsinstrumente kan wees.”⁹

Op 24 Februarie het die NP-koukus byeengekom en is die woelinge binne die party op die spits gedryf. Die destydse leier van die raad, min. SP (Fanie) Botha, het die volgende mosie gestel: “Hierdie koukus spreek sy vertroue uit en verleen sy ongekwalifiseerde steun aan die Eerste Minister, en wel in sy eie leiding en interpretasie van die Nasionale Party se beleid.”¹⁰

Toe die mosie deur die tydelike koukusvoorsitter, Frank le Roux, 'n Treurnicht-man, gestel is, het 22 lede teen die mosie gestem, een was buite stemming en 100 het ten gunste daarvan gestem.¹¹ Negentien lede kon om verskillende redes nie die vergadering bywoon nie.

Die breuk in die NP-geledere was hiermee 'n voldonge feit. Die KP is hierna op 20 Maart 1982 in die Skilpadsaal in Pretoria gestig en dr. Ferdi Hartzenberg, voormalige minister van onderwys en opleiding, het gewaarsku: “Van Maandag af sal die Nasionale Party konserwatisme

⁸ Nasionale Party Inligting 1982, p. viii.

⁹ Persverklaring, PW Botha, 22 Februarie 1982.

¹⁰ *Skietgoed* 1/82, 25 Februarie 1982.

¹¹ *Ibid.*

moet beveg.”¹² Dit is interessant dat die Skilpadsaal op die Pretoriase skouterrein ook die plek was waar die Herstigte Nasionale Party (HNP) op 25 Oktober 1969 gestig is.

Nagenoeg 8 000 mense het die stigtingsvergadering van die KP bygewoon en as in ag geneem word dat Afrikanersteun vir die NP na die algemene verkiesing in 1977 gedaal het van 64,5% tot 57,7% met die verkiesing van 29 April 1981, dan was dit duidelik dat die NP ‘n opdraande stryd sou voer aangesien sy magsbasis aan die wegkalwe was.¹³ Die HNP het in 1981 al 200 000 stemme op hom verenig sonder om een setel te wen. Die KP-steun in 1982 het blanke Suid-Afrikaners geruk en reaksie het van alle dele van die wêreld en uit Suid-Afrika gekom. Koerante in die meeste van die wêreld se hoofstede het prominente berigte oor die gebeure geplaas, terwyl opposisiepartye in en buite die parlement, oud-politici, kerkmanne, kultuurorganisasies, akademici, swart en bruin leiers en talle instansies en ander mense hierop reageer het.

Dr. Treurnicht het in sy openingstoespraak by die KP-stigtingsvergadering onder meer gesê: “Wat ons die afgelope paar weke gesien en belewe het, is ‘n herlewing van die politieke hart van ‘n groot deel van ons volk – van Afrikaners, en ook van baie Engelssprekendes.”¹⁴ Spoedig is die ganse Afrikaanse samelewing verpolitiseer en sodoende het bitter twis onder Afrikaners ook na die kerk- en kultuurakker oorgespoel.

Prof. PJ (Piet) Cilliers van Stellenbosch het twee jaar vantevore, op 25 September 1980, op Potchefstroom in ‘n gedenklesing gewys op die verskil tussen die Afrikaners se inwaartse en uitwaartse gerigtheid, konsentrasie op die self, volkwees, Afrikanerverwesenliking enersyds en

¹² SW Grobbelaar en J Snyman, *Skeuring*, p. 23.

¹³ *Ibid.*, p. 26.

¹⁴ Alf Ries en Ebbe Domisse, *Broedertwis*, p. 191.

die strewe na groter omvattende belange, andersyds. Soos in die dertigerjare tussen dr. DF Malan en genl. JBM Hertzog, was daar weer 'n stryd om legitimiteit met die wesenlike vraag: Watter leiers, watter party praat vir en verteenwoordig die ware "Afrikanerdom?" Wie besit en dra die verbondsark?¹⁵ Dit is hiermee waarmee die NP gekonfronteer is in die dekade 1984 tot 1994.

3. DIE UITVLOEISELS VAN DIE KP-STIGTING

Die stigting van die KP in 1982 sou die periode onder bespreking binne die NP (1984 – 1994) voorafgaan en die implikasies daarvan was vir die regerende party van besondere belang.

Die skeuring van die NP op 24 Februarie 1982 was inderdaad 'n politieke waterskeiding. Daar is diegene wat oordeel dat die skeuring nie 'n terugslag vir die hervormingsproses van die NP was nie. Onder hulle was Leon Wessels, Barend du Plessis, Wynand Malan en Sam de Beer, voormalige NP-LP's, wat toe dr. Treurnicht en sy span die kookskamer uitstorm en Koos van der Merwe hard skreeu: "Ek's klaar met PW Botha die Prog", die dag met koue wyn en toebroodjies in Wessels se kantoor gevier het, aldus Max du Preex, joernalis en politieke kommentator. Hulle was van oordeel dat die party se hervormingsplanne vinniger sou kon vorder sonder die regse remskoene.¹⁶

Die interessante vraag duik natuurlik op hoe die resultaat van die onderhandelinge daar sou uitsien as die NP nie geskeur het nie. Daar word algemeen aanvaar dat niks of niemand sou kon keer dat die land uiteindelik 'n swart meerderheidsregering kry nie. Waaroor daar wel

¹⁵ *Ibid.*, p. 198.

¹⁶ *Rapport*, 1 Maart 2009, p. 21.

meningsverskille was, is in watter mate minderheidsregte en die verteenwoordiging van minderheidsgroepe in regeringsorgane sonder meerderheidsdominasie tot hulle reg sou kon kom as die Afrikaner nog eendragtig onderhandel het en as PW Botha nog, in plaas van FW de Klerk, NP-leier was.

Flippie Olivier, voormalige LP vir Fauresmith en die koukuslid wat tydens die koukusvergadering waarna hier verwys word, buite stemming gebly het, het na die vergadering aan PW Botha sy ongelukkigheid gaan oordra en gesê dat die NP talle mense deur die skeuring verloor het wat die party vorentoe baie nodig gaan kry. Olivier was van mening dat die skeuring weliswaar hervorming versnel het, maar dat indien die skeuring nie plaasgevind het nie, die resultaat veel gunstiger vir minderheidsgroepe en die blankes sou wees. Dit sou ook grootliks die ontgogeling van Afrikaners na 1994 teëwerk en hulle meer betrokke by die politiek van die dag hou.¹⁷

Die hervormingsgesindes onder pres. PW Botha het 'n baie moeilike taak op hande gehad, omdat hervormers altyd 'n moeiliker pad as reaksionêres het. Hoewel die NP dus die hervormingspad as enigste alternatief vir bloedige konflik gekies het, was gemeenskappe, organisasies, kerke en families verdeeld hieroor en in 'n hewige broederstryd gewikkel. Die skeuring, op die vooraand van die laaste dekade van die NP-regering, het ook 'n ander impak op die party gehad, wat uiteraard ook negatiewe gevolge meegebring het, omdat dit 'n geweldige skok vir die Afrikaner se politieke kultuur was en volgens Max du Preez bygedra het om PW Botha, wat nog in 1982 die triomfantelike sterkman was, sewe jaar later uit die politiek te dryf. Gedurende die tyd van eerste ministers Malan, Strijdom, Verwoerd en Vorster en tydens die eerste paar jaar van Botha se bewind,

¹⁷ JM (Inus) Aucamp-versameling (hierna verwys as Aucamp-versameling), onderhoud met Flippie Olivier, 28 Februarie 2009.

was dit byna ongehoord om die hoofleier van die party te beledig of sy woord in twyfel te trek, aangesien daar geoordeel is dat hy geweet het wat goed vir die Afrikaners en die land is. Om sy woord in twyfel te trek, was om dislojaal teenoor die leier te wees en om 'n "slegte Afrikaner, slegte Nasionalis en slegte Suid-Afrikaner" te wees. In hierdie nuwe politieke klimaat het KP-lede begin om die NP-hoofleier en van sy senior kollegas te koggel, te beledig en aan te val. "PW is dom", "PW is 'n diktator", "PW is 'n uitverkoper", is tydens vergaderings en in propogandastukke gesê. "Pienk Piet" (PW Botha), "Pikswart" (Pik Botha) en "Kobie Kommunis" (Kobie Coetsee) het skelname vir die NP-leiers geword. 'n Groot taboe was eensklaps daarmee heen: dit was nie meer onafrikaans of onpatrioties om op die staatshoof of die party se hoofleier te skel nie.¹⁸

Die KP se lyfblad, *Patriot*, die HNP se lyfblad, *Die Afrikaner*, en verskeie ander publikasies het alles in die stryd gewerp om die NP op sy ingeslane weg te stuit. Tekenend van die effek van die stigting van die KP is dat die eerste tussenverkiesing waaraan hulle deelgeneem het, op 3 November 1982 in Parys was. MD (Pikkie) Maree van die NP het met 'n volstreekte meerderheid van 'n skrale tien stemme gewen in 'n driehoekige stryd met die KP en HNP.¹⁹ Die KP se beleid het op die oor van baie Afrikaners goed geklink. Die beleid het neergekom op partisie, die fisiese verdeling van Suid-Afrika in afsonderlike tuislande vir wittes, gekleurdes, Asiërs en die verskillende swart groepe. Hulle het geglo dat "every people should have its own political structure", en beklemtoon dat hulle spesifiek begaan is oor die geestelike, kulturele en politieke oorlewing van die Afrikanervolk.²⁰

¹⁸ *Rapport*, 1 Maart 2009, p. 21. Daar moet egter gemeld word dat dit nie heeltemal so uniek in die Suid-Afrikaanse partypolitieke geskiedenis was nie, aangesien die HNP sedert 1969 hom ook hieraan skuldig gemaak het.

¹⁹ *Parlementêre register, 1910-1984* en *Die volledige verkiesingsuitslae van Suid-Afrika, 1910-1986*.

²⁰ *Inside South Africa*, Julie 1988, p. 8.

Koos van die Merwe, destydse KP-LP, som baie Afrikaners se sentimente in daardie jare op as hy in 'n onderhoud sê: “The blacks will one day want to play the guitar, and we whites will have to dance. We can't let that happen. We have that funny way, the Afrikaner, we want to be separate. I want to play my concertina and have my funny braaivleis with a lot of Afrikaners in my own backyard. Leave us alone, man!”²¹

Die Afrikaner-skeuring het oor alle terreine heen gestrek. Gedurende 1988 is die 150-jarige Groot Trek-herdenkingsfees gehou en ook hier het die, deur die KP-gestigte Afrikaner Volkswag (AV), sy eie fees gereël, direk in opposisie met die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) wat allerweë aanvaar is as die enigste erkende kulturele sambreelorganisasie van die Afrikaners. 'n Omsendbrief van die AV in Steynsrus lui onder meer: “Die FAK-feesvieringe dra die stempel van veelrassigheid ... dit is niks anders as die voortsetting van sogenaamde ‘hervorming’ wat ons reeds van 'n eie owerheid en selfbeskikking beroof het en steeds voortgaan om van die blanke 'n minderheidsgroep van vyf miljoen teenoor 40 miljoen vreemdes in sy eie land te maak nie.” Die slotparagraaf lui: “Die Bybel in die hand en in die hart, trek ons die toekoms met vertroue tegemoet.”²²

Die FAK, wat tydens 'n konferensie op 18 en 19 Desember 1929 in Bloemfontein gestig is, se doel oor die jare was om 'n sambreelorganisasie te vorm vir al die Afrikaanse kultuurorganisasies en die organisasie het in 1989 sy 60-jarige bestaan gevier. Uiteraard was daar monumentale hoogtepunte wat enersyds die Afrikaner se posisie versterk het, maar wat ook die NP indirek bevoordeel het. Wat egter in

²¹ *Ibid.*, p. 13.

²² Aucamp-versameling, Afrikaner-Volkswag omsendbrief, s.a.

hierdie jare tragies was en ook soos 'n goue draad deur die Afrikaner se geskiedenis loop, is verdeeldheid. Hierdie eienskap het die Afrikaner se geskiedenis dwarsdeur die twintigste eeu gekenmerk met ramspoedige gevolge op die politieke terrein. Deur samewerking sou hulle hul posisie aansienlik kon versterk.²³

Hoe sterk die KP-steun later in die tagtigerjare was, word weerspieël in 'n koerantopskrif "Treurnich for President" toe *The Sunday Star* in 1987 voorspel het dat die NP die volgende verkiesing gaan verloor. Dié koerant skryf: "The writing is on the wall for the National Party. The NP's latest acquisition of 123 seats to the CP's 22 is distorted and Nat seats will fall like ninepins in the next election." Na NP-neerlae in tussenverkiesings in 1988 waarsku die *Sunday Times* dat "the far right is within striking distance".²⁴

Die vraag kan tereg gevra word hoe die regse bedreiging destyds in NP-geledere vertolk is. Die NP-organisasie was deur al die jare om 'n paar redes baie effektief. Eerstens was die strukture demokraties saamgestel met ampsdraers in leiersposisies wat in hulle gemeenskappe hoog geag en waardeer is. Die party het dus uitstaande mense materiaal as onderbou gehad wat stewig in die gemeenskap ingebed was en baie invloed gehad het. Tweedens was daar 'n korps van vrywillige werkers wat voortdurend lede ingeskryf het, strydde gehou het waar fondse²⁵ ingesamel is en wat die party se saak op elke denkbare terrein, by die kerk, werkplek en sportveld, bevorder het. Derdens het die party beskik oor 'n span

²³ *Handhaaf*, Oktober/November 1989.

²⁴ *The Sunday Star*, 24 Mei 1987, p. 19; *Sunday Times*, 3 April 1988, p. 18.

²⁵ Tot in 1994 het geen politieke party enige fondse van die staat ontvang nie en was almal afhanklik van goedgesinde donateurs.

organiseerders wat met 'n passie provinsies en die land deurkruis het en saam met vrywillige werkers huise besoek en werwingswerk gedoen het.²⁶ As gevolg van bogenoemde het die NP-leierskap altyd sy politieke oor op die grond gehad en het hulle geweet wat in die koppe en harte van hulle ondersteuners aangaan. Die politieke turbulensie wat in die stigting van die KP gemanifesteer het, het deurgesyfer na blanke kiesers. Die NP het besef dat hierdie party 'n ernstige bedreiging vir hulle inhou.

Chris Heunis het in 'n onderhoud gesê die basiese vereistes vir 'n politieke stelsel is of dit geregverdig is, of dit demokraties is, of dit geloofwaardig is en of dit legitimititeit het. Dit beteken kortom dat dit aanvaar moet word. Heunis was van mening dat die fout wat 'n politieke party kan maak, is om bloot te vertolk en nie te lei nie. Die NP het aanvaar dat hy 'n leiersverantwoordelikheid het om mense gereed te maak vir hervorming en die feit dat die party steeds hervorm het ten spyte van wat die KP sê of nie sê nie, 'n groot prestasie was. Desnieteenstaande was die NP bekommerd oor die steunverlies, hoewel daar ook ander faktore soos finansiële omstandighede en ander kwessies was wat kiesers ontevrede gemaak en 'n invloed op hulle partyvoorkeure uitgeoefen het.²⁷

Die NP moes inderdaad op dié tydstip strykdeur rekening hou met die klimaat onder blanke kiesers, wat volgens verkiesingsuitslae al hoe meer regs gesind geword het. So byvoorbeeld het die NP in die 1981-verkiesing 55,9% van die stemme getrek, die partye links van die NP, naamlik die PFP en die NRP 25,7% en dié regsies (die HNP) 16,6%. Hierdie toedrag van sake het verander en in die 1987-verkiesing het die NP 52,2%, dié

²⁶ Aucamp-versameling, onderhoud met Sakkie Pretorius, 28 September 2010.

²⁷ Argief vir Eietydse Aangeleenthede (hierna bloot verwys as AREA), JC Heunis-versameling, onderhoud met A Aggenbach, 1988.

linkses van die NP het na 17,3% gedaal, terwyl die regsies, ná die KP op die toneel verskyn het, 29,6% stemme getrek het.²⁸

Kort na die 1987-verkiezing het die KP in tussenverkiesings groter steun verwerf, want in Standerton verhoog Rosier de Ville die KP-meerderheid van 952 tot 2 854, in Schweizer-Reneke verhoog Pieter Mulder die meerderheid van 191 na 794 en in Randfontein wen Corné Mulder met 'n meerderheid van 3 711.²⁹

In die verkiesing wat op 6 September 1989 gehou is, het die NP se persentasie stemme teruggesak na 48%, die KP se persentasie verhoog tot 31,3%, terwyl die DP (wat die PFP vervang het) matig gestyg het tot 19,9%, maar wat setels betref, het die NP steeds 103 gehad, teenoor die KP se 41 en DP se 34.³⁰ Die NP het dus vir die eerste keer in 'n lang tyd minder as 50% van die uitgebragte stemme getrek en teen hierdie agtergrond moes nie net van dag tot dag geregeer word nie, maar noodsaaklike hervormings moes oorweeg word. Die NP het op hierdie tydstip nie net druk van regs en van links in die blanke geleedere erfaar nie, maar ook van die meerderheid swart mense in die land en vanuit die buiteland.

Vir die NP was dit 'n tyd van maak of breek. Enersyds was daar die besef dat verandering noodsaaklik is en dat daar oor 'n skikking onderhandel moes word. Andersyds was die wesenlike gevaar dat die party sy steun in so 'n mate gaan verloor dat hy nie meer die regerende party gaan wees nie. Net so min as wat daar rede vir optimisme was, was daar ook paniek

²⁸ Statistiese gegewens en tendense van die verkiesing 1987. Uitgereik deur die Kantoor van die Staatspresident, p. 47.

²⁹ *KP Munisipale Nuus*, Augustus 1988, p. 8.

³⁰ *Nasionalis* 8(9), Oktober 1989, p. 2.

en het die party gehoop dat daar 'n staatkundige skikking sou kom wat ook vir hulle wit ondersteunerskorps aanvaarbaar sou wees.

4. 'N NOODTOESTAND WEENS BINNELANDSE OPSTAND EN ONRUS

Gedurende die tagtigerjare het die weerstand uit die regse blanke geledere momentum opgebou en saam met onluste wat deur linkse rewolusionêre magte gestook is, 'n noodtoestand genoodsaak wat op 12 Junie 1986 deur pres. PW Botha aangekondig en daarna jaarliks verleng is tot in 1990 ingevolge 'n proklamasie en die veiligheidswetgewing van 1953. Hierdie wet het bepaal dat die staatspresident verantwoordelik is om 'n noodtoestand te verklaar as omstandighede in die land sodanig is dat openbare veiligheid bedreig word en die normale landswette nie genoegsaam voorsiening maak vir die handhawing van orde en openbare veiligheid nie.³¹

Vir die Nasionale Party (NP) was 1984 tot 1994 'n dekade met talle moeilike aspekte wat trotseer moes word. Sedert September 1984 het Suid-Afrikaners toenemend die teken van talle voorvalle van onrus en terreur, wat hoofsaaklik deur die ANC en ander rewolusionêre groepe geïnstigeer is, geword. Daar was 'n diskoers oor hoeveel krediet die UDF en hoeveel die ANC vir die massaverset vanaf 1984 moes kry. Duisende privaatwonings in swart woongebiede is beskadig en tot Mei 1986 is meer as 1 000 skole verwoes en tienduisende busse en ander voertuie vernietig. Hierdie tydperk is gekenmerk deur wydverspreide intimidasie, boikotte en die ontwrigting van howe en swart onderwys. "Kangaroo"-howe en straatkomitees, deur radikales beheer, het honderde moorde

³¹ J van der Merwe, *Trou tot die dood toe*, p. 112; AREA, PV 203 PW Botha-versameling, 12/6/1, Agtergrondinligting.

onder die vaandel van vryheid gepleeg, deur onder meer die halssnoer-metode.³²

Gedurende 1984 het die ANC besluit dat die revolusionêre oorlog voortaan op vier pilare moes rus, te wete

- Die gewapende stryd deur UmKhonto we Sizwe (MK);
- mobilisering van die massas;
- vestiging van ondergrondse strukture; asook
- isolasie van Suid-Afrika op internasionale gebied.³³

In 'n beleidstoespraak op 8 Januarie 1988 het die voormalige ANC-president, Oliver Tambo, onder meer verklaar:

“Our operational aim must remain that of weakening the enemy all round and strengthening our forces in struggle.”

“We have to spread the spirit of rebellion.”

“The armed struggle constitutes the spearhead of our general offensive ... we must raise the level of this struggle in a decisive manner.”

“You must turn your guns against the common enemy.”

“We all have a task to build this vanguard, the ANC, in the interest of our revolution.”³⁴ (Nie in Afrikaans vertaal nie, maar geplaas in die idioom soos deur ANC bewoord)

Op 8 Januarie 1985 het mnr. Tambo ook die ANC aangespoor om Suid-Afrika deur hul optrede onregeerbaar te maak. Winnie Mandela, destydse

³² C Braam, *Operation Vula*, p.80; Enigiemand in 'n swart woonbuurt wat vermoedelik met die polisie saamgewerk het, is wreed vermoor. Die algemeenste metode was om 'n buiteband om die persoon se lyf te plaas, dit met brandstof te vul en aan die brand te steek, terwyl dansende aktiviste juigend toekyk hoe die gillende slagoffer stadig doodbrand. Vgl ook Van der Merwe, p. 113; *The State of Emergency*, Buro vir Inligting, Junie 1989, p. 5; AREA, PV 203 PW Botha-versameling, 12/6/1, Agtergrondinligting.

³³ Van der Merwe, p. 110; JA Stemmet, *Apartheid under siege, 1984-1988: actions and reactions*, DPhil, Universiteit van die Vrystaat, 2002, p.55; *Sechaba*, Desember 1989, p. 29.

³⁴ *The State of Emergency*, Buro vir Inligting, Junie 1989, p. 11; J Jacobs, *Sechaba* as mondstuk in die ANC se stryd teen blanke oorheersing, 1967- 1989, DPhil, Universiteit van Pretoria, 1992, pp. 151-155.

gade van Nelson Mandela, het halssnoermoorde bepleit, en dit is nie deur Tambo veroordeel nie. Dit het egter, volgens Herbert Beukes, ambassadeur in die VSA, die regering se saak in die buiteland gesterk.³⁵

In Februarie 1989 het Joe Slovo, sekretaris-generaal van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP), onder meer gesê: “As for us the goal is clear – it is to seize power. We are not asking for reform. We want to seize power and establish a peoples’ government. That is the establishment of a socialist South Africa, laying the foundations of a classless Communist South Africa.”³⁶ (Weereens in Engels aangehaal, soos deur Slovo bewoord)

Binne regse geledere het woede in 'n toenemende mate onder blankes opgebou teen wat as die kapitulasie van die witman beskou is. Namate hervormingsmaatreëls in die tagtigerjare mekaar snel opgevolg het, het die reaksie en weerstand uit regse geledere al hoe feller geword. Hulle skyf in blanke geledere was die NP. Daar is selfs na Nasionaliste as Baäl-aanbidders, afgodedienaars en antichriste verwys. Regses, en veral lede van die Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB), het georganiseerd probeer om NP-vergaderings te ontwig en later kon haas geen vergadering gehou word sonder deeglike beplanning en polisiebeskerming nie.³⁷ So het die AWB's Flippie Olivier, LP vir Fauresmith, gedurende 'n parlementêre reses in die middel tagtigerjare van vergadering tot vergadering gevolg en elkeen probeer ontwig omdat hulle missie was dat hy nie een openbare vergadering sou hou nie. Tot soveel as 150 AWB's en ander regses het buite die dorpe waar die NP-vergadering sou plaasvind, byeengekom en hulle strategie beplan. Daarna het hulle die sale beset in die hoop dat

³⁵ *Die Volksblad*, 3 November 1986, p. 9; GD Ntanjane, A historical analysis of the political transformation of the African National Congress (1912-1974), MA-verhandeling, Universiteit van die Vrystaat, 2009, p.78; *Sechaba*, Maart 1985, p. 5.

³⁶ Ntanjano, p. 78; *The State of Emergency*, Buro vir Inligting, Junie 1989.

³⁷ A van der Merwe, *Eugene Terre'Blanche my storie*, pp. 79-95.

hulle die vergaderings so kon ontwig dat dit nie sou plaasvind nie. As, soos die gebruik was, die spreker en sy gevolg die verhoog bestyg het, het die groep spontaan begin sing “Bobbejaan klim die berg”. Dit het moed en vasberadenheid gekos om met vergaderings voort te gaan.³⁸ As dit nie vir die polisie was wat pal op bystand was en selfs moeilikheidmakers gearresteer het nie, sou die NP op baie plekke geen openbare vergaderings kon hou nie. Hierdie onsmaaklike toedrag van sake het in die vroeë negentigerjare voortgeduur.

Die navorser het onder meer ervaar hoe die party aan sabotasie blootgestel is deurdat bomme by NP-kantore, onder meer by die Vrystaatse hoofkantoor in Victoriaweg 40, Bloemfontein, ontplof het. Parlementslede en hulle gades het voortdurend naamlose dreigbriewe ontvang waarin hulle met die dood bedreig is en meegedeel is dat hulle kinders ernstige leed aangedoen sou word as die LP's nie voor 'n sekere datum as parlementslede sou bedank nie. Onderstaande gedeeltes uit 'n naamlose brief, gerig aan Mevr. (*sic*), en gedateer 25 Mei 1991, is deur sommige NP-LP's ontvang wat dit in so 'n ernstige lig beskou het dat dit met die polisiekommissaris, genl. Johan van der Merwe, opgeneem is:

“Hierdie is 'n waarskuwing aan u eggenoot wat ons deur u kanaliseer, omdat ons wil hê dat u moet weet waarom u dalk binnekort 'n weduwee kan wees. Met sy betrokkenheid by die aftakeling van apartheid is u man reeds besig om 'n oordeel oor homself te bring. Sy medepligtigheid in die vernietiging van ons blanke voortbestaan kan nie langer geduld word nie. Daar is besluit om die hele NP-koukus, ministers en adjunkte uitgesluit, te elimineer omdat hulle toelaat dat die wette wat die blanke ras beskerm, op roekelose en onverantwoordelike wyse van die wetboek geskrap word. Met die kabinet en die persone

³⁸ Aucamp-versameling, onderhoud met Flippie Olivier, 28 Februarie 2009.

wat aangewys gaan word om die onderhandelings met die swartes te voer, sal later op gepaste wyse gehandel word vir hulle leiding in die verraad wat plaasvind.

HIERMEE WORD U MAN DIE GELEENTHEID GEGEE OM OOR SY EIE LOTGEVAL TE BESLIS.

Hy bedank as LP voor 10 Junie 1991 of hy en sy kollegas sorg dat daar 'n algemene verkiesing onder die blankes aangekondig word voor 10 Junie, om plaas te vind nie later nie as 11 September 1991.

SLEGS DIE GEWENSTE REAKSIE OP DIE BOGENOEMDE ULTIMATUM SAL ONS VAN OPTREDE WEERHOU.”³⁹

Toe dit later duidelik was dat die onderhandelaars by Kemptonpark op die instelling van 'n uitvoerende oorgangsraad in 1993 besluit het en die parlement so 'n raad deur wetgewing moes bekragtig, het briewe opnuut na NP-LP's gestroom in 'n poging om hulle te oorreed om nie vir die wet te stem nie.

Een naamlose brief het gelui: “Mené Mené Tekél Ufarsin” (Getel, getel geweeg en verdeel) in Daniël 5 vers 25, die woorde wat Belsasar gesien het voordat hy deur die Galdeërs vermoor is.” Mev. MJ Hartzenberg, voorsitter van die KP-dames, skryf: “Moenie daaraan aandadig wees dat ons volk in oorlog gedompel word nie.” Die Vroue Belangegroep van die Afrikaner Volksfront skryf op hulle beurt: “(Sou) u aangaan met die praktyk (om toegewings te maak ter wille van die ANC) sal u in die geskiedenis gebrandmerk wees vir die oorgawe aan die ANC-regering, wat die sekere

³⁹ Aucamp-versameling, naamlose brief en onderhoud met Flippie Olivier, 28 Februarie 2009; *Die Volksblad*, 4 September 1990, p.4.

ondergang van die Suid-Afrikaanse nasie gaan wees.” “Hou op om ons taal, land en godsdiens en vryheid te offer vir die ANC”, vra mev. MGG Potgieter van Zeerust. Mnr. P van der Kooi van Pretoria waarsku: “Verandering van regering kan op tweërlei wyse geskied. Of vreedsaam, dan berus dit op die instemming van die onderdane, oftewel die kieserskorps wat hom aan die bewind gestel het. Of gewelddadig deur omverwerping, verowering en dwang. As, in die eerste geval, daardie instemming ontbreek, of as dit plaasvind as gevolg van ‘n gewelddadige oorname en dwang, onder altwee omstandighede geld dan die reg tot verset.” Mev. Jurina Buitendag van Warmbad skryf: “U mag nie deel hê aan die moord op ons volk nie. Ek smeeek u om helder en skriftuurlik te dink.”⁴⁰

Vier afgetrede weermaggeneraals, te wete genl. CL Viljoen, lt-genls. JC Visser en JJ Bisschoff en genl.-maj. PH Groenewald pleit namens die Afrikaner Volksfront (AV): “Laat u getel word aan die kant van Vryheid vir u volk, en geregtigheid aan alle ander vredeliewende volke van Suid-Afrika. Stem teen die wetsontwerp.”⁴¹

Dieselfde genl. Constand Viljoen, voormalige weermaghoof, het later leier van die Vryheidsfront geword en onder die nuwe grondwet in die parlement gedien. Hy het gedurende die onderhandelinge geen geheim daarvan gemaak dat hy, as 'n militaris, 'n diep gevoel van verraad en woede ervaar het nie. Dat 'n staatsgreep oorweeg is, is ook welbekend en Viljoen het by geleentheid gesê: “Ek het 30 000 gewapende manne wat op staande voet in opstand sal kom”, en: “Jy weet, Georg (aan genl. Georg Meiring wat toe weermaghoof was), as ek en jy wou, kan ons môre

⁴⁰ Aucamp-versameling, briewe aan NP-Volksraadslede, 1991.

⁴¹ *Ibid.*

hierdie land oorneem.” “Ja”, het Meiring tereg geantwoord, “dis waar. Maar ek en jy weet ook: as ons dit doen, wat doen ons die dag daarna?”⁴²

“Was die vloek van Bileam dan nie om die ander volke na hulle feeste te nooi nie ... Waar gaan u stem Vrydag wees: by die Christendom of onder die hamer en sekel?”, skryf M Sypkens van Nylstroom. Konserwatiefdenkende Suid-Afrikaners sou voortgaan om hulle stemme teen die NP te laat hoor. “Ek nader u as nasaat van die trotse boerevrou om te pleit dat u nie die vroue en kinders van hierdie land aan die genade van die ANC/SAKP sal uitlewer nie”, vra mev. M Scholtz van De Deur, terwyl Danie Müller van Bredasdorp skryf: “Stem so dat u teenoor God verantwoording kan doen. U kan mos nie sê dat u ‘n Christen is en dan nie die beste vir die Christendom beding nie.” “Meneer, u word nog ‘n geleentheid gebied om u keuse te maak. Te kies vir die volk waarin u geplaas is, en om God Drie-enig te aanbid of te kies om u volk te verwerp en alle gode te aanbid”, waarsku ‘n kieser van Nylstroom.⁴³

Gedurende die onderhandelinge het daar op 25 Junie 1993 duisende AWB’s en ander regse betogers om die Wêreldhandelsentrum in Kemptonpark saamgetrek om protes aan te teken. Hulle het die terrein binnegedring en met ‘n groot voertuig deur die glasventers tot in die ingangsportaal gebars. Honderde persone in kakie AWB-drag het die gebou binnegedring en vir ‘n paar uur lank die gebou oorgeneem en verwoesting gesaai voordat hulle uiteengegaan het. Gedurende die besetting het hulle die ergste vorms van straatboewery en onverbloemde rassisme aan die dag gelê.⁴⁴

⁴² Frederick van Zyl Slabbert, *Duskant die geskiedenis*, p. 24.

⁴³ Aucamp-versameling, briewe aan NP-Volksraadslede, 1991.

⁴⁴ FW de Klerk, *Die laaste trek-'n nuwe begin*, p. 296; A van der Merwe, pp. 151-159.

Op die aansoekvorm vir lidmaatskap van die Afrikaner Volksfront (AV) moes aansoekers die volgende onderskryf:

1. "Dat ek God Drie-enige erken as beskikker van die lotgevalle van nasies.
2. Dat ek te alle tye volkseenheid onder Afrikaners/Boere en alle ander patriotte sal bevorder.
3. Dat die Afrikaner/Boerevolk reg op selfbeskikking in 'n eie soewereine staat nie onderhandelbaar is nie.
4. Ek die idee van 'n eenheidstaat onder enige ander staatvorm waarbinne lede van ander volke oor my Afrikaner/Boerevolk en mede-patriotte sal regeer of mede-regeer, verwerp.
5. Dat ek glo dat wet en orde gehandhaaf moet word in 'n Afrikaner/Boerestaat sodat die vrede en veiligheid van alle patriotte daarin gewaarborg sal wees."⁴⁵

Benewens die militante AWB onder sy leier, Eugene Terre'Blanche, was daar ook aan regse kant die Boerestaat Party, onder die leierskap van Robert van Tonder, wat eweneens onrus gestook en oorlogspraatjies die wêreld ingestuur het. Hulle het in 1990 verantwoordelikheid aanvaar vir ontploffings voor *Beeld* se kantore in Johannesburg "in reaksie op wat *Beeld* en die Nasionale Regering doen". Piet (Skiet) Rudolph, die voortvluggende onderleier van die party, het enkele ure na die twee ontploffings 'n politieke verslaggewer, Peet Kruger, gebel en gesê: "Jy het jou boodskap gekry."⁴⁶

Dit is ook skreiend hoe godsdienstige deur radikale regs en linkses in hierdie tyd misbruik is om hulle sentimente oor te dra. 'n Voorbeeld van elk dien ter illustrasie. In Wes-Transvaal is 'n dokument met 'n hoogs

⁴⁵ *Die Volksblad*, 4 September 1990, p. 4.

⁴⁶ *Ibid.*

rassistiese inhoud versprei: Dit is 'n parodie van Psalm 23. Die opskrif van hierdie kwetsende stuk is: "Die Kaffer se psalm." Dit begin met die woorde "F.W. de Klerk is my Herder, ek het nie nodig om te werk nie ...". Die Psalm word afgesluit met: "Hierdie wonderlike gesindheid sal my volg al die dae van my lewe, of in elk geval totdat die KP regeer."⁴⁷

In die Vrystaatse Goudvelde het 'n koor in die Engelse weergawe van Ps. 100 vers 4 en Ps. 118 vers 24 die naam "Mandela" gebruik in plaas van "The Lord". 'n Gedeelte daarvan het gelui: "I will enter His gates with thanksgiving in my heart. I will enter His courts with praise. I will say this is the day Mandela (The Lord) has made. I will rejoice for He has made me glad."⁴⁸

Die onderstaande opruiende lied is selfverduidelikend:

SING OUR OWN SONG

"The great lot of tears we have cried
 My brothers and sisters have died
 Over 400 years we were in chains
 Shed away the pain and strengthen our hearts.
 Now we turn back the tide.
 We will no longer hear your command
 We will siege the control from your hands.
 You will find no friends
 for our anger and pain
 You will feel ashamed
 What you did in God's name
 We fight for the right to be free*
 We will build our own Society
 We will sing We will sing
 our own song.

⁴⁷ *Die Nasionalis*, Augustus 1989.

⁴⁸ *Volksblad*, 27 Maart 2009, brief van Joe Venter, destydse verslaggewer.

In the ancient drums rhythm
 The voice of our forefathers sing
 Forward Africa, run
 Our day of freedom has come.
 For me and for you
 AMANDLA AWETHU!
 *Herhaal x 5”⁴⁹

Van kardinale belang is dat hierdie houding van die twee uiterstes van die politieke spektrum versoening gekortwiek, polarisasie in die hand gewerk en die klimaat vir sinvolle onderhandeling vir die NP moeiliker gemaak het.

5. ALTERNATIEWE KUNSTENAARS MAAK STEM DIK

Gedurende 1984 tot 1994 het alternatiewe kunstenaars soos sangers van die Voëlvry-beweging, asook skrywers en digters al hoe meer krities teenoor die Nasionale Party (NP) geraak en in publikasies, soos *Die Vrye Weekblad* van Max du Preez en *Die Suid-Afrikaan* van Antjie Krog, erg negatief te velde getrek teen die sogenaamde verkrampte establishment. So publiseer *Die Suid-Afrikaan* ‘n liedjie op die wysie van die FAK se “Die Wandellied”:

“As ek moeg word vir die fokop van P.W. en gatvol raak vir Vlok.
 Dan roep ons al die kamerade op om nou die kak te stop.
 En ons marsjeer deur Suid-Afrika en ons marsjeer deur Lusaka.
 En sing ons vryheidslied x 2, ens.”⁵⁰

Die invloed van erkende skrywers soos Breyten Breytenbach, André P Brink en Etienne Leroux op die politieke gang van sake is eweneens ‘n debatspunt. Hulle, tesame met al die ander in die kuns- en

⁴⁹ Aucamp-versameling, strooibiljet, 1991.

⁵⁰ *Die Suid-Afrikaan* 48, Maart/April 1994, p.10.

vermaaklikheidswêreld wat vyandiggesind teenoor die NP was, se waarde het eerder daarin gelê dat hulle die internasionale wêreld se siening beïnvloed het as wat hulle ernstig deur die NP opgeneem is.⁵¹

6. INTERNASIONALE DRUK VERGROOT

‘n Baie belangrike faktor in die ontplooiing van die NP se beleid en die hervormingsmaatreëls wat vanaf 1984 ingestel is, was die houding van die internasionale gemeenskap. Enersyds het druk, kritiek en sanksies tot op ‘n punt Suid-Afrika se selfstandigheid verhoog en die land met innoverende ontwikkeling met die wêreld laat saamgesels, asook ‘n houding van “ons het hulle nie nodig nie” laat posvat. Hierdie houding was dalk nie so irrasioneel as daar gelet word op die vermoë van die Suid-Afrikaanse Weermag in daardie tyd, asook die kernwapenvermoë waaroor die land beskik het nie. Faktore wat die NP se selfrespek en selfvertroue ook verhoog het, was die feit dat die Suid-Afrikaanse ekonomie in die vyftigerjare groter was as dié van Japan, Suid-Afrika een van die mees snelgroeiende ekonomieë in die sestigerjare was en in die sewentigerjare sy infrastruktuur met rasse skrede uitgebrei het.⁵²

Andersyds is die land stelselmatig geïsoleer op politieke, akademiese, ekonomiese, kulturele, godsdienstige en sportterreine. Hoe graag die NP-leiers dus wou glo dat hulle nie rondgestoot of voorgeskryf sou word nie, hoe sekerder het dit geword dat Suid-Afrika nie in isolasie kon groei en voortbestaan nie. Die druk uit alle oorde en die gevoel, reg of verkeerd, dat die internasionale wêreld Suid-Afrika se unieke omstandighede nie vertrou en *bona fide*-optrede deur die regering nie waardeer nie, het die frustrasie van leiers verhoog.

⁵¹ Aucamp-versameling, onderhoud met dr. Willem Odendaal, 29 September 2010.

⁵² *Volksblad*, 28 September 2010, p.11.

In die redaksionele kommentaar van 'n spesiale uitgawe van die tydskrif, *Leadership*, in 1988, is die voor- en nadele van internasionale druk op en sanksies teen Suid-Afrika in oënskou geneem. Tewens, die hele uitgawe is onder die titel *Sanctions*, aan dié onderwerp gewy. Die redakteur sluit sy relaas af: "Sanctions as a principle of anti-apartheid warfare can no longer be regarded by supporters as 'not up for discussion'. It is. But anti-sanctioneers must offer new initiatives too, and not imagine that any reconsideration by their opponents implies the onset of their defeat. That would be a serious mistake. A way out must mean a way forward. Or else there will be no end to the torment."⁵³

Die NP se taak het algaande moeiliker geword en die probleme waarmee hulle gekonfronteer is, het in intensiteit toegeneem. Die internasionale gemeenskap het sanksies ingespan om hulle afkeer in apartheid te toon en baie lande het ook op so 'n wyse van hulle skuldgevoelens oor diskriminasie ontslae geraak. Pres. PW Botha het gereeld verwys na hoe Suid-Afrika onregverdiglik die muishond van die wêreld gemaak word. Wat vir Suid-Afrikaners moeilik was om te verwerk en tot groot frustrasie onder NP-leiers aanleiding gegee het, was die dubbele standaard waarmee die land gemeet is en die wyse waarop Westerse lande morele uitsprake gemaak en Suid-Afrika verdoem het vir aangeleenthede waaraan hulself skuldig was. Een daarvan was die kwessie van slawerny in die VSA. 'n Ander voorbeeld was die behandeling wat inheemse groepe in Australië ontvang het. Botha verwys tydens die NP se federale kongres op 12 Augustus 1986 in Durban na voorbeelde hiervan toe hy pres. Abraham Lincoln van die VSA aanhaal wat gesê het: "There is a physical difference between the White and Black races ... I am in favour of the race to which I belong having the superior position ... I am not, nor ever have been, in

⁵³ *Leadership*, Sanctions, 1988/89, p. 3.

favour of making voters or jurors of Negroes, nor of qualifying them to hold office, nor to intermarry with White people.” Na ‘n besoek van ‘n swart afvaardiging in 1909 aan Brittanje, voor die ontwerpgrondwet van die Unie van Suid-Afrika aangeneem is, sê die destydse Aartsbiskop van Kantelberg in ‘n toespraak in die Britse Hoërhuis in die konteks van daardie tyd “... that it was justifiable to impose on the Black people of South Africa restrictions and limitations that correspond with those which we impose on our children, because the overwhelming majority of the South African population would for generations to come be quite unfit to share equal citizenship rights with the Whites”.⁵⁴

Nader aan die huis verwys pres. Botha ook na uitsprake van die destydse leier van die opposisie, genl. JC Smuts, na 1948 in die parlement: “It is so far-fetched to think that the United Party or any party can be so stupid as to embark on those policies (of equal rights) that it passes the wit of man. Equal rights never had been our policy ... We stand and have always stood for European supremacy in this country ... We have always stood and we stand for social and residential separation - - -, and for the avoidance of all racial mixture.”⁵⁵

Belangwekkend, terwyl die NP die skuld vir apartheid kry, verklaar die Verenigde Party voor die 1948-verkiesing: “Die Verenigde Party verklaar weereens met die allergrootse nadruk dat hy ‘n voorstander is van, en hom altyd beywer vir die instandhouding van die blanke westerse beskawing en die blanke lewenstandaard. En om daardie standaard te handhaaf, glo die Verenigde Party dat dit tot die voordeel van rasse en kleure sal strek as die blankes die regeerders van hierdie land bly.”⁵⁶

⁵⁴ Toespraak van pres. PW Botha tydens NP se federale kongres, 12 Augustus 1986, Durban.

⁵⁵ *Ibid.*

⁵⁶ *Verkiesingsnuus* – ‘n publikasie van die Verenigde Party, p. 10.

Wat pres. Botha egter nie beseef het nie, is dat hy met hierdie uitsprake sy eie filosofie oor die politiek negeer het. Hy is immers die persoon wat gesê het dat 'n politieke party sy beleid by veranderde omstandighede moet aanpas. In hierdie verband kan sy toespraak van “adapt or die” in Upington in Julie 1979 getuig, asook sy uitspraak tydens 'n Kaapse kongres van die NP in 1981: “'n Volk wat nie in veranderde tye kan beweeg nie, sterf.”⁵⁷ Wat Botha waarskynlik beoog het, was om aan te dui dat daar 'n tyd was toe redelike mense in ander lande, soos die VSA, en ook in Suid-Afrika, ook die ideologie van apartheid ondersteun en goedgepraat het en dat die NP nie uitgesonder moet word as die sondebok wat alleen apartheid uitgedink, verdedig en toegepas het nie.

Wat Suid-Afrika ook na 1984 die hardste getref het, was die olie- en wapenboikot. Die land moes duur vir die ontwikkeling van sy eie wapentuig, kernkrag en die produksie van olie uit steenkool betaal. Suid-Afrika was teen 1980 vir 80% van sy vervoersektor van buitelandse olie afhanklik, maar toe die oliekartel, OPUL (Organisasie van Petroleum-uitvoerlande), in 1973 oliesanksies ingestel het, het Iran dit verontagsaam tot in 1979 toe die sjah onttroon is en Iran hom by OPUL aangesluit het, waarna Suid-Afrika hom toegespits het op kernkragontwikkeling, die gebruik van opgegaarde voorrade, die produksie van olie uit steenkool, asook hoogs geheime transaksies. In 'n stadium het die land net genoeg olievoorrade vir agt dae tot sy beskikking gehad.⁵⁸

Die Verenigde Nasies (VN) het sy eerste wapenverbod in die vroeë sestigerjare ingestel en Suid-Afrika gedwing om by ander lande as Brittanje en die VSA wapens te koop. Die Suid-Afrikaanse wapenbedryf het egter so skouspelagtig ontwikkel dat die land baie na aan

⁵⁷ D Prinsloo, *Stem uit die Wilderness*, p. 98.

⁵⁸ Hermann Giliomee & Bernard Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 390.

selfversorgend geraak het. Die Krygstuigkorporasie (KRYGKOR) is in die lewe geroep en was verantwoordelik vir die verkryging, lewering en ontwikkeling van krygstuig aan die Weermag. Resolusie 418 van 4 November 1977 van die Veiligheidsraad van die VN, het Iedelande verplig om die uitvoer na en lewering van wapentuig en militêre toerusting aan Suid-Afrika te staak.⁵⁹

Die doel van die wapenboikot was om te verhoed dat Suid-Afrika enige wapens of ammunisie van die buiteland af kon invoer. Hy sou homself en sy inwoners daarom nie kon verdedig nie. Hieruit is op die lange duur meer voor- as nadele gebore, omdat die ontwikkeling en vervaardiging van krygstuig ook tot ontwikkeling op ander terreine bygedra het. Die ironie is dat Suid-Afrika se wapenbedryf so suksesvol was dat die VN met Resolusie 558 op 13 Desember 1984 Iedelande verbied het om krygstuig vanaf Suid-Afrika in te voer.⁶⁰

Die destydse eerste minister, BJ Vorster, het in 1974 toestemming gegee vir die ontwikkeling van 'n beperkte kernplofvermoë en die oprigting van 'n ondergrondse toetsgebied, die Vastrapgebied, ongeveer 100 kilometer noord van Upington. Goedgekeurde uraanverrykingseksperimente en 'n verrykingsprogram is reeds in die sestigerjare deur die Atoomenergieraad (AER) begin en die eerste hoogverrykte uraan is in 1978 gelewer.⁶¹

Die motief met die ontwikkeling van die land se kernvermoë was nie om kernbomme in 'n oorlog te gebruik nie, maar eerder om as internasionale onderhandelingshefboom te dien, byvoorbeeld teenoor die VSA en die Sowjetunie, en daarom is die produksie en die beskikbaarheid van die wapen geheim gehou. Pres. FW de Klerk het ook in 1993 in die parlement

⁵⁹ Magnus Malan, *My lewe saam met die SA Weermag*, p. 231; Stemmet, pp. 2-10.

⁶⁰ Malan, p. 252.

⁶¹ *Ibid.*, p. 218.

gesê dat die besluit om hierdie vermoë te ontwikkel, geneem is teen die agtergrond van die Sowjetunie se ekspansionistiese bedreiging in Suider-Afrika, sowel as die onsekerheid omtrent die bedoelings van die Warschause Verdragslande en die opbou van Kubaanse magte in Angola sedert 1975. Die siening dat hierdie kernvermoë noodsaaklik was, is versterk deur Suid-Afrika se relatiewe internasionale isolasie – en die feit dat daar nie gereken kon word op hulp van buite in die geval van ‘n aanval nie.⁶²

Die doelwit was die ontwikkeling van sewe kernklowingstoestelle/bomme wat die minimum was vir toetsdoeleindes, en om daarna ‘n geloofwaardige afskrikvermoë te behou. Toe die program gestaak is, was slegs ses toestelle/bomme voltooi. Die program was onder die regstreekse beheer van die regeringshoof, wat besluit het dat dit deur KRYGKOR bestuur en in werking gestel moes word. Kennis oor die bestaan van die program is beperk tot ‘n aantal ministers op ‘n “moet-weet”-basis.⁶³

Die ineenstorting van die Sowjetblok, die verkrummeling van kommunisme en die simbolisering daarvan deur die val van die Berlynse Muur teen die einde van 1989, het gelei tot die onttrekking van die Sowjetunie en sy kernoorlogpotensiaal uit suidelike Afrika. Die militêre bedreiging teen Suid-Afrika het dramaties afgeneem en daarom kon die beëindiging van Suid-Afrika se kernwapenprogram reeds in 1990 deur ‘n *ad hoc*-kabinet-komitee heroorweeg word. Hierdie komitee het aanbeveel dat Suid-Afrika hom gewillig moet verklaar om die Kernsperverdrag (KSV) te onderteken, alle bestaande kernplofkoppe so gou as moontlik af te takel, die kern-

⁶² Hansard, 24 Maart 1993, kol. 3569.

⁶³ RSA Beleidsorsig 6, 4 Mei 1993, pp. 70-71; Malan, pp. 218-229.

materiaal wat in die kernkoppe gebruik is, te smelt en by die AEK onder streng beheer te bewaar.⁶⁴

Op 24 Maart 1993 kon pres. FW de Klerk op 'n gesamentlike sitting van die parlement aankondig dat die uitvoering van al die besluite volgens plan verloop en dat die aftakelingsproses geskied het onder die gesamentlike beheer van die AEK en KRYGKOR. Prof. WL (Wynand) Mouton, 'n kernfisikus en voormalige rektor van die Vrystaatse Universiteit, is as onafhanklike ouditeur aangestel om toesig oor die proses te hou. Dit was sy taak om hom daarvan te vergewis dat van elke gram kernmateriaal verantwoording gedoen word en dat alle hardeware en ontwerp-inligting vernietig word. Suid-Afrika het op 10 Julie 1991 tot die Kernsperverdrag toegetree en op 16 September 1991 die waarborg-ooreenkoms met die Internasionale Atoomenergie-agentskap (IAEA) gesluit.⁶⁵

Dit is onwaar dat die meerderheid swart mense die internasionale gemeenskap se toepassing van disinvestering en sanksies goedgekeur het. Gedurende die tagtigerjare het weersprekende inligting oor die houding van swart Suid-Afrikaners ten opsigte van disinvestering en sanksies in die plaaslike en buitelandse media verskyn. Tussen 1984 en 1987 is nie minder nie as 13 opnames oor die houding van swart mense gedoen, wat veral belangrik was met die oog op die Statebondskonferensie wat in Oktober 1987 in Vancouver (Kanada) gehou is, asook die dreigende American Comprehensive Anti-Apartheid Act. Nadat prof. Lawrence Schlemmer van die Sentrum vir Toegepaste Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit van Natal al die opnames ontleed het, kom hy tot die gevolgtrekking dat "... in dié stadium 'n minderheid van een-derde, of

⁶⁴ Malan, pp. 222-223.

⁶⁵ *Hansard*, 24 Maart 1993, kol. 3572.

minder, van die swart mense in groot metropolitaanse gebiede hulle ten gunste van totale disinvestering of ekonomiese boikotte sal uitspreek. Hulle rede, soos my ondersoek aandui, is bloot dat hulle nie bereid is om gesamentlike ekonomiese strafmaatreëls in die sanksieproses te verduur nie.”⁶⁶

Pres. PW Botha het gereeld gesê dat Suid-Afrika ‘n sogenaamde totale aanslag beleef het. Sy opvolger, FW de Klerk, noem dat die Staatsveiligheidsraad (SVR) elke twee weke ingelig is oor die uiters ernstige situasie wat Suid-Afrika in die gesig gestaar het gedurende die tagtigerjare. Nie net is die land gekonfronteer met ‘n veldtog om Suid-Afrika onregeerbaar te maak as die voorspel tot ‘n revolusie nie, maar ‘n uitgebreide en onverbiddelike internasionale veldtog is deur die internasionale apartheidsalliansie oor ‘n baie lang tydperk teen die land gevoer. Sanksies het ‘n al hoe ernstiger bedreiging vir die land geword en algaande het die net in byna elke sfeer van internasionale betrekkinge stywer begin span.⁶⁷

7. SPORTBOIKOTTE EN DIE GEVOLGE DAARVAN

In ‘n, soos algemeen beskryf word, sportmal Suid-Afrika, is dit verstaanbaar dat sport deur die jare, veral onder Afrikaners, ‘n baie belangrike, maar ook emosionele onderwerp was. Die mate waarin sportboikotte en – isolasie as ‘n strategie tot die uiteindelijke staatkundige veranderinge in die land bygedra het, is steeds debatteerbaar, hoewel daar eenstemmigheid is oor die feit dat dit inderdaad ‘n besliste rol gespeel het om nie net

⁶⁶ Aucamp-versameling, brief van dr. Stoffel van der Merwe, adjunkminister van inligting en staatkundige beplanning - parlamentslede, 2 November 1987.

⁶⁷ De Klerk, p. 132.

gelyke sportgeleenthede vir alle Suid-Afrikaners te eis nie, maar ook aan te dring op gelyke politieke regte vir alle landsburgers.⁶⁸

Daar bestaan egter 'n wanopvatting dat apartheid in sport deur die NP-regering se beleid in 1948 sy beslag gekry het. Die teendeel is egter waar, naamlik dat “sport-apartheid” bestaan het lank voordat beleid afsonderlike ontwikkeling op alle samelewingsvlakke deur wetgewing gereël het. Sedert 1948 was Suid-Afrika se situasie egter uniek deurdat sport die objek van burgerlike stryd in die naam van sosiale geregtigheid geword het, wat nie net spelers nie, maar die bevolking as geheel betrek het.⁶⁹

Na republiekwording in 1961 was die nadelige gevolge van die apartheidsbeleid op Suid-Afrika se internasionale verhoudinge nêrens duideliker geïllustreer as op die gebied van sport nie. Die toenemende isolasie van Suid-Afrika op sportgebied was 'n pynlike aanduiding dat die land se internasionale status nie genormaliseer sou word alvorens apartheid verdwyn nie.⁷⁰

Realisme het die NP genoop om in 1967 al 'n nuwe sportbeleid te aanvaar ingevolge waarvan vir die eerste keer vanaf regeringsweë ingestem is dat Suid-Afrika deur 'n enkele veelrassige span by die Olimpiese Spele verteenwoordig kon word. So erg was die regse verset binne die NP teen die sportbeleid, dat 'n groep parlamentslede onder leiding van dr. Albert Hertzog op 25 Oktober 1969 die Herstigte Nasionale Party (HNP) in Pretoria gestig het. Hierdie inisiatief van die NP het egter nie die uiteindelijke internasionale sportisolasië voorkom nie, maar was inderdaad

⁶⁸ C Rademeyer, “No normal sport in an abnormal society – Sports isolation and the struggle against apartheid in South African sport, 1980 – 1992”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 25(1), Junie 2000, p. 17.

⁶⁹ R Acher and A Bouillon, *The South African game. Sport and racism*, p. 302.

⁷⁰ JA du Pisani, “BJ Vorster se nuwe sportbeleid as faktor in die verdeeldheid binne die Nasionale Party wat gelei het tot die stigting van die Herstigte Nasionale Party”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 9(2), Desember 1984, p.35.

die begin van die versnelde veranderinge wat die party teweeg gebring het.⁷¹

Dat daar apartheid en rassisme in sport was, is 'n feit en daarom kan daar vandag min ontkenning wees dat die aanvanklike redes vir sportisolasieregverdig was. Organisasies soos SASA (South African Sports Association – 1958), SANROC (South African Non-racial Olympic Committee – 1962), SACOS (South African Council on Sport – 1973) en die NSC (National Sports Council – 1989) is gestig in weerstand teen diskriminasie in sport. Hierdie organisasies het met ander anti-apartheidsbewegings saamgewerk en algaande 'n kragtige bolwerk teen Suid-Afrika gevorm.⁷²

Die NP-regering het hom aanvanklik nie baie aan toenemende sportboikotte gesteur nie, hoewel benewens rugby en krieket, die land in 1980 alle internasionale sportdeelname ontsê is. Dit was eers laat in 1978 dat die PW Botha-administrasie groter erns met die wolk van internasionale druk gemaak het. Wat sake bemoeilik het, is dat die sportisolasieregverderger is deur ander faktore soos die Soweto-oproer van 1976, die dood van die swart bewussynsleier, Steve Biko, in aanhouding, die oorlog in Angola (1966-1989) en die Gleneagles-verklaring⁷³ van 1977. Die Gleneagles-verklaring het ernstige gevolge vir Suid-Afrikaanse sport ingehou, aangesien die Gleneagles-vergadering van Statebondshoofde ooreengekom het “to vigorously combat the evil of apartheid by withholding any form of support for, and by taking every practical step to

⁷¹ *Ibid.*, pp. 35 – 74.

⁷² G Kotze, *Sport en politiek*, p. 38; C Braam, *Operation Vula*, pp. 11 – 13.

⁷³ Die amptelike naam van die verklaring is die “1977 Commonwealth Statement on Apartheid in Sport; N Mearlane, *Sport and politics – A world divided*, p. 110.

discourage contact or competition by our nationals with sporting organisations, teams or sportsman from South Africa".⁷⁴

Om die internasionale mening te probeer oortuig, het die regering aangedui dat hulle bereid is om die outonomie van sportliggame te waarborg. Hoewel nie-rassige sportliggame tot stand gekom het, het die druk nie afgeneem nie. In 1982 het 'n verslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) aanbeveel dat wetgewing verander moes word wat nie-rassige sport inhibeer en dat die beginsel van outonomie in sport behou en uitgebou moes word. Die RGN se aanbeveling het die weg gebaan vir die aanpassings oor sportbeleid wat daar gedurende die tagtigerjare plaasgevind het.⁷⁵

Die uitsluiting van swart Suid-Afrikaners in die Driekamerparlement van 1984 was waarskynlik ook 'n rede hoekom die slagspreuk steeds "No normal sport in an abnormal society" was.⁷⁶ Die sportbeleid was waarskynlik die mees overte van sanksies teen Suid-Afrika, omdat baie Westerse lande nie 'n totale handelsboikot teen Suid-Afrika kon bekostig nie en die sportboikot wêreldwyd deur baie individue en organisasies ondersteun is.⁷⁷

Gedurende die tagtigerjare was Suid-Afrikaanse sport die slagveld vir die geveg tussen die bestaande sportstrukture en nie-rassige strukture. Die gevestigde strukture het rebeltoere gereël ter wille van oorlewing. Hierdie toere het aan sportondersteuners internasionale kompetisie

⁷⁴

Ibid.

⁷⁵ C Cooper (red.), *Survey of race relations in South Africa*, 1983, p. 638.

⁷⁶ Slagspreuk deur die South African Council on Sport (SACOS) gebruik.

⁷⁷ T Koederman, *Sanctions. The threat to South Africa*, p. 231.

gebied en ook gehelp om sportkodes soos rugby en krieket plaaslik te laat oorleef.⁷⁸

Feit bly, sport-isolasie het 'n groter werklikheid geword en uiteindelik 'n wesenlike bydrae gemaak tot die druk wat daar op die NP-regering geplaas is om te hervorm en om gelyke geleenthede en regte aan alle Suid-Afrikaners, ongeag ras, toe te ken. Twee beginsels wat deurentyd as ononderhandelbaar beskou is, was nie-rassigheid en meriete. Dit bly ironies dat daar steeds (16 jaar na demokrasie) deur die regering gepoog word om sportspanne volgens demografiese verhoudings en dus nie op meriete nie, saam te stel. Dit is moreel net so onregverdigbaar as wat die NP se beleid voor 1967 was.

Met die 2 Februarie 1990-toespraak van pres. FW de Klerk is die laaste spreekwoordelike hekkie oorgesteek en is daar begin om die grense van sportisolasie af te breek.⁷⁹ Suid-Afrika se sportlui het vinnig deel van die internasionale sportgemeenskap geword en die sportpubliek kon teen 1991 onbelemmerd hulle sporthelde plaaslik en oorsee sien meeding – ook in verskeie wêreldtoernooie wat later suksesvol in Suid-Afrika aangebied is.

8. SANKSIES SPAN DIE NET STYWER

Gedurende die ampstermyn van pres. Ronald Reagan van die VSA was die houding jeens Suid-Afrika ietwat meer genaakbaar en is daar op 'n beleid van “konstruktiewe betrokkenheid” besluit. Hierdie beleid is later basies verontagsaam deur die groeiende druk in die VSA vir sanksies, veral in 1985 en 1986. In Julie 1985 het die Chase Manhattan Bank

⁷⁸ Rugby is beskou as tweede 'godsdienst' vir Afrikaners, terwyl wit Suid-Afrikaners krieket steeds as hulle besondere domein beskou het.

⁷⁹ *Die Burger*, 18 November 1993.

besluit om nie sy betaalbare lenings te verleng nie. Nieteenstaande die feit dat pres. Reagan konstant sanksies verwerp het as metode om verandering in Suid-Afrika teweeg te bring, het hy tog beperkte sanksies teen die land goedgekeur in 'n poging om meer omvattende voorstelle deur die kongres af te weer. In September 1986 het die Amerikaanse kongres besluit om Reagan se veto van die Comprehensive Anti-Apartheid Bill ter syde te stel en om nuwe sanksies teen Suid-Afrika in te stel wat ingesluit het 'n verbod op die invoer van Suid-Afrikaanse landbouprodukte, tekstiel, steenkool, ystererts, yster, uraan en goue munte, asook 'n verbod op die uitvoer van sekere tegnologie. Die Suid-Afrikaanse Lugdiens (SAL) se landingsregte is ook opgeskort. Teen Oktober 1987 het 96 Amerikaanse maatskappye hulle aan Suid-Afrika onttrek. Onder dié wat hulle aktiwiteite gestaak het, was Ford, General Motors, Kodak en IBM. Gelukkig is hulle Suid-Afrikaanse belange in die meeste gevalle plaaslik verkoop en kon sake basies voortgaan. Teen die einde van 1987 is die veldtog 'n stap verder gevoer toe 'n gesamentlike komitee van die Senaat en Huis van Verteenwoordigers die Rangel-amendement aanvaar het met die gevolg dat Amerikaanse maatskappye, wat sake met Suid-Afrika doen, belasting in albei lande moes betaal. Amerikaanse uitgewers en boekverspreiders het ook aangekondig dat hulle nie meer sake in Suid-Afrika gaan doen nie.⁸⁰

Gedurende 1986 het die Europese Ekonomiese Gemeenskap (EEG) ook besluit om beperkte sanksies toe te pas deur onder meer alle militêre bande met die land te verbreek. Nieteenstaande sterk teenstand van mev. Margaret Thatcher, Britse eerste minister, het die leiers van die Statebond tydens 'n vergadering in 1986 in die Bahamas op 'n soortgelyke reeks sanksies besluit, maar is dit aan lidlande oorgelaat om self te besluit watter sanksies toegepas moes word. Na aanleiding van 'n besluit wat

⁸⁰ *Amptelike Jaarboek van Suid-Afrika 1988-1989*, pp. 203-204.

daar geneem is, het 'n Commonwealth Eminent Persons Group (EPG) onder leierskap van mnr. Malcolm Fraser, Australiese eerste minister, Suid-Afrika in Mei 1986 besoek in 'n poging om die regering te oorreed om toe te gee aan die Statebond se besluit en eise ten opsigte van verandering. Sommige Statebondslende, soos Kanada en Australië, het inderdaad later beperkte sanksies teen Suid-Afrika ingestel. Tydens die Statebondskonferensie in Vancouver (Kanada) in Oktober 1987 is besluit om 'n komitee van buitelandse sake-ministers saam te stel om die vraagstuk van sanksies teen Suid-Afrika te monitor en om aanbevelings te maak. Brittanje het geweier om in die komitee te dien.⁸¹

Hierdie gewraakte "totale aanslag" op Suid-Afrika het vir die regerende party en deelgenote gedwing tot 'n pro-aktiewe en *inklusiewe teenstrategie*. Daarvoor het die NP 'n bewusmakingsveldtog en algemene mobilisasie oor partypolitieke verdelings benodig. Sommige historici meen dat sanksies die land duur gekos het, maar nie op sigself die Suid-Afrikaanse regering gedwing het om 'n skikking te bereik nie, terwyl ander van mening is dat sanksies die land uiteindelik sou laat doodbloei. Pres. PW Botha het byvoorbeeld 'n duidelike boodskap die wêreld ingestuur tydens 'n nuuskonferensie na afloop van die Britse minister van buitelandse sake, sir Geoffrey Howe, se vredesending teen die middel van 1986, toe hy gesê het dat Suid-Afrika nie sou swig voor druk om met vermoede kommuniste te onderhandel nie. Hy het gesê hy glo nie aan sanksies nie en as sanksies toegepas word sonder inagneming van al die pogings om die land op te bou en te ontwikkel, sou Suid-Afrika geen alternatief hê as om in sy eie belang op te tree nie. Sanksies wat ten opsigte van wapentuig en olie toegepas is, is oorkom. "As ons gedwing word totdat ons met ons rug teen die muur staan, het ons geen ander

⁸¹ *Ibid.*; *Die Nasionalis*, 4-8 Augustus 1986, p. 1.

keuse as om met selfrespek op te staan en aan die wêreld te sê u sal Suid-Afrika nie tot selfmoord dwing nie”, het Botha verklaar.⁸²

Hierdie houding was moontlik realisties in daardie stadium, maar later sou dit blyk dat die NP kon maak en sê wat hy wou, maar as die meerderheid Suid-Afrikaners en die meerderheid van die res van die wêreld ander oortuigings gehad het, sou dit op die lange duur eenvoudig nie haalbaar wees nie.

9. DIE BOTHA-REGERING SKOP VAS

PW Botha het gedurende 1986 'n baie besliste houding ingeneem dat hy hom deur niemand sou laat “rondstoot” nie en sy siening was baie duidelik tydens 'n NP-Federale Raadsvergadering op 6 Junie 1986 in Kaapstad toe die onderskeie mosies bespreek is wat tydens die federale kongres op 12 en 13 Augustus in Durban sou dien. Hy het onder meer gesê dat dit tyd is dat hy sy standpunte stel oor staatkundige aangeleenthede, omdat sekere uitgangspunte bepaalde gevolge het en dat hy op 'n persoonlike noot wou begin. Hy was die enigste een van die ouer geslag wat nog in die kabinet was wat oor die jare baie aanpassings gemaak het en hulle laat lei het deur die realiteite in die land om bedelings te soek wat groter regverdigheid sou bewerkstellig en terselfdertyd groter welwillendheid sou probeer skep. Die Nasionale Party-regering het oor die jare heen groot welwillendheid tussen die onderskeie bevolkingsgroepe tot stand gebring. Hierdie welwillendheid is egter benadeel sedert die begin van die “derde geweldsaanslag” teen Suid-Afrika. Hy het die eerste aanslag vroeg in die sestigerjare as jong minister beleef en die tweede was in die sewentigerjare. Die huidige was egter beter georganiseerd, omdat alle strukture deur die “bose magte” se aanslag bedreig word – die

⁸² *Die Nasionalis*, 4-8, Augustus 1986, p. 1.

onafhanklike state se leiers word as belaglik voorgestel, as verraaiers, terwyl die selfregerende state se leiers geminag en selfs bedreig word. Iemand soos IVP-leier, mnr. Mangosuthu Buthelezi, se lewe word in so 'n mate bedreig dat hy beskerm moes word. Leiers van stedelike gemeenskappe soek ook beskerming teen intimidasie. Al die regering se positiewe stappe word verder verdwerg deur 'n internasionale veldtog waaraan die Weste deelneem. Mense soos George Schultz, die VSA se minister van buitelandse sake, en elemente van die Europese Ekonomiese Gemeenskap (EEG) vorm deel van die kommunistiese aanslag – vir hul persoonlike doeleindes.⁸³

Pres. Botha wou ook weet “waar die lekkasies van die afgelope tyd vandaan kom”, verwysende na die moontlikheid dat mense naby sy binnekring dalk sekere inligting kon laat uitlek.⁸⁴ Hy het voortgegaan en gesê dat die regering nie net deur die jare gefaal het nie, maar soms ook groot sukses gehad het. “Ons beleid teenoor ander bevolkingsgroepe moet 'n positiewe een wees en nie gebou wees op die negatiewe, met ander woorde reaktiewe nie.”⁸⁵ Botha het voortgegaan deur te sê dat die land nie moes toegee aan “die totale aanslag” nie en dat hy hoop die weerstand kon gehandhaaf word totdat hy nie meer sy pos beklee nie.

Hierdie persoonlike en dramatiese standpunte is in gespanne stilte aangehoor: “Ek het deur die jare standpunte prysgegee in belang van Suid-Afrika en in belang van samewerking – mens kom op 'n punt – ek is nie bereid om verder te skik ter wille van samewerking nie.” Hy vervolg dat

⁸³ Aucamp-versameling, outentieke bandopname van NP-Federale Raadsvergadering, 6 Junie 1986.

⁸⁴ Volgens persoonlike gesprekke met HJ (Kobie) Coetsee, voormalige minister van justisie, wat self nie hoë agting vir Pik Botha, minister van buitelandse sake, gehad het nie, het pres. Botha sy naamgenoot met agterdog bejeën. Tewens, Coetsee kon nie verstaan hoekom pres. Botha nie van mnr. Botha as kabinetslid ontslae kon raak nie. Hy het by geleentheid gesê “as Pik 'n kat was, het hy meer as nege lewens gehad”.

⁸⁵ Aucamp-versameling, bandopname, 6 Junie 1986.

daar nie na die NP-Federale Kongres gegaan kon word sonder om duidelik die staatkundige koers aan te dui nie, "want die land en die party vra dit van ons".⁸⁶ Botha het op dié tydstip kortliks sy siening oor die staatkundige situasie in die land gegee:

- 1) Suid-Afrika is 'n multikulturele land, waarin die regte van alle groepe beskerm moes word. Selfbeskikkingsreg moet aan minderheids-groepe gegun word;
- 2) Die selfregerende state, soos die TBVC-state, se outonomie en hulle reg tot onafhanklikheid, moes eerbiedig word;
- 3) Groot konsentrasies swart mense naby metropolitaanse gebiede moes die reg tot selfregering en outonomie, insluitend die reg tot onafhanklikheid as stadstate, kry – onderhewig aan die beskikbaarheid van grond en water;
- 4) Devolusie (of afwenteling) van mag moes plaasvind tot op die tweede- en derdevlak van regering;
- 5) Strukture vir die behartiging van gemeenskaplike belange moes geskep word. Die voorgestelde Nasionale Raad word aanvaar as 'n instrument om beraadslaging te bevorder tussen die kabinet, nasionale state en stedelike gebiede. 'n Stateberaad kon uiteindelik ontwikkel op die beginsel van selfbeskikking en deelname aan gemeenskaplike sake op die basis van konsensus; en
- 6) Tussen die RSA en die selfregerende (TBVC) state kon 'n instelling soos 'n konstellasie van state tot stand kom vir die hantering van gemeenskaplikheid op daardie vlak.

Die vraag: in watter mate druk en die "totale aanslag" die NP-leiers beïnvloed het om te verander, het weereens opgeduik. Dit het in 1986 nie voorgekom asof pres. Botha hom enigsins sou laat voorskryf nie, want hy

⁸⁶ *Ibid.*

sê: “Ek het myself blootgestel aan baie dinge toe ek op die voorpunt was om hierdie nuwe bedeling (die 1983-grondwet) tot stand te bring. Ek sal by die nuwe bedeling staan ten spyte van uitlatings wat uit sekere Huise (van die Parlement) kom en ek sal probeer om dit (die nuwe bedeling) verder te bevorder, maar ek is nie bereid om swart leiers in die parlement in te bring nie – u moet dit nou weet. Nie nou nie en nie môre nie”. Want dan, het hy geargumenteer, sou blank Suid-Afrika se selfbeskikkingsreg daarmee heen wees.⁸⁷

Botha gaan voort: “Ek sal die nuwe bedeling met Kleurlinge en Indiërs probeer bevorder na die beste van my vermoë solank as wat ek nie die selfbeskikkingsreg van Blank Suid-Afrika aantas nie. As ons daarvan (ons beleid) afwyk, sal dit nie lank neem om op die glyweg van die Progs te wees nie en ons moet wegstuur van die glybaan waarop ons vyande ons wil stuur. Dan sal die party nie meer lank aan bewind wees nie en sal die party tot niet gaan. Blank Suid-Afrika het ‘n selfbeskikkingsreg solank as wat ek hier (as leier) is – en ek dink nie die Party sal na my iemand kies wat ‘n ander siening het, want dan’s die Party tot niet – ek praat baie reguit. ... Daar kom ‘n tyd in ‘n mens se lewe dat jy moet vastrap teen die Schultze en die Crockers (Chester Crocker was die onderminister van buitelandse sake in die VSA) vir wie ek nie 'n minuut tyd het nie. En dit is nou so 'n tyd. Ek hoop dat die Konstitusionele Komitee (van die Kabinet) dit (ons beleid) so sal formuleer – doen hulle dit nie, sal ek dit doen, want ek praat voor hulle (op die kongres)” (gelag).⁸⁸ Hy het ten slotte 'n oproep gedoen dat die NP op sy ingeslane koers, met aanpassings en met die verrekening van realiteite, moes bly. Hy het sterk klem daarop gelê dat blank Suid-Afrika selfbeskikkingsreg in hierdie land het en dat dit die standpunt sou wees solank as wat hy die leier is.

⁸⁷ *Ibid.*

⁸⁸ *Ibid.*

Omstandighede sou inderdaad verander. 'n Skrale drie jaar na hierdie vergadering was Botha nie meer die NP se hoofleier nie en is die noodsaaklikheid van 'n onderhandelde skikking al hoe meer besef. Die nuwe leier, FW de Klerk, het die politieke gaping gevat toe die Berlynse Muur val en daarna sou dinge vinnig gebeur en die land onherroeplik verander. Agt jaar na die vergadering was swartes nie net in die parlement nie, maar het hulle die regering gevorm nadat die NP krisisbesluite geneem het en 12 jaar later was ook die party tot niet.

Na die historiese toespraak van pres. De Klerk op 2 Februarie 1990, toe hy vriend en vyand verras het deur verbode organisasies soos die ANC, PAC en SAKP te ontban, politieke gevangenes (onder andere Nelson Mandela) vry te laat en 'n hervormingsproses aan te kondig, is 'n aantal ekonomiese, kulturele, akademiese en sportsanksies opgehef.

Die internasionale gesindheid teenoor Suid-Afrika het daarna dramaties verander. Die eerste stap is in Julie 1991 geneem toe die VSA-president, George Bush, die Comprehensive Anti-Apartheid Act opgehef het. Ander lande en organisasies het sy voorbeeld gevolg gedurende die tweede helfte van 1991. Switserland het vaste beperkings op kapitale uitvoer teen Suid-Afrika opgehef, terwyl Israel onder meer sy verbod op militêre samewerking laat vaar het. Die Europese verbod op yster- en staaluitvoere en Krugerrande is in Januarie 1992 opgehef en Denemarke het sy voorneme uitgespreek om sanksies te laat vaar.⁸⁹

Finland en Noorweë het besigheidsanksies in Maart 1992 laat vaar, terwyl die VSA die verbod op hulp aan Amerikaanse uitvoerders na Suid-Afrika

⁸⁹ *Sacom News*, soos aangehaal in *Nasionalis*, Julie 1992, pp. 2, 11-16 en *Die Volksblad* 13 Februarie 1990, p. 1.

laat vaar het. In 1991 het Japan volle diplomatieke bande met Suid-Afrika gesluit en feite-ondersoek missies het die land daaglik besoek. Thailand, Korea en die Filippyne het besigheidsanksies laat vaar en Duitsland het die verbod op handel in Suid-Afrikaanse grond, goudmunte, yster, staal en steenkool opgehef. Kanada en Mexiko het besigheidsanksies laat vaar en uitvoere na Suid-Afrika toegelaat. Suid-Afrikaanse vrugte is ook sedert November 1991 in Ierland toegelaat.⁹⁰ Internasionale deure het inderdaad eensklaps vir Suid-Afrika oopgegaan.

10. GEWAPENDE STRYD NEIG NA ANARGIE

Die ander aspek waarna vroeër in die hoofstuk verwys is en waarmee die NP deeglik rekening moes hou, was die teenstand wat die party se beleidsrigting van radikales binnelands ervaar het en wat tot grootskaalse onrus en geweld aanleiding gegee en die instelling van 'n noodtoestand tot gevolg gehad het.

In sy gewapende stryd was die ANC tussen 1976 en 1983 vir 362 dade van geweld verantwoordelik. Hoë profiel teikens is getref soos 'n SASOL-installasie in 1980, die Voortrekkerhoogte militêre basis in Pretoria in 1981 en die Koeberg-kernreaktor naby Kaapstad in 1982. Die motorbom wat die ANC in 1983 by die lugmaghoofkwartier in Kerkstraat, Pretoria, laat ontplof het, het die lewe van 19 burgerlikes geëis.⁹¹

Die instelling van die Driekamerparlement in 1984, wat swartes uitgesluit het, het die regering se radikale teenstanders tot aksie aangespoor. In 1983 is die United Democratic Front (UDF) gestig om as anti-apartheid sambreelorganisasie te dien en om bedrywighede van ongeveer 700

⁹⁰ *South African Profile*, *South African Communication Service*, April 1992, pp. 26-27 en *SA Dialogue* 3, 4 April 1991, p. 3.

⁹¹ H Giliomee, *Die Afrikaners*, p. 567; J van der Merwe, pp. 110-114.

organisasies te koördineer. Die organisasies het vakbonde, jeuggroepe, kerkgroepe, akademies, sportliggame, gemeenskapsorganisasies en vrouegroepe ingesluit. Massaveldtogte is geloods deur UDF-leiers soos Archie Gumede, Albertina Sisulu (vrou van die gevange ANC-aktivis, Walter Sisulu) en eerw. Allan Boesak. Hierdie UDF-veldtogte het spoedig die binnelandse arm en mobilisatiemiddel van die verbode ANC en sy uitgeweke leiers in Lusaka geword. Daar is 'n meningsverskil hieroor. Die idee dat die UDF 'n blote frontorganisasie van die ANC was, word betwis. Hul sentrale doel was om die land onregeerbaar te maak.⁹² Helen Zille, tans leier van die Demokratiese Alliansie (DA), roem vandag steeds daarop dat sy 'n stigterslid van die UDF was.⁹³

Gedurende die tagtigerjare het die drasties-verskerpte rewolusionêre aanslag 'n geweldige toename in terreur, onrus en misdaad in die land tot gevolg gehad. Die dade van terreur het soos volg toegeneem: 1976 - 4; 1984 - 44; 1986 - 230; 1987 - 253; 1988 - 281.⁹⁴

Die hoofdoel van die teenstanders van die NP-regering was om die land onregeerbaar te maak en baie swartes wat met die regering vereenselwig is, het die teikens vir brandstigting, aanranding en moord geword. Meer verantwoordelike UDF-leiers het beheer oor die massas verloor en talle verdagte meewerke is voor rewolusionêre skynhowe (die sogenaamde "boendoehowe") gedaag en barbaarse strawwe opgelê. Dikwels is die vonnisse deur skoolkinders voltrek. Die ergste hiervan was die sogenaamde halssnoermoorde. Onderwys is totaal ontwig deur skoolboikotte en onderwyserstakinge, te midde van die slagkreet van "no education before liberation". Straat- en blokkomitees is gestig om die

⁹² De Klerk, p. 132; *Sechaba*, Oktober 1984, p. 8.

⁹³ Persoonlike mededeling deur dr. Corné Mulder, VF-LP aan enkele oud-LP's, Bloemfontein, 30 Augustus 2008.

⁹⁴ Aucamp-versameling, toespraak van Adriaan Vlok, minister van wet en orde, tydens NP-kandidatekonferensie, 30 Junie 1989.

bestuur van swart gemeenskappe oor te neem. Hulle het funksioneer onder 'n groter organisasie wat as die "Civics" bekend gestaan het. Hierdie mense het oral met groot sukses verbruikersboikotte gereël, wat menige plattelandse dorpe lamgelê en besighede geruïneer het. Verder het die Civics baie effektief boikotte ingestel op die betaling van huur- en dienstegeld in swart woongebiede, wat talle munisipaliteite vinnig bankrot gemaak het en na die amalgamasie van munisipaliteite selfs die reserwekapitaal van ekonomies gesonde munisipaliteite opgeslurp het. Dit sou 'n blywende invloed op munisipaliteite, ook in die nuwe Suid-Afrika, hê.⁹⁵

Suid-Afrika is boonop ook militêr van buite bedreig. Die Sowjetunie en sy Kubaanse bondgenote het in die tagtigerjare 'n al hoe dreigender houding vanuit buurstate ingeneem en Suid-Afrika was vanaf 1966 reeds in 'n lae-intensiteitsoorlog in Noord-Namibië en Suid-Angola betrokke, terwyl guerillatroepe, wat in buurstate gebaseer was, aanvalle teen die land begin loods het.⁹⁶ Hierdie globale bedreiging, wat 'n onkonvensionele oorlog was, het ook 'n onkonvensionele reaksie ontlok en is reeds in 1977 in 'n Witskrif oor Verdediging uitgewys. So 'n reaksie sou die staat se optrede op talle terreine, naamlik militêr, sielkundig, ekonomies, sosiologies, polities, tegnologies, diplomaties, ideologies en kultureel koördineer en die Staatsveiligheidsraad (SVR) sou die liggaam wees wat dit sou doen.⁹⁷

Algemene geweld en opstand het gedurende 1985 sodanige afmetings aangeneem dat 'n gedeeltelike noodtoestand op 20 Julie aangekondig is, wat weer in Maart 1986 opgehef is. Die situasie het egter so kritiek geword dat 'n landwye noodtoestand op 12 Junie 1986 afgekondig is,

⁹⁵ J van der Merwe, pp. 125-134; Jacobs, pp. 92-107.

⁹⁶ De Klerk, p. 132; Sechaba, November 1985, p. 20.

⁹⁷ De Klerk, p. 132; Malan, pp. 347-354.

soos vroeër in hierdie hoofstuk genoem. Dit is etlike jare tot in 1990 deur die NP-regering heringestel. Tussen Maart en Junie 1986 is 284 swart Suid-Afrikane deur rewolusionêres vermoor – 172 by wyse van die halssnoermetode. Meer as 1 400 huise en besighede van swartes is óf beskadig óf vernietig. Die noodtoestand het egter die omvang van onrusverwante voorvalle laat afneem. Die Suid-Afrikaanse prentjie het egter geensins rooskleurig gelyk nie. Wat terreur betref, het die polisie in 1986 nagenoeg 149 terroriste/vryheidsvegters gearresteer, terwyl 48 gedood is. Die syfers vir 1987 was 188 en 39 en vir 1988 sowat 206 en 42.⁹⁸

Skokkende statistiek word in 'n verslag van die Goldstone-kommissie⁹⁹ weergegee oor mense wat brutaal vermoor of baie ernstig beseer is deur halssnoermoorde en die aan-die-brand-steek (“setting alight”) van mense.¹⁰⁰

Halssnoermoorde

Periode	Persone gedood	Persone ernstig beseer
01/09/84 tot 31/12/85	67	3
1986	306	22
1987	16	4
1988	5	0
1989	12	0
1990	48	7
1991	24	0
1992	25	0
Jan – Maart 1993	2	0

Aan-die-brand-steek van mense

⁹⁸ De Klerk, p. 137, Aucamp-versameling, toespraak van Adriaan Vlok, 3 Junie 1989; *RSA Beleidoorsig* 5(9), Oktober 1992, pp. 13-27.

⁹⁹ Die Goldstone-kommissie was 'n onafhanklike permanente kommissie van ondersoek insake die voorkoming van openbare geweld en intimidasie wat op 24 Oktober 1991 deur die staatspresident ingevolge artikel 3 van die Wet op die Voorkoming van Openbare Geweld en Intimidasie, 1991 (Wet 139 van 1991) ingestel is. Daar is met verloop van tyd tussentydse verslae gepubliseer.

¹⁰⁰ Goldstone-kommissie, tussentydse verslag, p. 9.

Periode	Persone gedood	Persone ernstig beseer
01/09/84 tot 21/12/85	114	50
1986	171	69
1987	26	6
1988	12	3
1989	72	22
1990	101	50
1991	102	39
1992	112	81

Vir die NP-regering was hierdie brutale optrede van aktiviste 'n bron van groot kommer sedert 1984. Dit het 'n vrees-psigose by Suid-Afrikaners laat posvat en die NP forseer om op te tree om dit te besweer.

Hoewel die doelstellings van die ANC met sy stigting in 1912 aanvanklik vreedsaam was met as primêre doelwit die uitbreiding van die politieke regte en die bevordering en verbetering van die sosio-ekonomiese omstandighede van swart mense, het die organisasie met verloop van tyd meer militant geword nieetenaande die feit dat die eertydse ANC-president en ontvanger van die Nobelprys vir Vrede in 1961, hoofman Albert Luthuli, op morele gronde teen geweld gekant was. Jonger lede wat op groter militantheid aangedring het, het in 1959 weggebreek van die ANC en die Pan Africanist Congress (PAC) onder Robert Sobukwe gestig. Hulle militêre vleuel, POQO, is later tot APLA herdoop. Die Nasionale Uitvoerende Komitee (NUK) van die ANC het in 1961 ingestem dat militêre optrede/geweld onvermydelik was en mnr. Nelson Mandela, latere ANC-president, opdrag gegee om voort te gaan met die stigting van *Umkhonto we Sizwe* (Spies van die Nasie of MK) op 16 Desember van daardie jaar. Die aankondiging van die stigting is ingelui deur die plasing van bomme by elektriese kragentrales en regeringsgeboue in Johannesburg, Port Elizabeth en Durban.¹⁰¹ Die politieke geweld van die

¹⁰¹ Malan, pp. 348 – 350.

tagtigerjare is hoofsaaklik gepleeg deur die ANC/SAKP en hulle militêre vleuel, MK, asook die PAC en hulle militêre vleuel APLA.

Daar bestaan uiteraard groot meningsverskil oor die moraliteit van 'n gewapende stryd en die aanwending van geweld ter bereiking van sekere doelwitte. Hieruit spruit die vraag of the ANC 'n vryheidsbeweging of terroriste-organisasie was. Genl. Magnus Malan, voormalige NP-minister van verdediging, argumenteer dat die ANC as vryheidsbeweging gestig is, maar met hulle verandering in strategie en besluit om die stryd gewapend voort te sit, in 'n terroriste-organisasie verander het. Die VSA en Brittanje het hulle onder meer ook as sodanig getipeer. Die akademikus, Albert Venter, haal Nicolas Kittrie van die American University in Washington aan wat sê 'n bevrydingsbeweging wat nie internasionale aanvaarde metodes gebruik om 'n geregverdigde politieke doelwit na te streef nie, is skuldig aan terrorisme en dus aan misdaad. MK-lede het ook nie meer voldoen aan die internasionale protokol van 1977 nie.¹⁰²

Aanvanklik was die ANC se aanvalle gemik teen die staatsgesag, wat installasies en hulle personeel ingesluit het, en as sogenaamde "harde teikens" gedefinieer is. In 'n verklaring na die Kabwe Konferensie in 1985 is besluit om nie meer 'n verskil tussen "harde" en "sagte" teikens te maak nie en aanvalle op sagte teikens is toenemend gpropageer, onder meer deur Joe Modise, bekende MK-leier, op 1 Desember 1985 op Radio Freedom: "Our people must organize themselves into groups, manufacture traditional weapons which must be used against the enemy. After arming themselves in this manner, our people must begin to identify collaborators and enemy agents and kill them." Op 20 Januarie 1985 saai Radio Freedom die volgende boodskap uit: "Puppets were killed, their houses burned, many were forced to resign and are still resigning today." Die-

¹⁰² Prof. Albert Venter in *Rapport*, 11 Mei 1997.

selfde radiostasie berig op 7 Oktober 1985: “The strategy of burning sell-outs of the system seems to have paid out well in the ultimate end.” En op 13 April 1986 skok Winnie Mandela die wêreld toe sy sê: “With our boxes of matches and our necklaces, we shall liberate this country.” MK was in meer insidante binnelands betrokke, maar die noodtoestand het ook meegebring dat die NP-regering doeltreffende teenmaatreëls getref het.¹⁰³

Die PAC/APLA het ook deurentyd hulle doelwit “om die wit rassistiese koloniale oorheersing omver te werp”, met mening bevorder. Johnson Mlambo, die bevelvoerder van APLA, sê byvoorbeeld: “In the view of APLA, the armed struggle is the continuation and not the substitute for political mass action.”¹⁰⁴

Die volgende standpunt in ‘n redaksionele kolom van *Azania Combat* laat ook geen twyfel oor APLA se deurlopende verbondenheid aan die PAC nie: “And so we wish from the outset to state once more here that the Azanian masses, led by the mighty Pan Africanist Congress of Azania, cannot abandon the bullet until the ballot is secured to contest for political power in South Africa.”¹⁰⁵

In ‘n artikel in dieselfde koerant maak Nemadzivhanani Maxwell Nemadzivkanini die volgende verklaring: “The current exploratory talks between the PAC and Pretoria will not lead to the suspension of the armed struggle being waged by the organization through its guerilla wing, APLA.”¹⁰⁶

¹⁰³ Uittreksels uit die Goldstone-kommissie-verslag; *Sechaba*, Augustus 1985 pp. 1-5; Sien ook CJB le Roux se proefskrif getiteld *Umkhonto we Siswe: its role in the ANC's onslaught against white domination in South Africa, 1961-1988*.

¹⁰⁴ *Azania Combat* 13, 1991.

¹⁰⁵ *Ibid.* 15, 1992.

¹⁰⁶ *Ibid.*

Die NP moes vanaf 1984 tot 1994 hierdie onverkwiklike situasie hanteer. Geweld, stakings, die sogenaamde “rollende massa-aksie” (“rolling mass action”) wat dienste op baie plekke lamgelê het ooreenkomstig ‘n besluit van die South African National Civic Organisation (SANCO) in Augustus 1992, was aan die orde van die dag. In ‘n stadium is byvoorbeeld net in die Vaaldriehoek, die plaaslike owerhede van Evaton, Sebokeng, Boipatong, Bophelong en Sharpeville so geteister dat basiese dienste soos watervoorsiening, riolering, vullisverwydering, elektrisiteit, die herstel van paaie en die funksionering van tronke nie gelewer kon word nie. Net 20% van alle munisipale rekeninge in die gebied is betaal en miljoene inwoners het daaronder gely.¹⁰⁷

Die huidige sekretaris-generaal van die ANC, Gwede Mantashe, het byvoorbeeld in 1982 ‘n leidende rol gespeel in die stigting van die Nasionale Mynwerkersunie (NUM) en roem daarop dat hulle binne 14 maande na sy stigting 24 stakings uitgeroep het. Hy meen die mynstaking van 22 dae wat die NUM in 1987 uitgeroep het, was ‘n keerpunt in die geskiedenis van die land, aangesien dit ook na vele ander sektore uitgebrei het, en ‘n jaar later het die Dakar-beraad gevolg.¹⁰⁸

11. SUIDWES-AFRIKA/NAMIBIË

‘n Ander aspek wat Suid-Afrika en die NP deurlopend gedurende die twintigste eeu in die internasionale spervuur laat beland het, was dié land se betrokkenheid by Suidwes-Afrika (SWA). SWA (tans Namibië) was voor die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) ‘n Duitse kolonie bekend as Duits-Suidwes-Afrika. Gedurende die oorlog is Suid-Afrika deur Brittanje versoek om die gebied aan te val en tot oorgawe te dwing – iets wat

¹⁰⁷ *RSA Beleidsorsig*, 5-8 September 1992, pp. 42-46.

¹⁰⁸ *Landbouweekblad*, 13 Februarie 2009, p. 21.

inderdaad gebeur het en tot groot spanning onder Afrikaners gelei het omdat baie Afrikaners met Duitsland gesimpatiseer het. Ingevolge die bepalinge van die Verdrag van Versailles wat op 28 Junie 1919 onderteken en die oorlog amptelik beëindig het, het Suidwes-Afrika 'n sogenaamde C-mandaatgebied van Suid-Afrika, wat as Britse dominium lid van die Volkerebond was, geword.¹⁰⁹

Suid-Afrika wou na die Tweede Wêreldoorlog (1945) Suidwes-Afrika by die Unie inlyf, maar die teenstand van die VN en die Derde Wêreldleiers was te hewig en daar het Suid-Afrika se stryd begin wat uiteindelik op 'n bloedige oorlog tussen 1966 en 1989 uitgeloop het en onder meer tot die onafhanklikheid van SWA as Namibië op 21 Maart 1990 gelei het. SWA het dus nooit aan Suid-Afrika behoort nie, maar het die VN se pogings teëgestaan totdat dié land in 1978 Resolusie 435 aanvaar het ingevolge waarvan daar vir SWA se onafhanklikheid in ooreenstemming met 'n skikkingsvoorstel deur vyf Westerse lande in die VN se Veiligheidsraad voorsiening gemaak is. Die situasie is egter gekompliseer met die toevoeging van Kubaanse troepe in Angola vir aanwending teen onder andere UNITA, die opposisiemagte van dr. Jonas Savimbi. Die Kubane en MPLA-magte het ook dekking verskaf aan gewapende SWAPO-magte. Omdat die teenwoordigheid van Kubaanse magte¹¹⁰ as 'n bedreiging vir die hele subkontinent beskou is, het die Suid-Afrikaanse regering die inwerkingstelling van Resolusie 435 teengestaan tot tyd en wyl ooreengekom kon word oor die onttrekking van Kubaanse magte aan Angola.¹¹¹

¹⁰⁹ Malan, p. 69; Vgl. ook die nuttige data betreffende die NP-regering se standpunte en strewes t.o.v. SWA en die VN se Resolusie 435 in Theresa Papenfus se boek *Pik Botha en sy tyd*.

¹¹⁰ Die bondgenootskap tussen die ANC en die Kubaanse staatshoof, Fidel Castro, is ook geïllustreer toe Suid-Afrika hom in 2009 vereer het met die Orde van Metgeselle van OR Tambo. *Rapport*, 29 Maart 2009, p. 20.

¹¹¹ Aucamp-versameling, politieke notas van min. HJ Coetsee, 1989; Malan, pp. 202 - 206.

Onderhandelinge tussen die RSA, Angola en Kuba het op 3 Mei 1988 begin en verdere samesprekings het in Junie 1988 in Kairo, Julie 1988 in New York en Augustus 1988 in Genève plaasgevind en gelei tot die Geneefse Protokol. Die pakket waarop ooreengekom is, was die hou van 'n vrye verkiesing wat tot onafhanklikheid van SWA/Namibië sou lei, asook 'n ooreenkoms tussen die RSA, Angola en Kuba wat gemik was op die totstandkoming van blywende vrede in die gebied en die onttrekking van Kubaanse troepe aan Angola. Hierdie ontwikkeling is as 'n mylpaal in die groei na bestendige vrede in die subkontinent beskou. Die ondertekening van die vredesooreenkomste in New York op 22 Desember 1988 was simbolies van die begeerte van die deelnemende partye om geweld en konflik ter bereiking van politieke oplossing te vermy.¹¹²

Nieteenstaande al die edel voornemens, het SWAPO-troepe in groot getalle, strydig met die ooreenkoms, op implementeringsdag, 1 April 1989, die onderneming geskend en daardeur die internasionale gemeenskap en die gesag van die VN direk uitgedaag. Weereens het die drie partye deur die Mount Etjo-deklarasië hulle verbintenis tot die ooreenkomste bevestig en SWAPO tot verantwoording geroep.¹¹³

Toe Namibië op 21 Maart 1990 onafhanklik geword het, is heelwat van die internasionale druk verlig en is dit weereens bewys dat deur onderhandelinge voortgesette konflik vermy en beëindig kon word.

Nieteenstaande die feit dat misdaad, geweld en konflik steeds onaanvaarbaar was, het die besef al hoe wyer uitgekring en posgevat dat Suid-Afrika se toekoms ten beste rondom die onderhandelingsstafel bepaal moes word. Ten einde geweld en onrus te voorkom en die land vir 'n

¹¹² Onafhanklikheid van SWA/Namibië en Kubaanse troepe – onttrekking, departement van buitelandse sake, Mei 1989 pp. 1-13.

¹¹³ *Ibid.*

demokratiese bestel voor te berei, was dit nie net nodig dat polisiëring verskaf moes word nie, maar dit was ook gebiedend noodsaaklik dat inisiatiewe geneem moes word en strukture daargestel moes word om samewerking en verdraagsaamheid tussen politieke groepe te bevorder en vertroue in die veiligheidsmagte se optrede en regeringsinisiatiewe te bevestig. Daarom het die NP-regering vanaf 1990 verskeie stappe gedoen om hierdie oogmerke te bevorder. Hierdie stappe was onder meer die aangaan van bilaterale ooreenkomste soos die Groote Schuur Minuut (Mei 1990), die Pretoria Minuut (Augustus 1990) en die DF Malan-akkoord (Februarie 1991). Die Nasionale Vredesverdrag (September 1991) was ook 'n belangrike stap van die Nasionale Party ten einde die gevaarsituasies te ontfont.¹¹⁴

Op 14 September 1991 het daar 'n vredesberaad in Johannesburg plaasgevind wat tot 'n historiese akkoord gelei het waarin 29 politieke staats- en vakbondorganisasies hulself verbind het tot 'n kode van demokratiese waardes en die soeke na vrede. Die doel van die vredesverdrag word in die aanhef verwoord, naamlik: "To signify our common purpose to bring an end to political violence in our country and to set out the codes of conduct, procedures and mechanisms to achieve this goal."¹¹⁵ Pres. FW de Klerk het die verdrag namens die Suid-Afrikaanse regering onderteken en het na afloop van die ondertekening onder meer gesê:

"Geweld bring ontbering. Sy tol is die dood, vernietiging, lyding en armoede. Vrede benadeel niemand nie. Die voordele daarvan is onberekenbaar. Geweld kom feitlik vanself. Al wat nodig is, is om vrye teuels aan aggressie, selfsug en roekeloosheid te gee. Vrede word moeilik

¹¹⁴ Regeringspublikasie – Nasionale Vredesverdrag, 14 September 1991, p. 1.

¹¹⁵ *Ibid.*, p. 4.

bereik. Dit verg werk, toewyding, dissipline en ooreenstemming. Geweld is sonde. Vrede is God se opdrag. Daarom kies ons vrede. Die ondertekening van hierdie verdrag is maar net een tree op die veeleisende pad na vrede wat nog voorlê, maar dié eerste stap verteenwoordig 'n belangrike deurbraak. Dit lê 'n stewige fondament waarop ons kan voortbou. Die duisternis van geweld maak plek vir die lig van vrede.”¹¹⁶

Die tafel was nou inderdaad gedek vir onderhandelinge vir 'n nuwe staatkundige model. Daar sou egter nog baie water in die see loop voordat dit gebeur.

¹¹⁶ RSA *Beleidsorsig* 4, November/Desember 1991, pp. 61-62.

HOOFSTUK 4

DIE NASIONALE PARTY SE METAMORFOSE: LEIERS- EN KOERSVERANDERING (1982-1989)

Die tagtigerjare was lotsbepalend en veeleisend vir die Nasionale Party (NP). Dit was beslis nie bloot omdat ongekende drama later, in 1989, rondom die leiersposisie van die regerende party ontstaan het nie. In die woorde van dr. Leon Wessels, latere lid van die NP se onderhandelingspan by KODESA en ondervoorsitter van die Grondwetskrywende Vergadering, het die onweerswolke in hierdie tyd dik opgesteek. Daar was polarisering; daar was opstand en weerstand in die lug. Die United Democratic Front (UDF) was besig om die NP-regering te isoleer met die slagspreuk: “Isolating Botha in his laager.” Die regs-gesinde Konserwatiewe Party (KP) het geweldig energie getap terwyl die African National Congress (ANC) – in die tronk en in ballingskap – hulle jare lank voorberei het. Almal het met ingehoue asem gewag vir iets om te gebeur – ten goede of ten kwade.¹

Die algemene verkiesing, wat in 1989 gehou is, sou die eerste geleentheid wees waarin wit, bruin en Indiër-kiesers op dieselfde dag, hoewel nog op afsonderlike kieserslyste, die onbetwisbare mandaat aan die NP gegee het om oor ‘n nuwe staatkundige bedeling te onderhandel. Maar alvorens dit sou gebeur, sou daar binne die NP en in die land in ‘n kort tyd, baie water in die see loop.

Die hoedanigheid waarin wit Suid-Afrikaners, spesifiek Afrikaners, die werklikheid van die land en daarmee saam die verkeerdheid van apartheid

¹ Leon Wessels, *Vereeniging, Die onvoltooide vrede*, p. 194.

of diskriminasie begin besef en aanvaar het, word weerspieël in 'n skrywe van HJ (Herman) Strauss. As hoogleraar en eertydse hoof van die departement staatsleer en latere dekaan van die fakulteit lettere en wysbegeerte aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat, en lid van die Presidentsraad, rig hy 'n skrywe aan die Vrystaatse NP-partyleiding gedurende die laat tagtigerjare, onder die opskrif: “'n Besielende leuse vir die Nasionale Party”.

Strauss skryf destyds dat die staatkundige stryd van die Afrikaner in twee woorde saamgevat kan word, vryheid en identiteit – oftewel republikanisme en apartheid. Hy sê dat die KP met sy partisie-leuse daarop voortbou, omdat hulle sê dat slegs in die “gepartisioneerde” blanke staat die vryheid en identiteit van die Afrikaner gewaarborg sal wees. Dit besorg aan die partisie-leuse 'n sterk houvas op 'n aansienlike deel van die Afrikanerdom, omdat republikanisme en apartheid in een slagspreuk saamgesmee word. Hoe onhaalbaar dit is en hoeveel ongeregtigheid daarmee gepaardgaan, maak nie vir die KP saak nie. Hy sê tereg: “Op die keper beskou, is partisie heelhuids in erbarmlike ongeregtigheid gedrenk.”²

Teen hierdie verbloemde ongeregtighedsinslag van die KP se partisie-leuse, sê Strauss, moet die NP sy eie besielende leuse duidelik by die Afrikaners, die ander blankes en die res van die bevolking oortuigend laat inslag vind. Dit moet ondubbelsinnig pleit vir die behoud van vryheid en die identiteit van elke bevolkingsdeel – nie in die ongeregtigheid van die KP se partisie-isolasie nie, maar wel in samesyngeregtigheid in een gemeenskaplike vaderland. Hy argumenteer dat die owerheid, kragtens die normatiewe bouplan van die staat as regsverband, geroepe is om in

² JM (Inus) Aucamp-versameling (Hierna bloot verwys as Aucamp-versameling), brief van prof. HJ Strauss, (ongedateerd).

belang van die belanghebbendes (algemene belange) te regeer – tot geregtigheid in gelykberegting. “Terselfdertyd die trekpas aan alle diskriminasie.” Die leuse moet dus wees: “Behoud van vryheid en identiteit in samesyn-geregtigheid.”³ Strauss het egter nie enige voorstelle gemaak hoe dit in die praktyk toegepas moes word nie.

1. RASDENKE EN RASSEPROBLEMATIEK UNIEK AAN SUID-AFRIKA?

Die Suid-Afrikaanse historikus, Hermann Giliomee, een van min skrywers wat bereid is om ‘n gebalanseerde oordeel oor die geskiedenis van Suid-Afrika te vel, verwys in ‘n onlangse artikel na twee mites in die rassedebat. Die eerste is die persepsie dat Afrikanernasionaliste veel meer rasbehep as die Engelssprekendes en liberales was. Dit spruit uit die wanopvatting dat die Verenigde Party-bewind (1933-1948) rasseverdraagsaamheid en integrasie aangemoedig het en dat die Nasionale Party-bewind ‘n drastiese en dramatiese ommekeer in rassebeleid verteenwoordig het.⁴

In werklikheid is die idee van ‘n verdraagsame dertiger- en veertigerjare ‘n mite. Piet Cillié, voormalige redakteur van *Die Burger*, het die volgende parodie daarvoor geskryf:

“Uit ‘n tydperk van betreklik goeie en gemaklike rasseverhoudinge voor 1948 is Suid-Afrika skielik deur ‘n bewindsverandering gedompel in byna vier dekades van toenemende spanning en rassehaat. ‘n Bose etniese ideologie is stelselmatig aan ‘n dikwels niksvermoedende land opgedwing. Die eens mooi saamlewende, veelrassige gemeenskap is deur ‘n seksionele diktatoriale bewind verdeel en gefragmenteer en ontwortel, en deur die fragmentasie

³ *Ibid.*

⁴ H Giliomee, “Die enigma van Hendrik Verwoerd: ‘n akademikus in die politiek” (artikel per epos ontvang, 2010), p. 4.

en verdrukking verhinder om die vriendskaplike betrekkinge te ontwikkel waarheen hy op pad was.”⁵

Vandaar dat Alfred Hoernlé, ‘n gerespekteerde liberale denker, in 1936 al geskryf het dat ‘n besoeker van Mars aan Suid-Afrika getref sou wees deur die allesomvattende aard van rasseuitsluiting en segregasie as hy besef: “(There) was a dominant urge towards segregation which has moulded the structure of South African society and made it what it now is”.⁶ Die meeste liberales het geen sterk beswaar gehad teen die heersende kodes teen bloedvermenging nie. Vir Hoernlé byvoorbeeld, was rassesuiverheid noodsaaklik vir “racial respect and racial pride”. Hierdie mening was, volgens hom, “the view of the best public opinion, the most enlightened racial self-consciousness, of natives no less than of whites”.⁷

In ‘n huldigingsartikel na die dood van die politikus, dr. F Van Zyl Slabbert in 2010, verwys Giliomee na die feit dat Slabbert aanvanklik in 1960 die idee van apartheid ernstig opgeneem het. Hy vervolg “the wholesale demonisation of the apartheid ideology and every aspect of the policy is a phenomenon of only the past thirty years”. Giliomee noem dat Dag Hammerskjöld, die VN sekretarisgeneraal gedurende 1961 verskeie kere vir dr. HF Verwoerd, die eerste minister, privaat besoek het om maniere te bespreek “in which apartheid could be turned into what the Secretary-General called a competitive alternative to integration”.⁸ Dieselfde Van Zyl Slabbert verwys na die “excitement, even thrill” van Stellenbosse studente in die vroeë sestigerjare as uitvloeisel van die NP se ideologie, en sê: “It

⁵ P Cillié, *Baanbrekers vir vryheid*, p. 65.

⁶ KFA Hoernlé, *Race and reason*, pp. 96-97; Giliomee, p. 4.

⁷ *The Star*, 25 September 1931; *Die Vaderland*, 18 Junie 1935; Giliomee, p. 5.

⁸ A le Maitre en M Savage (reds.), *Van Zyl Slabbert: The passion for reason*, p. 2.

had coherence and systemic quality which cannot be dismissed as ... pure and simple. It made logical sense and addressed prickly issues.”⁹

Die groot liberale historikus, CW de Kiewiet, het na ‘n besoek aan Suid-Afrika in 1964 opgemerk dat die land se probleme met “boldness, shrewdness and even imagination” aangepak word en dat dit geensins absurd is om dr Verwoerd met die Franse president Charles de Gaulle te vergelyk nie.¹⁰

Die tweede groot mite in die rassedeбат is, volgens Giliomee, dat die rasdenke van Afrikaners uniek was en statutêre beslag gekry het na die beïnvloeding deur Nazi Duitsland. Dit terwyl die Verenigde State van Amerika, en meer spesifiek die suidelike state, eerder as voorbeeld geneem is. Volgens hom verskil die rasdenke van Afrikaners nie betekenisvol van dié van die blankes in die Amerikaanse suide gedurende die 1940’s nie. Daar het net twee persent die integrasie van openbare skole voorgestaan, vier persent dié van openbare vervoer en 12 persent dié van woongebiede.¹¹

Toe dr. TE Dönges, minister van binnelandse sake, in 1949 die wetsontwerp op gemengde huwelike indien, het hy daarop gewys dat in 30 state in die VSA ‘n soortgelyke wet was en dat in 15 van hulle daar ‘n amptenaar vir huweliksake was wie se taak dit was om die wet toe te pas.¹² Die strominge in die sosiologie in die VSA, wat later as maatskaplike ingenieurswese bekend sou staan, het geglo in die reg van

⁹ F Van Zyl Slabbert, *The last white parliament*, p. 76.

¹⁰ *Ibid.*; A Boshoff, “‘n Sekretaresse onthou” in WJ Verwoerd (red.) *Verwoerd: So onthou ons hom*, p. 237.

¹¹ H Hyman en P Sheatsley, “Attitudes towards desegregation”, *Scientific American*, 211, 1964, pp. 18-19.

¹² Giliomee, pp. 3-5.

die staat om in te meng ten einde 'n ordelike samelewing te reël en toekomstige botsings te vermy.¹³

Vervolgens gaan daar kortliks met enkele voorbeelde aangetoon word dat Suid-Afrika se rassegeskiedenis geensins uniek is nie. 'n Stuk ironie in die wêreld se geskiedenis is dat, terwyl die Nasionale Party apartheid steselmatig afgetakel en diskriminasie teengewerk het, dit in ander en verskillende vorme nog springlewendig was in lande wat van Suid-Afrika se felste kritici was. Edward J Erler, hoogleraar aan die California State University in San Bernardino, het op 'n seminar van die Instituut vir Amerikaanse Studies aan die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) (nou die Universiteit van Johannesburg) gesê: "Dit is ironies: terwyl Suid-Afrika apartheid aftakel, vestig ons in die Verenigde State ons eie apartheidstelsel. Ons noem dit bevestigingsaksie, rassevoorkeur en 'n verskeidenheid ander eufemismes. Maar ons dink as jy 'n bepaalde groep deur rassesseiding bevoordeel, is dit nie dieselfde as wanneer jy 'n bepaalde groep daardeur benadeel nie." Die VSA, het hy gesê, eis van Suid-Afrika 'n beleid van een mens-een stem in 'n eenheidstaat. "Maar ons eie beleid bepaal dat dit nie genoeg is dat mense op 'n nie-diskriminerende wyse moet kan stem nie. Die stemformule moet ook 'n sekere uitslag waarborg."¹⁴

Tydens die beslissende hervormingsperiode in Suid-Afrika, en ook sedert 1984, was die rassevraagstuk, meer as 130 jaar nadat die bloedige Amerikaanse Burgeroorlog juis daardeur ontketen is, byvoorbeeld steeds een van die sensitiefste en potensieel-verdelendste strydvrage in die Amerikaanse samelewing.¹⁵ Die Amerikaanse grondwet stel alle mense,

¹³ G Carter, *The politics of inequality since 1948*, p. 78; R Miller, "Science and society in the early career of HF Verwoerd", *Journal of Southern African Studies* 19(4), 1993, p.646.

¹⁴ *Die Volksblad*, 22 September 1990, p. 13.

¹⁵ *Ibid.*, 14 Augustus 1991, p. 9.

ongegag afkoms, ras of velkleur gelyk onder die reg, terwyl daar nie 'n dag verbygegaan het waarop ras nie op een of ander manier by die politiek of sosio-ekonomiese lewe betrek is nie. Belangrike Amerikaanse hoofstroomkoerante soos *The Washington Post*, *The New York Times*, *The Los Angeles Times* en *The Chicago Tribune* het byvoorbeeld in 1991 verwys na die bevindings van 'n kommissie van ondersoek na die geval van 'n swartman, Rodney King, wat deur vier blanke polisiemanne met knuppels aangerand is: "Rassisme in die Los Angeles-polisie is so rou soos die volgende radioboodskap wat een blanke polisieman daardie aand aan 'n ander blanke polisieman gestuur het: 'Dit klink vir my dis tyd om bobbejane te gaan klap'."¹⁶

Dit was daarom geen wonder nie dat 'n personeellid van die Vrystaatse Wetgewer na 1994, me Mpumie Letitia Damane, op 'n dag opgemerk het dat sy baie meer rassisme in die VSA ervaar het as wat daar in Suid-Afrika was. Damane is later aangestel as hoofbibliotekaresse van die stadsbiblioteek in Bloemfontein.¹⁷

Die VSA was egter nie die enigste land "wat in glashuise gewoon en met klippe gegooi het" nie. Tydens 'n besoek van die Suid-Afrikaanse parlementêre rugbyspan (wat LP's oor die spektrum van die ANC tot die NP ingesluit het) aan Brittanje in November 1994, was toerlede eweneens geskok toe een lid, die baie vriendelike Anwar Ismail van Worcester, een aand in Londen uit die veld geslaan by die hotel aankom en vertel dat, toe hy 'n kroeg binnegaan, aan hom gesê is: "Sorry we don't serve blacks here". Groot was die skok ook toe 'n groep van die Vrystaatse Wetgewer as lede van die Openbare Rekeningekomitee in Februarie 2003 die byeenkoms van die Australasian Council of Public Accounts Committees

¹⁶ *Ibid.*

¹⁷ Mondelinge mededeling van me Damane aan outeur, 1995.

in Melbourne, Australië, bygewoon het en in 'n dagblad in Sydney moes lees hoe dikwels rassisme ook daar voorkom.¹⁸

Die laaste voorbeeld van oorsese lande wat met rassekwessies geworstel het, is Kanada. In 1991 het 'n herrie in Halifax (Nova Scotia) ontstaan nadat die polisie 'n ongewapende swart man onregmatig doodgeskiet het en 'n opstand daarna ontstaan het. Dit het Dudley Laws, voorsitter van die Black Action Defense Committee in Toronto, laat opmerk: “Ons is nou ongeveer waar die Amerikaanse stede in die jare sestig en sewentig was. Die polisie gaan mense se huise sonder magtiging binne, gebruik vuurwapens na die geringste provokasie, skiet mense en stel later vrae.” Ook die burgemeester van Montreal, Jean Dore, het erken dat “rassisme baie lewendig is hier en in elke ander Noord-Amerikaanse stad”.¹⁹

Dit was 'n openbaring vir wit parlamentslede en lede van provinsiale wetgewers hoe hulle swart kollegas na die demokratiese verkiesing in 1994 op oorsese toere deur buitelandse doeane-beamptes voorgekeer en ondervra is. Telkens moes die wit lede tot hulle anderskleurige kollegas se “redding” kom en hulle *bona fides* bevestig.²⁰

Die oud-NP-politikus en gewese menseregtekommissaris, dr. Leon Wessels, sê in sy pasverskene outobiografie *Vereeniging. Die onvoltooide vrede*, dat kru rassisme – die kille implementering van apartheid – harteloos was omdat dit mense nie geag het en van Suid-Afrikaners gemaak het wat hulle nie wou wees nie. Die patrone van geweld en minagting word, volgens hom, vandag deur mense aan verskillende kante

¹⁸ *The Daily Telegraph*, 8 Februarie 2003, p. 17.

¹⁹ Suid-Afrikaanse Pers Agentskap (SAPA), 14 September 1991.

²⁰ Aucamp-versameling, onderhoude met Johan Swanepoel en Abrie Oosthuizen, 28 April 2009 en 8 Junie 2009.

van die spektrum herhaal.²¹ Wessels is van mening dat die wêreld besmet is met rassisme. Rassisme is ook in sý gene. Hy sukkel self om sy rassevooroordele te begrawe. “Die eerste tree na groter rasse-verdraagsaamheid en begrip vir mekaar is egter om te erken dat die euwel van kleurbewustheid tussen ons is.” Hy is bekommerd dat daar in Suid-Afrika, maar sekerlik ook in die wêreld, tans ‘n groter bewustheid van kleur en ras as voorheen is. In Suid-Afrika word die kleurbewustheid aangewakker by die aanstelling van regters en die kies van sportspanne en by die aanstelling van personeel en die verkryging van regeringskontrakte waar kleur ‘n rol speel. Hy sê dat Suid-Afrika wil wegkom van ‘n rasbehepte samelewing, maar in die “deurlooffase worstel om die skewe verlede reg te trek”.²²

Die toekoms sal leer of die geskiedenis wat rassiesiening betref, hom gaan herhaal en of ‘n heterogene Suid-Afrika daarin gaan slaag om sy mense in vrede, veiligheid en voorspoed (‘n ou NP-verkiesingslagspreuk) te laat woon. Hieroor is baie mense ietwat skepties.

2. 'N KLEMVERSKUIWING, 1982 -1988

Gedurende die tagtigerjare het daar drastiese klemverskuiwings in die NP se siening oor politieke regte vir nie-wit landsburgers gekom. Dit is ingelui deur die belangrike stap om beperkte beleidsaanpassings te maak toe in 1982 aangekondig is dat daar in een land net een soewereine parlement kan wees waarin ander mense as wittes ook verteenwoordig kan word. Die idee van aparte parlemente vir wit, bruin en Indiër-kiesers is laat vaar met die inwerkingstelling van die Driekamerparlement in 1984, hoewel elkeen nog sy “eie sake” in sy eie huis hanteer het. Hoewel dit deur die

²¹ Wessels, p. 311.

²² *Ibid.*, pp. 312-314.

NP magsverdeling genoem is, was dit waarskynlik meer 'n geval van “magsverdeling sonder magsverlies”.

Tydens die parlamentsopening op 25 Januarie 1985 het pres. Botha gewag gemaak van strukture wat vir swart gemeenskappe buite die tuislande geskep moet word waardeur hulle oor hulle eie sake “tot op die hoogste vlak moet kan besluit”. ‘n Nasionale Raad van verteenwoordigers van die regering, ses selfregerende state en ander swart gemeenskappe sou advies gee oor sake van gemeenskaplike belang.²³ Hoewel Botha dit in sy termyn duidelik gestel het dat onderhandelinge met swart mense ‘n prioriteit was, was hy egter altyd beslis dat daar geen magsoorgawe sal wees nie. (Vgl. in dié verband ook PW Botha se Rubicon-toespraak in Durban, 15 Augustus 1985.)

Daar kan inderdaad na die klemverskuiwing in hierdie belangrike fase as die erkenning van die permanensie van swart mense binne die sogenaamde “wit” Suid-Afrika verwys word, die erkenning dat daar in een land net een soewereine parlement kon wees, dat alle inwoners burgerskap moes geniet en alle landsburgers die reg moes hê om politieke besluite tot op die hoogste vlak te beïnvloed.²⁴

In die 1987-verkiesingsmanifes is egter nog benadruk dat die multi-kulturele aard van die land die beskerming van die regte van groepe op die basis van maksimale selfbeskikking vir elk en medeverantwoordelikheid oor gemeenskaplike belange noodsaak, op ‘n wyse wat oorheersing uitskakel. Enige staatkundige bedeling, het die manifes gelui,

²³ *Hansard*, 25 Januarie 1985; Aucamp-versameling, beleidstoespraak deur die staatspresident by die opening van die parlement, 25 Januarie 1985.

²⁴ Robert MacFarlane, lid van VSA Nasionale Veiligheidsraad, na ‘n gesprek met Pik Botha op 8 Augustus 1985 in Wenen, in ‘n e-pos aan die Withuis, Reagan Library (NSC African Affairs Directorate); Wessels, pp. 146-150; FW de Klerk, *Die laaste trek – ‘n nuwe begin*, pp. 117-129.

“moet die resultaat wees van ‘n proses van onderhandeling tussen die betrokkenes”.²⁵

Streekdiensterade is ook in 1985 deur die Wet op Streekdiensterade (Wet 109 van 1985) deur die parlement goedgekeur, waarvolgens streekdiensterade ingestel is en naasliggende plaaslike owerheidsliggame op plaaslike vlak saam oor sake van gemeenskaplike belang besluit het. Ingevolge ‘n wysiging van die betrokke wet is daar in 1988 landelike rade vir gemeenskappe buite munisipale gebiede ingestel. Die Wet op Provinsiale Regering van 1986 het op sy beurt daarvoor voorsiening gemaak dat die provinsiale owerhede slegs “algemene sake” behartig het en dat “eie sake” hertoegewys is. Die provinsiale rade wat voorheen, sedert 1910, net uit blankes bestaan het, is op 3 Junie 1986 ontbind en uitvoerende komitees is aangestel, maar het uit lede van wit, swart, kleurling en Indiër-bevolkingsgroepe bestaan, wat ‘n meer vaartbelynde provinsiale stelsel, verteenwoordigend van alle gemeenskappe, daargestel het.²⁶

Die veranderinge aan die provinsiale stelsel was die resultaat van ‘n beplannings- en onderhandelingsproses, wat oor etlike jare gestrek het en ‘n aanvang geneem het met die bekendmaking van sekere algemene riglyne vir staatkundige hervorming tydens die federale kongres van die NP in Bloemfontein gedurende 1982. Daarna het die staatspresident tydens ‘n administrateurskonferensie in September 1982 in Durban die deur oopgemaak vir onderhandelinge oor die besonderhede van provinsiale hervorming. Die fokus van staatkundige hervorming tussen 1982 en 1984 het egter op aanpassings aan die sentrale (eerste) en plaaslike (derde) owerheidsvlakke geval en eers vanaf die einde van 1984 op tweede (pro-

²⁵ Aucamp-versameling, manifes van die Nasionale Party, 6 Mei 1987.

²⁶ Aucamp-versameling: 73ste kongresverslag van die NP-OVS, 2 en 3 September 1986.

vinsiale) vlakke. Op 30 April 1985 is daar met die verteenwoordigers van provinsies ooreengekom om sekere voorstelle oor breë riglyne aan die kabinet voor te lê. Die kabinet het die voorstelle feitlik onveranderd aanvaar en op 6 Mei 1985 het Chris Heunis die riglyne in die parlement aangekondig. Die afskaffing van provinsiale rade, instellings wat 'n driekwart eeu lank deel van die land se politieke stelsel was, was geensins pynloos en maklik nie, maar nog 'n stap om uit die dilemma te ontsnap dat net wit politici oor die wel en wee van Suid-Afrikaners besluit.²⁷

Die jaar 1988 was om meer as een rede ook baie belangrik. Nie net sou dit die heel laaste jaar wees waarin pres. PW Botha sy hande op die stuur van die NP en die land gehad het nie, maar 1988 is ook gekenmerk deur heelwat historiese herdenkingsfeeste vir blankes in Suid-Afrika. Dit was onder meer Santam se 70ste bestaansjaar, die viering van Dias se landing 500 jaar tevore, die 150-jarige herdenking van die Groot Trek en die Slag van Bloedrivier, die Hugenote-landing 300 jaar tevore, die 75ste bestaansjaar van die Suid-Afrikaanse Polisie, die viering van die 60ste bestaansjaar van die nasionale vlag, die eeufeesviering van die Staatsdrukker, en les bes, die NP se geskiedkundige oorwinning 40 jaar tevore in 1948, asook PW Botha se 50ste jaar in die politiek.

Daarbenewens is daar landwyd in 1988 belangrike munisipale verkiesings gehou, kiesafdelings moes herafgebaken word met die oog op die volgende algemene verkiesing en die Wetsontwerp op die Bevordering van Staatkundige Ontwikkeling, veronderstel om 'n mylpaal te wees op die pad van grondwetlike ontwikkeling, is ingedien en gedebatteer tydens 'n belangrike sitting van al drie huise van die parlement op 21 Junie 1988. Die wetsontwerp het vier oogmerke gehad:

²⁷ *Ibid.*, aankondiging deur min. JC Heunis, 12 Mei 1986; *Hansard*, 12 Mei 1986.

- om aan alle bevolkingsgroepe inspraak te gee in die beplanning en voorbereiding van 'n nuwe grondwetlike bedeling wat voorsiening maak vir deelname deur alle Suid-Afrikaanse burgers aan die regeringsprosesse;
- om op 'n tussentydse grondslag aan swart Suid-Afrikaanse burgers die reg te verleen om oor regeringsprosesse geraadpleeg te word;
- om goeie verhoudings tussen alle Suid-Afrikaanse burgers te bevorder, en
- om die menswaardigheid, regte en vryheid van elkeen te eerbiedig.²⁸

Vir die doeleindes van die bogenoemde wetsontwerp is 'n raad in die vooruitsig gestel wat uitvoering sou gee aan die algemeen-aanvaarde opvatting dat 'n nuwe grondwet vir Suid-Afrika die resultaat moet wees van onderhandeling deur alle bevolkingsgroepe wie se lewe deur die grondwet geraak word.²⁹

Tydens die debat oor die tweede lesing van die wetsontwerp het Chris Heunis, minister van staatkundige ontwikkeling en beplanning, dit 'n geskiedkundige dag genoem en gesê dat die gang van die ontwikkeling van lande en volke op twee maniere kan plaasvind. Dit kan dramaties van koers geruk word, of dit kan sonder melodrama in 'n nuwe rigting gestuur word. Wat die staatkunde van die land betref, het die regering die tweede en minder opwindende opsie gekies wat baie moeiliker bereikbaar, maar op die langtermyn meer bevredigend as die eerste keuse was. Die belangrikheid van hierdie wetsontwerp was dat dit die eerste keer was dat wetgewing ingedien is wat daarop gemik was om 'n grondslag te lê vir die deelname van alle Suid-Afrikaners en gemeenskappe aan die politieke en

²⁸ Aucamp-versameling, Wetsontwerp op die Bevordering van Staatkundige Ontwikkeling, WO 98 van 1988.

²⁹ *Ibid.*

regeringsprosesse.³⁰ Uiteraard was die basis van die nuwe grondwetplan steeds dat blankes, kleurlinge, Indiërs, swart mense buite nasionale state en swartes binne nasionale state as afsonderlike groepe op afsonderlike kieserslyste hulle “eie sake” sou hanteer, terwyl “algemene sake” deur konsensus hanteer sou word.³¹

Hierdie inisiatief, al is die wet deur al drie huise aanvaar, is ingehaal deur die momentum van die proses wat later, op 2 Februarie 1990, 'n aanvang geneem het, maar was nietemin 'n duidelike bevestiging van die NP-regering se strewe om 'n nuwe grondwet deur onderhandelinge, op vreedsame wyse, tot stand te bring.

In daardie stadium is daar ook met die sogenaamde trilogie van wette vorendag gekom, wat tergelykertyd sou voorsiening maak vir die strenger toepassing van die Groepsgebiedewet, terwyl 'n mate van vrye keuse toegelaat sou word deur die Wet op Vryvestigingsgebiede. Hierdie wette het ernstige spanning binne die Driekamerparlement, asook die kabinet meebring en is later na dae lange onderhandelinge deur 'n skikking ontlont, waarin Heunis, FW de Klerk en Roelf Meyer deurslaggewende rolle gespeel het. Meer nog: dit het tot verdere wrywing tussen PW Botha en van sy kabinetslede uit die Huis van Verteenwoordigers en die Huis van Afgevaardigdes gelei.³²

Heunis was die verantwoordelike minister en het gewaarsku dat die voorgestelde wetgewing die die betrekkinge met die Arbeidersparty van eerw. Allan Hendrikse verder sou vertroebel en selfs die voortbestaan van

³⁰ *Hansard*, 21 Junie 1988, kol. 14968.

³¹ *Nasionalis* 7(7), Julie 1988, p. 1; *Hansard* 21 Junie 1988, kol 14973 -14981; Wetsontwerp op die Bevordering van Staatkundige Ontwikkeling, Wet 98 van 1988.

³² Wetsontwerpe op Vryvestigingsgebiede, Wet 121 van 1988 en dié op Plaaslike Owerheidsaangeleenthede in Vryvestigingsgebiede, Wet 122 van 1988; Wysigingswetsontwerp op Groepsgebiedewet, Wet 124 van 1988; *Rapport*, 3 Julie 1988, p. 15; *Nasionalis* 7(10), Oktober 1988.

die Driekamerparlement in gevaar kon stel. Beide die Huise van Verteenwoordigers en Afgevaardigdes het geweier om enigsins deel te hê aan die wetgewing en het met 'n boikot gedreig wat die parlement tot stilstand kon bring. Sommige van die opposisiepartye in die Volksraad het ook aangedui dat hulle aan die boikot meedoen. Die skikking het behels dat die wetgewing teruggetrek sou word en van meet af aan by 'n gesamentlike sitting van die drie huise van die parlement afgehandel sou word. Hierdie insident het 'n ernstige krisis in die kabinet tussen PW Botha, Chris Heunis en FW de Klerk veroorsaak, soveel so dat De Klerk volgens sy eie weergawe summier uit die kabinet wou bedank, maar op advies van kollegas daarteen besluit het.³³

'n Ander belangrike mylpaal op die pad van grondwetlike ontwikkeling was die landswye munisipale verkiesings vir alle bevolkingsgroepe wat vroeër op 26 Oktober 1988, plaasgevind het en waartydens bykans 7 600 raadslede van alle bevolkingsgroepe vir 'n termyn van vyf jaar verkies is.³⁴ Die verkiesings is gekenmerk deur bevredigende stempersentasies, soos bv. 52% onder blankes, 34,8% onder Indiërs, 44,5% onder kleurlinge en 25,1% onder swartes. Uiteindelik is 'n getal van 1 845 raadslede vir 247 swart plaaslike besture verkies, 3 761 raadslede vir 447 blanke plaaslike besture, 1 697 raadslede vir die 157 kleurling plaaslike besture en 421 raadslede vir die 68 Indiër plaaslike besture.³⁵

Tydens die Vrystaatse NP-kongres van 1988 het PW Botha op 6 September dr. Andries Treurnicht, die KP-leier, uitgenooi om sy (Botha) se hand te vat en ter wille van groter Afrikaner-eenheid die Groot Trek-fees gesamentlik te vier. Daar is reeds getoon hoe die KP-gesinde Volksfront

³³ FW de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 146-147.

³⁴ Aucamp-versameling, verklaring deur JC Heunis, 7 Februarie 1988; *Newcastle NP*, munisipale verkiesings 1988; *Manifes*, Job Pretorius; *Volksblad*, 15 Oktober 1988, p. 13.

³⁵ Aucamp-versameling, staatkundige ontwikkeling in Suid-Afrika. Handleiding vir NP-kandidate, 1989; *Verkiesingsuitslae – Vrystaatse provinsiale administrasie*.

sy eie feeste gereël het. Hierdie stap van PW Botha is selfs deur prof. Johan Heyns, destydse moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk, as 'n "teken van versoening" verwelkom. Treurnicht het egter op 'n openbare vergadering op Elsburg gesê die kulturele en politieke verdeeldheid in Afrikanergeledere kan net besweer word wanneer die Afrikaner, en ander blankes wat hulle met hom vereenselwig, erkenning kry vir hul reg om as 'n aparte volk binne 'n aparte vaderland net deur hul eie mense regeer te word. Daarmee is Botha se uitnodiging van die hand gewys.³⁶

Wanneer die periode 1984 tot 1994 ontleed word, bring tydsverloop afstand en perspektief. Terugskouend was dit belangrik dat politici, jare na die NP-skeuring van 1982, bespiegel het hoe die staatkundige ontwikkeling in die land en veral die onderhandelinge in die negentigerjare sou verloop het indien die Afrikaners sedert daardie jaar nie so verdeeld was nie. Die vraag sal egter nooit behoorlik beantwoord kan word nie, maar dit ly geen twyfel nie dat die Afrikaners meer verenigd sterker standpunt sou kon inneem, wat ongetwyfeld die latere onderhandelinge positief sou kon beïnvloed, omdat die ANC die NP soms verkleineer het deur te beweer dat hy nie namens alle Afrikaners praat nie.

Die feit dat die NP sy 40-jarige bewind in 1988 kon vier, was vir blankes 'n besondere mylpaal en die geleentheid is landwyd op verskillende wyses herdenk. Die hoogtepunt was 'n openbare vergadering wat op 26 Mei in Parow se Burgersentrum deur PW Botha toegesprek en deur meer as 1 500 entoesiastiese ondersteuners bygewoon is. Op daardie dag het die NP se Federale Raad 'n spesiale vergadering gehou, en die NP-koukus, wat deur al die oorlewende parlamentslede sedert 1948 bygewoon is, het

³⁶ *Die Volksblad*, 9 September 1988, pp. 1 en 2; Aucamp-versameling, verslag van die 75ste kongres van die NP-OVS, September 1988.

in die NG Kerk van Kaapland se Sinodale Sentrum in Kaapstad byeengekom.³⁷

Die NP se leuse vir die 40-jarige bewind was “Altyd nuut”. ‘n Gedenkalbum *Altyd Nuut* is deur Jan J van Rooyen saamgestel. In die voorwoord skryf PW Botha onder meer: “Die geskiedenis van die Nasionale Party oor hierdie 40 jaar is tegelykertyd dié van ‘n lewenskragtige politieke party, en ook dié van ‘n nasionale regering wat besondere diens aan sy land verrig het, onder die slagkreet: 'Suid-Afrika eerste'.” Hy bring ook hulde aan sy voorgangers as hoofleiers. “In hulle omstandighede was hulle bydraes onontbeerlik, en was hulle die boumeesters van hulle tyd. Hulle het elkeen verandering en vernuwing aangebring en vir die toekoms in die vooruitsig gestel.”³⁸

Botha sluit af: “Die NP is ‘n toekomsgerigte party – ‘n party wat sy inspirasie uit die verlede put vir die toekoms. Ons taak is nog nie afgehandel nie. Ons worstel met konstitusionele vraagstukke wat nog nie voltooi is nie, en wat vir geslagte vorentoe nog die volgehoue aandag sal moet geniet. Daarvoor is geduld en volharding nodig. Ons het rede om fees te vier. Ons het rede tot ootmoedige dankbaarheid. God het ons land ryklik geseën. Duisende manne en vroue van die verlede het met groot toewyding saamgewerk om hulle deel by te dra. Leiers van die verlede het vir hulle tyd baanbrekerswerk verrig. Nou wag die toekoms op ons. Ons moet met geloof, blymoedigheid en waagmoed vorentoe.”³⁹

Dit is te betwyfel of Botha en ander NP-leiers enigsins die hervorming gevisualiseer het wat binne ‘n kwessie van vier jaar deur die NP-regering aangebring sou word. Tewens, die mees verligte NP-ondersteuner het nie

³⁷ *Nasionalis* 6(6), Junie 1988.

³⁸ Jan J van Rooyen, *Altyd nuut*, p. 3.

³⁹ *Ibid.*, p. 7.

beseef wat vanaf 1988 tot 1994 vir die party voorlê nie, was nie bewus van die totale politieke ommekeer wat sou kom nie en was ook nie daarvoor gerat nie. Het Botha nie immers in Junie 1986 nog gesê dat swart mense nie in die parlement sitting sou hê “nie nou nie en nie môre nie”?⁴⁰

Nasionalis, NP-mondstuk, beskryf hoe elke hoofleier van die party ‘n tydgenoot van die toekoms was. Deur altyd nuut te dink en vernuwend op te tree, was hulle nie slegs in staat om eietydse politieke vraagstukke die hoof te bied nie, maar het hulle ook belangrike fundamente gelê waarop met vertroue deur latere geslagte voortgebou kon word. Daar is geglo dat, veral ten opsigte van politieke regte vir swart mense, voortdurend nuut gedink en vernuwend opgetree is. Vervolgens is die rol van NP-leiers in dié verband sedert 1914 kortliks uitgelig:⁴¹

Genl. JBM Hertzog

Deur nuut te dink, was Hertzog die argitek van die segregasiebeleid met die uitsluitlike doel om die swart man uiteindelik vry te maak van blanke oorheersing. Reeds in 1913 het hy hom hieroor soos volg uitgelaat: “Laten wij niet de gehele Unie voor ons nemen, doch een deel afstaan aan de naturellen.”

Die vraag of Suid-Afrika, as onderhandelinge hieroor vroeër begin het, ook soos Europa gepartisioneer kon word, is ‘n interessante debatspunt. Indien die LBS-lande (Lesotho, Botswana en Swaziland) deel van ‘n oplossing kon wees, is die idee geensins vergesog nie, mits blankes bereid sou wees om ‘n drasties verkleinde deel vir hulle op te eis.

⁴⁰

Aucamp-versameling, notule van ‘n Federale Raadsvergadering, 6 Junie 1986.

⁴¹

Nasionalis 6(6), Junie 1988.

Dr. DF Malan

Deur nuut te dink, was Malan sedert 1948 die argitek van die apartheidsbeleid met die uitsluitlike doel om elke bevolkingsgroep, naas mekaar, tot gelykwaardige ontwikkeling te lei. Danksy dié ontwikkeling maak swart mense tans met reg aanspraak op volle politieke regte in hul vaderland.

Die stelling dat danksy dié ontwikkeling swart mense nou (*sic*) met reg aanspraak maak op volle politieke regte in hul vaderland, is 'n hersinskim, omdat miljoene swartes hulself permanent in sogenaamde "wit" Suid-Afrika bevind het.

Adv. JG Strijdom

Deur nuut te dink, het Strijdom tot die besef gekom dat absolute gebiedskeiding tussen blank en swart nie moontlik is nie. In die lig daarvan het hy gewaarsku dat swartes nie politieke regte moes kry op 'n basis wat hom in 'n bedingingsposisie met die blanke sou bring nie. Hy het dus die fondament gelê vir eie regeringsinstellings vir swart mense met eie politieke magsbasiswa.

Strijdom se besef van die onhaalbaarheid van absolute gebiedskeiding was baie realisties. Ongelukkig het sy vroeë dood en kort ampstermyn veroorsaak dat sy visie nie 'n daadwerklike impak op NP-beleid gehad het nie.

Dr. HF Verwoerd

Deur nuut te dink, was Verwoerd die argitek van die beleid van afsonderlike ontwikkeling, ingevolge waarvan swart volke oor hulself in hulle eie gebiede sou regeer. Danksy dié koers geniet nagenoeg tien miljoen swart mense vandag volle politieke regte in hulle eie state.

Die historikus, Hermann Giliomee, noem Verwoerd een van die mees omstrede figure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat wyd, plaaslik en oorsee hoog aangeslaan is. Hy oordeel egter dat, met die blankes se bevolkingstal van minder as 20%, dié beleid “so onrealisties en onregverdigbaar was dat net iemand met die weergalose akademiese selfvertroue van ‘n Verwoerd so ‘n radikale beleid met sulke oortuiging kon verkondig”.⁴²

Verwoerd se onnatuurlike dood het sy termyn kortgeknip, sodat hy nie die geleentheid gehad het om sy visie te ontplooi nie.

Adv. BJ Vorster

Deur nuut te dink, het Vorster die grondslag gelê van ‘n beleid wat enersyds voorsiening gemaak het vir volle onafhanklikheid vir swart state, en wat andersyds erkenning verleen het aan die permanensie van swart mense binne die RSA met die instelling van die 99-jaar-huurpagstelsel.

Gedurende Vorster se termyn was daar nie ‘n gemeenskaplike gevoel onder Afrikaners en NP-ondersteuners dat daar wesenlike veranderinge aan partybeleid aangebring moes word nie. Hy was daarby nie bereid om groot risiko’s te neem om die NP se steun in gevaar te stel nie.

Ook Vorster se termyn is, soos sy twee voorgangers, weliswaar om ‘n ander rede, nie uit eie besluit beëindig nie, wat ‘n mens tog laat wonder wat sou gebeur as hy langer partyleier en regeringshoof was.

⁴² Giliomee, “Die enigma van Verwoerd”.

Mnr. PW Botha

Deur nuut te dink, het Botha die grondslag gelê vir samewerkingstrukture waarsonder selfregerende en onafhanklike state nie die mas sou opkom nie. Hy het ook voorsiening gemaak vir eie regeringstrukture vir swart mense op derdevlakregering. Dieselfde is beoog vir eerstevlakregering. In samewerking met swart mense en ander bevolkingsgroepe is hard gewerk aan die totstandkoming van strukture waarbinne die leiers van die onderskeie bevolkingsgroepe mag kon deel, op so 'n wyse dat een groep nie die ander oorheers nie.⁴³

Soos Vorster is Botha se ampstermyn nie deur homself beëindig nie en dit bly 'n ope vraag hoe die onderhandelinge daar sou uitsien as hy as hoofleier van die NP aangebly het. Met sy sterk vertrouwe in die partystrukture en die veiligheidsmagte, is dit te betwyfel of hy op dieselfde terme as FW de Klerk sou skik. Daar is 'n gevoel onder sommige voormalige NP-ampsdraers dat Botha dalk 'n baie beter bedeling vir minderheidsgroepe sou onderhandel en dat hy hom geensins deur die ANC sou laat voorskryf nie.

Die partyleiding het heelwat eksemplare van die gedenkboekie *Altyd nuut* laat druk en provinsiale organisasies opdrag gegee om dit te verkoop. Dit het ekstra druk op die organiseerders geplaas en die oplaag was ietwat laat. Tydens 'n informele jagekspedisie van die vier provinsiale NP-hoofsekretarisse het die manne die boekverkope en van hulle ander frustrasies een aand laat rondom 'n bosveldse braaivleisvuur naby Brits gedeel, toe Sakkie Pretorius (Kaapland)

⁴³ *Ibid.*

ewe opmerk: "Dis nes die party is, altyd nuut, maar altyd donners laat!"⁴⁴

Uiteraard het nie alle Suid-Afrikaners die NP 'n "gelukkige" verjaarsdag toegewens nie. Patrick Laurence het vir *The Star* die party se vier dekades van bewind nagevors en skryf 'n artikel met die opskrif: "It's an unhappy 40th birthday for apartheid." In 'n land soos Suid-Afrika, met uiteenlopende kulture, 'n verskeidenheid rasse, skerp vooroordele en 'n legio sieninge, kan niemand verwag dat alle landgenote die NP nog "baie gespaarde en voorspoedige jare" moes toewens nie.⁴⁵

Met die jaar 1988, wat vinnig ten einde gesnel het, het niemand kon dink dat die NP, wat "maar nog net altyd daar was", 'n skrale ses jaar later die mag sou prysgee nie. Meer nog, daar is nie voorsien dat PW Botha, die eens magtige hoofleier, binne maande die leisels aan FW de Klerk sou oorhandig nie, iets wat die NP se lot onherroeplik sou verander.

By 'n ontleding van die regeringstydperk van die Nasionale Party gedurende sy laaste dekade is dit belangrik om die kollig op pres. Botha se politieke einde te laat val. Gedurende 1988 het Botha in die binnekring van die party laat hoor dat hy oorweeg om afstand te doen van die hoofleierskap, maar om nog aan te bly as staatspresident. Hy het egter nie in sy wildste drome voorsien wat die onmiddellike toekoms vir hom sou inhou nie. Tewens, Botha het al op 25 Februarie 1986 opdrag aan die Spesiale Kabinetskomitee (SKK) onder voorsitterskap van mnr Chris Heunis gegee om hom te adviseer oor die moontlike ontkoppeling van die amp van staatspresident van die hoofleierskap van 'n politieke party (die NP). Op 1 Maart 1986 het Botha 'n tweede versoek aan die SKK gerig om

⁴⁴ Opmerking van Sakkie Pretorius, Brits, Julie 1988.

⁴⁵ *The Star*, 21 Mei 1988, p. 9.

hom objektief te adviseer oor die voortgesette bekleding van die presidentsamp. Wat betref die laaste versoek, het die SKK hom meegedeel: “Op grond van ons persoonlike lojaliteit en toegeneentheid teenoor u as mens en as leier van ons party, is die antwoord op u vraag dus ‘n ondubbelsinnige bevestiging dat dit in Suid-Afrika en die Nasionale Party se belang is dat u hierdie amp verder sal beklee.” Ten opsigte van die moontlike ontkoppeling van die ampte was die komitee van mening dat daar meriete in so ‘n benadering was en dat hulle tot sy beskikking was vir verdere bespreking, indien dit nodig sou wees.⁴⁶

Frik van Deventer, sekretaris van die NP se Federale Raad en een van Botha se vertrouelinge, bevestig dat laasgenoemde hom by meer as een geleentheid na 1984 uitgespreek het ten gunste van die skeiding van die ampte, sodat die staatspresident ‘n groter saambindende en versoenende rol kan speel.⁴⁷

Die laaste kabinetsvergadering van 1988 het toevallig saamgeval met ‘n vergadering van die staande komitee vir binnelandse sake oor die Kieswet by die Uniegebou. Frik van Deventer, ook ‘n lid van die komitee, het die navorser, wat adjunkvoorsitter was, gevra om laatmiddag oor te stap na Botha se kantoor, waar hy iets met kapt. Ters Ehlers, sy privaatsekretaris, wou bespreek. Toe die drie weer sien, staan Botha agter hulle en nooi hulle uit vir ‘n drankie in ‘n onthaallokaaltjie. Dr. Jannie Roux, die direkteur-generaal in die kantoor van die staatspresident en kapt. At Kellerman, die lyfwag, het hulle ook by die groepie aangesluit. Botha was baie opgewek en het met genoegdoening gepraat oor die “goeie” kabinetsvergadering en sy bevoegde span ministers. Op pad na die motor is die gevolg deur ‘n gang waar lewensgroot skilderye van al die vorige

⁴⁶ D Prinsloo, *Stem uit die Wilderness*, p. 338.

⁴⁷ Aucamp-versameling, onderhoud met Frik van Deventer, 24 Mei 2009.

staatspresidente sedert 1961 gehang het. Botha het by elkeen gaan stilstaan, hom tot die navorser gerig en kommentaar gelewer. Hy het adv. CR Swart en Jim Fouché as goeie Vrystaters beskryf, maar was van mening dat dr. Nico Diederichs hom nooit in die politiek moes begeef het nie. Oor adv. BJ Vorster het hy opgemerk: “Lyk hy nie vir jou ook onvergenoeg nie?” Binne die bestek van ‘n paar maande sou dieselfde oor hom gevra kon word. Die lot wat genl. Hertzog getref het, naamlik dat hy verwerp gevoel het deur sy eie mense, het Vorster, en later Botha, nie gesystap nie.

PW Botha was altyd ‘n groot vriend van party-organiseerders, omdat hy self die pad gestap het. Tydens ‘n organiseerderskonferensie by Goudini, naby Worcester, het hy byvoorbeeld onder meer drie goue reëls vir amptenare genoem: wees altyd netjies geklee (jy verteenwoordig ‘n trotse party), werk baie versigtig met die geld van die party (dit behoort aan die party en nie aan jou nie) en moenie met vrouens lol nie! (Vanselfsprekend sal sommige presidente nie met laasgenoemde reël gediend wees nie.)

Botha het, waarskynlik rustig en sorgvry, die somervakansie by sy huis, Die Anker, by die Wildernis, naby George, saam met sy gesin deurgebring en ook daar, op 12 Januarie 1989, sy 73ste verjaarsdag gevier. Vier dae later is hy terug na Westbrook, sy ampswoning in Kaapstad, om sy werksaamhede in Tuynhuys te hervat en om hom voor te berei vir die parlamentsitting wat op 3 Februarie ‘n aanvang sou neem. Op die tydstip was Botha gesond, fiks vir sy jare en altyd bruingebrand na die somerreses. Dit was ook, op ‘n paar maande na, drie jaar nadat hy op 1 Mei 1986 sy 50 jaar in die politiek gevier het, want hy is reeds op 1 Mei 1936, op 20-jarige ouderdom, as organiseerder van die NP van Kaapland aangestel. Hy is in 1948 as Volksraadslid vir George verkies en het dit gebly totdat hy in 1984 tot staatspresident verkies is. In 1958 is hy

aangestel as adjunkminister van binnelandse sake, in 1961 as minister van kleurlingsake, ontwikkeling en behuising (later ook publieke werke), in 1966 as minister van verdediging en in 1978 as hoofleier van die NP en eerste minister.⁴⁸

‘n Voormalige redakteur van *Die Burger*, Piet Cillie, wie se loopbaan parallel met dié van PW Botha geloop het, beskryf hom in 1986 so: “In hierdie uur van pres. Botha se halwe eeu van diensplig is daar één woord wat in my die wese van die man die beste saamvat. Dit is die woord 'groeï' – verbasende, volgehoue groei, soos van ‘n eik vanuit ‘n tenger begin alle innerlike en uiterlike belemmeringe geleidelik te bowe kom, en eens onvermoede kragte ontplooi wat die harde aardkors breek en die stormwind trotseer. Hier gaan dit nie om al hoe belangriker verantwoordelikhede en betiteling nie, maar om groei in geestelike kwaliteit, in vermoëns en in visie. Suid-Afrikaners word gelei deur ‘n man wat gegroeï het tot die hoë besef dat bowenal van hóm die hoedanighede van ‘n held vereis word.”⁴⁹ Cillie se kommentaar is geensins oordrewe nie; intendeel dit is gepas. Botha was vir partygenote die regte leier op die regte tyd. In die tyd van die sogenaamde “totale aanslag” teen die land het hy vreesloos die kommunistiese aanslag teengestaan, die integriteit van Suid-Afrika beskerm en ook die NP finaal sy rug op apartheid laat keer sonder om minderheidsregte op te offer.⁵⁰ Sonder om dit op daardie stadium te besef, was die NP toe al verby die punt van geen omdraai.

⁴⁸ Aucamp-versameling, Nasionale Party van Natal, Huldigingsblad, 1986. Interessant is dat die navorser Botha nooit ‘n toespraak sien maak het sonder dat sy baadjie toegeknoop was nie.

⁴⁹ *Ibid.*

⁵⁰ Aucamp-versameling, onderhoud met Clarence Henny, 9 Februarie 2010; Sakkie Pretorius, 3 Maart 2009; genl. MJ du Plessis, 3 Februarie 2010; Flippie Olivier, 28 Februarie 2009.

3. PW BOTHA WORD SIEK

Dit is hierdie man, PW Botha, wie se groei op politieke terrein gedurende 1989 tot stilstand geruk sou word deur omstandighede wat niemand kon voorsien en waaroor niemand beheer gehad het nie. Op 17 Januarie het Botha administratiewe werk in Tuynhuys verrig, waarna hy net na 19:00 terug is na Westbrook. Hy het omstreeks 21:00 begin sleg voel, maar vermoed dat dit iets is wat hy geëet het. Omstreeks 22:00 het hy gaan slaap, maar net voor 02:00 die volgende oggend wakker geskrik met 'n kwaai hoofpyn en naarheid. Hy is na die badkamer, waar sy vrou, Elize, hom na 'n ruk op die vloer aangetref het. Die mediese bevinding was dat hy 'n beroerte gehad het en Botha is dieselfde oggend in 2 Militêre Hospitaal in Wynberg opgeneem.⁵¹

Die nuus is 'n paar uur stil gehou, maar *The Argus* het iets vermoed en navraag by Tuynhuys gedoen en dit is gevolg deur honderde oproepe vanoor die hele wêreld. Jack Viviers, Botha se skakelhoof, het die waarnemende redakteur van *Die Burger*, Ebbe Dommissie, teen die middaguur geskakel en gesê dat die staatspresident 'n ligte beroerte gehad het en dat 'n bulletin uitgereik sou word oor wat presies gebeur het. Die bulletin het gelui: "Die staatspresident, mnr. PW Botha, is vanoggend in 2 Militêre Hospitaal in Wynberg opgeneem na 'n ligte beroerte. Sy toestand is stabiel. Verdere inligting sal bekend gemaak word soos dit beskikbaar word."⁵²

Die nuus van die staatspresident se ongesteldheid is wêreldwyd met hoofopskrifte aangekondig. Chris Heunis, die mees senior minister, is as waarnemende staatspresident aangestel en die staatspresidentskantoor

⁵¹ Prinsloo, pp. 365-367.

⁵² Alf Ries en Ebbe Dommissie, *Leierstryd*, p. 79.

het deur mediaverklarings die indruk gewek dat die president nie ernstig siek was nie. Mediese bulletins wat van tyd tot tyd uitgereik is, het dié waarneming bevestig. Die kabinet en die NP het ooreengekom om nie te bespiegel oor sy moontlike aftrede nie, maar om te wag totdat sy toestand gestabiliseer het. Botha is op 24 Januarie uit die hospitaal ontslaan en sy kantoor het aangekondig dat hy ses weke lank sou aansterk voordat hy weer sy pligte sou hervat, maar bespiegeling dat hy dalk nie weer sy verpligtinge sou kon opneem nie, het ook die ronde gedoen. Terwyl daar allerweë simpatie met die ongesteldheid van Botha was, het *Nasionalis*, die NP-mondstuk, Nasionaliste se emosie op die voorblad verwoord met: “*Nasionalis* wens namens sy lesers ons geliefde Staatspresident, mnr. PW Botha, ‘n spoedige en algehele herstel toe na sy ligte beroerte. Sy gesin word krag toegebied in hierdie moeilike tyd.”⁵³

Alles was gereed vir die parlamentsopening op Vrydag 3 Februarie 1989 toe die NP-koukus vir sy eerste vergadering op die Donderdagoggend byeengekom het en, hoewel Botha se toestand en die implikasies van sy ongesteldheid druk bespreek is, het nie een koukuslid voorsien wat daardie dag sou gebeur nie. Uiteraard is die vraag gevra of Botha in staat sou wees om sy pligte te hervat en, indien nie, wie hom sou opvolg. Veral lede van die opposisiepartye het openlik oor moontlike opvolgers bespiegel.

Boet Bothma, LP vir Walvisbaai en koukusvoorsitter, het vroeg die oggend ‘n oproep gekry dat hy voor die koukus by PW Botha se kantoor by Tuynhuys moes wees. Kapt. Ters Ehlers, Botha se privaatsekretaris, het daar ‘n brief van Botha aan hom oorhandig met die versoek dat die brief aan die koukus voorgelees moes word. Bothma het aan die versoek

⁵³ *Nasionalis* 8(1), Januarie 1989.

voldoen en net na die opening en verwelkoming die volgende brief van mnr. PW Botha aan die koukus voorgehou:

“Geagte Vriend,

Na aanleiding van my gesondheidsterugslag, sal ek dit waardeer indien u hierdie brief aan die koukus sal voorlê.

Na my mening behoort die amp van Staatspresident en die amp van Hoofleierskap van die Nasionale Party nou geskei te word.

Gevolgtik sal ek dit waardeer indien die Koukus van die Nasionale Party nou die pos van Hoofleierskap kan vul, sodat dit my in staat sal stel om net met die Staatspresidentskap voort te gaan.

Die Staatspresidentskap word dan in ‘n besondere mate ‘n saambindende krag in ons land.

Ek dank al my vriende vir hulle vertrou en vriendskap van die verlede.

Dit is my innige bede dat u die besondere genade van God Almagtig sal ontvang.

My innige groete aan u almal.

Voorspoed en seën toegewens.

P.W. Botha.⁵⁴

Hoewel die koukus onverhoeds betrap is met die aankondiging, het weinig lede die implikasies daarvan op die tydstip begryp. Niemand het besef dat hulle uiteindelik sou moes besluit tussen Botha en De Klerk nie. Sommige politici glo dat die saak totaal anders hanteer kon word sodat Botha nie verstote sou voel nie. Dit was egter moontlik ‘n geval van die noodlot wat ten goede ingegryp het.

⁵⁴ De Klerk, p. 149; Wessels, pp. 216-218.

4. 'N NUWE ERA – DE KLERK NEEM OOR

Die kookus van die Nasionale Party was oorbluf. Na 'n kort bespreking en nadat die vier provinsiale leiers, Chris Heunis (Kaapland), FW de Klerk (Transvaal), Kobie Coetsee (Vrystaat) en Stoffel Botha (Natal), die kookus verlaat het om die dilemma buite te bespreek, is besluit dat die kookus geen keuse het as om onmiddellik 'n nuwe hoofleier te verkies nie.

Vier kandidate is skriftelik per briefie voorgestel en die kookus het tot stemming per geslote stembrief oorgegaan. Die party was geensins sterk verenig in die keuse van 'n nuwe leier nie. In die eerste ronde het FW de Klerk 59 stemme gekry, Barend du Plessis 30, Chris Heunis 25 en Pik Botha 16. Nadat Botha uitgeskakel is, was die uitslag in die tweede ronde: De Klerk 64, Du Plessis 40 en Heunis 26. In die finale stemming het De Klerk 69 stemme gekry en Du Plessis 61, waarop De Klerk (met 'n meerderheid van agt stemme) as nuwe hoofleier verklaar is.⁵⁵

Volgens De Klerk self het die uitslag 'n interessante boodskap oorgedra, naamlik dat daar by baie kookuslede 'n dringende begeerte was om vinnig vordering met hervorming te maak. Du Plessis het 'n verligte beeld binne die party gehad. De Klerk het egter steeds die beeld van 'n behoudende (konserwatiewe) persoon gehad, maar sy senioriteit in die Transvaalse party het moontlik bygedra tot sy naelskraapse oorwinning. Later word daarop gewys dat die uitslag De Klerk genoop het om 'n kwantumsprong te neem.

Die uitslag dui onteenseglik daarop dat die meerderheid van die kookus, al was dit baie skraal, 'n meer konserwatiewe uitkyk op sake gehad het.

⁵⁵ Ries en Dommissie, p. 94.

Dit is ook so deur die media en die opposisie interpreteer.⁵⁶ Verstaanbaar was die Du Plessis-ondersteuners erg teleurgesteld met die uitslag. Nadat die finale uitslag bekendgemaak is, het De Klerk sy kollegas bedank vir die vertroue wat in hom gestel is en hy het die behoefte aan hervorming sterk beklemtoon deur onder meer te sê dat die NP 'n kwantumsprong sal moet maak deur inisiatiewe te neem om "die party te bevry uit die hok waarin ons gejaag is". Wat die skeiding van die staatspresidentskap en die partyleierskap betref, het hy gesê daar moet 'n verstandige ooreenkoms bereik word, sodra mnr. Botha se gesondheid verbeter het.⁵⁷ Na die verkiesing het die ander drie kandidate hulle steun aan De Klerk toegesê.

Otto Krause, 'n gevierde joernalis, skryf hierna 'n interessante artikel in die *Sunday Times* onder die opskrif "The changing of the guard" en noem Botha se strategie 'n meesterskuif wat vars winde van verandering in die NP kon veroorsaak. Hy meen ook dat De Klerk sterk aanduidings gegee het van vernuwning wat inderdaad te wagte kon wees.⁵⁸

Barend du Plessis, voormalige Transvaalse leier van die NP en minister van finansies, wat op 2 Februarie 1989 die hoofleierskap van die NP naelskraap teenoor FW de Klerk verloor het, het drie jaar later, in 1992, onverwags om persoonlike redes uit die politiek getree. Sy kritieke uittrede was 'n slag vir die NP, omdat hy nog jonk, energiek en gewild was en 'n leier in die kamp van die hervormingsgesindes was.

Hoewel Du Plessis gesondheidsredes vir sy uittrede noem, was sy uittrede allesbehalwe bloot van akademiese belang. Indien hy aangebly

⁵⁶ D Welsh, *The rise and fall of apartheid*, pp. 344-347.

⁵⁷ De Klerk, p. 152.

⁵⁸ *Sunday Times*, 19 Februarie 1989, p. 25.

en deel van die onderhandelingspan gebly het, sou die uitkoms vir die NP in alle waarskynlikheid beter gewees het.

Die vraag kan tereg gestel word of die onderhandelingsproses nie dalk anders sou verloop het en die uiteinde daarvan nie anders sou wees as Du Plessis die leierskapstryd in 1989 gewen het en staatspresident geword het nie? Dit is uiteraard 'n hipotetiese vraag. Nogtans is dit insiggewend om na sekere aanwysers in hierdie verband te kyk, met die volle wete, sê Du Plessis, dat geen plan wat in daardie stadium deur hom en diegene wat hom ter syde sou staan, ontwerp sou word, ongeskonde en onveranderd deur die proses sou gekom het nie. Daar sou steeds met die ANC onderhandel moes word.⁵⁹

Eerstens sou mnr. Du Plessis geweldig swaar geleun het op, nie alleen die insigte en ervaring van die destydse minister van buitelandse sake, Pik Botha nie, maar hy sou ongetwyfeld aan Botha die leidende rol in die staatkundige en skikkingsonderhandelings toegeken het. As adjunkminister van buitelandse sake in 1982-1983, het Du Plessis bykans daaglik konflik gehad met Pik Botha, die onderhandelingstrateeg en dan, daarna, Pik Botha die pragmatiese onderhandelaar. Laasgenoemde het egter in sy termyn 'n indrukwekkende geskiedenis van suksesvolle onderhandeling in situasies van hoogspanning en selfs openlike aggressie en fisieke vyandelikhede gehad.⁶⁰

Saam met Pik Botha sou Du Plessis waarskynlik ook gebruik gemaak het van etlike van sy tydgenote wat hy as besonder politiek- en onderhandelingsvaardige persone beskou het, mense soos Hernus Kriel, Louis Nel en Koos van der Merwe, asook Jannie Roux, direkteur-generaal

⁵⁹ Aucamp-versameling, onderhoud met Barend du Plessis, 11 Mei 2009.

⁶⁰ *Ibid.*, kommentaar van Barend du Plessis, 20 Julie 2009.

in die presidensie, en Tertius Delport, om slegs enkeles te noem. Hy sou ook bevoegde akademici en sakelui nadergetrek het. Dit sou die NP-platform beslis sterker gemaak het.

Wat beleidsake betref, het Du Plessis die toe reeds bekende siening van Pik Botha ondersteun dat die stelsel van een-mens-een-stem onvermydelik aanvaar sou moes word, omdat geen variasie van apartheid ooit in onderhandelings die paal sou haal of tot 'n bestendige demokrasie sou kon lei nie. Met hierdie uitgangspunt as troefkaart, sou Nelson Mandela reeds met die aanvang van die onderhandelings meegedeel word dat die Afrikaner wat die meerderheid blankes uitgemaak het, en nou bereid was om tot hierdie stap van aanvaarding van 'n meerderheidsregering oor te gaan, dit alleen kon doen as hulle volkskultuur, wat oor 300 jaar in Afrika opgebou is, se instellings soos hulle taal en skole in geen opsig bedreig sou word, soos wat die Engelse na afloop van die Anglo-Boereoorlog beoog het nie.⁶¹ Hierdie benadering sou klaarblyklik en sonder enige voorbehoud, ook die bruin mense wat dit so sou verkies, as Afrikaners beskou het en die onderhandeling sou dus nie op 'n rassegrondslag gegrond wees nie.

Uiteraard sou so 'n ooreenkoms baie sterk en uitvoerbare waarborge vereis het en sou Du Plessis, benewens dit wat in die nuwe grondwet ingeskryf sou moes word, hom baie sterk laat lei het deur Pik Botha se ervaring van soortgelyke situasies in ander lande, soos Botha later by bosberade aan die hand gedoen het. Trouens, Botha was van mening dat die Europese Unie (EU) en ander ontwikkelde lande genader moes word om 'n waarborg te gee dat hulle die instandhouding van 'n internasionaal-erkende handves van fundamentele menseregte en minderheidsregte vir

⁶¹ *Ibid.*

Suid-Afrika sou ondersteun.⁶² Verder sou 'n internasionale tribunaal met bepaalde magte daargestel word om oor so 'n handves te waak en enige Suid-Afrikaanse burger sou hom/haar op die tribunaal kon beroep indien daardie regte in die toekoms van owerheidsweë aangetas sou word. Botha het met enkele ambassadeurs van EU-lande hieroor beraadslaag en hulle reaksie was dat die EU hiervoor te vinde mag wees, solank apartheid geheel en al uitgewis sou word.⁶³

Die basiese uitgangspunt sou dus wees dat die regering hom daartoe sou verbind om apartheid geheel en al uit te wis, maar dan moes bepaalde menseregte wat ook in die EU teen aantasting beskerm word, net so vir Suid-Afrika gewaarborg word – nie alleen deur die nuwe grondwet en ander interne wette nie, maar ook deur 'n internasionale tribunaal, maklik toeganklik vir alle Suid-Afrikanners.⁶⁴

Barend du Plessis is vandag van oordeel dat De Klerk baie meer direk deel van die onderhandelingsproses moes gewees het. Enersyds, om self direk leiding te gee wat betref sake wat nie alleen deur die koukus en die kiesers aan hom toevertrou is nie, maar waarmee hy ook op 'n baie besondere wyse vertrou was. Andersyds kon hy, deur sy deelname, druk op Mandela en Buthelezi plaas om ook self na die tafel te kom. Buthelezi sou dan nie onvergenoegd eenkant gesit het of met die anti-verkiesingsgroep saamgewerk het nie. Dit sou ook die verhouding tussen die IVP en die NP verbeter het.⁶⁵

Met die oog hierop, was Du Plessis en Dawie de Villiers twee maal, sonder sukses, by De Klerk om bogenoemde pleidooi te rig. Dit kom

⁶² *Ibid.*, kommentaar deur Pik Botha, 20 Julie 2009.

⁶³ *Ibid.*

⁶⁴ *Ibid.*

⁶⁵ *Ibid.*, onderhoud met Barend du Plessis, 11 Mei 2009.

vreemd voor dat De Klerk nie daarin belang gestel het om regstreeks by die onderhandelinge betrokke te raak nie (later in die tesis word meer lig hierop gewerp). Tydens dieselfde twee geleenthede het De Villiers en Du Plessis vir De Klerk gevra om Kobie Coetsee uit die spesiale kabinetskomitee te haal, omdat hy dit met negatiewe optrede aanhoudend ontwrig het, tot groot ontsteltenis en wrewel van sowel die voorsitter, dr. Gerrit Viljoen, as die ander lede. De Klerk was egter hoegenaamd nie vir hierdie voorstel te vinde nie.⁶⁶

Dit is ook duidelik dat Barend du Plessis en Kobie Coetsee nie langs dieselfde vuur gesit het nie. Du Plessis het ernstige probleme gehad met die rol wat Coetsee tydens die onderhandelinge gespeel het en as hy president was, sou Coetsee beswaarlik in die kabinet of die onderhandelingspan gewees het. Dit is 'n interessante teenstelling met dr. Tertius Delport se siening dat Coetsee die enigste in die span was wat besef het wat die ANC se werklike oogmerke was, naamlik om die mag te gryp.

Du Plessis is daarvan oortuig dat Coetsee sy eie agenda met die onderhandelinge gehad het, wat hy nie bereid was om openlik en in goedertrou op die tafel van die Spesiale Staatskundige Kabinetskomitee te plaas nie. Volgens Du Plessis het Coetsee die komitee en sy werksaamhede sonder enige agting behandel, so asof hy sy bydrae tot die onderwerp elders lewer. Coetsee het byvoorbeeld gedurig laat gekom of sonder verskoning bloot net nie opgedaag nie. Wanneer hy wel daar was, het hy dikwels negatief en selfs aggressief opgetree, in so 'n mate dat dit dr. Gerrit Viljoen baie moedeloos en gefrustreerd gelaat en die werksaamhede van die komitee aan bande gelê het.⁶⁷ Dit was uiteraard nie bevorderlik vir

⁶⁶ *Ibid.*

⁶⁷ *Ibid.*

eensgesindheid en samewerking in die NP nie. Twee verdere voorbeelde van Coetsee se optrede was die algeheel onverklaarbare vertraging wat hy veroorsaak het met die toekenning van wederkerige amnestie vir oortredings, die nadelige gevolge waarvan vandag nog nie uitgestryk is nie.

Mnr. Cyrus Vance, voormalige Amerikaanse minister van buitelandse sake, het Suid-Afrika in Julie 1992 besoek as spesiale gesant van die VN ná die Boipatong-slagting en die ANC se onttrekking uit verdere onderhandelings met die regering. In 'n gesprek met Pik Botha oor die struikelblokke wat op verdere onderhandelinge wag, het Botha vir hom gesê die partye moes konsentreer op daardie sake waarvoor hulle saamstem, omdat dit bevorderlik sou wees om ooreenstemming te bereik oor die kwessies waarvoor hulle verskil. Botha het gesê algemene en wedersydse amnestie aan die magte van al die partye was 'n saak waarvoor al die partye sonder veel moeite eensgesindheid sou kon bereik. Vance het saamgestem en het na 'n gesprek met Thabo Mbeki vir Pik Botha gebel om hom mee te deel dat Mbeki akkoord gaan. Mbeki en dr. Matthew Phosa het Botha in sy kantoor in die Uniegebou besoek en die drie het na 'n drie-uurlange gesprek ooreenstemming bereik. Botha het die verloop van sake entoesiasties aan FW de Klerk gerapporteer en gesê dat hierdie 'n kans is om die onderhandelings positief aan die gang te kry. De Klerk het egter gesê amnestie is 'n kwessie wat deur Kobie Coetsee hanteer word. Botha het Coetsee genader, maar tot Botha se ontsteltenis was Coetsee nie sonder meer te vinde daarvoor nie. Hy het tyd nodig gehad om daarvoor te besin. Mbeki het 'n week later vir Botha gebel en gewaarsku dat, as die regering nie dringend daarvoor besluit nie, die voorstel moontlik skipbreuk sou ly, omdat daar in ANC-geledere teenkanting aan die broei was. Mbeki het na nog 'n week laat weet dat die voorstel van die baan is, omdat die teenkanting oorgegaan het in verwerping. Coetsee het sy besluit

eenvoudig verdrag tot die aanvanklike steun daarvoor in die ANC weggekalwe was.⁶⁸ Ongelukkig was Coetsee bekend vir sy traagheid om besluite te neem.

Die tweede voorbeeld gaan oor 'n histories-deurslaggewende versoek van Nelson Mandela, tydens sy gevangenisskap. Die volgende aanhalings uit *Long walk to freedom*, werp lig op hierdie gebeure:

“I told him (the commanding officer) I wanted to see Kobie Coetsee, the minister of justice, in order to raise the question of talks between the government and the ANC.” Later in die gesprek, wat toe wel plaasgevind het, vra Coetsee vir Mandela: “What is the next step?”, en Mandela antwoord: “I told him I wanted to see the state president and the foreign minister Pik Botha. Coetsee said that he would send my request through the proper channels.”⁶⁹

Hierdie versoek het nooit by Pik Botha uitgekom nie. Hy is dus uitgesluit van 'n ontmoeting met Mandela. Dit is nie onverklaarbaar nie. In die binnekring van die kabinet het almal geweet dat Pik Botha Mandela se vrylating voortdurend bepleit het. Mandela het geweet dat Botha in Februarie 1986 op 'n openbare mediakonferensie in antwoord op 'n vraag gesê het dat die land wel 'n swart president kon kry.⁷⁰

Daar is ook voortdurend bespiegel oor die skynbare “invloed” wat Coetsee oor De Klerk gehad het. 'n Voorval tydens 'n aand-kabinetsvergadering in die Uniegebou in Pretoria, het tot hierdie raaisel bygedra. Coetsee het 'n hewige aanval op Roelf Meyer gemaak, waarop De Klerk hom vererg het, een van die bloedweinigere kere dat hy dit in die teenwoordigheid van sy

⁶⁸ *Ibid.*, kommentaar van Pik Botha, 20 Julie 2009. Pik Botha staan nie net krities teenoor Coetsee omdat hy nie “algemene” amnestie kon onderhandel nie, maar blykbaar ook omdat laasgenoemde Mandela as sy persoonlike prisoner beskou het.

⁶⁹ Nelson Mandela, *Long walk to freedom*, pp. 518-519.

⁷⁰ Aucamp-versameling, kommentaar van Pik Botha, 20 Julie 2009.

kollegas gedoen het, en vir Coetsee iets toegevoeg het soos: “Kollega, kom, ek en jy moet praat”, waarop die twee die kabinetskamer verlaat het. Toe hulle na ongeveer 45 minute terugkom, was dit duidelik dat Coetsee die geveg gewen het. Die res van die kabinetslede het veelseggende oogkontak gemaak.⁷¹

Barend du Plessis is verder van oordeel dat FW de Klerk se onderhandelingspan veel beter sou kon vaar as hy dit, vanuit sowel politieke as adviseurskant, met ervaring en bepaalde vaardighede aangevul het, deur byvoorbeeld aan ministers soos hierbo genoem, meer prominente rolle toe te ken. Fanie van der Merwe, voormalige direkteur-generaal van justisie en latere spesiale adviseur van die regering, kon met die beste wil ter wêreld nie alleen die mas opgekom het nie. Daar was talle akademici en ander kundiges wat in 'n werkbare struktuur bygetrek kon word, aldus Du Plessis.⁷²

Daarteenoor het die ANC beskik oor verskeie deskundiges wat voltyds met onderhandelinge, en spesifiek met die voorbereiding daarvoor, besig was. Aan regeringskant het die meeste van die onderhandelaars hulle lyn-funksie-verpligtinge behou, wat hulle las geheel en al ondraaglik gemaak het, in so 'n mate dat hulle doeltreffendheid om die onderhandelingstafel daaronder gely het.

'n Interessante perspektief van Barend du Plessis is dat hy saam met ander kookuslede die “promoveerders vir verandering” was, terwyl De Klerk voor sy verkiesing as staatspresident nooit die siening dat hy die “vertragers” verteenwoordig het, kon ontsnap nie. Daar is ook gemeen dat daar, met enige moontlike vordering op staatkundige gebied, water getrap

⁷¹ *Ibid.*, onderhoud met Barend du Plessis, 11 Mei 2009.

⁷² *Ibid.*

moes word tot PW Botha se uittrede, sodat 'n nuwe leierskap hulle eie (nuwe) koers kon bepaal.⁷³

Eli Louw maak in sy outobiografie ook melding daarvan dat De Klerk nie altyd 'n entoesiastiese hervormer was nie. Toe Louw in Junie 1988, as minister van vervoer, saam met die spoorwegbestuur en met die toestemming van PW Botha, besluit het om die skeidingsmaatreëls op treine te verwyder, was De Klerk hewig ontsteld. De Klerk het tydens 'n kabinetsvergadering op 8 Junie 1988 gesê: "En daar moes ek ook nog vanoggend deur die *Cape Times* verneem dat die skeidingsmaatreëls van die treine verwyder is, terwyl ek niks daarvan geweet het nie." Tydens 'n kort verdaging het De Klerk sy beswaar driftig in die kleedkamer voortgesit toe Louw, warm onder die boordjie, vir hom sê: "Ek sal jou sê waarom ek nie die aangeleentheid kabinet toe gebring het nie: omdat ek weet daar sit mense soos jy wat dit sal afskiet! Jou probleem is jy is te bleddie bang en dis waarom ons nêrens kom nie." De Klerk het gedreig dat hy dit nie daar sou laat nie. Nadat Louw die saak tydens 'n koukusvergadering en ook later persoonlik met De Klerk bespreek het, was almal tevrede en die verwydering van apartheidsborde op treine het, in PW Botha se woorde, uiteindelik "ongelooflik goed verloop", aldus Louw.⁷⁴

Ná sy verkiesing as hoofleier van die NP het De Klerk in die koukus gewag gemaak daarvan dat ons nou " 'n kwantumsprong " sal moet maak om die land se probleme op te los, waarop Barend du Plessis tydens sy repliek-beurt in dieselfde koukusvergadering gesê het dat wanneer De Klerk dan wel daardie kwantumsprong maak, hy sal ontdek dat diegene wat daardie dag in die finale rondte vir hom (Du Plessis) gestem het, reeds daar is waarheen hy nou gaan spring. In werklikheid het De Klerk

⁷³ *Ibid.*

⁷⁴ Eli Louw, *Oor my pad*, pp. 138-141.

toe met sy sprong, bo-oor diegene wat daardie dag vir hom gestem het, gespring. Daarná het hy egter die meeste van hulle se ondersteuning behou en kon hy, met die volle steun van die kookus, die implikasies van sy sprong, tot uitkoms van die land, begin implementeer.⁷⁵ Daarvoor verdien hy besondere erkenning. FW de Klerk se hantering van die onderhandelinge kom later weer ter sprake.

Die nuus van De Klerk se verkiesing tot NP-leier het soos 'n veldbrand versprei en, in sy eie woorde, het hy sonder waarskuwing voor die grootste uitdaging van sy loopbaan te staan gekom. Onmiddellik na die kookus was die outeur toevallig saam met De Klerk en Kobie Coetsee in die manstoilet, waar hulle aldrie hulle “skok” uitgespreek het oor De Klerk se naelskraapse oorwinning. Die Vrystaat se lojaliteit teenoor De Klerk was bekend en al 16 Vrystaatse kookuslede het waarskynlik vir hom gestem.⁷⁶

Heunis het dadelik aangebied om afstand te doen van die amp as waarnemende staatspresident en De Klerk die volgende dag die parlamentsopening te laat waarneem, maar hy is oorreed om in die amp aan te bly.⁷⁷ Vandaar dat Heunis die volgende dag die openingstoespraak by die sewende sessie van die agtste parlement van die Republiek van Suid-Afrika gelewer het. Hy het begin deur te sê: “Die opening van die Parlement vind plaas teen die agtergrond en in die skaduwee van ons Staatspresident, mnr. PW Botha. Die besorgdheid wat allerweë geopenbaar word, getuig van die agting en deernis wat die hele bevolking vir die Staatspresident en sy gesin koester en van die innigheid van hul gebede vir sy spoedige herstel.”⁷⁸ Heunis het profeties vervolg dat 1989

⁷⁵ Aucamp-versameling, onderhoud met Barend du Plessis, 11 Mei 2009; Wessels, p. 218.

⁷⁶ Persoonlike waarneming van outeur.

⁷⁷ Jan Heunis, *Die binnekring*, p. 141.

⁷⁸ Aucamp-versameling, toespraak van JC Heunis, 3 Februarie 1989.

‘n jaar vol uitdagings sou wees en ook dat dit inderdaad die regering se strewe was om volwaardige burgerregte vir alle Suid-Afrikaners te verwesenlik en dat die hervormingsbeleid juis sy oorsprong in hierdie uitgangspunt gehad het. “Dit is die taak waarvoor ek u ondersteuning vra en waartoe ek die Regering opnuut verbind.”⁷⁹ Dit is belangrik dat Heunis hier verwys na “burgerregte vir alle Suid-Afrikaners”.

Verder het Heunis beklemtoon dat staatkundige oplossings net deur ‘n proses van onderhandelinge bereik kon word en dat die regering alles in sy vermoë sou doen om ewewigtige Suid-Afrikaners vir die saak van vreedsame onderhandelinge te wen. Hy het verder die regering se oogmerk met onderhandelinge onderskryf en gesê dat die regering hom vir ‘n demokratiese stelsel beywer, waarin:

- “die taalkundige, kulturele en godsdienstige verskeidenheid van dié dele van die bevolking wat dit wil handhaaf, behoue sal bly;
- die erkenning van die verskeidenheid in ons land nie so oorbeklemtoon word dat die gemeenskaplikheid verlore gaan nie; en
- geen gemeenskap deur ‘n ander oorheers word, of bedreig of uitgesluit voel nie”.⁸⁰

Wat deur sommige as ‘n meesterskuif van PW Botha beskou is, het egter baie gou in ‘n nagmerrie vir die NP ontaard. Sprake dat Barend du Plessis vir FW de Klerk om die leierskap wou uitdaag, het ook die ronde gedoen. Dit het mnr. Frik van Deventer, die sekretaris van die NP se Federale Raad, genoop om eers vir Dawie de Villiers en toe Du Plessis self daarvoor te gaan spreek. Du Plessis het die praatjies as kwaadwillig afgemaak – wat dit waarskynlik was.⁸¹

⁷⁹ *Hansard*, 3 Februarie 1989, kol 2-3.

⁸⁰ *Ibid.*, kol 6-7.

⁸¹ Aucamp-versameling, onderhoud met FJ van Deventer, 24 Mei 2009.

Hiermee was FW de Klerk die partyleier, maar nie die regeringshoof nie – die eerste maal in die 40-jarige bewindstryd van die NP dat soiets gebeur. De Klerk se *curriculum vitae* was indrukwekkend en as iemand wat in 'n Nasionale Party-huis grootgeword het, was hy goed toegerus vir sy taak. Sy vader was oudsenator Jan de Klerk, wat ook as minister gedien het, terwyl adv. JG (Hans) Strijdom, die oudpremier, sy oom was.

Frederik Willem de Klerk is op 18 Maart 1936 in Johannesburg gebore. Hy het sy skoolopleiding in Krugersdorp ontvang waar hy aan die Hoërskool Monument, een van die toonaangewendste Afrikaanse hoërskole in die land, matrikuleer het. Op skool was hy by die Nasionale Jeugbond van die NP betrokke. In 1958 verwerf hy die BA LLB-graad met lof aan die Potchefstroomse Universiteit, waar hy ook as studenteleier sy plek volstaan deur onder meer as ondervoorsitter van die studenteraad verkies te word, die Abe Bailey oorsese reisbeurs te verower en in die ASB se hoofbestuur te dien.⁸² De Klerk sluit hom in 1961 by 'n prokureursfirma in Vereeniging aan en neem spoedig leiding in die dorp se gemeenskapsaktiwiteite. Hy word onder meer voorsitter van die prokureursorde van die Vaaldriehoek en dien ook in die Raad van die Vaaldriehoekse Technikon. Hierna bied die Potchefstroomse Universiteit hom 'n professoraat in Administratiefreg met ingang 1973 aan – 'n pos wat hy egter weens sy verkiesing as Volksraadslid vir Vereeniging in November 1972 nie kon aanvaar nie. Tydens sy vroeë parlementêre loopbaan dien De Klerk in verskeie parlementêre komitees en word hy in 1975 aangestel as die Transvaalse inligtingsbeampte van die Nasionale Party.⁸³

⁸² Aucamp-versameling, *Vorentoe onder 'n nuwe dinamiese hoofleier* (pamflet).

⁸³ *Ibid.*

Sy toetred tot die kabinet volg pas na sy 42ste verjaarsdag in 1978 en hy behartig vervolgens onder meer die portefeuljes pos- en telekommunikasiewese, volkswelsyn en pensioene, sport en ontspanning en mineraal- en energiesake. In Augustus 1982 aanvaar hy verantwoordelikheid vir die portefeulje binnelandse aangeleenthede, asook die staatsdiens onder delegasie van die eerste minister. In September 1984 is die departement van nasionale opvoeding as portefeulje bygevoeg.⁸⁴ Met ingang 1 Julie 1985, volg sy aanstelling as voorsitter van die Ministersraad van die Volksraad, met behoud van die portefeulje nasionale opvoeding. Op 1 Desember 1986 word De Klerk ook leier van die Volksraad. Reeds op 6 Maart 1982 is hy eenparig as Transvaalse leier van die Nasionale Party verkies, terwyl die Dekorasie vir Voortreflike diens in Julie 1981 aan hom toegeken is.

FW de Klerk was tot en met sy egskeiding getroud met Marike de Klerk (neé Willemse), 'n studenteliefde, en hulle het drie kinders, twee seuns en 'n dogter, aangeneem.⁸⁵

5. DE KLERK EN BOTHA KRUIS SWAARDE

FW de Klerk se eerste toespraak in die parlement na sy verkiesing tot hoofleier was op 8 Februarie 1989 toe hy onder meer almal bedank het vir hulle voorbidding vir PW Botha en bygevoeg het: "Die bedanking van die agbare Staatspresident as hoofleier van die NP het aanleiding gegee tot talle bespiegeling. Daar is geweldige druk op my om die implikasies van sy besluit in besonderhede te probeer vertolk. Ek is nie bereid om hieraan toe te gee nie. Die eerste prioriteit is nou dat hy goed sal vorder op pad na herstel. Die Parlement, die land en die media behoort hiervoor begrip te

⁸⁴ *Ibid.*

⁸⁵ *Ibid.*

hê. Namate sy gesondheid verbeter, sal ons in toenemende wisselwerking met mekaar die saak verder voer in soverre dit nodig mag wees. Intussen is daar sekerheid en stabiliteit in die land.”⁸⁶

De Klerk het hom en sy party ook verbind tot 'n nuwe Suid-Afrika deur onder meer:

- ‘n Grondwet wat deur onderhandeling tot stand moet kom en wat voorsiening maak vir volwaardige politieke deelname vir alle Suid-Afrikaanse burgers.
- ‘n Grondwetlike bestel waarin een groep nie in ‘n posisie geplaas moet word om ‘n ander groep te oorheers nie. ‘n Swart meerderheidsregering is net so onaanvaarbaar as blanke minderheidsregering.
- Die realiteit van groepsverskeidenheid in Suid-Afrika. Teenstand teen bestaande metodes om in die praktyk beslag te gee aan groepsverskeidenheid is eweneens ‘n realiteit. In die lig hiervan is dit noodsaaklik dat ‘n realistiese nuwe model beding moes word vir die instandhouding van groepsregte op ‘n nie-diskriminerende basis. Totdat dit gebeur, moet bestaande maatreëls gehandhaaf word.
- Die normalisering van buitelandse betrekkinge en ‘n oop deur vir binnelandse onderhandelinge.
- Die verwerping van linkse en regse radikalisme en die beskerming van die RSA teen alle vorme van terreur.⁸⁷

⁸⁶ *Hansard*, 8 Februarie 1989, kol. 210.

⁸⁷ *Ibid.*, kol. 210-215; Aucamp-versameling, *vorentoe onder ‘n nuwe dinamiese hoofleier* (pamflet).

Met 'n nuwe hoofleier wat hom en sy party tot 'n nuwe Suid-Afrika verbind het, sou niemand seker kon raai hoeveel "nuwes" werklik vir die land voorlê nie. Op 'n vraag hoe hy homself sou beskryf, antwoord De Klerk in 1989: "Ek sou sê ek is 'n idealis wat ideale najaag, maar in die volle wete dat 'n ideaal wat nie prakties uitvoerbaar is binne die werklikhede van Suid-Afrika nie, nie haalbaar is en daarom nie nagejaag moet word nie. Ek is dus 'n praktiese idealis."⁸⁸

Die skeiding van magte het potensiaal vir spanning en konfrontasie ingehou, maar De Klerk het onderneem om nie enige drastiese besluite hieroor te neem alvorens PW Botha die geleentheid gehad het om die kookus en die Federale Raad toe te spreek nie. Hy het die gevoel gekry dat Botha 'n afwysende houding jeens hom aangeneem het omdat hy onder meer in verklarings uit sy pad gegaan het om hom (De Klerk) te verontagsaam – ook toe hy aangekondig het dat hy sy pligte vroeg in April sou hervat. Op 6 Maart het Botha egter vir Chris Heunis in kennis gestel dat hy, na oorweging van sy gesondheid en weens ander faktore, sy amp weer op Woensdag 15 Maart sou opneem.⁸⁹

Die KP was in hul element oor die onmin in die NP en het hulle uiteraard in die situasie verlustig. Hul lyfblad, *Patriot*, se hoofopskrif op 10 Februarie 1989 was: "PW se yslike flater", en daar is voorspel dat dit ernstige implikasies vir die NP sou inhou, asook dat die kiesers in 'n verkiesingsveldtog nie eens sou weet wie hulle regeringshoof gaan wees nie. Kommentators sê ook dat die stelsel wat Botha nou wou vestig, nêrens in die Westerse demokrasieë bestaan nie.⁹⁰

⁸⁸ SAUK TV-gesprek met Annemarie Mischke (*Rapport*) en Ormonde Pollock (*Natal Mercury*), 2 Februarie 1989.

⁸⁹ De Klerk, p. 154.

⁹⁰ *Patriot* (8)5, 10 Februarie 1989, pp. 1–3.

Dit is verstaanbaar dat ook die DP met genoegdoening die onenigheid in NP-geledere aanskou het. In die parlement het Peter Gastrow, 'n DP-lid, opgemerk: "As 'n mens na die NP kyk, vra ek myself wie het nou vandag gepraat. Watter NP het vandag gepraat? Is dit die NP van mnr. PW Botha of is dit die NP van mnr. FW de Klerk? As 'n mens na die Sondagkoerant kyk, is dit duidelik dat die agbare Staatspresident 'n albatros om die nekke van die NP geword het. Hulle wil hom nie meer hê nie." Gastrow reageer dan op tussenwerpsels en vra: "Hy moet my vertel wie nou beleid in die NP uitlê. Is dit die agbare Staatspresident of is dit die hoofleier?", waarop lede reageer het met: "Die hoofleier."⁹¹ Dit was inderdaad 'n ongemaklike situasie vir die NP en parlamentslede het dit intens in persoonlike gesprekke met mekaar en ondersteuners ervaar.

Koerante het uiteraard lustig oor die situasie rapporteer en hulle menings gegee. Die politiek is ongenaakbaar en selfs vir siekte is daar soms weinig simpatie. Dis sekerlik verstaanbaar, want soos genl. Jan Smuts by geleentheid gesê het: "The caravan must go on." Vervolgens vra Martie Meiring in die *Sunday Times* wát die land nou in die politiek beleef, "the spectacle of dog eating dog or, to put it more graciously, the peacemaking skills of a future president against the ragged, sad fight for power by a man who changed the course of history in the country?" Of vra sy verder: "Are we really seeing – and hardly believing – the demise of the National Party?"⁹² Hierdie siening verteenwoordig die persepsies wat reeds in 1989 oor die NP in die media en elders bestaan het. Binne vyf jaar wás die NP inderdaad nie meer in politieke beheer nie en hét die dood inderdaad "aan die voordeur begin klop".

⁹¹ *Hansard*, 27 Februarie 1989, kol 1673-1674.

⁹² *Sunday Times*, 12 Maart 1989, p. 14; *The Star*, 30 Maart 1988, p. 4.

Intussen het die NP-koukus weekliks vergader en lede het met toenemende kommer die *impasse* waargeneem. Twee media-onderhoude met PW Botha het niks opgeklaar nie, tewens dit het die spanning verhoog. Die eerste eksklusiewe onderhoud met Alf Ries van *Die Burger* was hoofopskrifte op Saterdag 4 Maart. Uit die onderhoud het dit duidelik geblyk dat Botha besliste planne het om in sy amp aan te bly tot minstens aan die einde van sy termyn en dat hy geglo het dat dit te vroeg was om hom uit te spreek oor die moontlikheid van 'n verdere termyn. Hy het ook gesê dat die nuwe hoofleier "toevallig" ook 'n lid van sy kabinet is en dat die verhouding van minister tot staatspresident vasgelê is deur wedersydse vertrouwe en agting vir mekaar. Botha het voorts verklaar dat hy aandag sal gee aan die NP se kongresse en hoop dat hy nog na hierdie kongresse en koukuse genooi sal word.⁹³

'n Week na die onderhoud met Ries, het PW Botha 'n onderhoud aan Johan Pretorius van die SAUK toegestaan, wat verdere olie op die vuur vir die NP was. Botha het dit duidelik gestel dat daar nie 'n verkiesing in 1989 kon wees nie, omdat daar nie 'n afbakening van kiesafdelings was nie. De Klerk se reaksie op die onderhoud was dat daar belangrike sake na vore gekom het en in soverre dit vir die NP van direkte belang was, sou dit die party se dringende aandag geniet.⁹⁴ Gewone NP-lede was stomgeslaan en het dit moeilik gevind om kant te kies.

Wat die afbakening van kiesafdelings betref, het Botha egter later in 'n verklaring in die parlement gesê dat dit sy standpunt is dat daar voor 'n verkiesing (die termyn van die parlement sou op 5 September 1989 verstryk) op 'n behoorlike wyse 'n afbakening van kiesafdelings vir al drie huise van die parlement moes wees: Artikel 48 van die grondwet het

⁹³ *Die Volksblad*, 4 Maart 1989, pp. 1-3.

⁹⁴ Prinsloo, pp. 376-377.

bepaal dat 'n afbakeningskommissie met tussenposes van minstens vyf jaar en hoogstens tien jaar aangestel moes word. Die Volksraad se kiesafdelings se afbakening is op 3 Oktober 1980 voltooi en dié van die ander twee huise op 11 Junie 1984. (Die verkiesings vir die Huis van Verteenwoordigers en die Huis van Afgevaardigdes is onderskeidelik op 22 en 28 Augustus 1984 gehou.) Botha het gevolglik besluit om nie 'n afbakening van kiesafdelings voor die volgende algemene verkiesing te laat plaasvind nie", en: "Daar kan nou geen ander gevolgtrekking wees nie dat daar ongeveer teen die einde van die leeftyd van die huidige parlement 'n algemene verkiesing op die bestaande afbakening moet plaasvind." Botha het voorts sy voorneme bekend gemaak om die nodige stappe te neem om die parlement op 'n geskikte datum teen die einde van Mei 1989 te ontbind en daarna die proklamasies met die oog op 'n algemene verkiesing binne die raamwerk van wetlike voorskrifte voor te berei.⁹⁵

Uit bostaande is dit duidelik dat Botha nie beplan het om na die 1989-verkiesing in sy amp aan te bly nie, want hy verklaar in die parlement dat, volgens artikel 9(1)(b) van die grondwet die staatspresident na 'n algemene verkiesing steeds sy amp beklee totdat 'n nuwe staatspresident na die aanvang van die eerste sessie van die nuutaangestelde parlement gekies en bevestig is. Die dienende staatspresident lê sy ampspligte dus neer wanneer die nuwe staatspresident die amp aanvaar. Botha het gevolglik: "Daar sal dus ook toegesien moet word dat daar na die verkiesing van die nuwe parlement reëlins getref word vir die samestelling van 'n kieskollege om 'n nuwe staatspresident te kies. Nadat die nuwe staatspresident gekies is, sal die verdere stap dan ook gedoen word om hom ingevolge artikel 11(2) van die Grondwet in te huldig by 'n formele geleentheid, waar die Seël van die Republiek deur die uitredende

⁹⁵ *Hansard*, 6 April 1989, kol. 5036.

staatspresident aan hom oorhandig sal word. Dit is die ordelike en konstitusionele weg.”⁹⁶

Net om die kwessie van die aankondiging van die verkiesing in sy geheel af te handel, word daar ter wille van duidelikheid ‘n maand vorentoe gespring:

Op Woensdag, 3 Mei 1989, het lede van die parlement om 15:30 in die Raadsaal byeengekom, waar die staatspresident, PW Botha, ‘n kort verklaring gemaak het. Hy het daarop gewys dat die lewe van die huidige parlement ingevolge die grondwet op 5 September daardie jaar verstryk en dat die parlement aan die einde van die sessie ontbind moes word met die oog op ‘n verkiesing later die jaar. “Na deeglike oorweging van die tersaaklike aspekte”, aldus Botha, “het die regering gevolglik besluit dat ‘n algemene verkiesing op Woensdag 6 September 1989, gehou sal word.” Sonder dat iemand dit beseef het, was die volgende sin Botha se laaste in die parlement in sy politieke loopbaan van 41 jaar: “Ek dank u, mnr. die Speaker, en ek wens agbare lede sukses toe met wat vir julle voorlê.”⁹⁷

PW Botha self sou, op die politieke terrein, allesbehalwe sukses oor die volgende klompie maande beleef. Intussen het die onverkwiklikheid binne die NP in intensiteit toegeneem. *Patriot* skryf dat Botha se onwilligheid om as staatspresident te bedank, die NP in die grootste verleentheid in jare gedompel het en voeg verder daaraan toe dat die aandrang vanuit die NP dat hy onverwyld moes uittree, sterk toeneem.⁹⁸ As gevolg van Botha se ongenaakbare houding het selfs diegene wat hom ondersteun het, simpatie met hom begin verloor, veral toe hy begin het om “weg te staan” van die party wat eens geblyk het onafskeidbaar van hom te wees.

⁹⁶ *Ibid.*, kol. 5038.

⁹⁷ *Ibid.*, 3 Mei 1989, kol. 7675-7676.

⁹⁸ *Patriot* (8)8, 3 Maart 1989, p. 1.

Die druk op Botha het ook vanaf NP-georiënteerde Afrikaanse koerante gekom. *Die Volksblad* was aanvanklik hoopvol dat Botha se strewe om na die skeiding van poste “in ‘n besondere mate ‘n saambindende krag in ons land te word”, sou realiseer en sê onder meer in ‘n hoofartikel: “As hy in die skof waarvoor hy hom gereedmaak, daarin kan slaag om dermate ‘n versoenende invloed te laat geld dat die hervormingsmomentum daardeur gedien word, kan sy terugkeer ‘n mooi afsluiting van sy dienstyd wees.”⁹⁹ Die vraag was egter hoe Botha beoog het om inhoud te gee aan sy strewe om, losgemaak van die hoogste gesagspos in die NP, ‘n verenigende rol te speel? Die antwoord was deurslaggewend vir De Klerk wat hoofleier was en die politieke magsbasis gehad het, maar geen grondwetlike magte nie.¹⁰⁰

Koerante, veral in die Nasionale Pers-stal, het op Woensdag 6 Maart voorspel dat daar ‘n week van groot drama vir die NP voorlê oor die woelinge en implikasies rondom die uittrede van PW Botha as NP-hoofleier. Hulle het aangekondig dat die koukus van die party die saak die volgende dag sou bespreek en dat, indien nodig, die Federale Raad, die hoogste gesagsliggaam van die party, ook byeen sou kom.¹⁰¹ FW de Klerk is ook aangehaal dat, na sy gesprek met Botha en bogenoemde se verklaring, dit duidelik was dat die tyd vir ‘n indringende gesprek oor die implikasies van sy uittrede as hoofleier van die NP vinnig nader gekom het.

‘n Baie verantwoordelike reaksie in hierdie tyd het gekom van Kobie Coetsee, Vrystaatse NP-leier, wat by navraag gesê het: “In my gesprekke met Vrystaters het ek onder die indruk gekom van die norm van party-

⁹⁹ *Die Volksblad*, 3 Maart 1989, p. 10.

¹⁰⁰ *Ibid.*

¹⁰¹ *Die Burger*, 6 Maart 1989, p. 1.

belang. Ewe vanselfsprekend is natuurlik die vraag wat in landsbelang is. Ek het hier groot deernis vir die president se siekte en die gevolge wat dit meebring, naamlik dat oor die onsekerhede nie gehandel kon word tot tyd en wyl hy in staat is om mee te doen aan die oplossings nie.”¹⁰²

Heelwat mense het in dié tyd individueel pogings aangewend om die opbouende spanning tussen Botha en De Klerk te ontloot. So het Frik van Deventer, LP vir Durbanville en sekretaris van die Federale Raad in die kouskus, versoek dat Botha die geleentheid gegee moes word om die kouskus en die Federale Raad toe te spreek alvorens drastiese besluite geneem word. Hy het in ‘n persoonlike brief aan Botha (die twee het ‘n besondere sterk band gehad) wat hy saam met Botha se seun, Pieter, na die Wildernis gestuur het, gepleit dat hy en De Klerk direk met mekaar moes praat en nie deur die media nie. Van Deventer het ook vir Pen Kotzé, voormalige NP-hoofswep en minister en vertroueling van Botha in Blouberg, gebel met ‘n versoek dat hy sy invloed moes gebruik om Botha meer genaakbaar te maak. Toevallig was Piet Cillié, voormalige redakteur van *Die Burger*, en Kotzé juis toe bymekaar. Dit was alles tevergeefs.¹⁰³

Na PW Botha se aankondiging dat hy sy ampspligte op 15 Maart 1989 gaan hervat, is daar ‘n kouskusvergadering vir 9 Maart belê, waartydens die meerderheid gevoel het dat FW de Klerk die nodige gesag moes hê om partybeleid te vertolk en uit te voer, dat die skeiding van ampte bloot tydelik sou wees en dat die partyleier, na die komende verkiesing, weereens die president sou wees. Na die kouskus het De Klerk en die ander drie provinsiale leiers Botha besoek en hom van die partystandpunte verwittig. Die bespreking het in De Klerk se woorde “nie goed verloop nie en onbeslis geëindig”. Tydens ‘n tweede kouskusvergadering

¹⁰² *Die Volksblad*, 6 Maart 1989, p. 2.

¹⁰³ Aucamp-versameling, onderhoud met Frik van Deventer, 24 Mei 2009.

op dieselfde dag het De Klerk die lede ingelig dat daar geen vordering gemaak is nie.¹⁰⁴

Die volgende oggend het De Klerk vir Frik van Deventer ontbied en opdrag gegee om 'n dringende vergadering van die Federale Raad vir Maandagaand 13 Maart byeen te roep. Van Deventer het gevra wat van die onderneming geword het om Botha die geleentheid te gee om die koukus en die Federale Raad toe te spreek, waarop De Klerk gesê het dat dit nou 'n beginselsaak geword het. Van Deventer het die vergadering gereël, maar toe bedank as sekretaris, nadat hy vroeër al aangebied het om terug te staan, maar De Klerk hom versoek het om aan te bly.¹⁰⁵

Hierop het die vergadering van die Federale Raad op 13 Maart in die ouditorium van die Volksraadsgebou plaasgevind. Die erns van die oomblik was duidelik aanvoelbaar. Die Federale Raad het op dié tydstip uit ongeveer 30 Volksraadslede bestaan, terwyl die vier provinsiale hoofsekretarisse, die federale jeugleier, die voorsitter van die federale inligtingsdiens, die hoofdirekteur van inligting en die sekretaris ook lede was; dus 38 lede in totaal. Wat die presensielys betref, was uit die primarii-afgevaardigdes van Kaapland net Gert Kotze afwesig en van Transvaal Pik Botha, terwyl die Vrystaat en Natal se verteenwoordigers voltallig was. Die federale jeugleier kon as gevolg van die kort kennisgewing nie teenwoordig wees nie. Vir Kotze en Botha het *secundi* ingestaan. Dr. Gerrit Viljoen se vliegtuig is vertraag en hy het later by die vergadering aangesluit.

De Klerk, wat as hoofleier ook die voorsitter van die Federale Raad was, het nadat Piet Badenhorst, oudpredikant en oudminister en *secundus* vir

¹⁰⁴ De Klerk, p. 156.

¹⁰⁵ Aucamp-versameling, onderhoud met Frik van Deventer, 24 Mei 2009.

Kotze, die verrigtinge met gebed geopen het, gesê dat dit nie 'n oordrywing is dat die party 'n krisis beleef nie. Hy sou graag sy eerste vergadering aan meer roetinesake wou wy, maar dit word van leiers verwag om in moeilike tye die leisels te neem en die stang vas te byt en om met mekaar oorleg te pleeg oor wat die beste pad is om te loop. Hy het ook hulde aan sy voorganger, PW Botha, gebring en gesê dat die land, as daar eendag op hierdie hoofstuk van die geskiedenis teruggekyk word, dankbaar sal wees vir die waagmoed van Botha om die inwoners op die pad van 'n nuwe Suid-Afrika te plaas waar geregtigheid kan en sal seëvier. Chris Heunis het mnr. De Klerk weereens gelukkig en gesê hy (Heunis) het op 'n lang pad baie dinge geleer en een daarvan was om te berus in mense se keuses. Hy meen dat niemand die pad alleen kon loop nie en dat God vir hulle die lig sou gee.¹⁰⁶

Dit was eintlik ironies om uit die notule van die vorige vergadering te verneem dat dit op 26 Mei 1988 plaasgevind het en deel van die 40-jarige bewindshedenking van die NP was. Tydens daardie historiese geleentheid het PW Botha gesê dat die NP se taak nie afgehandel was nie en dat die party sterk gehou moes word, omdat hy nog 'n groot taak het in Suid-Afrika. Hy was optimisties oor die toekoms van die land "al gaan ons deur 'n laagtepunt, want ander leiers begin na ons luister".¹⁰⁷

Voordat by die hoofitem op die sakelys gekom is, is 'n paar algemene sake bespreek:

- Hoewel die datum nie bekend was nie, is aanvaar dat die algemene verkiesing daardie jaar sou plaasvind. Die sekretaris het genoem dat

¹⁰⁶ Aucamp-versameling, bandopname van Federale Raadsvergadering, 13 Maart 1989. Daar word in die volgende paragrafe sterk gefokus op hierdie bron vanweë die outentiekheid daarvan (dit is die enigste wat bestaan). Vervolgens word die gebeure aan die hand daarvan verhaal.

¹⁰⁷ *Ibid.*

die party federaal net R800 000 op belegging gehad het (provinsies was vir hulle eie organisasie en finansies verantwoordelik, maar in verkiesingstye is daar van die Federale Raad se kant baie ruim toegetree). De Klerk het aangekondig dat hy sy eerste R50 000 as hoofleier ingesamel het - die donateur het trouens gevra "of ek die geld (vir die party) wil hê".

- Dit is bevestig dat die uitgebreide koukus op 8 April sou plaasvind en dat alle NP-Volksraadslede, Presidentsraadslede, LUK's en ministeriële verteenwoordigers daarheen uitgenooi sou word.¹⁰⁸

Die hoofbesprekingspunt op die sakelys verbaas nie: Die implikasie van die staatspresident se uittrede as hoofleier van die NP. De Klerk het 'n dokument opgestel waarin hy sy standpunt gestel en dit klinies gemotiveer het, net soos hy as juris dit kon doen. Dié dokument is na sy inset aan lede uitgedeel, maar aan die einde van die vergadering weer ingehandig. De Klerk het begin deur te sê dat die staatspresident se besluit op 2 Februarie om die ampte te skei, almal verstom en onverhoeds betrap het. Die koukus het voldoen aan sy wens en sedertdien het hy drie gesprekke met PW Botha gehad. Tydens die eerste gesprek het hy (De Klerk) net geluister, omdat Botha se gesondheid nie 'n indringende gesprek moontlik gemaak het nie. Die tweede gesprek was die vorige Donderdag, toe hy Botha ingelig het dat hy van mening was dat die meerderheid van die koukus die ampte nog voor die verkiesing verenig wou sien. By die derde geleentheid is ander leiers betrek, waartydens Botha ferm by sy standpunt gestaan het. Intussen het baie ander mense ook vir Botha probeer oortuig, maar hulle terugvoer het bevestig dat Botha van voorneme was om die raamwerk wat hy voorstaan "te vestig, uit te bou en deur te voer". Die NP kon dus met voorstelle kom, maar dan moes dit binne daardie raamwerk

¹⁰⁸ *Ibid.*

wees. Dit is 'n moontlikheid, maar nie een wat hy (De Klerk) ondersteun nie.¹⁰⁹

Die kern van De Klerk se standpunt was dat die voortsetting van hierdie situasie ernstige konstitusionele en politieke probleme kon veroorsaak, byvoorbeeld wat wetgewing betref. Wat gaan gebeur as die partyleierskap nie tevrede is met die wetgewing van die uitvoerende gesag nie? Daarbenewens was daar die risiko van botsende standpunte. Die vraag ontstaan ook wie die finale interpreteerder was. "Verder is dit belangrik om, as hul hervorming wil laat slaag, die huidige Grondwet stabiel in stand te hou. Hulle kan nie *ad hoc* die Grondwet verander om vir die amp van eerste minister voorsiening te maak, en terwyl hul magsdeling voorstaan, 'n NP-leier ook daar verskans nie. Nog 'n realiteit is dat NP-ministers nou twee beleidsinterpreteerders het en na wie luister hulle?"¹¹⁰

FW de Klerk was verder van mening dat die skeiding van ampte die NP van die spesiale rol ontnem wat die party en sy hoofleier regmatig inge- volge die grondwet in 1984 verkry het en dat dit die party ook sy leiersrol ontnem om inisiatief in die hervormingsproses aan die dag te lê, omdat die NP dan net bloot nog 'n deelnemer sou wees. Hy het gesê dat hy die kookus nou al drie weke lank probeer keer. Die situasie was onhoudbaar en onbevredigend. Die staatspresident verkondig sy standpunte wyd en syd (soos die vorige aand op TV) en hy (De Klerk) "moet van sekere standpunte in die koerant verneem". Verder het hy verklaar: "Daar is nie 'n bereidwilligheid (van PW Botha) om 'n vertroulike gesprek met my te voer nie en intussen lyk dit of ek en ons standpuntloos is en die party verloor gesig."¹¹¹

¹⁰⁹

Ibid.

¹¹⁰

Ibid.

¹¹¹

Ibid.

De Klerk het hierna 'n voorstel, wat uit vyf paragrawe bestaan het, vir bespreking aan die vergadering voorgehou. Die vernaamste, paragraaf (d), het gelui: "Die Federale Raad is derhalwe van oordeel dat dit op hierdie stadium van ons grondwetlike ontwikkeling in die beste belang van die land en die party is dat die hoofleier van die party weereens die amp van Staatspresident sal beklee en besluit dat verantwoordelike stappe gedoen behoort te word om dit op 'n ordelike en waardige wyse te bewerkstellig."¹¹²

Indringende bespreking het hierop gevolg. Diegene wat duidelik De Klerk se standpunt ondersteun het, was Gerrit Viljoen en Kobie Coetsee (Vrystaatse leier) en Stoffel Botha (Natalse leier). Diegene wat uit deernis gepleit het vir 'n sagte benadering om dieselfde doel te bereik, maar sonder om die risiko te loop om Botha verontreg te laat voel, was Eli Louw, Pen Kotzé ('n ou vriend van Botha) en Jurie Mentz. Kotzé het onder meer gesê: "Niemand verskil oor die probleem nie. Hy (Botha) was siek toe hy die besluit geneem het en het nie die problematiek verreken nie. Hy het 'n obsessie om te bewys hy is gesond - moenie met 'n papier (besluit) daar aankom nie." Die derde kategorie is verteenwoordig deur Chris Heunis (Kaaplandse leier) en Barend du Plessis (wat in De Klerk se plek Transvaalse leier geword het). Heunis het nie fundamentele probleme met die skeiding van die ampte gehad nie, want "hoe deel ons mag vorentoe as ons gesag by een politieke party sentreer?" Hy wou hê dat daar eers met Botha in gesprek getree moes word, dat hy die koukus en Federale Raad moes toespreek en dat daar dan 'n standpunt geformuleer moes word. Du Plessis wou nie 'n oorhaastige besluit geneem hê nie en was van mening dat die federale kongres daarvoor moes besluit.¹¹³

¹¹² *Ibid.*

¹¹³ *Ibid.*

Daar is ook geredeneer of die besluit, indien dit geneem sou word, openbaar gemaak moes word, of nie. Dit was duidelik dat De Klerk onwrikbaar was. In sy woorde: "Ons het 'n moment van waarheid bereik waaruit ons nie kan ontsnap nie." Op De Klerk se aanbeveling het Coetsee en Gerrit Viljoen 'n voorstel geformuleer en Heunis en Du Plessis 'n ander een. Die voorstel wat Coetsee voorgehou het, het gelui: "Die Federale Raad ag dat in hierdie stadium van ons grondwetlike ontwikkeling en besinning dit in beginsel en in die beste belang van die land en die party is dat die hoofleier van die NP as meerderheidsparty in die Volksraad die amp van Staatspresident beklee en dat die beginsel met begrip vir die posisie van die Staatspresident in oorleg met die Kabinet en Staatspresident bevorder word." Die ander voorstel, soos deur Du Plessis (as skriba) opgestel, het gelui: "Die onderlinge ongedefinieerde posisies van die twee ampsbekleërs van die Staatspresident en hoofleier van die NP skep ernstige praktiese en grondwetlike vraagstukke. Dit verteenwoordig 'n onbevredigende situasie. Die Federale Raad het gevolglik besluit dat die hoofleier, provinsiale leiers en Kabinet met die Staatspresident onderhandelinge voer sodat die hoofleier van die NP as meerderheidsparty in die Volksraad met voldoende politieke en grondwetlike gesag beklee word om sy rol effektief binne die huidige Grondwet te speel."¹¹⁴

Toe die voorstelle tot stemming gebring is (met die opsteek van die hand), het 22 persone ten gunste van Coetsee se voorstel gestem (wat in wese nie veel van De Klerk se paragraaf (d) verskil het nie), sewe vir Du Plessis-hulle se voorstel, terwyl Pen Kotzé buite stemming gebly het. Daar is besluit om net die een besluit bekend te maak en aan die kookus voor te hou.¹¹⁵

¹¹⁴ *Ibid.*

¹¹⁵ *Ibid.*

Twee ander besluite wat eenparig geneem is, was 'n voorstel van Tino Volker, voormalige Natalse parlamentslid, lid van die Uitvoerende Komitee en provinsiale voorsitter: "Die Federale Raad aanvaar 'n mosie van volle vertroue in u as hoofleier van die NP en sal u ondersteun in die hantering van die politieke sake van die dag vorentoe", en een van De Klerk self: "Die Federale Raad nooi die Staatspresident uit om ons te ontmoet op 'n datum wat tussen hom en die hoofleier gereël word."

Net na die Federale Raad se vergadering het diegene wat lede van die kouskus was hulle met die hyser na die kouskuskamer op die vierde verdieping gehaas om daar by die ander kollegas aan te sluit. Die Federale Raad se besluit is oorgedra en die kouskus het die voorstel eenparig aanvaar, waarna De Klerk die volgende verklaring uitgereik het: "Die Federale Raad van die NP ag dat in hierdie stadium van ons grondwetlike ontwikkeling en besinning dit in beginsel en in die beste belang van die land en die party is dat die hoofleier van die NP as meerderheidsparty in die Volksraad die amp van Staatspresident beklee en dat die beginsel met begrip vir die posisie van die huidige Staatspresident in oorleg met die Kabinet en die Staatspresident bevorder word. Hierdie besluit is met 'n ruim meerderheid deur die Federale Raad aanvaar en daarna eenparig deur die parlementêre kouskus van die NP bekragtig. Die Federale Raad en die kouskus het ook hulle volle vertroue in De Klerk as NP-hoofleier uitgespreek."¹¹⁶

Frik van Deventer het na die kouskus vir Botha gebel en gesê dat die kouskus wou hê dat hy moes gaan. Botha se verhouding met baie persone wat naby hom was, het ook versuur namate hy meer verwerp gevoel het. Hy het elke maal wat Van Deventer hom gebel het, laasgenoemde oor die

¹¹⁶ *Ibid.*

kole gehaal asof hy, Van Deventer, die skuld moes dra. Hierdie toedrag van sake het hom genoop om vir sy vrou, Johanna, te sê dat hy Botha nie weer sou bel om net voor stok gekry te word nie. In 'n stadium het Botha ook geweier om met genl. Magnus Malan en dr. Willie van Niekerk te praat omdat hy kwaad was vir "die wat hom in die rug gesteek het". Van Willie van Niekerk het hy trouens gesê: "Hy's 'n goeie dokter, maar van die politiek weet hy absoluut niks." In 'n poging om te versoen het dr. Dawie de Villiers vir Botha 'n bottel whisky as geskenk na die Wildernis geneem om te moes hoor: "Gaan drink dit saam met jou skinderbekke." In alle billikheid moes De Villiers, wat deur Botha "gaan haal" is om ambassadeur en later parlamentslid te word, geweet het dat jy nie vir Botha drank aandra nie. Die oorwoë mening was dat die beroerte Botha se oordeel aangetas het, maar met sy verstand was daar niks verkeerd nie.¹¹⁷

6. DIE BREUK VERGROOT

Opeens was daar politieke drama. In 'n hoofartikel skryf *Die Volksblad* op 14 Maart: "Gestroop van allerlei verwarrende bysake, is die geskil in die Nasionale Party nou duidelik gedefinieer as een oor mag van die party se hoofleier."¹¹⁸ Die skrywer van die artikel gaan voort deur daarop te wys dat die Federale Raad en die kookus formeel bevestig het dat die NP nie vir 'n verdeling te vinde is wat sy hoofleier, en daardeur die kookus en die party self, in 'n soort magsvakuum laat nie. Die implikasie van die keuse is dat die party die poste herenig wou hê in die persoon van FW. de Klerk: "In samewerking met mnr. Botha, wat die land lank en uitmuntend gedien het, moet nou 'n gladde oorgangsproses uitgewerk word."¹¹⁹

¹¹⁷ Aucamp-versameling, onderhoud met Frik van Deventer, 24 Mei 2009.

¹¹⁸ *Die Volksblad*, 14 Maart 1989, p. 10.

¹¹⁹ *Ibid.*, 17 Maart 1989, p. 10.

Die eerste maal wat die NP-mondstuk, *Nasionalis*, na die situasie verwys het, was by wyse van twee hoofartikels in die Maart 1989-uitgawe. In die eerste, onder die opskrif, "Clear stand", word genoem dat die parlementêre kookus en die Federale Raad se funksies duidelik omskryf is. Die kookus, benewens sy ander parlementêre verantwoordelikhede, kies 'n hoofleier, indien nodig, en kies ook 'n presidensiële kandidaat indien 'n vakature ontstaan. Die Federale Raad het 'n minder omskrewe funksie en is deur sy federale aard 'n meer koördinerende liggaam, wat van tyd tot tyd byeenkom om die provinsiale organisasies oor beleidsake te adviseer. In die praktyk, egter, het die Federale Raad die mees gesagdraende liggaam in die party geword en daarom was dit vanselfsprekend dat juis dié liggaam hom uitgespreek het oor die vraagstuk van die skeiding van magte. Die redakteur was nietemin versigtig en versoenend as hy sê: "However, it would be wrong to interpret the decision reached as a victory for the view of one leader over that of another. Rather it should be seen as an acknowledgement of the practical problems which could stem from any other interpretation, and a clear verdict on the way the interests of the National Party and the country can best be served."¹²⁰

In die tweede hoofartikel, onder die opskrif, "Kookus se stem", is beweer dat die weke sedert 2 Februarie vir baie Nasionaliste en vir die meeste Volksraadslede 'n tyd van intense wroeging en selfondersoek was en dat niemand kon voorsien hoe riskant die versoek op die tydstip was om 'n nuwe hoofleier te kies nie. Dit het gou duidelik geword dat die stap meer probleme geskep het as wat dit oplossings kon bied. Daar was nie 'n duidelike afbakening van bevoegdhede nie; dit het tot onvermydelike meningsverskil en botsings gelei en boonop was die omstandighede

¹²⁰ *Nasionalis* 8(4), Maart 1989, p. 5; Aucamp-versameling, konstitusie van die Nasionale Party van Suid-Afrika.

geensins bevorderlik vir gesonde en openhartige meningswisseling nie. “Die nuwe Hoofleier moes voortgaan om ‘n toenemend onrustige party te lei, terwyl die staats- en regeringshoof begryplikerwys om mediese redes afgesonder moes bly.”¹²¹

Daar is verder daarop gewys dat die verhouding tussen staatshoof, regeringshoof en hoofleier nie eensydig op ‘n *ad hoc*-basis verander kon word nie, en hierdie besef het selfondersoek geverg. Enersyds was jarelange vriendskappe en lojaliteit aan PW Botha vir sy diens, asook deernis met sy siekte, ter sprake. Andersyds was die grondwet van die NP met sy onverbiddelike eis van trou aan die hoofleier ondubbelsinnig. Die kookus en die Federale Raad het nie gehuiwer om, toe dit vereis is, die party se grondwet te eerbiedig nie. “So lank as wat die party voortgaan om die party en sy belange voorop te stel, eerder as persone, so lank kan Nasionaliste gerus wees dat die landadministrasie in veilige hande is.”¹²²

PW Botha het inderdaad sy pligte op Woensdag 15 Maart amptelik hervat, nadat hy en sy gade, Elize, gaste, onder andere lede van die kabinet en hulle eggenotes, die vorige aand in Westbrooke op die 46ste herdenking van hulle troudag onthaal het. Botha se eerste taak was om die kabinetsvergadering die oggend te lei – sy eerste in langer as drie maande. Die geskil het nie ter sprake gekom nie en ‘n oënskynlik ontspanne Botha het die middag die groot saal van die parlement binnegestap om na die begrotingsrede van Barend du Plessis te luister.¹²³

Vir die oomblik was die kollig op min. Barend du Plessis. Hy het begin deur te sê dat hy seker is hy praat namens almal as hy sê hoe innig

¹²¹ *Nasionalis* 8(4), Maart 1989, p. 5; Aucamp-versameling, kookusreglement van die Nasionale Party, 1988.

¹²² *Ibid.*

¹²³ Prinsloo, pp. 377-381.

dankbaar “ons almal” is dat die agbare staatspresident sodanig herstel het dat hy weer sy plek in die parlement kan inneem. Hy het in sy slotopmerking weer na die staatspresident verwys en hom bedank vir sy belangstelling in die finansies en die ekonomie van die land en dat dit in die belang van al die inwoners bestuur word, asook vir die begrip en steun wat hy (Du Plessis) altyd van hom ontvang het – “veral in hierdie moeilike tydvak”. Die unieke situasie is onderstreep toe Du Plessis ook die hoofleier van die Nasionale Party, FW de Klerk, met wie hy by ‘n paar geleenthede “oorleg gepleeg het oor aspekte van die begroting”, bedank het.¹²⁴

Tydens die hervatting van die debat oor die eerste lesing van die Begrotingswetsontwerp op 17 Maart 1989, het die leierskapkwessie van die NP ‘n verdere dimensie gekry toe dr. Ferdie Hartzenberg, KP-onderleier, beweer het dat die regering nie meer geglo kon word nie, want “hulle dink nie voordat hulle óf doen óf praat nie”. Hy het ook gesê dat De Klerk ‘n staatsgrepie (*sic*) wil pleeg en dat, soos in die res van Afrika, die staatspresident van Suid-Afrika nie eens kon bekostig om siek te word nie, dan word hy in sy afwesigheid uitgewerk, en dit terwyl hy homself nie kon verdedig nie.¹²⁵ Hartzenberg het die geleentheid aangegryp om die NP behoorlik te kasty. Hy was ‘n baie effektiewe spreker en sy jarelange ervaring het hom laat besef dat hy ‘n rou senuwee van sy eertydse party aangeraak het. NP-LP’s het hulle bes gedoen om in daardie en ander debatte te maak asof niks ernstigs gebeur het nie, maar hulle het besef dat die NP seergekry het en dat dit nie moontlik was om ‘n wen-wen situasie te beredder nie. Iemand sou seerkry – dit was gewis.

¹²⁴ *Hansard*, 15 Maart 1989, kol. 2933, 2966 en 2967.

¹²⁵ *Ibid.*, 17 Maart 1989, kol. 3210.

Die ironie is dat sommige KP-lede in die parlement groot simpatie met PW Botha gehad het en die NP-LP's van ontrou en dislojaliteit beskuldig het. Piet Swanepoel, LP vir Kuruman, het die KP daaraan herinner dat hulle in 1982 vir Botha die rug toegekeer het: "As die agbare lid vir Lichtenburg (Hartzenberg) dus met soveel gevoel praat van iemand wat sy rug op sy leier keer, meen ek ons aan hierdie kant van die Raad kan net sê: 'u weet daar meer van as ons'."¹²⁶

Die parlementêre Paasreses van 1989 het op 22 Maart aangebreek en FW de Klerk het dieselfde dag, na 'n kabinetsvergadering, aangekondig dat 'n spesiale NP-koukus op Saterdag 8 April by Jonkershoek op Stellenbosch sou plaasvind, waar PW Botha nie teenwoordig sou wees nie. Botha het egter die gewone weeklikse koukusvergadering op Donderdag 6 April bygewoon. In sy toespraak het hy verduidelik wat hom gemotiveer het om die twee ampte te skei. Hy het ook gesê dat die politiek hom lof en kritiek leer ken het en dat die afgelope tyd se gebeure hom nie verbitterd laat voel nie. Hy bly 'n Nasionalis, bly glo in die toekoms van Suid-Afrika en weet dat tyd genesing bring. Dieselfde middag het hy ook 'n gesamentlike sitting van die parlement, waarna vroeër verwys is, toegesprek en op 3 Mei het hy die algemene verkiesing van Woensdag 6 September 1989 in 'n verklaring aangekondig.¹²⁷

In die April-uitgawe van *Nasionalis* is 'n berig op sy voorblad geplaas onder dié opskrif: "'n Geliefde leier tree uit". Daar is gemeld dat Botha se slagspreuk van vrede, voorspoed en veiligheid ook die doelwitraamwerk bly waarbinne hy na sy uittrede as hoofleier van die NP, steeds as staatshoof, net die beste belang van die RSA nastreef. Die blad vervolg: "Die NP is vir hom die voertuig waarmee Suid-Afrika se belange ten beste

¹²⁶ *Ibid.*, kol. 3229.

¹²⁷ *Ibid.*, 6 April 1989, kol. 5033; *Ibid.*, 3 Mei 1989, kol. 7675.

gedien kan word.” Die berig is afgesluit met: “Die Nasionale Party sal Pieter Willem Botha aan sy boesem druk en hom koester as een van die heel grootste leiers wat die party sedert sy ontstaan in 1914 opgelewer het.”¹²⁸

In die hoofartikel, onder die hofie, "Baie dankie!" is dank betuig teenoor ons “geliefde staatshoof”. Die hoop is uitgespreek dat hy sou herstel en die wens is uitgespreek dat die herstel in so ‘n mate blywend sou wees dat hy nog vir jare die liefde en toegeneëtheid van sy gesin, sy vriende en sy volksgenote sou ervaar. Die outeur sê dat, aangesien kwaadgesindes maar alte gretig sou wees om hulle eie vertolkings aan enige huldeblyk aan die voormalige hoofleier voor sy terugkeer na Tuynhuys te heg, daar doelbewus gewag is totdat die siekte iets van die verlede was. Daar is voortgegaan en berig dat die NP hom na die veranderde omstandighede ten opsigte van die hoofleier geskik het en dat ‘n opvolger vir Botha op sy uitdruklike versoek gekies is. Hy was egter vir langer as ‘n dekade die leier en soos ‘n vader vir alle Nasionale en vir duisende Nasionale in Kaapland nog vir baie langer. “Vir ons almal is die verbreking van die laaste direkte, persoonlike verbintenis met ‘n partyleier wat nog ‘n boeg met 1948 gespan het rede vir meer as net ‘n tikkie weemoed.”¹²⁹

Interessant is dat in hierdie hoofartikel nie na Botha se voortgesette staatshoofskap verwys is nie, maar dat die tragiese situasie waarin die party homself bevind het nie deur woorde, hoe opreg ookal bedoel, weggeskryf kon word nie. Die tafel was nou gedek vir seker die felste verkiesing in baie dekades, want vir sowel die NP as die KP sou dit maak of breek wees. Voordat die verkiesingskoors begin loop het, was daar

¹²⁸ *Nasionalis* 8(4), April 1989, p. 1.

¹²⁹ *Ibid.*, p. 5.

egter 'n ander verwickeling wat 'n groot impak op die verloop van die staatkundige proses gehad het en die vraagstuk van menseregte, ook in Suid-Afrikaanse konteks, op die voorgrond geplaas het.

Die jaar 1989 was ook om 'n ander rede histories. Die Suid-Afrikaanse Regskommissie het in 1986 opdrag van die minister van justisie gekry om ondersoek in te stel na die beskerming van individuele en groepsregte. Die projekteier hiervoor was die hoogs bekwame juris, regter PJJ (Pierre) Olivier, 'n boorling van die destydse Suidwes-Afrika (tans Namibië) en tot in 1973 hoogleraar in privaatrek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Hy het later verklaar dat die feit dat groepsregte in Suid-Afrika verabsoluteer is, en dit ook nog gekoppel was aan ras, die hele idëe van groepsregte gediskrediteer het en dit geïdentifiseer kon word met apartheid en rassisme.¹³⁰

Die eerste groot stap tot 'n handves of akte van menseregte is geneem toe die Regskommissie oor die naweek van 11 Maart 1989 'n lywige studiestuk van 500 bladsye oor groeps- en menseregte uitgereik het. Daarin is gesê dat 'n nuwe Suid-Afrika sonder diskriminasie weens ras, kleur of geloof regeer moes word volgens wetgewing wat getoets is aan 'n handves of akte van menseregte. So 'n akte moes vervolgens deur alle bevolkingsgroepe opgestel word, anders kon dit aanleiding gee tot onrus of selfs burgeroorlog, en parlementêre soewereiniteit moes beperk word aangesien heerskappy nie deur wette nie, maar deur die reg, gevoer moes word.¹³¹

¹³⁰ *Die Volksblad*, 8 Julie 1989, p. 16.

¹³¹ *Ibid.*, 13 Maart 1989, p. 11; Argief vir Eietydse Aangeleenthede (hierna verwys as AREA) PV 357: HJ Coetsee-versameling, verslag van Regskommissie, Maart 1989, lêers 1/55/3 en 1/43/1.

Regter Olivier het later profeties voorspel dat Suid-Afrika uiteindelik die beste menseregte-akte ter wêreld as deel van sy grondwet kon hê. Deur 120 verskillende menseregte-aktes of konstitusies te fynkam, is gevind dat menseregte nie vreemd is nie, maar dat die idee van menseregte en die beskerming van die individu, gemeenskaplik aan alle kulture en veral aan alle godsdiensoortuigings is. Eintlik is die grondslag daarvan dit wat in Mattheus 7:12 staan: “Doen aan andere wat jy ook aan jouself gedoen wil hê.”¹³² Die Regskommissie het voorgestel dat gelykwaardige stemreg vir alle landsburgers bo 18 jaar – mans en vroue, ongeag ras of kleur – in die akte erken moet word omdat die akte daarsonder nie geloofwaardigheid of legitimititeit sou hê nie. Verder is ook voorgestel dat die akte allermins die posisie van een groep, byvoorbeeld die blankes, moes beskerm, maar dat absolute regverdigheid en gelyke behandeling noodsaaklik is.¹³³

Die wette wat inbreuk maak op menseregte is ook by die naam genoem. Van die wette wat gekritiseer is, is die Grondwet (Wet 110 van 1983), wat nie vir stemreg vir swart mense in die parlement voorsiening maak nie, die Bevolkingsregistrasiewet (Wet 30 van 1950), wat mense volgens ras klassifiseer, en die Groepsgebiedewet (Wet 36 van 1966), wat eiendomsreg en okkupasie van grond op ‘n rassegrondslag beheer.¹³⁴

Interessant is dat die inisiatief verdere stimulus verleen het aan die besef dat enige staatkundige ontplooiing, om die toets te slaag, deur alle bevolkingsgroepe opgestel en aanvaar moes word en dat dit legitiem moes wees. Verder is dit ondubbelsinnig gestel dat die reg op menswaardigheid en regsgelykheid wat insluit dat daar nie gediskrimineer word op grond van ras, kleur, taal, geslag, geloof, etniese afkoms, sosiale stand, geboorte, politieke of ander opvattinge of gebreke of ander natuurlike

¹³² *Ibid.*, 8 Julie 1988, p. 16.

¹³³ *Ibid.*, 13 Maart 1989, p. 11.

¹³⁴ *Ibid.*

eienskappe nie, deel van die handves moes wees. Ook dat die hele handves met al sy artikels slegs gewysig of opgeskort kon word deur 'n 75%-meerderheid van die parlement.¹³⁵

As daar gekyk word na die Handves van Regte, wat hoofstuk 2 van die Grondwet (Wet 108 van 1996), uitmaak, is die ooreenkomste met die Regskommissie se voorstelle van destyds ooglopend – tewens dit vorm die basis daarvan. Selfs die voorstel dat die handves verskans word en net met 'n tweederdemeerderheid gewysig kan word, is in die finale grondwet opgeneem.¹³⁶

Regter Olivier was die regte persoon om die ys te breek. Hy was 'n natuurmens en uitgesproke oor die mens se taak as rentmeester op aarde. Tydens 'n kongres van die sekretariaat van deeltydse boere in die Landbousentrum in Bloemfontein, het hy vertel dat die Romeine die voorbeeld gestel het dat mense feilbaar is en dat politici behoort te besef dat hulle tydelik is. Volgens hom was dit die gebruik dat, as 'n veldheer na 'n suksesvolle veldslag Rome op 'n triomftog binnery, 'n slaaf wat deurlopend in sy oor fluister: “Jy is ook feilbaar, jy sal ook doodgaan”, by die stadspoort op sy strydwa klim.¹³⁷ Die bevindinge van Olivier sou die NP direk raak. Dit het inslag gevind en beslis die NP-koersbepaling vorentoe (tot 1994) geraak.

Namate die jaar 1989 gevorder het, het dit duidelik geword dat dié jaar van besondere betekenis gaan wees en vele historiese momente gaan oplewer. Benewens die verkiesing van 'n nuwe NP-hoofleier, sou die NP-federale kongres, PW Botha se ontmoeting met Nelson Mandela, FW de

¹³⁵

Ibid.

¹³⁶

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Wet 108 van 1996, hoofstuk 2; Aucamp-versameling, Jy en die grondwet (Pamflet uitgegee deur die grondwetlike vergadering).

¹³⁷

Persoonlike herinnering van outeur.

Klerk se besoek aan die buiteland, Botha se bedanking as staatspresident en die algemene verkiesing, hoofmomente wees.

As deel van die verkiesingstrategie het die NP-leierskap besluit om 'n federale kongres op 29 Junie in die Pretoriase stadsaal te hou en om 'n behoorlike afskeidsbanket vir president en mev. Botha op die vooraand van die kongres te reël. Die banket is met Botha bespreek en hy het te kenne gegee dat hulle dit sou bywoon, waarop uitnodigingskaartjies laat druk en uitgestuur is.¹³⁸ Groot was die verbasing en teleurstelling egter toe Botha later besluit het om nie die uitnodiging aan te neem nie. Hierdie toedrag van sake het gou wêreldkundig geword en om die NP se verleentheid te verminder, het FW de Klerk, Kobie Coetsee, Barend du Plessis en dr. Dawie de Villiers (wat op 19 Mei na mnr. Chris Heunis se bedanking, as Kaaplandse NP-leier verkies is), inderhaas na die Wildernis vertrek om Botha te probeer oorreed om wel die uitnodiging te aanvaar. Botha was egter onverbiddelik in sy besluit. Dit was nou duidelik dat die breuk tussen Botha en die NP-leierskorps al hoe groter geword het en dat opposisiepartye dit gerieflik kon uitbuit in die verkiesingsveldtog. Op 2 Junie skryf Botha in 'n brief aan De Klerk soos volg: "Ek het kennis geneem van 'n skrywe van 26 Mei 1989 in verband met 'n voorgenome Federale Kongres waarna u mondelings verwys het in 'n gesprek met my. Dit spyt my dat daar nie vroeër en op 'n behoorlike wyse aan my verduidelik is wat bedoel word met 'n kongres van hulde betoon nie. Dit strook nie juis met die besluite van die Federale Raad en die Koukus 'n paar maande gelede nie. Intussen verneem ek van beleidsverklarings wat die Staatspresident totaal ignoreer. Ook verneem ek van voorgenome oorsese besoeke wat u aankondig of laat aankondig, sonder dat die voorgeskrewe reëls vir ministers in dié verband nagekom is. Ek kry talle navrae van individue en groepe van persone wat met kommer die huidige

¹³⁸ De Klerk, p. 158.

stand van sake in Suid-Afrika bejeën en totdat ek meer helderheid het, sal ek nie graag in die openbaar by 'n geleentheid wil optree en my bind oor aangeleenthede waaroor ek nie ingelig is nie.”¹³⁹

Botha se onversetlike houding het hom nou stelselmatig van selfs sy mees lojale partygenote begin vervreem en al meer simpatie vir De Klerk verwek wat die aanslag van die “gekweste ou Buffelbul” moes trotseer.¹⁴⁰

7. DIE NP-WIELE ROL VOORT

Die Nasionale Party-leierskorps het gevoel dat die federale kongres 'n dawerende sukses was. FW de Klerk het 'n mosie ingedien waarin hulde aan die staatspresidentspaar, PW en mev Elize Botha, gebring is vir hulle onbaatsugtige diens aan die party. Die mosie het gelui dat Botha as partyamptenaar, parlamentslid sedert 1948, hoofinligtingsbeampte, provinsiale leier van Kaapland en hoofleier sedert 28 September 1978, bygestaan deur mev. Botha, diens van onskatbare waarde aan die NP gelewer het. “Die Nasionale Party is veral met trots vervul dat hulle as ministerspaar, maar veral as presidentspaar, die land en al sy mense vir soveel jare met sulke onderskeiding kon dien. Sy waagmoed en geloof om verreikende besluite te neem en konsekwent deur te voer, het die NP te alle tye geïnspireer. Die kongres se innige seënbede vergesel mnr. en mev. Botha.”¹⁴¹

Hiermee het die party 'n nuwe era betree. *Rapport* het drie dae na die kongres in banieropskrifte aangekondig: “Die F.W.-era is hier”. Die kongres het inderdaad 'n nuwe tydvak ingelui. Tydens die negende federale kongres van die party het 1 500 kongresgangers geesdriftig 'n

¹³⁹ Prinsloo, pp. 382-383.

¹⁴⁰ Aucamp-versameling, onderhoud met Frik van Deventer, 19 Oktober 2009.

¹⁴¹ Ibid., kongresstukke, 1989; *Die Volksblad*, 30 Junie 1989, p. 5.

nuwe aksieplan vir die volgende vyf jaar vir die NP goedgekeur. Die koerant het verder berig dat die begin van die De Klerk-tydvak saamval met belangrike ontwikkelinge buite die party wat bepalend vir die onmiddellike toekoms kon wees, naamlik winde van verandering aan die internasionale front en gebeure in die buite-parlementêre politiek.¹⁴²

Die opposisiepers was minder geesdriftig oor die jongste politieke gebeure. *The Star* was nie baie beïndruk met die Nasionale Party se vyfjaaraksieplan nie en het in 'n hoofartikel geskryf dat die party 'n trein jaag wat reeds die stasie verlaat het. Hulle sê dat, waar die NP oor vyf jaar wou wees, is waar hy al tien jaar gelede moes wees. Die party is self te blameer vir die futiliteit van sy plan "for it was the NP which taught three generations of supporters that apartheid was the only option; and taught three generations of blacks that the NP could not be trusted". Ander Engelstalige koerante was meer genaakbaar. Die *Sunday Times* noem die plan "tippy-toe towards the Rubicon" en sê in sy hoofartikel dat dit nie sonder meriete is nie. "Overall the plan demonstrates a praiseworthy willingness to wrestle with South Africa's core problems."¹⁴³

Selfs die kritiese politieke kommentator, Harold Pakendorf, was van mening dat die plan leemtes het "but it's change" skryf hy. In dieselfde koerant spaar 'n ander jarelange fel kritikus van die NP, Dries van Heerden, die party egter nie. Hy skryf dat die plan dieselfde ou produk, net anders verpak, is. Hy waarsku Suid-Afrikaners, soos die inwoners van Troje gewaarsku is toe 'n houtperd vol Griekse soldate na die stadsmense gesleep is: *Timeo Nataos et dona ferentis* ("Fear the Nats even if they are bringing gifts").¹⁴⁴

¹⁴² *Rapport*, 2 Julie 1989, p.1.

¹⁴³ *Sunday Times*, 2 Julie 1989, p. 24. Vgl. ook *The Star*, 29 Junie 1989, p. 80

¹⁴⁴ *Sunday Times*, p. 24.

Nuusblaaië in die Nasionale Pers-stal het voor die tyd al bespiegel dat 'n nuwe Suid-Afrika met gelyke politieke deelname vir almal, ingrypende nuwe denke rondom die groepsgedagte en die moontlike aanvaarding van 'n akte van menseregte, van die belangrikste aspekte in die NP se voorgestelde aksieplan sal wees. Ook is tereg voorspel dat die aksieplan die basis sou vorm vir die NP se verkiesingsmanifes later daardie jaar.¹⁴⁵ Die Nasionale Party het sy program van aksie op staatkundige terrein op die realistiese erkenning van twee aspekte van die werklikheid in Suid-Afrika gebaseer, naamlik die verskeidenheid van die groepe waaruit die bevolking saamgestel is, asook die gemeenskaplikheid wat hierdie groepe as permanente inwoners van dieselfde land met mekaar deel.

Dit moet in gedagte gehou word dat die NP enersyds erken het dat Suid-Afrika aan almal behoort en dat almal stemreg behoort te geniet. Andersyds is die groepsverskeidenheid van die land steeds verreken in die party se beleid van selfbeskikking oor eie sake vir elke groep deur die verdeling van mag en die afwenteling van mag op 'n nie-diskriminerende wyse. Hierdie dualisme is verwoord in dr. Stoffel van der Merwe se opmerking dat die party daarna streef om binne vyf jaar ras as 'n maatstaf vir die bepaling van groepe uit te skakel. NP-politici het strykdeur geargumenteer dat hulle party die volle werklikheid van die land verreken, terwyl die Demokratiese Party (DP) nie die feit van die bevolkingsverskeidenheid in ag geneem het nie, en die Konserwatiewe Party (KP) weer die feit van groepe se gemeenskaplikheid binne dieselfde vaderland misken het. Beleidsrigtings, het NP-publikasies gesê, wat slegs met die helfte van die werklikheid rekening hou, is gedoem tot mislukking.¹⁴⁶ Binne enkele jare sou die NP self, in sy eie woorde, "met slegs die helfte van die

¹⁴⁵ *Die Volksblad*, 28 Junie 1989, p. 1.

¹⁴⁶ Aucamp-versameling, vyfjaar-aksieplan van die Nasionale Party, 1989-1994 (pamflet) en kernfeite, 6 September 1989 (pamflet).

werklikheid rekening hou”, toe die finale grondwet in 1996 niks anders as ‘n gewone meerderheidsregeringsmodel daargestel het nie.

Wat betref groepstrukture, het die aksieplan voorbeelde van regerings-instellings vir eie sake, wat reeds bestaan, genoem:

- eie plaaslike besture met eie kieserslyste as basis;
- eie administrasies (Volksraad, Raad van Verteenwoordigers en Raad van Afgevaardigdes), ook met eie kieserslyste as basis, en
- outonome, selfregerende gebiede vir swart mense.¹⁴⁷

Die gemeenskaplikheid van groepe binne dieselfde vaderland is verreken in die NP se beleid van magsdeling oor gemeenskaplike sake, met inagneming van die beginsel van nie-oorheersing. Voorbeelde van magsdeling oor gemeenskaplike sake het ingesluit:

- Streeksdiensterade op die derde vlak van regering, wat reeds in werking was en ook ‘n goeie voorbeeld was van magsdeling sonder oorheersing;
- Uitvoerende komitees vir die vier verskillende provinsies wat uit alle bevolkingsgroepe bestaan het; en
- Wetgewende, sowel as uitvoerende, gesagsinstellings waarbinne die leiers van al die gemeenskappe, ook swartes, kon deelneem aan besluite oor ‘n nuwe bedeling en oor gemeenskaplike belange op ‘n konsensus-basis. Dié instellings moes nog deur onderhandelinge tot stand kom.¹⁴⁸

¹⁴⁷ *Nasionalis* 8(7), Julie 1989, p. 1.

¹⁴⁸ *Ibid.*

In sy slotrede tydens die kongres het die hoofleier FW de Klerk die party se nuwe koers duidelik uitgespel en gesê dat die party 'n mandaat vra om Suid-Afrika op 'n nuwe koers te plaas. Hierdie koers is een “van hoop, van verbreking van isolasie, weg van groeiende konflik, gerig op blywende verstandhouding, gebou op samewerking en goeie buurskap en op pad na 'n nuwe, sterk en regverdige Suid-Afrika”.¹⁴⁹

Die NP-mondstuk, *Nasionalis*, was van mening dat die kongres belangrike byvoordele gehad het. Dit het die eenheid binne die party gedemonstreer, in teenstelling met dit wat in ander politieke partye aangaan. Dit het ook die feit onderstreep dat die outoriteit van die nuwe NP-leier nie bevraagteken kon word nie. Die eenstemmigheid waarmee die aksieplan aanvaar is, is so deur 'n parlamentslid beskryf: “It is doubtful if any election platform has ever been given the go-ahead by so representative a gathering.” Die laaste positiewe aspek was die onverwagse goeie reaksie wat die aksieplan van politieke analiste in Suid-Afrika en van verskeie Westerse leiers ontvang het. So het Harold Pakendorf, 'n lid van die DP se Nasionale Raad, opgemerk: “When all is said and done, the ninth Federal Congress was of vital importance.” Hy het ook die DP gewaarsku dat die plan slegte nuus vir hulle is: “But it is good for the country as a whole.”¹⁵⁰

Wimpie de Klerk, broer van die NP-leier en ook 'n DP-adviseur, het gesê: “The plan can succeed if there is concrete progress in the short term.”¹⁵¹ Tydens die kongres is ook baie spesifieke vrae oor die NP se onderhandelingsplan gestel, wat deur min. Gerrit Viljoen beantwoord is. Enkele voorbeelde is die volgende:

¹⁴⁹ *Ibid.*

¹⁵⁰ *Ibid.*

¹⁵¹ *Ibid.*

- **Hoe kan oorheersing uitgeskakel en groepsekuriteit verseker word?**

Deelname aan gesamentlike besluitneming geskied op 'n groep-grondslag met konsensus tussen alle groepe as uitgangspunt vir besluitneming. Daar word dus nie koppe getel nie, wel groepe. Binne elke groep word wel koppe getel om die groep se standpunt te bepaal. Aandag moet ook gegee word aan spesiale vetoregte, die verskansing van sleutelbepalings in die grondwet en die rotasie van bevoegdhede.

- **Hoe gaan dooiepunte opgelos word indien konsensus nie bereik kan word nie?**

'n Objektiewe en sover moontlik gedepolitiseerde instelling vir die beslegting van geskille sal met ander bevolkingsroepe onderhandel moet word. Dié instelling sal hoë aansien en vertroue by alle dele van die bevolking moet geniet.

- **Hoe gaan die NP sy standpunt van groepsverteenvoordinging deur ander bevolkingsgroepe aanvaar kry?**

'n Meer aanvaarbare definiëring van groepe sal gevind moet word, wat onder meer voorsiening maak vir vryheid van assosiasie. 'n "Oop" groep kan ook geskep word waarvoor slegs Suid-Afrikaanse burgerskap as kwalifikasie geld.

- **Wat gaan die posisie van die staatspresident wees in die nuwe grondwetlike bedeling?**

Daar sal opnuut besin moet word oor die staatshoof en sy funksies in 'n nuwe bedeling, sy rol al dan, as regeringshoof en die wyse waarop hy verkies word, sowel as sy verhouding met die partypolitiek. Die huidige omvattende en verreikende grondwetlike magte van die staatspresident sal opnuut beoordeel moet word met die

oog op 'n nuwe bedeling met magsdeling vir almal plus beskerming van groepe teen oorheersing.¹⁵²

Soos te wagte, was die reaksie vanaf die regses op die NP se aksieplan verdoemend. Die Herstigte Nasionale Party (HNP) het dit die grootste verraad ooit genoem en gesê dat dit die NP se finale kapitulasie voor die eise van die ANC en die kommuniste is. Jaap Marais, die HNP-leier, het in 'n verklaring onder meer gesê: "Inderdaad verteenwoordig dié Aksieplan die erkenning dat die ANC sy oorlog teen Blank Suid-Afrika gewen het en is die Regering bereid om op die ANC se voorwaarde vrede te sluit – selfs deur die toegewing dat die ANC nie eers geweld hoef af te sweer nie. Dit is glashelder dat elke aspek van NP-beleid waarteen die ANC en die Kommunistiese Party geveg het, nou ter wille van vrede met die ANC onder mnr. FW de Klerk se leiding prysgegee word."¹⁵³

Die Konserwatiewe Party (KP) het ook beweer dat die NP op pad na 'n swart regering is en dat die nuwe aksieplan deur die Afrikaner-Broederbond opgestel, deur De Klerk in Europa gesmous en toe eenvoudig in NP-ondersteuners se kele afgedruk is. Andrew Gerber, voormalige NG-predikant en sedert 1987 KP-LP vir Brits, het byvoorbeeld voorspel dat *Nkosi Sikeleli Afrika*, *Die Stem* as volkslied gaan vervang, dat die landsvlag gaan verdwyn en dat feesdae soos Geloftedag en Republiekdag gaan verdwyn. En hoe in die kol was Gerber nie. Die KP moet krediet gegee word dat baie uitvloeisels van NP-beleid wat hulle voorsien en die NP ontken het, inderdaad later gerealiseer het.¹⁵⁴

Daarteenoor het Leon Wessels, voormalige NP-minister en ondervoorsitter van die grondwetskrywende vergadering en tans kommissaris

¹⁵² *Ibid.*, p. 7.

¹⁵³ *Die Afrikaner*, 5 Julie 1989, p. 1.

¹⁵⁴ *KP Verkiesingsnuus*, 1 Julie 1989, p. 1.

van die Menseregtekommissie, onlangs gesê dat die samesprekings tydens Uniewording eintlik geen belangrike probleem vir Suid-Afrika opgelos het nie – nie dié van stemreg en nie dié van simbole nie. Dit het volgens hom onafgehandel gebly en dit was die NP beskore om vanaf 1990 ernstig aan hierdie sake aandag te gee.¹⁵⁵

Wat kommerwekkend was, was die feit dat die ANC-gesinde *Sowetan* oortuig was dat die plan deur die meeste swartes verwerp sou word, omdat dit voorgekom het asof die regering die *status quo* wou handhaaf. Hulle was van oordeel dat die NP met 'n meer verbeeldingryke plan vorendag moes kom om die land in 'n ware demokratiese en regverdigte samelewing te verander. Ook die Organisasie vir Afrika Eenheid (OAE) was skerp in hulle kritiek en noem die plan 'n "meaningless promise saddled with contradictions" en sê "the apartheid regime has once again shamelessly attempted to use another fraudulent ploy to deceive the world".¹⁵⁶

Kort na afloop van die kongres het 'n ander uiters belangrike gebeurtenis vir die NP en die land plaasgevind. Op 5 Julie 1989 is die ANC-leier, Nelson Mandela, onder groot geheimhouding per motor van die Victor Verster-gevangenis naby die Paarl na Tuynhuys gebring vir 'n ontmoeting met pres. PW Botha. Kobie Coetsee, minister van justisie, het die nuus op 8 Julie bekend gemaak en ook verklaar dat geen beleidsake in die hofflikheidsontmoeting van 45 minute bespreek is nie.¹⁵⁷

Dit was 'n epogmakende gebeurtenis vir die Nasionale Party, ook in die periode 1984 tot 1994. Die party was aanvanklik vir minstens vier jaar lank

¹⁵⁵ Aucamp-versameling, onderhoud met dr. Leon Wessels, 7 April 2009; Vergelyk Wessels, pp. 22-33.

¹⁵⁶ *Sowetan*, 30 Junie 1989, p. 6; *The Star*, 3 Julie 1989, p. 2.

¹⁵⁷ *Rapport*, 9 Julie 1989, p 1; Mandela, pp. 538-541; D Welsh, p.352.

onverbiddelik in hul standpunt dat deelnemers aan onderhandelinge eers geweld moes afsweer voordat daar met hulle onderhandel sou word. Dit het probleme geskep en in die party se aksieplan is die slim klemverskuiwing aangebring dat die enigste eis nou was dat alle mense en organisasies wat onwrikbaar tot die vreedsame en grondwetlike beslegting van politieke geskille verbind was, welkom was om saam te praat. Botha het vroeër die jaar self die klem begin verskuif toe hy gesê het 'n vrye Mandela sal hom aktief vir vrede moet beywer.¹⁵⁸

Die besondere betekenis van die ontmoeting was dat sowel Botha as Mandela hulle steun vir vreedsame ontwikkeling in Suid-Afrika bevestig het. Die feit dat die 73-jarige Botha en die 70-jarige Mandela albei 'n lang pad deur die gepolariseerde en spanningsvolle Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis geloop, en nou mekaar vir die eerste maal oog-om-oog gesien het, het hoop vir Suid-Afrika gebring en is deur sommige koerante tereg as die “belangrikste gebeurtenis in ons tyd” bestempel. Twintig jaar na die geskiedkundige 2 Februarie 1990-toespraak, het pres. Jacob Zuma in die parlement hulde gebring aan 'n paar individue wat sleutelrolle in die hervormingsproses gespeel het. Hy sou by die geleentheid in sy staatsrede erkenning gee aan die rol wat oudpresidente Botha en De Klerk en Kobie Coetsee in die nuwe politieke tydvak gespeel het. Na kritiek deur die DA-LP, dr. Wilmot James, dat hy Botha tot heldestatus verhef, het Zuma gesê: “Die feit van die saak is dat Coetsee in opdrag van Botha met Mandela begin gesprek voer het. Botha het later twee regeringsamptenare gestuur om met twee individue van die ANC in die buiteland te praat... daardie twee individue was Thabo Mbeki en Jacob Zuma.”¹⁵⁹

¹⁵⁸ Welsh, pp. 354-417.

¹⁵⁹ *The Citizen*, 24 Julie 1989, p. 11; *Die Volksblad*, 17 Februarie 2010, p. 2; J van der Merwe, *Trou tot die dood toe*, p. 130.

Na die historiese ontmoeting het almal nou wyd biespiegel dat Mandela spoedig vrygelaat sou word en selfs die Britse premier, Margaret Thatcher, het gesê dat sy ingelig is en dat dit 'n positiewe stap van die Nasionale Party sou wees. Kobie Coetsee, wat saam met dr. Niel Barnard, hoof van Nasionale Intelligensie, 'n sleutelrol in die skakeling met Mandela gespeel en 'n goeie verhouding met laasgenoemde opgebou het, het in 'n verklaring volgehou dat die besoek nie aan vrylating of onderhandeling gekoppel moes word nie. Die gesprek het nietemin wyd weerklank gevind en 'n nuwe vloeibaarheid in die land se politiek weerspieël as gevolg van veranderinge in gesindhede en benaderings. Dit is wyd verwelkom, binne- sowel as buitelandse, behalwe deur Winnie Mandela, eerw. Frank Chikane van die SA Raad van Kerke en ook die Konserwatiewe Party. Arrie Paulus, KP-LP vir Carletonville, het tydens 'n toespraak in Kimberley gesê 'n politieke gevange wat in die tronk hoort, word gerieflik in 'n huis aangehou en 'n tronkvoël word deur die staatspresident onthaal en dan word dit 'n welwillendheidsbesoek genoem.¹⁶⁰

Ondanks die feit dat Nelson Mandela deur 'n bevoegde hof skuldig bevind is, en deur die VSA en Brittanje as terroris getipeer is, het hy groot simboliese betekenis in die buiteland verwerf en is verskeie strate en pleine in die buiteland reeds na hom vernoem. Binnelands is sy vrylating deur talle leiers as 'n voorwaarde vir onderhandelinge gestel. Die NP-regering het terdeë besef wat die gevolge sou wees as Mandela in die tronk sou sterf, maar het eweneens besef dat sy vrylating nie sonder gevolge sou wees nie. Dit het verklaar hoekom Kobie Coetsee en Neil Barnard so baie aandag aan die geval Mandela gegee het en Botha reeds in April gesê het die regering sal met openhartigheid reageer as Mandela bereid is om 'n bydrae te lewer tot die vreedsame beslegting van Suid-Afrika se toekoms.

¹⁶⁰ *Die Volksblad*, 10 Julie 1989, pp. 1, 8; 14 Julie 1989, p. 8; 28 Julie 1989, p. 4.

Nou hét hy en die tafel was basies gedek vir sy vrylating nadat Mandela in sy verklaring, wat sy verbintenis tot 'n gesonde klimaat vir onderhandelinge onderstreep, bevestig het dat sy vrylating nie op daardie oomblik 'n strydpunt was nie.¹⁶¹

Dr. Gerrit Viljoen, invloedryke minister van onderwys en ontwikkelings-hulp, het op die tydstip tydens 'n openbare vergadering in Silverton gesê dat as 'n swart leier wat oor 'n lang tyd revolusie en oorlog nagestreef het, omdraai en homself verbind tot vrede, dan het die blankes in Suid-Afrika iets belangriks bereik.¹⁶² Die NP-leierskap was dit met hom eens.

Die ontmoeting tussen Botha en Mandela het uiteraard steeds positiewe reaksie uit die buiteland ontlok. So het oudpresident Jimmy Carter van die VSA die Suid-Afrikaanse ambassadeur, dr. Piet Koornhof, versoek om sy dank en gelukwense aan Botha oor te dra. Daar is reeds verwys na Margaret Thatcher se reaksie, maar die ontmoeting was ook hoofnuus op talle TV-kanale en in die meeste Britse Sondagkoerante. Op Amerikaanse TV- en nuusprogramme is dit as die belangrikste politieke gebeurtenis die afgelope tien of 20 jaar in Suid-Afrika bestempel. In die Sondag-uitgawes van die *New York Times* en die *Washington Post* het voorbladberigte daaroor verskyn.¹⁶³ Eensklaps was Suid-Afrika en die NP voorbladnuus, wat sekerlik ook hul toekomstige optrede in 'n mate sou beïnvloed. Ontleders het egter gevrees dat Botha deur die ontmoeting die kollig op hom wou laat val om te wys dat hy steeds in beheer is. So 'n aanname is verregaande, veral gegewe die baie lang aanloop van die ontmoeting en die voorbereidende werk wat Kobie Coetsee verrig het.

¹⁶¹ Van der Merwe, pp. 130-135; Vergelyk ook Wessels, p. 184.

¹⁶² *Die Volksblad*, 28 Julie 1989, p. 4; *Sowetan*, 31 Julie 1989, p. 2.

¹⁶³ *Sowetan*, 10 Julie 1989, p. 9; *The Star*, 14 Augustus 1989, p. 2.

Ander meer korrekte vertolkings was dat die ontmoeting verreikende gevolge vir die NP-regering, sowel as die ANC ingehou het en sommige ontleders was van oordeel dat die gesprek nuwe status aan Mandela en die ANC verleen het. Van die ontleders het ook gesê dat die gesprek beskou moet word teen die agtergrond van die internasionale druk op die regering oor die vrylating van Mandela. Die druk het ook toegeneem sedert die VSA en Rusland ooreengekom het dat streeksbotsings op 'n vreedsame wyse opgelos moes word.¹⁶⁴

Saam met die opgewondenheid oor Mandela en Botha se ontmoeting was daar ook 'n groter toegeneentheid teenoor die NP-regering uit die buiteland na De Klerk se verkiesing as NP-hoofleier en die standpunte wat hy ingeneem het. So is De Klerk baie hoflik ontvang toe hy Margaret Thatcher op 23 Junie in Londen ontmoet het. Daarna het hy eers die Portugese eerste minister, Cavaco Silva, ontmoet en later samesprekings gevoer met die Duitse kanselier, dr. Helmut Kohl, en die Italiaanse eerste minister, Guixlio Andreotti. Gedurende Juliemaand het De Klerk ook pres. Chissano van Mosambiek in Maputo besoek. Omdat ook ander Afrika-leiers te kenne gegee het dat hulle De Klerk graag wou ontmoet, onder andere pres. Kenneth Kaunda van Zambië, is hulle laat weet dat De Klerk eers sy aandag op die verkiesing wou toespits en hulle na 6 September sou ontmoet. De Klerk sê self dat sy buitelandse besoeke orals gunstige publisiteit geniet het – “iets wat pres. Botha blykbaar geirriteer het”. Hy glo ook dat die besoek uit die oogpunt van die NP en Suid-Afrika van groot belang was omdat dit noodsaaklik was om die belangrikste wêreldleiers onverwyld daarvan te oortuig dat hy en sy party van plan was om dramatiese veranderinge in Suid-Afrika teweeg te bring. De Klerk het verklaar dat almal, maar veral Thatcher en Kohl, hom aangemoedig het

¹⁶⁴ Sowetan; 10 Julie 1989; *The Star*, 21 Augustus 1989, p. 1.

om verreikende hervormings aan te pak en hom van hulle volle ondersteuning verseker het indien hy wel sou besluit om dit te doen.¹⁶⁵

Presies 20 jaar na die belangrike gesprek tussen FW de Klerk en Margaret Thatcher, lewer Sampie Terre'Blanche, bekende hoogleraar van Stellenbosch, 'n interessante perspektief op die destydse gebeure. Hy sê onder meer, om die afspraak in die nodige perspektief te plaas, moet 'n oorsig gegee word van die belangrike geopolitieke magsverskuiwings wat in die tweede helfte van die tagtigerjare in die wêreld plaasgevind het en ook tot die val van die Berlynse Muur op 9 November 1989 gelei het. In 1982 is Leonid Brezjnef van die Sowjetunie oorlede en kom sy rampspoedige bewind van byna twee dekades tot 'n einde. Gedurende hierdie tyd het die Sowjetunie geweldig agteruitgegaan, omdat die strukturele ondoeltreffendheid van Stalin se sentraal-geleide ekonomie in daardie 20 jaar sy tol geëis het.¹⁶⁶ Mikhail Gorbatsjof het in 1985 president van die USSR geword en aanvanklik nie besef hoe moeilik die omstandighede was nie – hoofsaaklik as gevolg van *pokazjuku*-propaganda, dit wil sê leuens en nogmaals amptelike leuens. Voorvalle soos die Tsjernobil-kernramp op 26 April 1986, het Gorbatsjof laat besef hoe bankrot die Sowjetunie is en hoe afhanklik hulle van samewerking met die Weste was. Ronald Reagan, Amerikaanse president, wat kort na sy inhuldiging in 1981 die Sowjetunie nog as “an evil empire” beskryf het, het egter tussen 1985 en 1988 vyf spitsberade met Gorbatsjof gehou. (Tydens die laaste een was die aangewese president, George Bush, ook teenwoordig.) Gedurende hierdie sessies het daar 'n vertrouensverhouding tussen hierdie twee leiers ontwikkel en is belangrike besluite oor ontwapening geneem. Toe Gorbatsjof die Sowjet-troepe opdrag gee om in hulle barakke te bly as daar sosiale onrus in die Oosbloklande was, was dit die

¹⁶⁵ De Klerk, pp. 158-159; *Die Volksblad*, 24 Junie 1989, p. 3.

¹⁶⁶ *Volksblad*, 20 Junie 2009, pp. 20-21.

teken vir dié lande om spontaan te protesteer, wat tot die val van die Berlynse Muur gelei het.¹⁶⁷

Tydens die spitsberade het die twee leiers ook ooreengekom om gesamentlik na onderhandelde of diplomatieke skikkings te soek vir die vernameeste brandpunte in die wêreld, soos dié in Suidwes-Afrika/Namibië en in Suid-Afrika. Dit het in werklikheid volgens Terre'blanche neergekom op 'n wapenstilstand in die Koue Oorlog. Hieruit het die skikking in Namibië voortgevloei, asook Gorbatsjof se boodskap aan die ANC dat die Sowjetunie hulle nie langer finansieel en militêr kon bystaan nie. Hy het die ANC ook aangemoedig om af te sien van hulle plan om die NP-regering militêr omver te werp en hulle aangemoedig om eerder 'n vreedsame skikking na te streef. In Oktober 1986 het Gorbatsjof vir Reagan by Reykjavik gesê dat die Sowjetunie hom aan streekkonflikte wou onttrek. Terre'Blanche beweer dat die twee leiers besluit het dat mev. Thatcher die geskikste persoon was om die NP-regering te oortuig om met die ANC in gesprek te tree. Dit het onder meer gelei tot Thatcher se inisiatief om die Eminent Persons Group (EPG) na Suid-Afrika te stuur. Die EPG se voorstelle is egter op 15 Mei 1986 summier deur pres. Botha verwerp. Thatcher was voor 1989 nie begerig om baie druk op die NP-regering te plaas nie, omdat sy tydens die Statebondskonferensie in Vancouver in Kanada gedurende Oktober 1987 die ANC "a typical terrorist organization" genoem het.¹⁶⁸

Gebeure tot 1989 het Thatcher oortuig dat 'n onderhandelde oplossing in Suid-Afrika gebiedend noodsaaklik was en toe FW de Klerk die NP-leier word, het sy gemeen dat die tyd ryp was om belangrike "boodskappe" (van 'n skikking met die ANC) aan hom oor te dra – nie net namens

¹⁶⁷

Ibid.

¹⁶⁸

Ibid., Vgl ook Wessels, p. 147.

haarself nie, maar ook namens die leiers van al die groot moondhede, wat die Sowjetunie ingesluit het. Terre'Blanche wonder tereg hoe die sake in Suid-Afrika sou verloop het as die Sowjetunie nie in 'n ekonomiese krisis beland het nie en Reagan nie op so 'n goeie voet met hulle was nie.¹⁶⁹

De Klerk se populariteit en dr. Kenneth Kaunda van Zambië se aandrang om hom te sien, het De Klerk laat besluit om in te willig om hom op 28 Augustus te besoek. 'n Krisis het ontstaan toe PW Botha van die besoek hoor. Hy was woedend, omdat hy, syns insiens, deur die kabinet oor die hoof gesien en geïgnoreer is en hy het gedreig dat hy 'n kritiese verklaring gaan uitreik. Pik Botha, minister van buitelandse sake, wat met die reëlings gemoeid was en pres. Botha oor die besoek sou inlig, was onkant gevang toe Kaunda die besoek voortydig openbaar gemaak het. Hy het egter verklaar dat hy die kwessie van 'n moontlike besoek aan Kaunda reeds in beginsel met Botha uitgeklaar het en dat dit volgens hom 'n *fait accompli* was. Die vet was in die vuur en Botha was op die oorlogspad. De Klerk het die kabinetslede wat in Pretoria was, ontbied en hulle oor die jongste verwikkelinge ingelig. Hy het Botha ook probeer oorreed om 'n afvaardiging te ontvang om die misverstand kalm en verantwoordelik te bespreek. Botha het geweier en die volgende verklaring uitgereik: "Ingevolge die reëls wat handel oor die buitelandse reise van ministers, dra ek geen kennis van die samesprekings van 21 Augustus wat deur dr. Kaunda aangekondig is nie."¹⁷⁰

Dit was 'n direkte weerspreking van Pik Botha se verklaring. FW de Klerk het besef die finale krisis het aangebreek en dat 'n algehele konfrontasie onvermydelik geword het, maar het nogtans 'n verklaring uitgereik waarin hy die deur probeer oophou het om 'n volslae breuk te voorkom. Daarin

¹⁶⁹ *Volksblad*, 20 Junie 2009, pp. 20-21.

¹⁷⁰ De Klerk, pp. 160-166; *Die Volksblad*, 15 Augustus 1989, pp. 1-5; Ries en Dommissie, pp. 229-248; Prinsloo, pp. 383-420.

het hy gesê dat hy alle beskikbare kabinetsministers byeengeroep het om die president se verklaring te bespreek en dat daar moontlik 'n misverstand was oor die inligting wat Pik Botha verstrek het. Hy het bygevoeg dat pogings om die president dringend te spreek, tot op daardie tydstip onsuksesvol was en dat hy in die lig daarvan 'n noodvergadering van alle ministers van die NP sou byeenroep om die saak te oorweeg. Pres. Botha se reaksie hierop was om 'n spesiale kabinetsvergadering in Kaapstad vir Maandagoggend, 14 Augustus, te belê. Op Saterdag 12 Augustus het al die NP-ministers en adjunkministers by De Klerk se ministerswoning in Brooklyn, Pretoria, vergader. Die saak is in besonderhede bespreek en daar was eenparige ondersteuning vir De Klerk en Pik Botha. Verskeie opsies is bespreek en die gevoel was dat die beste opsie sou wees om Botha te oorreed om tot na die algemene verkiesing, en die verkiesing van 'n nuwe president, siekteverlof te neem. Hy sou dan die ampseël op 'n waardige wyse aan sy opvolger kon oorhandig. Die meer ekstreme opsie sou wees om hom te dwing om te bedank. Deur bemiddeling van 'n paar buitestaanders, soos dr. Neil Barnard, is vergeefse pogings aangewend om 'n kompromis te probeer bewerkstellig. De Klerk en 'n paar ministers het gevolglik Botha die Sondagaand by Westbrooke gaan besoek. Hy het egter, volgens De Klerk, die geleentheid gebruik om vir hulle 'n lang preek af te steek.¹⁷¹

Die historiese kabinetsvergadering van 14 Augustus het plaasgevind en na die opening het De Klerk die bespreking gelei deur die agtergrond tot die onverkwiklikheid te skets en toe die voorstel gemaak dat Botha siekteverlof moes neem en dat 'n waarnemende staatspresident aangestel moes word. Al die ministers het in volgorde van senioriteit die voorstel gesteun wat vir baie, indien nie almal nie, traumaties was. Almal van hulle

¹⁷¹ De Klerk, pp. 160-166; *Die Volksblad*, 15 Augustus 1989, pp. 1-5; Ries en Dommissie, pp. 229-248; Prinsloo, pp. 393-420.

het hulle poste aan Botha te danke gehad en baie was op 'n persoonlike vlak jare lank met hom bevriend. Die vergadering is vir 'n kort rukkie verdaag, waarna Botha die kabinet uitvoerig ingelig en 'n bitter aanval op De Klerk en ander provinsiale leiers gedoen het. De Klerk het agterna gesê dat Botha 'n slagoffer geword het van die kleingeestigheid en agterdog wat, volgens kenners, tipiese simptome by sommige beroertepasiënte is. Botha het die voorstel verwerp en volgehou dat hy gesond is. Uiteindelik het hy egter gekom met 'n voorstel wat hy 'n aanbod genoem het. Hy het gesê dat hy bereid was om te bedank, op voorwaarde dat sy bedanking om middernag van dieselfde dag, 14 Augustus, van krag sou word en dat hy die geleentheid sou kry om al sy redes vir die bedanking volledig op televisie uit te spel. Dit is aanvaar en De Klerk het sy reg voorbehou om op die TV-uitsending te reageer. Botha het toe inderdaad sy bedanking tydens 'n TV-onderhoud bekend gemaak, wat volgens De Klerk " 'n aggressiewe en deurmekaar affêre" was. In 'n latere onderhoud het De Klerk en Pik Botha baie openhartig op Botha se beskuldigings gereageer. Die media het die ferm standpunt van De Klerk ondersteun en PW Botha veroordeel.¹⁷²

Kragtens die grondwet is De Klerk die volgende oggend deur die kabinet as waarnemende president aangewys en kort daarna deur hoofregter MM Corbett ingehuldig. Nou was alle aandag op die verkiesing toegespits.

Vir baie Nasionaliste was die paar maande sedert Botha se beroerte-aanval tot en met sy bedanking baie dramaties. Die navorser was, as NP-kandidaat, op 15 Augustus in Philippolis, wat deel van die Fauresmith-kiesafdeling was, besig met stemwerwery, en is vir ete genooi deur André

¹⁷² De Klerk, pp. 160-166; *Die Volksblad*, 15 Augustus 1989, pp. 1-5; Ries en Dommissie, pp. 229-248; Prinsloo, pp. 383-420; Louw, pp. 163-167; *Sunday Times*, 20 Augustus 1989, p. 22; AREA, HJ Coetsee-versameling, verbatim-notule van die Spesiale Kabinetsvergadering, 14 Augustus 1989; Wessels, p. 219.

Kolver en sy vrou Elsa, oud-premier John Vorster se dogter, op hulle plaas Bokpost. Na die TV-uitsending was Kolver se reaksie: “Hy kry nou dieselfde as wat hy aan my skoonpa gedoen het.” Kolver is op 22 Mei 2009 in Bloemfontein aan ‘n hartaanval oorlede. Min. Kobie Coetsee, wat al die jare groot ontsag vir Botha gehad en ‘n vertroueling van laasgenoemde was, het, toe die navorser hom gevra het of die kabinetslede se optrede teenoor Botha billik en geregverdig was, gesê: “Wat ons gedoen het, het ons gedoen in landsbelang en ter wille van stabiele regering.” Dit het boekdele gesprek en gerym met ‘n ander vertroueling van Botha, Frik van Deventer, oudsekretaris van die NP se Federale Raad, se mening dat daar niks met Botha se verstand geskort het nie, maar dat sy oordeel beslis deur die beroerte aangetas is. Dis ironies dat Botha daarna nog 17 jaar geleef het en eers op 31 Oktober 2006 op 90-jarige ouderdom oorlede is en minstens twee van die kabinetslede oorleef het, te wete Kobie Coetsee (oud-Vrystaatse NP-leier) en Stoffel Botha (oud-Natalse NP-leier).

‘n Bizarre feit is dat van die agt hoofleiers wat die NP sedert sy stigting in 1914 tot en met sy ontbinding in 2006 gehad het, net dr. DF Malan, adv. JG Strijdom en dr. HF Verwoerd tot hulle dood toe lede van die party was. Bygesê, Verwoerd en Strijdom is in die tuig oorlede. Genl. Hertzog het in November 1940, tydens die Vrystaatse Skeurkongres, verklaar: “Ek lê nou neer my leierskap van die Vrystaat en daarmee ook my lidmaatskap van die Party in die Vrystaat.”¹⁷³

Dit is bekend dat adv. Vorster na die woelinge rondom die Inligting-skandaal, en sy bedanking, eers as premier en later as staatspresident, sy bande met die party verbreek het. Hy het ook verklaar dat hy hom nie met die beleidstandpunte van PW Botha (oor onder meer die afskaffing van

¹⁷³ *Die Vaderland*, 7 November 1940.

artikel 16 van die Ontugwet) kon versoen nie. Daar is selfs bespiegel dat hy die KP se stigtingskongres in 1982 in Pretoria sou bywoon. Hy het nie sy opwagting daar gemaak nie, maar ook nie sy KP-simpatie enigszins ontken nie.¹⁷⁴

PW Botha het ook sy bande met die NP verbreek en die verhouding met selfs van sy voormalige vriende het versuur. Hy het weer die toenadering van die Vryheidsfront geniet en verklaar dat die NP nie meer dieselfde party is as dié een waarby hy aangesluit het nie.¹⁷⁵

In die woorde van dr Leon Wessels wat as adjunkminister onder PW Botha en in die kabinet van FW de Klerk gedien het, staan een ding egter vas: PW Botha het die gang van die geskiedenis verander, iets waarvoor hy nie erkenning kry nie. Wessels argumenteer dat Botha, lank voor De Klerk die bewind oorgeneem het, die NP van Malan, Strijdom, Verwoerd en Vorster nekomgedraai het. De Klerk het in 1989 net die NP-naam en die oorblyfsels van 'n uitgediende beleid geërf. Botha het die hoofpilare omgestoot. Volgens hom het die “oeraanhangers van apartheid en afsonderlike ontwikkeling” in die NP reeds in die 1983-referendum vir die wit Volksraad teen die NP van Botha gestem.¹⁷⁶

FW de Klerk het in 2004 uit die NNP bedank ná die party se besluit dat sy toekoms in en by die ANC lê, terwyl die laaste leier, Marthinus van Schalkwyk, die twyfelagtige voorreg gehad het om dié eens magtige party in 2006 te ontbind.

¹⁷⁴ Aucamp-versameling, onderhoud met Frik van Deventer, 25 Junie 2009.

¹⁷⁵ *Ibid.*

¹⁷⁶ Wessels, p. 146.

8. DIE VERKIESING VAN 1989

Dit was nou inderdaad vir alle deelnemende partye, ook vir die Nasionale Party, net die algemene verkiesing waarop gefokus is. Die eerste skote vanaf NP-kant het al op Vrydag, 12 Mei 1989, in die parlement geklap toe die hoofleier, FW de Klerk, in die bespreking van sy pos: voorsitter van die Ministersraad, in 'n wydlopende toespraak die NP-koers uitgespel het. Hy het onder meer gesê: "Wat ons nodig het, is om 'n werklike deurbraak te maak na 'n werkbare en billike stelsel wat billike geleenthede, betekenisvolle deelname en veiligheid aan al die mense van hierdie land sal bied. Ons sal om 'n mandaat vra om so 'n Suid-Afrika te bou. Die NP glo dat die kern van die oplossing van Suid-Afrika se probleme grootliks geleë is in een enkele begrip - regverdigheid teenoor almal. Die doel van die NP, gestroop van alle besonderhede, is 'n regverdige staatkundige, ekonomiese en maatskaplike bestel."¹⁷⁷ De Klerk het voortgegaan deur te sê dat die NP ten gunste was van deelname deur almal sonder oorheersing. Die KP wou hê dat die meerderheid volle deelname ontsê word. Dit was inherent onbillik en sou tot konflik en revolusie lei en sou juis die veiligheid en vryheid van blankes, wat die KP sê hy beskerm, vernietig.¹⁷⁸

Andersyds, as alle Suid-Afrikaners op die grondslag van een-mens-eenstem op gemeenskaplike kieserslyste op alle vlakke in 'n soort eenheidsstaat ingesluit word, ingevolge DP-beleid, sou dit noodwendig lei tot 'n meerderheidsregering en oorheersing. Dit was onbillik teenoor die blankes en sekere ander groepe en dus heeltemal onaanvaarbaar, aldus De Klerk.¹⁷⁹

¹⁷⁷ *Hansard*, 13 Mei 1989, kol. 8819-8820.

¹⁷⁸ *Ibid.*

¹⁷⁹ *Ibid.*; *Nasionalis* 8(5), Mei 1989.

Dit was dus baie duidelik dat die NP in hierdie stadium glad nie te vinde was vir die konsep van 'n gewone meerderheids- staatkundige model nie.

Die Nasionale Party se staatkundige beleid is baie goed en kernagtig deur min. Gerrit Viljoen tydens 'n kandidate-konferensie op 30 Junie 1989 verwoord. Dit kan as volg opgesom word:

STREWE

Die Nasionale Party beywer hom vir 'n **nuwe Suid-Afrika** waarin elke Suid-Afrikaner, as individu en ook in groepsverband, veilig, voorspoedig en menswaardig sal leef. So 'n Suid-Afrika moet 'n land wees waarin:

- **demokrasie** heers,
- geen groep **oorheers of oorheers** word nie, met 'n balans tussen die belange van individue en dié van groepe,
- **beskaafde norme** geld,
- **onafhanklikheid van die regbank** eerbiedig word en almal toegang het tot die howe,
- 'n **voorstrewende ekonomie, gebaseer op vrye ondernemerskap gedy**, almal veilig en ordelik in goeie buurskap met die internasionale gemeenskap leef.

DEMOKRASIE: DEELNAME DEUR ALMAL

- Suid-Afrika is een onverdeelde staat met een burgerskap vir almal. Elke Suid-Afrikaner het die reg tot deelname aan besluitneming op alle vlakke van regering wat sy belange raak.

- Die leiers van alle groepe wat verbind is tot 'n vreedsame toekoms, moet die geleentheid gegee word om deel te neem aan die skepping van so 'n vreedsame toekoms.
- Enige nuwe bedeling moet deur die kiesers goedgekeur en deur die parlement aanvaar word.

Die Nasionale Party sal:

- 'n gemeenskaplike waardestelsel, as grondslag vir 'n demokrasie, bevorder;
- die leiers van groepe wat verbind is tot 'n vreedsame toekoms, betrek in gesprekvoering en onderhandeling;
- 'n begin maak met die daarstelling van instellings waarin erkende swart leiers kan deelneem aan die skepping van 'n nuwe bedeling; en
- opnuut besin oor die funksies en bevoegdhede van die staatshoof, sy rol al dan nie as regeringshoof en die wyse waarop hy verkies word.

DIE NASIONALE PARTY SE PLAN VAN ONDERHANDELENDE DEELNAME IS DIE ENIGSTE PLAN WAT 'N REGVERDIGE SUID-AFRIKA, WAAROP ALLE SUID-AFRIKANERS TROTS SAL WEES, KAN SKEP.

GEEN OORHEERSING: BESKERMING VAN GROEPE

- Die verskeidenheid in die Suid-Afrikaanse bevolking noodsaak die beskerming van minderhede.
- Die handhawing van 'n balans tussen die regte van individue is van die grootste belang.

- Die oorheersing van 'n meerderheid deur 'n minderheid, of andersom, sal voortdurende stryd, bloedvergieting, armoede en ellende meebring.
- Konsensusbesluitneming tussen die erkende leiers van alle groepe, op 'n basis van gelykheid tussen groepe, met vetoregte oor belangrike sake, en met 'n objektiewe en gedepolitiseerde instelling om te besleg oor geskille, sal oorheersing effektief uitkakel.

Die Nasionale Party sal:

- vreedsame beslegting van politieke geskille en die uitkakeling van oorheersing as waardes bevorder;
- 'n balans tussen die belange van individue en dié van groepe handhaaf;
- 'n ooreenkoms met leiers van alle vreedsame groepe oor 'n basis waarop oorheersing uitgekakel kan word, nastreef;
- die daarstelling van 'n objektiewe, gedepolitiseerde meganisme vir die bevordering van konsensus en die beslegting van geskille, met die leiers van ander groepe beding;
- 'n meer aanvaarbare basis vir die definiëring van groepe vir politieke doeleindes, in oorleg met die leiers van ander groepe, nastreef; en
- deur voortgesette aksie die selfbeskikking oor eie sake, naas medebesluitneming oor algemene sake, bevorder deur die verdeling en afwenteling van mag.

DIE NASIONALE PARTY SE PLAN KAN REGVERDIGE EN EFFEKTIEWE BESKERMING AAN MINDERHEDE IN SUID-AFRIKA

BIED EN SO DIE GRONDSLAG LÊ VIR SAMEWERKING DEUR
ALMAL.¹⁸⁰

Uiteraard is die NP se plan geesdriftig deur al sy kandidate en lede ondersteun. Die NP het 164 kandidate in die verkiesing benoem, wat allerweë beskou is as die felste waarmee die party sedert 1948 te doene sou kry. Altesame 763 kandidate is amptelik benoem vir die drie rade van die parlement, hoewel die aandag toegespits sou wees op die 426 kandidate wat die 166 setels vir die Volksraad sou betwis. Meer as 'n derde van die Volksraadsetels is as brandpunte beskou en verskeie NP-setels het kwesbaar geword van regs en van links.¹⁸¹

Meningsopnames het vroeg reeds geen rooskleurige prentjie vir die NP geskets nie en die Sentrum vir Politieke Studies aan die Universiteit van die Witwatersrand het in Juliemaand voorspel dat, as kiesers toe moes stem, die NP nie 'n volstreekte meerderheid sou kry nie en dat die NP-seteltal van 123 tot 78 sou verminder met die KP wat 52 setels sou kry en die DP 36. Hulle het dit "the most dramatic shift in white political opinion since 1948" genoem. Die opname is deur 'n internasionaal-erkende analis, prof. Lawrence Schlemmer, gelei. Twee ander bekende ontleders van verkiesingsuitslae, Harry Laurie en Donald Simpson, het ook albei gemeen dit is moontlik dat die NP sy volstreekte meerderheid kon verloor en dus minder as 84 setels wen. Hulle was van mening dat die wit politiek vloeibaarder as ooit sedert 1953 was.¹⁸²

¹⁸⁰ Aucamp-versameling, notas tydens kandidate-konferensie, 30 Junie 1989; *Ibid.*, voorgestelde aksieplan van die NP vir die verkiesing van 6 September 1989; Staatkundige Ontwikkeling in Suid-Afrika - Handleiding vir NP-kandidate; Vyfjaar-aksieplan van die Nasionale Party, 1989-1994; NP Nuwe Aksie. Kernfeite, 6 September 1989.

¹⁸¹ *Die Volksblad*, 27 Julie 1989, p. 6.

¹⁸² *Sunday Times*, 23 Julie 1989, p. 1; *Rapport*, 23 Julie 1989, pp. 1-2.

In hierdie tyd het FW de Klerk ook 'n interessante skuif gemaak toe hy tydens die Kaaplandse NP-kongres gesê het dat die pad tot direkte gesprekke tussen die regering en die ANC oop is as dié organisasie die voorbeeld van Nelson Mandela volg om hulle te verbind tot die strewe na vreedsame oplossings.¹⁸³

Volbladadvertensies het in al die koerante verskyn met veral die NP en KP wat in 'n titaniëse stryd gewikkel was. Een volbladadvertensie van die KP het gelui: "Die KP beoog om die ander bevolkingsgroepe met die volle erkenning van hul menswaardigheid te behandel, terwyl aan hulle volledige vryheid gegun word. Ter wille van u eie vrye oorlewing ... ter wille van gesonde verhoudings tussen volke ... stem KP."¹⁸⁴ Een advertensie van die NP het onder meer gelui: "Belê jou stem in stabiliteit. Ja, in 'n realistiese en dinamiese Vyfjaar Aksieplan wat op harde ervaring gebou is. Ons vra jou stem op 6 September. Ons het die planne, die oplossings en die leier. Stem Nasionaal!"¹⁸⁵ Die DP met 'n driemanskap van leiers, naamlik mnr. Wynand Malan, dr. Denis Worrall en dr. Zach de Beer, is gekritiseer omdat hulle nie uit een mond gepraat het nie en oor belangrike sake soos die ekonomie verskil het.¹⁸⁶

Die uitslag van die verkiesing was vir die NP nie so sleg as wat die doemprofete voorspel het nie, hoewel die hoofopskrif in *Die Volksblad* die volgende dag "Broekskeur" in groot swart letters was met die ietwat meer positiewe onderskrif "Swaar verliese, maar NP bly in die saal."¹⁸⁷ Die stand van die partye in die Volksraad met die setels wat elkeen gewen

¹⁸³ *Sunday Times*, 23 Julie 1989, p.1; *Rapport*, 23 Julie 1989, pp. 1-2; *The Citizen*, 24 Julie 1989, p. 11.

¹⁸⁴ *Rapport*, 3 September 1989, p. 31.

¹⁸⁵ *Ibid.*, 13 Augustus 1989, p. 11.

¹⁸⁶ *The Cape Argus*, 22 Oktober 1987; *Die Burger*, 26 Junie 1989; SAUK TV-onderhoud, 18 Junie 1989.

¹⁸⁷ *Die Volksblad*, 7 September 1989.

het, met 1987 se gegewens tussen hakies was: NP 93 (123), KP 39 (22) en DP 33 (19).¹⁸⁸

Een kiesafdeling, Fauresmith in die Vrystaat, het 'n gelykopuitslag opgelewer tussen twee universiteitskennisse, naamlik adv. Alex Danzfuss van die KP en mnr. Inus Aucamp van die NP wat elk 4 519 stemme op hulle verenig het. Mnr. N Saunderson van die HNP het 120 stemme getrek en daar was 23 bedorwe stembriefies. 'n Vyfmaandelange hofstryd het gevolg nadat die Vrystaatse Hooggeregshof opdrag gegee het dat daar 'n hertelling van stemme moes plaasvind. Die hertelling het uiteindelik op 'n meerderheid van vyf stemme vir Aucamp uitgeloopt en regter AP van Coller het aan die landdros van Fauresmith, wat die kiesbeampte was, opdrag gegee om hom dieselfde dag, op 1 Maart 1990, tot parlamentslid vir Fauresmith te verklaar. Dit het die NP se getal setels op 94 te staan gebring en dié party 'n meerderheid van agt in die Vrystaat besorg, nadat die NP nog in die vorige verkiesing van 1987 al 14 setels ingepalm het.¹⁸⁹

Toe Aucamp die volgende Donderdag by die weeklikse kookusvergadering sy plek inneem, is hy deur dr. Dawie de Villiers, Kaaplandse NP-leier, verwelkom. De Villiers het skertsend met apologie aan Churchill gesê: "Ons het hulle (die opposisie) beveg in die strate, op die strande en in die howe."

Die NP was onder omstandighede tevrede met die uitslag van die verkiesing. Meer as 'n miljoen wit Suid-Afrikaners het hulle vertrou in die party herbevestig. Die 1 041 341 kiesers was net 33 000 minder as die 1 074 720 wat vir die NP in 1987 gestem het. Die twee hoof-opposisiepartye

¹⁸⁸ *Hansard* 22 Junie 1990, p. xv.

¹⁸⁹ *Die Volksblad*, 2 Februarie 1990, p. 1; MM Oelofse, 'n Kritiese evaluering van die politieke stryd in die kiesafdeling Fauresmith in die algemene verkiesing van 1989 (MA-verhandeling UOVS, 1993).

het 146 000 addisionele ondersteuners gekry (76 000 vir die DP en 70 000 vir die KP). Wat duidelik was, was dat meer as 100 000 kiesers wat nie in 1987 gestem het nie, nou 'n protesstem teen die NP uitgebring het. Wat vir die Nasionaliste van belang was, was dat die NP, nieeenstaande die verlies van 30 setels, steeds die meerderheidsparty in al vier provinsies was en dat, volgens 'n realistiese analise, die party steeds die meerderheid van Afrikaans- en Engelssprekende kiesers agter hom verenig het.¹⁹⁰ Met minder steun het die gevaarligte egter begin flikker.

Die NP-leier, FW de Klerk, se reaksie was dat die verkiesing verby was en nou deel van die geskiedenis was. Dis egter 'n belangrike deel van die geskiedenis, want dit het plaasgevind op 'n tydstip wat tereg as 'n waterskeiding vir Suid-Afrika getipeer kan word. Die betekenis van die verkiesing lê nie opgesluit in die uitslag nie, maar in die toekomsopdrag daarin vervat. Die meerderheid van die kiesers het 'n keuse uitgeoefen teen stagnasie en ten gunste van dinamiese vernuwing. Die NP het daardie opdrag aanvaar met die volle besef van die verreikende implikasies wat dit ingehou het. Dit was die enigste weg tot blywende stabiliteit en voorspoed vir Suid-Afrika. De Klerk het ook almal wat hulle vertrou in die NP gestel het, bedank en onderneem om hulle nie in die steek te laat nie. "Daar rus dus op ons, wat realisties gebly het en die balans behou het, 'n groot taak om ons realisme oor te dra aan andere; om hulle te oortuig van die werklikhede van ons situasie; om hulle te oorreed om saam met ons die hand aan die ploeg te slaan. Die verkiesing het bewys daar is maar een instrument wat, menslik gesproke, vertrou kan word met Suid-Afrika se toekoms; wat met verstandigheid, ewewigtigheid en versierendheid leiding kan neem in die skepping van 'n nuwe sterk en

¹⁹⁰ *Nasionalis* 8(9), Oktober 1989, p. 1.

regverdige Suid-Afrika. Dit is die Nasionale Party", was die hoofleier se boodskap.¹⁹¹

Hoop en verwagting was aan die orde van die dag toe Suid-Afrika se tweede uitvoerende staatspresident op 20 September 1989 in Pretoria ingehuldig is. Pres. De Klerk het hom en die regering verbind tot die volgende: die oorbrugging van die kloof van suspisie, wantroue en vrees onder Suid-Afrikaners; die van die grond af kry van die onderhandelingsproses; die opening van die deur tot voorspoed en ekonomiese groei; die vorming van 'n nuwe konstitusionele dispensasie, waarin almal sal kan deelneem sonder oorheersing en die hantering van onrus, geweld en terrorisme met 'n ferm hand.¹⁹²

Die algemene gevoel op die sonnige Woensdag was dat die jong en energieke staatspresident beslis oor die wil, moed en vermoë beskik het om sy droom vir 'n nuwe Suid-Afrika te laat realiseer. Die toekoms sou die sluier lig oor sy vermoë om daardie droom te verwesenlik. Met die geweldige positiewe reaksie in die buiteland en die hoop wat De Klerk vir Nasionale Party ingehou het om met die onderhandelinge weer "'n haas uit die hoed te trek", was daar min ondersteuners wat skepties oor sy vermoë was.

¹⁹¹ *Ibid.*; *The Citizen*, 8 September 1989, p. 8.

¹⁹² *Ibid.*

HOOFSTUK 5

APARTHEIDSMATREËLS TUIMEL (1989-1991)

Die laaste termyn van die Driekamerparlement sou nie 'n volle vyf jaar lank duur nie. Binne bestek van vier jaar, sewe maande en 20 dae is die parlement ingevolge die "ou" grondwet, Wet 110 van 1983, met een vervang wat ingevolge die "tussentydse" grondwet, Wet 200 van 1993, en na 'n verkiesing waaraan alle Suid-Afrikaanse stemgeregtigde burgers deelgeneem het, saamgestel is. Dit was inderdaad soos talle agterna tereg gesê het, "'n wonderwerk!".

Nie almal sou ewe positief wees oor die uiteindelijke staatkundige produk en die meriete van die Nasionale Party (NP) nie. Daaroor later meer. Pres. PW Botha se droom om die land berekend "in 'n nuwe bedeling in te regeer" het nie heeltewel so onder FW de Klerk se NP-leierskap plaasgevind nie. Verskeie parlamentslede was later van oordeel dat die dinamika van die onderhandelinge self sodanig momentum opgebou het, dat die NP grootliks beheer daarvoor verloor het, in so 'n mate dat die besef in 'n stadium posgevat het dat die NP nie 'n ander keuse gehad het as om eers die "tussentydse" grondwet (1993) en in 1996 die "finale" grondwet te aanvaar nie. Heelwat parlamentslede is ook onkant betrap, aangesien hulle, met die aanbreek van die nuwe bedeling, nog nie genoeg diensjare gehad het om vir pensioenvoordele te kwalifiseer nie - al die lede wat eers in 1989 verkies is, het trouens in daardie kategorie geval. Daadwerklike

veranderinge sou in hierdie termyn Suid-Afrikaners se voorland wees en veral blankes sou hulle "veiligheidsgordels" moes vasmaak.¹

Die jaar 1989 sou ook, benewens vir die drama binne die NP en die algemene verkiesing, onthou word vir die suksesvolle onderhandelinge oor die onafhanklikheid van Namibië (vroeër Suidwes-Afrika) en die ooreenkoms met betrekking tot Angola. Die hoogtepunte op 1990 se politieke kalender was onder meer pres. De Klerk se belangrike toespraak van 2 Februarie 1990, waarskynlik die betekenisvolste toespraak van enige Suid-Afrikaanse staatsman sedert 1910 omdat dit die gang van die land se geskiedenis in al sy fasette wesenlik verander het. Verder is mnr. Nelson Mandela op 11 Februarie vrygelaat, terwyl Namibië (vroeër Suidwes-Afrika) op 21 Maart onafhanklik geword het. Gedurende Meimaand het die eerste formele gesprekke tussen die NP-regering en die African National Congress (ANC) plaasgevind wat op die Grootte Schuur-minuut van 4 Mei uitgeloop het. Ingevolge hiervan is 'n taakspan saamgestel wat aanbevelings moes doen oor sake soos die definisie van politieke oortredings, immuniteit en die vrylating van politieke gevangenes.²

Meer nog: op 7 Junie 1990 is, behalwe in Natal, die noodtoestand opgehef (die noodtoestand is op 18 Oktober ook in Natal opgehef) en die Wet op Afsonderlike Geriewe geskrap. Op 6 Augustus het die ANC deur die ondertekening van die Pretoria-minuut hulle dertigjaarlange gewapende stryd opgeskort ten gunste van 'n onverwylde beweging na 'n onderhandelde skikking. Voor die einde van die jaar het die eerste groep ANC-

¹ Kobie Coetsee het dikwels teenoor die skrywer en tydens vergaderings opgemerk dat kiesers hulle veiligheids gordels sal moet vasmaak, waarmee hy bedoel het dat veranderinge meer drasties gaan wees as wat die gewone blanke kieser verwag.

² South Africa Foundation, *South Africa* 1994, p. 6; *Die Volksblad*, 29 Desember 1990, p. 5; Argief vir Eietydse Aangeleenthede (hierna bloot verwys as AREA) PV 357: HJ Coetsee-versameling, 1/A1/10, Grootte Schuur-minuut, Mei 1990.

uitgewekenes na die land teruggekeer.³ Suid-Afrika was inderdaad midde-in 'n transformasieproses, terwyl die NP steeds koers en rigting hieraan sou moes gee. Die regering en die land sou hare op hulle tande moes hê omdat, niteenstaande beloftes tot die teendeel, massa-aksieveldtogte en verhoogde vlakke van politieke geweld deur die ANC/SAKP (Suid-Afrikaanse Kommunisteparty)-alliansie veroorsaak is. Die ergste was waarskynlik die opspraakwekkende onthullings oor Operasie Vula.⁴

Die veiligheidsmagte het in Julie 1990 'n belangrike ANC-komplot, met die kodenaam *Operasie Vula*, blootgelê wat strydig met die ANC se ondernemings in die Groote Schuur-minuut en hulle verbintenis tot 'n vreedsame grondwetlike skikking was. ANC-agente, onder andere Mac Maharaj, Sphiwe Nyanda en Ronnie Kasrils, is sedert 1988 in die geheim na Suid-Afrika gebring om 'n ondergrondse netwerk te organiseer om die regering deur middel van geweld omver te werp. Oliver Tambo, president van die ANC, en Joe Slovo van die SAKP het ook in die sogenaamde Vula-hoofbestuurskomitee gedien.⁵

Maharaj en Nyanda en verskeie ander wat by die operasie betrokke was, is in hegtenis geneem, maar Kobie Coetsee, minister van justisie, was van mening dat vrywaring aan die beskuldigdes verleen moes word omdat vervolging die onderhandeling sou kelder. Nelson Mandela het beweer dat hy nie van die komplot bewus was nie en dat Joe Slovo aan hom verduidelik het dat Vula 'n sterwende operasie was.⁶

Dit is hoogs onwaarskynlik dat Mandela nie van die operasie bewus was nie en Coetsee fouteer het om vrywaring te verleen, het sommige LP's

³ AREA, PV 357; HJ Coetsee-versameling, 1/A1/10, Pretoria-minuut, Augustus 1990; J. van der Merwe, *Trou tot die dood*, p. 127.

⁴ FW de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 217-218.

⁵ *Ibid.*; Van der Merwe, pp. 171-172.

⁶ Van der Merwe, pp. 171-172; N Mandela, *Long walk to freedom*, p. 577.

geoordeel. Daar kan tereg gevra word of dit nie juis die bewustheid van die ANC en ander versetgroepe se aksies was, wat die NP motiveer het om onverbiddelik en drasties teenoor aktiviste op te tree nie. Dit is nie altyd duidelik wie vergeldend opgetree het nie, maar wat gewis waar is, is dat volslae vrede geensins op dié tydstop 'n werklikheid was nie.

Tog was dit die toespraak van FW op 2 Februarie 1990 wat oor die lengte en breedte van die land en die wêreld weerklank gevind het.⁷ Hoofopskrifte, selfs van koerante wat tradisioneel anti-NP was, was opeens vleierend: "De Klerk puts SA on the high road" (*Business Times*); "New era for SA" (*Cape Times*); "The day the doors opened" (*Sunday Tribune*); "FW swings into action" (*Sunday Times*). Die *Cape Times* het trouens so ver gegaan om redaksionele kommentaar op die voorblad te plaas: "For the first time ever, a South African head of Government has presented a vision of the country with which citizens from all strata of society can identify."⁸ *Rapport* se hoofopskrif was: "Dit wag vir S.A.!", terwyl *Die Volksblad*: "ANC gewettig", uitbasuin het.⁹

Hoewel *The Citizen* die toespraak verbysterend, braaf en heroïes noem, wys hulle in 'n hoofartikel op die gevaar dat die NP kan ver wag om daardeur nog meer steun onder Afrikaners te verloor. In die hoofartikel is trouens verklaar: "If an election were held tomorrow, the NP would probably lose it."¹⁰

⁷ Pres. De Klerk het saam met 'n paar ministers in sleutelpososies die pakket saamgestel wat hy op 2 Februarie 1990 aangekondig het. Afgesien van Nelson Mandela se vrylating het dit ook die verbod op die ANC, die SAKP, die PAC en 'n aantal ander organisasies behels, nog 'n kategorie ANC-gevangenes is vrygelaat en die noodregulasies ten opsigte van die media en onderwys, is opgehef. Die Wet op Afsonderlike Geriewe sou herroep word en 'n moratorium op die doodstraf is ingestel. Die Suid-Afrikaanse Regskommissie is opdrag gegee om 'n akte van menseregte op te stel met die oog op 'n toekomstige grondwet.

⁸ *Cape Times*, 2 Februarie 1990, p. 1.

⁹ *Rapport*, 4 Februarie 1990, p. 1; *Die Volksblad*, 2 Februarie 1990, p. 1.

¹⁰ *The Citizen*, 6 Februarie 1990, p. 6

As die uitslae van tussenverkiesings tot voor die referendum in 1992 ontleed word, is dit duidelik hoe korrek *The Citizen* die klimaat gelees het. Die uitsondering was egter die tussenverkiesing in Randburg op 7 November 1990, toe Marthinus van Schalkwyk as parlamentslid vir die NP verkies is en die KP teen die verwagting in hulle deposito¹¹ verloor het.¹² Dit moet darem genoem word dat DP-ondersteuners ook vir die NP gestem het net om te verseker dat die KP-kandidaat nie wen nie.

Die historikus At van Wyk noem die Februarie 1990-toespraak die belangwekkendste een van die eeu, maar voeg by dat die toekoms die finale oordeel sal vel. Hy sê verder: "Reeds weet jy as jy nadink, geen toespraak van wie ookal die afgelope negentig jaar het so 'n algehele ommeswaai in die gang van sake in vooruitsig gehou nie. 'n Wekroep tot bevryding vir almal, ook van die ketting van die geskiedenis." Hy verwys na die interessante toespraak van prof. ZK Matthews, 'n swart geleerde, in 1953 tydens 'n ANC-kongres op Cradock, waar hy gevra het vir die hou van 'n nasionale konvensie, verteenwoordigend van almal in die land, om 'n vryheidshandves op te stel vir 'n demokratiese Suid-Afrika. Van Wyk kom tot die gevolgtrekking dat pres. De Klerk 'n soortgelyke handves en oop demokrasie vir die republiek en vir sy mense in 1990 in die vooruitsig stel en pleit dat daar 'n groot indaba gehou moes word.¹³

Vir agtergrondinligting word weer ander toesprake wat Van Wyk ook in herinnering roep kortliks hier belig, naamlik die verklaring van Mandela in die hof in 1964 voordat hy tot lewenslange tronkstraf gevonnissen is, asook dié van die destydse Britse premier, Harold Mcmillan, op 3 Februarie 1960. Mandela het onder meer gesê (vertaal uit Engels): "Ek het my lewe

¹¹ Ingevolge die Kieswet, Wet 45 van 1979, het 'n kandidaat sy/haar deposito verloor as hy/sy minder as 20% van die stemme van die wen-kandidaat ontvang het. Dit is allerweë as 'n vernedering beskou.

¹² *The Star*, 9 November 1990, p. 8.

¹³ *Rapport*, 4 Februarie 1990, p. 2.

gewy aan die stryd van swartes. Ek het wit oorheersing beveg, en ek het swart oorheersing beveg. Ek het die ideaal aangehang van 'n demokratiese en vry gemeenskap waarin almal in vrede en met gelyke geleenthede kon saamwoon. Dit is die ideaal waarvoor ek graag wil bly lewe. Maar as dit moet, is dit een waarvoor ek bereid is om te sterf."¹⁴ Macmillan het reeds in 1960 parlamentslede in Kaapstad gewaarsku teen die "winde van verandering" wat deur Afrika waai, die swart vryheidswind, en dat Suid-Afrika sy seile moet regspan. Nou, sê van Wyk, het De Klerk anders as dr. Verwoerd, wat die vuis gebal het, die winde andersom gekeer – na vryheid vir almal in hierdie land van hulle geboorte.¹⁵

'n Interessante perspektief was dié van die vermaarde politikus JH (Koos) van der Merwe van die IVP (Inkatha Vryheidsparty), tans die langsdienende parlamentslid en voormalige NP- en KP (Konserwatiewe Party)-volksraadslid. Dit is dieselfde man wat in 1982 van PW Botha gesê het: "Ek is klaar met dié Prog" en in 1992 in die parlement verklaar het: "Daar is Afrikaners, soos ekself, wat onwrikbaar glo dat die volk se heil in die behoud van politieke selfbeskikking lê. Ek voorsien dat daar 'n Afrikanerstaat tot stand gaan kom wat internasionale erkenning geniet en wat in vrede met sy bure gaan saamleef."¹⁶ Van der Merwe, 'n innemende mens, het intussen van sienswyse verander. Hy argumenteer dat die blankes van Suid-Afrika van diverse afkoms is, dat selfs die Khoi en San wat hier was, divers is en dat die slawe van 12 verskillende lande na Suid-Afrika gekom het. Die vraag van blankes was volgens watter model regeer moes word - afsonderlik of "deurmekaar"? Toe die Afrikaner in 1948 die staatsmag bekom het, het hy sy beleid gekonkretiseer, maar twee noodlottige foute gemaak waardeur hy sy doodsvonnis geteken het. Eerstens het hy van volksvreemde arbeid gebruik gemaak, wat veroorsaak het dat

¹⁴ Mandela, p. 354.

¹⁵ *Rapport*, 4 Februarie 1990, p. 2.

¹⁶ *Hansard*, ongeredigeerde weergawe, 1 April 1992.

mense so deurmekaar gebly het dat "afsonderlikheid" onmoontlik was. Tweedens het die Afrikaners nie die slapende swart tsoenami, ten spyte van talle waarskuwings, sensitief hanteer nie. Die nuwe Suid-Afrika was dus die NP se einde. Daar was geen manier waarop die NP geloofwaardigheid by sy eie mense en by buitelandse politici kon behou nie."¹⁷

Die kwessie van swart arbeid en hoe dit die toepassing van die Groepsgebiedewet onder druk plaas en swartes se gesinslewe ontwig, was jare lank 'n besprekingspunt tydens kongresse en vergaderings. In die vroeë sestigerjare het die Ruiterswag (RW) in Bloemfontein begin om planne te bedink om die stad se woonbuurtes "snags wit" te kry, omdat hulle besef het dat so baie swart huishulpe, en soms wederregtelik van hulle vriende, hulle in die aande in bediendekwartiere bevind het, dat 'n mens moeilik van 'n wit woonbuurt kon praat. Dit was 'n hindernis vir die bevordering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling. Daarbenewens is swartes se gesinslewe benadeel en is daar gemeen dat daar eerder voorsiening in hulle eie woonbuurte vir hulle eie huise, sanitasie, vervoer en billike werksure gemaak moes word. So, het die RW geglo, kan gesonder omstandighede binne gesinsverband bevorder word. Die Bloemfonteinse Afrikaanse Sakekamer was entoesiasties en die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede (SABRA) is ook betrek, maar die verhouding het versuur oor onversoerbare standpunte, onder meer dié van 'n Afrikanertuisland soos deur SABRA voorgestaan.¹⁸

Lede van die Sakekamer, die RW (uiteeraard toe nog 'n geheime organisasie) en ander individue het vervolgens met 'n inisiatief vorendag gekom wat REGSAF genoem is (Red elke gesin/Save all families). Dit het

¹⁷ JM (Inus) Aucamp-versameling (hierna bloot verwys as Aucamp-versameling), onderhoud met Koos van der Merwe, 28 Julie 2009.

¹⁸ *Ibid.*, onderhoud met Nico le Roux, eertydse voorsitter van die Suid-Vrystaatse administrasieraad en ook voorsitter van die gesamentlike Suid- en Noord-Vrystaatse administrasieraad, 12 Augustus 2009.

daartoe gelei dat die wetgewer bepaal het dat die titelaktes van nuwe woonbuurte, soos Pellissier in Bloemfontein, voorgeskryf het dat daar nie 'n kamer vir huishulpe op 'n perseel gebou kon word nie. Die hele inisiatief is ook bevorder deur die sogenaamde sukses wat Pietersburg (nou Polokwane) destyds met 'n "wit by nag"-beleid behaal het.¹⁹

Die werklikheid van die land het ook hierdie planne op die lange duur onhaalbaar bewys. Die twee administrasierade in die Vrystaat sal egter in die geskiedenis uitstaan vir die realistiese en versierende visie wat hulle onder moeilike omstandighede openbaar het in hulle strewe om swart mense se omstandighede te verbeter en hulle menswaardigheid te erken deur meer gestratifiseerde dorpe en beter huise.²⁰

1. DIE TOESPRAAK VAN 2 FEBRUARIE 1990

Wat het aanleiding gegee tot die aankondigings van 2 Februarie en wat het FW de Klerk daartoe beweeg? Selfs vir NP-parlementslede was dit 'n totale verrassing. Aan hulle is verduidelik dat die kabinet gedurende Desember 1989 'n bosberaad in die D'Nyala-wildreservaat in Noordwes-Transvaal naby die Botswana-grens gehou het. Daar is 'n bespreking gevoer oor hoe hulle sou wou hê Suid-Afrika oor tien of 20 jaar daar moes uitsien. Hierdie groep het besluit: daar moes vrede, wet en orde, godsdienstvryheid en voorspoed wees - kortom, dit wat enige regdenkende mens sou wens. Die volgende vraag was of 'n mens so 'n situasie sou kon skep as daar op die huidige weg voortgegaan sou word. Die antwoord was 'n ondubbelsinnige nee.²¹

¹⁹ *Ibid.*

²⁰ *Ibid.*

²¹ AREA, PV 883: L Wessels-versameling, 1/B1/1, kabinetsbyeenkoms, D'Nyala, Desember 1989.

De Klerk sê self dat al die gesprekke hulle 'n duidelike beeld gegee het van hoe hulle hul kernvisie van 'n verenigde Suid-Afrika wou konkretiseer: "'n Suid-Afrika waar almal gelyke regte en geleenthede sou hê en waar die talle minderheidsgroepe nie bedreig of onderdruk sou word nie." De Klerk sê dat die hele kabinet toe gereed was vir die kwantumsprong wat hy vroeër belowe het in die koukusvergadering, waar hy as NP-hoofleier gekies is. Die logiese gevolg, dié van magsdeling, is aanvaar, "mits daar redelike beskerming van minderheidsregte sou wees". Daar is voorts saamgestem dat die ANC deel van die proses moes uitmaak en dat 'n strategie om hulle by die onderhandelingsproses te betrek, uitgewerk en bedink moes word. Die kabinet wou ook hulle teenstanders verras en so die inisiatief behou en verseker dat hulle deurgaans in beheer van die proses bly en goeie regering en wet en orde handhaaf.²² Hoewel net 'n paar sleutelministers by die opstel van die toespraak betrokke was, is dit volgens De Klerk op 31 Januarie 1990 in sy geheel aan die kabinet voorgelê.²³ Volgens latere getuienis van voormalige ministers soos drs. Tertius Delport en Rina Venter en Hernus Kriel en André Fourie het hulle nie voorsien wat die uiteinde van die toespraak in 1993 sou meebring nie.

Nie almal was egter van oordeel dat die NP eerlik was oor die oogmerke met 'n "nuwe" Suid-Afrika nie. Ismail Lagardien skryf in 'n artikel in die *Sowetan* dat die NP later sy masker laat val en sy ware gesig gewys het toe Kobie Coetsee in September 1991 by die NP se Vrystaatse kongres gesê het dat die partyleierskap teen die einde van 1989 besef het dat die toekomsopsies van die regering en die party "uiters beperk" was. Ook dat die land ekonomies en polities in 'n doodloopstraat beland het as gevolg van internasionale isolasie en sanksies en daarom besluit het om 'n nuwe Suid-Afrika te skep. Die rubriekskrywer impliseer dat Coetsee te kenne

²² De Klerk, pp. 178-179; *The Citizen*, 30 Mei 1991, p. 8.

²³ De Klerk, p. 180.

gegee het dat die NP met 'n soort *quid pro quo* geantwoord het op die VSA se herroeping van die Comprehensive Anti-Apartheid Act (CAAA).²⁴

Lagardien haal Coetsee egter buite konteks aan. Die NP het openlik gesê dat die land by 'n kruispad gekom het as gevolg van buitelandse en binnelandse druk. Dit was dus nie nuus nie. Wat De Klerk en ander leiers egter ook strykdeur duidelik gesê het, was dat die NP ook besef het dat sy beleid nie moreel geregverdig kon word nie. Dit was dus 'n verdere rede vir 'n koersverandering. Dit sou gewoon oneerlik wees om bloot te beweer dat die NP verander het en 'n nuwe Suid-Afrika nagestreef het omdat sy "ou" beleid nie moreel geregverdig kon word nie.

Die *Sowetan* was in 'n hoofartikel ook sinies oor die wittes se opregtheid dat alle politieke organisasies, behalwe die radikale regsies, bewus is van die onomkeerbaarheid van die proses na vreedsame onderhandeling. "This is so, not because whites have had a change of heart, but because reverting to the apartheid system, would simply not work in today's world."²⁵

Coetsee het by die Vrystaatse NP-kongres, 'n jaar vantevore, juis die stelling gemaak dat, benewens 'n snel veranderde sosio-ekonomiese omgewing, wat van die NP daadwerklike aanpassings verg, die party ruimskoots voorsiening sou maak om verantwoordelikhede met ander te deel as hy 'n leiersrol wou bly speel en die lotgevalle van die land wou bestuur.²⁶

²⁴ *Sowetan*, 5 September 1991, p.10. (Die Comprehensive Anti-Apartheid Act is in Oktober 1986 deur albei huise van die Amerikaanse Kongres goedgekeur en nadat pres. Ronald Reagan dit aanvanklik geveto het, is die veto deur die Senaat ter syde gestel. Hierdie wet het ingesluit 'n verbod op die invoer van Suid-Afrikaanse landbouprodukte, steenkool, ystererts en uraan asook 'n verbod op die uitvoer van sekere tegnologie. Die Suid-Afrikaanse Lugdiens (SAL) se landingsregte is ook opgeskort.)

²⁵ *Ibid.*, p. 6.

²⁶ Aucamp-versameling, Vrystaat NP-kongresverslag, 4-5 September 1990.

Ander faktore het uiteraard ook FW de Klerk se hand gesterk en hom meer politieke selfvertroue gegee. Op 13 Desember 1989 het hy saam met ministers Gerrit Viljoen, Kobie Coetsee, genl. WH Willemse, die Kommissaris van Gevangenisse, dr. Niel Barnard, hoof van Nasionale Intelligensie asook sy adjunk, Mike Louw, vir Nelson Mandela in Tuynhuys ontmoet. De Klerk en Mandela het later privaat gesels en die sake wat hulle bespreek het, het die weg vir onderhandeling voorberei. Daar is onder meer gepraat oor Mandela se vrylating, die ANC se eis vir 'n meerderheidsregering in 'n eenheidstaat en blankes se aandrang op waarborge dat 'n meerderheidsregering nie die oorheersing van die blanke minderheid deur swartes sou beteken nie. Die proses om hoë profiel gevangenes vry te laat, was ook al aan die gang, terwyl die Berlynse Muur in November 1989 geval en kommunisme in Oos-Europa totaal verbrokkel het. Daarbenewens het die steun van Westerse leiers toegeneem en vrugbare besoeke is deur FW de Klerk aan etlike lande in Afrika gebring, wat getoon het dat verhoudings in Afrika begin normaliseer het. Hy is spontaan en hartlik deur presidente Mobutu, Chissano, Houphouet-Boigny en Kaunda ontvang.²⁷

Dit is belangwekkend om daarop te let dat Kobie Coetsee al vroeg in 1981 agtergrondinligting oor Mandela asook die standpunte van vorige ministers en eerste ministers oor Mandela se vrylating van sy departement aangevra het. Die inligtingskantoor van die Nasionale Intelligensiediens (NID) het 'n dokument met bylaes opgestel wat op 23 Maart 1981 deur die departement van justisie ontvang is. Daarin word vermeld: "Hy openbaar toenemende wysheid en kom minder ekstreem ten opsigte van geweld voor terwyl dit skyn of die politieke rol van die ANC sterker as die militêre rol by hom begin weeg." Die verslag lui voorts: "Daar bestaan geen twyfel

²⁷ De Klerk, pp. 178-179; *The Citizen*, 30 Mei 1991, p. 8.

nie dat Mandela oor al die kwaliteite beskik om die nommer een swart leier in Suid-Afrika te wees" en dit tesame met sy martelaars- en heldebeeld verklaar waarom hy in die swart politiek gesien word as die algemeen aanvaarbare leier – 'n soort swart Moses wat van die berg moet afkom om sy volk te verenig en wonderbaarlik te verlos van hulle 'onderdrukkers'".²⁸

Hoewel Suid-Afrika beslis 'n groot deurbraak in internasionale verhoudings bewerkstellig het, was daar tog 'n teësinigheid by sommige lande om te aanvaar dat die veranderinge wat plaasgevind het, onomkeerbaar was. Dit het FW de Klerk genoop om op 24 Augustus 1990 tydens 'n TV-program onomwonde te verklaar dat die proses van fundamentele verandering in Suid-Afrika onomkeerbaar was.²⁹

Gedurende daardie tyd is onwillekeurig gedink aan die pogings wat eerste minister John Vorster in 1974 aangewend het om deur middel van détente³⁰ vir Afrika die hand van vriendskap te reik met die wens van vrede, vooruitgang en ontwikkeling vir almal. Daarmee het Vorster gehoop dat hy 'n ommekeer in die gesindhede van nasies in Afrika, en 'n nuwe klimaat van welwillendheid teenoor die NP-regering en die land, sou ontketen. Toe al het hy gesê dat suidelike Afrika voor 'n kruispad gekom het en sou moes besluit tussen die weg van vrede of die eskalاسie van die stryd. "Ek wil sover gaan om te sê dit (die tol van konfrontasie) sal te hoog wees vir suidelike Afrika om te betaal", het Vorster in 'n rigtinggewende toespraak in die senaat gesê en vervolg: "As oorlog kom, dan sal dit bloedig en vernietigend wees." Deur hom vir vrede te beywer, het Vorster egter nie te kenne gegee dat dit ten alle koste sou wees nie. Sy standpunt

²⁸ AREA, PV 357: HJ Coetsee-versameling, 1/M1/, Geheime dokument van die Nasionale Intelligensiediens.

²⁹ *The Citizen*, 25 Augustus 1990, p.4; MNet TV-uitsending, 24 Augustus 1990.

³⁰ Détente word deur die *Oxford Dictionary* as "the cessation of strained relations between states" omskryf.

was dat indien vrede nie plaasvind nie, sou hy vir die land se mense kon sê dat hy alles probeer het "om hierdie ding af te weer". Hoewel Vorster beperkte sukses gehad het tydens sy besoeke aan Afrika-lande en inderdaad daarin geslaag het om Suid-Afrika as Afrika-staat en die blanke Suid-Afrikaner as 'n integreerende deel van Afrika aanvaar te kry, het die verhouding tussen die NP-regering en die kontinent met verloop van tyd al strammer geword.³¹

Wat betref die destydse standpunte van enkele NP-leiersfigure in die Vorster-era oor Mandela se vrylating, het sowel eerste minister John Vorster, as minister van justisie, Jimmy Kruger en Louis le Grange, minister van polisie, gewag gemaak van die feit dat Mandela en ander deur 'n bevoegde hof skuldig bevind is aan substantiewe dade van moord en brandstigting. Hulle wou met die hulp van kommunistiese lande ondergrondse fabriek oprig waar jaarliks 48 000 landmyne en 210 000 handgranate vervaardig sou word.³²

Die toespraak van pres. FW de Klerk by die opening van die tweede sessie van die negende parlement van die Republiek van Suid-Afrika op 2 Februarie 1990 was, behalwe vir kabinetslede, dus onverwags. De Klerk het begin deur te sê dat die verkiesing van 6 September 1989 die land op die pad van ingrypende veranderings geplaas het. Grondliggend daaraan was ook die toenemende besef by al hoe meer Suid-Afrikaners dat slegs 'n onderhandelde verstandhouding tussen die verteenwoordigende leiers van die bevolking as geheel blywende vrede kon verseker. Die alternatief

³¹ JJ Swanepoel, *Die diplomاسie van adv BJ Vorster*, Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, UOVS, Bloemfontein, 1982, pp. 196-255; *Debatte van die Senaat*, 23 Oktober 1974, kol. 3430-3432; *Die Volksblad*, 16 September 1975, p. 7; JA du Pisani ed., *Divided or united power: views on the new constitutional dispensation by prominent South African political leaders*, p. xii.

³² *Hansard*, 21 April 1975, kol. 4584-4584; 24 Oktober 1974 en 15 April 1980, kol. 3909-3916.

was groeiende geweld, spanning en konflik. Dit was onaanvaarbaar en in niemand se belang nie.³³

De Klerk het ook gesê dat die heil van almal in die land onlosmaaklik gekoppel is aan die vermoë van die leiers om mekaar te vind oor 'n nuwe bedeling en daarom sou die regering die hoogste prioriteit gee aan die proses van onderhandeling. Die doelwit was 'n totaal nuwe regverdigte staatsbestel waarin elke inwoner gelyke regte, behandeling en geleenthede op alle lewensterreine sou geniet – staatkundig en sosio-ekonomies. Hy het almal wat met die breë doelwit saamstem, gevra om te help bou aan 'n breë konsensus oor die grondslae vir 'n nuwe, realistiese en demokratiese staatsbestel en om saam te werk aan 'n plan wat die land sou bevry van agterdog en sou wegstuur van oorheersing en radikalisme.³⁴

Nog 'n saak wat in die toespraak aangeraak is, was die vraagstuk van die beskerming van fundamentele menseregte, waarmee die Suid-Afrikaanse Regskommissie op dié tydstip steeds besig was. Die kommissie was ook in die proses om 'n finale verslag voor te berei. Die regering het die beginsel van die erkenning en die beskerming van fundamentele individuele regte aanvaar, wat in die meeste Westerse demokrasieë die grondslag van die staatsbestel vorm en het besef dat die mees praktiese wyse van die beskerming van daardie regte geleë is in 'n handves van regte wat deur 'n onafhanklike regbank beregbaar is. Dit was egter duidelik dat 'n stelsel vir die beskerming van die regte van individue, minderhede en nasionale entiteite 'n afgeronde en gebalanseerde geheel moes vorm, veral in Suid-Afrika met sy eiesoortige rassesamestelling. Enige nuwe grondwet moes verreken dat die erkenning van individuele regte nie die probleme van 'n heterogene bevolking sou laat verdwyn nie. Ook die be-

³³ Buro vir Inligting, address by the State President, 2 February 1990, p. 1.

³⁴ *Hansard*, 2 Februarie 1990, kol. 1-18.

skerming van kollektiewe, minderheids- en volksregte sou nie 'n ongelyke toebedeling van individuele regte meebring nie. Daarom is die Regskommissie deur die regering in 'n verdere opdrag versoek om 'n verslag gerig op die gebalanseerde beskerming, in 'n toekomstige grondwet, van die menseregte van alle burgers sowel as die regte van kollektiewe eenhede, assosiasies, minderhede en volke, op te stel. Die ondersoek sou ook dien ter ondersteuning van onderhandeling tot 'n nuwe grondwet en het ook behels:

- die identifisering van die hoofipes of modelle van demokratiese grondwette wat in bogemelde konteks oorweging verdien;
- 'n ontleding van die wyses waarop die betrokke regte in elke model beskerm kon word; en
- die moontlike metodes waardeur sodanige grondwette kon slaag en op legitieme wyse gewaarborg kon word.³⁵

Ook die doodstraf³⁶ het ter sprake gekom en pres. De Klerk het aangekondig dat besluit is dat hervorming op hierdie gebied aangewese is, die doodstraf as 'n vonnisopsie tot uiterste gevalle beperk moes word en dat die outomatiese reg van appèl aan terdoodveroordeeldes verleen word. Die regering het wyd geraadpleeg met die hoofregter, wat op sy beurt die

³⁵ *Ibid.*

³⁶ Tot en met die aanname van wetgewing in 1917, wat die strafproses- en bewysreg van daardie tyd gekonsolideer het, is die doodstraf nie volgens wetteregtelike voorskrifte opgelê nie. Ingevolge die 1917-wetgewing is daar egter die verpligting op howe geplaas om, in die geval waar 'n persoon op 'n aanklag van moord skuldig bevind is, die doodstraf op te lê, terwyl die doodstraf in die geval van 'n skuldigbevinding op 'n aanklag van hoogverraad of verkragting diskresionêr was. Die doodstraf was egter nie verpligtend nie, waar die moordenaar 'n moeder was wat haar pasgebore kind om die lewe gebring het of waar die moordenaar jonger as 16 jaar was. Hierdie ouderdom is later tot 18 opgeskuif. In 1935 is die Algemene Regswysigingswetsontwerp by die parlement ingedien. Dit het beoog om die doodvonnis ten opsigte van moord ook diskresionêr te maak. 'n Gekose komitee is aangestel en drie modelle is oorweeg, waarvan dié een wat die doodstraf verpligtend maak, tensy versagtende omstandighede gevind word, uiteindelik aanvaar is. Dit was die strafkriterium op die wetboek totdat die Strafwysigingswet in 1990 aanvaar is. In 1958 is die getal misdrywe waarvoor die doodstraf opgelê kon word, uitgebrei - dit is in die sestigerjare weereens gedoen - sodat daar 'n lys was van misdade waarvoor dié straf opgelê kon word, wat ingesluit het: roof, huisbraak, menseroof, kinderroof, en so meer.

regbank geraadpleeg het, terwyl akademici en ander belanghebbendes ook belangrike insette gelewer het. In die lig daarvan is alle teregstellings opgeskort totdat finale voorstelle gemaak is.³⁷

Die kwessie van die doodstraf het enkele jare later vir die NP inderdaad hoofbrekens besorg. Die laaste teregstellings het op 14 November 1989 plaasgevind. Voordat finale voorstelle daarvoor gemaak is, is die Handves van Regte in die oorgangsgrondwet bespreek en artikel 11 daarvan het gelui: "Elkeen het die reg op lewe." Toe die kwessie van die doodstraf later na die Grondwethof verwys is, het hulle bevind dat die doodstraf strydig met artikel 11 en dus ongrondwetlik was. Die NP en ander partye het geoordeel dat sommige oortredings so weersinwekkend is dat slegs die doodstraf 'n gepaste vonnis was. Hulle het betoog dat artikel 11 van die grondwet dan gewysig moes word om te lui: "...behalwe in die geval van ...", en om dan die oortredings te noem. Dit het op die ANC geen indruk gemaak nie en ten spyte daarvan dat burgers uit alle lae van die samelewing en van alle rassegroepe hulle ten gunste van die doodstraf uitgespreek het, is die *status quo* behou. Jare later het die kwessie egter steeds in die lug gehang toe baie terdoodveroordeeldes nog nie ander gepaste strawwe opgelê is nie. Dat die doodstraf 'n omstrede kwessie in Suid-Afrika is, ly geen twyfel nie en die drif waarmee voor- en teenstanders dit beredeneer, was altyd hoogs emosioneel. Die navorser skaar hom egter by diegene wat oordeel dat sommige misdade so barbaars, dierlik en weersinwekkend is dat net die doodstraf 'n gepaste straf en afskrikwaarde sal hê. Om egter oor iemand se lewe te beslis, kan geen maklike taak wees nie. Menige regter het dit oor dekades ervaar. Kobie Coetsee het vertel dat hy, as minister van justisie, in die laaste instansie

³⁷ Hansard, 2 Februarie 1990, kol. 7-8.

toestemming moes gee voor die voltrekking van elke doodsvonnis en dat dit hom op daardie betrokke dae hewig ontstel het.³⁸

Wat die onderhandelinge betref, het pres. De Klerk in sy toespraak gesê dat feitlik alle leiers saamstem dat onderhandeling die sleutel tot versoening, vrede en 'n nuwe regverdigte bedeling is, maar dat talle verskonnings aangevoer word waarom deelname geweier word. Daarom het hy die regering met sy inhuldiging daartoe verbind om daadwerklik aandag aan die vernaamste struikelblokke te gee en dit is ook hoekom hy verreikende besluite in daardie verband afgekondig het. De Klerk het ook die hoop uitgespreek dat daar na 'n nuwe fase beweeg sou word, weg van maatreëls ter regverdiging van konfrontasie en geweld. Vervolgens het hy die volgende stappe waarop besluit is, afgekondig:

- Die verbod op die African National Congress (ANC), die Pan Africanist Congress (PAC), die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) en 'n aantal ondergeskikte organisasies is opgehef.
- Persone wat gevangenisstraf uitdien bloot omdat hulle lede was van een van hierdie organisasies of omdat hulle 'n ander oortreding begaan het, wat net 'n oortreding was omdat 'n verbod op een van die organisasies gegeld het, sou geïdentifiseer en vrygelaat word. Gevangenes wat gevonniss is weens ander oortredings soos moord, terrorisme of brandstigting sou nie hierdeur geraak word nie.
- Die media-noodregulasies en die onderwysnoodregulasies is in die geheel geskrap. Die veiligheidsnoodregulasies sou gewysig word om voorsiening te maak vir doeltreffende beheer oor beeldmateriaal van oproertonele.
- Die beperkings op 33 organisasies ingevolge die noodregulasies is opgehef. Dit sluit onder meer die volgende organisasies in:

³⁸ Mondelinge mededeling aan outeur; Vergelyk ook Die Grondwet, Wet 108 van 1996, art. 11.

National Education Crisis Committee (NECC)
 South African Students Congress (SASCO)
 United Democratic Front (UDF)
 Congress of South African Trade Unions (COSATU)
 Die Blanke Bevrydingsbeweging van Suid-Afrika.

- Die voorwaardes wat tydens vrylating ingevolge die veiligheidsnoodregulasies op 374 persone geplaas is, is opgehef en die regulasies wat vir sodanige voorwaardes voorsiening gemaak het, is geskrap.
- Die tydperk van aanhouding ingevolge die veiligheidsnoodregulasies sou voortaan tot ses maande beperk word. Aangehoudenenes verkry ook die reg op regsverteenvoordinging en 'n geneesheer van hul eie keuse.³⁹

De Klerk het gesê dat implementering onmiddellik sou geskied en kennisgewings in die *Staatskoerant* al vanaf die volgende dag sou verskyn. Hy het opnuut verwys na veranderde omstandighede wat die NP-regering verreken het:

- die gebeure in die Sowjetunie en Oos-Europa wat die vermoë van organisasies wat vroeër sterk ondersteun is uit daardie oord, verswak het;
- die bedrywighede van organisasies wat ontperk sou word, het nie meer dieselfde bedreiging vir binnelandse veiligheid ingehou nie;
- daar was belangrike klemverskuiwings in die standpunte van die organisasies wat dui op 'n nuwe benadering tot vreedsame oplossings; en
- die Suid-Afrikaanse Polisie was oortuig dat hulle in staat was om geweld en misdaad te bekamp, ook deur lede van die betrokke organisasies, en misdadigers aan die gereg uit te lewer.⁴⁰

³⁹ *Hansard*, 2 Februarie 1990, kol. 12-13; www.fwdklerk.org.za.

⁴⁰ *Hansard*, 2 Februarie 1990, kol. 12-13.

Die president het sterk klem gelê op nog meer effektiewe regs- en wetstoepassing en gesê dat die ophef van die verbod op die genoemde organisasies nie 'n kondonering beteken van die terreur of geweldsmisdade wat onder hulle vaandel gepleeg is of in die toekoms nog gepleeg kon word nie. De Klerk het verwys na die belangrike rol wat Nelson Mandela kon speel en dat die regering kennis geneem het dat hy hom bereid verklaar het om 'n konstruktiewe bydrae tot die vreedsame politieke proses in Suid-Afrika te lewer, vandaar die besluit om hom (Mandela) onvoorwaardelik vry te laat.⁴¹

Teen die einde van sy toespraak het De Klerk verwys na die regering se oorhoofse doelwitte wat vir alle redelike Suid-Afrikaners aanvaarbaar behoort te wees. Dit sluit onder meer in 'n nuwe demokratiese grondwet, algemene stemreg, nie-oorheersing, gelykberegting voor 'n onafhanklike regbank, beskerming van minderhede sowel as van individuele regte, vryheid van geloof, 'n gesonde ekonomie gegrond op bewese ekonomiese beginsels en bedryfsvryheid, asook dinamiese programme gerig op beter onderwys, gesondheidsdienste, behuising en maatskaplike omstandighede vir almal.⁴² Die tafel was nou gedek vir die bou van 'n nuwe Suid-Afrika, maar baie water sou nog in 'n kort tyd in die see loop voordat 'n nuwe demokratiese grondwet gestalte sou kry. Na die implementering van hierdie maatreëls sou ook tereg gevra kon word in watter mate die gestelde doelwitte bereik is.

Dit is interessant dat De Klerk agterna, by minstens twee geleenthede, breedvoerig oor sy staatsrede van 2 Februarie gepraat het. In 'n onderhoud jare later, wat op 2 Februarie 2008 deur Media 24-koerante ge-

⁴¹ *Ibid.*, kol. 14-18.

⁴² *Ibid.*

publiseer is, het hy opnuut bevestig dat dit nie 'n "ervaring langs die Damaskusweg" was wat tot die toespraak gelei het nie. Hy het gesê dat sy voorganger, PW Botha, ook krediet moes kry vir wat gebeur het. Die kabinet en die party het baie indringende gesprekke gevoer oor die noodsaaklikheid van hervorming. Die toespraak was die uitvloeisel van die NP se "nuwe visie" wat in 1986 aanvaar is. Die filosofiese grondslag vir verandering was dus teen 1989–1990 reeds gelê en dit was net sy taak om dit in 'n beleidsraamwerk te omskep en inhoud en struktuur daaraan te gee.⁴³ Die vraag is natuurlik of FW de Klerk se eie vertolking van sy toespraak as die voortvloeisel van bestaande NP-beleid korrek is. Skram hy nie daarmee weg van beskuldigings dat hy radikaal met die beleid van sy voorgangers gebreek het nie?

In November 2007 het De Klerk tydens 'n openbare bespreking by die Universiteit van Harvard ook gesê dat die belangrikste faktor wat tot sy toespraak gelei het, was dat hy geglo het dat 'n katastrofe Suid-Afrika in die gesig staar waarin "honderdduisende Suid-Afrikaners van alle groepe gaan sterf". Hy het ook gesê: "Toe ek die president geword het, was ek seker in my hart en kop en in welke aspek van my lewe dat apartheid verkeerd was en daar wegbeweeg moet word van aparte ontwikkeling en magsmisbruik."⁴⁴

2. NIE-OORHEERSING EN MINDERHEIDSREGTE

Dit is noodsaaklik om daarop te wys dat die NP, selfs na 2 Februarie 1990, hard probeer het om met 'n beleid van "nie-oorheersing" en "die beskerming van minderhede" (dus magdeling) te volhard, en om kiesers wys te maak dat "meerderheidsregering" nie sou plaasvind nie. Tewens,

⁴³ *Volksblad*, 2 Februarie 2008, p. 5.

⁴⁴ *Ibid.*, 9 November 2007, p. 11.

in 'n 1989-verkiesingspamflet *Kernfeite*, is die volgende vrae en antwoorde behandel wat nie in wese enigsins deur die 2 Februarie-toespraak verander is nie.

Dit blyk nou dat die NP naïef was om te dink dat die situasie wesenlik sou verander na die vrylating van Mandela en die toetreding van die vroeëre verbanne organisasies soos die ANC.

Op die vraag: Gaan die NP voorsiening daarvoor maak dat swart mense in die parlement en kabinet verteenwoordig word en indien wel, op watter wyse?, is geantwoord:

Die NP is verbind tot die ontwikkeling van 'n eiesoortige demokratiese bedeling vir Suid-Afrika. So 'n bedeling moes daarvoor voorsiening maak dat alle burgers stemreg het en deur hul erkende leiers op alle vlakke van regering verteenwoordig word. Groepe wat dit verkies, moes selfbeskikking oor hulle eie sake hê. Terselfdertyd moes alle groepe deelneem aan besluitneming oor algemene sake sonder dat oorheersing plaasvind.

Die NP se grondwetplan maak dus voorsiening vir gesamentlike wetgewende en uitvoerende instellings op alle vlakke, ook op nasionale vlak, waarin die leiers van alle groepe sou dien. Die besonderhede hiervan moes in die onderhandelingsproses gefinaliseer word.

Besluitneming in die gesamentlike instellings moet berus op konsensus sodat getalle nie 'n rol speel nie. Verskeie meganismes kon benut word om konsensus te bevorder en probleme uit te skakel. Die NP het reeds ver gevorder om so 'n bedeling te ontwikkel en in die praktyk werk dit met groot sukses. Verskeie

instellings bestaan reeds waarin sodanige magdeling en self-beskikking plaasvind en waarin oorheersing verhoed word. Die NP sou op hierdie positiewe wyse voortgaan om die werklikhede van die samelewing te hanteer.⁴⁵

Is dit moontlik om te voorkom dat meerderheidsregering sal plaasvind wanneer swartes deel van die regering word?, was die volgende vraag. Hierop was die antwoord:

Die eiesoortige demokratiese bedeling wat in Suid-Afrika ontwikkel moes word, kon nie soos in die verlede op 'n suiwer "wennernem-alles"-benadering berus nie. Dit sou konflik skep en nie oplossings bied nie. Besluite op grond van getalle kon nie stabiliteit verseker in 'n heterogene samelewing nie. Die verskillende groepe moes as groepe deelneem aan regeringsprosesse. 'n Getalle- en konflikbenadering moes dus vervang word met 'n groeps- en konsensusbenadering ten einde oorheersing uit te skakel.

In die praktyk sou groepe elkeen oor 'n eie kieserslys beskik waarvolgens die groep se leiers aangewys word. Die leiers moes dan gesamentlik oor gemeenskaplike sake besluite neem deur middel van konsensus. Dit is die enigste manier waarop blywende vrede en stabiliteit verseker kon word.

Die NP gee die versekering dat enige wesentlike grondwetlike wysigings om verder hiervoor voorsiening te maak, net soos in die verlede aan die kiesers voorgelê sou word vir goedkeuring.⁴⁶

⁴⁵ Aucamp-versameling, *kernfeite*, 6 September 1989, pp. 1-2.

⁴⁶ *Ibid.*

Laastens is gevra: Kan 'n swart man ingevolge die NP-beleid tot staatspresident verkies word?

Hierop was die versigtige antwoord:

Die amp van staatspresident kon 'n belangrike simbool van nasionale versoening wees en daarom behoort hy die steun van alle groepe te geniet. Hoewel hierdie vraag nie op daardie tydstip op die agenda was nie, was dit noodsaaklik dat alle groepe kon deelneem aan sy verkiesing.

Dit is egter die NP se uitgangspunt dat oorheersing van enige groep deur 'n ander uitgeskakel moes word. Dit is dus verder noodsaaklik dat die wyse van verkiesing, die aard van en die funksies verbonde aan die amp van staatspresident heroorweeg word om te verhoed dat die amp 'n instrument vir oorheersing word.⁴⁷

Die NP het ook die onaanvaarbaarheid van meerderheidsregering bevestig in hulle afkeer van die DP-beleid wat 'n onvermoë getoon het om minderheidsregte te beskerm omdat hulle as niks anders as in "ou PFP-drag" gesien is nie. En dit omdat niemand minder as die PFP-veteraan, Helen Suzman, gesê het "... the same policy and principles are being adopted by the Democratic Party that we had in the Progressive Party".⁴⁸

Die fundamentele gebreke van die ou PFP, soos die NP dit genoem het, was dus teenwoordig in die DP-beleid, want in Januarie 1987 het Suzman swart meerderheidsregering beskryf as "die onvermydelike uiteinde van die beleid van my party".⁴⁹

⁴⁷ *Ibid.*

⁴⁸ SABC Network, 16 Mei 1989.

⁴⁹ Aucamp-versameling, *kernfeite*, p. 6.

Twee betekenisvolle ondersoeke, beide op versoek van die staatspresident, minder as twee maande uitmekaar, wat die land ook verder onherroeplik op die pad na 'n nuwe grondwet geplaas het, was dié opvolgopdrag van die Suid-Afrikaanse Regskommissie op 2 Februarie 1990 en dié aan die Presidentsraad op 8 Desember 1989. Die opdrag aan die Regskommissie is vroeër in hierdie hoofstuk reeds uitgelig.

Die staatspresident het op 8 Desember 1989 ingevolge artikel 789(1) van die grondwet (Wet 110 van 1983), die Presidentsraad versoek om ondersoek in te stel na en aanbevelings te doen oor besluitnemings- en konflikbeslegtingsmeganismes en -tegnieke in staatkundige stelsels, insluitende meganismes en tegnieke vir die bevordering van konsensus en die beslegting van geskille. Die versoek is ingevolge reël 94(2) van die reëls van die Presidentsraad deur die voorsitter, dr. Willie van Niekerk, na die Komitee vir Staatkundige Aangeleenthede (KSA), onder voorsitterskap van mnr. Johan Heyns, verwys.⁵⁰

Die Presidentsraad het die KSA-versoek en die opdrag aan die Regskommissie aan die hand van die volgende uitgangspunte tipeer:

- Die Regskommissie se taak is komplimentêr tot dié van die raad.
- Die Regskommissie se taak behels in breë trekke die identifisering van staatkundige stelsels/modelle wat in 'n toekomstige Suid-Afrika aanwending kon vind. Dus 'n makro-benadering tot staatkundige stelsels.
- Die raad se taak behels die identifisering van sekere meganismes en tegnieke (metodes) binne sodanige stelsels waardeur onder meer be-

⁵⁰ Dr. Willie van Niekerk, 'n indrukwekkende figuur van ongeveer 2 meter, was vroeër dekaan van die mediese fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch en is in 1985 as minister van nasionale gesondheid en bevolkingsontwikkeling aangestel nadat hy dr. Gerrit Viljoen in die vroeë tagtigerjare as administrateurgeneraal van Suidwes-Afrika/Namibië opgevolg het. Hy was voorsitter van die Presidentsraad vanaf 1989 tot met die ontbinding van die raad in 1992. Van Niekerk is op 8 Augustus 2009 oorlede.

sluitneming vergemaklik kon word, konsensus bereik kon word en geskille bestuur of besleg kon word. Dus 'n mikro-benadering van sekere metodes binne sodanige staatkundige stelsels.⁵¹

Omdat die Regskommissie se taak nog nie afgehandel was nie, moes die Presidentsraad noodwendig sekere grondwetlike modelle identifiseer en bestudeer waarna ondersoek gedoen is na metodes/tegnieke in daardie modelle/stelsels.

Die komitee van die Presidentsraad het onverwyld aan die werk gespring en 'n lywige verslag van 130 bladsye op 24 Oktober 1990 in die Presidentsraad ter tafel gelê. Die verslag se finale woorde is die edel wens dat die verslag en sy bevindings vir die onderhandelaars van nut kon wees met die uitdagende taak om 'n nuwe grondwet te formuleer. Hulle beveel aan dat dit in daardie gees ondersoek en geëvalueer sou word. Die slotparagraaf lui: "Daar word gehoop dat die nuwe Suid-Afrikaanse grondwet met verloop van tyd saam met die Magna Carta en die grondwette van die Verenigde State van Amerika, Switserland en Wes-Duitsland getel sal word as 'n baken in die geskiedenis van 'n grondwetlike demokrasie en sal bewys dat heterogene lande vrede, vryheid en voorspoed kan geniet."⁵²

Hoewel die verslag nie 'n definitiewe grondwetlike model voorgestel het nie, omdat dit nie hulle opdrag was nie, het dit 'n interessante raamwerk daargestel wat "pasgemaak" vir die Suid-Afrikaanse situasie was, volgens Johan Heyns. Die betekenis van die verslag word eers duidelik as in ag geneem word hoeveel van hulle aanbevelings ten dele en watter

⁵¹ Verslag van die Presidentsraad se Komitee vir Staatkundige Aangeleenthede oor Besluitnemings- en Konflikbeslegtingsmeganismes en -tegnieke in Staatkundige Stelsels (PR 1/1990), pp. 1-2.

⁵² *Ibid.*, p. 112.

uiteindelik in die oorgangs- en finale grondwet opgeneem is. So was hulle byvoorbeeld van oordeel dat die beste grondwetlike bestel vir Suid-Afrika "iewers tussen 'n tradisionele federasie en unie met sekere konsosiatiewe wigte en teenwigte lê", dat partisie onmoontlik is om af te dwing aangesien nie alle bevolkingsgroepe in die land 'n geografiese basis het nie, en dat 'n onderhandelde grondwet met 'n handves van regte en die nodige legitimititeit, noodsaaklik is vir 'n toekomstige Suid-Afrika. Verder het die verslag 'n konstitusionele hof, onafhanklike regbank en tweekamerstelsel op eerstevlak van regering voorgestel en 'n proporsionele kiesstelsel gesuggereer.⁵³

Dit was egter steeds die Presidentsraad se siening dat 'n eenvoudige wenner-neem-alles meerderheidsmodel nie aangewese vir 'n heterogene land is nie. Daarom is byvoorbeeld 'n verteenwoordigende kabinet voorgestaan wat deur middel van 'n vorm van koalisiëkabinet bereik kon word (soos inderdaad die doel met die latere Regering van Nasionale Eenheid was). Dit het egter na vyf jaar met die inwerkingstelling van die 1996-grondwet tot 'n einde gekom. Die verslag noem ook dat 'n vetoreg nodig is en deur minderhede gebruik kon word as hulle belange nadelig geraak word. Met die voordeel van perspektief op gebeure, is die navorser van oordeel dat 'n vorm van magsdeling of veelpartyregering baie beter sou gewerk het as die huidige eenvoudige meerderheidsmodel. Vandaar die Presidentsraad se oordeel dat "die beweerde onstabieliteit van 'n koalisiëregering verkieslik is bo die onstabieliteit wat kan spruit uit die relegasie van minderheidsgroepe tot permanente opposisiepartye".⁵⁴

Die Presidentsraad het ook op 2 Desember 1991 'n versoek van die staatspresident ontvang om ondersoek in te stel na die mees geskikte

⁵³ *Ibid.*, pp. 94-111.

⁵⁴ *Ibid.*

vorm van 'n proporsionele kiesstelsel vir die land. Weereens het die Komitee vir Staatkundige Aangeleenthede die ondersoek gedoen en 'n verslag op 8 Oktober 1992 die lig laat sien. Die verslag het 'n vaste partylys-stemstelsel vir parlementêre verkiesings voorgestel omdat dit die kiesers toelaat om tussen kompeterende partye te kies en omdat dit maklik verstaanbaar is. Ook hierdie aanbeveling het uiteindelik neerslag gevind in die Kieswet, Wet 202 van 1993.⁵⁵

Min. Kobie Coetsee het tydens die 77ste kongres van die Vrystaatse Nasionale Party op 4 en 5 September 1990 verwys na die verdere opdrag wat die Regskommissie gekry het en gesê dat dit gerig is op die skepping van 'n samelewing in Suid-Afrika waarin konflik op 'n ordelike wyse besweer kon word en waarin tog erkenning gegee word aan die aspirasies van mense, groepe en volkere. Ook die tweede been van die opdrag was volgens hom afgestem in die soeke na grondwetlike moontlikhede en nie om die blanke onder te ploeg nie, maar om die blanke en elke ander volksgroep regop te hou en met trots te vervul.⁵⁶

Nieteenstaande Coetsee se verwysing na groepsregte het *The Star* twee maande daarna na aanleiding van 'n ander kabinetsminister en lid van die ministeriële onderhandelingskomitee, dr. Stoffel van der Merwe, se bydrae tydens die Transvaalse NP-kongres, die opinie uitgespreek dat die party wegbeweeg van die aandrang en aanspraak op groepsregte. Van der Merwe het, toe hy gevra is hoe minderhede gedefinieer gaan word, indien dit nie volgens ras was nie, gesê dat minderheidsgroepe hul definisie ingevolge NP-denke begin verloor. Dit het die idee gevestig dat "minder-

⁵⁵ Verslag van die Presidentsraad se Komitee vir Staatkundige Aangeleenthede oor 'n Proporsionele Kiesstelsel vir Suid-Afrika in 'n nuwe grondwetlike bedeling (PR2/1992), p. 88.

⁵⁶ Aucamp-versameling, NP-kongresverslag, 4 en 5 September 1990, pp. 4-10.

heidsregte” uiteindelik net indirek deur politieke partye of deur gelaaide meerderhede beskerm sou word.⁵⁷

Hierdie nuanse – en somtyds prinsipiële verskille tussen kabinetsministers het dit vir die gewone parlamentslede en party-ondersteuners soms moeilik gemaak en die NP se geloofwaardigheid het gekwyn. Verskille in partygeledere is in Afrika niks vreemds nie, tewens dis gesond, maar dit het perke en oor fundamentele sake behoort daar nie verskillende interpretasies te wees nie.

Dit blyk duidelik uit Coetsee se toespraak dat die NP en die regering steeds vas geglo het dat die heterogene bevolkingsamestelling nie deur enige nuwe grondwet geïgnoreer kon word nie. Hy het ook krities na die rol van die NP gekyk en die vraag gevra of die NP se rol in 'n nuwe Suid-Afrika as draer van die blanke aspirasie nie in botsing was met sy rol om die breër belang van Suid-Afrika te dien nie. Volgens Coetsee was dit die mees fundamentele vraag waarvoor die NP sedert sy stigting te staan gekom het. Sy antwoord hierop was “nee”, want die NP hoef nie sy rol as beskermheer van blanke belang of sy leiersrol in breër belang van die hele land prys te gee nie. Met die groter erkenning en aanvaarding hier te lande en wêreldwyd van nasionalisme en volks- en groepsidentiteit hoef die NP nie skuldig te voel dat hy verbind is tot diens aan die blanke nie, maar sou hulle ook 'n tuiste bied aan mense van verskillende kulturele agtergronde. Die uitdaging is hoe om in breër belang, en nie bloot in partybelang nie, aan nasiebou deel te neem.⁵⁸

Coetsee het beklemtoon dat Suid-Afrika nie uit pas met die wêreld is wanneer die beskerming van groeps- of minderheidsregte ontleed word

⁵⁷ *The Star*, 7 November 1990, p. 14.

⁵⁸ Aucamp-versameling, NP-kongresverslag, 4 en 5 September 1990, pp. 4-10.

nie. Dr. Ivo Peeters, direkteur van die sentrum vir Reg op Nasionaliteit en Federalisme in Brussel, wys in dié tyd in 'n dokument daarop dat in 'n komprehensiewe wêreldperspektief getoon is dat slegs 9% van alle lande in die wêreld etnies homogeen is en dat 'n werkgroep van die Verenigde Nasies kollektiewe regte hoog op die sakelys plaas. Soveel so, dat hulle 'n konsep voorgestel het “that combines individual rights and collective rights with a special emphasis on the latter as essential and inherent element of indigenous rights. It also provides for the protection of indigenous identities as manifested in cultures, languages, religions, traditions and customs and the introduction of indigenous autonomy.”⁵⁹

Die Regskommissie het gevolglik inderdaad op 31 Oktober 1991 sy aanbevelings in 'n handves van fundamentele regte aan die regering oorhandig wat dit met geringe, maar met tegniese wysigings aanvaar het. Daar was dus geen fundamentele verskille nie. Die enigste afwyking was die klousule oor die doodstraf. Die regering se standpunt was dat die reg op lewe gerespekteer moes word en dat geen lewe doelbewus geneem mag word nie behalwe in gevalle waar 'n geregshof anders sou besluit. Die Regskommissie se aanbeveling was dat die vraag oor die doodstraf in die Konstitusionele Hof getoets moes word (die scenario wat later inderdaad gevolg is en tot die verklaring van die doodstraf as onkonstitusioneel gelei het).⁶⁰

'n Intense debat is op 2 Februarie 1993 aan die gang gesit toe die regering sy omvattende voorstelle vir 'n handves in Kaapstad bekend gestel het. Dit is op 5 Februarie 1993 opgevolg met die aankondiging van die wetsontwerpe ingevolge waarvan alle diskriminasie teen vroue afgeskaf sou word. Die Regskommissie is nog tyd gegun om groepregte in die lig

⁵⁹ *Ibid.*; *The Review*, For the Rule of Law 41, Desember 1988.

⁶⁰ AREA, PV 357: HJ Coetsee-versameling, lêers 1/55/3 en 1/43/1. Verslag van SA Regskommissie, 31 Oktober 1991.

van internasionale ontwikkelinge te ondersoek. Met die vrystelling van die voorstelle verklaar die NP-regering sy verbintenis tot 'n nuwe grondwetlike bedeling, waarbinne verskeie magte en bevoegdhede van die owerheid, met inbegrip van dié van die parlement, beperk tot en onderworpe sou wees aan sekere basiese, universeel aanvaarde en regsnorme. Fundamentele gemeenskapsregte is erken en groter gelykheid tussen individue is gewaarborg.⁶¹

Volgens Kobie Coetsee berus die konsephandves op vier beginsels. Eerstens bepaal die beginsel van vertikaliteit dat die handves primêr die verhouding tussen die staat en die onderdaan reël. Die tweede beginsel, naamlik dié van negatiewe afdwinging, verbied die staat primêr om fundamentele regte te skend. Derdens, magtig die beginsel van afgrensing of beperking van regte die staat om binne redelike perke die regte van individue op te kort. Chaos sou heers as menseregte absoluut sou geld, beklemtoon Coetsee. Vierdens, bepaal die beginsel van bereikbaarheid dat die beskerming en afdwinging van fundamentele regte slegs deur 'n sterk en onafhanklike regbank verseker sou kon word.⁶²

Na kritiek van die ANC dat 'n handves eers deur die grondwetskrywende vergadering geratifiseer moet word, reageer Coetsee en beklemtoon dat die regering daarvan oortuig is dat 'n handves van fundamentele regte reeds gedurende die oorgangsfase in plek moet wees. Dit beteken nie dat die regering voornemens is om sy voorstelle eensydig deur die parlement te voer of selfs ter tafel te lê nie. Sou 'n handves egter eers deur 'n grondwetgewende vergadering goedgekeur word, bestaan die gevaar dat dit nie 'n produk van onderhandeling sou wees nie, maar eensydig deur die meerderheidsparty op 'n arbitrêre wyse op die res van die bevolking afge-

⁶¹ RSA Beleidsoorsig, onderhoud met Kobie Coetsee, Maart 1993, pp. 1-17; South African Profile, South African Communication Service, April 1992, pp. 16-20.

⁶² RSA Beleidsoorsig, onderhoud met Kobie Coetsee, Maart 1993, pp. 1-17.

dwing sou word. In sy konsephandves maak die regering ook voorsiening vir sogenaamde regstellende aksie op sosio-ekonomiese terrein, maar stel dit duidelik dat hy nie die insluiting van aanwysende beginsels in 'n handves steun ingevolge waarvan die son, maan en sterre aan individue beloof word nie.⁶³

Oor die regering se uitspraak ten gunste van die behoud van die doodstraf, sê Coetsee die besluit is geneem in die lig van die voortslepende en toenemende geweld en misdaad in die land, en ook weens die oproepe uit verskeie oorde om die behoud en uitvoering van die doodstraf. Hy beklemtoon egter dat die doodstraf nie verskans is nie en dat 'n toekomstige regering kon besluit of dit afgeskaf of heringestel moes word.⁶⁴

Ten slotte wys Coetsee op die belangrikheid van die vestiging van 'n kultuur van menseregte in Suid-Afrika. Dit is die plig van individue om verantwoordelik op te tree ten einde so 'n kultuur moontlik te maak. Daarbenewens moes politieke partye, groepe en organisasies hul volgelinge beheer en toesien dat geweld afgesweer word. Die regering beoog om die doel en funksies van menseregte by wyse van 'n landwye publisiteitsveldtog bekend te stel. Van owerheidsweë is ook bekend gemaak dat bykomende geld beskikbaar gestel sou word sodat ander partye ook húl voorstelle oor 'n handves van fundamentele regte kon voorlê.⁶⁵

Dit is al vroeër in die navorsingstudie vermeld in watter groot mate die werk en aanbevelings van die Regskommissie in die finale handves van regte neerslag gevind het en inderdaad 'n veer in hulle hoed is.

⁶³ *Ibid.*

⁶⁴ *Ibid.*

⁶⁵ *Ibid.*

Die NP het in die vroeë negentigerjare die dilemma gehad om enersyds diskriminasie op grond van onder meer ras, kleur of groepsaffilasie ooreenkomstig 1989 se verkiesingsmanifes uit te skakel, maar ingevolge dieselfde manifes 'n eie gemeenskapslewe, woongebiede en skole in stand te probeer hou.

In sy posbespreking op 19 April 1990 verwys pres. De Klerk onder meer na die kwessie van kieserslyste en sê: "Die NP is ten gunste van algemene volwasse stemreg binne 'n grondwetlike bedeling gegrond op die beginsel van nie-oorheersing, en waarin onder meer die volgende beskermingsmeganismes ingebou is: Desentralisering van mag, die afwenteling van gesag, grondwetlike wigte en teenwigte, en besluitneming by wyse van konsensus in 'n onafhanklike regbank."⁶⁶

De Klerk glo verder dat die voorstelle vir 'n nuwe grondwet ook na alle waarskynlikheid die een of ander vorm van gedifferensieerde kieserslyste sou vereis. "'n Gemeenskaplike kieserslys in 'n stelsel wat gegrond is op die benadering waar die wenner alles neem, is nie vir die NP aanvaarbaar nie. Dit maak nie voorsiening vir voldoende beskerming van minderhede, en nog minder vir die kulturele, godsdienstige en taalverskille onder Suid-Afrikaners nie", aldus De Klerk. Hy oordeel dat algemene volwasse stemreg op 'n gemeenskaplike kieserslys binne 'n gekwalifiseerde stelsel van politieke verteenwoordiging wat die grondwetlike beskermingsmeganismes vervat, waarna hy verwys het, inderdaad 'n bereikbare moontlikheid is.⁶⁷

Wat met gedifferensieerde kieserslyste bedoel is, het die minister van staatkundige ontwikkeling, dr. Gerrit Viljoen, in 1990 so verduidelik: "Ek wil

⁶⁶ *Hansard*, 19 April 1990, kol. 6738.

⁶⁷ *Ibid.*

dit duidelik stel dat die NP se uitgangspunt is dat daar eie verteenwoordiging en dus ook eie kieserslyste moet wees vir elke groep wat gebruik wil maak van die uitgangspunt van die NP oor die geleentheid van beskerming van politieke regte vir groepe en minderhede. Daarom kan die NP nie die ongekwalfiseerde bepaling van 'n gemeenskaplike kieserslys as deel van 'n nuwe grondwetlike bedeling aanvaar nie.⁶⁸

Die ordelike uitskakeling van diskriminasie waartoe die NP hom in sy aksieplan verbind het, het ter sprake gekom toe pres. De Klerk in die parlement aangekondig het dat die Wet op die Aanwysing van Aparte Geriewe, Wet 49 van 1953, spoedig herroep sou word en ook dat die Wet op Groepsgebiede, Wet 36 van 1966, asook die wette oor grondbesit van 1913 en 1936 op ordelike wyse vervang sou word.

Sowel die Wet op Groepsgebiede as ander wette aangaande grondbesit, het meer behels as die blote bepaling van wie waar mag woon en wie eiendomsreg daar mag hê. Volgens De Klerk het dit ook grondwetlike implikasies wat met alle groepe wat daardeur geraak word, soos munisipaliteite en die georganiseerde landbou, bespreek moes word. Wat die Bevolkingsregistrasiewet betref, het De Klerk gesê, was die saak meer ingewikkeld. "Die bevolkingsregister wat op grond van bevolkingsgroepe differensieer, is 'n integreerende deel van die huidige Grondwet en die Kieswet. Daarom is die argument dat dit saam met die bestaande Grondwet gewysig moet word, absoluut geldig."⁶⁹

Dr. Gerrit Viljoen het hom in sy begrotingspos (staatkundige ontwikkelingsdiens) op 9 Mei 1990 uitgespreek oor die groepsbegrip en oor minderheidsregte toe hy gesê het dat kleur en ras nie 'n maatstaf vir die

⁶⁸ *Ibid.*, 5 Maart 1990, kol. 2179.

⁶⁹ *Ibid.*, 19 April 1990, kol. 6740-6743.

toekoms kon wees nie en daarom ook nie in 'n groepsdefinisie kon bestaan nie. In plaas dus van ras as 'n grondslag, wil die NP aanvaarbare definisies op grond van kultuur of taal of etnisiteit formuleer en ook ruimte laat vir die vrye assosiasie van persone. In plaas van statutêre voorskriftelikheid moet die beginsel van vrye assosiasie geld vir diegene wat, hoe 'n groep ook al gedefinieer is, nie daarby wou aansluit nie. Die NP het hom teweens al sedert 1989 beywer vir 'n regverdiger en sinvoller grondslag waarop groepe vir die doeleindes van politieke deelname gedefinieer kon word.⁷⁰

Viljoen het 'n interessante opmerking gemaak na aanleiding van mnr. I Richards, minister van begroting in die Raad van Verteenwoordigers, oor grondroof, of soos hy (Richards) dit gestel het, "monuments of theft". Viljoen het nie ontken dat verskillende bevolkingsgroepe en gemeenskappe in Suid-Afrika in die geskiedenis dinge gedoen het wat nie goedgepraat kon word nie. Dit was gebeure wat nie anders as afgekeur moes word nie. Niemand kon as individu of as verteenwoordiger van gemeenskappe of volke sê dat hulle met skoon hande en sonder skuld is nie, maar dit is tog goed om te bevestig: "Die enigste blanke gemeenskap wat hom buite die grense van Europa gevestig en as blanke gemeenskap of 'n blanke nasie bly voortleef het, en wat in die proses nie die inheemse bevolking óf uitgedelg het óf tot onbenullige getalle gereduseer het nie, is die blankes van Suid-Afrika." Viljoen het gesê dat hy nie daardeur regverdiging soek vir wat die blankes verkeerd gedoen het nie, "maar waaragtig, ons vergelyk goed met elke ander blanke gemeenskap buitekant Europa, in elke ander deel van die wêreld".⁷¹

⁷⁰ *Ibid.*, 9 Mei 1990, kol. 8550-8551; Aucamp-versameling, notes for speech by Dr G. Viljoen, 9 Mei 1990; Vyfjaar-aksieplan van die NP, 1989-1994 (pamflet), p. 2.

⁷¹ *Hansard*, 9 Mei 1990, kol. 8552.

Die beskerming van minderheidsregte het deurlopend in die debat oor die begrotingspos staatkundige ontwikkelingsdiens op 9 en 10 Mei 1990 ter sprake gekom en dr. Viljoen het gesê dat die grootste uitdaging van die regering en die NP is om die "groepskonsep" aanvaarbaar te maak teen die agtergrond van die suspisie dat dit maar net 'n vermomming is vir die voortsetting van die ongelykhede en ongeregtigheid van apartheid. Daarom is dit so belangrik om die laaste reste van apartheid so gou moontlik te verwyder. Viljoen het verwys na hoe die NP se konsep van nasionalisme deur die dekades volwasse en al hoe meer inklusief geword het. Van nasionalisme wat in 1914 hoofsaaklik tot Afrikaners beperk was, het dit geleidelik al die witmense teen die sestigerjare omsluit en in 1983 die deurbraak na kleurlinge en Asiate gemaak. Die NP aanvaar dus op daardie tydstip 'n nasionalisme wat alle Suid-Afrikaners, ongeag ras, taal of godsdiens insluit. Dit is binne hierdie konsep dat die beskerming van minderheidsregte vir groepe wat dit wou hê, heeltemal 'n ander proposisie geword het.⁷²

Die erkenning van die noodsaaklikheid van die beskerming van sekere groepsregte, is ook destyds deur die Lusaka-manifes van Afrikastate in 1969 erken en die beskerming van minderhede is vasgelê in internasionale reg en inisiatiewe van die Verenigde Nasies, aldus Viljoen. Op die vraag of minderheidsbeskerming afwyk van ware demokrasie en of ongekwalifiseerde gewone meerderheidstem 'n essensiële eienskap van demokrasie is, antwoord Viljoen (Vertaal in Afrikaans):

“Meerderheidsregering is nie ‘n noodsaaklike waarborg of ‘n bevredigende situasie ten einde te verseker dat demokrasie plaasvind, veral in ‘n meerderheidsstelsel waar die wenner alles verwerf nie en die minderheid van enige betekenisvolle politieke betrokkenheid uitgesluit is nie. Dit kan nie bevestig word dat die meerderheid moet regeer nie. Wat wel

⁷² Aucamp-versameling, speech by Dr G. Viljoen (Protection of minority rights), 9 Mei 1990.

bevraagteken kan word, veral in 'n plurale gemeenskap, is of nasiebou en stabiliteit deur 'n eenvoudige meerderheidsregering ten beste en eksklusief gedien kan word. Die vraag is hoe minderheidsregte beskerm kan word. Die antwoord is geleë in die reg om 'n mate van betekenisvolle verteenwoordiging en betrokkenheid in besluitneming oor bepaalde belangrike of sensitiewe sake te geniet. Dit beteken, volgens Viljoen, dat minderheidsbeskerming nie 'n kansellasië of ondermyning van meerderheidsregering is nie, maar 'n vereiste daarvoor is. Minderheidsbeskerming loop uit op magdeling, met ander woorde 'n kombinasie of ekwilibrium tussen meerderheidsregering en minderheidsbeskerming, soos pres. De Klerk op 17 April 1990 verduidelik het. Vandaar dat minderheidsbeskerming inderdaad ook bydra tot 'n stabiliteit wat noodsaaklik is om meerderheidsregering te steun."⁷³

Viljoen het vervolgens die belange van minderhede motiveer. Hy vra wat die belange van die minderheid vir wie beskerming in die grondwet gesoek word, is. Kortom: Wat is dit wat eenvoudige meerderheidsregering nie ten volle verseker nie? Eerstens, die meerderheid monopoliseer nie algehele mag nie. Tweedens, die gevoel van sekuriteit as resultaat van die feit dat lede van minderheidsgemeenskappe voel dat hulle ook verteenwoordiging geniet in die magkorridors by wyse van leiers wat hulle waardes en belange op die hart dra. Wêreldwye ondervinding toon dat die afwesigheid van die faktor tot geweld en onrus lei, vir presies dieselfde redes as wanneer 'n meerderheid hulself in 'n onmagtige posisie bevind. Derdens, veral in 'n situasie van junkstaposisie tussen die derde wêreld- en eerste wêreld-gemeenskappe, die algehele kwaliteit van openbare besluitneming en die handhawing van aanvaarde norme en standaarde. Vierdens, in aanvulling van die beskerming verleen deur 'n geregverdigde Manifes van Menseregte, moet die bestaan van die

⁷³ *Ibid.*

manifes beskerm word, asook die feit dat daar voorsiening gemaak moet word dat dit nie onderhewig sal wees aan 'n arbitrêre meerderheidsbesluit nie. Net so moet noodsaaklike elemente van die grondwet, wat die multipartysistiem beïnvloed, gereelde geheime verkiesings, die verdeling van funksies in politieke strukture, ensovoorts, ook minderheidsbelange insluit. Eweneens moet noodsaaklike minimumvereistes vir 'n werkbare en billike ekonomiese sisteem by minderheidsbelange wat beskerm moet word, ingesluit word.⁷⁴

Dit is juis oor aspekte soos bogenoemde waaroor daar jare lank debat gevoer is. Het die NP ten opsigte van sy belofte van volle en gelyke politieke regte vir alle landsburgers sonder oorheersing gekapituleer? Is diegene reg wat beweer dat die NP gefaal het deurdat die visie van magsdeling en gelyke geleentheid vir almal asook die beskerming van die regte van minderhede en individue deur grondwetlike wigte en teenwigte en 'n Handves van Regte nie gerealiseer het nie? 'n Voormalige redakteur van *Rapport* en die tydskrif *Sarie*, dr. Izak de Villiers, spaar byvoorbeeld nie sy kritiek teen FW de Klerk se hantering van sake nie. Hy verwys onder meer na hom as "die man wat met sy swak bestuur van die onderhandelinge die Afrikaner se droom tot as laat verbrand het!"⁷⁵ Daar is 'n mate van korrektheid in hierdie omstrede uitspraak.

Uiteraard is daar meningsverskil oor De Klerk en Roelf Meyer se hantering van sake. Van eersgenoemde se oud-kollegas sê onomwonde dat hy "'n gemors" van die onderhandelinge gemaak het. Hy het fouteer deur Meyer, wat nie opgewasse was nie, die hoofonderhandelaar te maak, terwyl laasgenoemde, volgens dr. Tertius Delpont, net belanggestel het om Cyril Ramaphosa tevrede te stel. Hernus Kriel oordeel ook dat die NP geen

⁷⁴ *Ibid.*

⁷⁵ *Boeke Rapport*, 5 Julie 2009, p. 5.

"bottom line" gehad het nie en dat De Klerk toegelaat het dat die beskerming van groepregte van die agenda verdwyn het. Dit was inderdaad 'n ramp vir die NP dat dr. Gerrit Viljoen nie enduit die hoofonderhandelaar kon bly nie, omdat hy ook groot respek by die ANC afgedwing het.⁷⁶

3. DISKRIMINASIE/APARTHEID VERDWYN

Die NP se besluit dat alle diskriminasie op 'n ordelike wyse uitgeskakel moes word, het 'n enorme domino-effek gehad op mense se lewens. Apartheid moes gaan, maar hoe kon gemeenskappe wat dit steeds verkies het hulle eie gemeenskapslewe bepaal? Wat sou word van skole, ouetehuse en hospitale, is gevra? Dit sou fyn voetwerk verg om hierdie sake eerlik, fundamenteel en op geregtigheidsgronde te doen. In die proses sou die NP enorme steun in tussenverkiesings verloor en die KP tot op die drumpel van magsoorname bring. Wat in so 'n geval van die land sou word, was 'n ope vraag.

3.1 Oop lidmaatskap van NP

Dr. Gerrit Viljoen was in die kol toe hy die dilemma van politieke partye wat deur veranderde omstandighede gedwing word om beleidsaanpassings te maak, goed verwoord het. Hy het gesê dat wanneer die NP, soos veral sedert 1975, drastiese aanpassings maak, dan doen hy dit nie met die gesindheid dat die leiers van die verlede gebrekkige insig gehad het of hulle plig versuim het nie. Dit is allermens waar, gewoon omdat die gang van die geskiedenis, selfs binne verloop van enkele jare, maande of weke, dinge moontlik maak wat kort vantevore nie alleen onmoontlik was nie,

⁷⁶ Aucamp-versameling, onderhoude met dr. Tertius Delpont, 10 Maart 2010, Hernus Kriel, 18 Februarie 2010 en André Fourie, 2007.

maar selfs ondenkbaar of dwaas sou wees. Vandaar die NP se standpunt met die heersende insigte. Viljoen sê verder profeties: "Dalk sal die perspektief van die geskiedenis nog eendag oordeel dat ons inderdaad deur al daardie groeipyne moés gaan om uiteindelik 'n suksesvolle demokrasie hier tot stand te bring."⁷⁷

Een so 'n aanpassing wat kort vantevore ondenkbaar was, was die besef dat die bestaande beperkings op lidmaatskap van die NP teenstrydig was met die party se verklaarde standpunt teen rassediskriminasie. Dit het 'n struikelblok gevorm in die weg van bondgenootskappe en die party se taak om leiding met betrekking tot nasiebou te neem. Die NP het aanvaar dat in die nuwe Suid-Afrika waaraan hy moes bou, daar noodwendig herskikking op die partypolitieke terrein sou wees en dat die grondslag vir toekomstige samewerking so spoedig moontlik gelê moes word.⁷⁸

FW de Klerk se aankondiging in Durban dat die NP oorweeg om sy lidmaatskap oop te stel, het van die party se felste kritici laat besef dat die NP se hervormingstappe nie net kosmeties van aard was nie. Die *Sunday Times* skryf in 'n hoofartikel dat die land so gewoon geraak het aan epogmakende verandering dat almal nie die belangrikheid van die aankondiging oor lidmaatskap besef nie. Die skrywer vra verbaas: Dink daaraan dat die NP wat vir 75 jaar die voertuig vir die verkryging van Afrikaner politieke hegemonie was, nou 'n veelrassige beweging wil word? Die koerant oordeel dat hierdie stappe "is surely confirmation that the process is now irreversible".⁷⁹

Die skrywer gaan voort om te argumenteer dat gegewe die ANC se probleme om nou van 'n vryheidsbeweging in 'n politieke party te verander,

⁷⁷ Aucamp-versameling, NP Vrystaat, kongresverslag, 4-5 September 1990, p. 71.

⁷⁸ *Ibid.*, p. 17.

⁷⁹ *Sunday Times*, 2 September 1990, p. 20.

“the NP under De Klerk will not be unjustified in claiming that it is forth becoming the custodian of true democratic principles in South Africa. It is setting standards by which the performance of others will be measured.” Die slotparagraaf lui: “If there were any lingering doubts that South Africa’s political landscape has been fundamentally changed, Mr De Klerk has now removed them once and for all.”⁸⁰

Hierdie inisiatief van die NP het inderdaad in politieke terme, aardskuddende gevolge gehad. Die partyleiding het 'n aantal uitgangspunte geformuleer wat in 1990 aan die vier provinsiale kongresse vir bekragtigting voorgelê is. Hierdie het ingesluit 'n versoek om die nodige grondwetlike en reglementêre wysigings aan te bring ten einde lidmaatskap van die NP toeganklik te maak vir alle Suid-Afrikaners. Ook dat die party hom sou beywer vir bondgenootskappe of 'n breë politieke beweging wat enersdenkendes kon saambind ten opsigte van gemeenskaplike doelwitte op grond van ooreenstemmende oortuigings oor belangrike uitgangspunte en waardes. Die NP wou in dr. DF Malan se woorde diegene bymekaarbring "wat uit innerlike oortuiging bymekaar hoort".⁸¹ Die kongresse het ook 'n gelyke aantal persone benoem wat onder meer sou besin oor die NP se rol in die onderhandelingsproses en advies oor meer gedetailleerde grondwetlike voorstelle sou lewer.⁸²

Die vier kongresse het aan die versoek van die NP-partyleiding voldoen en die Vrystaatse kongres het die volgende besluit geneem: "Om die nodige grondwetlike en reglementêre wysigings hiermee aan te bring wat lidmaatskap van die Nasionale Party toeganklik sal maak vir alle Suid-

⁸⁰ *Ibid.*

⁸¹ Aucamp-versameling, verklaring deur FW de Klerk vir voorlegging aan provinsiale kongresse van die Nasionale Party van Suid-Afrika, 1990.

⁸² *Ibid.*

Afrikaners en word die hoofbestuur gemagtig om verdere gevolglike wysigings te oorweeg."⁸³

Hierdie kongresbesluite is ook voorafgegaan deur intensiewe bespreking tydens 'n uitgebreide NP-koukus in Pretoria. Toe Frik van Deventer tydens die koukus vra hoe die NP dit gaan regkry om die party "oop te maak", maar die regering deur die beskerming van minderheidsregte deels "toe te hou", het De Klerk hom oor die vingers getik en hom daarvan beskuldig dat hy teen die partybeleid is. Die ironie is egter dat Van Deventer nie teen die beskerming van minderhede was nie, maar die dilemma toe al raakgesien het en die party tydig wou waarsku oor die konsekwensies van sekere beleidsaanpassings.⁸⁴

Die oopstelling van die NP het vinnig gelei tot werwing onder parlamentslede uit die Raad van Verteenwoordigers en die Raad van Afgevaardigdes. So het De Klerk op 23 Mei 1991 aangekondig dat 21 parlamentslede uit die Raad van Verteenwoordigers en twee Presidentsraadslede hulle by die NP aangesluit het en ook dieselfde dag lede van die NP-koukus geword het. Hy het ook verklaar dat die historiese gebeure maar net die begin van 'n proses was en dat verdere steun binnekort verwag kon word. De Klerk het 23 Mei 'n historiese dag genoem wat 'n nuwe dimensie verleen het aan die bogenoemde oproep van dr. DF Malan en van die grondleggers van die NP.⁸⁵

De Klerk het in sy verklaring ook die hoop uitgespreek dat die NP uiteindelik die politieke tuiste sou word van die hoofstroom van alle gematigde Suid-Afrikaners wat wou verseker dat die nuwe Suid-Afrika 'n ware demokrasie sou wees en voorspoed en veiligheid sou bied aan al sy

⁸³ *Ibid.*, NP-kongresverslag, 4-5 September 1990, p. 17.

⁸⁴ *Ibid.*, onderhoud met Frik van Deventer, 14 Augustus 2009.

⁸⁵ *Ibid.*, persverklaring deur FW de Klerk, 23 Mei 1991.

mense en alle minderhede. De Klerk het eweneens benadruk dat die aansluiting nie beteken dat die NP sou ophou om samewerking deur bondgenootskappe te soek met partye wat dieselfde beginsels onderskryf en doelwitte nastreef nie.⁸⁶ Hierdie doelwit van die NP is ook saam met die besluit oor die oopstelling van lidmaatskap deur die provinsiale kongresse bekragtig.⁸⁷

Die NP het op dié tydstip inderdaad binne 'n kort tydsbestek nie net die meerderheid van parlamentslede in die Raad van Verteenwoordigers gehad nie, maar was ook die meerderheidsparty in die Raad van Afgevaardigdes. Tewens, die stand van die NP in die drie kamers van die parlement net voor die 1994-verkiesing, was: Volksraad 101 uit 178; Raad van Verteenwoordigers 47 uit 85; Raad van Afgevaardigdes 24 uit 45.⁸⁸

Meer nog: die NP het goed in die 1994-verkiesing daarin geslaag om gematigdes wat "wil verseker dat Suid-Afrika voorspoed en veiligheid aan al sy mense en alle minderhede bied" saam te snoer, deurdat die meerderheid van wit, kleurling en Indiër-kiesers vir dié party gestem het. Daardie momentum kon egter nie behou word nie, onder meer omdat die NP maar net nie daarin kon slaag om deur te breek en die gematigdes onder swart kiesers te trek nie - en dit ook tot die agteruitgang van die party gelei het.

3.2 Uitskakeling van diskriminasie (aparte geriewe)

Die volgende hekkie waaroor die NP voor 1994 moes kom in hulle voorname om diskriminasie op grond van ras, kleur of groepsaffilasie uit te skakel, het oor aparte geriewe gehandel, en wel ingevolge die Wet op die Aanwysing van Aparte Geriewe, Wet 49 van 1953. Die herroeping van

⁸⁶ *Ibid.*

⁸⁷ *Ibid.*, onderhoud met Frik van Deventer, 14 Augustus 2009.

⁸⁸ *Hansard* 44, 1993-1994, pp. xix, xxiv, xxviii.

hierdie wet is voorafgegaan deur twee baie volledige en deeglike ondersoeke deur 'n interdepartementele taakgroep en die Regsentrum na aanleiding van Kabinetmemorandum 26 van 1989 wat op 2 Oktober 1989 deur die kabinet aan die hand van die volgende riglyne bespreek is:

- "(a) 'n Stel algemeen aanvaarbare norme, waarvolgens elke mens op 'n menswaardige en beskaafde wyse kan leef met 'n trots op sy land en sy gemeenskap, moet bevorder word.
- (b) Diskriminasie tussen groepe of teen individue op grond van ras, kleur, geslag, geloof of groepsaffiliasie is onaanvaarbaar. Waar diskriminasie nog bestaan, moet dit op 'n ordelike wyse uitgeskakel word.
- (c) Elke individu en elke groep moet die vryheid hê om 'n gemeenskapslewe van sy keuse te beoefen.
- (d) Die ordening van die gemeenskapslewe, ooreenkomstig die beginsel van 'leef en laat leef', moet uiteindelik geskied op 'n basis vir onderhandeling tussen leiers en moet dus vir almal aanvaarbaar wees."⁸⁹

Die Regsentrum het op 2 November 1989 'n gesprek met ministers Kobie Coetsee (justisie en voorsitter van die Ministersraad in die Volksraad), Hernus Kriel (beplanning en provinsiale aangeleenthede) en Rina Venter (nasionale gesondheid en bevolkingsontwikkeling) gevoer, waartydens eersgenoemde versoek is om advies en leiding te gee in verband met sekere nadruklike regsverwante kwessies.

In 'n verslag wat die Regsentrum op 7 November 1989 aan kabinetslede en op 8 November 1989 aan ministersraadslede versprei het, lig hulle die

⁸⁹ Aucamp-versameling, verslag van die Regsentrum (geheim geklassifiseer), 7 November 1989.

dilemma uit om enersyds 'n balans te vind tussen die algehele oopstelling van openbare geriewe, en die handhawing van die beginsel dat die individu en die groep die vryheid het om 'n gemeenskapslewe van sy keuse te beoefen, aan die ander kant. "Anderskleuriges" beskou die blote feit van geslote geriewe as diskriminerend, terwyl die uitoefening van die reg op 'n eie gemeenskapslewe, in die oë van veral die blanke, betekenisloos raak indien sy gemeenskapslewe oopgestel en deur die breë publiek benut word. Hulle wys daarop dat die probleem om 'n balans tussen hierdie teenstrydige aansprake te vind, benewens puristiese, allerlei politieke, maatskaplike, morele en ander kwessies na vore bring, waaroor die sentrum as liggaam van regs kundiges hom beswaarlik kon of wou uitlaat en daarom bepaal hulle hul tot die juridiese sy van die probleem.⁹⁰

Wat was die juridiese sy van die probleem? Gemeenregtelik was die land se reg op 'n stelsel van individuele regte geskoei en het regs subjektiwiteit in die individu gesetel. "Groepsregte" in die sin van regte en voorregte wat deur lede van 'n bepaalde groep uitgeoefen is, is statutêr in Suid-Afrika se reg geskep en ontwikkel en het bloot "binne die vier mure van die skeppende statuut" bestaan. As die statuut geskrap is, het die groepsregte verval en die individuele regte in hulle gemeenregtelike volheid herleef. Die enigste wyse waarop lede van 'n groep regte op 'n openbare fasiliteit tot uitsluiting van ander kon verkry, was dus by wyse van wetgewing. Die Wet op die Aanwysing van Aparte Geriewe was volgens die Regsentrum op naakte diskriminasie gebaseer, maar om die reg op 'n eie gemeenskapslewe regtens te bestendig, sal ander statutêre reëlings in die plek van die wet vereis wat nie diskriminerend op grond van ras of kleur hoef te wees nie, maar die probleem was hoe om sodanige wetgewing in die destydse heersende politieke klimaat daargestel te kry.⁹¹

⁹⁰ *Ibid.*

⁹¹ *Ibid.*

Die vraag is tereg gevra watter openbare geriewe ter sprake was. Onder die rubriek welsynsinrigtings het onder meer veiligheidsplekke, kinderskole, versorgingsoorde, ouerhuise, tehuise vir gestremdes, nedersettings (soos Charlesville naby Jagersfontein) en rehabilitasiesentrums ressorteer. Die meeste van hierdie inrigtings is deur private organisasies met behulp van staatsubsidies bedryf en is histories langs bevolkingsgroepline tot stand gebring.⁹²

Die volgende kategorie van belang onder openbare geriewe was hospitale en klinieke. Dit moet in ag geneem word dat private hospitale en klinieke in daardie jare skaars was. Hospitale en klinieke het meermale by dieselfde kompleks vir meer as een bevolkingsgroep voorsiening gemaak, maar by wyse van afsonderlike geriewe. 'n Verdere kategorie was oorde waarvan daar 15 deur die administrasie van die Volksraad beheer is. Strande was nog 'n toepaslike kategorie, terwyl swembaddens, karavaanparke en oornag-kampeerplekke eweneens ook deur die wet beheer is. Baie van die geriewe was binne blanke plaaslike bestuursgebiede geleë en het uiteindelik onder die Volksraad se jurisdiksie ressorteer, hoewel heelwat ordonnansies ook herroep sou moes word.⁹³

Die openbare geriewe is ook gekategoriseer in hoogs sensitief, sensitief en minder sensitief. Die Regsentrum het heelwat alternatiewe opsies fundamenteel beredeneer en selfs privatisering in sommige gevalle beoordeel maar net as dit om ekonomiese doelmatigheidsredes gedoen word. As privatisering egter met bedekte motiewe gepaardgaan om blanke voorregte op 'n heimlike wyse in stand te hou, het die sentrum gewaarsku

⁹² *Ibid.*, interdepartementele taakgroep se verslag (geheim geklassifiseer), 1989.

⁹³ *Ibid.*

"kan dit miskien meer kwaad as goed doen en vir die regering en die land uiteindelik 'n bron van verleentheid word".⁹⁴

Hierna het die regering die saak na deeglike besinning tot 'n punt gedryf en op 20 Augustus 1990 het die direkteur-generaal van die Administrasie: Volksraad 'n omsendbrief aan alle plaaslike owerhede gestuur om hulle in te lig oor die implikasies van die inwerkingtreding van die Wet op die Herroeping van Diskriminerende Wetgewing betreffende Openbare Geriewe (1990) en die Tweede Wysigingswet op die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (OVS) (Volksraad) (1990), op 15 Oktober 1990. Dit is gedoen ten einde aan onder meer plaaslike owerhede die geleentheid te bied om, waar nodig, voor te berei vir die ordelike hantering van die veranderde benuttingsituasie rakende openbare geriewe. Dit is ook duidelik gestel dat die omsendbrief die goedkeuring van die Verenigde Munisipale Bestuur (VMB) van Suid-Afrika wegdra. Dit is eweneens benadruk dat daar nie gepoog word om inbreuk te maak op die bevoegdhede wat plaaslike owerhede ingevolge landswette gekry het nie en dat die effektiewe beheer en doeltreffende bestuur van hulle geriewe steeds die verantwoordelikheid van die plaaslike owerhede self bly.⁹⁵

Die volgende wette en artikels in wette is gevolglik herroep:

- Die Wet op die Aanwysing van Aparte Geriewe, 1953. Hierdie wet het enige persoon gemagtig wat in hoofsaak toesig het oor enige openbare perseel of enige voertuig om, wanneer hy dit nodig ag en op 'n wyse of deur die middels wat hy die gerieflikste ag, alle betrokkenes in te lig, sodanige perseel of voertuig vir die uitsluitlike gebruik van persone van 'n bepaalde ras of klas, af te sonder of aan te wys;

⁹⁴ *Ibid.*, verslag van die Regsentrum, 7 November 1989.

⁹⁵ *Ibid.*, brief aan plaaslike owerhede, DG 1/7/1, 20 November 1990; *Hansard*, 13 Junie 1990, kol. 11855-11927.

- Artikel 1(4) van die Wet op Groepsgebiede, 1966. Hierdie artikel het die uitreiking van permitte op 'n rassegrondslag gereël ten opsigte van vermaaklikheidsplekke, plekke waar verversings bedien word en klubs;
- Artikel 1(1) van die Wet op Padvervoer (1977) wat die uitreiking van padvervoerpermitte op 'n rassegrondslag gereël het;
- Die Ordonnansie op die Aanwysing van Aparte Geriewe deur Plaaslike Owerhede, 1955 (Kaap), die Ordonnansie op die Aanwysing van Aparte Geriewe deur Plaaslike Besture, 1958 (Transvaal) en die Ordonnansie op die Reservering van Afsonderlike Geriewe, 1967 (Natal). Hierdie ordonnansies het dit moontlik gemaak vir die administrateur van 'n provinsie om plaaslike owerhede te gelas om bepaalde openbare geriewe vir die uitsluitlike gebruik van persone van 'n bepaalde ras of klas te reserveer; en
- Artikel 146(30) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1962 (OVS), wat aan 'n plaaslike owerheid die bevoegdheid verleen het om verordeninge te maak om toegang tot die teenwoordigheid by en die gebruik van 'n openbare gerief op 'n rassegrondslag te reël of te verbied.⁹⁶

Dit is duidelik gestel dat die primêre oogmerk van die bestuur van een of ander openbare gerief, die handhawing van die goeie orde is en net deur aanvaarbare norme en standaarde gehandhaaf kon word. Die Verenigde Munisipale Bestuur (VMB) het ook 'n komitee voorgestel om aangeleenthede te identifiseer wat beheer sal moet word om doelmatige bestuur van openbare geriewe daar te stel.⁹⁷

Niks kan polities korrek wees wat moreel verkeerd is nie, was die onderliggende motief vir die NP se besluit om die Wet op Afsonderlike Geriewe

⁹⁶ *Hansard*, 13 Junie 1990, kol. 11855-11927.

⁹⁷ *Ibid.*

te herroep. Die regering het duidelik aan hospitaalsuperintendente uitgespel hoe toelating tot hospitale hanteer moes word. Geen pasiënt kon op grond van sy velkleur mediese sorg in 'n provinsiale hospitaal geweier word nie. Toelatings moes op 'n ordelike wyse hanteer word, byvoorbeeld of 'n bed beskikbaar is, of die hospitaal oor die geriewe beskik wat 'n pasiënt benodig en of die personeel kundig is? Daar was tog 'n stertjie by naamlik dat dit "ook in belang van die pasiënt kan wees om sekere godsdiensgebruike of kommunikasieprobleme saam te groepeer".⁹⁸

Wat met apartheidsbordjies van "slegs blankes" en "slegs nie-blankes" begin het, en volgens kenners een van die sogenaamde hoekstene van apartheid was, het na 37 jaar sonder slag of stoot of voorval geval. Die formele herroeping was 'n blote formaliteit, maar teen die agtergrond van die geskiedenis van apartheid was dit van groot simboliese betekenis. Uiteraard is ook hierdie kwessie deur die jare baie afgewater en het gesonde verstand en nugter oordeel dikwels geseëvier. In die Vrystaat is die benutting van geriewe telkens meer deur konvensie as deur wette gereël deurdat in 26 dorpe geen apartheidswetgewing in hulle regulasies voorgekom het nie.⁹⁹

Afsonderlike geriewe, een van die drastiese manifestasies van apartheid, het nou wetlik tot die verlede behoort. Dit het vyf jaar na die herroeping van die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike van 1949 en Artikel 16 van die Ontugwet (1957) geskied. Die een wet het, soos die naam aandui, 'n verbod op gemengde huwelike geplaas. Die Ontugwet, daarenteen, het oor ontug in die algemeen, soos bordele en koppelary gegaan, maar artikel 16 daarvan het die kleurskeidslyn by ontug omskryf.¹⁰⁰

⁹⁸ *Nasionalis*, Augustus 1990, p. 4.

⁹⁹ *Die Volksblad*, 15 Oktober 1990, p. 1; *Hansard*, 13 Julie 1990, kol. 11864-11865.

¹⁰⁰ *Die Vaderland*, 22 April 1983, p. 4; *The Cape Times*, 22 April 1983, p. 6.

Die eerste sprake dat hierdie wette onder oorweging was, was toe PW Botha as eerste minister tydens die Kaaplandse kongres van die NP in 1979 in Groenpunt gesê het dat die regering oop is vir oortuiging en argumente om die Ontugwet en die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike te verbeter. Hy het veral verwys na die rassedoring en gesê dat die twee wette op die wetboek geplaas is vanweë praktiese oorwegings en die sosiale euwels en familieprobleme, maar dat hy, soos die kerke, glo dat gemengde huwelike nie sonde is nie.¹⁰¹ Dit was 'n besliste klemverskuiwing in die NP-beleid.

Terwyl die aankondiging van Botha deur die meerderheid kerke verwelkom is, het die Hervormde Kerk hom teen gemengde huwelike uitgespreek. Die NG Kerk het tydens die algemene sinode van 1982 reeds verklaar dat niks in die Bybel sê dat gemengde huwelike sonde is nie. Die teologiese onderbou teen gemengde huwelike is laat vaar deur dit as "ongewens en ongeoorloof" na "uiters ongewens" te verander. Vanaf sekere kerklui en die regses is die NP egter gekapittel. Dr. Koot Vorster, gewese moderator van die NG Kerk en broer van die voormalige eerste minister, John Vorster, het byvoorbeeld verklaar dat "as die wette herroep word, kan die wet teen moord net sowel afgeskryf word". Daar is vroeër verwys na Vorster wat sy bande met die NP verbreek het onder meer oor PW Botha se uitsprake oor die twee wette. Botha het egter volgehou dat die twee wette niks met die voortbestaan van die blankes te make het nie.¹⁰²

Op 30 Junie 1983 is 'n veelparty gekose komitee van die parlement aangestel om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor die wenslikheid om die twee wette te wysig sonder om die basiese oogmerke waarmee dit

¹⁰¹ *Die Burger*, 26 September 1979, p. 1; *The Argus*, 26 September 1979, p. 25; *Die Afrikaner*, 5 Oktober 1979, p. 5.

¹⁰² *Hoofstad*, 26 September 1979, p. 1; *The Star*, 26 September 1979, p. 1; *Die Vaderland*, 4 Oktober 1979, p. 18; *Rapport*, 30 September 1979, p. 18; *Beeld*, 17 Desember 1982, p. 6; *Die Oosterlig*, 22 April 1983, p. 11; *Die Kerkbode*, 27 April 1983, p. 6.

verorden is te ignoreer en om wetgewing voor te lê. Die adjunkminister van binnelandse aangeleenthede, Piet Badenhorst, is as voorsitter aangewys. Hierdie komitee het op 28 Junie 1984 'n meerderheidsverslag bekendgemaak tot die effek dat die twee wette onder oorweging nie verbeter kon word deur dit te wysig nie en hulle het versoek dat die opdrag uitgebrei moes word om ondersoek in te stel na die wenslikheid om die afskaffing, al dan nie, te ondersoek.¹⁰³

Die komitee se werksaamhede is deur die inwerkingstelling van die 1983-grondwet beïnvloed deurdat die Driekamerparlement 'n gesamentlike staande komitee aangestel het om die opdrag uit te voer. Die aanbeveling om die twee betrokke wetgewings te herroep en die regering se voorneme om dit te doen, is op 19 April 1985 wyd aangekondig. Die ander twee huise van die parlement se besluit was geen verrassing nie, maar die Volksraad en die NP het geskiedenis gemaak toe die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet op 22 Mei 1985 met 125 stemme teen 15 geskrap is.¹⁰⁴

3.3 Gelyke onderwys

Gedurende 1990-1992 en die tyd van groot verandering is daar ook ondersoek ingestel na 'n omvangryke vernuwingstrategie vir onderwys in die land. Wat swart onderwys betref, het die regering sy besorgdheid getoon deur 'n 26,15% styging in die begroting te bewillig. Pres. De Klerk het ontoereikende onderwys uitgesonder as 'n vraagstuk wat in die weg van voorspoed en 'n verbeterde lewensgehalte staan en wat saam met die grondwetlike vraagstukke aangepak moes word. Die regering het nog volhard met hulle onderliggende beginsels van die onderwys, naamlik

¹⁰³ *Die Nasionalis*, September 1983, p. 5; *Die Burger*, 11 Julie 1984, p. 1; *Die Vaderland*, 11 Julie 1984, p. 1.

¹⁰⁴ *Die Vaderland*, 23 Mei 1985, p. 10; *Beeld*, 19 April 1985, p. 13.

Christelike, kultuurgebonde moedertaalonderwys, maar 'n groter soepelheid en ouerkeuse oor die toelatingsbeleid vir skole aanvaar. Die gemeenskappe van blanke skole is die geleentheid gebied om een van vier modelle aan te neem wat basies vier bestuursmodelle vir skole verteenwoordig het en gewissel het van die behoud van die *status quo* tot 'n privaatskool-opsie. Die belangrike aspek in hierdie benadering was dat dit modelle verteenwoordig het met verskillende bestuursopsies wat gemeenskapsverantwoordelikheid betref, waardeur die voorsiening van onderwys nader aan die gebruikers daarvan gebring is.¹⁰⁵

Die uiteindelijke besprekingsdokument van die Onderwysvernuwingstrategie (OVS) was beslis dat die onderwysmodel wat op eie/algemene sake berus het, en bestaan het uit onderwysdepartemente vir elke bevolkingsgroep vir baie Suid-Afrikaners mank gaan aan legitimiteit. Daarom is aanbeveel dat ras by die strukturering van die voorsiening van onderwys in 'n toekomstige onderwysmodel geen rol moes speel nie en dat regverdigheid ten opsigte van onderwysgeleenthede verseker moes word. Hulle het ook 'n sentrale onderwysowerheid en departemente van onderwys op 'n streekbasis bepleit. Nog 'n aanbeveling was dat daar aanvaar moes word dat vryheid van assosiasie 'n hoeksteen van 'n nuwe onderwysmodel moes vorm. Dit was dus belangrik dat daar toereikende en bevredigende voorsiening gemaak moes word vir die akkommodering van verskeidenheid soos taal, geloof of kultuur.¹⁰⁶

Uiteindelik is daar in die oorgangsgrondwet en die "finale" 1996-grondwet een sentrale onderwysdepartement ingestel met provinsiale of streeks-onderwysdepartemente. Verder bepaal die grondwet dat elkeen die

¹⁰⁵ *Nasionalis*, Augustus 1990, p. 5; Aucamp-versameling, inligtingstuk opgestel deur Johan Swanepoel, LP, 6 Junie 1990; *Hansard*, 18 Mei 1990, kol. 9739; Onderwysrealiteite in Suid-Afrika, 1990, departement van nasionale opvoeding (91/06), Junie 1991; Onderwysvernuwingstrategie (OVS), departement van nasionale opvoeding, Junie 1991.

¹⁰⁶ Onderwysvernuwingstrategie (OVS), departement van nasionale opvoeding, Junie 1991.

reg het "om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is".¹⁰⁷

Een van die laaste groot aanpassings in die onderwys voor 1994 was toe Piet Marais, minister vir onderwys en kultuur, Administrasie Volksraad, op 17 Februarie 1992 'n nuwe plan bekend gestel het vir die bedryf van onderwys. Die plan is in noue samewerking met die Federale Onderwysersraad (FOR) en adviesliggame van die minister opgestel. Volgens die plan is alle openbare skole van daardie departement vanaf 1 April 1992 oorgeskakel na en bedryf as sogenaamde model C-skole (een van die modelle) tensy bestuursrade by wyse van 'n stemming deur ouers, met minstens 'n tweederdemeerderheid van stemme, aangedui het dat hulle die bestaande bestuursmodel vir die betrokke skool wou behou. Hierdie reëling is deur meer as 95% van skole aanvaar en het hulle as volwaardige staatsondersteunde skole laat funksioneer. Die voordele van hierdie stelsel was dat bestuursliggame werklike besluitnemingsbevoegdheid verkry het oor:

- die aanstelling van onderwysers;
- die skool se toelatingsbeleid;
- toevoegings tot die kurrikulum;
- die benutting van geboue, terreine en ander fasiliteite wat kosteloos aan die skole oorgedra is met 'n terugvalklousule sover dit onroerende goed aangaan indien dit nie meer vir onderwysdoeleindes gebruik word nie; en
- die skool se finansiële beleid.¹⁰⁸

¹⁰⁷ Grondwet, Wet 108 van 1996, Artikel 29(2).

¹⁰⁸ *Hansard*, 27 Februarie 1992, kol. 1786; Aucamp-versameling, NP-studiegroepverslae, 1992; Wysigingswetsontwerp op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1992; RSA Beleidsorsig

Dit is interessant om daarop te let dat die groot mate van outonomie ten opsigte van die bedryf van voormalige model C-skole grootliks in plek gebly het in die nuwe bedeling en met groter oerbetrokkenheid baie skole tot spogskole laat ontwikkel het met geriewe wat hulle nie onder die bedeling van suiwer staatskole sou gehad het nie. Die toelatingsbeleid bly tans egter steeds 'n doring in die vlees van sommige provinsiale onderwysdepartemente wat niks ontsien om Afrikaansmediumskole te dwing om vir anderstaliges voorsiening te maak nie. Hierdie kwessie, oor die Hoërskool Ermelo, het voor die Konstitusionele Hof gediën nadat die Appèlhof die skool gelyk gegee het in sy hofstryd met die Onderwysdepartement van Mpumalanga. Die Konstitusionele Hof het eweneens in die guns van die skool beslis..¹⁰⁹

3.4 Ander pilare van apartheid

Al wat nou oorgebly het van die groot pilare van apartheid was die Wet op Groepsgebiede (1966), die Wet op Bevolkingsregistrasie (1950) en die Swart Grond Wette van 1913 en 1936 en natuurlik ook nog die tuislandbeleid. Tydens die opening van die parlement op 1 Februarie 1991 het pres. De Klerk gesê dat die grondwetlike proses hand aan hand gaan met die verwydering van diskriminasie. Die regering het telkens sy voorneme uitgespreek om diskriminerende wette en praktyke te verwyder. Baie daarvan is reeds afgeskaf, maar dit wat oorgebly het, kan nie sonder meer herroep word nie, weens die ingewikkelde aard daarvan wat

5/3, April 1992; *NP Bulletin* 5/92 'n Staatsondersteunde stelsel vir onderwysvoorsiening, Februarie 1992; *The Star*, 10 Oktober 1991, p.6.

¹⁰⁹ Aucamp-versameling, onderhoud met Jaco Deacon, adjunk uitvoerende hoof FEDSAS, 28 Oktober 2010.

ondersoek geverg het. De Klerk het voortgegaan om te sê dat die ondersoek dermate voltooi is dat hy sekere aankondigings kon doen.¹¹⁰

Hierop het hy gesê dat wetgewing binnekort ingedien sou word ter herroeping van die wette op grondbesit van 1913 en 1936, die Wet op Groepsgebiede van 1966 en die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe van 1984, asook alle ander bepalings wat regte op grond volgens lidmaatskap van bevolkingsgroepe reël. Die regering sal ook 'n witskrif ter tafel lê waarin volledig standpunt ingeneem word oor die toekomstige hantering van grond en grondkwessies. De Klerk het eweneens gesê dat aanvanklik gedink is dat die Bevolkingsregistrasiewet nie onmiddellik herroep kon word nie omdat dit tegnies nodig is vir die instandhouding van die bestaande grondwetlike bestel. Na ondersoek het dit egter geblyk dat dit wel moontlik is om die wet te herroep indien dit gepaardgaan met die aanname van tydelike oorgangsbepalings totdat 'n nuwe grondwet aanvaar word.¹¹¹

Pres. De Klerk het voortgegaan en gesê indien die parlement die voorstelle van die regering aanvaar, sou Suid-Afrika se wetboek binne maande ontdaan wees van die oorblywende rasse-diskriminerende wetgewing wat bekend geword het as die hoekstene van apartheid. "Die beëindiging van apartheid en die herroeping van hierdie laaste belangrike diskriminerende wette sal ons by die einde van 'n era bring - 'n era waarin getrag is om die werklikheid van 'n verskeidenheid van volke en gemeenskappe binne dieselfde landsgrense langs die weg van diskriminerende dwang te bestuur." De Klerk het ook verwys na die verskynsel wêreldwyd van bepaalde gemeenskappe wat 'n besondere identiteit handhaaf. Individue wat hulle

¹¹⁰ *Hansard*, 1 Februarie 1991, kol. 9-14.

¹¹¹ *Ibid.*; Departement van landbou-ontwikkeling, *Landbounuus*, 18 Maart 1991; Aucamp-versameling, uitgebreide persverklaring deur HJ Kriel, 20 Mei 1991; NP Bulletin 10/90, Oktober 1990; *Die Volksblad*, 3 Oktober 1990, p. 7.

tot bepaalde gemeenskappe aangetrokke voel en geluk en geborgenheid daarin vind, is wêreldwyd toegelaat om dit te doen. Ook in Suid-Afrika is daar sulke mense wat steeds bepaalde behoeftes in gemeenskapsverband wil bevredig, maar hulle behoort dit te kon doen sonder dwang, diskriminasie en apartheid.¹¹²

De Klerk het 'n belangrike uitgangspunt van die regering in bogenoemde verband gegee, naamlik dat:

- mense nie in gemeenskappe ingedwing kan word nie;
- daar nie van owerheidsweë ten gunste van bepaalde gemeenskappe en teen ander gediskrimineer kan word nie;
- 'n eie gemeenskapslewe uit inherende eie wil en vermoëns gedra moet word en nie uit statutêre dwang nie; en
- gemeenskapserkenning moet berus op vryheid van assosiasie soos wat in verskeie lande in die wêreld grondwetlik en andersins erken word.¹¹³

Die Witskrif op Grondhervorming waarna pres. De Klerk ook verwys het, is later saam met ander wetsontwerpe ter tafel gelê en is deur hom in die voorwoord van die witskrif monumentale werk genoem toe hy die hoop uitgespreek het dat dit daartoe sou bydra om vrede in Suid-Afrika te bewerkstellig en vooruitgang en voorspoed vir al sy mense te bring. Die wetsontwerpe was: op die Afskaffing van Rasgebaseerde Grondreëlins, op die Opgradering van Grondbesitregte, op die Woonomgewing, op Minder Formele Dorpstigting, asook op Landelike Ontwikkeling. In die memorandum oor die oogmerke van die eerste wetsontwerp is dit duidelik gestel dat die Swart Grond Wet (Wet 27 van 1913) en die Ontwikkelings-

¹¹² *Hansard*, 1 Februarie 1991, kol. 9-14.

¹¹³ *Ibid.*

trust en Grond Wet (Wet 18 van 1936), die Wet op Groepsgebiede (Wet 36 van 1966) en die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe (Wet 4 van 1984), herroep word en dat die rasvoorbehoude op grondbesit in alle ander wette, met inbegrip van wette op landelike gebiede onder beheer van die Administrasie: Raad van Verteenwoordigers en in wette van selfregerende gebiede geskrap word. Die Wetsontwerp het ook wysigings bevat van verskeie ander parlementêre wette waarin verwysings na die wette wat herroep word, voorkom. Die bevoegdheid is ook aan die staatspresident verleen om by wyse van proklamasie die nodige aanpassings te maak by enige ander bepaling wat grondbesitregte beperk.¹¹⁴

Uiteraard was hierdie wetgewing van besondere betekenis in die NP- en Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die aanvanklike Wet op Groepsgebiede (Wet 41 van 1950) is op 29 September 1950 in die Staatskoerant geproklameer. VG Hiemstra, die latere bekende skrywer en regter, het destyds as advokaat voorspel dat die wet ongetwyfeld die belangrikste maatreël op die gebied van rasseverhoudings is wat nog in Suid-Afrika geneem is. Die beginsel van verpligte apartheid is op groot skaal toegepas, "maar op so 'n rekbare en geleidelike wyse dat dit in die oorgrote meerderheid van gevalle pynloos en sonder groot ontbering kan geskied".¹¹⁵

Ongelukkig het Hiemstra se voorspelling nie so pynloos en sonder ontbering geskied nie en het baie mense, swart en wit, uiterste trauma en hartseer met gedwonge verskuiwings ervaar. Van die meer bekende gevalle was Distrik Ses in die Kaap waaruit meestal bruin mense na die

¹¹⁴ Wetsontwerp op die Afskaffing van Rasgebaseerde Grondreëlings, Wet 92 van 1991, goedgekeur in die Parlement op 5 Junie 1991; Hansard, kol. 11846; Witskrif op Grondhervorming, Die Staatsdrukker, WP B-91; *The Citizen*, 30 Mei 1991, p. 8.

¹¹⁵ VG Hiemstra, Uiteensetting van die Wet op Groepsgebiede, p. 3.

Kaapse Vlakte verskuif is. PW Botha, wat destyds die betrokke kabinetslid was, het later jare met groot stelligheid vertel dat die regering nie 'n keuse gehad het om die gebied op te ruim nie omdat dit 'n "slumgebied" was. Na 1994 is die stelsel van restituisie toegepas om diegene wat kon bewys dat hulle sedert 1913 grond onregmatig verloor het, te kompenseer.¹¹⁶ Meer nog: Die Grondeisekommissie het teen Maart 2009 ongeveer 95% van 76 400 grondeise afgehandel en sowat 2,3 miljoen hektaar aan 300 000 huisgesinne teruggegee teen 'n koste van R20 miljard. Nog 4 296 eise was uitstaande en moes teen 2011 afgehandel wees.

Die aanvanklike Groepsgebiedewet is in 1957 vervang met Wet 77 van 1957 en later met Wet 36 van 1966 wat op 5 Oktober 1966 goedgekeur is en deur die jare etlike wysigings ondergaan het.¹¹⁷ Die destydse minister van beplanning, provinsiale sake en nasionale behuising, Hernus Kriel, het die tweede lesingdebat oor die Wetsontwerp op die Afskaffing van Rasgebaseerde Grondreëlings op 27 Mei 1991 in die parlement ingelei en herhaal dat die regering van voorneme is om apartheid iets van die verlede te maak. As 'n maatskaplike eksperiment het apartheid nie gewerk nie. Dit was die sosiale eksperiment wat vrede, veiligheid en voorspoed moes bring, maar wat onvrede, agteruitgang en onstabiliteit veroorsaak het. Kriel het gesê dat in die uitvoering van die beleid, ook ten opsigte van die Groepsgebiedewet, daar nie altyd aandag gegee is aan die regverdige toepassing daarvan nie. Hy het gesê dat dieselfde party wat jare lank beslag aan wette op grondbesit gegee het, die herroeping daarvan voorstel omdat dit geen geheim is dat die NP sy beleid verander het nie. Kriel het die doelwitte wat die regering met die wet wou bereik, uitgelig. Die eerste oogmerk was om alle rassediskriminasie ten opsigte van grond af te skaf. Grond of eiendom is 'n bate wat vir elke landsburger toeganklik

¹¹⁶ *Rapport*, 30 Augustus 2009, p. 12.

¹¹⁷ Wet op Groepsgebiede, Wet 36 van 1966.

moes wees. Die tweede doelwit was om 'n duidelike boodskap aan alle Suid-Afrikaners en ook aan die wêreld te stuur "dat ons 'n nuwe Suid-Afrika gaan skep - waarin dit wat ons bereik het nie afgebreek gaan word nie en waarin norme en standaarde hoog geag word. Dit sal 'n nuwe Suid-Afrika wees wat nie as gevolg van hervorming sal verval soos ons al soveel kere in die res van Afrika gesien het nie, waar mense swakker daaraan toe is as wat hulle voor hervorming was."¹¹⁸

Die derde boodskap wat die regering wou uitstuur, was dat bestaande grondbesit nie aangetas sou word nie. "Kaart en transport word eerbiedig en herbevestig. Dit geld vir alle mense in die land." Vierdens moes besef word dat die regering simpatiek is teenoor mense wat in die verlede benadeel is. Daar is egter perke aan die praktiese en finansiële uitvoerbaarheid daarvan om al die moontlike foute van die verlede te probeer regstel.¹¹⁹

Dr. Ferdie Hartzenberg van die KP het direk na Kriel tot die debat toegetree en die regering daarvan beskuldig dat hy die geskiedenis probeer afskaf. "Hy wil 'n idee wat ingebore en natuurlik is by mense, afskaf. Hy wil 13 volke se grond vervreem. Hy wil 13 volke onterf van hulle grond en daarmee wil hy volke vernietig deur 'n volk se bodem, sy lewensbloed, sy suurstof van hom af weg te neem."¹²⁰ Dit was inderdaad 'n emosionele debat in die Volksraad. Na lang debatvoering en baie verdere emosie is die wet uiteindelik op 5 Junie deur die Volksraad met 113 teen 30 stemme aanvaar nadat dit vroeër in die ander twee huise ook goedgekeur is en nog 'n apartheidspilaar getuimel het.¹²¹

¹¹⁸ *Hansard*, 27 Mei 1991, kol. 10797-10802.

¹¹⁹ *Ibid.*

¹²⁰ *Ibid.*, kol. 10806. (Die 13 volke ter sprake is dié van die vier onafhanklike state, die ses van die selfregerende state, die wittes, kleurlinge en Indiërs – volgens die KP-definisie.)

¹²¹ *Ibid.*, 5 Junie 1991, kol. 11846-11847.

Net na die aankondiging dat die Groepsgebiedewet herroep gaan word, het Hernus Kriel in 'n onderhoud gesê: "Ek het al langs mense gebly met wie ek geen gemeenskapslewe het nie, omdat die man op 'n Sondagoggend sy motor se enjin met 'n 'block en tackle' uithaal en die hele dag raas. Met 'n gekleurde wat Sondag kerk toe gaan, kan ek 'n gemeenskapslewe hê." Hy het bygevoeg dat die meeste mense wat ingevolge die wet verskuif is, bruin mense en Indiërs was. Min blankes is verskuif en dit het geweldige bitterheid by die ander twee bevolkingsgroepe laat ontstaan. Swart mense se verskuiwing het plaasgevind ingevolge ander wette. Kriel het verder gesê: "Ons het agtergekom dat die wet nie werk nie en dit laat ons dan met die sterk morele argument dat as jy weet iets werk nie en jy daarmee aangaan, dan pleeg jy bedrog."¹²²

Toe het nog net een pilaar van apartheid oorgebly. Dit was die Wet op Bevolkingsregistrasie. Die Wetsontwerp op die Herroeping van die Bevolkingsregistrasiewet is op 4 Junie 1991, 'n dag voor die Groepsgebiedewet getuimel het, in die parlement ter tafel gelê.¹²³ Tydens die debat oor hierdie wetgewing het emosie opnuut hoogty gevier. 'n KP-LP, Daan van der Merwe, het die NP die Kains-kindere van die Afrikaner genoem wat besig was om hulle medebroers te vermoor, en hulle barbare genoem omdat hulle nie wil toelaat dat 'n volk 'n eie vaderland het nie.¹²⁴

Gene Louw, minister van binnelandse sake, het die wetgewing hanteer en aangetoon hoe sedert Februarie 1991 met die staatspresident se aankondigings apartheidswetgewing met mening herroep is. Hy het die wet wat staan om herroep te word, ongetwyfeld die belangrikste wetgewing in die geskiedenis van apartheid genoem en gesê hoe gouer die

¹²² *Die Burger*, NP-bylae, 13 November 1990, p. 2.

¹²³ *Hansard*, 4 Junie 1991, kol. 11836; Wetsontwerp op die Herroeping van die Bevolkingsregistrasiewet, Wet 132 van 1991; Wet op Bevolkingsregistrasie van 1950.

¹²⁴ *Hansard*, 11 Junie 1991, kol. 12685-12689.

wet herroep word, hoe gouer sou apartheid die doodskoot kry. Louw het gesê dat die herroeping van al die ander wetgewing tevergeefs sou wees as rasseklassifikasie, soos bepaal deur die Bevolkingsregistrasiewet van 1950, nie terselfdertyd herroep word nie. Volgens hom het die wet die hoeksteen van apartheid en diskriminasie in Suid-Afrika gevorm omdat die meeste ander apartheidswette gegrond was op ras soos dit kragtens die Bevolkingsregistrasiewet omskryf en bepaal is. Daarom is die herroeping van die wet die herroeping van apartheid soos dit oor 'n tydperk van 43 jaar in Suid-Afrika beoefen is. Die destydse politieke leiers het geglo in die skeiding van die rasse en in die doelgerigte ontwikkeling en opheffing van afsonderlike gemeenskappe. In die praktyk het die toepassing van die beleid egter nie aan die verwagting van selfbeskikking en billike en gelyke ontwikkeling voldoen nie. Die gevolg was diskriminasie, vernedering en hartseer, terwyl lede van dieselfde gesin dikwels in twee of meer verskillende rassegroepe geklassifiseer is.¹²⁵

Min. Louw het ook benadruk dat daar 'n oorgangsmatreël nodig is om die grondwetlike bedeling in stand te hou en in klousule 1(3) van die wetsontwerp beliggaam is. Daarvolgens sou die klassifikasies tydelik in die bevolkingsregister behou word en outomaties wegval as die nuwe grondwet in werking tree. Geen nuwe klassifikasies sou egter plaasvind na die wetsontwerp wet geword het nie. Die wetsontwerp het nie net die Bevolkingsregistrasiewet herroep nie, maar ook wysigings aan die volgende wette meegebring: Die Wet op Identifikasie (1986), die Huwelikswet (1961), die Handelskeepvaartwet (1957), die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevallen (1963), die Werkloosheidsversekeringwet (1966), die Wet op Nasionale Parke (1976) en die Ongevallewet van 1941.¹²⁶

¹²⁵ *Ibid.*, kol. 12669-12675.

¹²⁶ *Ibid.*

Die minister het sy toespraak afgesluit deur te sê dat menswaardigheid erken en gerespekteer moes word. Dit sou ook aan die ryke verskeidenheid van die land se samelewing die geleentheid gee om mekaar beter te leer ken, saam te werk om radikalisme uit te wis en in die plek daarvan die ekonomie te versterk, opvoedkundige en werksgeleenthede te skep en vrede en veiligheid na te streef. Met so 'n benadering het Louw afgesluit "kan ons net 'n mooier en sterker Suid-Afrika bou".¹²⁷ Die wetsontwerp is op 17 Junie in die parlement goedgekeur toe albei huise dit goedgekeur het - die Volksraad na 'n verdeling met 106 stemme teen 38.¹²⁸

Alle identiteitsnommers is hierna verander. Die dertiensyfer-nommer se drie laaste syfers het altyd die ras aangedui en sou voortaan neutraal wees. Al die veranderinge is met 'n koor van instemming uit die buiteland begroet (Vgl. subhoof 4 in hoofstuk 6 vir meer inligting hieroor), maar binnelands het daar onder meestal Afrikaners groot teenstand begin opbou wat deur die KP aangevuur is. Die NP het volgens hulle nie 'n mandaat gehad om te doen wat hulle doen nie en was besig om die volk te verrai.

¹²⁷

ibid.

¹²⁸

Die wese van die Bevolkingsregistrasiewet was vervat in artikel 5(1) wat gelui het: "Iedere persoon wie se naam in die register opgeneem word, word deur die Direkteur-generaal as 'n blanke, 'n gekleurde of 'n Swarte, na gelang van die geval, geklassifiseer, en iedere gekleurde en iedere Swarte wie se naam aldus opgeneem word, word deur die Direkteur-generaal volgens die etniese of ander groep waartoe hy behoort geklassifiseer."

HOOFSTUK 6

REAKSIE OP HERVORMING EN DIE PAD NA 'N ONDERHANDELDE SKIKKING (1990-1993)

1. GLOEIENDE BUITELANDSE REAKSIE

Die reaksie vanuit die buiteland op hervorming was dramaties, veral teen die agtergrond van die talle internasionale deure wat vir Suid-Afrika oopgegaan het na die 2 Februarie 1990-toespraak. *Nasionalis*, lyfblad van die NP, skryf dat Suid-Afrikaners rede het om trots te wees omdat die land vir die eerste keer in dekades by die buitelandse "voor deur" ontvang word en nogal met 'n rooi tapyt daarby. Mense behoort ook dankbaar te wees in die besef dat die land nie gedoem is tot ewigdurende isolasie nie, maar daar was vooruitsigte van 'n groeiende ekonomie, gestimuleer deur buitelandse beleggings, groeiende sport- en kulturele bande en nouer skakeling met lande op verskeie belangrike terreine. Kommentators was dit eens dat Suid-Afrika belangrike vordering gemaak het met kontak na buite.¹

Voorbeelde hiervan was onder meer Suid-Afrika se positiewe bydrae tot die onafhanklikheid van Namibië wat internasionaal erken is, asook pres. De Klerk se optrede in Windhoek by wyse van samesprekings met leiers van 24 lande uit Wes-, Sentraal- en Oos-Europa, Afrika en Amerika. Suid-Afrika se pogings om konfliktsituasies in Angola en Mosambiek te beëindig, is ook internasionaal goed ontvang. In 'n verdere historiese verwikkeling het die OAE (Organisasie vir Eenheid in Afrika) regstreeks met die

¹ *Nasionalis*, Augustus 1990, p. 7.

RSA kontak gehad toe pres. Hosni Moebarak van Egipte, die voorsitter, samesprekings met De Klerk gevoer het.

Die buitelandse ministers van twee van die wêreld se magtigste lande, Brittanje en die VSA, het De Klerk in 1990 in Kaapstad besoek, terwyl 'n belangrike afvaardiging van die Europese Gemeenskap (EU) ook in die land was met die boodskap dat "Suid-Afrikaners self oor hulle toekoms moet besluit".²

Pres. De Klerk se besoek aan nege Europese lande is eweneens as 'n triomftog beskou in 'n tyd toe die gety finaal teen sanksies gedraai het. Hieroor het Kent Durr, minister van handel en nywerheid, gesê: "Without the slightest doubt, the State President's visit has enabled South Africa to restore essential international relationships and build bridges where none have ever existed. Every South African will benefit from the economic growth which will directly result from the President's steps."³

Die persoonlike uitbouing van De Klerk se verhoudings met invloedryke leiers soos Brittanje se eerste minister, Margaret Thatcher, Duitse kanselier Helmut Kohl, Franse president Francois Mitterand en die VSA-president George Bush, het verdere positiewe implikasies vir die land se internasionale verhoudings ingehou. Selfs die Verenigde Nasies (VN) wat 'n byna patologiese vervolger van Suid-Afrika was, se houding het verander, en na 'n VN-sending na Suid-Afrika is De Klerk geprys vir sy "dapper en moedige" stappe. Die verstandhouding was dat, hoewel apartheid nog altyd as 'n internasionale probleem beskou is, 'n skikking in Suid-

²*Ibid.*³

NP Federale Inligtingsdiens, aksieverslag, September 1990, pp. 22-25.

Afrika 'n huishoudelike saak was. Dit op sigself is as 'n groot deurbraak vertolk.⁴

De Klerk was van oordeel dat die internasionale gemeenskap die regering se *bona fides* aanvaar en dat dit 'n veel positiewer en konstruktiewe benadering tot gevolg het. Daar was 'n daadwerklike begeerte "dat dinge in Suid-Afrika goed moet verloop". Die NP was teen 1990 oortuig dat die SA regering wêreldwyd 'n morele magsposisie ingeneem het wat vir sowel die KP as die ANC nadelige gevolge ingehou het, maar groot voordele vir elke Suid-Afrikaner sou bring.⁵

2. TOENEMENDE REGSE EN LINKSE DRUK

Te midde van buitelandse lof het die druk vanaf die regses in Suid-Afrika toegeneem met duidelike dreigemente van burgerlike ongehoorsaamheid en ander versetaksies soos boikotte, asook ontwrigting en geweld by vergaderings. So is pogings aangewend om die Transvaalse NP-kongres te probeer ontwrig deur mense soos Manie Maritz, gewese hoofraadslid van die Afrikaner-Weerstandsbeweging (AWB), mev. Karen Strydom, vrou van die Wit Wolf, die massamoordenaar, Barend Strydom, en Dries Alberts, 'n gewese AWB-lid.⁶ By duisende stoptekens dwarsdeur die land is die letters "FW" aangebring.

Die AWB is in 1973 gestig en die aktiewe leier daarvan gedurende hierdie tyd, was die enigmatiese Eugene Terre'Blanche. (Terre'Blanche is op Saterdag 3 April 2010 wreed in sy plaashuis in die Ventersdorp-distrik deur twee werkers met 'n panga doodgekap.) Hierdie organisasie is eintlik

⁴ *Ibid.*

⁵ *Ibid.*; *Die Volksblad*, 29 Desember 1990, p. 5; 24 September 1990, pp. 1-4; 25 September 1990, pp. 1-5; *Die Burger*, 5 Junie 1991, p. 11; 20 September 1990, p. 4.

⁶ *Die Volksblad*, 19 Oktober 1990, p. 5; *Sunday Times*, 21 Oktober 1990, p. 2; *The Citizen*, 24 April 1990, p. 6.

later beskou as die "gewapende vleuel" van die KP. Hulle doelwit was om 'n verenigde front vir die Afrikanerdom te vorm en het hulself as 'n volksbeweging beskou, hoewel hulle onder die naam "Die Blanke Volksparty" ook as politieke party geregistreer was. Die AWB was toegewy aan 'n Boerevolkstaat wat sou bestaan uit die twee voormalige Boererepublieke, die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Republiek van die Oranje-Vrystaat en die Nieuwe Republiek (Vryheid en Utrecht).⁷

Die regses is van "oorlogspaatjies" beskuldig en die optrede uit daardie geleedere, het gewissel van bomplantings tot die moord op die SAKP-leier, Chris Hani. 'n Voormalige KP-LP, Clive Derby Lewis, is vir die moord op Hani gearresteer en dien tans lewenslange tronkstraf uit. Optrede soos hierdie is 'n bewys op watter mespunt sake in die land was en hoe regse persepsies daarin geslaag het om die NP sy steun onder veral konserwatiewe Afrikaners te laat inboet. Twee vooraanstaande afgetrede militêre generaals, Tienie Groenewald, voormalige lid van die Staatsveiligheidsraad, (SVR) en Constand Viljoen, voormalige hoof van die SA Weermag, se toetrede tot die politiek het stukrag aan die persepsie van regse militarisering gegee. Prof. Mike Hough, direkteur van die Universiteit van Pretoria se Instituut vir Strategiese Studies, het gemeen dat die oud-generaals "nie totaal afgeskryf (kon) word nie", terwyl dr. Wim Booyse, risiko-ontleder, geglo het dat die generaals se toetrede maar die punt van die ysberg is van invloedryke oud en dienende lede van die "veiligheids-establishment wat dieselfde oogmerke en sentimente het".⁸

Selfs Nelson Mandela het later in 1993 tydens 'n nuuskonferensie, terwyl hy die gas van die Britse regering was, gesê dat daar 'n moontlikheid is

⁷ Buro vir Inligting, RSA politieke groeperings, Oktober 1988.

⁸ JM (Inus) Aucamp-versameling (hierna verwys as Aucamp-versameling), media-analise, Mei 1993; AWB-inligtingstukke, Posbus 4118, Pretoria, s.a.

dat die geweldpleging selfs kon vererger omdat die grootste bedreiging van vrede in Suid-Afrika uit die (blanke) regse geledere kom.⁹

Dat daar op dié tydstip 'n wesenlike bedreiging was, is waar, hoewel Mandela 'n meester was om die een ding te sê (dit wat goed klink) en toe te laat dat die ander ding gebeur (dit wat sy uitsprake negeer het). So is gedurende die latere onderhandelingsproses deurentyd ervaar dat van links radikale kant daar oproepe tot burgerlike ongehoorsaamheid, rollende massa-aksie, boikotte en versetaksies was.¹⁰

Die Goldstone-kommissie het al gedurende die negentigerjare verwys na die onwilligheid van die ANC om saam te werk nadat, ingevolge die DF Malan-ooreenkoms van 1991, aanvaar is dat geen politieke party of beweging in 'n demokratiese gemeenskap 'n private leër mag hê nie. Volgens 'n verslag van die Goldstone-kommissie in 1993 het die ANC egter openlik erken dat hy in besit van wapens was, maar nie inligting daarvoor wou verskaf nie. Die kommissie het openbare geweld ondersoek waarby wapens en ammunisie betrokke was nadat voorvalle in 1991 en 1992 "geweldige" afmetings aangeneem het.¹¹

Die amptelike webwerf van die stad Johannesburg brei breedvoerig uit oor hoe die ANC 40 ton wapens in omgeboude Bedford-vragmotors onder die

⁹ Aucamp-versameling, media-analise, Mei 1993.

¹⁰ Argief vir Eietydse Aangeleenthede (hierna verwys as AREA), PV 357: HJ Coetsee-versameling, memorandum van pres. FW de Klerk aan mnr. Nelson Mandela, 2 Julie 1992; *Landbouweekblad*, 7 Augustus 2009, p. 63. (Sestien jaar na die eerste demokratiese verkiesing blyk dit byvoorbeeld dat wapens van die ANC wat die land binnegekom het, nooit aan die regering oorhandig is, gelisensieer is of aansoeke om herlisensieëring daarvoor ingedien is ingevolg die Wet op die Beheer van Vuurwapens nie. Dit is bevestig deur Dave Steward, uitvoerende direkteur van die FW de Klerk-stigting. Mac Maharaj, wat saam met Sipiwe Nyanda gemoeid was met die bestuur van ANC-operasies om wapens die land in te smokkel, het geweier om te sê wat van die wapens geword het.)

¹¹ Aucamp-versameling, verslag van die Goldstone-kommissie, 1993.

dekmantel van 'n safari-onderneming die land ingebring het waarna dit in kiste in die land versprei en begrawe is.¹²

3. ROOI LIGTE: DIE NP BEGIN STEUN VERLOOR

Terug by die verwyd dat die NP nie 'n mandaat gehad het vir die proses waarmee hy besig was nie en die aanvanklike verlies aan steun vir die NP. Die NP-hoofleier het deurentyd die party se ondersteuners gerusgestel dat die party nie besig is om oor te gee nie, maar die onderhandelinge op besliste terme sal voer. Die eerste werklike ondubbel-sinnige verwysing na sogenaamde ononderhandelbare en onherroeplike vereistes vir 'n nuwe Suid-Afrika, is deur De Klerk op 5 September 1990 tydens die Vrystaatse NP-kongres in die Bloemfonteinse stadsaal gegee. De Klerk het gesê dat die NP nie sou instem tot enige nuwe grondwet wat nie aan agt minimumvereistes voldoen nie.¹³ Hy het geantwoord op 'n beskrywingspunt met betrekking tot die regering se visie van 'n toekomstige grondwetlike bedeling met spesifieke verwysing na die handhawing van beskaafde standaarde, reg en orde en nie-oorheersing en die beskerming van minderhede. Die agt vereistes waaraan enige nuwe grondwet minstens sou moes voldoen, was:

1. Die politieke bestel moes ingeboude waarborge en meganismes bevat wat oorheersing deur 'n meerderheid en of 'n eenpartystaat onmoontlik maak.
2. 'n Handves van menseregte moes so verskans wees dat dit nie afgeskaf of arbitrêr verander kon word nie.

¹² Liliesleaf takes trip back to 1963. www.joburg.org.za, 7 April 2009.

¹³ *Die Volksblad*, 5 September 1990, pp. 1-2.

3. Enige regering moes net 'n beperkte leeftyd hê en verkiesings moes dus gereeld plaasvind. Misbruike soos lewenslange presidente, korrupsie, ensovoorts moes onmoontlik gemaak word.
4. Die politieke sisteem moes daarvoor voorsiening maak dat leiers wat hierdie waardes handhaaf, al sou hulle deur 'n minderheidsgroep ondersteun word, in die regeringsorgane teenwoordig sou wees.
5. Die vryemarksisteem en private inisiatief moes in die nuwe Suid-Afrika behoue bly. Eiendomsreg, ook van grond, moes eerbiedig word en daar moes nie arbitrêre onteiening of onteiening sonder behoorlike vergoeding moontlik wees nie. Enige belastingstelsel moes regverdig wees.
6. Die werklikheid van verskeidenheid durf nie misken word nie. Diegene wat dus in bepaalde gemeenskappe wou woon, aanbid, werk of speel moes dit in die nuwe Suid-Afrika kon doen, maar sonder dat wette mense verplig om dit te doen. In besonder moes eiesoortige onderwys met gelyke staatsteun binne een stelsel bedryf kon word deur dié wat dit so wou doen.
7. Daar moes 'n onafhanklike regbank wees om reg te spreek tussen mens en mens en tussen burgers en die staat.
8. Die nuwe Suid-Afrika se veiligheidsmagte moes behoorlik bestuur en beman word. 'n Professionele en goedopgeleide weermag en polisie-mag wat nie onderhewig was aan politieke diensbaarheid nie, was die beste waarborg vir die handhawing van 'n veilige omgewing vir almal om in te woon en werk.¹⁴

Groot was die verbasing toe mev. Helen Suzman, voormalige Progressiewe Federale (Prog)-parlementslid wat vir 13 jaar 'n alleenstryd teen die NP gevoer het en 'n groot simpatiseerder met die ANC was, die NP

¹⁴ *Ibid.*, pp.1-2; Aucamp-versameling, verslag van 77ste Vrystaatse NP-kongres, September 1990; *Die Burger*, NP-bylae, 13 November 1990; Federale Inligtingsdiens, Die NP se agt belangrike vereistes vir 'n Nuwe Suid-Afrika.

krediet gegee het vir hulle nastrewing van 'n akte van menseregte, 'n onafhanklike regbank, algemene volwasse stemreg en 'n proporsionele kiesstelsel. Sy het in Augustus 1991 tydens haar presidensiële toespraak by die SA Instituut vir Rasseverhoudings tereg gesê dat die land 'n kultuur van demokrasie benodig, omdat 'n menseregte-akte niks werd is as dit nie deur die bevolking gerespekteer en afdwingbaar is nie. Sy het voorts wit en swart se interafhanklikheid beklemtoon in die woorde van die destydse Fagan-kommissie: "We need them and they need us."¹⁵

Nasionaliste het die Progressiewe Party altyd beskuldig dat hulle flink vir gelyke regte vir almal agiteer, terwyl hulle self knus agter hoë veiligheids-mure in rykmanswoonbuurte soos Houghton hulle apartheid geniet het met 'n houding van gelyke regte "but not in my own back yard". Verskeie mense het die party ook as paternalisties beskou, iets wat dalk die ANC se houding teenoor Suzman verklaar (Suzman is op 1 Januarie 2009 in die ouderdom van 91 jaar oorlede)¹⁶.

Duisende pamflette is in 1990 deur politieke partye landwyd versprei en in 'n spesiale bylae tot die grootste dagblaai is die Suid-Afrikaanse kiesers verseker dat hulle die reg het om te vra hoe die nuwe regverdige Suid-Afrika daar gaan uitsien. Kiesers is gevra om te help bou aan 'n nuwe regverdige Suid-Afrika deur die NP in woord en daad te steun, want is belowe: "Die NP - u waarborg vir 'n veilige, regverdige en voorspoedige Nuwe Suid-Afrika."¹⁷

¹⁵ *Sunday Times*, 25 Augustus 1991, p. 30.

¹⁶ Aucamp-versameling, onderhoud met Willem Odendaal, 1 Oktober 2010.

¹⁷ *Die Volksblad*, 5 September 1990, pp.1-2; Aucamp-versameling, verslag van 77ste Vrystaatse NP-kongres, September 1990; *Die Burger*, NP-bylae, 13 November 1990; Federale Inligtingsdiens, Die NP se agt belangrike vereistes vir 'n Nuwe Suid-Afrika, 1990 (In besit van outeur).

Ter wille van die konsolidasie van steun en om die momentum ten opsigte van hervorming te behou, het die NP-partyleierskap besluit om 'n federale kongres in Bloemfontein byeen te roep op Woensdag 4 September 1991, op 'n dag 'n presies 'n jaar nadat die "agt ononderhandelbares" in dieselfde stad en plek beslag gekry het. Sowat 1 200 afgevaardigdes het staande en met groot toejuiging 'n mosie goedgekeur waarin aanbeveel is dat die voorstelle vir magsdeling, deelnemende demokrasie en 'n regstaat in 'n nuwe Suid-Afrika aanvaar word as raamwerk vir grondwetlike onderhandelinge en dat die NP se leierskap voortgaan om die plan te verfyn. Die plan is ook later aan al vier die provinsiale kongresse vir bekragtiging voorgelê en aanvaar. Van die belangrikste standpunte wat deur pres. De Klerk tydens die kongres ingeneem is, was:

- die NP se plan is 'n eerlike en realistiese inisiatief en die enigste pad en volg nie op druk van enige aard nie;
- die plan is nie "skelm" apartheid nie, want apartheid is vir goed verby;
- die NP is ontslae van dit wat onverdedigbaar in sy beleid was en is nou gereed vir die toekoms;
- menslik gesproke sal die volgende twee jaar die koers vir die volgende 50 jaar bepaal;
- 'n deurbraak tot volwaardige onderhandeling is naby en die NP is gereed om onmiddellik te begin;
- die NP se Federale Raad het besluit om 'n "massiewe" werwingsveldtog oor die kleurgrens van stapel te stuur.¹⁸

Na die kongres het De Klerk met verwysing na die ANC se verwerping van die voorstelle gesê dat hy nie verwag het dat die ANC met sy siening van die wenner-neem-alles in 'n sentralistiese stelsel die planne sou aanvaar

¹⁸ *Die Burger*, 5 September 1991, pp. 1-2; *Die Volksblad*, 5 September 1991, pp. 1-11; *Rapport*, 25 Augustus 1991, pp. 1-2.

nie, maar tog glo dat dit moontlik is om deur onderhandeling mekaar te vind. Uiteraard het die KP by monde van sy onderleier, dr. Ferdi Hartzenberg, die voorstelle summier verwerp omdat hy voorsien het dat 'n stelsel van een mens-een stem geen beskerming vir minderhede bied nie en net een ding sou beteken naamlik swart oorheersing en wit onderdrukking.¹⁹

In 'n neutedop het die NP se voorstelle so gelyk:

- 'n Drievlak-regering met sentrale-, streeks- en plaaslike owerhede wat elk volwaardige wetgewende en uitvoerende gesag sou hê.
- Die sentrale regering sou bestaan uit 'n parlement met twee huise wat albei wetgewing moes goedkeur.
- Die eerste huis is proporsioneel op die basis van een mens - een stem verkies.
- 'n Tweede huis waarin partye verteenwoordig sou word en waarvan die verteenwoordigers uit die beoogde nege streke aangewys sou word.
- Die uitvoerende gesag - die presidensie - sou saamgestel word uit leiers van die belangrikste partye. Drie tot vyf persone is beoog waarvan die voorsitter jaarliks sal roteer.
- Die presidensie stel deur konsensus ministers aan wat 'n veelparty-kabinet vorm en verplig is om die beleid van die presidensie uit te voer.
- Die regerings vir nege streke wat ook proporsioneel verkies sou word, sou outonoom wees.
- Op plaaslike regeringsvlak is stadsrade en buurtrade voorgestel. Municipale wyke kon onderverdeel word in buurte op 'n nie-rassige grondslag om te besluit oor gemeenskaplike belange.

¹⁹ *Rapport*, 25 Augustus 1991, pp. 1-2.

In die voorwoord tot die dokument wat die Federale Raad aan die kongres voorgelê het, skryf die hoofleier dat die plan in breë trekke die denke oor 'n grondwet vir die land skets soos dit binne die geledere van die NP ontwikkel het. Hulle poog nie om 'n finale grondwet voor te lê nie omdat dit deur intensiewe onderhandeling tussen deelnemende partye uitgemaak moes word. Die NP streef na 'n grondwet wat van so 'n aard sou wees dat die nuwe Suid-Afrika 'n "regstaat" genoem sou kon word. Die grondwet sou die willekeur van die gesagshebbers om na goeddunke te handel, aan bande lê en die staatshuishouding sal dus binne paal en perk bestuur word. Dit is die eerste pilaar waarop NP-denke rus.²⁰

Die tweede pilaar is dat die NP 'n stelsel van "deelnemende demokrasie" voorstaan wat beteken dat politieke gesag nie geheel en al in die hande van een persoon, politieke party of groep gesetel mag word nie. Hiermee het die NP hom uitgespreek teen oorheersing van enige aard en hulle voorkeur aan 'n stelsel wat eerder groepe insluit as uitsluit, gegee.²¹

Tydens die kongres het dr. Gerrit Viljoen, minister van staatkundige ontwikkeling, gesê dat die NP sy denke oor die beskerming van minderheidsregte radikaal verander het. Die NP het van meet af aan aanvaar dat ras nie meer as grondslag kon dien vir die definiëring van groepe nie en dat daar die reg van vereniging moes wees. Sy standpunt was aanvanklik dat groepe in die grondwet gedefinieer moes word en op dié grondslag aan die regering moes deelneem. Die debat hieroor het egter getoon dat dié benadering te rigied was en ook die uitgangspunt van vrye assosiasie ontken het. Gevolglik is geoordeel dat groepe hulself moes kon definieer, maar ook dit nie 'n bevredigende resultaat sou lewer nie. Uiteindelik het die party besluit dat minderheidsgroepe hulle ideale deur politieke partye

²⁰ NP Federale Inligtingsdiens, grondwetlike regering in 'n deelnemende demokrasie. Die NP se raamwerk vir 'n nuwe demokratiese Suid-Afrika, 4 September 1991.

²¹ *Ibid.*

kon artikuleer en dat hulle regte deur politieke partye beskerm moes word. 'n Handves van Fundamentele Regte sou ook die burger teen onregmatige optrede van die owerheid vrywaar. Die doeltreffende beskerming van die individu sou ook belangrike beskerming bied vir die belange van groepe sowel as gemeenskappe.²²

Hierdie radikale verandering in NP-denke oor die beskerming van minderheidsregte was in 'n sekere opsig die achilleshiel wat die party spoedig sou inhaal. Toe ras nog gebruik is om groepe te definieer, was dit maklik om die selfbeskikkingsreg van blankes te bevorder en om te argumenteer dat elke etniese groep se belange as groep hanteer moes word. Voor die oopstelling van die NP se lidmaatskap was die party se ondersteuners, hoewel kultureel en godsdienstig divers, almal blank en kon blankes se belange vreesloos en openlik op vergaderings en in die openbaar bevorder word. Namate gekleurdes by die NP aangesluit het, het die party outomaties die draer van die belange ook van kleurlinge en Indiërs geword - vandaar die meerderheidstem wat die NP vanuit daardie groepe na die 1994-verkieping gekry het. Namate die NP besef het dat binne 'n wenner-vat-alles model dit nie baat om vir ewig opposisie te bly nie en dat dit inderdaad gaan om mag, moes hy homself daarop toespits om swart steun te kry om die ANC te opponeer. Hoe meer die party later na die swart steun uitgereik het, hoe meer wit ondersteuners het hy verloor. Die NP is beskuldig dat hy "alles-vir-almal" wil wees en dat dit nie werk nie. Meer nog: diegene wat gehoop het dat die NP meer swart steun sou kry as die wit steun wat hy verloor het, is wreed ontnugter.

Dit is interessant dat die NP se plan om die land in nege streke te verdeel, gegrond op die ontwikkelingsgebiede vir streekontwikkeling, uiteindelik met geringe wysigings aanvaar is en tot hede as provinsiale owerheids-

²² *Die Volksblad*, 5 September 1991, p. 11.

gebiede geld. Dit het gebeur nie teenstaande die feit dat die ANC dit aanvanklik verwerp het as synde "'n voortsetting van die proses van fragmentasie wat sedert 1948 'n kenmerk van NP beleid was".²³

'n Party wat sy sout werd is, se lewenskrag word aan sy ledetal getoets – nie by wyse van 'n kunsmatige papieroefening nie – maar deur fisies-ingeskrewe en opbetaalde lede. Deur die jare was die NP bekend vir sy kerngesonde organisasie. So het die Vrystaatse NP, ter illustrasie, in 'n stadium met 'n ledetal van 91 734 gespog. Daardie ledetal het met jare, vir meer as een rede, drasties begin daal. Een van die redes daarvoor was dat vrywillige werkers wat ledegeld moes in, al skaarser geword het. In dieselfde provinsie was die ledetal vir die 1991/1992-jaar 24 073 wat in die volgende jaar, na die oopstelling van lidmaatskap, na 20 343 gedaal het ten spyte van die feit dat 1 558 bruin mense en 98 swartes hulle as NP-lede ingeskryf het. Hierdie tendens het ook in die res van Suid-Afrika onverpoosd voortgeduur.²⁴

Tussenverkiesings is wêreldwyd een van die betroubaarste barometers vir 'n party se steun tussen algemene verkiesings en Suid-Afrika was in die opsig nie 'n uitsondering nie. Wat egter 'n groot teenstrydigheid in die land se politieke geskiedenis is, was die feit dat tussenverkiesings die NP se verlies aan steun in so 'n mate gereflekteer het dat die party se geloofwaardigheid sodanig daaronder gely het dat 'n blanke referendum in 1992 uitgeroep is, wat die NP weer teen alle verwagting in met 'n tweederde-meerderheid gewen het. Dit was nie altyd duidelik of NP- of KP-ondersteuners die meeste verras was daardeur nie. Die referendum was, teen die verwagting in, die skoot wat die KP so verwond het, dat hy later as gevolg daarvan, binne bestek van twee jaar, geen faktor meer in die Suid-

²³ Aucamp-versameling, die voorstelle van die regering van die RSA oor grense vir streke om streeksregering in Suid-Afrika te vestig, Julie 1993.

²⁴ *Ibid.*, opsomming van NP-ledelyste, 1991/92, 1992/93.

Afrikaanse politiek was nie. Ongelukkig leen die navorsing hom nie tot verdere verwysing na die KP se politieke dilemma nie, behalwe om te sê dat KP-LP's soos Koos van der Merwe, se afvalligheid en latere bedanking uit die party vir hulle die skrif aan die muur was. Die vakuum wat die KP gelaat het, is egter onmiddellik gevul deur die politieke betrokkenheid van genl. Constand Viljoen en die vinnige stigting van die Vryheidsfront (VF). In retrospeksie blyk dit dat die skeuring in die NP tog veroorsaak het dat minderheidsgroepe slegter daaraan toe was as wat die geval sou wees as alle Afrikaners eendragtig as een party met die ANC onderhandel het. Die vraag kan egter tereg gevra word of die Afrikaners dan, gegewe die grondliggende verskille, enigsins hoop op 'n meer bevredigende onderhandelde skikking in hulle belang sou gehad het.

Koos van der Merwe was die hoofpropagandis van die KP en is deur sy partyleier, dr. Treurnicht, gevra om 'n konsepstrategie vir hulle party te ontwerp. Die resultaat was 'n dokument wat in Oktober 1990 die lig gesien het, wat 45 bladsye beslaan het en die regses behoorlik soos 'n donderslag getref het. Van der Merwe het tot die gevolgtrekking gekom dat die land sodanige fundamentele veranderinge ondergaan het dat die KP verplig was om 'n deeglike evaluasie daarvan te maak en nuwe strategieë moes ontwerp. Die belangrikste verandering, aldus die verslag, "is die permanente teenwoordigheid in blank Suid-Afrika van miljoene swartes wat op burgerregte aanspraak maak, ekonomiese eise stel en maatskaplike druk op die blankes se gemeenskapslewe plaas". Hierdie was 'n insiggewende erkenning deur die KP en het herinner aan dieselfde realiteit waarmee die NP enkele jare tevore, in 1986, gekonfronteer is. Van der Merwe beweer voorts tereg dat dit nie 'n haalbare proposisie is

om politieke regte te weerhou van mense in die land waarin hulle permanent woon nie.²⁵

Van der Merwe gaan voort om te sê dat die NP die 1987- en 1989-verkiesings gewen het met 'n mandaat van een onverdeelde Suid-Afrika waarin almal wat daarbinne woon, volwaardige burgerskap en gelyke stemreg geniet en dat die KP met daardie werklikheid moes rekening hou.²⁶ Gedurende 'n tyd dat die KP botweg geweier het om enigsins te onderhandel, het Van der Merwe inderdaad 'n opsie voorgestel wat die KP se model vir onderhandeling behoort te wees.

In skille kontras hiermee het dr. Zack de Beer, leier van die DP in 1990, geoordeel dat die NP “quite shamelessly have done all sorts of things for which they have no mandate at all”. Die vraag of die NP inderdaad 'n mandaat gehad het, al dan nie, sal nooit tot almal se bevrediging beantwoord word nie. Dr. Gerrit Viljoen het byvoorbeeld op 27 Januarie 1992 (voor die afkondiging van die referendum) in die parlement gesê dat die 1989-verkiesing reeds 'n mandaat aan die regering gegee het om “in beginsel” te kon begin onderhandel. Die beoogde referendum (wat De Klerk belowe het) “would clearly be about the acceptability of an already negotiated and agreed draft constitutional amendment”. Hy sê verder dat die kiesers in 'n referendum sal moet “ja” of “nee” stem met betrekking tot die aanvaarding van so 'n gepubliseerde en in die openbaar gedebatteerde konsepwysiging van die grondwet. Hy noem weereens vyf dringende redes vir sodanige referendum. Hy sê o.m. dat die nuwe grondwet verreikende veranderinge impliseer, soos die beëindiging van blanke minderheidsoorheersing en dat dit derhalwe verstandig is “om

²⁵ *Ibid.*, die Konserwatiewe Party van Suid-Afrika. Strategie vir 'n veranderde situasie, Oktober 1990.

²⁶ *Ibid.*

duidelike bewys te verkry van die meerderheidstem aan die kant van diegene wat tans oor die politieke mag beskik".²⁷

Die duiwel was inderdaad binne die KP los en behalwe vir diegene wat met Van der Merwe se sienswyses geassosieer het, was die KP-leierskap fel in hulle oordeel en het hom 'n verleentheid genoem. Geen wonder dat Van der Merwe en 'n paar van sy kollegas later die KP verlaat en nie aan verdere onderhandelinge deelgeneem het nie.²⁸

Die spanning binne die KP oor hulle onwilligheid om deel te hê aan onderhandeling het in die vroeë negentigerjare so opgebou dat verskeie van hulle prominente leiers die party die rug toegekeer het. Onder hulle was die uitgesproke Vrystaatse leier, adv. Cehill Pienaar, asook die bekwame Vrystaatse hoofsekretaris, Gustav Claassens. Claassens skryf in sy bedankingsbrief onder meer dat die dae van eensydige politieke oplossings vir Suid-Afrika vir goed verby is. Geen party, sê hy, wat nie ander se standpunte en beleidsrigtings wou akkommodeer nie, het hoop om orde, stabiliteit, vrede, veiligheid en voorspoed te waarborg nie. Hy noem verder 'n reeks realiteite soos dat legitieme onderhandeling noodsaaklik is en idealiseer 'n drasties verkleinde vaderland vir die Afrikaner wat deur middel van streekregering evolusionêr tot stand kon kom. Binne so 'n staat sou statutêre diskriminasie iets van die verlede wees en voorsien hy 'n regstaat met deelnemende demokrasie (konsepte waarvoor die NP hom ook beywer het, hoewel in 'n onverdeelde land).²⁹

²⁷ *Ibid.*; *The Citizen*, 8 Oktober 1990, p. 6; 28 Januarie 1992, p. 8; *Hansard*, 27 Januarie 1992, kol. 98-100.

²⁸ *Rapport*, 22 Desember 1991; 1 Desember 1991; *Die Transvaler*, Maart 1991; *Die Volksblad*, 3 Desember 1991; KP-mediaverklaring (32/93) deur adv. Tom Langley, 25 Februarie 1993; KP-mediaverklaring deur dr. AP Treurnicht, 11 Januarie 1993 en 17 Desember 1991; *Patriot*, 11 Oktober 1991, p. 1; 6 Desember 1991, p. 1; 10 Augustus 1990, p. 1; SAUK TV-onderhoud met dr. AP Treurnicht op Agenda, 30 Oktober 1991.

²⁹ Aucamp-versameling, bedankingsbrief RG (Gustav) Claassen, 24 Augustus 1992.

Claassen noem hierbenewens in sy brief dat, aangesien sy standpunte nie binne die KP geakkommodeer kon word nie, hy kennis gee dat hy met ingang 24 Augustus 1992 as sekretaris bedank en sy kantoor voor of op 24 September sou ontruim.³⁰

Voor die 1992-referendum waar, soos genoem, die NP 'n onverwagse tipe "turbo"-aanjadruk in kiesersteun ervaar het, het dié party se steun getaan. Die party wat die meeste uit verlore NP-steun gekapitaliseer het, was die KP wat in sy beginjare een van die snelgroeiendste partye in Suid-Afrika se blanke politieke geskiedenis was. Die KP se grootste deurbraak was waarskynlik in 1988 met hul groot oorwinning in die Standerton-tussen-verkiesing. Op dieselfde dag het dr. Pieter Mulder, latere VF+-leier, in Schweizer-Reneke skoonskip gemaak en die Transvaalse platteland sou nooit weer dieselfde wees nie. Op 2 Maart 1988 het die KP in Standerton hulle meerderheid van 952 in die 1987-verkiesing verhoog na 2 854 en in Schweizer-Reneke van 191 tot 794.³¹

Hierdie oorwinnings is kort daarna opgevolg met nog 'n groot KP-sege toe die ander Mulder-broer, Corné, Randfontein met 'n meerderheid van 3 711 gewen het teenoor die NP se sterk kandidaat, Boy Geldenhuys, wat in 1987 met 1 732 teen die KP se dr. Connie Mulder (Pieter en Corné se pa en eertydse NP-minister wat tydens die Inligtingskandaal bedank het) verloor het. Met die plaaslike regeringsverkiesings in Oktober 1988 is verdere momentum opgebou toe die KP beheer van die Transvaalse Munisipale Vereniging (TMV) oorgeneem het.³²

³⁰ *Ibid.*

³¹ Gerdus Kruger, *Denksprong vir die regse beweging*, pp. 32-41; *The Star*, 5 Maart 1988, p. 2; 2 April 1988, p. 10.

³² Kruger, pp. 32-41; *Sunday Times*, 3 April 1988, p. 18.

Hoewel nie so dramaties nie, het die KP ook tydens die 1989-verkieping 'n groeiende kurwe ten koste van die NP getoon. Die deur-die-regse-genoemde "Rooi Vrydag-toespraak" van FW de Klerk op 2 Februarie 1990 het gelei tot 'n groot regse volksaamtrek op 26 Mei 1990 by die Voortrekkermonument waar tienduisende blankes byeen was om te luister na die boodskap van dr. Andries Treurnicht onder 'n reusebanier "Die Derde Vryheidstryd Het Begin". Enkele dae tevore het die KP wesenlike groei getoon in 'n Engelssprekende Natalse kiesafdeling toe die NP se Piet Matthee se meerderheid op 6 Mei tot 547 gekrimp het nadat Con Botha in die 1989-verkieping met 2 835 stemme gewen het. (Interessant is dat die DP se stemme van 3 314 in 1989 tot 982 gedaal het.) Op 7 November het Leonie Steel in Randburg die KP se 1989-stemaandeel van 4,7% tot 15,6% teen Marthinus van Schalkwyk, latere NP-leier, opgeskuif.³³

Hierdie tussenverkiesings en die tendens van die NP se kwynende steun is die volgende jaar voortgesit toe die KP op 7 Maart 1991 in Maitland sy 7,8%-steun van 1 987 tot 34,4% opgeskuif het wat 'n swaai van 27% verteenwoordig het. Met die Ladybrand-tussenverkiesing op 22 Mei het die KP sy 1989-meerderheid van 70 na 1 258 stemme opgeskuif.³⁴ Hierdie uitslae was beslis vir die NP op die tydstip rede tot groot kommer.

In sy reaksie op die uitslag van die Ladybrand-tussenverkiesing het De Klerk gesê dat dit geen verskil aan die politieke werklikhede van Suid-Afrika maak nie en dat dit tyd sou neem voordat daar onder die blanke kiesers 'n swaai ten gunste van die NP kom. Hy glo verder dat die uitslag

³³ Kruger, pp. 32-41.

³⁴ *Ibid.*

bewys dat die KP-aansprake dat hulle landwyd 'n meerderheid van die blankes se steun het, van alle waarheid ontbloot is.³⁵

Donald Simpson en Japie Spoelstra van die destydse Potchefstroomse Universiteit en prof. Lawrence Schlemmer van die RGN het op 23 Mei 1991 'n redelik negatiewe analise vanuit 'n NP-oogpunt op die SATV-program, GMSA, gegee. Hulle voorspelling dat in 'n algemene verkiesing die NP 96, die KP 60 en die DP 10 setels behoort te wen, was darem 'n beter scenario as ná die Maitland-tussenverkiesing toe hulle voorspelling 81 vir die NP, 75 vir die KP en 10 vir die DP was. Nietemin was die voorspelling ná Ladybrand vir 'n referendum gunstiger met 61,2% pro-regering teenoor 38% anti-regering.³⁶

Die einde was egter steeds nie in sig nie en die ergste sou nog kom. Die Vrystaatse NP-voorsitter en onderwysminister, Piet Clase, het onverwags bedank. Sy kollegas het hom erg verkwalik, want tussenverkiesings was duur en uitmergelend en 'n lojale partyman bedank nie sonder goeie rede nie. In sodanige omstandighede sterf hy normaalweg eerder in die tuig. Die rede vir Clase se bedanking was nie algemeen bekend nie. Sy verhouding met die Vrystaatse leier, Kobie Coetzee, was baie stram hoewel dit onwaarskynlik as rede sou geld. Dalk het hy net 'n versadigingspunt bereik. Op 28 November 1991 het die uitslag van hierdie tussenverkiesing (Virginia) die land soos 'n donderslag getref. Die KP het nie net 'n NP-setel verower nie, maar dit gedoen met 'n meerderheid van 3 166. Die NP-meerderheid van 1989 was weliswaar 'n skrale 47 stemme, maar dit was steeds 'n gevoelige slag. Die laaste van hierdie reeks dramatiese tussenverkiesings voor die NP weer steun kon konsolideer, was op 19 Februarie 1992 in Potchefstroom na die dood van die NP-speaker Louis le

³⁵ Aucamp-versameling, kommentaar van FW de Klerk, 23 Mei 1991.

³⁶ *Ibid.*, Ladybrand By-Election, Analysis for GMSA.

Grange. Andries Beyers (wat na 1994 'n goeie NP-parlementslid geword het) het die NP-meerderheid van 1 583 in 1989 in 'n KP-meerderheid van 2 140 stemme omskep. Geen wonder dus dat die oggendblad *Beeld* op 29 November se hoofopskrif "Krisis vir die NP" was nie. Kenners was selfs van mening dat die KP die regering vorentoe in 'n verkiesing sou verslaan. Politieke kommentators het die uitslag as 'n "nee" vir die NP se hervormingsinisiatiewe beskou en die KP het om verstaanbare redes op 'n onmiddellike algemene verkiesing aangedring.³⁷

Die Potchefstroom-uitslag is ook in die sogenaamde swart-georiënteerde pers met belangstelling dopgehou, omdat sommige meningsopnames getoon het dat De Klerk besig was om populariteit in die swart gemeenskap in te boet en dat 'n nederlaag in Potchefstroom sy kredietwaardigheid verder sou knou. Die *Sowetan* het dit 'n maak-of-breek-verkiesing genoem en die uitslag as 'n ramp vir die onderhandelingsproses beskryf, asook 'n bewys daarvan dat wit kiesers nie gereed vir verandering was nie.³⁸

'n Interessante kwalitatiewe navorsingsoefening deur die advertensiegroep McCann in Mei 1990 onder 18- tot 50-jarige bo- en middelinkomste swart inwoners in Transvaalse stedelike gebiede het aan die lig gebring dat die NP nie noemenswaardige steun uit daardie oord kon verwag nie. De Klerk is bestempel as 'n man wat nie bang is om risiko's te neem nie en enorme krediet verdien. Daarteenoor het die meerderheid respondente van die Rubicon 2-projek geglo dat die NP nie te vertrou is nie, dubbele standaarde het en dat De Klerk die veranderinge sonder party-onder-

³⁷ I Aucamp en J Swanepoel, *Einde van 'n groot party - 'n Vrystaatse perspektief op die (N)NP*, pp.187-211; *The Citizen* (hoofartikel), 15 Februarie 1992, p. 6; *The Star*, 19 Februarie 1992, p. 1.

³⁸ *Sowetan*, 17 Februarie 1992, p. 6

steuning deurgevoer het.³⁹ Die globale prentjie het inderdaad op die tydstip vir die NP-regering swarter begin word.

4. DIE REFERENDUM-UITSLAG VERRAS

Die NP se weeklikse kookusvergadering het op Donderdag 20 Februarie 1992, die dag na die Potchefstroom-tussenverkiesing, soos gebruiklik byeengekom en die lede was swarmoedig. Almal het besef dat die NP met 'n inisiatief na vore sou moes kom om sy aansien en legitimiteit te herstel. FW de Klerk en die vier provinsiale leiers het byna tien minute laat by die vergadering opgedaag en almal het besef dat dit nie sonder rede was nie.⁴⁰

Dit het toe geblyk dat die dagbestuur van die Federale Raad voor die kookus byeen was, waartydens De Klerk hulle meegedeel het dat hy van oordeel is dat 'n referendum moes plaasvind na die skokuitslag van Potchefstroom. Sy standpunt was dat die NP 'n mandaat van die wit kiesers moes hê om te onderhandel en dat dié mandaat ná die tussenverkiesing geensins meer 'n gegewe was nie. Wit kiesers moes hulle hieroor uitspreek.⁴¹

Die saak is uiteraard met groot erns bespreek, want dit het ook 'n morele dimensie gehad. Indien die NP die referendum sou verloor, sou De Klerk onmiddellik 'n algemene verkiesing, ten minste vir die Volksraad, moes uit-skrif. Dat die kiesers getoets moes word, was 'n gegewe, die vraag was egter hoe? Moes dit 'n referendum wees of was 'n verkiesing die aange-wese weg? Na 'n lang beraadslaging was die kookus van mening dat dit 'n referendum moes wees. Diegene wat op 'n KP-oorwinning in 'n verkiesing

³⁹ *The Star*, 18 Augustus 1990, p. 6.

⁴⁰ Aucamp en Swanepoel, pp.178-180.

⁴¹ *Ibid.*

gehoop het, is binne ure na die Potchefstroom-euforie wreed ontnugter toe 'n referendum vir 17 Maart 1992 afgekondig is. Wit kiesers moes "ja" of "nee" op die volgende vraag op die stembrief antwoord: "Ondersteun u die voortsetting van die hervormingsproses wat die staatspresident op 2 Februarie 1990 begin het en wat gerig is op 'n grondwet deur onderhandelinge?" Soos vroeër in die navorsing in meer besonderhede gekonstateer is, het 68,7% van die kiesers "ja" gestem, wat allerweë vertolk is as dat dit aan die NP 'n duidelike mandaat gegee het om met die onderhandelinge voort te gaan.⁴²

Die rede vir so 'n stewige "ja"-stem was waarskynlik dat kiesers met 'n eenvoudige "ja" of "nee" op die stembrief moes antwoord. Daar was dus nie alternatiewe nie. Verder het die KP en diegene wat hulle vir die "nee"-stem beywer het, geen werklike alternatief vir die NP-propaganda gehad nie. Dit verklaar ook waarom hulle so skrikkerig was om aan die referendum deel te neem. Kiesers was dus oortuig dat dit 'n lotsbepalende keuse is wat hulle moes uitoeven en dat hulle op die NP, wat hulle nie in die steek sou laat nie, kon vertrou.

Die uitslag was 'n groot oorwinning vir die NP nadat politieke werkers bloed gesweet het in die veldtog. Werkers was min en het gekla dat hulle tydens die werwingsveldtog nie die kiesers se vrese oor die grondwetlike onderhandelinge en moontlike swart oorheersing, heeltemal kon besweer nie. Selfs sogenaamde "ou hande" in die party-organisasie het nie vooraf geweet wat die uiteinde van die referendum sou wees nie. Anders as met algemene verkiesings, is daar nie van kieserslyste af gestem nie. Partye kon dus nie vooraf 'n betroubare opname maak nie en op referendumdag was daar ook nie tafels by stembusse waar kiesernommers uitgedeel is nie.

⁴² *Ibid.*; Kruger, p. 41; *The Citizen*, 20 Maart 1992, p. 4.

Die oorwinning in die referendum was vir die NP 'n groot verligting. Die gety teen die party is gestuit, hoewel net tydelik, omdat dit na die 1994-verkieping en die koms van die nuwe bedeling opnuut momentum sou kry. Die rede was dat die nuwe grondwetlike bedeling nie vir wit kiesers die waarborge ingehou het waarop hulle gehoop het nie.

Die referendum het egter nie net die NP tydelik op die wenpad geplaas nie, maar die KP die finale onverwagse uitklophou toegedien. Aanvanklik was daar meningsverskil binne die KP of hulle aan die referendum moes deelneem al dan nie; tewens in 'n stadium was 'n perskonferensie al vir 26 Februarie belê waarop die aankondiging van nie-deelname gedoen sou word. 'n Oorhaastige kookusvergadering is egter gereël waar op deelname besluit is. Emosies het hoog geloop, veral toe Koos van der Merwe die kookus verlaat het uit protes teen dr. Treurnicht se gebruik van 'n gebed onder daardie omstandighede. Van der Merwe se boodskap was duidelik - ongeag die uitslag van die kookusstemming - hy volhard om aan die referendum deel te neem. Uiteindelik was die stemming gelykop met 13 stemme elk. Treurnicht het die beslissende stem uitgebring - ten gunste van deelname.⁴³

Treurnicht se beslissende stem het hom die woede en gramskap van baie van sy kookuslede op die hals gehaal en later in Bloemfontein het hy gesê dat as hulle oor die referendum praat "dan voel ek soos Petrus wanneer hulle oor 'n hoenderhaan gesels". Die "verwarring en beroering" binne die KP, soos Koos van der Merwe dit op 14 Maart 1992 in *Beeld* beskryf het, is ook geïllustreer in 'n rampspoedige TV-onderhoud met Treurnicht waar hy volgens sy eie waarnemers "soos 'n skaap na die slagpale oop oë in die lokval ingeloopt en nie eens probeer het om die propagandistiese aard

⁴³ Kruger, pp. 42-44.

van die onderhoud uit te wys nie". Die referendum-uitslag het die KP tot in sy fundamente geskud en vir etlike dae het daar letterlik byna niks in die party gebeur nie. "Geen Dagbestuursvergaderings, geen terugskouing nie, niks."⁴⁴

Dis maklik om agterna sekere gevolgtrekkings te maak, maar die vraag kan gevra word of die ja-stem nie in die minderheid sou wees as die wit kiesers in 1992 geweet het wat die uiteinde van die onderhandelinge sou wees nie. Dit sou waarskynlik 'n algemene verkiesing en KP-bewindsoorname tot gevolg gehad het, waarvan die uiteinde nie voorsien kan word nie. Groter polarisasie, meer weerstand, erger buitelandse isolasie en uiteindelik 'n bloedige revolusie was die een scenario. 'n Ander scenario, al klink dit vergesog, sou 'n uiteindelijke skikking tussen die regses en die ANC wees, waarin wittes 'n drasties verkleinde vaderland binne 'n groter federale opset sou kry waarin minderheidsregte meer tot hulle reg sou kom. Wie weet?

Ter illustrasie van hoe sommige kiesers die NP van troubreuk beskuldig het, kan 'n brief van ene JG Blignaut van Hertzogville in *Die Volksblad* aangehaal word. Daarin verwys hy na dit wat die navorser (Inus Aucamp) in 'n verkiesingskoerant geskryf het toe hy die NP-kandidaat vir die Fauresmith-kiesafdeling⁴⁵ in die 1989- algemene verkiesing was. Hy het onder meer "alle ewewigtige, nugterdenkende, realistiese idealiste" gevra om Nasionaal te stem en om daardeur te bevestig dat "die diversiteit van

⁴⁴ *Ibid.*

⁴⁵ Kiesafdelings in die ou bedeling is met tussenposes van minstens vyf jaar en hoogstens tien jaar deur 'n kommissie ingevolge artikels 48 tot 51 van die grondwet afgebaken. 'n Provinsie se kiesafdelings se kwotas is verkry deur die getal kiesers van die huis in die provinsie volgens die jongste kieserslyste, te deel deur die getal lede van die huis wat ingevolge die grondwet in die provinsie verkies moes word. As oorweging aan faktore soos natuurlike kenmerke, bestaande grense, gemeenskaplikheid van belange en verkeersmiddele in ag geneem is, kon die kwota met 15% op- of afwaarts aangepas word. Kiesafdelings met 'n oppervlakte van 25 000 vk kilometer of meer, was sogenaamde oppervlakte kiesafdelings en hulle getal kiesers mag verminder geword het tot 70% van die kwota. Fauresmith was so 'n kiesafdeling en verklaar die klein kiesertal.

ons land se inwoners erken word en dat selfbeskikking van die blankes en ander bevolkingsgroepe oor hulle eie sake verder uitgebou moet word wat onder meer insluit, eie skole, eie woonbuurte, eie gemeenskapslewe en eie politieke strukture vir eie sake". Blignaut vra of Aucamp die steun van 4 521 kiesers sou gekry het as hy gesê het dat eie-sake-departemente afgeskaf gaan word en 'n een-mens-een-stem-verkiesing gehou gaan word.⁴⁶

Op 10 Julie 1993 antwoord die navorser volledig op die brief deur daarop te wys dat De Klerk op 2 Februarie 1990 die NP finaal op 'n ander koers geplaas het met as doelwit om met die uitskakeling van rassediskriminasie volwaardige regte en geleenthede aan alle Suid-Afrikaners op alle lewensterreine te gee. Die tweede baken op die hervormingspad was die NP se federale kongres in 1991 in Bloemfontein waar die NP se staatkundige raamwerk vir 'n nuwe demokratiese Suid-Afrika bespreek en later deur die vier provinsiale kongresse aanvaar is. Na toenemende kritiek dat die NP nie 'n mandaat het nie en die uitslae van die Virginia- en Potchefstroom-tussenverkiesings, is besluit om op 17 Maart 1992 'n referendum te hou waar die blanke kiesers hulle moes uitspreek of die hervormingsproses soos dit sedert 2 Februarie 1990 ontwikkel het, voortgesit moes word. Die ANC was toe nie meer 'n verbode organisasie nie, en 'n toekomstige een-mens-een-stem-verkiesing was reeds deel van die NP-agenda en is daar reeds bekendgemaak dat eie-sake departemente afgeskaf sou word. Ten spyte hiervan het 68,7% "ja" gestem.⁴⁷

Selfs die KP-mondstuk, die *Patriot*, het toegegee dat die staatspresident 'n oortuigende mandaat ontvang het vir sy hervormingsbeleid. Die navorser wys die lesers verder daarop hoe die KP van beleid verander het. So het

⁴⁶ *Die Volksblad*, 24 Junie 1993, briewekolom; Aucamp-versameling, NP-verkiesingskoerant, 1989.

⁴⁷ *Die Volksblad*, 10 Julie 1993, briewekolom.

hulle byvoorbeeld in 1989 gesê dat die hele Suid-Afrika, uitgesonderd die TBVC-state en selfregerende state, "witmansland" is, in dr. Ferdie Hartzenberg se woorde "van die Kaap tot in Messina". Gedurende die referendum het sommige KP-leiers van 'n drasties verkleinde "wit" Suid-Afrika gepraat. Daarna het die leierskap sy steun toegesê aan die Afrikaner-Volksfront (AVF) se voorgestelde volkstaat wat dele van die Vrystaat en Transvaal insluit en min of meer 16,5% van die land se oppervlakte beslaan. As die grens suidwaarts sou strek tot by Bloemfontein, is groot dele van die Fauresmith-kiesafdeling nie eens 'n volkstaat nie. Die vraag is of die KP nie sy eie kiesers misken het nie?⁴⁸

Die laaste saak waaroor die KP sy beleid verander het, het gegaan oor die vraag of hulle gaan onderhandel of nie. "NP/ANC-onderhandelings: KP neem nie deel nie" was die hoofopskrif van *Patriot* op 10 Augustus 1990. "In die KP kookus is daar geen voorstanders van samesprekings met die ANC, die PAC en die SAKP nie", word in dieselfde koerant 'n jaar later op 8 Desember 1991 gesê. Ten spyte hiervan het die KP tog uiteindelik besluit om deel van die proses te word. Die navorser het geskryf dat die KP en sy ondersteuners die laaste was wat die NP van troubleuk kon beskuldig, en hy vervolg: "'n party wat sy beleid nie kan verander en bybly met die eise van die tyd nie, het geen hoop op sukses nie".⁴⁹

Na die referendum was die tafel vir ernstige onderhandeling gedek. Die meeste hindernisse en apartheidspilare het geval en 'n nuwe Suid-Afrika was op die horison. Dit is belangrik om te verwys na die sogenaamde agt ononderhandelbare vereistes vir 'n nuwe Suid-Afrika, wat vroeër genoem is en wat onder meer die deurslag in die referendum gegee het.

⁴⁸
*Ibid.*⁴⁹*Ibid.*; *Patriot*, 10 Augustus 1990, p. 1; 8 Desember 1991, p. 1.

Soos die onderhandelinge gevorder het, was daar 'n toenemende getal NP-koukuslede wat bekommerd was dat van hierdie vereistes in die proses afgewater sou word of verlore sou gaan. So byvoorbeeld is die hele kwessie van "deelnemende demokrasie", soos deur die NP voorgestaan, op 'n staatkundige ontwikkeling-studiegroepvergadering bespreek. NP-parlementslede het bewus geword daarvan dat De Klerk tydens koukusvergaderings bepaalde versekerings gee wat dan op studiegroepvergaderings deur Roelf Meyer en ander soos Chris Fismer, latere adjunkminister in die kantoor van die staatspresident, anders genuanseer is. Toe dit byvoorbeeld later geblyk het dat die ANC bereid is om net vir die vyf jaar van die oorgangsgrondwet met 'n sogenaamde "sunset clause" vir deelnemende regering/veelparty demokrasie voorsiening te maak, was daar oproer binne die NP. Tydens so 'n studiegroepvergadering het Fismer met groot stelligheid geïmpliseer dat enigiemand wat gedink het dat magsdeling of 'n regering van nasionale eenheid langer as vyf jaar kon duur, sy kop moes laat lees. Bekommerde LP's het gedink "toemaar gelukkig is FW de Klerk 'n ander mening toegedaan". De Klerk was bewus van die onsekerheid onder parlementslede.⁵⁰

In die loop van 1993 het sommige NP-LP's die gedagte gekry dat daar van die ononderhandelbare afgewyk word en toenemend onder mekaar begin kla. Aucamp self was baie bekommerd en het 'n afspraak met FW de Klerk in Tuynhuys gemaak waar hy hom oor sy vrese ingelig het. De Klerk het simpatiek geluister en voorgestel dat Aucamp 'n mosie na die koukus moes bring sodat die saak daar deeglik bespreek kon word en kollegas se vrese besweer kon word. Hy het die mosie geformuleer, dit hoflikheidshalwe eers met De Klerk uitgeklaar, dr. Frik van Heerden gekry om dit te sekondeer en dit tydens 'n koukusvergadering gestel en ingelei.

⁵⁰ Persoonlike herinnering van outeur.

Die mosie het gelui: "Die kookus bespreek die NP se beginsel-uitgangspunte vir 'n nuwe grondwet vir Suid-Afrika en die haalbaarheid om aan die fundamentele voorwaardes wat gestel is vir 'n oorgangs- en/of finale grondwet, te voldoen."⁵¹

Die navorser het beklemtoon dat die mosie seker een van die belangrikste mosies is wat ooit in daardie kookuskamer bespreek is. Hy het gesê vir hom gaan dit of die bestaande uitgangspunte en fundamentele voorwaardes haalbaar is. Die vraag is verder of die onderhandelinge sedert die federale kongres in 1991 en die referendum in 1992 die situasie sodanig verander het dat daar afgewyk is van die beginsels, en het die kookus voorsien dat daar vorentoe afgewyk moes word? Indien wel, in hoe 'n mate? Dit het die kern van die gesprek gevorm.⁵²

Die navorser het verwys na die NP se grondwetlike voorstelle van 1991 wat nie 'n grondwet op sigself was nie, maar die party se denke oor 'n nuwe grondwet vergestalt het en die beginsels onderliggend aan die denke saamgevat en geïllustreer het hoe daardie beginsels in 'n grondwet tot uitdrukking kon kom. Die NP het gestreef na 'n grondwet wat van so 'n aard sou wees dat die nuwe Suid-Afrika 'n regstaat genoem kon word. Die tweede pilaar was dat die NP 'n stelsel van deelnemende demokrasie voorgestaan het sodat die politieke gesag nie totaal in die hande van een persoon, politieke party of groep gesetel sou word nie. Oorheersing van enige aard was dus onaanvaarbaar. In die loop van die onderhandelingsproses het 'n tussentydse grondwet ter sprake gekom en die argument was dat dieselfde beginsels en voorwaardes vir alle grondwette geld. Die 1991-grondwetlike uitgangspunte is met die referendumuitslag van 17 Maart 1992 verder verseël. Daarna het FW de Klerk op 29 Januarie 1993

⁵¹ Aucamp-versameling, toespraak-notas vir die kookusmosie.

⁵² *Ibid.*

in die parlement nog bevestig: "Die regering het 'n duidelike mandaat vir die grondwetlike model wat hy nastreef. Ek wil die versekering gee dat ons die beginsels waarop daardie mandaat gegrond is, met krag en oortuiging bevorder in elke onderhandelingsgesprek waarby ons betrokke is. En ons maak goeie vordering. Daar is nie van 'n enkele beginsel afstand gedoen nie. Magsdeling, sterk streekregering, wigte en teenwigte om magsmisbruik te voorkom, sinvolle akkommodering van ons land se taal- en kultuurverskeidenheid, die versekering van ekonomiese sekuriteit vir eienaars en beleggers, beskerming van werksekuriteit vir amptenare en onderwysers en al die ander beginsels waarvoor ons 'n mandaat het, is reeds besig om sigbaar te word in die breë konsensus wat stadig maar seker gestalte begin aanneem."⁵³

Die vraag was of die NP by daardie ideale kon hou. Die navorser het geargumenteer dat die NP moes besluit wat die absolute minimum-voorwaardes is waarvolgens geskik sou word en twee uiterste scenario's moes in gedagte gehou word. Die een was om verbete vas te hou aan voorwaardes en dan moontlik nie 'n skikking te bereik nie, of om ten alle koste 'n skikking te beding, al het die NP niks om aan vas te hou nie. Hy het geglo dat die oplossing tussen hierdie twee uiterstes gevind sou word.⁵⁴

Dr. Frik van Heerden het die mosie gesekondeer en vir 'n paar weke is dit met groot erns op NP-koukusvergaderings bespreek. Groot was die teleurstelling egter toe De Klerk uiteindelik nie eers op die mosie geantwoord het nie.

⁵³ *Ibid.*; *Hansard*, 29 Januarie 1993, kol. 17.

⁵⁴ Aucamp-versameling, toespraaknotas vir koukusmosie.

Die versekering wat De Klerk aan die kiesers gegee het dat hy weer 'n referendum sou uitroep as daar fundamenteel afgewyk sou word van die mandaat wat die NP in 1992 ontvang het, is dus nie gestand gedoen nie. Hierdie belofte is ook duidelik herhaal in 'n wydlopende onderhoud van De Klerk met Alf Ries, politieke beriggewer van Naspers, wat op 20 September 1991 in dagblaaie verskyn het. Daarin het hy gesê dat 'n referendum verkieslik is bo 'n verkiesing omdat in eersgenoemde geval kiesers onbevange uitspraak kon gee oor 'n oorheersende vraag, naamlik oor hoe 'n nuwe grondwet moes lyk. 'n Verkiesing word nooit oor net een vraagstuk gevoer nie. Op 'n vraag wanneer so 'n referendum verwag kon word, het De Klerk geantwoord: "Sodra voldoende vordering gemaak is met onderhandelinge. Verder sodra werklike grondwetlike wysigings as gevolg van die onderhandelinge vereis word. Niemand kan voorspel presies wanneer daardie moment bereik sal word nie."⁵⁵ Was die feit dat die NP nie sy belofte oor magsdeling vir langer as vyf jaar kon nakom nie, nie genoeg rede vir 'n referendum nie? Tewens, dit was een van slegs twee pilare waarop die NP se voorstelle gebou was.

Onder De Klerk se voormalige kollegas wissel die sienings oor die sukses, al dan nie, wat die NP onder sy leiding by die onderhandelingstafel gehad het. Sommige sê dat hy so verblind was deur die oordadige steun en aanmoediging in die buiteland dat hy in die proses sy eie mense en partystrukture weggeskuif en nie meer na waarde geag het nie en die onderhandelinge inderdaad pateties hanteer het. Ander was van mening dat die uiteinde in elk geval nie veel anders sou wees nie, al het die NP wat ook al gedoen en eer De Klerk vir die moed wat hy aan die dag gelê het. Wat egter onteenseglik waar is, is die feit dat De Klerk met die beroering en verwarring in sy persoonlike lewe en sy liefdesverhouding met Elita, sy latere vrou, nie sy volle aandag aan die land- en partysake kon gee nie.

⁵⁵ *Die Burger*, 20 September 1991, p. 1.

Barend du Plessis het verwys na sy vrugtelose pogings om De Klerk by die pre-1994-onderhandelinge betrek te kry. Leon Wessels, die ondervoorsitter van die grondwetskrywende vergadering wat die "finale" grondwet van 1996 moes opstel, het aan die navorser, as provinsiale NP-leier, gesê: "Julle (*sic*) sal FW meer betrokke by die onderhandelinge moet kry."⁵⁶ Dit het ongelukkig nie gebeur nie.

5. ONDERHANDELINGE BEGIN

Dit is belangrik om daarop te wys dat die atmosfeer vir onderhandeling eintlik al gedurende die PW Botha-bewind geskep is en dat in dié verband Chris Heunis baie belangrike aanvoorwerk gedoen het onder veral nie-revolusionêre swart, kleurling- en Indiërleiers. Daar is vroeër in dié navorsing verwys na die NP se pogings in 1988 om deur middel van die Wetsontwerp op die Bevordering van Staatskundige Ontwikkeling 'n raad as onderhandelingsinstelling te skep. Die tweede lesingdebat oor hierdie wetsontwerp was terloops tydens die eerste gesamentlike debat in die grootsaal van die parlement. Heunis het tydens die debat gesê dat deelname aan die "Groot Indaba" 'n weerklinkende sein van hoop sou uitstuur aan diegene wat vrede begeer, bereid is om daarvoor op te staan en daarvoor sou werk. Kort daarna het die eerste gesamentlike konferensie van gematigde leiers plaasgevind.⁵⁷

Die ANC het ook, in wat vir hulle na 'n baie meer genaakbare houding gelyk het, 'n versigtige tree tot onderhandelinge gegee met die aanvaarding van die Harare-deklarasie in Augustus 1989, waarin hulle sekere

⁵⁶ Aucamp-versameling, onderhoude met Barend du Plessis, 11 Mei 2009; Sakkie Pretorius, 9 April 2010; Hernus Kriel, 18 Februarie 2010; Eli Louw, 3 Oktober 2009; Daniël van Vuuren, 18 Augustus 2009; Tertius Delpont, 10 Maart 2010; Flip Nel, 2 Maart 2009; Louis van der Watt, 14 Mei 2009; brig. Kobus Bosman, 12 Mei 2009.

⁵⁷ *Hansard*, 21 Junie 1988, kol. 14968-14977; 28 Junie 1988, kol. 15 - 408; *Nasionalis*, Julie 1988, p. 1; Wet op die Bevordering van Staatskundige Ontwikkeling, Wet 86 van 1988; *Sunday Times*, 3 Julie 1988; Aucamp-versameling, toespraak C Heunis, 21 Junie 1988.

voorwaardes gestel het. Die voorwaardes was onder meer dat die noodtoestand opgehef moes word, politieke gevangenes ontban en vrygelaat moes word, beperkings op politieke organisasies opgehef moes word, die Weermag uit swart woongebiede onttrek moes word en die reg op die vryheid van spraak verdra en bevorder moes word.⁵⁸

Teen die einde van die PW Botha-termyn was daar 'n versigtige "water-toets" wat na De Klerk se bewindsoorname voortgesit is. Dit was agter-die-skerms ontmoetings en gesprekke met Nelson. Mandela, asook dié van die ANC met regeringswoordvoerders, die Nasionale Intelligensiediens en belangrike Afrikaanse intellektueles.⁵⁹

Daarna is die weg gebaan vir meer formele gesprekke deur die speelveld gelyk te maak. Uiteindelik is 'n omvattende onderhandelingsforum gestig toe die Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika (KODESA) in Desember 1991 byeengekom het. Hierdie begin van gestruktureerde onderhandelinge het in Desember 1993 uitgeloop op die aanvaarding van die oorgangsgrondwet.⁶⁰

Aanvanklik was dr. Gerrit Viljoen, hoogaangeskrewe minister van staatkundige ontwikkeling, aan die hoof van die regering se onderhandelingspan. Roelf Meyer was die adjunkminister wat ná Viljoen se bedanking by hom oorgeneem het en die onderhandelingspan tydens die opstelling van die oorgangsgrondwet van 1993 tot die finale grondwet van 1996 gelei het. Die ander ministers wat ook in 'n stadium direk met die onderhandelinge gemoeid was, was Pik Botha (buitelandse sake); Stoffel van der Merwe (onderwys en ontwikkelingsbystand); Hernus Kriel (beplanning en provinsiale sake); Kobie Coetsee (justisie); Magnus Malan (verdediging);

⁵⁸ *Sechaba*, Oktober 1989, pp. 2-5 (Volledige weergawe van die Deklarasie).

⁵⁹ Méér as bruikbare idiote", www.volksblad.com, 30 Januarie 2010.

⁶⁰ FW de Klerk, *Laaste trek – nuwe begin*, pp. 190-192.

Adriaan Vlok (wet en orde); Barend du Plessis (finansies) en Dawie de Villiers (openbare ondernemings). Later het dr. Tertius Delport ook 'n belangrike rol gespeel.⁶¹

Die ANC het voortdurend die NP-regering die skuld vir die onrus in Natal en aan die Rand (Gauteng) gegee en geëis dat ministers Malan en Vlok afgedank moes word. Vandaar die aanstelling van die Harms-kommissie om ondersoek in te stel na sogenaamde moordbende-bedrywighede in die veiligheidsmagte. Hoewel regter Harms as koördineerder van dié kommissie geen bewyse kon vind dat die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB), 'n geheime SAW-front organisasie, vir die dood van aktiviste verantwoordelik was nie, is tog bevind dat hulle optrede die vermoede wek dat hulle by meer gewelddade betrokke was as wat die getuienis getoon het. Hoewel beide ministers Malan en Vlok vir De Klerk verseker het dat hulle nie bewus was, of enigsins betrokke was by onaanvaarbare kriminele bedrywighede nie, het De Klerk tydens 'n kabinetskommeling beide na ander portefeuljes geskuif.⁶² Dit het tot groot ontevredenheid by sommige NP-koukuslede aanleiding gegee, omdat gevoel is dat De Klerk aan die druk van die ANC toegegee het.

Voor die 1994-verkiesing het Vlok egter vir De Klerk en sy kollegas ingelig dat hy om amnestie gaan aansoek doen, omdat hy in 1988 opdrag gegee het vir die bomaanvalle op die hoofkwartier van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK), Khotso House. Later, in 2008, het Vlok ook om presidensiële kwytskelding aansoek gedoen en onthul dat hy geweet het van die aanslag op eerwaarde Frank Chikane se lewe deur in 1989 gif in sy klere te sit. Chikane was in 1989 die sekretaris-generaal van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) en tydens die onthulling, 19 jaar later,

⁶¹ AREA, PV 912: HJ Coetsee, lêer 1/C7/29, Negotiation Process, basic documents.

⁶² *Ibid.*; *Sunday Times*, 4 Augustus 1991, p. 22.

direkteurgeneraal in die presidensie. Vlok het saam met 2 300 ander, wat nie deelgeneem het aan die proses van die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) nie en dae gepleeg het voor 16 Junie 1999, aansoek om kwytskelding gedoen. Hierdie proses is deur 'n veelpartykomitee van parlamentslede hanteer en is by die skryf hiervan nog nie afgehandel nie. Vlok het ook die land aan die praat gehad toe hy as gebaar van boetedoening Chikane se voete gewas het.⁶³

Vlok het in 'n twee-uurlange onderhoud met die *Mail and Guardian* gewag gemaak van die omstandighede waarbinne hierdie dae gepleeg is. Dit was basies 'n volskaalse oorlog met anargie en algehele wanorde waarmee gehandel moes word. So is meer as 80 000 sake van onrus tussen 1986 en 1991 aan hom gerapporteer. Geweld in Natal het byvoorbeeld in die vier en 'n half jaar-termyn van FW de Klerk tot die dood van 14 000 mense gelei. Hoewel hy nooit persoonlik betrokke was by die beplanning van polisie-aksies nie, het Vlok meermale vir amptenare gesê om "'n plan te maak" omdat hy besef het dat die situasie ter wille van 'n politieke oplossing genormaliseer moes word.⁶⁴

Die geweld en sinnelose moorde op onskuldige mense het deurlopend voortgeduur en verdere stappe is geneem om die geweld te bestry. Daarom is 'n onafhanklike, hoogaangeskrewe persoon, regter Richard Goldstone, in 1991 aangestel om 'n kommissie, die Goldstone-kommissie, te lei wat moes ondersoek instel na die voorkoming van openbare geweld en intimidasie. Ten spyte hiervan het Nelson Mandela die regering herhaaldelik beskuldig dat hulle niks doen om die geweld teen te werk nie.

⁶³ Adriaan Vlok applies for presidential pardon, www.mg.co.za, 8 September 2006; Many feet to wash, www.mg.co.za, 26 Augustus 2008; *Volksblad*, 8 Junie 2009, p. 2; *Die Burger*, 19 Oktober 2010. (Vergelyk ook Johan van der Merwe, voormalige kommissaris van polisie se weergawe in sy boek *Trou tot die dood toe*, pp. 357-385.)

⁶⁴ Adriaan Vlok applies for presidential pardon, www.mg.co.za, 8 September 2006; www.mg.co.za, 26 Augustus 2008; *Volksblad*, 8 Junie 2009, p. 2; *Die Burger*, 19 Oktober 2010. (Vergelyk ook Van der Merwe, pp. 357-385.)

Daarom was dit ironies dat die ANC besluit het om 'n konferensie oor geweld en intimidasie wat op 24 en 25 Mei 1991 in Pretoria plaasgevind het, nie by te woon nie. Hierdie konferensie het die weg voorberei vir die Nasionale Vredesakkoord later dieselfde jaar. Dr. Viljoen het die ANC se optrede onverantwoordelik en ongeregverdig genoem en dit bestempel as 'n direkte negering van hulle ondernemings in die Groote Schuur- en Pretoria-minuut.⁶⁵

Die regering het voorts besluit om die onderhandelinge tussen hulle en die ANC nie eensydig te laat geskied nie, maar om ter wille van legitimiteit en regverdigheid soveel as moontlik partye en organisasies by die proses te betrek. Dit het onder meer ingesluit die leiers van die onafhanklike en selfregerende state, die partye in die twee ander huise van die parlement, ander kleiner partye, asook elemente van die burgerlike gemeenskap soos kerke en ander organisasies.

Wat jammer was en die *bona fides* van die ANC by meer as een geleentheid bevraagteken het, was die massabetogings, optogte en dreigemente waarmee hulle deurlopend gepoog het om druk op die NP-regering te plaas en om in De Klerk se woorde "'n klimaat te probeer skep waarin die onderhandelinge voortdurend onder 'n wolk van dreigende onrus en krisis moes plaasvind".⁶⁶ Vanuit 'n ANC-perspektief is dit as slim taktiek beskou en die doeltreffendste manier om druk op die regering te plaas.

Die eerste formele byeenkoms tussen afgevaardigdes van die regering en die ANC het vanaf 2 tot 4 Mei 1990 by Groote Schuur, die voormalige ampswoning van Suid-Afrika se eerste ministers, in Kaapstad plaas-

⁶⁵ Aucamp-versameling, verklaring deur dr. Gerrit Viljoen, 18 Mei 1991.

⁶⁶ De Klerk, p. 194; Aucamp-versameling, NP-aksieverslag, September 1990; *Die Burger*, 5 Junie 1991, p. 6; Aucamp-versameling, verklaring deur A Vlok, 8 April 1991; Aucamp-versameling, mediaverklaring deur FW de Klerk, 6 April 1991.

gevind. Daar was 11 afgevaardigdes aan elke kant. Tydens 'n media-konferensie wat vooraf plaasgevind het, het dr. Gerrit Viljoen beklemtoon dat 'n normale politieke proses 'n voorvereiste vir die skepping van geldige onderhandeling is. Hy het verder gesê dat die normalisering van die politieke proses afhanklik is van die opheffing van die beperkings wat die staat op die normale funksionering van die politieke proses geplaas het. Hierbenewens moes daar 'n afstanddoening van geweld, intimidasie en die sogenaamde "gewapende stryd" wees, omdat dit nie versoenbaar met ware onderhandeling is nie. Viljoen het ook die noodsaaklikheid benadruk dat die proses so inklusief as moontlik moes wees.⁶⁷

Die uitgebreide gesprek het suksesvol afgeloop en pres. De Klerk het die ooreenkoms wat bereik is as 'n "belangrike deurbraak tot 'n vreedsame nuwe Suid-Afrika" bestempel. Selfs Nelson Mandela was opgewonde toe hy gesê het: "At the end of the discussions not only are we closer to one another - the ANC and the Government - but we are all victors. South Africa is the victor." Al die besluite is in 'n dokument saamgevat wat as die Groote Schuur-minuut bekend geword het. Die eerste paragraaf daarvan het gelui: "The Government and the ANC agree on a commitment towards the resolution of the existing climate of violence and intimidation from whatever quarter, as well as a commitment to stability and to a peaceful process of negotiations."⁶⁸ Die belangrikheid van hierdie samesprekings was dat die ANC homself ondubbelsinnig, duidelik en finaal verbind het tot 'n proses van vreedsame onderhandeling in Suid-Afrika.

⁶⁷ South African Profile, Bureau of Information, Januarie 1991, pp. 21-27; AREA, PV 357: HJ Coetsee-versameling, 1/C7/29, Groote Schuur-minuut, Mei 1990.

⁶⁸ Mandela, *Long walk to freedom*, pp. 568-591; De Klerk, pp.203-204; D Welsh, *The rise and fall of apartheid*, p. 388.

6. 'N PROBLEMATIESE SITUASIE: DIE ANC BLY GEWELD PROPAGEER

Verdere samesprekings met die ANC is ernstig geknou toe die polisie in Julie 1990 die beweerde "Red Plot" wat as Operasie Vula bekend gestaan het, onthul het. Verskeie prominente ANC- en SAKP-lede, waaronder Mac Maharaj, is geïmpliseer en ondersoek. De Klerk het sy teleurstelling hieroor uitgespreek. Die doel van Operasie Vula was om ondergrondse strukture in die land te vestig en 'n binnelandse revolusionêre leër op die been te bring indien die onderhandelinge sou misluk en is na die aanvaarding van die Groote Schuur-minuut voortgesit. Op 26 Julie en 1 Augustus 1990 het daar baie ernstige gesprekke tussen De Klerk en Mandela oor Operasie Vula plaasgevind waarna beide hoopvolle verklarings gemaak het. De Klerk het gesê dat die Groote Schuur-minuut baie ernstig geskend is en dat samesprekings net vrugbaar voortgesit kon word as vertrouwe geskep word tussen diegene wat opreg ernstig is om die minuut te laat realiseer. Op sy beurt het mnr. Mandela gesê: "In my discussions with the State President I reiterated the total commitment of the ANC, Umkhonto we Sizwe and the SACP to the Groote Schuur Minute. I also made an undertaking that I, personally, together with the National Executive Committee, will do whatever we can to ensure that steps are taken to guarantee strict adherence to the Groote Schuur Minute."⁶⁹

Enkele dae daarna, op 6 Augustus, het die tweede rondte samesprekings tussen die regering en die ANC in Pretoria plaasgevind met sewe lede in elke afvaardiging. Die ANC het onderneem om alle gewapende aksies onmiddellik te staak. In die Pretoria-minuut is onder meer besluit:

⁶⁹ De Klerk, pp. 217-221; Van der Merwe, p. 171; Welsh, pp. 275-276.

Vanweë die belangrikheid om so gou as moontlik 'n onderhandelde vreedsame politieke skikking in die konteks van die huidige verstandhoudings te bereik, het die ANC aangekondig dat hulle alle gewapende aksie met onmiddellike effek sou staak. Vandaar dat die ANC geen verdere gewapende aksie deur sy militêre vleuel, *Umkhonto we Sizwe*, sou onderneem nie. Daar is ooreengekom dat 'n werksgroep tot stand gebring sou word om oor alle onafgehandelde vraagstukke wat hieruit sou voortspruit teen 15 September 1990 verslag te doen. Beide groepe het hulself opnuut verbind om alles in hul vermoë te doen om so gou moontlik 'n vreedsame skikking te beding.

Albei groepe afgevaardigdes het ernstige kommer gehad oor die algemene vlak van geweld in die land, veral ook in Natal. Hulle het in beginsel onderneem om alle seksies van die Suid-Afrikaanse bevolking te oortuig, dat, in die soeke na vrede en stabiliteit, dit belangrik is om te beseef dat probleme kan en moet opgelos word by wyse van onderhandeling. Beide partye het onderneem om stappe te neem om maatreëls daar te stel om die situasie in die land te normaliseer en te stabiliseer in ooreenstemming met die gees van wedersydse vertroue tussen die betrokke leiers.⁷⁰

In die Pretoria-minuut is verder verklaar dat die partye oortuig is dat wat ooreengekom is, 'n belangrike baken kon word op die pad van waarlike vrede en vooruitgang vir die land. Melding is opnuut gemaak van die feit dat die partye 'n beroep op ander doen om hulle ook te verbind tot vreedsame onderhandeling en deel van die proses te word. Die slotparagraaf was eweneens belangrik en het verklaar dat die weg nou gebaan is tot spoedige onderhandelinge vir 'n nuwe grondwet en dat verkennende ge-

⁷⁰ *Nasionalis*, September 1990, pp. 1-5; AREA, PV 357: HJ Coetsee-versameling, 1/A1/10, Pretoria-minuut, Augustus 1990.

sprekke hieroor binnekort sou begin.⁷¹ Ongelukkig het die "binnekort" nie gerealiseer nie, want 16 maande sou verloop voordat KODESA (die Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika) die eerste gestruktureerde veelparty-onderhandeling sou begin.

Die geweld wat voortgeduur het, selfs na die ANC se formele opskorting daarvan op 8 Augustus 1990, het dit dringend gemaak dat 'n werksgroep waarop ingevolge die Pretoria-minuut ooreengekom is, aan die werk moes spring. Die werksgroep se taak was om al die uitstaande kwessies wat voortgespruit het uit die ANC se besluit om die gewapende stryd op te skort, op te los en teen 15 September 1990 terug te rapporteer. Die werksgroep het eers op 12 Februarie 1991 hieroor rapporteer op 'n vergadering wat by die destydse DF Malan-lughawe in Kaapstad gehou is. Die skikking daar tussen die regering en die ANC het bekend geraak as die DF Malan-akkoord. In die akkoord het die ANC onderneem om onmiddellik 'n einde te maak aan landwye aanvalle met wapentuig, vuurwapens, plofstowwe of brandbomme, infiltrasie van manskappe en materiaal; die skepping van ondergrondse strukture; verklarings wat geweld aanvuur, dreigemente van gewapende optrede; asook militêre opleiding in Suid-Afrika. Daar is ook ooreengekom dat alle politieke partye vreedsaam aan die politieke proses moes deelneem sonder geweld en intimidasie en sonder massa-aksie. Verder dat die ANC beheer moes uitoefen oor sy kaders en geheime opslagplekke vir wapens wat reeds in die land was. Dit is vroeër genoem dat na 19 jaar daar steeds 'n dispuut oor die wapens was. Die ANC het ook hierdie beloftes verbreek.⁷²

Die eerste formele vergadering van KODESA is voorafgegaan deur maande van intense samesprekings agter die skerms. Nie net is daarin

⁷¹ *Nasionalis*, September 1990, pp. 1-5; De Klerk, p. 204; Welsh, p. 393.

⁷² De Klerk, p. 222; AREA, PV 357: HJ Coetzee-versameling, DF Malan-akkoord, Februarie 1991.

geslaag om 'n breë agenda onder verskeie partye te ontwikkel nie, maar daar het ook 'n konsensus oor die noodsaak van vreedsame onderhandeling ontwikkel. Wat ook van besondere waarde was, was die sogenaamde Nasionale Vredesberaad wat gehou is en die ooreenkoms wat daaruit voortgespruit het.

Op 'n vredesberaad wat op 14 September 1991 in Johannesburg plaasgevind het, is 'n Nasionale Vredesverdrag deur FW de Klerk namens die regering en deur verteenwoordigers van 28 politieke partye en organisasies, die regerings van selfregerende gebiede en vakbonde onderteken. Voortspruitend hieruit is 'n Nasionale Vredeskomitee saamgestel, asook 'n Nasionale Vredesekretariaat met die gemeenskaplike doel om politieke onrus in die land te stop en om gedragskodes, prosedures en meganismes in te stel om daardie doel te bereik. De Klerk se beroep op leiers om die land uit die krisis van geweld en intimidasie na verdraagsaamheid en samewerking te lei, was tydig en het bepaald die weg tot onderhandeling gelyker gemaak, hoewel die ANC se strukture op grondvlak wat dikwels onbeheerbaar was, die pad nog baie ongelukkig gehou het.⁷³

Teen Oktober 1993 was daar 11 vredestrukture in Suid-Afrika wat elkeen onafhanklik deur 'n streeksvredeskomitee bestuur is. Elke vredeskomitee was verantwoordelik vir sy streek se funksionering van plaaslike vredeskomitees waarvan daar ongeveer 140 was. Alle besluite op vredeskomitees is met konsensus geneem. Hoewel die ANC/SAKP/COSATU-alliansie met oorgawe aan die vredestrukture deelgeneem het, was hulle vanaf 1 November 1991 tot 6 September 1993 verantwoordelik vir 284 oortredings of 77% van alle oortredings van die vredesakkoord. Verbruikersboikotte is byvoorbeeld deur die ANC op die platteland

⁷³ *Die Volksblad*, 20 September 1991, p. 11; Aucamp-versameling, National Peace Accord, 14 September 1991, pp. 1-33; AREA, PV 912: RP Meyer-versameling, 1/6/6 en 1/6/7, Nasionale Vredeskonferensie en Nasionale Vredesverdrag.

georganiseer wat nie net die ekonomie langelê en baie sakelui geruïneer het nie, maar ook die gemeenskappe gepolariseer het.⁷⁴

KODESA het op 20 en 21 Desember 1991 in die World Trade Centre in Kemptonpark plaasgevind. Die twee grootste partye, die NP en ANC, het verskillende idees oor die doel daarmee gehad. Die ANC wou aanvanklik hê dat die mag ooreenkomstig die Harare-deklarasië eenvoudig aan hulle oorgedra word. Later was hulle idee dat 'n verkiesing gehou moes word sodat daardie liggaam as verkose grondwetlike vergadering die nuwe grondwet kon opstel. Die NP en die IVP was daarteen gekant omdat dit kon beteken dat die ANC eensydig 'n grondwet willekeurig sou opstel.⁷⁵

7. KODESA I SKOP AF

Die regering en 19 politieke partye en organisasies was teenwoordig by KODESA I. Al die afvaardigings, behalwe Bophuthatswana en die Inkatha Vryheidsparty, het teen die einde van die verrigtinge 'n verklaring van voorneme onderteken. Daar is voorts besluit dat besluite geneem sou word op die basis van "voldoende konsensus", wat beteken het dat ten minste die belangrikste partye oor 'n saak sou moes saamstem. Die 20 afvaardigings het uit ongeveer 200 afgevaardigdes bestaan wat dit aanvanklik 'n baie lomp vergadering gemaak het. Al die noemenswaardige partye in die land was verteenwoordig, behalwe die regse KP, AWB en Herstigte Nasionale Party (HNP), asook drie radikale swart partye, die PAC, Azanian Peoples Organization (AZAPO) en die Black Consciousness Movement (BCM).⁷⁶ Die partye wat, benewens die Suid-Afrikaanse regering teenwoordig was, was die: African National Congress, Bophu-

⁷⁴ Aucamp-versameling, NP Bulletin 21 van 1993.

⁷⁵ *Ibid.*, NP Bulletin 1 van 1992; *Sunday Times*, 22 Desember 1991, p. 2.

⁷⁶ South African Profile, South African Communication Service, April 1992, pp. 2-5; AREA, PV 912: RP Meyer-versameling, 1/1/8/1, Declaraton of Intent.

thatswana regering, Ciskei regering, Demokratiese Party, Dikwankwetla Party, Inkatha Freedom Party, Inyandza National Movement, Intando Yesiswe Party, Labour Party of South Africa, Natal/Transvaal Indian Congress, Nasionale Party, National People's Party, Solidarity, Transkei regering, United People's Front, Venda regering en Ximoko Progressiewe Party.

De Klerk het tydens die verrigtinge gesê dat die uiteindelijke doel 'n nuwe, regverdige en onderhandelde, ten volle demokratiese grondwet is. Hierdie grondwet sou goeie en stabiele regering moontlik maak, mense teen magsvergrype en dominasie beskerm en vir elkeen gelyke deelname in elke lewensfeer waarborg. Wat betref die moontlikheid van 'n oorgangsgrondwet, het De Klerk verklaar dat hulle nou gereed was om onverwyld vir die wysiging van die grondwet te onderhandel om 'n interim magsdelingsmodel op 'n demokratiese basis moontlik te maak. Hulle was oortuig dat dit in die beste belang van Suid-Afrika en sy mense was om as 'n eerste fase 'n regering daar te stel wat die bevolking as geheel sou verteenwoordig. So 'n algemene verteenwoordigende regering sal nie alleen die administrasie van die land hanteer nie, maar sal ook leiding gee ten opsigte van verdere grondwetlike hervormings. Hy het verder gesê dat die regering ook oortuig is dat die samestelling van die parlement ook sodanig gedurende daardie fase verander moes word, dat dit al die mense sou verteenwoordig. Hy was nie te vinde vir die omseiling of ignorering van die grondwet nie. Enige substantiewe grondwetlike veranderinge, al is dit met die oog op oorgangsmaatreëls, moes deur die parlement aanvaar word nadat 'n mandaat in 'n referendum daarvoor gekry is. De Klerk het dus inderdaad 'n tweefaseproses voorgestel: 'n oorgangsgrondwet sou deur die KODESA-proses opgestel word ingevolge waarvan 'n verkiesing

gehou sou word. Daardie verteenwoordigende parlement sou dan die KODESA-grondwet kon hersien en aanpas.⁷⁷

Die onderhandelingspartye het later inderdaad ooreengekom op 'n oorgangsgrondwet wat deur die Driekamerparlement aangeneem is. Die nuwe parlement wat ingevolge daardie grondwet verkies is en wat ook as grondwetskrywende vergadering gedien het, het daarna gebind aan voorafooreengekome grondwetlike beginsels, die finale grondwet in 1996 opgestel. Voordat die grondwet van krag sou word, moes die Konstitusionele Hof eers sertifiseer dat die grondwet aan al die grondwetlike beginsels voldoen. Vir vyf jaar sou die land dan ingevolge die oorgangsgrondwet regeer word.

Mandela het by KODESA I gewag gemaak van die diversiteit van belange wat teenwoordig was wat 'n aanduiding was van die potensiaal om konsensus oor die spektrum en 'n gemeenskaplike doel onder Suid-Afrikaners te vestig. Hy het tereg ook 'n beroep op almal gedoen om nasionale belang bo eng seksionele belang te plaas.⁷⁸

Daar is tydens die samesprekings verder besluit dat vyf taakgroepe intussen die werk sou voortsit vir elk van die vyf sake op KODESA se agenda, naamlik:

- 1) Die skepping van 'n klimaat bevorderlik vir politieke deelname en die rol van die internasionale gemeenskap;
- 2) algemene beginsels in 'n nuwe grondwet vir Suid-Afrika en die grondwetgewende beginsels;
- 3) oorgangs/tussentydse maatreëls;

⁷⁷ FW de Klerk, inleidende opmerkings tydens eerste sitting van KODESA, 20 Desember 1991, www.fwdeklerk.org.za, 7 Junie 2008; *The Star*, 29 Januarie 1992, p. 20.

⁷⁸ *The Star*, 29 Januarie 1992, p. 20.

- 4) die toekoms van die TBVC-administrasies; en
- 5) tydskedules en toepassing van KODESA se besluite.⁷⁹

Voor die verdagting van KODESA I het 18 van die afvaardigings die Verklaring van Voorneme onderteken. Dié dokument het eerstens die mees basiese mikpunte waartoe die ondertekenaars hulle verbind het, neergelê. Dit was eintlik 'n uitgebreide missiestelling. Voorts het dit ses basiese vertrekpunte neergelê waarop 'n toekomstige grondwet moes berus. Opsommend was dit 'n veelparty-demokrasie met 'n enkele soewereiniteit gesetel in die grondwet en afdwingbaar deur 'n onafhanklike regbank, vry van enige vorm van diskriminasie of dominasie, gereëlde verkiesings vir proporsionele verteenwoordiging, skeiding van mag, erkenning van verskeidenheid en die beskerming van basiese menseregte deur 'n handves van regte.⁸⁰

Die deklarasie was ook 'n onderneming dat elke deelnemer sy saak vrylik sou kon stel en hulle gebonde aan die besluite van KODESA sou beskou. In die laaste paragraaf is daar ook ondubbelsinnige erkenning gegee aan die bevoegdheid, magte en gesag van die regering.⁸¹

Tydens die KODESA-sitting was daar groot ontsteltenis toe Mandela 'n ongevraagde en onbillike aanval op De Klerk gemaak het nadat De Klerk daadwerklike optrede van die ANC gevra het omdat hulle nog nie, soos ooreengekom, finaal van die geweldstandpunt wegbeweeg het nie en in gebreke gebly het om hulle ooreenkomste na te kom. Mandela se destydse toespraak is deur sommige koerante as 'n "tirade" bestempel. In 'n hoofartikel beskryf die redakteur van *Die Burger* Mandela se "giftige aanval" as "'n ongeëwenaarde vertoning van venyn en bitterheid" en sê

⁷⁹ Aucamp-versameling, NP-bulletin 1 van 1992.

⁸⁰ *Ibid.*, Declaration of Intent, CODESA. South Africa.

⁸¹ *Ibid.*

die Mandela wat voor Suid-Afrika gestaan het, was 'n "kleinlike party-politikus."⁸² Nietemin was KODESA I 'n sukses en die stram verhouding tussen Mandela en De Klerk sou nog vir baie jare voortduur - teweens, totdat De Klerk uit die politiek getree het.

Die vyf werksgroepe wat tydens KODESA 1 gestig is om die weg te baan vir 'n tweede voltallige KODESA II wat op 15 Mei 1992 gehou sou word, het aansienlike vordering gemaak, behalwe in die geval van Werksgroep 2. Die vraagstukke waarvoor geen konsensus bereik kon word nie, was dié gemoeid met die aanvaarding van die finale grondwet. Die NP het oorspronklik op 'n meerderheid van 75% aangedring, terwyl die ANC 'n tweederdemeerderheid wou hê. Die ANC wou ook nie hê dat die senaat, wat minderheidsgroepe sou verteenwoordig, dieselfde magte as die nasionale vergadering hê nie. Die ANC wou hê dat minderhede "hul lot aan die wil van die gewone meerderheid moes onderwerp".⁸³

Dit is allerweë aanvaar dat die ANC Werkgroep 2 gekies het om 'n krisis-atmosfeer te skep. Waarnemers het dit aan Cyril Ramaphosa, wat die ANC-afvaardiging gelei het, se vakbondstyl gewyt - om betreklik gou tot 'n ooreenkoms oor die meeste sake te kom en om dan deur onaanvaarbare eise ten opsigte van een aspek te stel, die hele pakket onder druk te bring - stakings in die geval van werkgewers en nou nie-voortsetting van onderhandelinge. Die doel was om maksimale konsessies uit ander partye te kry. Intussen was daar ook 'n magstryd binne die ANC aan die gang, terwyl die organisasie nog gespook het om die finale oorgang van 'n bevrydingsbeweging na 'n normale politieke organisasie te maak. In 'n notule van 'n vergadering van die Johannesburg-substreek van die ANC op 3 Mei 1992 staan daar onder die opskrif "Summary of major issues

⁸² *Die Burger*, 23 Augustus 1991, p. 10.

⁸³ Aucamp-versameling, NP Helderkruin. Nuusbrief en persoonlike brief van dr. Stoffel van der Merwe, Augustus 1992; *Sunday Times*, 22 Desember 1991, p. 2.

raised" onder meer: "Is the ANC now formulating policy for mass mobilisation or for a government in waiting?" en ook: "Policy should include immediate issues and be the basis for mobilisation NOW and struggle orientated."⁸⁴

Gedurende hierdie tyd het die Department of Political Education (DPE) vanuit die ANC se Suid-Vrystaatse streekkantoor 'n dokument "Violence and the Peace Process" na takkantore versend. Daarin het hulle die regering se stap tot onderhandeling as 'n swakheid en vrees vir die swart mag gesien. Hoe meer die regering geteister word en hoe meer druk op hulle geplaas word, hoe meer positief sou die resultate wees. Die dokument beweer verder dat die regering voorgee dat apartheid dood en nie meer 'n strydpunt was nie, maar dat die konflik tussen 'n vryemarkstelsel en nasionalisering die prioriteit van die dag was. Die opstellers was daarvan oortuig dat indien iets gedoen word wat tot onregeerbaarheid kon lei, die regering onmiddellik sou luister. Hulle beskou ook die "apartheid regime as an obstacle to negotiations". Hierdie was maar 'n enkele voorbeeld hoe die massa deurentyd opgesweep is op grondvlak, terwyl sommige leiers op nasionale vlak versoening en vrede gepredik het. Geen wonder dus dat die uiteindelijke skikking deur talle 'n "wonderwerk" genoem is nie.⁸⁵

⁸⁴ Aucamp-versameling, NP Helderkruin. Nuusbrief en persoonlike brief van dr. Stoffel van der Merwe, Augustus 1992; *Sunday Times*, 22 Desember 1991, p. 2.

⁸⁵ Aucamp-versameling, ANC-dokument, Violence and the peace process, s.a.

8. KODESA II WORD 'N KRISIS

Die dooiepunt by Werkgroep 2 het in 1992 op 'n krisis afgestuur. Gedurende die laaste week voor KODESA II het die regering nie minder nie as vier voorstelle ingedien om die dooiepunt te probeer afweer. Op 15 Mei, die oggend waarop KODESA II moes begin, het die ANC vir die eerste keer met 'n voorstel gekom oor die meganisme vir die daarstel van 'n grondwet. Hulle voorstel het op die volgende neergekom:

- Hulle aanvaar dat gelaaide meerderhede neergelê is vir besluitneming oor bepaalde aspekte in die grondwetskrywende proses - 'n oënskynlike toegewing en vertoon van redelikheid.
- Indien die grondwetskrywende liggaam nie binne ses maande die vereiste meerderhede vir besluitneming sou bereik nie, sou 'n grondwet deur 'n gewone meerderheid (50% plus) aanvaar word – waardeur dieselfde spertydkrisis bewerkstellig kon word deur samewerking tot aan die einde te weerhou en die beskerming van gelaaide meerderhede op dié wyse totaal te omseil.
- Dan voer hulle ook 'n totaal nuwe aspek in deur voor te stel dat so 'n grondwet aanvaar deur 'n gewone meerderheid in die grondwetskrywende liggaam aan 'n referendum onder die bevolking onderwerp word.⁸⁶

Hierdie optrede deur die ANC en sy vennote soos die Arbeidersparty het KODESA II in 'n krisis gedompel, want dit het ook verband gehou met 'n dreigement dat hulle hul daaraan sou onttrek indien daar nie konsensus in Werkgroep 2 bereik sou word nie. Hulle het egter onder meer van die Afrika-waarnemers by KODESA II die boodskap gekry dat dit totaal

⁸⁶ *Ibid.*

onaanvaarbaar sou wees indien hulle sou onttrek. Daar was veral 'n sterk Nigeriese teenwoordigheid by KODESA.

Met die uitsondering van Werkgroep 2 het al die werkgroepe verslae vir die volle sitting van KODESA II voorberei, aansienlike vordering gemaak en potensiële besluite geformuleer. Omdat die ANC daarop aangedring het dat alle onderhandelinge as 'n totale pakket beskou moes word, is geeneen van die besluite egter formeel by KODESA II bekragtig nie. Trouens, Werkgroep 2 self het oor die meerderheid van die sake waarvoor daar beraadslaag is konsensus bereik, maar omdat ook in hierdie verband deur die ANC op 'n "pakketbenadering" aangedring is, kon 'n verslag nie ingedien word nie.⁸⁷

Wat egter belangrik was, is die feit dat die verslae en besluite deur daardie werkgroepe wat wel verslag gedoen het, dramatiese vordering oor 'n tydperk van vyf maande getoon het. Onder van die belangrikste sake waarvoor konsensus bereik is, is die volgende:

- Daar is ooreengekom op 'n tweefasebenadering ten opsigte van die oorgangs- of interim-maatreëls. Eerstens, 'n voorbereidingsfase met die oog op 'n demokratiese oorgangs/interim-regeringstruktuur (tweede-fase), bestaande uit 'n uitvoerende oorgangsraad met subrade ten opsigte van spesifieke sake en wat sou funksioneer in samewerking met bestaande wetgewende strukture (parlement) nadat dit self deur wetgewing moontlik gemaak is. Hierdie strukture sou 'n veelparty-samestelling hê, maar subrade sou as 'n reël uit ses lede bestaan. Die

⁸⁷ AREA, PV 357: HJ Coetsee-versameling, 1/C7/29, Working Group 2 Steering Committee Proposal on a CMB (Constitution Making Body), 13 Mei 1992. (Die ANC was volgens NP-onderhandelaars nie bereid om "stuk-stuk" besluite te neem nie omdat hulle dan groter toegewings sou moes maak.)

subrade waarop ooreengekom is, is vir streeks- en plaaslike regering, finansies, wet en orde, stabiliteit en veiligheid en verdediging.

- Daar is besluit op 'n onafhanklike verkiesingskommissie verantwoordelik vir vrye en regverdigte verkiesings.
- Daar is ooreengekom dat die Uitvoerende Oorgangsraad moes poog om besluite op 'n basis van konsensus te neem, maar waar dit nie bereik sou word nie sou 'n meerderheid van ten minste 80% voldoende vir besluitneming wees.
- Daar is besluit dat die TBVC-state sou deelneem aan die eerste fase van oorgangs-/tussentydse reëlings asook aan die proses van grondwetskrywing - insluitende moontlike verkiesings. Dit sou egter so gereël word, dat stemme wat in hulle gebiede uitgebring sou word 'n aanduiding gee van steun of verwerping van herinlywing by die RSA.

Indien die konsepbesluite of -ooreenkomste, soos geformuleer deur die verskillende werkgroepe insluitende dié van Werkgroep 2, ontleed word, is dit duidelik dat verskeie basiese vertrekpunte van wesenlike belang vir die NP en ander partye deur onderhandeling vasgelê is. Hieronder tel die volgende:

- Die aanvaarding van streeksregering en dus ten minste 'n meerdere of mindere mate van federalisme as deel van 'n toekomstige grondwetlike bedeling;
- 'n fase-benadering vir die implementering van 'n nuwe grondwetlike bedeling;
- dat regering in alle fases op 'n wettige grondwet moes berus, met 'n onafhanklike regbank en 'n beregtigbare handves van fundamentele regte;

- dat, hoewel die beginsel van herinlywing van die TBVC-state aanvaar is, daar 'n toetsing van die mening van die inwoners van hierdie state daarvoor moes plaasvind.⁸⁸

Hierdie sake was vir die NP van wesenlike belang omdat hulle geglo het dat hulle daardeur die maksimum van hulle voorstelle aanvaar sou kry en sodoende hulle ondersteuners tevrede stel.

Die opening van die voltallige sitting van KODESA II op 15 Mei 1992 is aanvanklik uitgestel tot 12:00, toe tot 14:00 en later tot 16:00, terwyl hulle in Werkgroep 2 besig was om die dooiepunt te probeer besleg. Dr. Tertius Delport, wat die NP-afvaardiging by Werkgroep 2 gelei het, was deurlopend in kontak met De Klerk wat hom opdrag gegee het om “vas te staan”. De Klerk en Mandela het besluit dat die uitstaande sake na die KODESA-bestuurskomitee terugverwys moes word vir oorweging. Albei het die volgende dag versoenende slottoesprake by die konferensie gelewer, terwyl die werksaamhede van die werkgroepe voorlopig opgeskort is.⁸⁹

Dit was duidelik dat die onderhandelinge by KODESA die ANC nie meer gepas het nie. Van hulle ondersteuners wou net eenvoudig hê dat die ANC die mag moes gryp en nie moes onderhandel nie. Sommige ontleders was ook van mening dat die proses te vinnig vir die ANC ontwikkel het en dat almal nie kon byhou nie. Ander het daarop gewys hoeveel toegewings die ANC moes maak. Die Britse ambassadeur in Suid-Afrika, sir Robert Renwick, het byvoorbeeld voor die Suid-Afrikaanse Britse Handelsassosiasie (SABRITA) gesê dat die tyd vinnig nader dat die ANC sou moes teruggaan na hulle ondersteuners om te sê dat baie

⁸⁸ Aucamp-versameling, NP-Studiegroepverslae, 1992.

⁸⁹ *Ibid.*, NP Helderkruin-nuusbrief; RSA Beleidsoorsig, Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens, Junie 1992.

beloftes wat aan hulle gemaak is, vir praktiese redes nie kon realiseer nie. Intussen het COSATU 'n rollende massa-aksieprogram aangekondig wat massasaamtrekkings en -proteste sou insluit met die doel om groter druk op die NP-regering te plaas.⁹⁰

Dr. Tertius Delpont is vandag vas oortuig dat die ANC doelbewus as strategie 'n dooiepunt gefabriseer het omdat Joe Slovo self later gesê het anders "we would have been caught."⁹¹

In 'n publikasie van Anthea Jeffery, 'n navorser by die oudste liberale instelling in die land, die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings, wat sedert 1929 bestaan, kom sy tot dramatiese gevolgtrekkings van hoe die ANC in 1978 'n oneffektiewe, sukkelende organisasie en strategieë onbekwaam was. Hulle opgeleide vegters het maar 5 000 getel en die meeste wat die land binnegekom het, is dadelik gevang. Mangosuthu Buthelezi, die IVP-leier, was destyds twee keer meer gewild as Mandela, die regering se veiligheidsmagte was gedug en meer as 80% van die kiesers was teen magsoordrag gekant. Die ANC se wenresep was eenvoudig. Dit was om betogings en oproer te organiseer, te intimideer, opponente uit te skakel en te beseer, en die propaganda-oorlog te wen deur die opponente en polisie van al die geweld te beskuldig en die ANC-beleidstandpunte in die koerante en op televisie internasionaal aanvaar te kry.⁹²

Jeffery argumenteer verder dat die bewerings oor 'n sogenaamde "Derde Mag" hoofsaaklik deur Engelse joernaliste en ongetoetste getuies opgebou is. Dat Engelse joernaliste nie altyd *bona fide* opgetree het nie, word

⁹⁰ Aucamp-versameling, NP Helderkrui-nuusbrief; RSA Beleidsorsig, Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens, Junie 1992.

⁹¹ Telefoniese gesprek met dr. Tertius Delpont, 28 Oktober 2010.

⁹² Anthea Jeffery, *People's war, New light on the struggle for South Africa*, pp. 44-80.

bewys deur die openbaring van Anton Harber van Wits hoe hy, as joernalis, Adriaan Vlok destyds in 'n onderhoud met 'n sogenaamde hoop "fop"-bewyse in 'n hoek gedryf het oor die regering se hulp aan die IVP.⁹³

Die ANC was volgens haar die hoofagent van geweld. Op aandrang van die Sowjetunie het ANC-leiers glo 'n besoek aan genl. VN Giap van Noord-Viëtnam gebring. Giap was die strateeg wat die VSA-magte as vennoot van Suid-Viëtnam uiteindelik laat tou opgooi het. Sy raad aan die ANC sou as die Giap-model bekend staan, waardeur die sielkundige, ekonomiese, militêre en politieke oorlogvoering gekombineer is.⁹⁴

Die historikus, Hermann Giliomee, skryf in 'n resensie in *Rapport* oor Jeffery se boek dat die dreigement van geweld en terreur saam met intimidasie en verdagmaking van die opponent, asook halssnoermoorde as afskrikmiddel, belangrike elemente van die ANC-strategie was. Intussen is die geweld voor die deur van die "skietlustige" polisie gelê of is vigilantes en 'n sogenaamde derde mag die skuld vir die onrus en probleme gegee. Dit het uiteindelik veroorsaak dat plaaslike gesag op verskeie plekke in duie gestort het. Die doel was om by die NP-"regime" 'n oorweldigende gevoel van moedeloosheid en 'n aanvaarding van die futiliteit van 'n "oorlog sonder einde" te laat posvat. Geen wonder dus dat Joe Slovo in November 1993 na die aanvaarding van die oorgangsgrondwet, dit 'n "famous victory" vir die ANC genoem het nie.⁹⁵

Die aanduidings was dat daar 'n onrustige fase na Mei 1992 voorgelê het. Die uitdaging vir die NP was om kalm te bly en nie geduld te verloor nie. Die NP-regering was oortuig dat die proses van onderhandeling nie meer

⁹³ *Ibid.*, pp. 79 en 415; *Beeld-By*, 26 September 2009, p. 5; Dreaming of what the SABC could be, www.koerantargiewe.media24.com, 9 November 2009.

⁹⁴ Jeffery, pp. 25-39.

⁹⁵ *Rapport-Weekliks*, 4 Oktober 2009, p. 111.

teruggedraai kon word nie en dat 'n skikking inderdaad moontlik was. Ongelukkig het daar twee dae na die KODESA II-teleurstelling 'n insident plaasgevind wat die land en die brose vrede sou versteur. Geweld het gelei tot die dood van 48 mense in Boipatong, naby Johannesburg, toe IVP-trekarbeiders wou wraak neem oor vroeëre ANC-aanvalle. Die ANC het hierdie gebeurtenis gebruik om hulle massa-aksieveldtog na 'n hoër rat oor te skakel en die regering die skuld vir die gebeure te gee. Later het die Goldstone-kommissie en ander onafhanklikes bevind dat daar geen medepligtigheid aan, of beplanning van, die heersende geweld deur die staatspresident, enige kabinetslid of enige hooggeplaaste polisieoffisier was nie. De Klerk en Hernus Kriel, destydse minister van wet en orde, het drie dae later Boipatong besoek. Die konvooi is deur 'n vyandige skare begroet. Sommige het geskree "Maak dood die boere", terwyl De Klerk se privaatsekretaris, Noël Basson, een van die polisiegeneraals vir 'n ander een hoor sê het: "Nou kan hy (De Klerk) sien hoe sy f---n nuwe Suid-Afrika lyk."⁹⁶

Die NP-regering is deur die ANC, dié se simpatiseerdes, spreekbuis en ultra-linkse pers as *mala fide* uitgekryt. So is die dooiepunt by KODESA II vierkantig voor die regering se deur gelê in 'n redaksionele artikel van *Mayibuye*, wat verklaar het dat persentasies (van die grondwetskrywende liggaam) iets te make het met die krisis "but the basic question which faced and still faces the nation, is whether the regime is prepared for a democratically elected and sovereign body to draw up a new constitution".⁹⁷

In bogenoemde artikel is beweer dat die NP meganismes wou instel wat die vermoë van die grondwetskrywende vergadering om besluite te neem,

⁹⁶ De Klerk, pp. 258-259.

⁹⁷ *Mayibuye*, Junie 1992, p. 3.

sou ondermyn en tot eindelose dooiepunte sou lei. Die NP is ook beskuldig dat hulle kort-kort op “ou” metodes terugval, steeds aandadig aan moorde is, korrup is en die pers boelie wat “the regime squarely in the league of dictators at the sunset of their shameful careers” plaas. Voorts is gesê: “Only the most gullible expected them to negotiate in good faith. Very few doubted that they were going to try every trick in the book to hold power. The onus is on the democratic movement. A combination of good negotiation tactics and and mass pressure must be employed to keep the process on track, moving in the right direction and with maximum speed.”⁹⁸

In hierdie tyd het die Verenigde Nasies (VN) se Veiligheidsraad ook resoluie 772 op 17 Augustus 1992 aanvaar waardeur die VN se begeerte om Suid-Afrika se mense te help om 'n nie-rassige demokrasie tot stand te bring, duidelik geïllustreer is. Hulle het 'n beroep op alle partye gedoen om die onderhandelinge so spoedig moontlik te hervat en om die ondernemings van die Nasionale Vredesverdrag gestand te doen. Hierop het Pik Botha in 'n verklaring die VN se sekretaris-generaal uitgenooi om VN-waarnemers in Suid-Afrika te ontplooi om saam met die Nasionale Vredesekretariaat te werk.⁹⁹

Dat daar ten spyte van die ANC se uiteenlopende verwagtinge, vooroordele en wantroue oor die hele politieke spektrum uiteindelik 'n ooreenkoms bereik is, kon selfs nie die grootste optimiste in daardie tydstip voorsien nie. Maar, in die politiek word dikwels gesê: “Dit wat vandag onmoontlik is, gebeur môre!”

⁹⁸
*Ibid.*⁹⁹

AREA, PV 357: HJ Coetsee-versameling, VN-resoluie, 17 Augustus 1992 en verklaring RF Botha, 18 Augustus 1992.

Intussen het die toenemende massa-aksie dramatiese afmetings aange- neem en het die pot van intimidasie, opstand en verset, aangevuur deur die ANC en sy bondgenote, op baie plekke oorgekook. Tydens 'n veiligheidsvoorligting op 20 Augustus 1993, het Hernus Kriel gesê dat die ANC/SAKP/MK en Self Defence Units (SDU's) se voortgesette mobilisering gerig is op die skep van sogenaamde "bevryde" gebiede in die Witwatersrand en in Natal. Swart leiersfigure se opruiende toesprake verhoog volgens hom die geweldsklimaat, onwettige wapentuig word in geweldpleging aangewend en die opleiding van SDU's was geskoei op die lees van guerilla-oorlogvoering. Verbruikersboikotte op die platteland het aanleiding gegee tot ernstige rasse-polarisasie. Gedurende dieselfde tyd het die PAC en APLA 'n voortgesette terreuraanslag gerig op die veiligheidsmagte en blankes (veral waar blankes in groepe byeen was, soos in kerke en restaurante). Vanaf radikaal regse kant het die AWB en Ystergarde hulle ook op para-militêre wyse begin mobiliseer en bewapen, eiendom beskadig, vergaderings ontwrig en swart woonbuurte geblokkeer in teenreaksie op verbruikersboikotte. Selfs die KP en die Volksfront het opruiende toesprake gehou waarin die gewelddoelwitte verpopulariseer is. Die IVP het op sy beurt sy magsbasisse in Natal en die Witwatersrand uitgebrei deur onder meer geweld te gebruik en deur die skep van veiligheidsones rondom hostelle. Hulle het ook toenemend onwettige wapentuig aangewend. Die land was inderdaad vasgevang in 'n maalkolk van geweldpleging en onmin, terwyl die regering steeds probeer het om stabiliteit te bewerkstellig.¹⁰⁰

In 'n landwye radio- en TV-boodskap op 2 Julie 1992 het FW de Klerk die land toegesprek oor die dooiepunt in die onderhandelinge en die geweld en 'n beroep op Suid-Afrikaners gedoen om kalm en verantwoordelik op te tree. Hy het ook alle leiers aangespoor om terug te keer na die

¹⁰⁰ Aucamp-versameling, veiligheidsvoorligting deur H Kriel, 30 Augustus 1993.

onderhandelingsstafel. De Klerk het gesê dat belowende vordering die vorige 2½ jaar gemaak is en dat 'n ooreenkoms amper by KODESA II bereik is, wat binne maande tot 'n verkiesing kon lei. Hy het die ANC ook beskuldig dat hulle die onderhandelinge gesaboteer het en hulle versoek om die samesprekings te hervat. Indien volskaalse konflik in die land sou uitbreek, sou daar geen wenners wees nie.¹⁰¹

Tydens die *impasse* het daar ernstige en skerp briefwisseling tussen mnr. Mandela en pres. De Klerk plaasgevind. In 'n lywige memorandum op 26 Junie 1992 het Mandela geskryf "our country is on the brink of disaster." Hy skryf die dooiepunt toe aan die NP se onwilligheid om saam met ander te beweeg om 'n ware demokrasie in die land tot stand te bring en hulle versuim om die geweld tot 'n einde te bring. Mandela verwys na 'n brief wat hy in 1989 uit die tronk aan De Klerk geskryf het en waarin hy sê: "two political issues will have to be addressed ... Firstly, the demand for majority rule in a unitary state; secondly, the concern of white South Africa over this demand, as well as the insistence of whites on structural guarantees that majority rule will not mean domination of the white minority by blacks."¹⁰²

Hy het voortgegaan dat daar nie vrede en stabiliteit in die land kan wees as daar nie meerderheidsregering is nie – iets wat die NP-regering nie wil insien nie. Mandela skryf dat solank as wat die NP-regering aandring op 'n minderheidsveto van watter aard ook al, die dooiepunt sal voortduur, want

¹⁰¹ SAUK, onderhoud met FW de Klerk, 2 Julie 1992; RSA Beleidsorsig, Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens, Augustus 1992.

¹⁰² AREA, PV 357: HJ Coetsee-versameling, briefwisseling tussen Nelson Mandela en FW de Klerk, 26 Junie en 2 Julie 1992.

"we committed ourselves to one-person-one-vote elections on the basis of proportional representation".¹⁰³

9. DIE VEELPARTY-ONDERHANDELINGSFORUM KOM OP DREEF

Toe almal se verwagtinge oor die voortsetting van onderhandelings baie laag was, het die byna onmoontlike gebeur toe Roelf Meyer en Cyril Ramaphosa op 21 Augustus 1992 op informele wyse die weg gebaan het vir die hervatting van die onderhandelinge wat met 'n bilaterale gesprek op 26 September sou begin. Op dié dag het die regering en die ANC mekaar weer by die World Trade Centre ontmoet en die ooreenkoms wat aan die einde van die beraad onderteken is, het as die Notule van Verstandhouding bekend gestaan. Die notule het omvattende bepalings vir 'n nuwe konstitusionele raamwerk bevat. Die meeste van die beginsels was reeds geformuleer voor KODESA II, maar is destyds nie bekragtig nie. Die kern daarvan was dat daar voorsiening gemaak is vir 'n tussentydse grondwet met 'n handves van regte, 'n demokraties verkose grondwetskrywende vergadering wat ook as tussentydse parlement sou dien en vir 'n oorgangsregering van nasionale eenheid. Die finale grondwet sou met 'n verhoogde meerderheid aanvaar moes word en aan vooraf ooreengekome beginsels getoets word. Ongelukkig het die IVP die regering kwalik geneem omdat die Notule van Verstandhouding hulle uitgesluit het. Hierdie ongelukkigheid het daartoe gelei dat hulle saam met 'n groep ander partye, waaronder die KP (wat intussen aan die onderhandelinge begin deelneem het), die Afrikaner-Volksunie (AVU) en die Afrikaanse Vryheidstigting (AVS) die Concerned South African Group (COSAG) gestig het. Hulle het gedreig om uit die samesprekingsforum te onttrek en dit het moeite gekos om hulle uiteindelik weer om die tafel te kry. Dit het

¹⁰³ *Ibid.*

gebeur toe daar op 8 en 9 Januarie 1993 'n ooreenkoms tussen die regering en COSAG bereik is. Daar is besluit dat 'n veelpartybeplanningskonferensie moes voorberei vir veelparty-onderhandelinge, asook dat alle partye wat by KODESA betrokke was, regerings van selfregerende gebiede en ander partye met bewese steun by die beplanning van so 'n konferensie, betrek moes word.¹⁰⁴

Waarnemers, soos die historikus Hermann Giliomee, is van mening dat pres. De Klerk met die aanvaarding van die Notule van Verstandhouding toegegee het aan die ANC se kern-aandring, dié van "alle mag aan die meerderheid". Oud-kabinetsministers soos dr. Tertius Delport en Henus Kriel deel die siening. Daardeur is die NP-geleide koalisie van wit en swart partye vernietig en die IVP het alle steun aan die regering onttrek. Meerderheidsregering is nie wat die NP belowe het gaan gebeur nie. Gedurende die verkiesing van 1989 en die referendum van 1992 is teenoor die kiesers onderneem dat die meerderheidsparty nie totale beheer sou hê nie en ander partye die mag sou deel.¹⁰⁵

Uiteraard was elke jaar in die dekade voor volle demokrasie belangrik, maar 1993 was lotsbepalend. Die oorgangsgrondwet het gestalte gekry en is op 22 Desember deur die Driekamerparlement aanvaar. Reeds op 5 en 6 Maart 1993 het die veelpartybeplanningskonferensie, bestaande uit verteenwoordigers van 26 partye en organisasies, by die Wêreldhandelsentrum in Kemptonpark ontmoet. Die geleentheid is ook deur afgevaardigdes van 50 buitelandse regerings, internasionale organisasies en waarnemers bygewoon. Op 22 April het 'n tienman veelparty onderhandelingsbeplanningskomitee ontmoet en op 30 April het die

¹⁰⁴ AREA, RP Meyer-versameling, PV 912; RSA Beleidsorsig, Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens, Oktober 1993;

¹⁰⁵ H Giliomee, *The Afrikaners*, pp. 642-643; Aucamp-versameling, onderhoud met dr. Tertius Delport, 10 Maart 2010.

onderhandelaars by die Veelparty Onderhandelingsforum besluit dat sewe tegniese komitees die volgende sake moes hanteer: 'n verkiesingskommissie, 'n Uitvoerende Oorgangsraad (UOR), die Nasionale Vredesverdrag, fundamentele regte en grondwetlike beginsels. Die onderhandelaars het besluit om vanweë die negatiewe konnotasie nie meer van KODESA te praat nie.¹⁰⁶

'n Belangrike verwikkeling gedurende daardie jaar was die stigting van die Afrikaner Volksfront (AVF) op 7 Mei 1993 en die verkiesing van genl. Constand Viljoen, voormalige hoof van die SA Weermag, as voorsitter. Viljoen het hom in Julie 1993 ten gunste van onderhandeling begin uitspreek. Dit is verwelkom deur dr. Dawie de Villiers, minister van nasionale ondernemings en leier van die NP se onderhandelingspan.¹⁰⁷

Gedurende Oktober 1993 het die IVP, KP en AVF, 'n koalisie van 21 konserwatiewe Afrikanergroepe en die regerings van Bophuthatswana, KwaZulu en Ciskei 'n alliansie gestig wat hulle die Vryheidsalliansie genoem het om die reg tot selfbeskikking van die volke van Suid-Afrika te bevorder. Die rare samestelling van die alliansie het dit byna onmoontlik gemaak om op die lang duur saam te staan. Nadat die NP die ANC oorreed het om die grondwet in 1994 te verander, sodat dit voorsiening gemaak het vir selfbeskikking en vir die moontlike ondersoek na 'n volkstaat, het Viljoen ter elfder ure van die AVF en die Vryheidsalliansie afgeskei en die Vryheidsfront gevorm wat wel aan die verkiesing deelgeneem het. Eers op 18 April het die IVP besluit om aan die verkiesing deel te neem nadat die Onafhanklike Verkiesingskommissie besluit het om betyds sowat 80 miljoen IVP-plakkers te druk wat op die

¹⁰⁶ AREA, PV 912: RP Meyer-versameling, 1/1/7/1, vordering KODESA II, 1/3/3, COSAG, 1/3/4, AVU.

¹⁰⁷ Aucamp-versameling, verklaring deur dr. Dawie de Villiers, 26 Julie 1993.

stembriefies geplak kon word. So was almal wat wou deelneem, gereed vir die baanbrekersverkiesing van 1994.¹⁰⁸

10. DIE OORGANGSGRONDWET KOM TOT STAND

Teen die middel van 1993 het die onderhandelingsproses, met die skryf van die oorgangsgrondwet, 'n kritieke fase bereik. Die Onderhandelingsforum het besprekingspunte aanvaar wat saam 'n pakket gevorm het van veelparty-ooreenkomste oor geweld, grondwetlike beginsels, die vorming van streke vir die toekoms, die raamwerk vir die nuwe grondwet en verdere opdragte oor fundamentele menseregte.

Vroeër is tydens die onderhandelinge deur die deelnemende partye en organisasies ooreengekom op 34 grondwetlike beginsels wat die grondslag sou vorm vir die oorgangsgrondwet en ook sou dien as uitgangspunte vir die finale grondwet omdat nie daarvan afgewyk kon word nie. Die grondwetlike beginsels het ook 'n nuwe praktyk ingestel naamlik dié van 'n grondwetlike hof. Daardie hof sou ook die taak hê om te sertifiseer dat die volgende grondwet voldoen aan die 34 grondwetlike beginsels.¹⁰⁹

Die aanname van die grondwetlike beginsels is deur waarnemers gesien as 'n triomf vir redelike, vredesoekende mense en 'n getuigskrif vir die verantwoordelikheid waarmee te werk gegaan is. Die beginsels is ook as 'n triomf vir die NP beskou. *Beeld* skryf in 'n hoofartikel dat, indien die NP se dokument "Grondwetlike riglyne in 'n deelnemende demokrasie" van September 1991 van nader bekyk word, besef word hoe baie van daardie visie werklikheid geword het. Interessant is ook hoe die koerant die posisie van die NP vergelyk met dié van die ANC twee jaar vantevore en

¹⁰⁸ *Ibid.*, voorstel van die regering en die ANC, 21 Desember 1993.

¹⁰⁹ *Ibid.*, notas vir R Meyer, NP-kongres, 3 Februarie 1994; *Ibid.*, NP-bulletin, Die grondwetlike beginsels, Maart 1994.

oordeel dat die ANC oor fundamentele sake soos die ekonomie baie meer as die NP geskuif het.¹¹⁰

Na intensiewe onderhandeling is daar besluit op vier wetgewings, waarvan die Wetsontwerp op die Uitvoerende Oorgangsraad (UOR) en die Wet op die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) die belangrikste was. Die oogmerke van die UOR was om, in samewerking met alle wetgewende en uitvoerende strukture op die regeringsvlakke in Suid-Afrika, die voorbereiding vir en oorgang in 'n demokratiese bestel in Suid-Afrika te vergemaklik en te bevorder. Die UOR met sy subrade moes ook verseker dat intimidasie hokgeslaan word, dat toegang tot kiesers verseker word, dat vrye en regverdigte verkiesings kon plaasvind en dat staatsmiddele nie sekere politieke partye bo ander bevoordeel nie.¹¹¹

Die Wetsontwerp op die Onafhanklike Verkiesingskommissie het 'n kommissie ingestel om die eerste verkiesings vir 'n demokratiese verkose nasionale vergadering en alle ander wetgewende liggame, uitgesonderd die senaat, te implementeer, te administreer, te organiseer en daarvoor toesig te hou. Saam met hierdie wetsontwerp is die Kieswet van 1993 ook aanvaar en is die verkiesingsregulasies ingevolge die Wet op die OVK en die Kieswet op 17 Februarie 1994 in die *Staatskoerant* gepubliseer. Die Kieswet se doel is in die lang titel daarvan beskryf as die reëling van die verkiesing in die nasionale vergadering en alle provinsiale wetgewende liggame wat verkies sou word ingevolge die grondwet van die RSA en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.¹¹²

¹¹⁰ *Beeld*, 5 Julie 1993, hoofartikel.

¹¹¹ Wetsontwerp op die Uitvoerende Oorgangsraad, Wet 162 van 1993.

¹¹² Kieswet, Wet 202 van 1993; Wet op die Onafhanklike Verkiesingskommissie, Wet 151 van 93; *Staatskoerant* 15436, 14 Januarie 1994.

Al wat op dié tydstip nog oorgebly het, was om die oorgangsgrondwet te skryf. Ses mense het op 5 Julie 1993 begin om 'n konsepgrondwet voor te berei. Die teikendatum was 15 Augustus. Die Onderhandelingsforum het uiteindelik die tussentydse grondwet op 18 November aangeneem. Die deskundiges wat met die opstel gemoeid was, was prof. Francois Venter, voorsitter en 'n kenner van die staatsreg van Potchefstroom en 'n tydperk adviseur in die departement van staatkundige ontwikkeling; prof. Marinus Wiechers, aangewese rektor van UNISA en ook betrokke by die opstel van die grondwet van Namibië; prof. Arthur Chaskelson, een van die land se mees gerespekteerde regsgeleerdes, 'n senior advokaat en iemand met wye ANC-steun; adv. Dikgeng Moseneke, gewese onderpresident van die PAC en senior advokaat in die Pretoriase Balie; dr. Michelle Olivier, regsadviseur van die departement van buitelandse sake en kenner van die volkerereg; en dr. Willem Olivier, gewese hoogleraar aan die Vrystaatse Universiteit wat in burgerreg gepromoveer het en as advokaat in Bloemfontein gepraktiseer het (Olivier was die seun van prof. Nic Olivier, eers verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch en later PFP-parlementslid.)¹¹³

Op 1 Desember 1993 kon pres. FW de Klerk in sy vroeë Nuwejaarsboodskap Suid-Afrikaners inlig dat 1993 in die annale bekend sou staan as die einde van 'n era in die land se konstitusionele geskiedenis. In 1994 sou 'n nuwe hoofstuk begin omdat vir die eerste maal 'n veelpartyregering verteenwoordigend van al die land se mense, na die eerste ten volle demokratiese verkiesing, oor Suid-Afrika sou regeer. Die grondwet en handves van regte, en nie politici nie, sou die laaste sê hê en daar sou effektiewe wigte en teenwigte wees om magsmisbruik te voorkom. De Klerk het onder meer gesê dat "ons" (verwysende waarskynlik na die NP en Suid-Afrika) trots kon wees daarop dat "ons" daarin geslaag het om

¹¹³ *Rapport*, 4 Julie 1993, p. 15.

met welslae te onderhandel ten spyte van verskille, agterdog, vrese en vooroordele, en ten spyte van die geweld wat die land so geteister het.¹¹⁴

Die nuwe jaar, 1994, het De Klerk vervolg, sou baie uitdagings hê, onder meer om demokrasie te laat slaag en seker te maak dat die verkiesing wat vroeër vir 27 April bepaal is, vry en regverdig sou wees. Hy het afgesluit: "Met die hulp en genade van Hom wat beskik oor die lotgevalle van ons almal, kan elke individu 'n verskil maak in die bou van 'n beter Suid-Afrika. Kom ons doen dit - nou."¹¹⁵

Die nuwe "oorgangsgrondwet" is op 22 Desember 1993 deur aldrie huise in die parlement aanvaar. Die Raad van Verteenwoordigers het eenparig (73 lede was teenwoordig) daarvoor gestem. In die Raad van Afgevaardigdes het 36 van die moontlike 45 daarvoor gestem, terwyl die IVP daarteen was (die IVP het in totaal nege lede in daardie huis gehad). In die Volksraad het 132 vir en 42 lede teen die aanname gestem. Daarmee was die besluit goedgekeur ooreenkomstig artikel 99(2) van die grondwet. Gedurende die verdeling het Fanie Jacobs van die KP geskree: "Net ver-raaiers druk die blou knoppie", terwyl nog 'n KP-lid, Wynand van Wyk, laat hoor het: "Landsverraaiers! Hulle almal!" Dit het tot 'n groot onaangenaamheid gelei waarop die speaker sowel Jacobs as Jan Hoon, nog 'n KP-lid, gelas het om die Raadsaal te verlaat.¹¹⁶

Die vernaamste kenmerke van die grondwet kan as volg opgesom word:

- Die oppergesag van die verskanste grondwet is die opvallendste kenmerk omdat die soewereiniteit van die parlement wat tot en met die besluit die staatkunde oorheers het, opgehef is.

¹¹⁴ SAUK-TV-onderhoud, 31 Desember 1993.

¹¹⁵ *Ibid.*

¹¹⁶ *Hansard*, 22 Desember 1993 kol 16614; Eli Louw, *Oor my pad*, pp. 214-216.

- Gelyke stemreg en burgerskap is aan alle Suid-Afrikaners verleen. Daar is ook 'n proporsionele kiesstelsel ingebring waarvolgens setels aan politieke partye toegeken sou word volgens die steun wat hulle in verkiesings kry.
- 'n Handves van Regte vorm deel van die grondwet en beheer die verhouding tussen die staat en die individu. 'n Konstitusionele hof is ingestel om die geldigheid van staatsoptrede aan die grondwet te toets.
- 'n Regering van Nasionale Eenheid (RNE) is gevorm. Die president is deur die parlement gekies en is voorsitter van 'n kabinet wat saamgestel sou word uit verteenwoordigers van al die partye wat minstens 20 setels in die parlement het. Elke party met 80 lede of die twee sterkste partye, is ook geregtig op 'n adjunkpresident. Op provinsiale vlak is daar ook voorsiening gemaak vir die aanstelling van ander partye met 'n minimumverteenwoordiging in uitvoerende rade.
- Nege provinsies het die vier provinsies, ses selfregerende gebiede en vier onafhanklike state vervang.
- Daar is op 'n verskeidenheid van maniere gepoog om die diversiteit van belange in die Suid-Afrikaanse samelewing te akkommodeer.
- Gelykheid tussen mans en vroue en mense van alle bevolkingsgroepe sou geld.
- 'n Grondwetlike vergadering sou die finale grondwet opstel en aanvaar, met ander woorde dit was 'n oorgangsgrondwet.¹¹⁷

In die slothoofstuk is die hoop uitgespreek dat dié nuwe grondwet die fondament sou lê vir eenheid en versoening in Suid-Afrika, en dat daar gestrewe sou word na begrip, herstel en medemenslikheid deur alle Suid-Afrikaners.¹¹⁸

¹¹⁷ Uitvoerende Oorgangsraad, *Jou waarborg vir 'n beter Suid-Afrika* (pamflet); Rautenbach en Malherbe, *Wat staan in die Grondwet*, pp. 3-4.

¹¹⁸ Die Wet op die Grondwet van Suid-Afrika 1993, Wet 200 van 1993.

Die feit dat magsdeling net vir die oorgangstydperk onderhandel kon word, sou vir baie jare daarna nog 'n saak van intense bespreking word. Daarbenewens is geargumenteer dat die "magsdeling" waarvoor die oorgangsgrondwet voorsiening gemaak het, geen werklike magsdeling was nie, maar niks anders as koöpsie nie. Dit verklaar die NP se onttrekking daaruit in 1996. Dat hierdie aspek 'n sensitiewe saak vir De Klerk was, is geïllustreer in die moeite wat hy in sy outobiografie doen om die saak te probeer verduidelik. Daarin sê hy dat die konsep van magsdeling die NP se antwoord op die ANC se simplistiese konsep van meerderheidsregering in 'n komplekse en verdeelde samelewing was. "Ons wou verhoed dat te veel mag in die hande van een enkele party of instelling gekonsentreer word." De Klerk beweer dat dit 'n dwaalbegrip was dat die NP se benadering slegs met veelpartydeelname in die kabinet of ander uitvoerende gesagsliggame verband gehou het. Hy argumenteer dat die "pakket" die volgende ingesluit het: Skeiding van magte; die devolusie van mag na streek- en plaaslike regerings; groter meerderhede in belangrike besluitneming en die inperking van die president se magte.¹¹⁹ Hoewel De Klerk reg is dat die oogmerk nie net magsdeling op kabinets- of uitvoerende vlak was nie, is hy besig om self te dwaal as hy dink dat die kiesers en die NP hom 'n mandaat gegee het om te onderhandel vir die huidige bedeling - 'n bedeling van die gewone wenner-neem-alles model. Die meerderheid NP-ondersteuners was waarskynlik in daardie stadium te naïef en goedgelowig om te kon voorsien waarop alles uiteindelik gaan uitloop.

In 'n werksdokument oor die Nasionale Party-beleid gedateer 30 Augustus 1993 is onder meer gesê: "Daar moet gestalte gegee word aan 'n verteenwoordigende en deelnemende demokrasie." Hierdie oogmerk kon bereik

¹¹⁹ De Klerk, pp. 404-409.

word deur *magsdeling* en *magsverdeling* om aldus 'n oormatige magskonsentrasie te voorkom. Magsdeling kon neerslag vind wanneer verskillende politieke partye (wat noemenswaardige steun geniet) op 'n proporsionele basis in alle uitvoerende liggame (byvoorbeeld die kabinet) verteenwoordig word. Dit kon ook bereik word deur aan verskillende streekregerings bepaalde inspraak te gee in sekere besluite van die sentrale regering. Magsverdeling kon bereik word deur effektiewe devolusie van mag sodat outonome gesag aan die drie regeringsvlakke gegee word. Op sentrale vlak moes daar 'n parlement, bestaande uit twee huise, tot stand kom. Die eerste huis moes proporsioneel verkies word en die tweede huis moes uit streeksverteenwoordigers bestaan. Die Handves van Fundamentele Regte moes in die hof betwisbaar wees. De Klerk is dus deels reg as hy later beweer dat magsdeling nie net op uitvoerende vlak van regering beoog is nie. Hy is egter verkeerd as hy enigsins beweer dat die NP aanvanklik te vinde was vir 'n "pakket" wat nie voorsiening vir veelparty-deelname op uitvoerende vlak gemaak het nie. NP-beleid was duidelik en die mandaat was duidelik: "Die party is ten gunste van 'n wenwen benadering eerder as 'n 'wenner-vat-alles' benadering." Daarom het die NP verklaar: "Magsdeling beteken dus effektiewe deelname deur meerdere partye aan besluitneming op kabinets- en ander vlakke. Dit gee 'n groter getal mense inspraak in die doen en late van 'n regering en administrasie wat meebring dat daar 'n groter aanvaarding (legitimiteit) vir die aksies van die regering in die samelewing sal wees", of soos De Klerk dit self duidelik gestel het: "Geen party sal vorentoe in dieselfde posisie as wat die NP nou is, wees om al die besluite te neem nie" of "ongebreidel al die mag in die hande hê nie".¹²⁰ Nou is bogenoemde in Suid-Afrika 'n realiteit.

¹²⁰ Aucamp-versameling, Nasionale Party-beleid, 30 Augustus 1993.

De Klerk het daarom nie sy woord gestand gedoen nie. Wat verder onverskoonbaar is, is dat De Klerk, sowel as Roelf Meyer, die land onomwonde verseker het dat 'n tweede referendum (na dié van 1992) gehou sou word indien die NP-regering afwyk van die mandaat wat hy in die verkiesing van 1989 gekry het. De Klerk het tewens belowe dat die finale oorgangsgrondwet aan die wit kiesers voorgehou sou word as daar van die mandaat afgewyk word. Daar is inderdaad van dié mandaat afgewyk. Tewens, op 24 Januarie 1992 het De Klerk gesê dat hy selfs 'n referendum voorsien waaraan alle Suid-Afrikaners kon deelneem en waarin die uitslag in die geheel, sowel as by wyse van parlementêre kieserslyste, bepaal kon word. Hy het gesê dat op so 'n wyse die legitimiteit van enige oorgangsregering bo enige twyfel gestel sou word. "Eers na so 'n referendum, en indien die uitslag positief is, sal implementering volg", het hy destyds belowe. Wat ook 'n bitter pil vir lojale NP-partywerkers was, was die feit dat baie van die "sogenaamde" leuens van die KP oor die uiteinde van NP-beleid uiteindelik die waarheid blyk te gewees het.¹²¹

Uit die oorgangsgrondwet het die finale grondwet van 1996 gevloei. Die aard en inhoud daarvan sou die Nasionale Party, baie minder entoesiasies stem. Tewens, daar was in 'n laat stadium sprake dat die NP nie sy steun aan die grondwet sou toesê nie. Die party het dit uiteindelik tog (teësinning) aanvaar.¹²² Hiermee is 'n era van intensiewe onderhandelinge tussen die NP en die ANC as hoofonderhandelaars afgesluit, 'n uiteinde wat eventueel die NP onvergenoegd sou laat.

¹²¹ RSA Beleidsorsig, Maart 1992, p.9; *Die Volksblad*, 20 September 1991, p. 11; *Die Burger*, 20 September 1991; Herman Giliomee, *Die Afrikaners*, p. 597; *Hansard*, 24 Januarie 1992, kol. 37-38; De Klerk, pp. 253-254.

¹²² Met die derde demokratiese verkiesing in 2009 was 'n groot deel van die bevolking egter erg beswaard oor die tekens dat die ANC sy meerderheid sou gebruik om die grondwet tot hulle eie voordeel te verander. Tot op hede het dit nie gebeur nie, maar baie mense bly steeds skepties dat Suid-Afrika uiteindelik die pad van die res van Afrika sal stap - die pad na magsmisbruik, korrupsie, nepotisme, verlaging van standaarde, asook die ineenstorting van infrastruktuur en van demokrasie.

Aan die einde van die politieke tafereel van 1984 tot 1994 is verskeie vrae nog nie ten volle beantwoord wanneer op hierdie epogmakende periode teruggekyk word nie. Vrae soos die volgende sal moontlik nooit ten volle tot almal se bevrediging beantwoord word nie:

1. Wat presies was die NP as politieke party se rol in die onderhandelingsproses?
2. Hoe presies het die party se onderhandelingsstrategie, veral in 1992 en 1993, in die binnekringe van die eens magtige NP ontplooi?
3. Hoe het die NP probeer om sy ondersteuningsbasis te behou?
4. Moet FW de Klerk en Roelf Meyer primêr verantwoordelik gehou word vir die party se onvermoë om die onderhandelingsproses suksesvol af te handel?
5. Was die ander hooffigure in die NP nie binne die party se demokratiese strukture (koususse, kongresse en provinsiale stukture) in staat om die onderhandelingsprosesse en die sleutelrolspelers daarin te beheer en te rig nie? Was hulle dan totaal of gedeeltelik uitgesluit van besluitneming?
6. Wat was in hierdie fase die rol van die NP-gesinde koerante as meningsvormers en as weerspieëlers van die partyondersteuners se siening?

Wat vraag 1 betref, was daar twee rolspelers wat die proses beheer het, naamlik die NP en die ANC. Die NP se rol was van kardinale belang en die party het vooraf sy sogenaamde agt ononderhandelbare voorvereistes en sy plan "Grondwetlike regering in 'n deelnemende demokrasie" wat as basis vir die onderhandelingsproses sou dien, gestel (vgl. p. 436). Met die NP steeds as regering van die land en as inisieerder van die transformasieproses, het hulle inderdaad in vele opsigte die hef in die hand gehad. Daar is van die NP verwag om die toon aan te gee, om die

ANC-eise te temper, om koers en rigting te gee aan die kwelvrae waarmee die partye gekonfronteer sou word, om 'n bedeling te skep wat ook vir blanke Suid-Afrikaners aanvaarbaar sou wees, veral in die lig van sterk vrese vir blanke oorheersing in 'n moontlike nuwe bedeling. Sterk optrede was nodig, billike oplossings vir alle Suid-Afrikaners moes beding word en die NP moes nie toelaat dat hulle onderhandelingsbasis verswak nie. Hul voorvereistes en strewes moes duidelik en doelgerig wees, hulle eise moes billik en haalbaar wees en hulle optrede en hantering van delikate sake moes doelgerig wees, respek afdwing en diplomaties hanteer word. Kortom: onderhandelaars van formaat moes met oorleg en 'n fyn nuanse die party se belange op die hart dra. Die party het nie daarin geslaag om aan al hierdie belangrike vereistes in die onderhandelingsproses te voldoen nie. Vandaar dat die interim-grondwet van 1993 (en die latere grondwet van 1996 as uitvloeisel daarvan) nooit blanke Suid-Afrikaners ten volle sou bevredig nie, maar dit sou nietemin wel vir swart en bruin Suid-Afrikaners 'n belangrike politieke mylpaal wees. Die NP was fasiliteerder en genoot in die onderhandelingsproses, maar kon nooit werklik 'n besondere bres slaan vir die party se posisie in 'n nuwe bedeling nie. Te midde van die breë oorkoepelende steun van die ANC was dit miskien onbillik van die NP-ondersteuners om van sy onderhandelaars te verwag om vir 'n meer gunstige toekoms vir blanke Suid-Afrikaners te onderhandel. Dit was juis hierdie oorweldigende steun vir die ANC wat hul onderhandelingspan, met Cyril Ramaphosa aan die spits daarvan, se hande gesterk het en aan hulle 'n politieke voorsprong gegee het, wat die NP nooit in 'n gunstiger onderhandelingsituasie sou plaas nie.

Tweedens, hoe het die NP se onderhandelingsstrategie, veral in 1992 en 1993, in die binnekringe van die NP ontplooi? Daar kan tereg gevra word hoe die onderhandelingsproses hanteer en gekoördineer is en of daar

binne die party 'n span of groep was wat hieraan koers en rigting moes gee.

Die gewone partylid, kookuslid en selfs, soos dit later geblyk het, sommige kabinetslede was, wetend hoe taai die onderhandelingsproses sou wees, gerus dat die onderhandelaars by die voorwaardes en ondernemings wat tydens kongresse, in die parlement en op vergaderings gegee is, gehou sou word en het aanvanklik nie rede gesien, behalwe byvoorbeeld in die kookus, om indringende en kritiese vrae te stel nie. FW de Klerk het deurentyd daarin geslaag om gemoedere te kalmeer in 'n gees van "vertrou ons, alles sal regkom". Van die eerste gevaartekens was toe parlamentslede verskillende nuanses deur De Klerk tydens kookusvergaderings en Roelf Meyer tydens sy departement se studiegroepvergaderings beleef het. In die studie is aangetoon hoe die "tweede pilaar" van die NP-plan, naamlik deelnemende demokrasie, tydens die onderhandeling gesneuwel het. In daardie laat stadium was die skikking byna 'n *fait accompli* en sou enige drastiese teenstand deur lede, parlamentslede en selfs kabinetslede nutteloos en politieke selfmoord wees. Die koeël was toe reeds deur die kerk.

In 'n onderhoud bevestig Roelf Meyer sy bekende standpunt dat, in soverre dit die grondwet aangaan, hy tevrede voel oor die eindproduk van die onderhandeling. Hy beskou die grondwet een van die bestes in die wêreld wat in gesaghebbende kringe bestempel word as 'n "benchmark" en rolmodel vir ander demokratiese prosesse. Die feit dat Suid-Afrika 'n konstitusionele of regstaat is met die grondwet as die hoogste gesag in die land, bied die beste beskerming wat vir elke individu verseker kon word en dit is al telkens deur die konstitusionele hof gehandhaaf. Meyer glo dat die NP en die onderhandelaars 'n makliker taak sou hê indien hulle reeds in 1985 die proses van stapel kon stuur deur die sogenaamde

Rubicon-toespraak van pres. PW Botha. Sedert die nasionale noodtoestand afgekondig is, het die VSA 'n reeks sanksies ingestel en het verskeie swart woonbuurte onregeerbaar geraak. Volgens hom was die NP-regering, anders as in 1985, teen 1990 in baie opsigte met die rug teen die muur.¹²³

Wat betref die samestelling van die onderhandelingspan en die besluitnemingsproses, is Meyer eweneens gemaklik, hoewel dit (die samestelling) nie in sy hande was nie. By Kemptonpark was die voltydse span hyself (nadat hy by dr. Gerrit Viljoen oorgeneem het), Dawie de Villiers en Leon Wessels, terwyl die onderskeie ministers regstreeks verantwoordelik was vir hulle lynfunksie-portefeuljes (byvoorbeeld justisie: minister vir justisie-sake, ens.). Hy sê dat die onderhandelingspan by elke kabinetsvergadering volledig verslag gedoen het en geen besluite by die onderhandelingstafel deurgevoer is wat nie vooraf deur die kabinet uitgeklaar is nie. Oor die beweerde stelling van FW de Klerk: “My God Roelf, jy het die land weggegee”, toe die beginsel van meerderheidsregering aanvaar is, noem Meyer dat eersgenoemde nooit soiets in sy teenwoordigheid geuiter het nie en dit ook self teenoor David Welsh ontken het. Meyer hou vol dat hy niks gedoen het sonder om De Klerk daarin te geken het nie. De Klerk was sy “prinsipaal” en as sodanig het hy alles met hom uitgeklaar, terwyl eersgenoemde die proses noulettend gevolg het. Wat hom betref, is alle besluite op 'n kollektiewe basis geneem en indien daar destyds besware teen die oorgangsgrondwet of die finale grondwet sou wees, moes dit óf destyds ingeneem gewees het, óf moes die twee dokumente afgekeur gewees het. Kortom: “Albei die dokumente was nie net die resultaat van twee persone se werk nie.”¹²⁴

¹²³ Aucamp-versameling, e-pos van Roelf Meyer, 13 Maart 2011.

¹²⁴ Ibid.

Roelf Meyer erken dat die insig van die NP met betrekking tot 'n onderhandelde skikking in die aanloop tot die ondertekening van die "Record of Understanding" op 26 September 1992 'n betekenisvolle verskuiwing ondergaan het. In daardie dokument is die beginsel van 'n demokratiese stelsel gegrond op die respek vir die individu en die erkenning van gelyke regte vir elkeen gevestig.¹²⁵ "Dit was die belangrikste skikkingsmoment in die totale proses en dit het die konsepte van meerderheid teenoor minderheid en magsdeling as grondslag vir 'n nuwe grondwet vervang." Meyer oordeel dat dit 'n paradigma-skuif in NP-denke was en die grondslag daargestel het waarop die grondwet onderhandel sou word. "Daardie verskuiwing soos vergestalt in die "Record of Understanding" was die resultaat van kabinetsbespreking en goedkeuring," aldus Meyer, "want mnr. De Klerk sou dit sekerlik nie namens die regering onderteken het daarsonder nie."¹²⁶

In hierdie tesis is daar ook ander nuanses op die historiese proses deur voormalige kabinetslede geskets. Aspekte wat egter nie in die wind geslaan kan word nie, is waarom De Klerk nie na die "paradigma-skuif" weg van veelpartyregering 'n referendum uitgeroep het nie, want dit was beslis 'n fundamentele afwyking van die NP se mandaat (sien: *Grondwetlike Regering in 'n deelnemende demokrasie*). Verder bly dit vreemd dat die NP na dié skuif, na 1994 volhard het om magsdeling in die finale grondwet ingeskryf te kry nadat die beginsel tydens 'n federale kongres herbevestig is. Dalk is die antwoord deels geleë in Roelf Meyer se opmerking teenoor die outeur: "Daar was nog altyd 'n tipe dualisme in die NP se denke en redenering."¹²⁷

¹²⁵ Roelf Meyer argumenteer dat daar 'n verskil is tussen "meerderheidsregering" en "individuele-regte-regering" en dat laasgenoemde destyds onderhandel is en tans manifesteer.

¹²⁶ Aucamp-versameling, e-pos van Roelf Meyer, 13 Maart 2011.

¹²⁷ Ibid., telefoniese gesprek met Roelf Meyer, 14 Maart 2011.

Die derde vraag is eweneens geldig. Sedert 1982, en reeds vroeër, het die NP se ondersteuningsbasis begin wegkalwe, en binne die raamwerk van die politieke magspel van 1984 – 1994, het die party verbete probeer om sy steun uit te bou. Te midde van voortdurende kritiek uit regse en linkse geledere, sou dit geen maklike taak wees nie. Die NP kon veral nie bekostig om so 'n groot getal konserwatief-denkende blanke Suid-Afrikaners se steun te verloor nie. Uiteraard sou die party sy goeie oogmerke met die transformasieproses en onderhandelings op 'n deurlopende basis via nuusblaaie op sy eie propagandamedia aan Suid-Afrikaners voorhou. Met sy betreding van die transformasieproses was onderhandeling en intense gesprekvoering aan die orde van die dag en moes rekening gehou word met die kommer en bedenkinge van sy ondersteuners, wat, namate onderhandelings gevorder het, toegeneem het. Hoewel die party die media gebruik het om sy saak te stel en kiesers te probeer sus, was dit juis die media (en nuusblaaie wat die NP in die verlede gesteun het) wat ook al meer krities teenoor FW de Klerk en sy party geraak het. Te midde hiervan kon die party ook nie sy meer verligte steunbasis agterweë laat nie en moes ook hulle deurlopend tevrede gehou word. Om almal binne die party tevrede te stel, was beslis geen maklike taak nie. Die vordering van die onderhandelaars is gedurig deur die media en publiek gemonitor en in die hele proses is die NP gemeet en dikwels, ten regte of onregte, veroordeel. Binne die party was sy ondersteuners huiwerig om sterk standpunt in te neem en is geglo dat De Klerk en Meyer die onderhandelinge in die party se beste belang sou deurvoer.

Vierdens, soos vroeër reeds aangedui, moet benadruk word dat die NP-leiers sedert genl. Hertzog die toon aangegee het. Ook FW de Klerk is, soos sy voorgangers, met beleid en optrede vertrou. In belangrike besluitneming is van De Klerk verwag om leiding te neem. In die party se

demokratiese strukture is daar beplan en is optrede dikwels bloot kondoneer. Die probleem was egter steeds dat dit sy leier was wat koers en rigting aan die partybeleid gegee het. Prominente NP-leiers was dikwels onwillig of huiwerig om hul leier aan te vat, waarskynlik uit vrees vir viktimisasie of onmin. Hoewel hulle deel van besluitneming was, het min Nasionaliste die moed van hul oortuiging gehad om die partyleier te opponeer. Die uitsonderings was dikwels nie bereid om hulself by wyse van sterk teenstand in die party se onguns te bring nie. Die NP van die negentigerjare was in dié opsig geen uitsondering nie. Tog, gedagtig aan die erns van die situasie van 1992-1993, verwag 'n politieke ontleder dat dit NP-leiers oor die breë front sou beweeg om sonder huiwering oor sake waaroor hulle sterk gevoel het, standpunt in te neem.

In die studie het dit tog aan die lig gekom dat daar inderdaad harde woorde in die kabinet en daarbuite tussen lede geval het en dat veral Tertius Delpont, Hernus Kriel en Kobie Coetsee nie geskroom het om hulle ontevredenheid met fasette van die onderhandelinge te lug nie.

Sou 'n mens, ten slotte, opnuut stilstaan by die rol van die NP-gesinde koerante as meningsvormers en as beelddraers van die party se siening, dan moet bevestig word dat die pen inderdaad magtiger is as die swaard. FW de Klerk is sedert 2 Februarie 1990 op die hande van die NP-media gedra en geprys vir sy deurdagte en manhaftige optrede. Namate die onderhandelings gevorder het, het die pro-NP-koerante steeds die party se lof besing. Geen party gaan voort op sy ingeslane weg sonder om op koerantmenings ag te slaan nie, veral nie die opinies van nuusblaai wat oor die jare tradisionele ondersteuners van sodanige party was nie. Met die steun en aanmoediging van sy media, ook die TV, radio en politieke ontleders, sou die NP kwalik afwyk van die weg wat hy betree het. Om eerlik te wees, was daar vir die NP geen ander pad om te volg nie. Dit was

die eerbare en korrekte optrede om onderhandelinge vir demokrasie te inisieer en suksesvol deur te voer. In die proses sou sommige mikpunte nie bereik word nie, maar is NP-leiers steeds aangevuur deur die media se dikwels positiewe beriggewing en ook dié van sommige Suid-Afrikaners. Soms, en veral later, het die NP ook deurgeloopt onder die penne van sy eie media wat nie alles klakkeloos aanvaar het nie.¹²⁸ Omdraaikans was daar nie en die NP is steeds die taak opgelê om te onderhandel in die beste belang van die mense van Suid-Afrika. Die positiewe of negatiewe kritiek van die media was maar deel van die politieke proses, en hoewel sienswyses en uitlatings soms sy stempel op die party afgedruk het, is gehoop dat gesonde rede en weldeurdagte besluite eventueel sou seëvier.

¹²⁸ Voorbeelde van mediakritiek uit eie geledere is: *Rapport*, 17 Julie 2007, p. 1; *Rapport*, 7 Augustus en 4 Desember 1994; *Finansies en Tegniek*, 17 Mei 1996; *Die Burger*, 1 Maart 1996; *Beeld*, 11 Februarie 1995; *Die Burger*, 6 Februarie 1997 (hoofartikel).

HOOFSTUK 7

DIE 1994-VERKIESING EN DIE ONMIDDELLIKE GEVOLGE DAARVAN

1. DIE UITVOERENDE OORGANGSRAAD (UOR) KRY SY HAND OP DIE STUUR

Die laaste klompie maande van Nasionale Party (NP)-regering is finaal ingelui met die bekendmaking van die verkiesingsdatum – 27 April 1994. Belangrik is egter dat die party reeds teen die einde van 1993 grootliks sy mag as regeringsparty verloor het omdat die Uitvoerende Oorgangsraad (UOR) in effek die pas aangegee het. NP-parlementslede het staande komitees slegs as rubberstempels begin beskou, omdat hierdie komitees niks meer gedoen het as om wetsontwerpe, wat deur die UOR daarna verwys is, goed te keur nie. Met verwysing na die UOR is dit belangrik om daarop te wys dat die betrokke wetsontwerp oor twee volle dae in die parlement gedebatteer is en dat 83 sprekers daaraan deelgeneem het. Dit, nadat die wetsontwerp oor 'n tydperk van ses maande, eers in die tyd van KODESA en daarna gedurende die veelparty-onderhandelingsproses, bespreek is.¹

Die tweede lesingdebat oor die wetsontwerp het emosioneel geëindig toe die Konserwatiewe Party (KP)-hoofswep, Frank le Roux, aangekondig het dat die KP-koukus hulle vereenselwig met die woorde van die leier van die amptelike opposisie, dr. Ferdie Hartzenberg, dat hy die woorde wat Jan Hoon die vorige aand geuiter het, naamlik dat die minister van staatkundige ontwikkeling (Roelf Meyer) 'n veragtelike verraaier van die

¹ *Hansard*, 22 September 1993, kol. 13836. JM (Inus) Aucamp-versameling (Hierna verwys as Aucamp-versameling), onderhoud met Frik van Deventer, s.a.

parlement is, herhaal en onderskryf. Dit was uiteraard onparlementêr en Hartzenberg is deur die speaker (Eli Louw) gelas om die woorde terug te trek, maar hy het geweier om dit te doen. Hartzenberg is daarop gelas om die Raadsaal te verlaat, waarop KP-LP's hom gevolg het.² Dit was waarskynlik die eerste maal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse parlement dat soiets gebeur het, en belig iets van die intensiteit en emosie wat gedurende daardie tyd veral in die Volksraad vaardig was.

Die bevoegdhede van die UOR het tot hewige debat gelei. Daar was drie spesifieke terreine waarop hierdie raad moes funksioneer. Eerstens moes dit 'n vrye politieke deelname verseker. Tweedens moes daar 'n vrye en regverdige verkiesing plaasvind. Derdens moes dit 'n oorgang na 'n demokratiese staatsbestel fasiliteer. Verlaas oor die laaste aspek het die KP geargumenteer dat, met die inwerkingstelling van die UOR op 8 Desember 1993, dit in effek die oordrag van gesag en van regering aan 'n ander liggaam behels het.³ Dit is hewig deur Roelf Meyer en ander sprekers ontken, maar KP-lede het gewys op die bevoegdhede van die UOR soos in artikel 13 van die wetsontwerp omskryf, wat in werklikheid beteken het dat die raad "enige voorgestelde wetgewing van enige regering of administrasie" kon veto. Daar moet in gedagte gehou word dat die betrokke wet ook in al die selfregerende gebiede en die vier onafhanklike state gegeld het. Pres. FW de Klerk het ook tydens die Transvaalse NP-kongres vroeër ontken dat die UOR 'n tussentydse regering is.⁴

² *Hansard*, 22 September 1993, kol. 13834-13838; Eli Louw, *Oor my pad*, pp. 214-215 (Hartzenberg is aangestel as waarnemende leier van die amptelike opposisie m.i.v. 22 April 1993 en verkies tot leier m.i.v. 15 Mei 1993 i.p.v. dr AP Treurnicht wat op 22 April oorlede is.)

³ *Hansard*, 3 Desember 1993, kol. 14860..

⁴ *Ibid.*, kol. 14801-14866, 3 Desember 1993; Wet op die Uitvoerende Oorgangsraad, Wet 151 van 1993; *Die Volksblad*, 11 September 1993, p. 2; 27 Julie 1993, p. 4; *Nasionalis*, Oktober 1993, p. 2.

2. DIE TUSSENTYDSE GRONDWET LUI DIE VERKIESING IN

Nadat die grondwet van 1993 op 22 Desember van daardie jaar met 'n tweederdemeerderheid aanvaar is, het pres. FW de Klerk, in wat toe beskou is as die laaste besluit van die "ou" parlement, gesê die tyd om agtertoe te kyk, is verby.⁵ Sy woorde was: "Ons het 'n nuwe Groot Trek, die toekoms in, onderneem. Die toekoms is op die spel. Daarom is die einde van die parlement nie 'n begrafnis nie, maar 'n geboorte. Dit is nie die einde nie, maar 'n nuwe begin." Die parlementêre tradisie gaan voort, maar dié keer nie met die albatros van onreg, diskriminasie en uitsluiting om sy nek nie. Die nuwe parlement gaan nie sukkel met integriteit nie en nadat hy die afgelope week goed geluister het na die debat, het hy homself "by hernuwing ondersoek voor God en sy gewete". En dan bevestig De Klerk: "Ek is nou meer as ooit oortuig dat ek die regte keuses gemaak het."⁶

Volgens De Klerk sal die stille meerderheid van gematigde, gelowige Suid-Afrikaners uit alle bevolkingsgroepe die bedreiging van linkse en regse radikalisme op 'n demokratiese wyse by die stembus afweer. Oor die vrese van baie Suid-Afrikaners (vrese soos die prysgawe van mag, blanke onderdrukking, ensovoorts), het hy gesê dat daar net een teenvoeter is "en dit is om die bul trompop by die horings te pak om deur te druk en om diegene, wat beproefde waardes en ons stabiliteit bedreig, direk te konfronteer". Volgens hom is Suid-Afrika op pad na 'n nuwe toekoms en is hulle vasbeslote om hulle daar te vestig "in vrede en in samewerking met ons landgenote". De Klerk het benadruk dat die nuwe

⁵ Die parlement het ook op 28 Februarie, 1 Maart, 2 Maart en 25 April 1994 byeengekom om die grondwet te wysig om die partye van die Vryheidsalliansie ter wille te wees en om dit vir die IVP in 'n laat stadium moontlik te maak om tot die verkiesing toe te tree.

⁶ *Hansard*, 22 Desember 1993, kol. 16551-16556; *Die Volksblad*, 23 Desember 1993, p. 4.

grondwet nie die deure oopmaak vir oorheersing deur enige groepe of vir die skrikbewind van enige meerderheid nie.⁷

Pres. De Klerk het voortgegaan: "Ek glo dat die nuwe grondwet wat ons vandag aanvaar het, die grondslag lê vir 'n nuwe en regverdige Suid-Afrika – 'n Suid-Afrika waarin geregtigheid kan seëvier en waarin radikalisme effektief hokgeslaan kan word." Die nuwe begin behels die moontlikheid om Suid-Afrika tot sy volle reg te laat kom – om die land se volle potensiaal op elke lewensterrein te ontsluit. Dit skep 'n gebalanseerde en ten volle verteenwoordigende demokrasie. En die gematigde meerderheid Suid-Afrikaners uit alle bevolkingsgroepe en tale gaan daardie demokrasie laat werk. "Ek groet u dus, nie in 'n gees van pessimisme nie, maar in vaste oortuiging dat 27 April die begin sal wees van 'n beter nuwe Suid-Afrika", het De Klerk afgesluit.⁸

Oor minderheidsregte het De Klerk ook op 22 Desember 1993 in vraetyd gesê dat in die oorgangsgrondwet spesiale voorsiening vir die beskerming van minderhede se kultuur, identiteit en onderwys gemaak word. Dit is verskans. "Die beste versekering vir die lede van minderhede is egter om by die stembus die regte keuse te doen. Hulle moet 'n party kies wat hulle kan vertrou en wat die waardes aanhang wat hulle kan ondersteun. Die NP bied 'n natuurlike sambreel vir minderhede", aldus die president.⁹

Sestien jaar later is wyd geoordeel dat De Klerk en die NP naïef was om te glo dat 'n nuwe grondwet magsmisbruik, oorheersing en 'n skrikbewind onmoontlik sou maak en deelname aan klein groeperings en 'n beskermde waardestelsel behoorlik en betekenisvol sou daarstel.

⁷ *Hansard*, 22 Desember 1993, kol. 16551-16556.

⁸ *Ibid.*

⁹ *Ibid.*

'n Bekende melkboer van Theunissen, Koos Pienaar, som dit interessant op in 'n artikel as hy sê: "Ons grondwet is nie eens meer 'n waarborg vir veilige landbou nie. Die daarstelling daarvan in sy huidige vorm was vir die Nasionale Party die finale dokument vir 'n versekerde toekoms. Vir die ANC was dit slegs 'n vertrek-dokument vir 'n toekoms wat die meerderheid uit 'n apartheidsverdrukking moes neem, 'n soort eerste tree..."¹⁰

Koos Malan, professor in publieke reg aan die Universiteit van Pretoria, argumenteer dat De Klerk se politieke reputasie grotendeels van die uiteindelijke produk van die 2 Februarie 1990-toespraak, die grondwet, afhang. Malan is skerp in sy oordeel van De Klerk se siening dat die grondwet 'n wonderlike dokument is, maar dat dit "net jammer (is) dit word so verkeerd toegepas". Hy sê De Klerk is op 'n dwaalspoor, want in 'n beduiende mate is die slegte praktyk juis die skuld van die dokument "wat De Klerk so innig verdedig". Malan is van mening dat die kernprobleem van die grondwet is dat dit net regte toeken, maar nie mag verdeel nie. "Dit konsentreer alle mag in die meerderheid en laat minderhede sonder enige mag." Minderhede behoort in 'n plurale land, soos Suid-Afrika, nie afgeknou en gedomineer te word nie. "Hierin faal die grondwet skromelik", volgens Malan. Hy oordeel ook dat die geloof dat die grondwetlike regte en die instellings wat daarvoor moet waak, genoeg is, naïef en eerder 'n leuen is, wat instinktief deur baie Afrikaners aangevoel word. Hoe gouer besef word dat die minderhede ook mag moet hê oor dinge wat hul voortbestaan en welsyn as 'n groep raak, hoe gouer kan begin word om dit reg te stel, is sy oproep.¹¹

Voormalige NP-ministers wat oortuig is dat die party skromelik gefaal het, onder meer oor die gebrek aan waarborge vir nie-oorheersing, die

¹⁰ *Landbouweekblad*, 26 Maart 2010, p.100.

¹¹ *Rapport*, 14 Februarie 2010, p. IV.

beskerming van minderhede en deelnemende demokrasie, is dr. Tertius Delpont en oud-politici soos Hernus Kriel en André Fourie. Delpont gaan so ver as om te sê dat die gewone kabinetslid "nie die vaagste idee van die implikasies van die grondwet gehad het nie". Hy bevestig ook sy hewige ontsteltenis, en dié van 'n vyftal kollegas, oor die Notule van Verstandhouding wat gedurende September 1992 tussen die NP en ANC onderteken is. Daarmee het die NP sy laaste "ononderhandelbares" oorboord gegooi. Delpont wou met alle geweld bedank. Hy oordeel dat ons vandag die wrange vrugte daarvan pluk.¹² Delpont vertel dat De Klerk hom met die skaakmat tydens KODESA oorsee gestuur het om Suid-Afrikaanse diplomate oor die stand van sake te gaan inlig. Hy was in Bonn, Duitsland, toe hy dringend ontbied is om terug te kom, omdat daar 'n verstandhouding met die ANC bereik is. Dié verstandhouding was toe al die tyd die "Record of Understanding". Hy is daarvan oortuig dat hy oorsee gestuur is net om hom uit die pad te kry sodat Roelf Meyer onbelemmerd die ooreenkoms kon aangaan.¹³

Ook Hernus Kriel, voormalige premier van die Wes-Kaap, oordeel dat die NP nie 'n vaste en goeie raamwerk gehad het waarbinne die onderhandelinge gevoer is nie. Die party het nie werklike minimum vereistes ("bottom lines") gehad nie en het later nie meer oor groepregte onderhandel nie.¹⁴ André Fourie is blatant in sy oordeel as hy sê dat die NP se referendumbeloftes en ander beloftes oor ononderhandelbares "in die stof gebyt het". Die NP het self die finale spyker in magsdeling geslaan as gevolg van swak onderhandeling. Daar is nie met aggressie en ultimatus (vaste voornemings) onderhandel nie. Die NP het die heelyd toegegee en

¹² Aucamp-versameling, onderhoud met dr. Tertius Delpont, 10 Maart 2010.

¹³ *Ibid.*

¹⁴ *Ibid.*, onderhoud met Hernus Kriel, 18 Februarie 2010.

Cyril Ramaphosa van die ANC het gewet hy moes net uithou en bly druk toepas – Roelf Meyer sou toegee.¹⁵

Die vraag ontstaan hoekom kabinetslede (die andersdenkendes of sogenaamde “anti's”) huiwerig was om teë te praat en om De Klerk te opponeer. Hoewel Leon Wessels in sy outobiografie tereg sê “in enige kabinet is die eerbare ding om te doen, nadat die voorsitter na die debat geluister en sy finale opsomming gegee het, om jou tas te pak en weg te stap as jy nie saamstem nie” was dit nie so eenvoudig nie.¹⁶ Binne die NP het 'n kultuur bestaan dat die hoofleier vertrou kan word om in partybelang beleid te interpreteer omdat sy *bona fides* bo verdenking was. Die feit dat een van die mees verligte kabinetslede, Pik Botha, agterna gesê het dat as die NP gewet het hoe die ANC na 1994 beleid sou ontplooi met betrekking tot onder meer regstellende aksie, daar nooit 'n skikking sou wees nie, spreek boekdele.¹⁷

Daar is ook meer onlangs beweer dat die hoofakteurs onder die “anti's” Hernus Kriel, dr. Tertius Delport, Danie Schutte, dr. Rina Venter en Japie van Wyk was en dat hulle as konserwatiewes “probeer wal gooi het”.¹⁸ Dit is egter onbillik om hierdie mense as verkrampes te tipeer wat heeltyd andersdenkend was. Die teendeel is egter waar. Mense soos Kriel, Delport en Schutte was waarskynlik van die mees nugterdenkende kabinetslede. Inteendeel, Kriel is tydens sy studentedae op Stellenbosch deur die latere ANC-LP, Jan Momberg, uit die NP geskors vanweë sy verligte sienings, terwyl Delport onder die NP-LP's wat saam met hom in

¹⁵ *Ibid.*, onderhoud met André Fourie, s.a.; H Giliomee, *The Afrikaners*, pp. 638-640; D Welsh, *The rise and fall of apartheid*, p. 432.

¹⁶ Leon Wessels, *Vereeniging. Die onvoltooide vrede*, p. 258.

¹⁷ *Rapport*, 3 Februarie 2008, p. 15.

¹⁸ Wessels, p. 258.

1987 tot die parlement verkies is, eerder aan die verligte kant van die spektrum was.¹⁹

In die Vrystaat is die verloop van die onderhandelinge ook met kommer gevolg. Die provinsiale leier, Kobie Coetsee, het sy bes gedoen om deurentyd, nieteenstaande sy eie bekommernisse oor die proses, 'n positiewe sein uit te stuur. Weens die vertroue wat 'n beduidende deel van die Afrikaners tot in daardie stadium in hul leiers gehad het, het hulle geglo dat die leiers van beter weet en dat hulle hul ondersteuners nie in die steek sou laat nie. 'n Redelike persentasie NP-ondersteuners het die party bly steun tot ongeveer 1996, toe baie besluit het dat die party hulle in die steek gelaat het. In die slothoofstuk sal daar in groter besonderhede lig hierop gewerp word.

3. ANC/SAKP-PERSPEKTIEF

'n Interessante perspektief ontvou as die inhoud van 'n ANC/SAKP-dokument, wat nie vir verspreiding bedoel was nie en in 1992/1993 opgestel moes gewees het, ontleed word. Die dokument verwys onder meer na die ongelukkigheid in sekere kringe oor die voorstelle van die bekende ANC-aktivis, Joe Slovo, tydens die onderhandelings en noem dat dit hoegenaamd nie kapitulasie teenoor "reformism" was nie, maar eerder die feit dat die pad oopgemaak is vir die "national democratic revolution". Die dokument roem voorts op suksesse deur druk op die "regime" te bly toepas wat aangehelp is deur die verdeeldheid binne die "regime"-kamp en die feit dat sake goed volgens die Harare-deklarasië verloop. "We have

¹⁹ Persoonlike waarneming deur die outeur en mededeling deur Jan Momberg op die Kyknet-program *Rian* op 19 Oktober 2010.

stuck to our strategic guns during the process, whilst scenario's advocated by the regime and others have been swept from the table."²⁰

Hierdie dokument meld vervolgens dat dit 'n lang bestaande doelwit van die vryheidsbeweging was om in onderhandelings met die regering die mees ekstreme elemente te isoleer. Dít, sê hulle, is gedeel deur die "most advanced elements in the regime's camp". Hulle vervolg: "We must continue to identify the forces at play within the ruling bloc (*sic*) and find ways of deepening their contradiction to our advantage. Indeed, the contribution of these contradictions, and their particular expression in the past years had become a decisive factor making for a revolutionary breakthrough." Hul groot taak was om die hergroepering en heroriëntasie in die regeringskamp aan te moedig, want Lenin het gesê as jy iemand vorentoe wil stoot, moet jy voortdurend jou hande op daardie een se skouers hou.²¹

Baie interessant is dat die ANC/SAKP destyds reeds voorspel het dat die NP nie veel meer as 15% steun in 'n verkiesing sou kry nie, terwyl 'n tweederdemeerderheid vir die ANC-alliansie haalbaar was. Die rede hiervoor was dat die NP nie in staat sou wees om 'n organisasiestruktuur onder die verdrukke swart meerderheid te vestig nie.²²

Laasgenoemde klink na 'n dreigement omdat die NP strykdeur tydens die verkiesingsveldtog gekla het dat die ANC hulle nie toelaat in die sogenaamde "no go areas" in swart woongebiede nie. Die debat oor wie die meeste toegegee het tydens die onderhandelings, sou voortduur. Net na die deurbraak en aanvaarding van die oorgangsgrondwet van 1993 het dit gelyk asof die NP inderdaad 'n oorwinning kon opeis. Soos sake daarna

²⁰ Aucamp-versameling, ANC/SAKP-dokument, Between the people's offensive and regime crisis, s.a.

²¹ *Ibid.*

²² *Ibid.*

ontploo het, blyk dit dat die politieke geveg in daardie stadium ver van verby was, en teweens pas begin het. Met die NP tans uit die kryt, lyk dit of die uitslag voor die hand liggend is. In 'n handleiding vir die verkiesing het die ANC dit onomwonde gestel dat dit hulle mikpunt is om die meerderheidstemme in die grondwetskrywende vergadering te kry, ten einde die grootste sê in die skrywe van 'n finale grondwet te hê.²³ Uiteindelik het hulle 62,6% van die stemme op hulle verenig.

4. DIE NP KRY SY TREKGOED GEREED

Teen die einde van 1993 en die begin van 1994 is geweldige eise aan die NP en sy leierskap gestel. Nieteenstaande die feit dat die UOR 'n al hoe belangriker rol begin speel het, het die NP steeds die kritiek verduur vir alles wat verkeerd geloop het, onder meer die onwilligheid van die IVP (Inkatha Vryheidsparty) en sommige kleiner groeperinge om aan die verkiesing deel te neem, asook die immerteenwoordige geweldspiraal.

Behalwe dus om steeds *de facto* te regeer, moes die NP organisatories sinkroniseer met die nuwe provinsiale grense, vir 'n proporsionele stembestelsel voorberei en vir die eerste maal in sy bestaan nie-wit kiesers vir 'n verkiesing werf. Dit blyk nou dat die NP se leiers die party se vermoë om so in 'n "drukgang" van beleidsverandering, interne aanpassings en lotsbepalende onderhandelinge te hanteer, totaal oorskat het. Daar was 'n onnodige haas, veral deur min. Roelf Meyer gepropageer, om so vinnig as moontlik by 'n skikking uit te kom "voordat die ANC as't ware besef wat gebeur het". Dit was 'n fatale fout en totaal anders as die strategie van 'n PW Botha om "jouself in 'n nuwe dispensasie in te regeer". Agterna kon tereg gevra word: Waaroor was die haas? Suid-Afrika betaal nou die prys daarvoor.

²³ Aucamp-versameling, ANC manual for a general election, s.a.

Dit het na 1994 geblyk dat die ANC nie gereed was om te regeer nie en die agteruitgang in dienslewering, die ineenstorting van infrastruktuur, die onaanvaarbare misdaadvlakke, die toename in korrupsie en die erosie van die regstaat en demokrasie onder meer gewyt kan word aan die haas om, ten alle koste, 'n skikking te bewerkstellig, wat selfs iemand soos Joe Slovo na die "famous victory" laat verwys het.²⁴

Ter illustrasie van die spoed waarmee die kernonderhandelinge in sewe maande afgehandel is, word die volgende met betrekking tot die werksaamhede van die Veelparty Onderhandelingsforum uitgestippel:

- April en Mei 1993: Tegniiese komitees word ingestel.
- 1 Junie: Ooreenkoms om die verkiesing op 27 April 1994 te laat plaasvind en die Tegniiese Komitee kry opdrag om 'n Interim-grondwet op te stel.
- 22 Junie: Daar word besluit op die instelling van 'n Verkiesingskommissie en 'n Onafhanklike Mediakommissie.
- 2 Julie: Daar word ooreengekom dat:
 1. grondwetlike beginsels vir 'n sterk nasionale en streeksregering voorsiening moet maak;
 2. hierdie beginsels bindend op die grondwetskrywende vergadering en beregbaar deur die Konstitusionele Hof sal wees;
 3. 'n kommissie voorstelle oor streeksgrense sal maak
 4. daar ooreengekom sal word op wetgewing om die speelveld gelyk te maak en omstandighede te skep wat bevorderlik vir 'n vrye en regverdige verkiesing is; en
 5. daar ooreengekom sal word op 'n interim-grondwet.
- 3 Julie: Ooreenkoms oor nege streke.

²⁴ Rapport, 4 Oktober 2009, p. 15.

- 25-28 Oktober: Die ANC en NP kom ooreen oor 'n Interim-grondwet en regering van nasionale eenheid. Die NP laat vaar sy eis om 'n veto oor kabinetsbesluite.
- 16 November: Mandela en De Klerk bereik 'n ooreenkoms oor uitstaande kwessies.
- 18 November: Die Veelparty Onderhandelingsforum ratifiseer die interim-grondwet.²⁵

Nadat die uitstaande kwessies goedgekeur is, het dr. Tertius Delport vir De Klerk gesê: "My Here FW, wat het jy gedoen" waarop De Klerk gevra het: "Kollega, wil jy 'n rewolusie ontketen?"²⁶ Inderdaad nie 'n veer in die hoed van die party wat daarop geroem het dat hy sy ondersteuners nie in die steek sal laat nie.

Daar word ook beweer dat Roelf Meyer sonder De Klerk se medewete die beginsel van meerderheidsregering aanvaar het, waarop laasgenoemde sou uitroep: "My God Roelf, jy het die land weggegee." Sowel De Klerk as Meyer ontken dit egter en dit blyk onwaarskynlik dat Meyer soiets sonder sy hoofleier se medewete sou doen, hoewel Jan Heunis, 'n adviseur vir die regering tydens die onderhandelinge in sy boek, *Die binnekring*, die bewering herhaal.²⁷

'n Soortgelyke opmerking is ook toegeskryf aan De Klerk deur genl. Georg Meiring, die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW), wat hom aanhaal: "Ons hoef regtig nie so maklik in te gegee het nie." Dit het plaasgevind tydens 'n ete na die inhuldiging van Mandela as staatspresident in Pretoria.²⁸

²⁵ Welsh, p. 487.

²⁶ Aucamp-versameling, onderhoud met dr. Tertius Delport, 10 Maart 2010; Welsh, p. 521.

²⁷ J Heunis, *Die binnekring*, p. 200; Welsh, p. 522..

²⁸ Welsh, p. 522; F van Zyl Slabbert, *Duskant die geskiedenis*, p. 36.

Reeds gedurende die tweede helfte van 1992 is 'n gewysigde grondwet van die Federale Raad en 'n hersiene program van beginsels van die party deur al vier die destydse provinsiale kongresse aanvaar. 'n Komitee onder voorsitterskap van dr. Lucas Nel, Transvaalse NP-hoofsekretaris, en bestaande uit Frik van Deventer (Kaapland), Renier Schoeman (Natal) en Inus Aucamp (Vrystaat) is saamgestel om aanbevelings vir die nuwe struktuur, waarbinne die party moes funksioneer, te doen. Daar is uiteindelik besluit om na die verkiesing die partystruktuur formeel te verander om voorsiening te maak vir nege provinsiale strukture in plaas van vier en om die party op 'n federale basis saam te stel. Dit het die konfederale aard van die provinsiale partystrukture wat sedert 1914 outonoom was, drasties verander en afgewater. Verskeie aanpassings was nodig wat soms frustrasie vir die provinsies veroorsaak het, wat voorheen aan 'n effektiewe vetoreg gewoond was. Ingevolge die veranderinge aan die NP se grondwet sou die party se beleid en beginsels voortaan deur die federale kongres en die Federale Raad bepaal word en die liggame sou uitsluitlike bevoegdheid oor hierdie sake hê. In die praktyk het die partyleier (voortaan die nasionale leier en nie meer die hoofleier nie) na 1996 selfs meer mag as in die verlede gehad en die provinsies moes eenvoudig by federale besluite inval.²⁹

Van die provinsiale leiers, veral Hernus Kriel van die Wes-Kaap, het baie gemor oor die wye magte van die nasionale leier en die feit dat die provinsies se magte ingekort is. Dié saak is verskeie kere tydens Federale Raadsvergaderings en Federale Dagbestuursvergaderings geopper en later is 'n komitee saamgestel om na groter outonomieit van provinsies ondersoek in te stel. Die aangeleentheid sou egter nie voor 1994 uitge-

²⁹ I Aucamp en J Swanepoel, *Einde van 'n groot party*, p. 22; Aucamp-versameling, verslag van Nel-komitee, November 1993; Notules van die Federale Raad, 30 Maart 1993 en 21 Augustus 1992.

klaar word nie en het tot in 1997 gedraal en het later na die verkiesing van Marthinus van Schalkwyk as nasionale leier in die sand geloop.³⁰

Bogenoemde en die feit dat die nuwe proporsionele kiesstelsel verhoed het dat politieke ampsbekleërs enige tyd van party kon verander of selfs onafhanklik kon raak, het NP-politici, nieteenstaande tydelike oorloop-wetgewing, effektief gevangenes van die partyleier gemaak en later tot gevolg gehad dat Van Schalkwyk die NP met 'n handjievol agterryers in 2004 “uitverkoop” het.³¹ Die party se grondwet is onder meer weer in 1994 formeel verander toe al vier die provinsiale kongresse na die federale kongres op 2 tot 4 Februarie die wysigings goedgekeur het, die Nel-verslag se aanbevelings en wysigings daarop geïmplementeer is en die nege provinsiale organisasies hulle eie grondwette in ooreenstemming moes bring.³²

Verdere interne aanpassings wat die NP gemaak het met die oog op die nuwe bedeling, is dat die party in April 1993 'n nuwe embleem en kleure aanvaar het. Die Nasionale Inligtings- en Bestuurskomitee (NIBK) is ook 'n maand vantevore onder die voorsitterskap van dr. Dawie de Villiers tot stand gebring. In April en Mei van dieselfde jaar is 'n voorlopige verkiesingstrategie opgestel en goedgekeur en is daar met die implementering daarvan begin. Die hoofsaak van die NIBK was die voorbereiding vir en voer van die verkiesingsveldtog op federale vlak en die koördinering van provinsiale verkiesingsveldtogte. Die Federale Inligtingsdiens wat vir dekades lank die party se inligtings- en propaganda-arm was, is uitfaseer.³³

³⁰ Aucamp-versameling, notules van die Federale Raad, 30 Maart 1993 en 21 Augustus 1992.

³¹ Aucamp en Swanepoel, pp. 170-183.

³² Aucamp-versameling, verslag van die Federale Kongres, 2 tot 4 Februarie 1994; Konstitusie van die Nasionale Party, 1994.

³³ Aucamp-versameling, notules van die NIBK, 1993.

Die nuwe simbool en kleure is na baie deeglike navorsing en bespreking op 30 Maart 1993 deur die Federale Raad goedgekeur en op 29 April tydens 'n perskonferensie bekendgestel, nadat die parlementêre kookus dit vroeër die dag aanvaar het. Die son was 'n gepaste en aanvaarde simbool, terwyl die nuwe kleure van oorwegend blou, wit en groen met 'n bietjie rooi en geel meer aangepas het by die party se Afrika-gebondenheid as die vorige kleure: oranje, wit en blou.³⁴

Tydens die oorweging van 'n nuwe simbool en kleure het die kwessie van naamsverandering, soos dit vorentoe kort-kort die geval sou wees, ook na vore gekom. Daar is egter besluit dat die naam toepasliker as ooit tevore was, want "ons ondersteunerskorps is versprei onder alle gemeenskappe regdeur die land en daar is meer mense in die land wat ons breë waardes deel, as diegene wat dit nie deel nie – dit maak ons 'n nasionale party". Die NP het geglo dat hy op die tydstip meer 'n nasionale party as ooit tevore was en dat in die lig van die groot aanpassings wat die party gemaak het, die voorvoegsel "nuwe" ook dikwels gebruik moes word. Die leuse het egter, soos sedert sy stigting, steeds "Suid-Afrika eerste" gebly.³⁵

Die NIBK het al so vroeg as van 25 tot 27 Julie 1993 'n strategiese beraad by die Magaliesberg-konferensiesentrum naby Pretoria gehou, waar 30 kernamptsdraers saam met konsultante vergader het om deur middel van 'n strategiese beplanningsproses duidelike mikpunte, uitgangspunte, rig-

³⁴ Aucamp-versameling, jaarverslag van die Federale Raad 1992/1993. Die huidige identiteit van die Nasionale Party. Bate of las? Februarie 1993.

³⁵ *Ibid.*; *Nasionalis*, Mei 1993, p. 1. Dit is ironies dat die NP se probleme op die langtermyn begin het met die kies van die son as embleem, want, nie veel langer as 'n dekade later nie, het die son finaal oor die NP en daarmee saam 'n integrale deel van die land se geskiedenis, gesak. Gedurende September 1998, toe Marthinus van Schalkwyk al die NP-leier was, is 'n nuwe embleem ('n moderner son), nuwe vlag, nuwe leuse "Kom ons maak Suid-Afrika werk" en nuwe naam "Nuwe Nasionale Party" aanvaar. Dit sou die laaste veranderinge van dié aard wees. Hoewel hierdie verwikkeling buite die opdrag van hierdie studie val, is dit tog relevant omdat dit 'n belangrike uitvloeisel van die gebeure na 1994 is.

lyne en aksies te formuleer, waarvolgens die verkiesingstrategie vir die voorverkiesingsfase- en die verkiesing self hersien kon word.

Tydens hierdie beraad is die doel van die NP geformuleer naamlik om die party te wees wat die meeste stemme in die verkiesing trek. Die hoofdoel was om 40% van die stemme te kry en te regeer. Die tweede oogmerk was om die ANC-alliansie met minder as 50% steun te laat en 'n NP-koalisie te laat regeer. Die derde voorneme was om meer as 33,3% steun te trek en dan die grondwet alleen te beskerm en die vierde oogmerk sou wees om die ANC-alliansie onder 66,7% te druk en 'n NP-koalisie die grondwet te laat beskerm.³⁶

In alle billikheid moet gesê word dat die NP deur sy strukture ook onder die indruk gebring is dat “iets dramaties kan gebeur”. Baie werwers het rapporteer dat huiswerkers en plaasarbeiders voor die voet vir die NP gaan stem. Kerkgroepe het beweer dat hulle lidmate nie vir die ANC nie, maar vir die NP gaan stem, en van die voormalige tuislandpartye het ook gemene saak met die NP gemaak. Omdat politici gewoonlik positief is, en groot geloof openbaar, het NP-leiers geglo “ons kan vriend en vyand verras”.³⁷

Die bevindinge van die SWOT-ontleding wat gedoen is, het toe reeds die NP se dilemma uitgewys. Terugskouend val twee sake op. Die NIBK se vierde oogmerk was uiteindelik die party beskore en dan het die NP in daardie stadium oënskynlik reeds besef dat magsdeling of veelparty-regering tydelik en beperkend van aard is en daarom is meer in Westminster-terme van wanner-neem-alles gedink. Die sterk punte, swak punte en bedreigings vir die NP was soos volg:

³⁶ Verslag van die NIBK-beraad, Julie 1993.

³⁷ *Ibid.*

Sterk punte

1. Die NP se stabiliserende potensiaal in die nuwe Suid-Afrika.
2. Regeringservaring en kundigheid.
3. Die NP was in pas met sy toekomstige beeld.
4. Die onderhandelingsuksesse van die NP was positief vir sy beeld.
5. Die NP was nie by geweld betrokke nie.
6. Die NP promoveer vrede.
7. Pres. FW de Klerk se sterk posisie as nasionale leier van die NP.
8. Die moraliteit van die NP se optrede.
9. Die NP-riglyne vir die grondwet is aanvaar.
10. Die sterk infrastruktuur en personeelkorps.
11. 'n Duidelike ekonomiese beleid.

Swak punte

1. Die gebrekkige beeld ("verloorbeeld") van die NP.
2. Die veelvuldigheid van NP-rolle (byvoorbeeld as regering, onderhandelaar en party midde-in die verkiesing).
3. Die geskiedenis van en konnotasie met apartheid.
4. Die siening dat die NP-regering onmagtig is om geweld/intimidasie/werkloosheid te beheer.
5. Die gebrek aan genoegsame verkiesingsfondse.
6. 'n Beeld van swak regering.
7. Die onduidelikheid van die NP-boodskap en -produkte.
8. Die rol van die party as "beskermer" van die onderhandelingsproses.
9. Die magsprysgawe van die NP.
10. Die swak NP-propaganda.
11. Die gebrekkige party-dissipline.
12. Die gaping tussen die regering en die NP ten opsigte van optrede en kommunikasie.

Bedreigings

1. Die beeld van swak regering.
2. Die opvatting dat die ANC gaan regeer.
3. Voortslepende geweld, werkloosheid en intimidasie.
4. Gebrekkige media-invloed op kiesers.
5. Die onvermoë (van die regering) om werkgeleenthede te skep.
6. Die swak NP-geloofwaardigheid en vertrouenskrisis by kiesers.
7. Die gebrekkige propagandasjien van die regering (ook 'n NP-swak punt).
8. Die verloorbeeld van die regering (ook 'n NP-swak punt).
9. Die ongemotiveerdheid van die tradisionele NP-magsbasis.
10. Die stand van die ekonomie.
11. Onsekerheid oor die IVP en AVF.
12. Die feit dat fondsinsameling moeilik was in die ekonomiese tye.
13. Die ongeletterdheid van die kiesers.³⁸

Die NP se amptelike mondstuk, *Nasionalis*, het al teen die einde van 1993 verklaar dat die party gereed is vir die verkiesing – die belangrikste en grootste verkiesing ooit in die geskiedenis van Suid-Afrika, waaraan 22 miljoen kiesers sou deelneem, vyf keer soveel as tydens enige vorige verkiesing.

Die NP het by monde van Olaus van Zyl, uitvoerende direkteur van die Federale Raad, gesê dat die lewensomstandighede van die kiesers baie uiteenlopend was. Talle is ongeletterd, vandaar die belangrikheid van die radio as kommunikasiemiddel. Dan was daar ook 'n nuwe faktor, intimidasie, waarmee rekening gehou moes word, asook die feit dat daar in 11 verskillende tale gekommunikeer moes word. 'n Verkiesingsveldtog was skielik nie meer maklik nie, daarom het die NP deur deeglike navorsing,

³⁸ *Ibid.*

beplanning, organisasie en bestuur gepoog om 'n deurbraak te maak. Verkiesingstrukture met bevoegde ampsdraers is oral gevestig en konsultante is betrek om te help.³⁹

Lowe Bell Communications, 'n Londen-gebaseerde firma wat onder meer die Britse Konserwatiewe Party met strategie gehelp het, is ingespan om 'n veldtogstrategie op te stel. Saatchi, Saatchi, Klerck en Barret is aangestel as die advertensie- en bemarkingskonsultante. Hulle het die NP in die verlede dikwels bygestaan. Daar is ook gebruik gemaak van ander bestuurskonsultante, navorsingsinstansies en professionele firmas soos prokureurs en rekenmeesters.⁴⁰

Die effektiwiteit van al die eksterne rolspelers was relatief. Gesoute organiseerders, mense soos Frik van Deventer, moes die konsultante deurentyd daaraan herinner dat hulle nie 'n verkiesing in Brittanje veg of 'n alledaagse produk soos 'n motor bemark nie. Uiteraard moes hulle begrip hê vir die unieke aard van 'n politieke party en die Suid-Afrikaanse situasie. Hierdie konsultante se idees, getemper deur die realiteite en befonds deur 'n beperkte begroting, het egter die beste veldtog onder omstandighede verseker.

5. MENINGSPEILINGS

Meningspeilings tydens verkiesings is vir enige party gewoonlik 'n handige barometer. Uiteraard is nie alle peilings betroubaar nie, hoewel sekere individue van Markinor hulself oor die jare heen as kundiges bewys het. Teen die einde van 1993 het meningsopnames bevestig dat die Nasionale Party verreweg die grootste party onder die kleurlinge, blankes en Indiërs

³⁹ *Nasionalis*, Desember 1993, p. 2.

⁴⁰ *Ibid.*

was – meer as twee maal so groot as enige ander party. Die peilings het ook getoon dat die NP se steun onder swart mense laag is, hoewel daar baie potensiaal was. Dit was interessant dat een-derde van alle swart kiesers teen die einde van 1993 nog nie besluit het waar hulle gaan stem nie. Slegs 24% van hulle het besef dat die NP verander het.⁴¹

'n Lywige verslag oor 'n sosio-politieke ondersoek wat Mark- en Meningsopnames gedurende November onderneem het, het getoon dat 'n beduidende persentasie kiesers aangedui het dat hulle óf nie gaan stem nie óf nog onseker is vir wie om te stem. Die onseker persentasie onder wittes was 13%, onder swartes 9%, onder kleurlinge 24% en onder Indiërs 29%. Die NP het onderskeidelik 38%, 2%, 32% en 25% geregistreer en die ANC 1%, 62%, 12% en 16%. Gedurende Desember het dieselfde instansie voorspel dat indien 'n verkiesing toe gehou sou word, die NP tussen 20-24% van die stemme sou trek en die ANC net meer as 60%.⁴²

Markinor het ook gedurende Desember 1993 'n omvattende beginpuntstudie vir die NP onderneem en bevind dat:

- die NP die tweede belangrikste party in Suid-Afrika was;
- die party 'n ferm basis van lojale ondersteuners het en beslis potensiaal het om meer kiesers te trek;
- die NP tradisioneel 'n wit Afrikaanse party was, maar wegbeweeg het van daardie eksklusiwiteit (die praktyk het bewys dat die party inderdaad vir die meeste blankes, kleurlinge en Indiërs 'n tydelike tuiste gebied het, maar hoegenaamd nie vir swart kiesers 'n opsie was nie);
- die NP 'n appèl op alle kiesers maak, sy ondersteuning onder swart kiesers beperk was, maar dat 'n groot persentasie as potensiële kiesers geïdentifiseer is;

⁴¹ *Ibid.*

⁴² Market and Opinion Surveys, Report on the results of a socio-political survey, November 1993 en Desember 1993.

- vroulike kiesers van uiterste belang vir die NP was;
- FW de Klerk 'n baie groot bate vir die party was.

Volgens Markinor was die eerste keuse van kiesers 66% vir die ANC en 13% vir die NP.⁴³ Die verskillende voorspellings toon net hoe verwarrend meningspeilings kan wees. Markinor het in dié opsig deur die jare heen 'n baie betroubare rekord opgebou, terwyl 'n instelling soos die RGN meestal ver van die kol was. Donald Simpson, 'n bekende politieke ontleder van Potchefstroom, het in 'n brief aan Olaus van Zyl, "How SA will vote in its election", voorspel dat, soos in Namibië in 1989, die stempersentasie ook in die omgewing van 96% kon wees. Hy het voorspel dat die ANC 212 setels in die 400-setel Nasionale Vergadering gaan kry en die NP 105. Uiteindelik het die ANC 252 en die NP 82 setels bekom en was die stempersentasie 86%.⁴⁴

Die NP het deurgaans sy ondersteuners daaraan herinner dat opinies van kiesers aandui hoe hulle op die betrokke dag sou stem en dat baie nog tot 27 April kon verander. Die onrealistiese doel van die NP was om na die verkiesing die grootste politieke party in die land te wees. Hulle wou dus die meeste stemme trek en die meeste setels in die 400-setel Nasionale Vergadering hê. Die uitvoerende direkteur van die party het beklemtoon dat, hoewel baie werk nog gedoen moes word, daar 'n nuwe geesdrif en optimisme waarneembaar was. Van oral oor het NP-lede rapporteer dat die gety gedraai het en dat daar waardering is vir die rol wat die party tydens die onderhandelings gespeel het. Die grondwet kon egter net werk, het Olaus van Zyl profeties gesê "as daar 'n sterk Nasionale Party is".

⁴³ Markinor, Benchmark study-charts, Desember 1993.

⁴⁴ Report of the Independent Electoral Commission, Oktober 1994; Brief van Donald Simpson, How SA will vote in the election, 24 Mei 1993.

"With the obvious potential for the NP, it is apparent that we can not only win the election, but we will win it", sluit hy 'n bulletin af.⁴⁵

Die meer realistiese verwagting onder sommige NP-leiers was dat die party nie meer as 30% steun kon verwag nie. Omdat dit die eerste volwaardige verkiesing was waarin alle Suid-Afrikaners kon stem, was dit selfs vir gesoute voorspellers onmoontlik om te antisipeer hoe swart kiesers gaan stem. Die NP, wat oor die jare heen vir goeie organisasie en deur-tot-deur-werwing bekendheid verwerf het, moes dus ook raai. Vir die eerste maal was daar nie kieserslyste per kiesafdeling nie, want artikels 40 en 127 van die grondwet het bepaal dat die lede van die Nasionale Vergadering en die nege provinsiale wetgewers volgens 'n stelsel van proporsionele verteenwoordiging (soos in bylae 2 van die grondwet omskryf) aangewys moes word. Die NP is later wreed ontnugter en moes besef het dat dit vir swart Suid-Afrikaners 'n bevrydingsverkiesing was. Tewens, van oral is later gerapporteer dat selfs swart NP-organiseerders en ingeskrewe lede, vir die ANC gestem het. Dit is inderdaad so dat die NP sy potensiële steun totaal oorskat het. NP-ondersteuners het aan die partyleiding gerapporteer dat huishulpe, plaasarbeiders, petroljoggies, kasregisteroperateurs en swartes met wie hulle daagliks in aanraking kom, NP gaan stem. Dit het uiteraard nie gebeur nie.⁴⁶

6. DIE FEDERALE KONGRES WIL DIE NP-VISIE VERWESENLIK

Die NP-leierskap het op dié tydstip besluit om 'n federale kongres by die Wêreld-handelsentrum in Kemptonpark te hou op 2-4 Februarie 1994. Op 4 Februarie het daar ook 'n kandidatekonferensie en opleidingsgeleentheid met die oog op die verkiesing plaasgevind. Vooraf is hard gewerk om

⁴⁵ NP Bulletin 32/93, Desember 1993.

⁴⁶ Aucamp-versameling, onderhoud met dr. John Swanepoel, 28 Augustus 2009.

'n billike en aanvaarbare metode van kandidate-aanwysing op die professionele lys te vind. Tot voor 1994 was die aanwysing betreklik maklik omdat kiesafdelings se demokraties-verkose strukture hulle kandidate aangewys het. Die uitkoms was maklik – die aspirant wat die meeste stemme op hom/haar verenig het, was die party se kandidaat. Om kandidate op 'n voorkeurlys aan te wys, was iets totaal anders. Statistisiërs het getuig dat om elke keer vir een persoon te stem en die een wat die meeste stemme kry, as nommer een op die lys te plaas, 'n ander uitwerking het as wanneer jy byvoorbeeld 30 aspirante in voorkeurorde moes plaas. Daar is nog talle ander scenario's. 'n Komitee onder voorsitterskap van Alex van Breda, die NP se parlementêre hoofseep en een van die mees gesoute organiseerders wat die NP opgelewer het, het na behoorlike besinning breë riglyne oor hul organisasie opgestel wat vir die onderskeie provinsiale organisasies van groot hulp was. Uiteindelik het die NP nie sleg gevaar om almal te probeer tevrede stel nie, hoewel die goue reël is dat diene wat wen, die prosedure regverdig vind en die wat verloor, bitter is. Verder moes die NP sy potensiële ondersteuners in sy kandidatelyste voorhou. Dit het veroorsaak dat heelwat swartes inderdaad verkies is, maar deur wit, bruin en Indiërstemme. Terugskouend was baie swart kandidate, wat deur die NP van verhoog tot verhoog bekendgestel is, niks anders as opportunistiese werksoekers nie. Die NP het 797 kandidate vir die Nasionale Vergadering van die nege provinsiale wetgewers in die veld gehad.

De Klerk het tydens die federale kongres gesê dat die "nuwe" Nasionale Party die stille meerderheid van alle vredeliewende en godvresende Suid-Afrikaners sou mobiliseer soos nog nooit tevore nie. Die ondersteuningsbasis, om van die NP 'n wenparty te maak, was daar en moes net deur harde werk en vreeslose teenstand teen intimidasie en deur dinamiese

oorreding ten volle ontsluit word.⁴⁷ Hy bly verbind tot die visie van 'n nuwe en beter Suid-Afrika waarin

- 'n trotse Suid-Afrikaanse nasie gebou gaan word;
- alle taal- en kultuurgroepe beskerming sou geniet met betrekking tot hul identiteit en dit wat vir hulle dierbaar is;
- almal wat dit wou hê, in die voorspoed kon deel, 'n ordentlike huis kon hê, hulle kinders 'n goeie opvoeding en hulle gesinne behoorlike gesondheidsorg kon gee;
- geweld sou plek maak vir vrede; en
- die magstryd sou deur magsdeling vervang word.

De Klerk het afgesluit met: "Die Nasionale Party is gereed vir die toekoms – reg om te dien, reg om klaar te maak wat hy begin het, reg om te lei."⁴⁸

Die vraag of die NP in 1994 waarlik in alle opsigte gereed was om te lei, is 'n moeilike een. Die vraag behoort eintlik te wees: Was enige party gereed om Suid-Afrika (met sy kompleksiteite) te lei? Miskien was dit maar 'n bedekte seën dat 'n ander party as die NP die ingewikkelde situasie in die land as regerende party moes hanteer.

7. DIE NP-VERKIESINGSMANIFES

Die NP-manifes vir die verkiesing, na letterlik honderde bladsye en honderde ure van konsepte en finale beleids- en beginselstandpunte, het gekulmineer in 'n maklik leesbare formaat van 35 bladsye. Die manifes het die hoogtepunte van die beleid waarmee die party die stryd in die verkiesing aangeknoop het gereflekteer. In die manifes is dit duidelik

⁴⁷ Kongres-toespraak van FW de Klerk, 2 Februarie 1994. Die NP sou eers in 1998 amptelik Nuwe Nasionale Party (NNP) word. De Klerk wou net aandui dat die "nuwe" NP gebreek het met die verlede en nie meer die "ou" party verteenwoordig nie.

⁴⁸ *Ibid.*

gestel dat dit nie 'n alleenstaande of oppervlakkige dokument is nie, maar gebaseer was op die party se program van beginsels en op 'n volledige uiteensetting van die party se beleid soos vervat in 'n publikasie, *Nasionale Party-beleid*, wat in Desember 1993 uitgereik is.⁴⁹ Die manifes het die NP aangebied as die party vir VREDE, VOORSPOED en die party vir JOU.

Benewens 'n oproep deur FW de Klerk is daar in die manifes baie duidelik gesê "as die meerderheid die minderheid onderdruk, dan is die meerderheidsregering nie meer demokrasie nie – dan word dit terrorisme deur die meerderheid". Verder is verklaar: "As die wenner alles vat en die verloorder alles verloor, sal daar geen vrede wees nie. As enige wenner te veel mag het, kan daar nie vrede wees nie. Daarom moet die mag gedeel, verdeel en beheer word."⁵⁰

In sy oproep tot kiesers het pres. De Klerk gesê dat die NP oor die ervaring, die vermoë en die kundigheid beskik om die land se uitdagings die hoof te bied. Daarteenoor het die ANC geen ervaring van regering nie, speel hulle met gediskrediteerde beleidsrigtings wat rampe veroorsaak het waar dit toegepas is en sluit hulle leierskap baie lede in van die SAKP wat hulle eie verskuilde agenda het.⁵¹ In terugskouing word beseft dat die vraagstuk van gediskrediteerde beleidsrigtings en oppervlakkige leierskap hoegenaamd nie vir die massa swart kiesers saak gemaak het nie. Vir hulle was dit 'n bevrydingsverkiesing en die ANC sou daardie bevryding vervolmaak.

⁴⁹ Manifes van die Nasionale Party, 27 April 1994; Nasionale Party-beleid, Desember 1993.

⁵⁰ *Ibid.*

⁵¹ *Ibid.*

NP-leier De Klerk het homself nie gespaar in die verkiesingsveldtog nie en van Januarie tot Maart 1994 het hy nie minder nie as 22 openbare optredes landwyd gehad.⁵²

8. DIE VERKIESING

Die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) is deur wetgewing teen middel-Desember van 1993 geskep om die verkiesing te reël. Belangrike datums vir die verkiesing van 27 April 1994 was:

- Proklamasie van die verkiesing: 2 Februarie 1994
- Finale registrasie van partye: 11 Maart 1994. (Die grondwet is gewysig om die IVP toe te laat om later te registreer)
- Inhandiging van die kandidaatlyste: 16 Maart 1994
- Stemdag vir spesiale kiesers: 26 April 1994 (07:00-19:00)
- Eerste stemdag (openbare vakansiedag): 27 April 1994 (07:00-19:00)
- Tweede stemdag: 28 April 1994 (07:00-19:00)
- Derde stemdag vir ses voormalige tuislande waar in afgeleë gebiede die stemming nie teen 19:00 afgehandel was nie
- Soos die verkiesing ontplooi het, is enkele aanpassings gemaak⁵³

Gedurende die laaste week van April 1994 het die Republiek van Suid-Afrika sy eerste demokratiese verkiesing gehou. Na eeue van minderheidsregering en dekades van konfrontasie het 19 726 610 Suid-Afrikans van alle rasse en oortuigings hulle stemme by 10 500 stempunte in 79 lande uitgebring vir partye in die Nasionale Vergadering en nege provinsiale wetgewers. Nieteenstaande enkele bomaanvalle, intimidasie en onrus het die stemming relatief vreedsaam verloop as in ag geneem word

⁵² Aucamp-versameling, program van politieke optredes. Leier van die Nasionale Party, 1994.

⁵³ *Ibid.*, NP Election Manual, April 1994.

dat die meeste kiesers nog nooit vantevore gestem het nie. Bykans die helfte van die kiesers was basies ongeletterd en die meeste van die stemmen telagente het geen vorige ervaring gehad nie. Bykans een-derde van die stempunte het geen elektrisiteit of gewone telefoonverbinding gehad nie; desnieteenstaande was die stempersentasie 86% en die bedorwe stembriewe minder as 1%.⁵⁴

Die betekenis en belangrikheid van die verkiesing en die rol van die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) daarin, moet beoordeel word teen die agtergrond en binne die konteks van die oorgangsproes waarvan hulle deel was. Die kritieke fase van daardie proses het op 2 Februarie 1990 'n aanvang geneem toe die bestaande regering inisiatiewe aangekondig het wat daarop gemik was om tot 'n politieke verstandhouding te kom met bewegings waarmee daar tot op daardie tydstip net dooiepunte bereik is. Moeilike, maar besliste onderhandelings tussen die regering, die NP wat sedert 1948 aan bewind was, en die ANC, wat vir dekades lank die vernaamste opponent van die wit minderheidsregering was, het hierop gevolg. Ander partye het begin deelneem en teen Desember 1993 het die deelnemers 'n substantiewe konsensus bereik deur 'n versigtige gekonstrueerde program van politieke oorgang na 'n meerderheidsregering.⁵⁵

Belangrike politieke rolspelers het hulle egter nie die program laat welgeval nie. Die regerings van Bophuthatswana en Ciskei, wat in terme van Suid-Afrikaanse reg onafhanklik was, die Inkatha Vryheidsparty (IVP), wat die selfregerende gebied KwaZulu (KZ) beheer het, en die Konserwatiewe Party (KP), die amptelike opposisie in die Volksraad, het die program verwerp, ook bewegings links en regs van die spektrum, soos

⁵⁴ Verslag van die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK), Oktober 1994.

⁵⁵ *Ibid.*

die Azanian People's Organisation (AZAPO) en die Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB).

Die oorgangsproses wat deur die deelnemende partye ontwerp is, was kompleks van aard. Die bestaande regering het in die saal gebly, maar moes konsulteer met die Uitvoerende Oorgangsraad (UOR), wat saamgestel is deur lede van die deelnemende partye. 'n Tussentydse grondwet is opgestel wat die land in nege provinsies verdeel het, elk met sy eie wetgewende en uitvoerende magte. 'n Nasionale Vergadering en die nege provinsiale wetgewers sou verkies word deur algemene volwasse stemreg (almal bo 18 jaar).⁵⁶ Die grondwet het in werking getree op die dag van die verkiesing. Die Nasionale Vergadering en die senaat, deur die provinsiale wetgewers verkies op 'n semi-federale basis van provinsiale pariteit, sou die Grondwetlike Vergadering konstitueer om die finale grondwet, binne twee jaar na die aanvang van die Regering van Nasionale Eenheid (RNE), dit wil sê voor 10 Mei 1996, op te stel. Uitvoerende magte sou gesetel wees in die president, wat vanuit sy eie geledere deur die Nasionale Vergadering verkies is, en 'n kabinet van nasionale eenheid waarin opposisiepartye met noemenswaardige steun ook verteenwoordig sou word.⁵⁷

Die verkiesing vir die nasionale en provinsiale wetgewers sou gereël word deur 'n stel basiese reëls wat in die Kieswet vervat is. Dit sou geadministreer en gesertifiseer word en onder toesig geskied van 'n spesiale statutêre liggaam, die OVK, wat deur die staatspresident op advies van die UOR aangestel is. Daar is ook ooreengekom op 'n ander

⁵⁶ Elke kieser het twee stembriewe gekry waarop die name van die deelnemende partye was. Die stembrief vir die Nasionale Vergadering het vir 19 partye voorsiening gemaak, terwyl die van provinsiale wetgewers gewissel het. Setels is toegeken ingevolge 'n ingewikkelde formule afhangende van die steun wat die onderskeie deelnemende partye gekry het.

⁵⁷ Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Wet 200 van 1993.

statutêre liggaam, die Onafhanklike Mediakommissie, wat as waghond vir regeringsgedrukte media en luggolwe moes optree.

Die OVK het 'n enorme taak gehad en dienooreenkomstig baie geld spandeer – ongeveer R1 miljard. Die stemmery het redelik vreedsaam verloop, hoewel sewe politieke partye formele klagtes aanhangig gemaak het binne die gespesifiseerde tyd van 48 uur. Die NP, DP (Demokratiese Party) en IVP het ernstige klagtes oor die rekonsiliasie van sommige voorsittende beamptes se stembriewe geregistreer en gedreig om regstappe te neem, omdat dit die "vryheid en regverdigheid" van die verkiesing geaffekteer het. Die OVK het alle klagtes ondersoek en op Vrydag 6 Mei 1994 ingevolge artikels 49 en 50 van die Kieswet die finale toedeling van setels aan politieke partye gedoen. Nieteenstaande die feit dat die OVK dit nie kon ignoreer dat oneffektiewe administrasie die ANC in Noord Transvaal, KwaZulu en die Transkei kon bevoordeel nie, was hulle tevrede dat die verkiesing vry en regverdig was en is die uitslag aangekondig wat 'n billike uitspraak van die Suid-Afrikaanse kiesers was oor hulle toekomstige regering.⁵⁸

9. DIE UITSLAG VAN DIE VERKIESING

Van die 19 partye wat vir 400 setels in die Nasionale Vergadering meegeding het, het net sewe vir setels gekwalifiseer. Die ANC het 252, die NP 82, die IVP 43, die Vryheidsfront nege, die DP sewe, die PAC vyf en die ACDP twee setels gekry.⁵⁹ In die provinsies was die seteltoedeling as volg: (Dit moet in ag geneem word dat die provinsies se name intussen

⁵⁸ Verslag van die OVK.

⁵⁹ *Ibid.*

verander het en dat die getal setels van wetgewers verskil het en bepaal is deur die getal kiesers in 'n betrokke provinsie.)⁶⁰

Oos-Kaap:

PAC 1, ANC 48, DP 1, NP 6 = 56

Oos-Transvaal:

VF 2, ANC 25, NP 3 = 30

KwaZulu-Natal:

PAC 1, ACDP 1, ANC 26, DP 2, Minority Front 1, NP 9, IVP 41 = 81

Noord-Kaap:

VF 2, ANC 15, DP 1, NP 12 = 30

Noord-Transvaal:

VF 1, ANC 38, NP 1 = 40

Noordwes:

VF 1, ANC 26, NP 3 = 30

Vrystaat:

VF 2, ANC 24, NP 4 = 30

PWV:

PAC 1, VF 5, ACDP 1, ANC 50, DP 5, NP 21, IVP 3 = 86

Wes-Kaap:

VF 1, ACDP 1, ANC 14, DP 3, NP 23 = 42

Die NP het landwyd 20,39% van die stemme op hom verenig teenoor die ANC se 62,65%. Dit was vir die NP 'n groot teleurstelling. Geweld en intimidasie het uiteraard 'n groot rol gespeel en in sommige "no-go"-areas is die party nie eens toegelaat nie. Hoewel T-hemde gulsig opgeraap is, is NP-pamflette wat by die duisende op sogenaamde "road shows" uitgedeel is, dikwels onmiddellik versnipper. Dit was inderdaad 'n bevrydings-verkiesing en nieteenstaande die feit dat FW de Klerk deurlopend daarop geroem het dat dit die NP is wat apartheid nek omgedraai het, het swart

⁶⁰ *Ibid.*

kiesers en masse téén die NP, of dan vír die ANC, gestem. Van die duisende plaaswerkers en andere wat by NP-saamtrekke opgedaag het, groot entoesiasme getoon en dankbaar van die eetgoed geneem het, se steun het uiteindelik niks tereg gekom nie. Die troos was dat die meerderheid wit, bruin en Indiër-kiesers die NP ondersteun het en dat die party in een van die provinsies, Wes-Kaap, koning gekraai het. In die Noord-Kaap het die ANC, danksy die DP se samewerking, die leisels in die hande gekry.⁶¹

Die verkiesing van 27 April 1994 het die einde van die NP se bewind sedert 1948 ingelui. Ná die 1994-verkiesing was die NP se verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering (NV), die senaat en die provinsiale wetgewers soos volg:⁶²

Provinsie	Nasionale Vergadering	Senaat	Provinsiale wetgewer	Totaal
Gauteng	23	2	21	46
KwaZulu-Natal	12	1	9	22
Limpopo	2	-	1	3
Mpumalanga	4	1	3	8
Noord-Kaap	4	4	12	20
Noordwes	3	1	3	7
Oos-Kaap	6	1	6	13
Vrystaat	4	1	4	9
Wes-Kaap	24	6	23	53
Totaal	82	17	82	181

⁶¹ Aucamp en Swanepoel, pp. 19-22.

⁶² Aucamp-versameling, Report of the independent Electoral Commission, Oktober 1994.

10. EVALUERING VAN DIE VERKIESING

Die NP het na die verkiesing in 'n federale verslag 'n evaluering van die verkiesing gegee. Dit het nie getrag om volledig te wees nie, maar het nogtans die belangrikste aspekte wat na vore gekom het, beliggaam. Opsommend was die gevolgtrekkings die volgende.⁶³

10.1 Algemeen

- Die NP het grootliks sy doelwit bereik ten opsigte van steun onder die blanke, kleurling en Indiërgemeenskappe. Dit was onder swart kiesers waar die nodige steun ontbreek het.
- Daar was nie erkende swart leierskap binne die NP nie.
- Hoewel foute gemaak is wat die organisasie betref, was niks dramaties nie en sou die uitslag nie veel anders gewees het nie. Daarteenoor het die onreëlmatighede met die stemtellery voor en tydens die verkiesing die party minstens 5% tot 8% stemme gekos. Selfs onder die mees ideale omstandighede sou die NP nie veel meer as 35% van die stemme kon trek nie.

10.2 Organisasie

- Die organisasie in die Wes-Kaap was die beste en dit is ook in die uitslag weerspieël.
- Daar is nie betyds en genoeg in swart gemeenskappe gewerk nie.
- Sommige van die swart gebiede was inderdaad "no-go"-areas en intimidasie het 'n groot rol in die aanloop tot die verkiesing gespeel.
- Daar was nie genoeg vrywillige werkers nie.

⁶³ Aucamp-versameling, notule van die Federale Raad-dagbestuur, 12 Junie 1994.

- Die tradisionele swart leierskap en stamstelsel waarop gekonsentreer is, het waarskynlik nie meer soveel invloed gehad nie, terwyl die fokus op plaaswerkers eweneens misluk het.
- Die kerkaksie wat baie tyd en geld gekos het, het ook nie deurgesuur nie.

10.3 Bemarking

- Die NP het amper outomaties die steun van die blanke, kleurling en Indiërgemeenskappe gekry, ten spyte daarvan dat hulle gedeeltelik afgeskeep is.
- Te veel geld is waarskynlik aan swart bemarking spandeer. (In die politieke klimaat in Suid-Afrika in die post-apartheidsera was dit byna 'n futiele saak om te veel hoop op swart steun vir die NP te plaas.)
- Daar was ook van tyd tot tyd ongelukkigheid en spanning oor die houding van 'n groep konsultante en spanning tussen die konsultante self.

10.4 Media

- Die grootste gedeelte van die media was teen die NP gekant.
- Die media het vooraf 'n uitslag geantisipeer en dit strykdeur so aan die publiek oorgedra.
- Daar is te veel reaktief en nie genoeg pro-aktief nie, opgetree.
- Die feit dat die NP die regering was, het in sommige gevalle teen die party getel en ministers het dit soms as verskoning gebruik om nie aan die harde politieke stryd deel te neem nie.

10.5 Finansies

- Die NP het R18 miljoen in die provinsies spandeer, terwyl die uitgawe federaal R30 miljoen was. In totaal het die verkiesing die party dus R48 miljoen gekos.

10.6 Die grootste probleme in die verkiesing

- Dit was 'n *uhuru*-verkiesing vir die swart gemeenskappe wat uitgesluit was van deelname aan die Driekamerparlement.
- Van kardinale belang: Die NP kon nie sy apartheidsbagasie afskud nie.
- Daar was verskeie voorvalle van ongerymdhede met die verkiesing.
- Dit was vir die NP nadelig dat die formele onderhandelings tot kort voor die verkiesing voortgeduur het.
- Daar was 'n gebrek aan organisasie-strukture in swart gemeenskappe.
- Daar was nie 'n goeie begrip van die OVK se werking, beperkings en geleenthede nie.
- Die laat toetrede van die IVP tot die verkiesing was goed vir die land, maar sleg vir die NP en Natal.
- Die NP het nie altyd 'n produk gehad wat duidelik onderskeibaar was van sommige van die ander partye nie.

Met die voordeel van terugskouing, kan dit bevestig word dat bogenoemde inderdaad van die grootste probleme was. Hiermee was die verkiesing agter die rug, die uitslag 'n gegewe, die regering van die NP op 'n einde en 'n baie opdraande en klipperige pad die party se voorland.

11. DIE NP EN DIE REGERING VAN NASIONALE EENHEID (RNE)

Die laaste kabinetsvergadering van die ou bedeling het op Woensdag 4 Mei 1994 in die Uniegebou plaasgevind. Uiteraard was dit 'n historiese geleentheid. Benewens algemene sake wat bespreek is, is daar aandag gegee aan heelwat sake wat verband gehou het met die oorgangsproses. Op Maandag 9 Mei het die nuwe parlement in Kaapstad vergader om Nelson Mandela formeel as die land se nuwe president te verkies en het 'n NP-leier, vir die eerste maal sedert 1948, sy plek links van die speakerstoel, tradisioneel die posisie van die opposisie, ingeneem. Die nege provinsiale wetgewers het eweneens bymeekaargekom om premiers en ander ampsdraers te kies.⁶⁴

Nadat die partye tydens die onderhandelings ooreengekom het om deelnemende demokrasie/magsdeling net vir vyf jaar tydens die bestaan van die oorgangsgrondwet te laat geld, het dié afgewaterde konsep beslag in die finale grondwet gekry. Die relevante artikels het bepaal dat elke party wat minstens 80 setels in die Nasionale Vergadering (NV) het, geregtig is op 'n uitvoerende adjunkpresident. Partye wat voorts minstens 20 setels in die Nasionale Vergadering het en aan die RNE wou deelneem, was geregtig op die toekenning van een of meer van hoogstens 27 kabinetsportefeuljes, in verhouding tot die getal setels wat die party in die NV het teenoor die getal van die ander deelnemende partye.⁶⁵

Die uiteindelijke grondwet het bepaal dat die provinsiale wetgewers by hulle eerste sitting 'n premier uit eie geledere moes kies. Die premier moes op sy beurt weer 'n uitvoerende raad van hoogstens tien lede aanstel. 'n Party wat minstens 10% van die setels in die provinsiale wetgewer

⁶⁴ FW de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 357-358.

⁶⁵ Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Wet 200 van 1993.

het en wat besluit het om aan die uitvoerende raad deel te neem, was ook geregtig op setels in verhouding tot die getal setels van die ander deelnemende partye.⁶⁶

Die bepalinge van die grondwet, en meer spesifiek die gees daarvan, het dikteer dat die president en die premiers in noue konsultasie met die leiers van die deelnemende partye die uitvoerende gesagte moes saamstel. Dit het nie gebeur nie. Pres. Mandela het byvoorbeeld op 6 Mei 1994 die name en sommige van die 18 kabinetsministers waarop die ANC geregtig was, aangekondig, sonder dat hy die geringste poging aangewend het om met FW de Klerk, wat toe een van twee adjunkpresidente was, te konsulteer. Daarmee is bevestig dat die NP voortaan nie meer in krisisbesluite geken sou word nie. Die ander adjunk was Thabo Mbeki, die latere opvolger van Mandela. Die NP was op ses en die IVP op drie ministers geregtig. Die NP se lede was: Pik Botha (mineraal en energiesake); dr. Dawie de Villiers (toerisme en omgewingsake); dr. Kraai van Niekerk (landbou); Abe Williams (welsyn); Roelf Meyer (provinsiale sake en staatkundige ontwikkeling) en Derek Keys (finansies). Benewens die Wes-Kaap waar die NP regeer het, het die NP in al die ander provinsies, behalwe Limpopo (soos hy tans bekendstaan), vir minstens een LUR gekwalifiseer. Waar die NP nasionaal redelik tevrede was met die portefeuilles van finansies, mineraal- en energiesake, omgewingsake, landbou, welsyn en bevolkingsontwikkeling en provinsiale en grondwetlike sake, het die party in provinsies bedroë daarvan afgekom met minderwaardige portefeuilles soos vervoer, in byvoorbeeld die Vrystaat en die Oos-Kaap. Die gevaarlike vir die demokrasie het toe al rooi begin flikker.

FW de Klerk het nietemin op 2 Mei 1994 in 'n toespraak oor die verkiesingsuitslag verwys na wat hy vier jaar en drie maande vantevore in

⁶⁶ *Ibid.*

die parlement gesê het, naamlik dat die tyd aangebreek het om uit die spiraal van konflik, spanning en gewelddadige stryd, waarin die land vir dekades vasgevang was, te breek. Die visie wat hy toe gehad het, het gerealiseer:

- die land het 'n dinamiese en nuwe grondwet gehad;
- die land het die versekering gehad dat daar geen dominasie van enige Suid-Afrikaners deur ander sou wees nie;
- Suid-Afrika het die einde van apartheid beleef;
- daar was gelykheid voor die reg;
- minderheidsregte is verseker;
- individuele regte is gewaarborg deur 'n menseregte-akte en 'n konstitusionele hof;
- die vorige week is die eerste verkiesing deur algemene stemreg gehou.⁶⁷

De Klerk het melding gemaak van die goeie gees onder die kiesers tydens die verkiesing: "Daar was verdraagsaamheid, geduld, opgewektheid en 'n sigbare versugting na versoening en vrede." Hy het daarna uitgesien om konstruktief in die RNE te werk tot voordeel van al die land se mense. Hy was ook positief oor sy en Mandela, wat op 9 Mei as president ingehuldig sou word, se samewerking en was oortuig dat die grootste uitdaging van die RNE sou wees om die nuwe grondwet te beskerm en te vertroetel om die jong demokrasie behoorlik te vestig. De Klerk het die uitdaging gestel:

- "Ons moet die oorganggrondwet 'n lewende organisme maak.
- Ons moet waak teen enige poging op enige regeringsvlak om enige aspek van die grondwet of van individuele, minderheids- of godsdiens-tige reg aan te tas.

⁶⁷ Toespraak oor verkiesingsuitslag, 2 Mei 1994. www.fwdklerk.org.za (Gelig op 30 Maart 2010).

- Ons howe moet 'n sterk basis van uitspraakreg opbou om die handhawing van grondwetlike regte verder te waarborg.
- Ons moet alle behoorlike demokratiese instellings in die burgerlike samelewing inbind om die grondwet en sy beginsels te verdedig.⁶⁸

Die NP het nou die enorme en byna onmoontlike taak gehad om as junior, gekoöpteerde lid van die RNE te dien én die ANC vreesloos te opponeer. Dit het later geblyk nie moontlik te wees nie. Meer nog: dit sou binne twee jaar duidelik word dat De Klerk se visie van 'n nuwe Suid-Afrika nie aan sy verwagtinge sou voldoen nie. Eerstens het sy en Mandela se verhouding erg versuur, soveel so dat dit 'n belangrike rede was hoekom die NP einde Junie 1996 die RNE op alle regeringsvlakke verlaat het. Tweedens het die ideaal van minderheidsbeskerming ook in die stof gebyt en het die NP nie daarin geslaag om dié konsep, wat hulle aan die kiesers belowe het, in die finale grondwet van 1996 ingeskryf te kry nie.

In 'n omsendbrief teen die einde van 1994 skryf die destydse Vrystaatse NP-hoofsekretaris, dr. Johan Swanepoel, dat adjunkpres. De Klerk die konstruktiewe rol wat die NP in die RNE speel, behoorlik omskryf het en wys dan op 'n paar areas waarop die NP in besonder konsentreer:

"Ons kan nie toelaat dat regstellende aksie in nog 'n vorm van rassisme ontaard nie. Ons mag geen Suid-Afrikaner, bloot op grond van sy of haar ras, uitsluit van die geleentheid om 'n volle bydrae te lewer tot die gemeenskap of die ekonomie nie;

Ons moet verseker dat die onderwysbeleid van die regering in ooreenstemming is met die vereistes in die grondwet en met die beginsels van gelykheid en nie-voorskriftelikheid;

⁶⁸ *Ibid.*

Ons moet toesien dat daar, ten opsigte van die herverdeling van grond, gehou word by die waarborge wat in die grondwet ingebou is en dat gehou word by die ooreenkomste wat reeds onderhandel is;

Ons moet daarteen waak dat die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) nie in 'n Orwelliaanse parodie ontaard waar die soeke na "waarheid" 'n knuppel word om een party se weergawe van die geskiedenis op sy opponente af te dwing nie;

Daar moet genoeg ruimte wees vir al ons kultuur- en kunstradisies om te gedy. Die kunssmake, bronne en talente wat ons deur die jare heen verwerf het, moet behou word;

Ons sal die Konstitusionele Hof baie goed dophou. Hulle moet op 'n vreeslose en onpartydige wyse verseker dat al ons mense in 'n posisie sal wees om die regte en waarborge in die grondwet vir hulself op te eis;

Ons het 'n akkoord tussen die regering, arbeid- en die sakesektor nodig om werklike en deurlopende ekonomiese groei te bereik, sodat ons almal kan voortgaan."⁶⁹

In die slotperspektief van hierdie tesis sal daar meer volledig lig gewerp word oor hoe ook die meeste bogenoemde sake vir die NP lelik skeefgeloop het. Daar kan egter reeds gemeld word dat die historikus, Hermann Giliomee, netsowel namens die NP kon gepraat het toe hy die Dakar-gangers se teleurstelling oor die verloop van sake in die land

⁶⁹ NP Vrystaat, Omsendbrief 6/94, 1 November 1994.

verklaar het. Volgens hom het hulle (die Dakar-gangers) gedink dat hulle en die ANC eenders dink oor terme soos demokrasie, die onderhandeling van die grondwet, die beskerming van regte en ware nie-rassigheid. Giliomee-hulle het die grondwet as 'n kontrak beskou; en die ANC het eenvoudig nie daarby gehou nie.⁷⁰

Bostaande rym ook met dr. Tertius Delpont se siening dat die NP talle bundels van allerlei definisies gehad het, die formele betekenis daarvan geken het, maar nie wesenlik of materieel geweet het wat hulle eintlik wou hê in die grondwet moes staan nie. Byvoorbeeld – die grondwet bepaal dat elke persoon die reg op gelykheid het en dat daar teen niemand gediskrimineer mag word nie, maar persone wat voorheen benadeel was, moes genoegsame beskerming kry (regstellende aksie). Hierdie formulering het dit vir die ANC moontlik gemaak om regstellende aksie sodanig te interpreteer dat dit op niks anders as omgekeerde diskriminasie, en dus rassisme, dui nie. Of, die grondwet bepaal die staatsdiens moet onpartydig en loopbaangerig wees en funksioneer volgens billike en regverdige beginsels. Dit moes toeganklik vir almal wees met die nodige kwalifikasies ... maar moes in die algemeen verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse gemeenskap wees. Tans interpreteer die ANC dit as dat die staatsdiens die bevolkingsamestelling moet reflekteer en word meriete en onpartydigheid by die venster uitgegooi. "Ons het dik stukke oor detail en modelle gepraat, maar nooit gesit en 'n strategie uitgewerk en gevra wat die ANC wil bereik nie", is Delpont se raak kommentaar.⁷¹ Delpont sê verder op RSG: "Die woord wat ons destyds kortgekom het, was "nee".⁷²

⁷⁰ RSG Monitor, 8 Desember 2009.

⁷¹ Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Wet 200 van 1993; Aucamp-versameling, onderhoud met dr. Tertius Delpont, 10 Maart 2010.

⁷² RSG, Monitor, 3 Februarie 2010.

'n Somber boodskap het al in Januarie 1994 uit die pen van Giliomee in *Rapport* verskyn onder die opskrif "Die jaar waarin als verander word..." Baie grondige redes bestaan waarom die NP die proses van grondwetlike onderhandelings aan die gang gesit het, wat sou uitloop op sy afstaan van die mag op 27 April, sê hy, en vervolg dat die NP sy kommunikasie en propaganda moes opknap om die vrees by sy eie ondersteuners uit die weg te ruim dat hy eintlik maar besig was met 'n eerbare vorm van selfmoord.⁷³ Giliomee sê dat Afrikanerleiers, van Botha, Smuts en Hertzog tot Verwoerd, Vorster en Botha sedert 1914 volhardend gewerk het om te vermy wat tans (1994) voorlê. John Vorster het in die vroeë sewentigerjare sardonies opgemerk dat 'n beleid van algemene stemreg soortgelyk is aan die raad om selfmoord te pleeg om te verhoed dat jy vermoor word. In 1976 het die Duitse kanselier, Helmuth Schmidt, Vorster probeer oorreed om aan almal stemreg te gee, want as dinge skeefloop, kon die land, soos Duitsland na die Tweede Wêreldoorlog, weer opstaan. "En kyk Duitsland is vandag die rykste land in Europa." "Jy verstaan nie," het Vorster tereg hierop geantwoord. "Vir ons Afrikaners sal daar nie 'n tweede kans wees as ons die mag verloor nie."⁷⁴

In dieselfde artikel verwys Giliomee na twee skerpsinnige waarnemers, Heribert Adam en Kogila Moodley, wat in hulle boek, *The opening of the apartheid mind*, skryf: "Few ruling groups in history have ever wringled themselves out of a deadly predicament more elegantly." Giliomee sluit af deur te sê dat, as die NP deur die diep drif van 1994 wou kom, die leiers 'n veel sterker saak moes uitwerk dat hulle nie met selfmoord besig is nie, as wat hulle tot in daardie stadium gedoen het om die vrese van hulle ondersteuners te besweer."⁷⁵

⁷³ *Rapport*, 2 Januarie 1994, p. 17.

⁷⁴ *Ibid.*

⁷⁵ *Ibid.*

Die verhouding tussen Mandela en De Klerk het al strammer geword en uiteraard het dit vir die leiersfigure in die partye nie ongesiens verbygegaan nie. 'n Bom het gebars tydens 'n kabinetsvergadering op 18 Januarie 1995 toe 'n skerp en persoonlike aanval van Mandela op De Klerk die RNE in 'n krisis gedompel het. Die aanval het verband gehou met die vrywaring wat 3 500 polisiemanne kort voor die verkiesing in 1994 ontvang het. Mandela het beweer dat dit 'n onderduimse poging van die vorige regering was om net voor die nuwe regering aan bewind gekom het, vrywaring te verleen aan mense wat hulle aan growwe menseregteskendings skuldig gemaak het. Dít, terwyl die NP-regering nóg bewus was van, nóg betrokke was by die indiening van die polisielede se aansoeke om vrywaring. Duisende ANC-lede het toe ook reeds van dieselfde wet gebruik gemaak. Mandela se aanval was inderdaad onredelik.⁷⁶

Om 15:30 dieselfde dag het die NP se federale dagbestuur in die kantoor van FW de Klerk by die Uniegebou in Pretoria byeengekom. De Klerk was hewig ontsteld en besonder emosioneel toe hy sy dagbestuur oor die gebeure en die behandeling wat hy van Mandela ontvang, vertel het. Die implikasies van Mandela se optrede en die NP se posisie binne die RNE is deeglik bespreek.⁷⁷

Die volgende dag sou die NP se federale kongres weer by die Wêreld-handelsentrum in Kemptonpark begin. 'n Somber atmosfeer het geheers toe die dagbestuur om 09:50 'n spesiale vergadering gehou het om die NP se rol in die RNE te bespreek. Die vergadering was eenparig in sy steun van die NP-leier se optrede en sy hantering van die saak. Met behoud en herstel van die eer en integriteit van die party en die nasionale leier as vertrepunt, was die wenslikste opsie die NP se voortgesette deelname

⁷⁶ Aucamp en Swanepoel, p. 27.

⁷⁷ Notule van NP-dagbestuursvergadering, 18 Januarie 1995.

aan die RNE, met dien verstande dat alle betrokkenes hulself tot 'n nuwe begin kompromitteer en die aanvaarding van wedersydse goeie trou – tot heil van Suid-Afrika en al sy mense.⁷⁸

Tydens die vergadering van die Federale Raad wat hierop gevolg het, is dit duidelik gestel dat die krisis in die RNE wyer en dieper was as die vrywaringskwessie. Die NP se deelname was in landsbelang, op voorwaarde dat dit met eer, erkenning en integriteit en die regstelling van bepaalde prosedures en benaderings sou geskied. Die NP, is gesê, is nie die surrogaat van enige ander party nie. Die herstel van verhoudinge en die ontknoping van die krisis, is aan die vergadering gesê, geniet prioriteitsaandag.⁷⁹

Hierdie gebeure is agterna wyd in partygeledere bespreek. Daar het twee duidelike denkrigtings in die party ontstaan oor hulle posisie in die RNE, asook die rol wat hulle as amptelike opposisie moes speel. Aan die een kant is geoordeel dat hulle 'n sterk opponerende rol gehad het – veel sterker as wat hulle tot in daardie stadium gespeel het. Aan die ander kant is gemeen dat die klem eerder op samewerking op alle vlakke oor die algemeen, en in die RNE in die besonder, moes val. Die aanhangers van laasgenoemde wou ook graag sien dat die party in 'n groter mate op die swart kieserskorps konsentreer in 'n poging om hulle magsbasis uit te brei. Eersgenoemde groep was ook teleurgesteld oor wat met die onderhandelings bereik is en die kritiek op Roelf Meyer, dat hy te maklik aan die ANC toegegee het, het verhewig. Intussen het die spanning in die NP toegeneem en die ondersteuning afgeneem.⁸⁰

⁷⁸ *Ibid.*, 19 Januarie 1995.

⁷⁹ Notule van Federale Raadsvergadering, 19 Januarie 1995.

⁸⁰ Aucamp en Swanepoel, pp. 27-29.

Omdat die NP se deelname aan die RNE deur onderhandeling deur die oorgangsgrondwet gereël is, het die party se posisie direk verband gehou met die produk wat vir die finale grondwet onderhandel is. Toe die party nie daarin kon slaag om magsdeling in die finale grondwet neerslag te laat vind nie, het die NP hom in 'n onbenydenswaardige posisie en sonder legitimititeit bevind. Die party se eer was op die spel en hulle het op 9 Mei 1996 besluit om die RNE op alle vlakke van regering te verlaat. Die formele afloop hiervan word vervolgens kortliks behandel omdat dit 'n belangrike uitvloeisel van die gebeure van 1994 was.

12. VERGEEFSE POGINGS OM MAGSDELING IN DIE GRONDWET TE KRY

Presies 20 jaar na die 2 Februarie 1990-toespraak het 'n paar belangrike persone, wat uiteenlopende politieke sieninge gehuldig het, interessante perspektiewe oor die gebeure in 'n TV-program "Judas of Moses" gegee. Die program is ingelui met 'n greep uit die toespraak van Mandela toe hy na sy vrylating op 11 Februarie 1990 in Kaapstad die land gegroet het "in the name of peace, democracy and freedom for all". Van gesonde demokrasie het sedertdien weinig tereggekem en vryheid was eweneens nie vir almal beskore nie. Dit is waarom De Klerk tydens die program gesê het dat, wat intussen skeefgeloop het, die skeeftrekking van die grondwet deur die ANC was. Ook Helen Zille, DA-leier, was van mening dat die ANC die grondwet ondermyn "selfs sonder om 'n woord daaraan te verander". Sy het 'n belangrike opmerking gemaak dat demokrasie afhang van die gehalte van sy kiesers en omdat die kiesers die ANC nie tot orde roep nie, kan daar in Suid-Afrika nie van 'n volwaardige demokrasie gepraat word nie. Vertolkings van blankes en swartes in Suid-Afrika (mense van kleur) oor 'n groter mate van demokrasie, verskil dikwels. Word daar nie subjektief geoordeel nie? De Klerk het ook die DP en IVP

verwyf omdat hulle destyds nie vir die NP gestem het vir 'n konsensussoekende magsdelingmodel op uitvoerende gesagsvlak nie. Mac Maharaj se reaksie was dat dit nie haalbaar was nie, omdat dit niks minder as 'n verskuilde veto sou wees nie. Volgens hom sou dit beteken dat hulle aan "die minderheid beheer gee". Dr. Pieter Mulder, VF+-leier, was van mening dat die NP op 2 Februarie 1990 'n perd opgesaal het wat 'n tier geword het, aangesien die opmerking van De Klerk dat die "wenner-vat-alles" "die slegste sisteem is", toe inderdaad, sonder die belofte van 'n referendum, waar geword het.⁸¹

Soos reeds genoem, het die parlement as grondwetlike vergadering, ingevolge die grondwet, twee jaar gehad om die finale grondwet op te stel. Gedurende die week van 24 Oktober 1994 het die NP gesuggereer dat die tyd vir die grondwetskrywe met sowat 'n jaar verleng word. Die IVP het dit ondersteun, maar daar is uiteindelik besluit om by die voorgeskrewe tydsraamwerk te hou.

Die NP het in 1995 weer met 'n federale kongres by die Wêreld-handelsentrum in Kemptonpark, vanaf 19 tot 21 Januarie, afgeskop. Die tema was: "Die NP het die verandering gebring, nou maak die NP die verskil." 'n Getal van 984 geregistreerde afgevaardigdes van die nege provinsiale organisasies en verskeie waarnemers en gaste het die kongres bygewoon.⁸² Die krisis in die RNE wat die kongres grootliks oorheers het, word elders in hierdie hoofstuk verhaal.

Die kongres het, wat staatkundige sake betref, onder meer op die volgende beginsels besluit wat in die finale grondwet beliggaam moes word:

⁸¹ DSTV, KykNet, 2 Februarie 2010; SAUK, direkte uitsending, 11 Februarie 1990.

⁸² Notule van die NP-federale kongres, 19 tot 21 Januarie 1995.

- "(i) Die beginsel van federalisme, wat insluit oorspronklike en outonome gesag ook vir provinsiale en plaaslike regerings ooreenkomstig die beginsel van subsidiariteit;
- (ii) die beginsel van korporatiewe outonomie wat statutêre instellings daarstel vir doeltreffende kollektiewe bedinging vir besondere minderheids- en/of kultuurbelange ten einde, onder andere, die gelykberegtiging van kultuurgebonde moedertaalonderwys te verseker; en
- (iii) die beginsel van proporsionaliteit in alle wetgewende en uitvoerende gesagte wat sover moontlik insluit proporsionaliteit in alle aanstellings deur die wetgewende of uitvoerende gesagte."⁸³

Om alle twyfel uit die weg te ruim oor die NP se siening van magsdeling, is in 'n latere kongresbulletin spesifiek gesê dat die nuwe grondwet "magsdeling moes handhaaf" en "taal-, godsdiens- en kultuurbelange beskerm". Die bulletin is deur die woordryke politikus, dr. Johan Steenkamp, afgesluit met die volgende woorde: "Die NP is die enigste waarborg vir 'n veelparty demokrasie in Suid-Afrika. Die NP gee vir almal om – ook vir minderhede. Suid-Afrika het die NP as meerderheidsparty nodig!"⁸⁴ Hierdie posisie van die NP as meerderheidsparty sou na 1994 nie weer realiseer nie. Die NP sou nou die belangrikste opposisieparty in die land word.

Die NP se volledige voorstelle vir 'n finale grondwet is vervat in 'n lywige dokument "A future together", wat in Augustus 1995 die lig gesien het. Ter wille van die essensie, word net verwys na die party se insette met betrekking tot sy referendum- en verkiesingsbelofte van 'n deelnemende demokrasie. Heel tereg het die NP in die inleiding verklaar dat die grond-

⁸³ *Ibid.*

⁸⁴ Federale kongres-bulletin, 30 Januarie 1995.

wet onder meer die aspirasies en ideale van alle Suid-Afrikaners moes erken en ook die ryke verskeidenheid van die Suid-Afrikaanse samelewing moes akkommodeer. Die party het daarom ook ten aanvang hulle voorstelle onder meer op die volgende uitgangspunte baseer:

- "die erkenning van die soewereiniteit en beskikking van die Almagtige God;
- die erkenning van Suid-Afrika as 'n soewereine staat;
- die noodsaak vir nasionale eenheid;
- die erkenning en beskerming van fundamentele menseregte;
- konstitusionalisme, magsdeling, regionalisme en ander konstitusionele beginsels waarna later verwys is; en
- 'n vryemark ekonomie."⁸⁵

Wat minderheidsbeskerming betref, het die NP aangevoer dat daar net vrede, veiligheid en stabiliteit kon wees indien die grondwet die diversiteit van die samelewing erken en voorsiening maak vir die effektiewe beskerming van minderhede se belange. Die verteenwoordiging van minderhede in besluitnemingsliggame, die beskerming van die regte van lede van minderheidsgroepe in 'n menseregteakte en spesiale liggame wat die belange van minderhede hanteer, kon net bestaan en effektief funksioneer in terme van 'n demokratiese grondwet. Hulle het voorts ook sterk gevoel oor kultuurrade wat as 'n kollektiewe steun vir minderhede kon dien en ook oor bepaalde besluitnemingsbevoegdhede behoort te beskik. Die NP het voorts voorgestel dat die Handves van Menseregte aangepas moes word om verdere beskerming aan minderhede te gee.⁸⁶

Ironies genoeg rapporteer Roelf Meyer tydens 'n vergadering van die dagbestuur van die Federale Raad, op 5 Maart 1996, dat 'n beoordeling

⁸⁵ Aucamp-versameling, *A future together* (pamflet), Augustus 1995, p. 5.

⁸⁶ *Ibid.*, pp. 49-51.

binnekort gedoen sou word oor die amptelike afhandelingsdatum van 10 Mei vir die grondwet en dat "tot dusver die onderhandelaars binne die raamwerk van 'A future together' (kon) bly".⁸⁷

Terugskouend was dit natuurlik nie waar nie. Soos met die onderhandelings vir die oorgangsgrondwet was die NP se nasionale leier, FW de Klerk, weer nie direk by die onderhandelings betrokke nie. Senior partylede het hom verkwalik en die enigste redes daarvoor was dat De Klerk óf nie lus was vir die eise van die onderhandelings nie óf geoordeel het dat sy statuur hom nie toelaat nie. Dit was 'n fout dat De Klerk nie meer aktief by die onderhandeling betrokke was nie. In hierdie navorsing is gewys op die pogings wat Barend du Plessis en dr. Dawie de Villiers voor 1994 aangewend het om De Klerk by die onderhandeling te betrek. Destyds, en ook later, was daar 'n algemene gevoel onder NP-leiersfigure dat dit net reg sou wees as die partyleier meer direk by die lotsbepalende onderhandeling betrokke sou wees. De Klerk het anders geoordeel en die NP het die prys daarvoor betaal.

Teen die einde van Maart 1995 het Roelf Meyer, ook 'n verligte Nasionalis en voorsitter van die NP se komitee vir die grondwetskrywende proses en hoofonderhandelaar, gerapporteer dat die party 'n voorstel by die grondwetlike vergadering ingedien het dat 'n veelpartyregering van nasionale eenheid in die finale grondwet na 1999 behou moes word. Thabo Mbeki, toe adjunkpresident, het hierdie voorstel egter kort daarna namens die ANC verwerp. Volgens hom was die ANC van mening dat meerderheidsregering (verwysende na 'n demokratiese regering) in Suid-Afrika tot sy reg moes kom. Die DP het hiermee saamgestem. Die gety het binne die NP en ook daarbuite al hoe meer teen Meyer begin draai en baie kritiese vrae is gevra oor sy rol as onderhandelaar. Dr. Tertius Delport is openlik in

⁸⁷ NP Federale Raad-dagbestuursnotule, 5 Maart 1996.

sy kritiek as hy sê dat Meyer net vir Ramaphosa tevrede wou stel en nie 'n saak met die NP gehad het nie. Delport is van mening dat net Kobie Coetsee werklik besef het dat die ANC se belangrikste oogmerk "the seizure of power" was. Coetsee het gesê dat "they (die ANC) will go for broke", bedoelende dat hulle alles op die spel sou plaas en ten alle koste hulle oogmerke wou bereik.⁸⁸

Intussen het die partylede geoordeel dat dit tyd was dat De Klerk weer 'n "haas uit die hoed moet trek", omdat die NP begin steun verloor het. Die leierskap het vanaf die middel van 1995 begin om verskillende strategieë te ontwikkel om vir die party 'n nuwe visie te skep. Op 2 Februarie 1996 het De Klerk die NP se toekomsvisie aangekondig by die party se nuwe indrukwekkende hoofkantoor van 1 500 vierkante meter, naby UNISA in Pretoria. Die visie het gelui dat "die NP 'n leidende rol gaan speel in die herskikking van die Suid-Afrikaanse politiek deur 'n meerderheid van alle Suid-Afrikaners bymekaar te bring in 'n dinamiese politieke beweging, gegrond op beproefde kernwaardes en Christelike norme en standaarde".⁸⁹

'n Harde slag vir die NP was toe die vertroulike werksdokument van die federale dagbestuur voor die tyd aan *Rapport* gelek is en dié koerant op 14 Januarie 1996 in 'n hoofberig onder die opskrif "Die NP wil ontbind", die volgende skryf: "In die lig van die noodsaak van vernuwing in die Suid-Afrikaanse politiek, is die Nasionale Party bereid om van sy organisatoriese identiteit (naam en strukture) afstand te doen indien dit onder gegewe omstandighede die verwesenliking van sy visie sal help verseker."⁹⁰

⁸⁸ Aucamp-versameling, onderhoud met dr. Tertius Delport, 10 Maart 2010.

⁸⁹ Aucamp en Swanepoel, pp. 35-36; De Klerk, pp. 375-376; Toespraak deur FW de Klerk, 2 Februarie 1996; NP-visie (pamflet), 2 Februarie 1996; NP Federale Raad. Strategiese bestuur werksdokument, 27 November 1995.

⁹⁰ *Rapport*, 14 Januarie 1996, p. 1.

Dit het vir die NP groot verleentheid veroorsaak en groter verwarring onder sy ondersteuners gebring. Onderliggend aan die NP se visie was juis die feit dat die land deur twee groot vrae gekonfronteer is: sou die nuwe Suid-Afrika 'n lewenskragtige veelpartydemokrasie tot stand bring of sou die land in die strik van eenparty-oorheersing beland? Juis daarom was daar die noodsaak om die meerderheid Suid-Afrikaners byeen te bring in 'n nuwe politieke beweging. Dié vraag, en of dit ook 'n nuwe politieke party beteken, het in die daaropvolgende jaar soveel drama veroorsaak dat die NP verder slae gekry het vanweë die dubbelpraterij deur FW de Klerk aan die een kant en Roelf Meyer aan die ander kant, en wel in so 'n mate dat Meyer sy posisie binne die NP verloor het en uiteindelik uit die party bedank het.⁹¹

Meyer se verskille met De Klerk het, veral sedert vroeg 1996, na die oppervlak gekom en medeprovisiale leiers het opgemerk dat hy (Meyer) die tekens getoon het van 'n jong bulletjie wat geoordeel het dat dit tyd was vir die oue (De Klerk) om "eenkant toe te staan". Tydens 'n geleentheid in 1996 by die Roodeplaatdam naby Pretoria, waar oor die toekoms van die NP besin is, was die spanning tussen De Klerk (en veral sy vrou, Marike, wat die voorsitter van die Vroue-aksie was) en Meyer naby breekpunt.⁹²

Die NP se onderhandelingspan het inderdaad daarin geslaag om 'n aantal kompromieë oor enkele omstrede kwessies vir 'n nuwe grondwet te bereik, maar in 'n kritieke en laat stadium het hulle egter 'n dooiepunt bereik ten opsigte van 'n hele paar fundamentele sake. Van hierdie sake was onder meer eiendomsreg, moedertaalonderwys, magsdeling en die doodstraf.

⁹¹ Aucamp-versameling, NP strategiese bestuur werksdokument, November 1995.

⁹² Persoonlike waarneming deur outeur.

Dit moet in gedagte gehou word dat die grondwetlike vergadering 'n nuwe grondwet moes opstel wat moes voldoen aan die 34 grondwetlike beginsels in bylae 4 van die 1993-grondwet vervat. Die nuwe teks moes deur die konstitusionele hof gesertifiseer word. Minstens twee-derdes van die lede van die grondwetlike vergadering moes die teks goedkeur. Indien net 'n gewone meerderheid behaal word, moes die teks aan 'n paneel van grondwetlike kundiges voorgelê word en as hulle eenparig in hulle beslissing was, kon 'n gewone meerderheid van die grondwetlike vergadering dit goedkeur. So 'n teks moes dan aan die kiesers vir 'n beslissing by wyse van 'n referendum voorgehou word en 'n meerderheid van 60% van die stemme sou dit die nuwe grondwet maak.⁹³ Dit het in werklikheid beteken dat die ANC eintlik kon maak wat hy wou. Die NP het dit begin besef en dit het tot hulle groot dilemma bygedra.

Die vergadering van die federale dagbestuur, waarop besluit moes word of die nuwe grondwet aanvaar moes word of nie, is op Maandag 6 Mei 1996 in De Klerk se kantoor in die ou Verwoerd-gebou in Kaapstad gehou. 'n Lang en indringende bespreking het gevolg en kleiner aanpassings is ten opsigte van die bewoording oor eiendomsreg en moedertaalonderwys met die ANC beding. Oor die ander sake het die ANC vasgestaan. Die NP was in 'n hoek en drie scenario's het ontstaan. Die eerste was om entoesiasies vir die grondwet te stem en dan integriteit en geloofwaardigheid in te boet. Die tweede opsie was om daarteen te stem. Dan sou 'n ooreenkoms nie bereik kon word nie, maar die daaropvolgende referendum sou in elk geval die grondwet 'n werklikheid maak. Die derde was om teësinnig vir die grondwet te stem en dan uit die RNE te onttrek, omdat die NP na 10 Mei in elk geval nie legitimiteit daar gehad het nie. Die vraag was net, as dit sou gebeur, wanneer die NP moes padgee. Ofskoon die

⁹³ Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Wet 200 van 1993.

vergadering nie formeel so besluit het nie, was onttrekking uit die RNE 'n gegewe toe besluit is om die derde en laaste scenario te volg.⁹⁴

Die nuwe grondwet is op Woensdag 8 Mei 1996 in die parlement aange- neem en in sy spreekbeurt het De Klerk sy redes aangekondig waarom die NP vir die wet gestem het. Hy het sterk bedenkinge oor 'n aantal aspekte, soos die afwesigheid van magsdeling, uitgespreek en ook terloops genoem dat die Federale Raad die volgende week byeen sou kom om die NP se posisie binne die RNE te oorweeg.

Dit het uiteraard tot grootskaalse bespiegeling gelei, wat De Klerk genoop het om 'n dringende vergadering van die NP se dagbestuur vir die volgende dag te belê. Die lede van die dagbestuur wat nie in Kaapstad was nie, moes dringend planne maak om die volgende oggend teen- woordig te wees. (So het die navorser en Kennett Sinclair, die federale jeugleier, deur die nag die tog uit Bloemfontein en Kimberley aangepak en die volgende oggend betyds opgedaag.) Eintlik was die spreekwoordelike koeël op dié tydstip al deur die kerk. Nadat 'n paar lede hulle opinies gelug het, het De Klerk gesê dat hy nie bereid was om as NP-leier voort te gaan om in die RNE te dien nie. As lede voel dat hulle wou aangaan, moes hulle 'n ander leier kies. Dit is duidelik gestel dat dit nie 'n geval was of die NP die RNE moes verlaat nie (die nuwe grondwet dikteer dit), dit was 'n geval van wanneer dit sou gebeur. Oor hierdie aspek was daar bespreking en meningsverskil. Sommige het gevoel onmiddellik, terwyl ander van mening was dat dit later moes gebeur. Die enigste persoon wat, byna in trane, van mening was dat die NP ten alle koste binne die RNE moes bly, was Chris Fisser. Omdat hy bekend was vir emosie bo rede, het hy nie veel simpatie verwek nie, behalwe dat De Klerk gesê het: "Kollega, ek kan

⁹⁴ Notule van 'n NP-dagbestuursvergadering, 6 Mei 1996.

ook emosioneel raak." Die vergadering het besluit om nasionaal en provinsiaal op 30 Junie 1996 uit die RNE te onttrek.⁹⁵

Op die vraag of dit die regte besluit was om uit die RNE te onttrek, mag daar retrospektief "ja" of "nee" geantwoord word. Omdat dit geblyk het dat die RNE net tydelik en hoogstens tot 1999 sou bestaan, was dit inderdaad dus nie 'n geval van óf die NP die RNE gaan verlaat nie, maar wanneer. Daarby is aangetoon dat die NP nie daarin kon slaag om, in De Klerk se woorde, "n beleidsraamwerk" saam met die ANC op te stel, wat die NP ook mede-eienaarskap van die RNE sou gee nie. Dus was die situasie so dat die ANC op die ou einde in elk geval gedoen het wat hy wou. Indien die ANC die RNE werklik as 'n regering van nasionale eenheid erken en hanteer het, sou dit uiteraard 'n ander saak wees en sou die NP waarskynlik nie in 1996 onttrek het nie.

Toe was die NP, meer as in 1994, bloot 'n opposisieparty – 'n vreemde rol na al die jare as regering. In 'n sekere sin was dit eintlik 'n bevryding, want die NP was hierna nie meer 'n gekoöpteerde lid van die RNE nie. Van die beleidsraamwerk, waarvoor vooraf ooreengekom sou word, het niks tereg gekom nie. Die NP was dus maar 'n gewillige vennoot om die ANC deur die passies van 'n regerende party te neem. Die ANC wat orals benadruk het dat hy gereed was om te regeer, was dit allermens. Die NP het darem gesorg dat hulle ten minste die basiese vaardighede soos prosedures en konvensies aanleer. Belangrik egter: die finansiële boedel wat die NP in 1994 nagelaat het, was enorm – nie net in Afrika-konteks nie, maar ook in wêreldverband.

Om aan te toon wat die formaat van die boedel wat die NP nagelaat het, was, kortliks die volgende: Suid-Afrika beslaan maar 7% van Sub-Sahara

⁹⁵ *Ibid.*

Afrika en het 6% van die bevolking van Sub-Sahara Afrika, maar in 1994 was die situasie soos volg:

- Suid-Afrika het 40% van die industriële produksie van Afrika gelewer;
- Die land se Bruto Binnelandse Produk (BBP) was 44% van dié van Sub-Sahara Afrika;
- Suid-Afrika het 69% van Sub-Sahara Afrika se elektrisiteit genereer;
- Suid-Afrika het oor 57% van Sub-Sahara Afrika se telefone beskik;
- Die land se babasterftesyfers van 56 per 1 000 het gunstig met Sub-Sahara Afrika se 107 per 1 000 vergelyk;
- Die lewensverwagting van Suid-Afrikaners het 62 jaar, en dié van Sub-Sahara Afrika 52 jaar, beloop;
- Die land se volwasse geletterdheid was die hoogste in Afrika;
- Suid-Afrika het die 57ste posisie op die Verenigde Nasies (VN) se skaal van menslike ontwikkeling beklee, die hoogste in Afrika.⁹⁶

In 'n brosjure van die departement van buitelandse sake is daar ook vergelykende persentasies van die tagtigerjare oor Suid-Afrika se leiersrol in 11 lande van Suidelike Afrika se ekonomie geïllustreer. Suid-Afrika het toe beskik oor:

- 97% van die steenkoolmyne;
- 98% van die ystererts;
- 82% van die chroommyne;
- 70% van die mielieverbouing, 87% van die koringverbouing en 67% van suikerrietverbouing;
- 80% van die skaapstapel en 39% van die beesstapel;

⁹⁶ NP Bulletin 8/94, April 1994.

- 80% van die motorvoertuie;
- 63% van die teerpaai; en
- 60% van die spoorweë en hawens.⁹⁷

Die vraag was nou wat die ANC as enkele regerende party met bogenoemde boedel sou maak. Meer nog: Sou die ANC met die NP uit die voertuig van die regering, ook op 'n verantwoordelike wyse met die nuwe demokrasie kon voortgaan? Dit val egter buite die veld van hierdie studie en sal as afsonderlike navorsingsprojek hanteer moet word.

⁹⁷ *South Africa. Mainstay of Southern Africa*, departement van buitelandse sake, September 1985, pp. 8-9.

HOOFSTUK 8

SLOTPERSPEKTIEWE

Dit is baie moeilik om net in terme van gebeure rondom 1984 tot 1994 die NP se suksesse en mislukkings te beoordeel. Dit is so dat tyd en afstand ook groter perspektief bring, vandaar dat daar soms ook kortliks aandag gegee is aan vertolkings van die periode onder bespreking.

Die drie belangrikste en mees lotsbepalende gebeurtenisse vir die Nasionale Party (NP), maar ook vir die land gedurende die dekade 1984 tot 1994, was ongetwyfeld president FW de Klerk se toespraak van 2 Februarie 1990, die vrylating van die gerespekteerde ANC-leier, Nelson Mandela, en die NP-regering se deelname aan die onderhandelingsproses wat in 1993 tot die aanvaarding van die interim-grondwet gelei het en waardeur die NP die politieke mag aan die African National Congress (ANC) afgestaan het.

Onder nugterdenkende Suid-Afrikaners is daar eenstemmigheid dat De Klerk die regte ding gedoen het en dat die toespraak van 2 Februarie noodsaaklik en tydig was – tewens, die toespraak het waarskynlik 'n bloedbad voorkom en die weg vir vreedsame onderhandeling gebaan. Al het die toespraak as verrassing, selfs vir NP-parlementslede, gekom en was partystrukture nog minder daarop voorberei, het die NP en sy hoofleier, De Klerk, binne- en buitelands die nodige erkenning en lof daarvoor gekry, behalwe vanaf die regse spektrum wat hieroor en oor Mandela se vrylating vuur gespoeg het. De Klerk en die NP se rol tydens die onderhandelinge was destyds en is steeds, dalk nou in meerdere mate, egter 'n onderwerp met diep verdeelde sienings. Namate die post-1994 Suid-Afrika ontplooi het, is die NP en sy leier al meer veroordeel en beskuldig

dat hulle hul ondersteuners in die steek gelaat het deur swak en ondeurdagte onderhandelings. In hierdie omvattende navorsing is daarop gewys dat selfs die verligte en charismatiese oudminister, Pik Botha, in die openbaar gesê het dat, indien die NP-onderhandelaars destyds gewet het wat hulle tans weet, daar waarskynlik nie 'n skikking sou wees nie.

Die interim-grondwet van 1993 was 'n belangrike voorspel tot die demokratiese verkiesing van 1994. Interessant is die akademikus, David Welsh, se verwysing na Napoleon wat geoordeel het dat 'n grondwet "kort en vaag" moet wees. Die interim-grondwet was presies die teenoorgestelde: omslagtig en buitengewoon gedetailleerd. Dit was 'n weerspieëling van die besonder moeilike kompromieë wat gemaak moes word om die onderhandelingsproses aan die gang te hou en al die partye tevrede te stel.¹

Pres. De Klerk het op 22 November 1993, toe die interim-grondwet deur die parlement goedgekeur is, verklaar dat dit (die grondwet) die land van die albatros gered het wat vir 300 jaar om sy nek was. Hy het voorts gesê dat die NP sy vernaamste doelwitte bereik het en daarin geslaag het om ander partye tot 'n redelike en billike grondwet in te bind. "Geen party het gewen nie," was sy slotsom.² Later het De Klerk in sy outobiografie geskryf van "die duidelike tekortkominge in albei grondwette (1993 en 1996) ten opsigte van die volle verwesenliking van die doelwitte waarna ek en die NP tydens die onderhandelinge gestrewe het".³

Hierdie navorsingstudie handel oor die NP se laaste dekade as regerende party, 1984 tot 1994, 'n tyd van politieke turbulensie en ingrypende veranderinge. In hierdie tien jaar sou die party 'n lotsbepalende koersverandering ondergaan en die mees dramatiese besluite ooit neem waar-

¹ D Welsh, *The rise and fall of apartheid*, p. 532

² *Ibid.*; *Hansard*, 22 November 1993, kol 14117 - 14126

³ FW de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 404

deur al Suid-Afrika se burgers in 1994 vir die eerste maal in die geskiedenis volwaardige stemreg gekry het, maar wat uiteindelik ook tot die party se stelselmatige agteruitgang en uiteindelijke ontbinding in 2006 gelei het.

Die eerste vraag wat opkom, is: Hoekom het die NP so 'n ingrypende koersverandering ondergaan? Die twee mense wat hieroor met gesag kon praat, is die NP-hoofleiers in daardie dekade, naamlik PW Botha en FW de Klerk.

Die rol van hierdie twee leiers was in die laaste dekade van hul regeringstydperk van die uiterste belang. Hulle sou die koers bepaal en van hulle is verwag om daadwerklike leiding te gee. Reeds in 1988 het pres. Botha gesê dat die NP oor 40 jaar van bewind bewys het dat hy 'n party van vernouing en hervorming is.⁴ In Augustus 1985 het hy ook gesê dat 'n party nie kan stagneer nie, want “hervorming is 'n noodsaaklike proses waaraan 'n lewende volk en nasie en staat moet voldoen. Die lewe bestaan uit hervorming, nie ter wille net van hervorming self nie, maar die lewe is 'n proses wat uit hervorming soek na verbetering.”⁵

Sy opvolger, pres. FW de Klerk, beweer later in sy outobiografie dat hy “nietemin oortuig (bly) dat al die belangrike besluite wat ek en die NP sedert 1989 geneem het, noodsaaklik en in belang van alle Suid-Afrikaners was – my eie mense inkluis. Ek sou weer medeaanspreeklikheid aanvaar vir die NP se beleid om heeltemal weg te breek van die beleid van afsonderlike ontwikkeling en 'n nuwe visie te aanvaar.”⁶

Daar is tans verskeie politieke ontleders wat De Klerk nie die nodige krediet gee vir die reuse kwantumsprong van 2 Februarie 1990 waardeur

⁴ JJ van Rooyen, *Altyd nuut*, p. 3.

⁵ D Prinsloo, *Stem uit die Wilderness*, p. 207.

⁶ De Klerk, p. 404.

die onderhandelingsproses vir 'n demokratiese regering ingelei is nie. Hulle glo dat hy geen ander opsie gehad het nie en beweer dat die binnelandse onrus, rollende massa-aksie en internasionale sanksies en isolasie die NP-regering gedwing het om met die ANC te onderhandel.

Hoewel bogenoemde faktore beslis 'n rol gespeel het, soos ook in die navorsing getoon is, was hulle nie deurslaggewend nie. Oudminister Chris Heunis beklemtoon in Desember 2002 in 'n onderhoud "sanctions made it vitally important for South Africa to negotiate if it wanted to remain part of the Western trade and financial networks, but there was no need to negotiate only about the hand-over of power."⁷ In 'n televisiegesprek in 2001 het De Klerk teenoor dr Frederik van Zyl Slabbert, voormalige leier van die meer verligte opposisie, opgemerk dat hy (De Klerk) op daardie tydstip nog steeds staatspresident kon wees. Beide was van mening dat 'n vorm van wit dominansie nog vir selfs 20 jaar kon voortgaan indien die NP daardie keuse sou uitoefen. Vir De Klerk was die hoofbeswaar om aan mag vas te hou, die feit dat dit ontdaan van moraliteit sou wees.⁸

Hierdie standpunt word gestaaf deur Derick Keys wat in 1992 deur die NP as minister van finansies aangestel is. In 'n onderhoud in 2010 vra die historikus, Hermann Giliomee, hom: "Did we have to negotiate in 1990?" Keys se antwoord was: "From a financial point of view South Africa did not have to negotiate in 1990, but conditions were tightening".⁹

Belangrik is dat die NP sy beleid radikaal verander het en in FW de Klerk se woorde "gebreek het met wat verkeerd was in die verlede". Die beleid was nie meer "moreel regverdigbaar" nie, is gesê.¹⁰ Die vraag wánnéer 'n

⁷ H Giliomee, *The Afrikaners*, p. 635

⁸ *Ibid.*

⁹ E-pos van H Giliomee, 24 Oktober 2010.

¹⁰ RSG Monitor, 1 Februarie 2010.

party se beleid nie moreel regverdigbaar is nie, kan inderdaad gevra word. Prof. Johan Heyns, die bekende, voormalige moderator van die NG Kerk, het in 1990 gesê dat die kerk nie apartheid as sodanig as sondig verwerp het nie, maar wel dié elemente daarvan wat nie vir die Christelike gewete of in die lig van die Skrif aanvaarbaar is nie. So kan enige beleid, selfs een van volledige integrasie, byvoorbeeld elemente bevat wat nie moreel aanvaarbaar of regverdigbaar in sy toepassing is nie. Volgens Heyns het die kerk geglo dat die basiese grondwet van die Koninkryk van God liefde is – selfliefde en naasteliefde. Laasgenoemde impliseer onder meer respek vir die mens wat na God se beeld en gelykenis geskape is. Daarom mag 'n politieke beleid mense nie laat ly nie, hulle nie uitbuit nie en daar mag nie teen hulle gediskrimineer word nie. Teenoor die groep, sowel as die enkeling, moes reg en geregtigheid altyd geskied. Een groep mag nie bo en ten koste van 'n ander groep bevoordeel word nie. Almal moes die voorreg van vryheid geniet en in dieselfde voorregte deel, ten einde voorspoed en eiendom te kon verwerf.¹¹

So vroeg as in 1988, ses jaar voor die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika, het minister Chris Heunis reeds interessante opmerkings oor hervormings in Suid-Afrika gemaak. Suid-Afrika was, soos enige ander land, nog altyd 'n veranderende samelewing op die pad van ontwikkeling. Dat daar dus deur al die jare heen hervorming op alle lewensterreine was, is 'n natuurlike proses. Daar kan ook nie staatkundige aanpassings wees sonder dat dit ook op ekonomiese en ander terreine plaasvind nie – hervorming of verandering is veelfasettig. Die staat en die grondwet van 'n land weerspieël sy waardesisteme en die ingesteldheid van die gemeenskap of gemeenskappe wat daardie grondwet dien. 'n Land se instellings moet tred hou met die mense en hulle ontwikkeling. In Suid-

¹¹ Argief vir Eietydse Aangeleenthede (hierna verwys as AREA), L Wessels-versameling; knipsels oor godsdiensaangeleenthede; *Beeld*, Godsdiens-aktueel, 4 Desember 1990.

Afrika met sy multikulturele en veelrassige samelewing is so 'n proses uiteraard moeiliker, omdat Suid-Afrika nog altyd met verskillende ontwikkelingsvlakke te doen gehad het. Die land het verskillende kulture en waardesisteme en daar was altyd 'n onderskeid tussen die moderne en die tradisionele. Die grootste deel van die bevolking was onontwikkeld of ontwikkelend en daar was 'n groot dispariteit ten opsigte van die blootstelling aan politieke en demokratiese instellings soos die Westerse deel van die land dit ervaar het.¹²

Volgens Heunis was die NP inderdaad sedert sy stigting 'n hervormingsparty. Teweens, die party is ook gestig om Suid-Afrika staatkundig en polities vry te maak van Britse oorheersing. Elke wesenlike staatkundige hervormingstap in die land se geskiedenis is deur die NP onderneem. Europa het die probleem van etnisiteit opgelos deur internasionale grense te trek. Die Europeërs het dus in partisie as 'n oplossing, of ten minste 'n gedeeltelike oplossing vir die vraagstuk van veelvuldigheid, geglo. In Afrika is dieselfde resep gevolg.¹³

Heunis, wat dikwels in dié verband as party-woordvoerder opgetree het, was oortuig dat, volgens die NP se grondwet, dié party nog altyd vir die gelykberegting van elke deel van die bevolking en van elke deel van die land gestaan het. “So filosofies gesproke het die NP, toe hy gestig is, hom verbind aan ontwikkeling van 'n stelsel en van 'n land waar elke deel van die bevolking tot sy reg kom.” Dis egter waar dat perspektiewe met die tyd verander en dat daar 'n tyd was dat die aksent op die beregting vir die Afrikaanssprekende se regte geval het. Omdat gemeenskappe se regte interafhanklik van mekaar is, kan daar in geen land hervorming bloot ter wille van een gemeenskap wees nie. Oorbeskerming van blanke regte en

¹² AREA, JC Heunis-versameling, onderhoud deur Annatjie Agenbach met Heunis, 1988.

¹³ *Ibid.*

die verwaarlosing van ander regte, sou tot onstabiliteit en konflik, wat selfs die blanke regte sou vernietig, lei, aldus Heunis.¹⁴ Wat Heunis hier gesê het, is van kardinale belang vir die uiteenlopende Suid-Afrikaanse bevolking as geheel.

Die absolute uniekheid van die Suid-Afrikaanse situasie het, soos hier aangetoon word, geweldige beleidsprobleme vir die NP geskep. Demokrasie is nie in Afrika gebore nie, dit het in ontwikkelende lande van die Westerse wêreld ontstaan en het die konsep van 'n "people's" demokrasie, 'n een-mens-een-stem, geword. In Engeland het dit 450 tot 500 jaar geneem om as sodanig te ontwikkel. Duitsland se grondwet is maar ongeveer 'n halfeeue oud en dit is tans die land met die grootste ekonomie in Europa. Elders in die wêreld het dit dus gebeur dat volledige demokrasie eers moontlik geword het toe die per kapita inkomste van die bevolking baie hoër was as wat dit in Suid-Afrika die geval was. Alle ontwikkelde lande het bepaalde kenmerke, naamlik dat, wat in 'n sekere tydsgewrig gebeur het, beoordeel moet word teen die agtergrond van die konteks en milieu van daardie tyd. So was slawerny eens aanvaarbaar, gemeet in Christelike norme, want nêrens in die Bybel veroordeel Christus slawerny as sodanig nie. Eers in die twintigste eeu is dit as moreel verkeerd beskou. Dit is uiters belangrik dat elke samelewing of land die vermoë moet hê om 1) veranderde omstandighede te kan vertolk; 2) deel te word van die nuwe situasie en dan 3) die instellings saam met die wet dienoreenkomstig te verander.

Die NP was aanvanklik, tot 1990, vas oortuig dat die blanke nie op staatkundige terrein 'n ondergeskikte posisie op 'n getallebasis hoef in te neem nie. Die party was nie bereid om "'n ontwikkelde mens" se regte deur middel van onderhandelinge prys te gee nie. Want, so is geoordeel,

¹⁴ *Ibid.*

“indien jy die blanke in ‘n ondergeskikte posisie sal plaas, jy daardeur die vermoë om die stelsel te ontwikkel, ook nadelig sal affekteer, omdat die stelsel bepaalde ontwikkelingspeile vereis”. Daar is dus geglo dat demokrasie in Suid-Afrika nie op die basis van individuele deelname alleen kon oorleef nie, maar dat die groep die instrument moes wees waardeur die individu se regte in vervulling gaan.¹⁵

Die verskille in waardesisteme, die verskille tussen die moderne en tradisionele en die verskille in ontwikkelingsvlakke, manifesteer vandag nog in die samelewing. Wat reg is vir die een groep, is nie noodwendig so vir die ander groep nie. Dit is van die grootste uitdagings vir die jong demokrasie. Uiteraard is verskille in ‘n bevolkingsamestelling natuurlik, dit kan selfs gesond wees, maar iewers moet daar ten opsigte van die basiese waardestelsel ‘n gemeenskaplike deler wees, anders sal twee uiteenlopende pole mekaar al hoe verder wegstoot. Dít is in die nuwe Suid-Afrika die land se uitdaging vorentoe.

Hoewel die persoonlikhede van presidente Botha en De Klerk wesenlik verskil het, het elkeen op ‘n unieke wyse met betrekking tot hervorming gedoen wat die omstandighede binne ‘n bepaalde tydsgewrig moontlik gemaak het. Botha, Kapenaar en die meer verligte van die twee, het met die instelling van die Driekamerparlement ‘n skeuring in sy party veroorsaak. Tewens, hy het so ‘n verligte beeld gehad dat sommige kiesafdelings in die Vrystaat gedurende die verkiesing van 1981 nie plakkate met sy gesig daarop, bestel het nie.¹⁶ Hy was egter beslis dat hy nie blankes se “selfbeskikkingsreg” in die gedrang sou bring nie en was nie daarvoor te vinde om swartes in die parlement “in te bring nie”. Vir hulle het hy ‘n ander model van onafhanklike state, stadstate, en ‘n

¹⁵ *Ibid.*

¹⁶ Persoonlike herinnering van outeur.

stateberaad of staatsraad voorsien op die basis van maksimale selfbeskikking vir elk en medeverantwoordelikheid oor gesamentlike belange en wel op 'n wyse wat oorheersing van enige entiteit deur 'n ander uitskakel.¹⁷

PW Botha se rol in die hervorming en sy aandeel in die vrylating van Nelson Mandela word onderskat en hy het nooit die krediet daarvoor gekry wat hom toekom nie. Gedagtig aan die behoudende aard van die Afrikaners in die algemeen, 'n ingesteldheid wat deur politieke verteenwoordigers tot in die NP-koukus en die kabinet ingedra is, moet toegegee word dat Botha in sy tyd baie vermag het.¹⁸

Daar is selfs mense soos dr. Niel Barnard, voormalige intelligensiehoof, wat suggereer dat Botha tydens die onderhandelinge beter as De Klerk sou vaar.¹⁹ Giliomee argumenteer dat De Klerk die meedoënloosheid en genadeloosheid wat 'n karaktereienskap van die meeste groot leiers in turbulente tye is, kortgekom het en lê daardeur 'n vinger op 'n rou senuwee van die party, naamlik die kwaliteit van die leierskap van FW de Klerk.²⁰

Daar moet rekening gehou word met die feit dat politieke standpunte en uitsprake van leiers met verloop van tyd en omstandighede verander. Die legitieme punt van kritiek is dat hierdie veranderde standpunte erken en openbaar gemaak moet word – anders is dit oneerlik en word die kieserskorps in 'n demokrasie om die bos gelei.

¹⁷ JM (Inus) Aucamp-versameling (hierna verwys as Aucamp-versameling), bandopname van Federale Raadsvergadering, 6 Junie 1986, manifest van die NP, 6 Mei 1987.

¹⁸ Vergelyk ook L Wessels, *Vereeniging, die onvoltooide vrede*, p. 146; M Ramphela, *Laying ghosts to rest*, p.17; *The Star*, 11 Februarie 2010, p.5.

¹⁹ *The Star*, 11 Februarie 2010, p.5.

²⁰ Giliomee, p. 637.

Daar is aangetoon dat daar onder kabinetslede kommer was omdat De Klerk nie bereid was om direk by die onderhandelinge betrokke te raak nie. So het Barend du Plessis en dr. Dawie de Villiers hom by twee geleenthede gaan spreek om hom te oorreed om meer betrokke te raak tydens die onderhandelinge oor die interim-grondwet.²¹ Ook Leon Wessels het tydens die onderhandelinge vir die finale grondwet (1994 – 1996) aan die outeur gesê: “Julle moet vir FW sê om meer betrokke by die onderhandelinge te raak.”²²

Die vraag kom onwillekeurig op of De Klerk se persoonlike lewe, sy huweliksprobleme en sy verhouding met Elita Georgiadis, nie ook sy aandag van land- en partysake afgetrek het nie. Volgens De Klerk het hy haar en haar man, Tony, in 1989 in Londen ontmoet. ‘n Verhouding het ontwikkel, waarna De Klerk en sy vrou Marike in 1998 geskei en hy later met Elita getroud is.²³ Sy hele termyn as NP-leier vanaf 1989 tot met sy uitrede in 1997 het hy dus met hierdie emosionele sake geworstel, wat beslis ‘n invloed op sy betrokkenheid en leiding gehad het – hoe tragies dit ook al was. Kobie Coetsee wat ‘n baie hegte verhouding met De Klerk gehad het, het op ‘n dag vertel van ‘n baie heftige woordewisseling wat dié twee gehad het, maar wou nie uitwei wat ten grondslag daarvan was nie. Twee lêers van sy persoonlike versameling by AREA is gesluit tot 2012 en soos die outeur vir Coetsee ken, nie om dowe neute nie.

In hierdie studie is die NP sentraal geplaas en daarom is ‘n perspektief oor die party se rol in die onderhandelinge na 1990 ook van besondere belang. Daar was in hierdie tyd wyd in die NP aanvaarding dat daar onderhandel moes word vir ‘n ander staatkundige bedeling. Die verkiesings van 1987 en 1989 en die referendum van 1992 het die

²¹ Aucamp-versameling, onderhoud met Barend du Plessis, 11 Mei 2009.

²² Persoonlike herinnering van outeur.

²³ De Klerk, pp. 383-385.

begeerte na vernuwing bevestig. Verder het dit ook spoedig duidelik geword dat daar ook, en veral met die ANC, indringend gepraat moes word. Wat ter sake is, is egter presies wat die NP se mandaat was wat hy tydens die drie geleenthede by die kiesers gekry het, watter ondernemings die party se leiers gegee het en in watter mate die leiers by die mandaat en hulle ondernemings gebly het soos die nuwe bedeling na die interim-grondwet van 1993 en die finale grondwet van 1996 sy beslag gekry het.

Opsommenderwys kan gesê word dat belangrike aspekte waarop die NP se leierskap 'n "na- 1992-koersverandering" gemaak het, was die feit dat hulle onder meer afgesien het van die noodsaaklikheid van die effektiewe beskerming van groeps- of minderheidsregte, en daardeur die tweede pilaar van hulle denke, naamlik 'n stelsel van "deelnemende demokrasie" negeer het ten gunste van 'n gewone wenner-vat-alles model.²⁴ Hierdie tweede koersverandering van die NP was fataal in die oë van baie oud-kabinetslede, -parlementslede en -ondersteuners en was beslis die voorloper van die verlies aan steun na 1994 en uiteindelik aanloop tot die party se vernederende verdwyning van die politieke toneel in 2006.²⁵

Die feit dat hierdie kabinetslede, parlementslede en ondersteuners nie veel kon vermag om De Klerk en Meyer aan die bestaande ondernemings te bind nie, is dalk 'n aanduiding dat die NP self nie 'n sterk demokratiese kultuur gehad het nie. Is dit nie kenmerkend van die Afrikaner om die leier maar blindelings te volg nie?

²⁴ Die eerste pilaar van die NP se raamwerk vir 'n nuwe demokratiese Suid-Afrika was 'n grondwet wat van so 'n aard is dat Suid-Afrika 'n "regstaat" genoem sou kon word. (Dr. Neil Southern, 'n gesaghebbende oor die politiek van Noord-Ierland, is tans besig met 'n vergelykende studie van die NP en die Ulster Unionistiese Party. Albei het dramaties agteruitgegaan nadat hulle 'n politieke skikking in hulle onderskeie lande help bewerkstellig het. Hy skryf onder meer in 'n e-pos aan Hermann Giliomee "ethno-linguisticity can be particularly unpleasant").

²⁵ Aucamp-versameling, onderhoude met dr. Tertuis Delport, 10 Maart 2010, Hernus Kriel, 18 Februarie 2010, André Fourie, ongedateerd.

‘n Terugblik op veral die laaste vier jaar van NP-bewind dui daarop dat die NP-leiers naïef was en dat hulle hul woord nie gestand gedoen het ten opsigte van dit wat hulle belowe het “ononderhandelbares” sou wees nie. Kortom: hulle het hul ondersteuners in die steek gelaat. Wat FW de Klerk nog strykdeur ontken het, het volgens sommige koerante, politieke kommentators en voormalige NP-ondersteuners gebeur: die NP het boedel oorgegee.

In ‘n bylae tot *Beeld*, *Die Burger* en *Die Volksblad*, het die NP in 1993 nog triomfantelik verklaar: “Uiteindelik! Die waarheid oor onderhandelinge.” Meer nog: “Na maande van disinformasie, teenstrydige aansprake, fluisterstories, gerugte en gerugte van gerugte oor wat by die onderhandelingstafel gebeur het, kan u in hierdie bylae die waarheid en die kenfeite kry”. Daar is gesê dat die ANC in 1989 in Harare verklaar het “daar is niks om oor te onderhandel nie, behalwe oor hoe die mag aan die mense oorhandig sal word”, maar na vier jaar moes die ANC afstand doen van sy droom van ‘n enkel, sterk, sentrale regering met al die mag in die land, waarmee hulle Suid-Afrika wou omskep in die wêreld se allerlaaste, hopelose eksperiment in sosialisme.²⁶ In die bylae is onder meer gewys op die feit dat die getalle om die onderhandelingstafel deur die jare heen van twee tot 26 gegroei het en dat die ANC, die KP, die IVP, KwaZulu, die Vryheidsalliansie, en andere, periodiek van die tafel weggeloop het wanneer hulle nie hul sin gekry het nie. Net die NP het nooit weggestap nie en sy leier, FW de Klerk, het daarin geslaag om die ander partye weer terug te bring.

Die NP roem verder in dié bylae op die feit dat die belangrikste elemente van sy grondwetplan van 1991 aanvaar is, onder meer ‘n veelpartykabinet wat op die basis van konsensus besluit. Die harde werklikheid was egter

²⁶ *Die Burger*, Bylae opgestel en versorg deur die NP, 24 November 1993.

dat die veelpartykabinet net vir twee jaar gefunksioneer het en allermens op 'n konsensusbasis, maar by wyse van 'n meerderheidsbesluit. In die bylae is verder ook gewag gemaak van die sukses met sekuriteit en die beskerming van minderheidsgroepe wat in 'n veelheid van grondwetlike bepalinge beslag gekry het, byvoorbeeld dat dit vir deelnemende demokrasie voorsiening maak. "In geheel gesproke is die oorgangsgrondwet geskoei op die beginsel van politieke magdeling en van nie-oorheersing. Konsensus en verhoogde meerderhede in spesifieke omstandighede, is enkele van die wigte en teenwigte wat sekuriteit en geborgenheid aan individue en minderhede bied". Die NP was ook fundamenteel gekant teen rasgegronde regstellende aksie en daar is onwrikbaar vir goeie onderwys, goeie opvoeding en gelyke geleentheid vir almal gestem. Die bylae sluit af deur 'n oproep op kiesers te doen om die NP te steun wat deur sterk bedinging verseker het wat hy op 17 Maart 1992 in die referendum belowe het: "Volke en gemeenskappe moet die ruimte gegun word om hulle eie identiteit te behou."²⁷

Terugskouend was die NP ook naïef om te dink dat hulle die verkiesing kon wen. Al sê De Klerk agterna in sy outobiografie dat die NP volgens meningspeilings selfs "die magiese 33% steun" kon trek, skryf hy op 11 April 1994 aan kandidate, medewerkers en vriende: "Ons gaan wen. Ons stemmetal groei vinnig. Die ANC se stemme is besig om te krimp." Hy is verbasend optimisties, want "die nuwe Suid-Afrika sal 'n regering van nasionale eenheid hê", en: "Die NP moet daardie nuwe regering van nasionale eenheid lei en ek doen 'n beroep op u om al u vriende en kennisse te oorreed om my in hierdie groot taak by te staan."²⁸ Dit was die normale verkiesingsretoriek.

²⁷ *Ibid.*

²⁸ Aucamp-versameling, brief van pres. FW de Klerk aan NP-kandidate, medewerkers en vriende, 11 April 1994.

Vroeër in hierdie navorsing is verwys na die NP se agt sogenaamde ononderhandelbares wat De Klerk in 1990 in Bloemfontein uitgespel het en waarvan verskeie daarvan sedertdien in die stof gebyt het. In 'n pamflet, "Die NP se agt belangrike vereistes vir 'n nuwe Suid-Afrika", wat allerweë as die minimum vereistes van die party voorgehou en beskou is, is verklaar dat die NP onherroeplik verbind is tot die skep van 'n nuwe, regverdige Suid-Afrika en "u as kieser het die reg om te vra, hoe sal daardie Suid-Afrika lyk?" Die antwoord is: "Die NP glo dat enige nuwe Grondwet ten minste aan die volgende agt vereistes moet voldoen."²⁹

Selfs 'n oppervlakkige ontleding van die minimumvereistes dui op die volgende:

- 1) Die belofte dat die politieke bestel meganismes sal bevat wat oorheersing deur 'n meerderheid onmoontlik maak, is negeer, want Suid-Afrika word tans aan meerderheidsoorheersing onderwerp;
- 2) Die verskanste Handves van Menseregte is inderdaad nog netjies in plek, maar omdat die regstaat in wese bedreig word, is daar ook druk op die handves;
- 3) Minderheidsgroepe moet in regeringsinstansies teenwoordig wees. Van die beginsel het eweneens weinig tereggekome;
- 4) Verkiesings moet gereeld plaasvind en misbruike soos korrupsie moet onmoontlik gemaak word. Verkiesings vind inderdaad gereeld plaas, maar korrupsie is aan die orde van die dag;

²⁹ Aucamp-versameling, pamflet, die NP se agt belangrike vereistes vir 'n Nuwe Suid-Afrika, s.a.

- 5) Die vryemarkstelsel en private inisiatief moet behoue bly. Eiendomsreg, ook van grond, moet eerbiedig word en daar moet nie arbitrêre onteiening sonder behoorlike vergoeding wees nie. Tot dusver het die vryemarkstelsel en privaat inisiatief behoue gebly maar, ten opsigte van eiendomsreg, is die mineraal- en waterregte van boere reeds hulle ontnem (genasionaliseer).³⁰ Die regering het ook aangekondig dat die beginsel van vrywillige koper en vrywillige verkoper hersien gaan word, wat vertolk word as 'n direkte bedreiging vir eiendomsreg van grond, hoewel daar in hierdie stadium nog baie min grond onteien is.³¹ Dit, terwyl 'n akademikus onlangs in Sake24 verklaar het dat eiendomsreg vir die ekonomie soos die fundamente van 'n gebou is. Jy sien dit nie raak nie, maar daarsonder stort die gebou in duie.
- 6) Die werklikheid van verskeidenheid darf nie misken word nie. Diegene wat in bepaalde gemeenskappe wil woon, aanbid, werk en speel, moet dit kan doen sonder dat wette mense verplig om dit te doen. Hierdie element is deels gehandhaaf, hoewel kwotas aan sportspanne opgedwing word en meriete nie meer die enkele maatstaf is nie;
- 7) Daar moet 'n onafhanklike regbank wees. Ook hier is daar gedeeltelike bevrediging, hoewel al sterker pogings aangewend word om die regbank verteenwoordigend van die bevolking te maak en die sogenaamde "apartheidsregters" uit die pad te kry. Al hoe meer regslui is bekommerd dat dit deesdae nie meer die feite of

³⁰ Aucamp-versameling, onderhoud met dr. Tertius Delpont, 10 Maart 2010.

³¹ Sien "Staat wil plase afneem". *Die Burger*, 15 Maart 2010. p. 1 en "Boere maak reg vir baklei", *Sake24*, 14 Maart 2010, p.1.

meriete van 'n saak is wat bepalend is nie, maar eerder “wie op die bank sit”,³²

- 8) Die veiligheidsmagte moet behoorlik bestuur en beman word deur 'n professionele en goedopgeleide weermag en polisiemag wat nie onderhewig aan politieke diensbaarheid is nie. Intussen het die SA Weermag en SA Polisie diens in so 'n mate verswak dat dit nóg behoorlik bestuur, nóg behoorlik beman is en polities diensbaar is. Die gewone publiek het hulle vertroue in beide die magte grootliks verloor en die privaatsektor moet teen geweldige koste vir die beveiliging van eiendom en lewens instaan.³³

In 'n pamflet, wat die NP se antwoord op kwelvrae en wanvoorstellings was, sê die Inligtingsdiens dat daar nie sprake is van 'n oorhandiging van die regering aan die ANC nie. Ten opsigte van staatsamptenare is FW de Klerk in 1991 aangehaal: “Die NP sal nie instem tot 'n grondwet wat u uitlewer aan die willekeur van politieke manipulasie of onregmatige behandeling deur die staat nie. Ewemin sal ons instem tot 'n grondwet wat ruimte skep vir 'n stelsel van baantjies vir boeties. Meriete, behoefte en regsekerheid sal die primêre basis van indiensneming wees... U loopbaan

³² Mededelings aan outeur deur twee senior advokate (wie se identiteit verstaanbaar beskerm word) uit verskillende afdelings van die Hoë Hof; *Rapport*, 25 April 2010, p. ii; Vergelyk ook die artikel van prof André Duvenhage “Politieke profeet sonder 'n kristalbal”, *Volksblad* 13 November 2010, p. 10 en die brief van 'n Bloemfonteinse prokureur, Daan Nortier, “Doodstraf oor ons appèlhof”, *Volksblad*, 16 November 2010, p. 8.

³³ Vir perspektiewe oor die huidige stand van die NP se minimumvereistes, vergelyk ook: Dave Lubbe, “Verdoemende oordeel oor mede-Afrikane”, *Finweek*, 19 April 2007, p. 52; Alex Boraine, “Dis nie waaroor die struggle was nie”, *Rapport*, 18 Mei 2008, p. 18; FW de Klerk, “Regstelaksie nie in pas met Grondwet”, *Volksblad*, 21 Mei 2009; W Gumede en L Dikeni (red.) *The poverty of ideas: South African democracy and the retreat of intellectuals*; A Fernstein, *After the party*; A Grundlingh, “Wat elke seun en dogter moet weet”, *Rapport*, 18 Februarie 2007, p. 21; RW Johnson, *South Africa's brave new world*; Paul Hofmann, “Die geval Jeremy Gauntlett plaas RDK op afdraande pad”, *Rapport*, 25 April 2010, p. ii; “Belangrike ligte in SA aan die afskakel”, *Volksblad*, hoofartikel, 2 Januarie 2008, p. 6; “Weermagverslag skets verskriklike prentjie”, *Rapport*, 5 Desember 2010, p. 4; “Misdaad, korrupsie bly Afrika se pyne”, *Rapport Nuusfokus*, 5 Desember 2010, p. 3.

en pensioen is nie in die gedrang nie en die NP sal sorg dat dit nie in die gedrang kom nie.”³⁴

Wat toe inderdaad gebeur het, is dat die ANC na 1994 vinnig van soveel wit amptenare as moontlik ontslae geraak het, omdat hulle geglo het dat al die amptenare “NP-agente” was. Dit was uiteraard onwaar, omdat die meeste amptenare se politieke affiniteite vir die NP onbekend was en hulle meestal bloot trotse en lojale mense was wat net hulle werk eerlik en opreg wou doen. Amptenare is wyd ontslaan of basies verplig om pakkette te neem, deurdat hulle werksomstandighede onaangenaam gemaak is. Wette en regulasies is in die proses verontagsaam en weinig reëls het gegeld.³⁵

Daar kan tereg gevra word: Waar en hoe het die dinge dan in die wieke van 1994 skeefgeloop?

Binne 'n jaar na die verkiesing is daar 11 nuwe direkteurs-generaal aangestel en teen 1996 was daar reeds 17 veranderinge in die topstruktuur van 30 departemente.³⁶ In Suid-Afrika was daar dus verskeie direkteurs-generaal wat eensklaps ter wille van regstellende aksie vir dikwels onbevoegde amptenare moes plek maak. Die belangrikste vereiste was dat hul velkleur moes verskil. Die ruggraat van enige regering is sy amptenary. 'n Goed opgeleide, lojale en deur meriete aangestelde korps, kan daarin slaag om baie van die regerende party se foute te verhoed of te kussing. Van die 44% wit amptenare wat daar in 1994 in die staatsdiens was, was daar in 1999 net 18% oor.³⁷

³⁴ NP Inligtingsdiens, antwoord op kwelvrae en wanvoorstellings, 1991.

³⁵ Aucamp-versameling, onderhoud met adv. Dick Putter, 21 Januarie 2010 en Gert Heyns, 8 Februarie 2010.

³⁶ *Finansies en Tegniek* 48 (38), 20 September 1996, p. 9.

³⁷ I Aucamp en J Swanepoel, *Einde van 'n groot party*, p. 26; *Die Volksblad*, 15 Maart 1996.

Wat het regstellende aksie en transformasie, wat volgens ANC-definisie beteken om die bevolkingsamestelling orals verteenwoordig te kry, en later deur De Klerk as ongrondwetlik en rassisties beskou is, tot gevolg gehad?³⁸ Benewens die beginsel van “bevolkingsverteenvoording” en gebrekkige meriete by sportspanne, hoër akademiese instellings en in die sakewêreld, het dit gelei tot enorme probleme met betrekking tot dienslewering en prestasie op feitlik alle vlakke van die samelewing. Ontevredenheid op verskeie plekke in die land het soms uitgeloop op gewelddadige onluste – wat aan ongure tonele uit die apartheidsera herinner.³⁹

Wanneer die vraag gevra word waar dinge skeefgeloop het, moet erken word dat die uitstaande positiewe eienskap van die 1993-skikking die feit was dat algemene stemreg vir almal op ‘n vreedsame wyse in die interim-grondwet beding is, terwyl die kwessie nog nooit voorheen in die land se geskiedenis opgelos kon word nie. Die feit dat die grondwet Suid-Afrika ‘n regstaat gemaak het en ‘n handves van regte het, het ook, ten minste tydelik, aan alle Suid-Afrikners die gevoel van sekuriteit gegee. Die euforie van die skikking en die versoenende gees wat leiers soos De Klerk en Mandela uitgestraal het, het aan burgers die oortuiging gegee dat hulle deel was van ‘n reënboognasie waarin elkeen dieselfde regte, voorregte en voordele van burgerskap kon geniet. Verder het die insluiting van ‘n vorm van magsdeling vrede in die gemoedere van minderhede gebring en is die persepsie geskep dat geen party vorentoe op ‘n arbitrêre wyse besluite kon neem nie. Die meeste Suid-Afrikaners het geglo dat ‘n “wonderwerk” inderdaad plaasgevind het. Terugskouend was die grootste flater van die skikking dat daar nie besef is dat die wenner-vat-alles beginsel wat ongebreidelde mag aan die meerderheid toeken, nie

³⁸ *Volksblad*, 9 November 2007, p. 11.

³⁹ *Ibid.*, hoofartikel, 9 April 2010, p. 6.

rekening hou met die realiteite van 'n heterogene bevolking soos wat in Suid-Afrika bestaan nie.

Arthur Goldman het in 'n interessante artikel onder die titel "The 16 Boer Republics that were" geskryf dat sedert 1837 daar nie minder as 16 Boererepublieke in die Vrystaat, Natal en Transvaal tot stand gekom het nie.⁴⁰ Ironies is dat die Afrikaners in 1994 politieke beheer oor die 17de republiek wat hulle help skep het, verloor het. Die vraag ontstaan of die Afrikaners sonder politieke mag en polities verdeel en ontgogel, die Republiek van Suid-Afrika verder sal uitbou en verstewig. Hierop sal die antwoord wees: die wil is beslis daar. Die ANC moet net 'n bereidheid toon om hulle (die Afrikaners) te gebruik, want sonder blanke steun sal swart mense nie 'n sukses van die land maak nie.

Nog 'n interessante waarneming by wyse van terugskouing op die termyn 1984-1994 is hoe die Afrikaners se spesifieke sentimente die afgelope 15 jaar verander het. In die eerste demokratiese verkiesing in 1994 het die oorweldigende meerderheid Afrikaners vir die NP gestem, toe die party byna vier miljoen stemme op hom verenig het, teenoor die Demokratiese Party (DP) se ietwat powere 338 426 en die Vryheidsfront (VF) se skrale 424 555. Ongeveer 15 jaar later, tydens die vierde demokratiese verkiesing op 22 April 2009, figureer die NP glad nie meer nie, omdat die party in 2006 reeds ontbind het. Die Demokratiese Alliansie (DA) (wat die DP vervang het) trek byna drie miljoen stemme, teenoor die Vryheidsfront se slegs 146 796 stemme.⁴¹

Wat egter in die periode 1984 tot 1994 byna ondenkbaar was, het nou gebeur. Beduidende getalle Afrikaners stem tans vir 'n party met

⁴⁰ HJ Coetsee, Leiersboodskap in Vrystaatse NP-kongresagenda, 6 September 1988.

⁴¹ Report of the Independent Electoral Commission, p. 74; Verkiesingsuitslae, www.elections.org.za, geraadpleeg 3 Mei 2008.

uitgesproke liberale waardes. Wat uit die bogenoemde stand van sake duidelik word, is dat die blankes, en meer spesifiek die Afrikaners, begin glo het dat die NP hulle in die steek gelaat het en nie meer vertrou kon word nie.

As 'n oordeel oor die rol van die NP gevel moet word, spesifiek die laaste dekade van sy regering, sal van die voormalige NP-parlementslede waarskynlik drie menings kom – hierdie uitgangspunte behoort ook verteenwoordigend te wees van die breë ondersteunerskorps (blanke kiesers) wat die NP tot 1994 in regering gehou het.

Die eerste groep sal argumenteer dat die NP onder die omstandighede die beste bedeling onderhandel het wat hy kon. Veral Roelf Meyer is om verstaanbare redes deel van hierdie groep en hy het by geleentheid gesê dat die NP beter sou vaar indien die onderhandelinge vroeër begin het. Eli Louw, voormalige speaker, vra eweneens wat die alternatief was? Koos van der Merwe, destydse KP-lid, sê die Afrikaners (NP) het die swart *tsoenami* onderskat. Baie mense is van mening dat, al het die NP in 1994 daarin geslaag om 'n beter bedeling vir minderhede te verseker, die ANC met sy oorweldigende steun in elk geval mettertyd al die mag sou gryp.⁴²

'n Volgende groep meen dat die NP onder omstandighede dalk beter kon gevaar het, maar uiteindelik nie so sleg daarvan afgekóm het nie. Hieronder val mense soos Barend du Plessis, Pik Botha en Hernus Kriel.⁴³

Die derde groep, waarskynlik die grootste, is egter van mening dat die NP sy ondersteuners in die steek gelaat het. Selfs Hernus Kriel sê dat die NP

⁴² *Rapport*, 13 Desember 2009, p. 17; Aucamp-versameling, onderhoude met Eli Louw en Koos van der Merwe, 30 Oktober 2009, 28 Julie 2009; RSG Monitor, 3 Februarie 2010.

⁴³ Aucamp-versameling, onderhoude met Barend du Plessis, Pik Botha en Hernus Kriel 20 Julie 2009 en 18 Februarie 2010.

nie 'n goeie en vaste raamwerk, waarbinne die onderhandelinge gevoer is, gehad het nie. Daar was nie noodsaaklike riglyne nie en die sogenaamde wigte en teenwigte wat regte verskans, is vir die gewone burgers nie veel werd nie, omdat hulle nie met elke saak na die Konstitusionele Hof kan gaan nie. Hierin word Kriel deur die meer uitgesproke dr. Tertius Delport, wat eweneens glo dat die NP geen behoorlike strategie gehad het nie, ondersteun. So gefrustreerd was Delport, dat hy en ander kabinetslede, soos Piet Marais (nasionale opvoeding), uit protes wou bedank. Delport glo dat die NP nie 'n mandaat van die kiesers gehad het om oor die oorgangsgrondwet te onderhandel nie. Die NP het ook nie vir die beloofde magsdeling onderhandel nie, maar vir 'n tydelike, verpligte koöpsie. Die onderhandelaars was ook nie opgewasse vir hulle taak nie, want hulle moes gewone lynfunksies hanteer. “Die NP het vir die kiesers gelieg en verdien die verwerping van die volk”, is sy siening. Hy meen die woord wat die NP destyds kortgekom het, was “nee”.⁴⁴

Dit is interessant dat Delport van mening is dat die NP-regering bemiddelaars van die grootste Westerse lande moes kry om 'n aanvaarbare ooreenkoms te beding, wat effektiewe magsdeling sou insluit en die ANC op dié wyse sou beperk tot 'n permanente deelnemende demokrasie. As die ANC nie wou inwillig nie, moes die NP vir hulle gesê het “do your damnest”.⁴⁵

In 'n RSG-program ter herdenking van die 20 jaar wat sedert die 2 Februarie 1990-toespraak verloop het, het Hermann Giliomee, tans seker een van die mees gerespekteerde historici in die land, daarvan melding gemaak dat dr. Gerrit Viljoen, die aanvanklike hoofonderhandelaar van die NP-regering, terwyl hy reeds verswak was, aan prof. Willie Esterhuise

⁴⁴ Aucamp-versameling, onderhoud met dr. Tertius Delport, 10 Maart 2010; RSG Monitor, 3 Februarie 2010.

⁴⁵ Aucamp-versameling, onderhoud met dr. Tertius Delport, 10 Maart 2010;

van die Stellenbosse Universiteit gesê het dat die fout van die NP was dat hulle nie die minimum vereistes (‘n “bottom line”) genoeg gedefinieer het nie.⁴⁶ Dit is ongetwyfeld so dat dr. Viljoen as hoofonderhandelaar baie beter as Meyer sou gevaar het. Selfs ANC-onderhandelaars het agterna gesê dat Viljoen die enigste persoon was wat ten volle voorbereid, en sekerlik ook met sy skerp intellek behoorlik hiervoor toegerus was.

Oor die NP se stelselmatige agteruitgang en latere powere oorgawe aan die ANC, sal nog lank gedebatteer word. Die NP se dramatiese beleidsverandering het kiesers verwar. Soos Hernus Kriel, voormalige Wes-Kaapse premier, dit stel: “Hoe anders – ons het dan vir ons mense gesê ons was vir amper 50 jaar verkeerd!” Die NP se onderhandelaars het sy ondersteuners in die steek gelaat en laasgenoemde het later gevoel dat hulle inderdaad “uitverkoop” is. Die mag wat die NP (en die blankes) verloor het, het ‘n gevoel van weerloosheid laat posvat. Verder het hulle ook ‘n skuldgevoel ontwikkel na onder meer talle valse persepsies, wat deur die Waarheid- en Versoeningskommissie geskep is, as sou die NP boos, onmenslik en wreed wees. Dit het die Afrikaners totaal ontredderd gelaat. Sodoende het hulle hul politieke selfrespek verloor. Die media het ook ‘n belangrike rol gespeel om die NP se beeld te verswak en sy steun te laat taan. Selfs die Afrikaanse pers het die NP op ‘n afstand gehou, waarskynlik om die ANC te beïndruk. Dit was ironies, om te aanskou hoedat voormalige NP-mediavriende skielik opgetree het asof hulle nog altyd die grootste kritici van die NP was.

Toe FW de Klerk boonop in 1997 bedank, was die NP reeds besonder weerloos. Buite die Regering van Nasionale Eenheid (RNE) kon die party in die nuwe Suid-Afrika nie die mas as opposisieparty opkom nie. Boonop

⁴⁶ RSG Monitor, 3 Februarie 2010.

het De Klerk se dualistiese benadering van “werk saam met die ANC, maar moet hulle nie met die land se sake vertrou nie”, die kiesers verwar.

Na die epogmakende laaste dekade van die Nasionale Party as regerende party (1984 tot 1994) het verskeie negatiewe gebeure daaruit voortgevloei. Dit het verwarde NP-ondersteuners ontredderd gelaat en die aard van die NP-besluite bevestig. Miskien is dit juis die gebrek aan voldoende insig en visie van sleutelrolspelers voor en na 1994 wat eventueel tot die eens magtige party se ondergang sou lei, en was dit 'n geval dat wat die party gesaai het, hy ook ná 1994 sou oes (Galasiërs 6:7).

BRONNELYS*

1. ARGIVALE BRONNE

1.1 ARGIEF VIR EIETJDSE AANGELEENTHEDE (AREA), BLOEMFONTEIN

- K360: Klankargief. Onderhoud van JM (Inus) Aucamp met oudminister MDC (Daan) de Wet Nel, Pretoria, 1977.
- PV 21: Nasionale Party (Vrystaat)-versameling.
- PV 28: MCGJ van Rensburg-versameling.
- PV 54: Nasionale Party, Federale Raad-versameling.
- PV 94: EG Jansen-versameling.
- PV 203: PW Botha-versameling.
- PV 357: HJ Coetsee-versameling.
- PV 734: FW de Klerk-versameling.
- PV 865: G van N Viljoen-versameling.
- PV 883: L Wessels-versameling.
- PV 895: JC Heunis-versameling.
- PV 912: RP Meyer-versameling

1.2 PERSOONLIKE VERSAMELING: JM (INUS) AUCAMP

1.2.1 ONDERHOUDE: Persoonlik, telefonies, briewe en e-pos.

Bosman, Jan, woordvoerder van FW de Klerk en Marthinus van Schalkwyk, en tans uitvoerende beampste van die Afrikanerbond, 25 Maart 2009.

* Voorkeur is deur die outeur in die bronnelys gegee aan Latynse terminologie soos *s.a.* – *sine anno* (sonder jaartal) en *s.l.* – *sine loco* (sonder plek), *ca.* = *circa* (ongeveer), asook *et al.* = *et alii* (en andere).

Bosman, brig. Kobus, NP-LP, FA-lid van Gauteng Wetgewer en skakelbeampte in die SA Weermag, 12 Mei 2009.

Botha, Pik, NP-LP, NP-minister, ambassadeur en Transvaalse NP-leier, 20 Julie 2009.

De Klerk, Antonie, stadsklerk van Queenstown en adviseur: Verenigde Munisipale Bestuur (VMB), 1 Februarie 2010.

Delport, dr. Tertius, NP- en DA-LP, NP-minister, NP-leier in die Oos-Kaap en lid van NP-onderhandelingspan, 10 Maart 2010.

Doubell, Norman, voormalige burgemeester van Bloemfontein en Vrystaatse lid van die Provinsiale Raad (LPR), 19 Februarie 2008.

Du Plessis, Barend, NP-LP, minister, voorsitter NP-inligtingskomitee, leier van Transvaalse NP, lid van NP-onderhandelingspan en onsuksesvolle kandidaat met agt stemme vir die NP-hoofleierskap in 1989, 11 Mei 2009.

Du Plessis, genl.maj. MJ, bevelvoerder kommandement OVS, Inspekteur-generaal van die Leër en Hoof Leër: Stafoperasies, 3 Februarie 2010.

Fourie, André, NP-minister, NP-LP en NP-leier in Limpopo, 30 Julie 2007.

Henney, Clarence, tweede ingeskrewe lid van die Arbeidersparty in die Oranje-Vrystaat en lid van die eerste veelrassige uitvoerende komitee in die Vrystaat, 9 Maart 2010.

Heyns, Gert, voormalige Vrystaatse Onderwyshoof: Administrasie Volksraad, 8 Februarie 2010.

Jansen, mev. Mabel, eggenote van dr. EG Jansen, speaker en minister van naturellesake en in eie reg NP-ampsdraer, 22 Junie 1977.

Kock, Abie, stadsraadslid van Bloemfontein, sakeman en voorsitter van die Afrikanerklub van Bloemfontein, 15 Julie 2007.

Kriel, Hernus, NP-LP, NP-minister, premier en NP-leier in die Wes-Kaap, 18 Februarie 2010.

Le Roux, Nico, voorsitter van die Suid-Vrystaatse Ontwikkelingsraad en voorsitter van die gesamentlike Suid- en Noord-Vrystaatse Ontwikkelingsrade, 12 Augustus 2009.

Louw, Eli, NP-LP, NP-minister, laaste parlementêre speaker voor 1994, 30 Oktober 2009.

Matosa, Pat, Vrystaatse ANC-leier, lid van Vrystaatse Wetgewer en speaker van Vrystaatse Wetgewer, 27 Januarie 2010.

Meyer, Roelf, NP-minister, hoofonderhandelaar, NP-sekretaris-generaal, minister in RNE en later medeleier van die UDM, 21 en 28 Februarie 2011.

Nel, Daan de Wet, Transvaalse NP-organiseerder, minister van naturellesake en lid van Sauer-kommissie, 23 Junie 1977.

Nel, dr. Flip, NP-LP, LUK en ministeriële verteenwoordiger in die Vrystaat, adjunkspeaker van Vrystaatse Wetgewer en lid van die Nasionale Raad van Provinsies, 2 Maart 2009.

Odendaal, dr. Willem, NP-LP, Vrystaatse NP-voorsitter en kommissaris-generaal vir Qwa Qwa, 23 Julie 2007.

Olivier, Flippie, NP-LP en LUK in die Vrystaat, 19 Februarie 2008, 28 Februarie 2009, 9 Maart 2009.

Oosthuizen, Abrie, KP-LP, VF⁺-lid Vrystaatse Wetgewer, Vrystaatse KP-, VF⁺-leier en voorsitter van VF⁺, 2009.

Pretorius, Job, NP-lid van die Presidentsraad en burgemeester van Bloemfontein, 9 Maart 2010.

Pretorius, Sakkie, hoofsekretaris van NP in Kaapland en NP- en DA-LP, 3 Maart 2009, 9 April 2009, 28 Augustus 2010.

Putter, adv. Dick, direkteur-generaal van die Vrystaat tot 1994, 21 Januarie 2010.

Putter, Ian, administratiewe sekretaris en assistent-privaatsekretaris van PW Botha, 24 April 2009.

Smit, Frans, NP-LP en verkiesingskoördineerder van die NP in 1999, 9 en 10 Maart 2009.

Smith, Hendrik, NP-LP en Vrystaatse ministeriële verteenwoordiger, 19 Februarie 2008.

Swanepoel, dr. Johan, Vrystaatse NP-hoofsekretaris, redakteur van *Nasionalis*, NP-LP en NP-lid van die Vrystaatse Wetgewer, onder meer op 25 Februarie 2009, 8 Maart 2009, 10 Maart 2009, 25 April 2009, 11 Mei 2009, 29 Mei 2009, 8 Augustus 2009, 7 Oktober 2009.

Terblanche, Gert, NP-LP en voormalige Suid-Afrikaanse ambassadeur, 25 April 2009.

Van Breda, Alex, NP-LP, parlementêre hoofswep voor 1994 en lid van die Senaat, 18 Januarie 2010.

Van der Merwe, Bertie, NP-LP, 19 Februarie 2008.

Van der Merwe, Koos, NP-, KP- en IVP-LP, KP-sweep, hoofswep van IVP en langsdienende LP, 28 Julie 2009, 29 November 2009.

Van der Watt, dr. Louis, NP-LP, Vrystaatse administrateur tot 1994 en Vrystaatse LUR, 14 Mei 2009.

Van Deventer, Frik, NP-hoofsekretaris van Kaapland, sekretaris van NP-Federale Raad, Kaaplandse LUK en NP- en DA-LP, onder meer op 1 Maart 2009, 25 April 2009, 24 Mei 2009, 14 Augustus 2009, 19 Oktober 2009.

Van Deventer, Hennie, voormalige redakteur van *Die Volksblad*, 21 Augustus 2007.

Van Vuuren, Daniel, NP-federale jeugleier en kommissaris van die SA Jeugkommissie, 18 Augustus 2009.

Venter, Amie, NP-LP, NP-minister, NP-leier in Noordwes en LUR in Noordwes, 2 April 2009, 17 Januarie 2010.

Wessels, dr. Leon, NP-LP, NP-minister, ondervoorsitter van Grondwetlike Vergadering en oud-Kommissaris van die Menseregtekommissie, 7 April 2009.

Wolvaardt, Pieter, ambassadeur, 5 Maart 2009.

2. AMPTELIKE REGERINGSPUBLIKASIES

2.1 ALGEMEEN

Buro vir Inligting 1989. The state of emergency, Junie.

Buro vir Inligting 1987. Gesamentlike Uitvoerende Owerheid vir KwaZulu en Natal, Staatsdrukker, Pretoria.

Buro vir Inligting 1988. RSA: Political groupings, Oktober.

Debatte van die Nasionale Vergadering 1994-1996.

Debatte van die Parlement 1988-1994.

Debatte van die Presidentsraad 1981-1992.

Debatte van die Senaat 1976 en 1994-1996.

Debatte van die Volksraad 1984-1988.

Debatte van die Wetgewer van die Provinsie Vrystaat 1994-1999.

Departement van Binnelandse Sake 1989. Prosedurehandleiding vir verkiesings vir direk verkose lede van die drie Huise van die Parlement, Pretoria, Julie.

Departement van Buitelandse Sake 1991-1994. *RSA Beleidsoorsig*.

Departement van Buitelandse Sake 1985. *South Africa Mainstay of Southern Africa*, Pretoria.

Departement van Buitelandse Sake 1986. *Talking with the ANC...*, Buro vir Inligting, Pretoria.

Departement van Buitelandse Sake 1989. *Onafhanklikheid vir Namibië en Kubaanse troepe-onttrekkings*, Pretoria.

Departement van Buitelandse Sake 1992. *This is South Africa*, Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens, Pretoria.

Departement van Nasionale Opvoeding 1991. *Onderwysrealiteite in Suid-Afrika 1990 (91/06)*, Pretoria.

Departement van Nasionale Opvoeding 1992. *Onderwysvernuwingstrategie*, Pretoria en *Onderwysvernuwingstrategie: vrae en antwoorde*, Pretoria.

Departement van Naturellesake 1955. *Samevatting van die verslag van die Kommissie vir die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika (Tomlinson-verslag)*, Pretoria.

Departement van Ontwikkelingsbeplanning 1988. *Hervorming en die Toekoms*, November.

Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning 1986. *Afskaffing van Instromingsbeheermaatreëls*, 8 Maart.

Departement van Statistiek 1985. *Sentrale Statistiekdiens. Bevolking-sensus*, Pretoria.

Departement van Statistiek 1988 en 1992. *Sentrale Statistiekdiens. Demografiese statistieke*, Pretoria.

Departement van Streek- en Grondsake 1993. *Konsepriglyne vir 'n Grondbeleid*, Augustus.

Departementele verslag (vertroulik) ca. 1985. Die Wet op Groepsgebiede 1966 en die Wet op Onregmatige Plakkery, 1951.

Gedenkalbum tydens presidentsinhuldiging 1994. Vele kulture een nasie, 10 Mei.

Grondwetlike Vergadering 1996. Jy en die Grondwet.

Independent Electoral Commission 1994. Report, Oktober.

Interdepartementele Taakgroep 1987. Geheime verslag en aanbevelings insake openbare geriewe.

Kantoor van die Staatspresident 1992. Grafiese en kartografiese profiel van die referendum, 17 Maart.

Kantoor van die Staatspresident 1987. Statistiese gegewens en tendense van die verkiesing.

Minister sonder Portefeulje 1994. RDP Challenges, September.

Ministerie van Plaaslike Regering 1993. Inligtingstuk oor die regering se standpunt oor hervorming op plaaslike regeringsvlak, Pretoria, Julie.

National Peace Convention 1991. National Peace Accord, 14 September.

Parlement 1993. Notule van die verrigtinge van Gesamentlike Vergadering, 23 September.

Parlement 1990. Verslag oor die Parlement, Staatsdrukker.

Presidentsraad-verslag 1990. Die Komitee vir Staatkundige Aangeleenthede oor besluitnemings- en konflikbeslegtingsmeganismes en -tegnieke in staatkundige stelsels, asook 1992. Die Komitee vir Staatkundige Aangeleenthede oor 'n proporsionele kiesstelsel vir Suid-Afrika in 'n nuwe grondwetlike bedeling, Staatsdrukker, Kaapstad.

RDP. Witskrif 1994. Besprekingsdokument, September.

Regsentrum 1987. Geheime dokument oor die oopstelling van openbare geriewe (verskaf aan kabinetslede), 7 November.

Report of the Independent Electoral Commission 1994. The South African Elections of April and October.

Republiek van Suid-Afrika 1988/1989, 1990-1991, 1991-1992 en 1992. Amptelike Jaarboek (hersiense uitgawe), Staatsdrukker, Pretoria.

Republiek van Suid-Afrika 1993. Die voorstelle van die regering van die Republiek van Suid-Afrika oor grense vir streke om streekregering in Suid-Afrika te vestig, Julie.

Republiek van Suid-Afrika 1910-1984. Parlementêre Register, Op las van die Speaker.

Republiek van Suid-Afrika 1991. Witskrif op Grondhervorming (WP B-91), Staatsdrukker, Pretoria.

Republiek van Suid-Afrika Staatskoerant 219 (8914), Staatskoerant 241 (983), Staatskoerant 343 (15436), Staatskoerant 344 (5258), Staatskoerant 344 (15506), Staatskoerant 349 (15878), Kaapstad en Pretoria, 1983-1994.

Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens 1992. South African Profile, en This is South Africa, Pretoria, Januarie en April.

Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) 1988. Inligtingspamflet oor militêre toedrag van sake in Angola en Suid-Afrika se betrokkenheid daarby, Februarie.

Truth and Reconciliation Commission of South Africa Report, Vol. 5 (1998), Kaapstad.

Uitvoerende Oorgangsraad 1994. Jou waarborg vir 'n beter Suid-Afrika (Die nuwe Grondwet is die stel reëls waarvolgens die land bestuur gaan word), Pretoria.

Verbatim-notule 1989. Die Spesiale Kabinetsvergadering van 14 Augustus, Tuynhuys, Kaapstad.

Verslag van die Goldstone-kommissie 1993.

2.2 WETTE EN WETSONTWERPE

Constitutional Assembly 1996. Constitution of the Republic of South Africa, B34-96.

Constitutional Court of South Africa Case CCT 23/96 1996. Judgement of the Constitutional Court - Certification of the Constitution of South Africa, 6 September.

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Wet 110 van 1983, Wet 200 van 1993 en Wet 108 van 1996.

Herroeping van die Wet op aanwysing van Aparte Geriewe 1990 (Wet 49 van 1953).

Kieswet 1986. Wet 45 van 1979 en Wet 202 van 1993.

Oorgangswet op Plaaslike Regering 1993. Wet 209 van 1993.

South African Government, First draft text for a proposed Constitution of the Republic of South Africa 1993. Submitted to the Multi-Party Negotiating Process by the South African Government.

Technical Committee on the Transitional Executive Council in the Multi-Party Negotiating Process, Final Transitional Executive Council Bill, 7 September 1993.

The Constitution of the Republic of South Africa (Wet 108 van 1996) 1997. As adopted on 8 May 1996 and amended on 11 October 1996 by the Constitutional Assembly. Annotated Version.

Tweede Wysigingswet op die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1995. Wet 71 van 1995.

Vrae en antwoorde op die Kieswet 1993.

Wet op Bevolkingsregistrasie 1950.

Wet op die Onafhanklike Verkiesingskommissie. Wet 150 van 1994.

Wet op die Uitvoerende Oorgangsraad. Wet 151 van 1993.

Wet op Groepsgebiede. Wet 36 van 1966.

Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad) 1988.

Wet op die Voorkoming van Ongeregmatige Plakkery 1951.

Wetsontwerp op die Afskaffing van Rasgebaseerde Grondreëlings. Wetsontwerp 92 van 1991.

Wetsontwerp op die Bevordering van Staatkundige Ontwikkeling. Wetsontwerp 98 van 1988.

Wetsontwerp op die Herroeping van die Bevolkingsregistrasiewet. Wetsontwerp 132 van 1991.

Wetsontwerp op die Woonomgewing 1991. Wetsontwerp 93 van 1991.

Wetsontwerp op Landelike Ontwikkeling. Wetsontwerp 95 van 1991.

Wetsontwerp op Minder Formele Dorpstigting. Wetsontwerp 94 van 1991.

Wetsontwerp op Plaaslike Owerheidsaangeleenthede. Wetsontwerp 122 van 1988.

Wetsontwerp op Vryvestigingsgebiede. Wetsontwerp 121 van 1988.

Wysigingswetsontwerp op die Groepsgebiedewet. Wetsontwerp 124 van 1988.

Wysigingswet op Verkiesings en Identifikasie. Wetsontwerp 83 van 1989.

3. PARTYPOLITIEKE PUBLIKASIES

3.1 NASIONALE PARTY

A future together, Augustus 1995.

Agter kamaste van vroomheid, *s.a.*, Die Ware AWB, *s.l.*

Aksiemandaat van die Nasionale Party, 1990.

En wat van die swartmense? 1985.

Aksieverslag 1990 (Spesiale verslag oor gebeure sedert 2 Februarie 1990).

Amptelike voorlegging by die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK), 21 Augustus 1996.

Bergh, HJ 1986. Swart vryheidstrewe in Suid-Afrika, Bloemfontein, September.

Bulletins 1990 - 1994.

Coetsee, HJ 1989. Politieke brokkies, *s.l.*

De Villiers, Dawie 1993. Stand van onderhandeling, 26 Julie.

Die Douglas-verslag oor ANC-strafkampe 1993. Hoogtepunte tesame met persberigte, *s.l.*

Die Goldstone-verslag 1993. Uittreksels uit die Goldstone-kommissie se verslag, *s.l.*

Die huidige identiteit van die Nasionale Party in die jaar wat voorlê 1993. Bate of las? Februarie.

Die Kruithoring (NP-strydblad), 1948.

Die Nasionalis/Nasionalis (amptelike NP-mondstuk), 1983-1995.

Die NP se agt belangrike vereistes in 'n nuwe Suid-Afrika, Kaapstad, 1990.

Die NP se anti-intimidasië aksieplan, 1993.

Die NP se antwoorde op kwelvrae en wanvoorstellings, Kaapstad, 1991.

Die NP se rol met betrekking tot die voorgestelde Handves van Mense-regte, s.a.

Die SAP se 10-puntplan om misdaad en geweld hok te slaan, 1993.

FW antwoord op u vrae 1990. TV-konferensie 24 Augustus.

Feesblad ter herdenking aan die vyftigjarige bestaan van die Nasionale Party, Kroonstad, 1974.

Federale Kongresbulletin 1995, 30 Januarie.

Federale Kongresstukke 1986. Vir vryheid en stabiliteit, Durban, 12 en 13 Augustus.

Federale Kongresverslag 1995, 19-21 Januarie.

Grondwet en program van beginsels van die NP-OVS, 1980 en 1988.

Grondwet van die NP in die Vrystaat, 1996.

Grondwet van die NNP in die Vrystaat, 2002.

Grondwetlike regering in 'n deelnemende demokrasie 1991. Die Nasionale Party se raamwerk vir 'n nuwe demokratiese Suid-Afrika, Pretoria.

Haak Vrystaat: Munisipale verkiesingsblad, 1988.

Hamman, M 1995. NP-plaaslike regeringsplan (PRP).

Handleiding vir kandidate, 1989.

Indiërs in die Vrystaat en Noord-Natal, 1985.

Inligtingsdokument: Nasionale Vredesverdrag, 1992.

Kandidate-handleiding, Volksraadverkiesing 1989. Feite en perspektief 1.

Kongresagenda NP-OVS, Oktober 1958.

Konsepriglyne vir 'n organisatoriese struktuur in die Nasionale Party van Suid-Afrika, 1993.

- Konstitusie van die Federale Raad van die NP, 1996 en 2002.
- Konstitusie van die Nasionale Party van Suid-Afrika, 1994.
- Koukusagenda 1991, 30 Mei.
- Koukusreglement van die Nasionale Party, 1991.
- Ladybrand Bulletin*, 1991.
- Maitland Bulletin*, 1991.
- Media-analise (verslag), 23 April -14 Mei 1993.
- Nasionale Party regeer 40 jaar, Gedenkblad, Kaapstad, 1988.
- Nasionale Party Verkiesingshandleiding, April 1994.
- Nasionale Party-beleid 1993. Program van beginsels en manifes vir die Nuwe Suid-Afrika, Desember.
- Nat 80's* (amptelike mondstuk), 1982.
- National Party briefing notes for ministers, candidates, speakers and canvassers, 20 Februarie 1994.
- Notules van die Fauresmith-kiesafdelingsbestuur, 1935-1959.
- Notules van die Federale Dagbestuur, 1994-1996.
- Notules van die Federale Inligtings- en Bestuurskomitee, 1983-1995.
- Notules van die Federale Raad, 1984-1996.
- Notules van die Vrystaatse Dagbestuur, 1983-2004.
- Notules van die Vrystaatse Verkiesingskomitee, 1993-1994.
- NP-beginsels en -beleid, Kaapstad, 1985.
- NP-beleid: Die Feite 1987, Kaapstad, 6 Mei.
- NP-bulletin, Vredestrukture 1993, Kaapstad, Oktober.
- NP-bulletin 1992. 'n Staatsondersteunde stelsel vir onderwysvoorsiening, Februarie
- NP-bylae, Nasionale Koerante, 13 November 1990.
- NP Election Strategy for the forthcoming election in South Africa, September 1993.

- NP-inligtingsdiens 1987. Natal, Politics Today, April.
- NP National Party policy, Desember 1993.
- NP Nuwe Aksie, Fauresmith, 1989.
- NP Nuwe Aksie. Kernfeite, 6 September 1989.
- NP se anti-geweld en anti-intimidasiebundel, 1993.
- NP se verkiesingstrategie vir die OVS, April 1993.
- NP-stuurmanskap deur ekonomiese storms na voorspoed, Pretoria, 1987.
- NP Umlazi Nuus* - Verkiesingsuitgawe, Junie 1990.
- NP van Natal 1988. 40 jaar van Nasionale Party-bewind, Durban.
- NP-kernfeite, 1989.
- NP-koukus. Parlementêre studiegroepverslae, 1987-1994.
- Nuwe aksie. Kandidatekonferensie, 30 Junie 1989.
- Opsomming van prof. J Cock se verslag oor MK, 1993.
- Omsendbrief. NP Vrystaat 1994 6(94), 1 November.
- Parlementêre koukusagenda 1991. Eerste inklusiewe koukusvergadering van die NP, 30 Mei.
- Skietgoed* 1982-1990.
- Smit, HH 1970. Vrugte van Nasionale bewind, 1948-1970.
- Standpuntstelling: Magsdeling en verwante begrippe, 1986.
- The De Klerk Government: Economic record, September 1989-1993.
- Uitgebreide opsomming van "Koos"-dokument, Mei 1991.
- Van der Merwe, S 1987. Houidings oor disinvestering en sanksies, November.
- Van der Merwe, Stoffel 1983. Grondwet '83 in 'n neutedop.
- Van Rensburg, MC (Basie) 1964. Kort oorsig van die geskiedenis van die Vrystaatse Nasionale Party 1914-1964, Bloemfontein.
- Veiligheidsituasie, 1993.

- Verkiesingspamflet 1989. Jou stem is die paspoort na jou toekoms.
- Verkiesingsmanifes, 27 April 1981, 6 Mei 1987, 6 September 1989, 27 April 1994, 2 Junie 1999 en 14 April 2004.
- Verklaring vir voorlegging aan provinsiale kongresse oor onder meer oopstelling van lidmaatskap, 31 Augustus 1990.
- Verklaring voor die WVK deur FW de Klerk, 14 Mei 1997.
- Verslag oor die RSA-ekonomie, 1984-1989.
- Verslag oor gesprek met mnr. I Matola, raadgewer en oom van biskop Barnabas Lekenjani, leier van die ZCC, s.a.
- Verslag van die Nel-komitee oor die herstrukturering van die Nasionale Party, s.a.
- Verslag van die strategiese beraad van die NIBK te Magaliesberg Konferensiesentrum, 25 – 27 Julie 1993.
- Voorgestelde aksieplan van die NP, 1989.
- Vorentoe onder 'n nuwe dinamiese hoofleier, s.a.
- Vrae en antwoorde oor Grondwetplan, 1977.
- Vrystaatse NP-kongresverslae, 1982-1996.
- Vyfjaar Aksieplan van die Nasionale Party, 1989, 1989 – 1994.

3.2 KONSERWATIEWE PARTY

- Bultnuus*, munisipale verkiesing, Bloemfontein, 4 Oktober 1988.
- CP Viewpoints, s.a.
- De Villiers, PA 1982. Verkiesingspamflet, Vredefort.
- Die Patriot/Patriot* (amptelike mondstuk), 1982-1994.
- Indiëvestiging in die Vrystaat, 1985.
- KP-inligting, April/Mei/Junie 1993.
- KP-inligting 1989. 87102: Die aap is uit die mou.
- KP-opmars: Kerkplein, Pretoria, s.a.

- KP se beleid is helder en duidelik: Afsonderlike woongebiede, *s.a.*
- KP se beleid vir plaaslike besture, 1988.
- KP Verkiesingsnuus*, Mei 1989.
- KP Verkiesingsnuus*, Julie 1989.
- KP Verkiesingsnuus*, Augustus 1989.
- Langley, T 1993. Mediaverklaring, beplanningskonferensie, 25 Februarie.
- Malan, Fritz 1988. Verkiesingsmanifes.
- Raath, Andries 1988. Verkiesingsmanifes, munisipale verkiesing, 26 Oktober.
- Streeksdiensterade is NP-resep vir veelrassige SA, 1986.
- Treurnicht, AP 1991. Mediaverklaring, KP woon nie Veelpartykonferensie by, 17 Desember.
- Treurnicht, AP 1991. Onderhoud op Agenda, SAUK-TV, 30 Oktober.
- Treurnicht, AP 1993. Mediaverklaring, KP nie op pad na KODESA, 11 Januarie.
- Van der Merwe, JH 1990. Strategie vir 'n veranderende situasie (Die "Koos-dokument"), Oktober.
- Verkiesingspamflet 1982. Weet u waarvoor u Woensdag gaan stem? November.
- Vrystaat Spieël*, 1986-1988.

3.3 AFRICAN NATIONAL CONGRESS (ANC)

- ANC Election Campaign Manual, 1993.
- ANC manual for an election campaign, *s.a.*
- ANC ready to govern, *s.a.*
- ANC/SAKP. Between the people's offensive and regime crisis, *s.a.*
- Constitutional guidelines for a democratic South Africa, 1989, besprekingsdokument.
- Mayibuye*, 1992-1995.

Persverklaring 1991. Uitgebreide Uitvoerende Komitee van die ANC, 18 Mei.

Sechaba (amptelike mondstuk), 1984-1990.

Suid-Vrystaat-streekkantoor ca. 1991. Department of Political Education. Dokument versprei aan takkantore.

Take the struggle to the white areas (pamflet), 15 November 1985.

The broad framework of the ANC for a successful election campaign in South Africa. April 1993.

We are at war (pamflet), 16 Junie 1965.

3.4 HERSTIGTE NASIONALE PARTY (HNP)

Die Afrikaner, 1984-1994.

Persverklaring 1986. Ontwrigting van NP-vergadering, 24 Mei.

3.5 VERENIGDE PARTY (VP)

Dr. Malan se Kleurlingbeleid vanaf 1921-1932, soos verskyn in *Die Vrystater*, St Andrewstraat 113, Bloemfontein, 1948.

Ons Land 1948. VP-mondstuk, Buitengrachtstraat 108, Kaapstad, 22 Mei.

Steyn, Marais 1948. *Verkiesingsnuus*. 'n Uitgawe van die VP, Johannesburg.

Verkiesingsnuus s.a. Uitgereik deur OA Oosthuizen, algemene sekretaris, Pretoria.

3.6 AFRIKANER WEERSTANDBEWEGING (AWB)

AWB, s.a. Die Boerevolk veronreg, Pretoria.

Die Afrikaner Weerstandsbeweging, s.a. Lywige bekendstellingsdokument gerig aan alle Afrikanervolksgenote.

Gepubliseerde brief van pres. PW Botha – EN Terre'Blanche, leier van die AWB, 30 Junie 1986.

Gepubliseerde brief van EN Terre'Blanche – pres. PW Botha, 18 Julie 1986.

Inligtingstuk, s.a., Pretoria.

Versoekskrif oor grondwetlike hervorming aan die staatspresident, 13 Junie 1986.

3.7 PAN AFRICANIST CONGRESS (PAC)

Azania Combat 13, 1991.

4. PARTYPOLITIEKE EN ANDER TOESPRAKE † (op skrif)

Aucamp, JM (Inus) 1993. NP-koukus, Kaapstad.

Botha, JJC (Koos) 1991. KP-LP vir Wonderboom, parlement, 31 Maart.

Botha, PW 1982. Openingsrede tydens die federale kongres van die Nasionale Party, Bloemfontein, 30 Julie.

Botha, PW 1985. Die pad vorentoe: rede van staatspresident by geleentheid van die opening van die tweede sessie van die agste parlement van die Republiek van Suid-Afrika, Kaapstad, 25 Januarie.

Botha, PW 1986. 'n Nuwe begin: rede van staatspresident by geleentheid van die opening van die derde sessie van die agste parlement van die Republiek van Suid-Afrika, Kaapstad, 31 Januarie.

Botha, PW 1986. Opening van parlement (3de sessie van die 8ste parlement van die RSA): A new beginning, 31 Januarie.

Botha, PW 1986. Parliament: partners in terror, April.

Botha, PW 1986. South Africa: realities and reform: Toespraak tydens die opening van die federale kongres van die Nasionale Party, Durban, 12 Augustus.

Botha, PW 1986. Toespraak tydens 'n openbare vergadering van die NP, Winburg, 28 Oktober.

Botha, PW 1986. Verklaring deur staatspresident, parlement, 12 Junie: "Kom ons bou en werk in vrede".

† Al die toesprake is in die outeur se persoonlike versameling.

Botha, PW 1987. Parlementêre toespraak in reaksie op die Presidentsraad se verslag oor die Groepsgebiedewet, 5 Oktober.

Botha, PW 1988. Opening van die sesde sessie van die agste parlement van die Republiek van Suid-Afrika, 5 Februarie.

Botha, PW 1989 The state of emergency: statement by State President and background, Buro vir Inligting, Pretoria, Junie.

Buthlezi, MG 1985. Op soek na konstruktiewe dialoog tussen swart Suid-Afrikaners en die Afrikanervolk, Oktober.

De Klerk, FW 1986. Minister van begroting, parlement, 27 Maart.

De Klerk, FW 1986. Minister van nasionale opvoeding. Wantrouedebat, 4 Februarie.

De Klerk, FW. Transvaal: NP-kongres, 20 September 1986 en 21 Oktober 1989.

De Klerk, FW 1990. Inleidende opmerkings tydens eerste sitting van KODESA, 20 Desember.

De Klerk, FW 1990. Parlement, Kaapstad, 17 April.

De Klerk, FW 1990. Parlementsopening, 2 Februarie.

De Klerk, FW 1991. (persverklaring), 21 parlementslede sluit aan by NP, Kaapstad, 23 Mei.

De Klerk, FW 1993. Interim grondwet, 22 Desember.

De Klerk, FW 1994. 1994-verkiesingsuitslag, 2 Mei.

De Klerk, FW 1995. South Africa: The miracle after 18 months, 20 November, Dublin.

De Klerk, FW 1996. Nuwe grondwet, 8 Mei.

De Klerk, FW 1996. Onttrekking uit die RNE, 3 Junie.

De Klerk, FW 1997. Bedanking, 26 Augustus.

Delport, JT 1993. Minister van plaaslike regering tydens die Natalse kongres van die NP, 12 Augustus.

Heunis, JC (waarnemende staatspresident) 1989. Opening van die sewende sessie van die agste parlement van die RSA. Staatsdrukker, 3 Februarie.

Kriel, HJ (persverklaring) 1991. Grondhervorming in SA, Kaapstad, Mei.

Meyer, PJ 1978. Vierde HF Verwoerd-gedenklesing "Dr. H.F. Verwoerd: Afrikaner-volksman". Bloemfontein, 6 September.

NP-federale kongres 1986. Toesprake 12 en 13 Augustus.

(i) Ekonomiese riglyne vir die toekoms:

- a) De Villiers, DJ
- b) Du Plessis, BJ

(ii) Suid-Afrika in Suider-Afrika-verband:

- a) Botha, RF
- b) Du Plessis, PTC

(iii) Groepsekuriteit:

- a) Coetsee, HJ
- b) De Klerk, FW

(iv) Staatkundige Ontwikkeling:

- a) Heunis, JC
- b) Viljoen, G van N

(v) Orde en stabiliteit:

- a) Le Grange, L.
- b) Malan, MA de M

Van der Merwe, JH, LP 1992. Parlement, 1 April.

Viljoen, G van N 1991. Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens, Kaapstad, 18 Mei.

Viljoen, G van N 1990. Debat oor staatkundige ontwikkeling tydens begrotingspos, 9 Mei, parlement, Kaapstad.

5. PARTYPOLITIEKE KORRESPONDENSIE

Brief dr. C (Stoffel) van der Merwe – NP-parlementslede, 2 November 1987.

Brief van staatspresident PW Botha – aartsbiskop Desmond Tutu, Maart 1988.

Anonieme naamlose dreigbrief aan NP-LP's, 25 Mei 1991.

Bedankingsbrief van RG Claassens (sekretaris van die KP in die Vrystaat), 24 Augustus 1992.

- Brief JM Aucamp – Nasionale Party-bestuurslede, 2 Desember 1992.
- Brief M Human, De Deur – JM Aucamp, 16 September 1993 (Versoek om grondwet nie te aanvaar nie.)
- Brief M Scholtz, De Deur – JM Aucamp, 16 September 1993 (Versoek om grondwet nie te aanvaar nie.)
- Brief M Sypkens, Nylstroom – JM Aucamp, September 1993 (Versoek om grondwet nie te aanvaar nie.)
- Booth IM Nylstroom – JM Aucamp, 20 September 1993. (Versoek aan navorser om grondwet nie te aanvaar nie.)
- Brief Danie Müller, Bredasdorp – JM Aucamp, 20 September 1993 (Versoek om grondwet nie te aanvaar nie.)
- Brief CJ van Wyk, Ermelo – JM Aucamp, 21 September 1993 (Versoek om grondwet nie te aanvaar nie.)
- Brief J Buitendag, Warmbad – JM Aucamp, 1993 (Versoek aan navorser om grondwet nie te aanvaar nie.)
- Verskeie ander briewe is aan die navorser gerig om hom en ander NP-LP's te versoek en te dreig om nie die grondwet van 1993 te aanvaar nie.
- Federale Raad. Brief oor intimidasiëklag – Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK), Pretoria, 15 Maart 1994.
- Brief van FW de Klerk en Van Gend-prokureurs namens NP – voorsitter van die WVK oor sy en dr. A Boraine (ondervoorsitter) se optrede tydens 'n perskonferensie, 15 Mei 1997.
- Strauss, HJ, s.a. 'n Besielende leuse vir die Nasionale Party, s./.

6. PERIODIEKE PUBLIKASIES

6.1 KOERANTE / TYDSKRIFTE

Beeld, 1990 -2010.

Bloemnuus, 1989.

Burger Die, 1987-1996 en 2007–2010.

Business Day, 1993.

Cape Argus The, 1979, 1987.

Cape Times The, 1990 - 1995.
Citizen The, 1984-1994.
City Press, 1990.
Daily Telegraph The (Australië), 2003.
Economist The, 1991.
Eastern Province Herald, 1986.
Finweek/Fin Week, 2007- 2009.
Friend The, 1980.
Handhaaf, 1968, 1969, 1989.
Hoofstad, 1979.
Irawa, 1972, 1973.
Kerkbode Die, 1983, 1986.
Landbounuus, 18 Maart 1991 (departement van landbou).
Landbouweekblad, 13 Februarie 2009, 20 November 2009, 7 Augustus 2009 en 26 Maart 2010.
Mail and Guardian, 2006 - 2010.
Nasionale Pers, Feesbylae, 1915 –1990.
Natal Mercury The, 1989.
Natal Witness The, 1989.
New York Times, 1948.
Oosterlig Die, 1948, 1983, 1991.
Pretoria News, 1987.
Promedia : Serkos (Kwartaalblad van die Sentrum vir Reformatoriese en Kontemporêre Studies), Maart 1986.
Rapport, 1984-2010.
Ruiter Die, 1948.
SA Dialogue 3(4), April 1991.

Saturday Star, 1987 en 2006.
Sowetan, 1985-1994.
Star The, 1984-1994.
Suid-Afrikaan Die, Maart/April 1994.
Sunday Star, 1987.
Sunday Times, 1984-1996.
Sunday Times (New York), 1993.
Sunday Tribune, 1990.
This Day (Nigerië), 2009.
Transvaler Die, 1991.
Vaderland Die, 1940, 1983–1985.
Volksblad/Volksblad Die, 1937, 1948, 1981-2010.
Vrystaat Landbou: Nuusbrief (Senekal), September 2006.
Wall Street Journal, 1990 -1991.
Washington Times, 1988, 1990.

6.2 KOERANT- EN TYDSKRIFARTIKELS

Adam, H en Moodley, K 1993. "Comparing South Africa nonracialism versus ethnonationalist revival", *Third World Quarterly* 14(2), Junie.

Akhalwayo, A, *et al.* 1990. "FW en 2 Februarie - 'n jaar later...", *Suid-Afrikaan*, 30 Desember.

Albertyn, C en Hassim, S 2005. "Introduction", *Politikon* 32(2), November.

Andreasson, S 2004. "The African National Congress and its critics", *Institute of Social Studies*, Den Haag, 9 September.

Bernstein R 2007. "The turning point ... was the decision of the liberal movement to abandon its exclusive reliance on non-violent campaigning", *Transformation* 31(64), Oktober.

Bolton, P 2006. "Government procurement as a policy tool in South Africa", *Journal of Public Procurement* 6(3).

- Bompani, B 2006. "Mandela mania: mainline churches in post-apartheid South Africa", *Third World Quarterly* 27(6), September.
- Booyesen, S 2001. "Transitions and trends in policymaking in democratic South Africa", *Journal of Public Administration* 36(2), Junie.
- Breytenbach, W 1990. "Wat lê anderkant die Rubicon?", *Suid-Afrikaan* 4(26), April.
- Butter, A 2005. "How democratic is the African National Congress?", *Journal of Southern African Studies* 31(4), Desember.
- Cherry, J 1994. "Development, conflict and the politics of ethnicity in South Africa's transition to democracy", *Third World Quarterly* 15(4), Desember.
- Computer Mail* (Supplement to *Financial Mail*), Augustus 1986.
- Cronin, J 2004. "Preparing us for permanent opposition?", *South African Labour Bulletin* 28(6), Desember.
- Darracq, V 2008. "Being a movement of the people and a governing party: Study of the African National Congress mass character", *Journal of Southern African Studies* 34(2), Junie.
- Davis, G 2003. "The electoral temptation of race in South Africa: implications for the 2004 election", *Transformation* 1(53), November.
- Doxtader, E 2001. "Making rhetorical history in time of transition: the occasion, constitution and representation of South African reconciliation", *Rhetoric and Public Affairs* 4(2).
- Du Pisani, JA 1984. "BJ Vorster se nuwe sportbeleid as faktor in die verdeeldheid binne die Nasionale Party wat gelei het tot die stigting van die Herstigte Nasionale Party", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 9(2), Desember.
- Du Pisani, JA 1986. "Divided or united power: views on the new constitutional dispensation by prominent South African political leaders", *Lex Patria*, UOVS, Bloemfontein.
- Du Pisani, K 2007. "Die Waarheids- en Versoeningskommissie uitdagings aan die historikus in 'n demokratiese Suid-Afrika", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 47(1), Maart.
- Dvorin, EP 1953. "Parliamentary sovereignty and the entrenched sections of the South Africa Act/The Truth about the Constitutional Crisis", *Harvard Law Review* 66(6), April.

- Emery, A 2007. "International norms, the nonracial struggle, and the transformation of political parties in South African democratization", *Journal of Political and Military Sociology* 35(2).
- Esterhuyse, W 1996. "Die Parlementsitting: politiek", *Finansies en Tegnies* 48(34), 23 Augustus.
- Esterhuyse, W 1998. "Maak reg vir omvorming", *Finansies en Tegnies* 50(6), Februarie.
- Esterhuyse, W 1998. "Nasiebou en Versoening", *Finansies en Tegnies* 50(22), 5 Junie.
- Filatova, I 1997. "The rainbow against the African sky or African hegemony in a multi-cultural context", *Transformation* 15(34), November.
- Filatova, I en Van Zyl Slabbert, F 1997. "Terug na die grondbeginsels: standpunt; Soweto (waarnatoe) NP?", *Insig* 2(1), Junie.
- Fourie, PJ 2009. "'n Terugkeer na die onderdrukking van vryheid van spraak. Ooreenkomste tussen die apartheidsregering(s) en die ANC se optrede teen die media", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 49(1), Maart.
- Friedman, S 1990. "Muddling through the end: negotiations", *Suid-Afrikaan* 4(27), Junie.
- Friedman, S 2002. "From Mafikeng to Stellenbosch", *South African Labour Bulletin* 26(6), Desember.
- Geldenduys, D 2006. "'n Internasionale perspektief op selfbeskikking in Suid-Afrika", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 46(4), Desember.
- Gell, CWM 1953. "Hard choices in South Africa", *Foreign Affairs* 31(2), Januarie.
- Gibson, JL en Caldeira, GA 2003. "Defenders of democracy? Legitimacy, popular acceptance, and the South African Constitutional Court", *Journal of Politics* 65(1), Februarie.
- Gilbert, S 2007. "Singing against Apartheid: ANC cultural groups and the international Anti-Apartheid Struggle", *Journal of Southern African Studies* 33(2), Junie.
- Giliomee, H *et al.* 2001. "Dominant party rule, opposition parties and minorities in South Africa", *Democratization* 8(1).
- Giliomee, H 2010. *Great expectations: Pres. PW Botha's Rubicon speech of 1985*. Artikel per e-pos ontvang.

- Giliomee, H 2010. "Golden boy, golden opportunity: a note on Van Zyl Slabbert" in Alfred Le Maitre en Michael Savoye (reds.), *Van Zyl Slabbert: The passion for reason*, Johannesburg.
- Harris, V 2000. "They should have destroyed more: the destruction of public records by the South African state in the final years of apartheid, 1990-1994", *Transformation* 24(42), November.
- Hassim, S 2004. "Nationalism, feminism and autonomy: the ANC in exile and the question of women", *Journal of South African Studies* 30(3), September.
- Hendricks, F 2003. "Class and citizenship in contemporary South Africa", *Society in Transition* 34(1).
- Henvard, K 2003. "Post-Apartheid South Africa: Transformation and reconciliation", *World Affairs* 166(1).
- Herbst, J 2005. "Mbeki's South Africa", *Foreign Affairs* 84(6), November/Desember.
- Heunis, C 1981. "Stabiliteit en hervorming in Suid-Afrikaanse konteks", *Politikon*, Desember.
- Heunis, C 1986. "Constitutional reform in South Africa", *Business and Society Review*.
- Heunis, C 1986. "In search of democracy", *Leadership*, Januarie.
- Ingram, D 1996. "South Africa", *Round Table* 340(1), Oktober.
- Jansen van Rensburg, A 2001. "The Government of National Unity, 1994-1996: its influence on South African party politics", *Politeia* 20(2), Winter.
- Jobbins, D 2002. "South Africa's universities: Force for the future or a signal of failure?", *Round Table* 91(363), Januarie.
- Johnson, K 2003. "Liberal or liberation framework?", *Journal of Contemporary African Studies* 21(2), Mei.
- Johnson, K 2003. "Liberal or liberation framework?: the contradictions of ANC rule in South Africa", *Journal of Contemporary African Studies* 21(2), Mei.
- Johnson, RW 1994. "Stumbling towards Pretoria", *National Review* 40(20).
- Joubert, G 1976. Transkei, Bylae tot Nasionale Koerante, 20 Oktober.

- Kingsworth, P 2003. "Globalization made them do it: The once-radical African National Congress is now toeing the free market line", *Social Policy* 33(3).
- Lapsley, M 1998. "Confronting the past and creating the future. The redemptive value of truth telling", *Social Research* 98(4), Winter.
- Lazarus, N 2004. "The Myth of exceptionalism, the idea of Renaissance", *South Atlantic Quarterly* 103(4).
- Lieberfeld, D 2000. "Getting to the negotiating table in South Africa: domestic and international dynamics", *Politikon* 27(1), Mei.
- Lodge, T 2004. "The ANC and the development of party politics in modern South Africa", *Journal of Modern African Studies* 42(2).
- Louw, C en Thomas, W 1994. "'n Tier staan op; deliver, deliver, deliver; hef aan lê voor", *Suid-Afrikaan* 5(50), Oktober.
- Lowenberg, AD 1992. "A post-apartheid constitution for South Africa: lessons from public choice", *CATO Journal* 12(2).
- Magubane, Z 2004. "The Revolution betrayed?" *South Atlantic Quarterly* 103(4).
- Marais, P en De Villiers, TJ 1996. "Nuwe staatsdiens straks onwettig; beleid oor sake-konglomerate weer in kollig; nuusfokus", *Finansies en Tegniek* 48(38), 20 September.
- Maserumule, MH 2007. "Conflicts between Directors-General and Ministers in South Africa 1994-2004: A 'postulative' approach", *Politikon* 34(2), Augustus.
- Mbaku, JM 1998. "Constitutional engineering and the transition to democracy", *Independent Review* 2(4).
- Mbeki, T 1992. "Toward a new constitutional order: The ANC's position", *Harvard International Review* 14(2).
- McFarlane R 1993. E-pos na Withuis (Wenen ontmoeting met Pik Botha, 8 Augustus 1985), Reagan Biblioteek.
- Millar R 1993 "Science and society in early career of HF Verwoerd", *Journal of Southern African Studies* 19(4).
- Muiu, MW 2004. "The African National Congress' economic and social changes in South Africa (1994-2004)", *African & Asian Studies* 3(3/4).

Munger, ES 1969. "South Africa: Are there silver linings?", *Foreign Affairs* 47(2), Januarie.

"National Peace Accord" in *Financial Mail*, 9 April 1993.

O'Flaherty, JD 1993. "Holding together South Africa", *Foreign Affairs* 72(4), September/ Oktober.

Olivier, WH 1976. "Burgerskap en burgerregte in blank SA", *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede* 27(4), Oktober.

Pereira, P 1999. "Rewolusie van welwillendheid sukkel: polities", *Finansies en Tegniek* 51(35), 24 September.

Phillips, M en Coleman, C 1989. "Another kind of war: strategies for transition in the era of negotiation", *Transformation* 21(9), Januarie.

Pillay G en Nystrom, C 2007. "God's image of color", *Christian History and Biography* 94.

Prevost, G 2006. "The evolution of the African National Congress in power: From revolutionaries to social democrats?", *South African Journal of Political Studies* 33(2), Augustus.

Pycroft, C 1996. "Local government in the new South Africa", *Public Administration and Development* 16(3), Augustus.

Rademeyer, C 2000. "No normal sport in an abnormal society – sports isolation and the struggle against apartheid in South African sport, 1980-1992", *Journal for Contemporary History* 25(1), Junie.

Ramutsindela, MF 2001. "The bitter harvest of the bantustans", *The South African Geographical Journal* 83(3), September.

Saul, JS 2007. "The strange death of liberated Southern Africa", *Transformation* 31(64), Oktober.

Saunders, C 2005. "Anti-apartheid journals on the freedom struggle in South Africa", *Quarterly Bulletin of the National Library of South Africa* 59(3), Julie-September.

Simkins, C 1992. Review of book: "A Democratic South Africa: *Constitutional Engineering in a divided society* by Donald Horowitz", *Social Science Quarterly* 73(2), University of Texas, Junie.

"South Africa", *Africa Report* 40(2), Maart/April 1995.

"South African Foundation", *South Africa: International* 22(2), April 1992.

Southall, R 1994. "The South African elections of 1994: The remarking of a dominant-party state", *Journal of Modern African Studies* 32(4), Desember.

Sutner, R 2004. "The (Re)Constitution of the South African Communist Party as an underground organisation", *Journal of Contemporary African Studies* 22(1), Januarie.

Suttner, R 2004. "Transformation of political parties in Africa today", *Transformation* 44(55).

Suttner, R 2007. "African National Congress – alliance partners", *Historia*, 52(1), Mei.

Swartz, S 2006. "A long walk to citizenship: morality, justice and faith in the aftermath of apartheid", *Journal of Moral Education* 35(4), Desember.

"The Accelerating revolution in South Africa", *The Stallard Foundation*, Bedfordview, Junie 1986.

"The McIvany Intelligence Advisor", *Stallard Foundation*, April 1986.

The Review 1988. For the rule of law, Desember.

Thomas, S 1990. Oorsig van die boek: South Africa belongs to us: a history of the ANC deur Francis Meli, Londen, 1989, in *Africa* 60(4).

Van Huyssteen, E 2000. "The Constitutional Court and the redistribution of power in South Africa. Towards transformative constitutionalism", *African Studies* 59(2), Desember.

Van Niekerk, P 1987. Verskuiwing in Afrikanerdenke", *Politikon* 14(1), Junie.

Van Niekerk, R 2003. "The evolution of health and welfare policies in South Africa: inherited institutions, fiscal restraint, and the deracialization of social policy in the post-apartheid-era", *Journal of African American History* 88(4).

Vandenbosch, Amry 1979. "Brown South Africans and the proposed new constitution", *Journal of Politics* 41(2), Mei.

Viljoen, G van N 1978. "Wat is die minimum vir ons voortbestaan", *Aambeeld*, RAU, Desember.

Watkins, D en Mboya, M 1997. "Assessing the learning processes of Black South Africans", *Journal of Psychology* 131(6), November.

Welsh, D 1991. "The outlook for a democratic South Africa", *International Affairs* 67(4), Oktober.

Wilhelm, P 1998. "ANC's great haste to transform: new legislation: current affairs", *Financial Mail* 151(5), 6 November.

7. PAMFLETTE, STUDIESTUKKE, VERSLAE, REFERATE/ SIMPOSIUMS EN BESPREKINGS

Afrikaanse Studentebond 1969. Die Afrikaanse student op weg. Referate gelewer tydens die 21ste Bondskongres, Pretoria.

Afrikaner Volksfront 1993. Uitvoerende Oorgangsraadwetsontwerp. Pretoria, 17 September.

Afrikaner Volksfront, s.a. Vroue Belangegroep, Vanderbijlpark.

Afrikaner-Volksfront, s.a. Lidmaatskapvorm en belydenis.

Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk 1986. *Kerk en Samelewing*, Bloemfontein.

Amnesty International 1992. Report 1992, New York, 2 Desember.

Du Plessis, Danie 1993. Verklaring deur die Nasionale Party: Staking deur COSATU, Kaapstad.

FAK 1988. Die Groot Trek Herdenkingsfees.

Federale Onderwysersraad 1988. Nuusflitse, April.

Gedenkblad van die Afrikaanse Studentebond 1973. Johannesburg.

Hartzenberg, MJ 1993. Kaapland Konserwatiewe Party, September.

Inligtingsnuusbrieff s.a. Swart-teen-swart geweld – die gemagtigdes is die slagoffers, Staatsdrukker, Johannesburg.

Jeugkrag SA, April 1986.

Kantoor van die Staatspresident 1993. National Peace Campaign, Pretoria.

Market and Opinion Surveys 1993. Report on the results of a socio-political survey, November.

Markinor 1993. Benchmark study – charts – Desember.

- Markinor 1993. Mediavrstelling, 15 Julie.
- Markinor 1993. Meningsopname, Februarie.
- Meningspeilings 1993. Persepsies rakende sosio-politieke aangeleenthede en gemenskapsbehoefte – 'n blik op enkele ter sake response, Mei.
- Muzamamhindo, CGM 1973. Universiteit van Zululand. Besoek aan UOVS se Studenteraad.
- NP Federale Inligtingsdiens, Nasionale Party 1982 – Inligting 1982 (Bundel van die jaar se *Skietgoed*, 1-14), Kaapstad.
- Oosthuizen, T 1988. Die Afrikaner Volkswag.
- Potgieter, MGC 1993. Oorgawe aan ANC, 20 September.
- Report on the voter education programme and associated activities of the pro democracy trust for the period October 1993 till April 1994.
- RGN 1993. Die vooruitsigte van 'n vrye en demokratiese verkiesing. Remmende en bevorderlike faktore vir stemvoorneme, Mei.
- Signposts 1993. Arcadia.
- Simposium 1973. Suid-Afrika en die Suidelike Halfrond, Sentrum vir Internasionale Politiek, PU vir CHO, Potchefstroom.
- Simpson, Donald 1993. "How SA will vote in it's election" 24 Mei.
- South African Foundation, SA 1994.
- South Africa's news magazine 1988. *INSIDE South Africa*, Kaapstad, Julie.
- Southern Africa Special Dispatch* 1989. Government in turmoil as Botha clings to the presidency, Randburg, Maart.
- Studiestuk Afrikaner Broederbond (AB) 1986. Basiese voorwaardes vir die voortbestaan van die Afrikaner.
- Studiestuk AB s.a. Die konsolidasie van die swart tuislande.
- Studiestuk AB 1990. Onderhandelinge: Die huidige stand, Oktober.
- The Nusas Newsletter* 1973. Oktober.
- Van der Kooi, P 1993. Debattering oor resolusies van die SAKP/ANC oorheerste onderhandelingsforum, Pretoria, 7 September.

Van der Merwe, C (Stoffel) 1992. *Pers-Spektief*. Helderkruin, Augustus.

Van Vuuren, JEJ 1993. Oorgangsraad, Rietbron, 20 September.

Verenigde Nasies Handves, hoofstukke XI – XIII.

Verwerkte resultate van meningsopnames: besluitnemers–opsomming (hoogs vertroulik), Mei 1992.

Waarheids- en Versoeningskommissie: (WVK)-verslag. Bylae tot *Rapport*, 1 November 1998.

WVK-navorsingsdepartement, Questions and motives, context and perspective, s.a.

8. BIBLIOGRAFIE/BOEKELYS

Albeldas M en Fischer A (reds.) 1987. *A question of survival. Conversations with key South Africans*, Johannesburg.

Adhikari M (red.) 2009. *Burdened by race. Coloured identity in Southern Africa*, Kaapstad.

Alexander N 2002. *An ordinary country*, Pietermaritzburg.

Amnesty International 1989. *When the State kills ... The death penalty v. human rights*, Londen.

Archer R en Bouillon A 1982. *The South African game. Sport and racism*, Londen.

Aucamp I en Swanepoel J 2007. *Einde van 'n groot party – 'n Vrystaatse perspektief op die (N)NP*, Pretoria.

Baai S 2006. *O.R. Tambo*, Mutloasa Arts Heritage Trust.

Barnard F 1967. *13 Jaar in die skadu van dr. HF Verwoerd*, Johannesburg.

Barnard L en Stemmet J 2004. *'n Lewe van sy eie. Die biografie van Volksblad*, Kaapstad.

Bierman HHH 1963. *The case for South Africa as put forth in public statements of Eric H. Louw*, New York.

Boraine A 2008. *A life in transition*, Kaapstad.

Braam C 2004. *Operation Vula*, Bellevue.

- Brookes Edgar H 1969. *Apartheid. A documentary study of modern South Africa*, Londen.
- Broughton M 1961. *Press and politics of South Africa*, Kaapstad.
- Butler A 2008. *Cyril Ramaphosa*, Johannesburg.
- Calderisi R 2007. *The trouble with Africa - Why foreign aid isn't working*, Londen.
- Cillié P 1990. *Baanbrekers vir vryheid*, Kaapstad.
- Clapham C et al. 2006. *Big African states*, Johannesburg.
- Coetzer PW. (red.) 1994. *Die Nasionale Party 5*, INEG, Bloemfontein.
- Coetzer PW en Le Roux JH (reds.) 1986. *Die Nasionale Party 4*, INEG, Bloemfontein.
- Collins RO 1969. *The partition of Africa - Illusion or necessity*, New York.
- Conan-Doyle AC 2005-uitgawe. *The great Boer War*, Alberton.
- Crocker CA 1992. *High noon in Southern Africa: making peace in a rough neighborhood*, New York.
- Davidson B 1994. *Modern Africa. A social and political history*, New York.
- De Kiewiet CW 1941. *A history of South Africa. Social and economic*, Londen.
- De Kiewiet CW 1937. *The imperial factor in South Africa*, Londen.
- De Klerk FW 1998. *Die laaste trek - 'n nuwe begin*, Kaapstad.
- De Klerk WA et al. 1969. *Beweging uitwaarts*, Kaapstad.
- De Kock WJ 1971. *Geskiedenis van Suid-Afrika*, Staatsdrukker, Pretoria.
- Denkersforum 1981. *Suid-Afrika: 'n toekomstperspektief*, Pretoria.
- Esterhuyse WP 1982. *Die pad van hervorming*, Kaapstad.
- Farewell B 1976. *The great Boer War*, Londen.
- Feinstein A 2007. *After the party: A personal and political journey inside the ANC*, Johannesburg.
- Geldenhuis D (samesteller) 1995. *The Taiwan experience: Implication for South Africa*, Johannesburg.

- Gevisser M 2007. *Thabo Mbeki: A dream deferred*, Johannesburg.
- Geyser O en Marais AH (reds.) 1975. *Die Nasionale Party 1*, INEG, Bloemfontein.
- Giliomee H 2004. *Die Afrikaners - 'n biografie*, Kaapstad.
- Giliomee H 2003. *The Afrikaners – biography of a people*, Kaapstad.
- Giliomee H 2009. *The Afrikaners – biography of a people. Expanded and updated edition*, Kaapstad.
- Giliomee H en Mbenga B 2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, Kaapstad.
- Giniewski P 1966. *Die stryd om Suidwes-Afrika*, Kaapstad.
- Goosen DP 1953. *Die triomf van nasionalisme in Suid-Afrika*, Johannesburg.
- Grobbelaar SW en Snyman J 1982. *Skeuring*, Pretoria.
- Gumede WM 2005. *Thabo Mbeki and the battle for the soul of the ANC*, Kaapstad.
- Gutteridge W (red.) 1995. *South Africa from apartheid to national unity, 1981-1994*, Aldershot.
- Hamann H 2001. *Days of the generals. The untold story of South Africa's apartheid-era generals*, Kaapstad.
- Hermann D 2007. *Die keiser is kaal. Waarom regstellende aksie misluk het*, Pretoria.
- Heunis J 2007. *Die binnekring. Terugblikke op die laaste dae van blanke regering*, Johannesburg.
- Hiemstra VG 1951. *Uiteensetting van die Wet op Groepsgebiede, Wet 41 van 1950*, Pretoria.
- Hoernlé RFA 1945. *Race and reason*, Johannesburg.
- Jacob A 1965. *White man think again*, Pretoria.
- Jeffery A 2009. *People's war: New light on the struggle for South Africa*, Johannesburg.
- Jeugraad van die FAK, s.a. *Fokus*, Ondwerwerpe met riglyne vir bespreking by jeugleierkursusse en –konferensies, Johannesburg.

- Johnson RW 2009. *South Africa's brave new world: The beloved country since the end of apartheid*, Londen.
- Kagwanja P (red.) 2009. *State of the nation. South Africa*, Kaapstad.
- Koenderman T 1982. *Sanctions. The threat to South Africa*, Johannesburg.
- Kotzé DJ 1968. *Positiewe nasionalisme*, Kaapstad.
- Kotzé G 1978. *Sport en politiek*, Pretoria.
- Krüger DW 1960. *South African parties and policies 1910-1960, A select source book*, Kaapstad.
- Krüger DW 1969. *The making of a nation - A history of the Union of South Africa 1910-1961*, Johannesburg.
- Kruger G 1995. *Denksprong vir die regse beweging in Suid-Afrika*, Pretoria.
- L'Ange G 2005. *The White Africans - From colonisation to liberation*, Jeppestown.
- Leon Tony 1998. *Hope and fear*, Johannesburg.
- Leon T 2008. *On the contrary*, Johannesburg.
- Le Roux JH en Coetzer PW (reds.) 1980. *Die Nasionale Party 2*, INEG, Bloemfontein.
- Le Roux JH en Coetzer PW (reds.) 1986. *Die Nasionale Party 3*, INEG, Bloemfontein.
- Louw E 2009. *Oor my pad. 'n Outobiografie*, Potchefstroom.
- Malan Magnus 2006. *My lewe saam met die SA Weermag*, Pretoria.
- Malan MPA 1964. *Die Nasionale Party, 1914-1964. Sy stryd en prestasies*, Elsiesrivier.
- Mandela N 1994. *Long walk to freedom: The autobiography of Nelson Mandela*, Boston.
- Marger MN 2009. *Race and ethnic relations. American and global perspectives*, Belmont, VSA.
- Mavuso V en Balia D (reds.) 1999. *Fighting corruption. Invitation to ethics management*, UNISA.

- McKinley DT 1997. *The ANC and the liberation struggle*, Londen.
- Mbeki M 2009. *Architects of poverty*, Johannesburg.
- Mbeki Thabo 1998. *Africa – the time has come*, Kaapstad.
- Meiring P 1973. *Tien politieke leiers*, Kaapstad.
- Meredith M 1998. *Nelson Mandela: A biography*, New York.
- Meredith M 2005. *The state of Africa*, Londen.
- Mostert JPC 1986. *Die afskaffing van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet*, INEG-knipseldiens.
- Mostert JPC en Scott AS 1987. *Volksraadsverkiesing 1987*, INEG-knipseldiens.
- Mostert JPC 1986. *Politieke partye in Suid-Afrika*, INEG, Bloemfontein.
- Mukanda MM 2000. *Thabo Mbeki and the African Renaissance*, Pretoria.
- Mulder P 2008. *Kan Afrikaners toyi-toyi?* Pretoria.
- Muller CFJ (red.) 1968. *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, Pretoria.
- Nel PG (red.) 1981. *Afrikanerkultuur: fondament en vergesig*, Universiteit van Pretoria.
- Norval M 1990. *Inside the ANC – the evolution of a terrorist organisation*, Washington.
- Nuttall J 1997. *The first five years. The story of the Independent Development Trust*, Kaapstad.
- Olivier B 1971. *Die laaste skans*, Kaapstad.
- O Meara D 1996. *Forty lost years*, Randburg.
- Papenfus T 2010. *Pik Botha en sy tyd*, Pretoria.
- Payze C 1997. *Die Ruitervag: jong broederorde*, Pretoria.
- Pelzer AN (red.) 1963. *Verwoerd aan die woord. Toesprake 1948-1962*, Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Phillips H 1987. *Moscow's challenge to U.S. Vital interests in Southern Africa*, Virginia.

- Pienaar P de V en Van den Heever CM 1945. *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, Kaapstad.
- Pienaar SW 1964. *Glo in u volk*: Dr. D.F. Malan as redenaar 1908-1954, Kaapstad.
- Plaatje S 1916. *Native life in South Africa*, Londen, (2007-uitgawe).
- Posel D 1991. *The making of apartheid, 1948-1961: conflict and compromise*, Oxford.
- Potgieter DW 2007. *Totale aanslag*, Kaapstad.
- Prinsloo D 1997. *Stem uit die Wilderness. 'n Biografie oor oud-president PW Botha*, Mosselbaai.
- Ramphela M 2008. *Laying ghosts to rest: dilemmas of the transformation in South Africa*, Kaapstad.
- Ramsamy S 1982. *Apartheid the real hurdle: sport in South Africa and the international boycott*, Londen.
- Rautenbach IM en Malherbe EFJ 1994. *Wat staan in die Grondwet?* RAU.
- Reitz H en Oost H (reds.) 1931. *Die Nasionale Boek*. 'n Geskiedenis van die ontstaan en groei van die Nasionale Party van Suid-Afrika, Johannesburg.
- Rhodie E 1968. *The third Africa*, Kaapstad.
- Rhodie NJ (red.) 1972. *South African dialogue. Contrasts in South African thinking of basic race issues*, Johannesburg.
- Rhodie NJ en Venter HJ 1959. *Die apartheidsgedagte. 'n Sosio-historiese uiteensetting van sy ontstaan en ontwikkeling*, Kaapstad.
- Richburg KB 1997. *Out of America: A black man confronts Africa*, New York.
- Ries A en Dommissie E 1982. *Broedertwis*, Kaapstad.
- Ries A en Dommissie E 1989. *Leierstryd*, Kaapstad.
- Robbins D 2004. *After the dance. Travels in a democratic South Africa*, Johannesburg.
- Russel A 2009. *After Mandela – The battle for the soul of South Africa*, Londen.

- Sampson HF 1964. *The principle of Apartheid*, Johannesburg.
- Scannell J 1988. *Spreek van Langenhoven*, Kaapstad.
- Schoeman BM 1977. *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika, 1910-1976*, Pretoria.
- Smuts JC 1929. *Africa and some world problems*, Oxford.
- South African Democracy Education Trust (SADET) 2004. *The road to democracy in South Africa*, vol 1 en 2, Kaapstad.
- Stals ELP 1998. *Die geskiedenis van die Afrikaner Broederbond, 1918-1994, s.l.*
- String Communications 2001. *Parliament: The first five years of democracy in South Africa*, Kaapstad.
- Stumpf RH en Els BJ 1991. *Onderwysvernuwingstrategie; Besprekingsdokument*, UNISA, Junie.
- Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens 1994. *Vele kulture een nasie*, Presidentsinhuldiging, Pretoria, 10 Mei.
- Terre'Blanche S 2002. *A history of inequality in South Africa 1652-2002*, Pietermaritzburg.
- Thomashausen AEAM 1987. *The dismantling of apartheid – The balance of reforms 1978-1988*, Pretoria (updated).
- Trewhela P 2009. *Inside quatro*, Aucklandpark.
- Van der Merwe A 2010. *Eugene Terre'Blanche, my storie*, Kaapstad.
- Van der Merwe HJJM 1961. *Segreger of sterf*, Johannesburg.
- Van der Merwe J 2010. *Trou tot die dood toe. Die Suid-Afrikaanse Polisiemag*, Pretoria.
- Van der Walt AJH, Wiid JA en Geyer AL (reds.) 1965. *Geskiedenis van Suid-Afrika*, 2 dele, Kaapstad.
- Van der Westhuizen C 2007. *White power and the rise and fall of the National Party*, Kaapstad.
- Van Deventer H 1998. *Kroniek van 'n koerantman*, Welgemoed.
- Van Jaarsveld FA 1971. *Van Van Riebeeck tot Verwoerd, 1652-1966*, Johannesburg.

- Van Jaarsveld FA en Scholtz GD (reds.) 1966. *Die Republiek van Suid-Afrika. Agtergrond ontstaan en toekoms*, Johannesburg.
- Van Rensburg APJ 1976. *Afrika-verskeidenheid*, Kaapstad.
- Van Rensburg APJ 1985. *Moderne Afrika*, Pretoria.
- Van Rooyen JJ 1988. *Altyd nuut, Nasionale Party regeer 40 jaar*, Kaapstad.
- Van Rooyen JJ 1956. *Die Nasionale Party. Sy opkoms en oorwinnig – Kaapland se aandeel*, Kaapstad.
- Van Rooyen JJ 1971. *Ons politiek van naby*, Kaapstad.
- Van Schoor AM s.a. *Die Nasionale Boek. Gewy aan 25 jaar van Nasionale Party-bewind 1948-1973, s.l.*
- Van Wyk W 1991. *Waardedemokrasie. Die sleutel tot 'n veilige en voorspoedige Suid-Afrika*, Durbanville.
- Van Zyl Slabbert F 2006. *Duskant die geskiedenis*, Kaapstad.
- Venter AIJ 2008. *How SA built six atom bombs and abandoned its nuclear weapons program*, Kaapstad.
- Vriende van Afrikaans 2009. *Dae uit ons geskiedenis. 'n Afrikaanse kultuurhistoriese dagboek*, Stellenbosch.
- Wessels D 2000. *Rainbow nation revisited. South Africa's decade of democracy*, Londen.
- Wessels L 2010. *Vereeniging. Die onvoltooide vrede*, Kaapstad.
- Weide R en S 1987. *Die volledige verkiesingsuitslae van Suid-Afrika 1910-1986 (met verkiesingsuitslae van 1987 bygewerk.)*, Pretoria.
- Welsh D 1971. *The roots of segregation, 1845-1910*, Kaapstad.
- Welsh D 2009. *The rise and fall of apartheid*, Kaapstad.
- Woods D 2000. *Rainbow nation revisited. South Africa's decade of democracy*, Londen.
- Worrall D (red.) 1971. *South Africa. Government and politics*, Pretoria.

9. VERHANDELINGS EN TESISSE

Coetzee T 2001. Staatsvorm, regeringstelsel en stelselstabiliteit in Suid-Afrika – 'n vergelykende stelselanalise. DPhil-proefskrif, UV.

Cornelissen ME 1999. Die apartheidsdenke van DF Malan en die uitwerking daarvan op wit-/bruin-verhoudinge, PhD-proefskrif, UOVS.

De Beer L 1990. A political analysis of the African National Congress as an extra-parliamentary movement, MA-verhandeling, UOVS.

Jacobs J 1992. Sechaba as mondstuk in die ANC se stryd teen blanke oorheersing, 1967-1989, D Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Le Roux CJB 1992. Umkhonto we Sizwe: its role in the ANC's onslaught against white domination in South Africa, 1961-1988, D Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Müller AJG 1993. Die hervormingsinisiatiewe van die Nasionale Party, 1978 tot 1989, en die redes daarvoor. MA-verhandeling, UOVS.

Ntanjana G 2009. An historical analysis of the political transformation of the African National Congress (1912-1994), MA-verhandeling, Universiteit van die Vrystaat.

Oelofse MM 1993. 'n Kritiese evaluering van die politieke stryd in die kiesafdeing Fauresmith in die algemene verkiesing van 1989, MA-verhandeling, UOVS.

Stemmet JA 2001. Apartheid under siege, 1984–1988: actions and reactions, PhD-proefskrif, UV.

Swanepoel JJ 1982. Die diplomاسie van BJ Vorster, DPhil-proefskrif, UOVS.

10. CD's (C), VIDEOS (V), MAGNEETBANDE (M) en SMS'e

FW de Klerk - 'n Man van sy woord, 2 Februarie 1990. Toespraak (C) (Met toestemming van die SAUK)

FW de Klerk. M-Net-uitsending (V), 24 Augustus 1990.

FW de Klerk. Toespraak/onderhoud met terugkeer van oorsee (V), Jan Smuts-lughawe, 26 Mei 1990.

FW de Klerk - The people's leader (V). NP Inligtingsdiens, 1993.

Mosioua (Terror) Lekota. SMS, 8 Oktober 2008.

NP Business Broadcast (V), 2 November 1990.

NP-federale kongres (M), 31 Julie 1982.

NP-Federale Raadsvergadering (M), Kaapstad, 13 Maart 1989.

NP-Federale Raadsvergadering (M), Kaapstad, 3 Junie 1986.

NP-verkiesingsmanifes (V), 1999.

Onderhoud met mev. MM (Mabel) Jansen (M), Irene, 28 Julie 1977.

The NP. Guardian of democracy in South Africa (V), 1998.

Waarom jy moet stem. 'n Persoonlike boodskap van PW Botha, 6 Mei 1987.

11. INTERNET-BRONNE

ANC: www.anc.org.za. Geraadpleeg in 2009.

Daily Telegraph: www.dailytelegraph.com.au. Geraadpleeg in 2002.

F.W. de Klerk-stigting: www.fwdklerk.org.za. Geraadpleeg in 2007 - 2010.

Mail & Guardian Online: 2006. [http.www.mg.co.za](http://www.mg.co.za). Geraadpleeg in 2006.

Media24: www.koerantargiewe.media24.com. Geraadpleeg 2007 - 2010.

Nelson Mandela Stigting: *Nelson Mandela 90*. www.nelsonmandela.org. Geraadpleeg in 2008.

This Day: www.thisdayonline.com. Geraadpleeg in 2009.

www.elections.org.za. Geraadpleeg in 2009 - 2010.

www.joburg.org.za. Geraadpleeg in 2009.

12. SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE (SAUK)

12.1 SAUK-TV

Network : 16 Mei 1989

Onderhoud : 18 Junie 1989

Agenda : 30 Oktober 1991

Onderhoud : 31 Desember 1993

Onderhoud : 2 Februarie 2010

12.2 RSG

Direkte uitsending : 11 Februarie 1990

Aktualiteitsprogram : 28 Februarie 2009

Nuusbulletin : 20 November 2009

Nuusbulletin : 1 Desember 2009

Monitor : 8 Desember 2009

Monitor : 3 Februarie 2010

13. DSTV

Kyknet : 2 Februarie 2010, 20 Oktober 2010

M-Net : 24 Augustus 1990

14. SOUTH AFRICAN PRESS ASSOCIATION (SAPA)

14 September 1991

OPSOMMING

Bykans die helfte van die Nasionale Party (NP) se bestaan, sedert 1914 tot teen die middel van die vorige eeu, het feitlik niemand uit die Europees-oorheersde wêreld gedink dat die inheemse volkere van die afgeleë koloniale ryke gereed was om hulself te regeer nie.

Teen hierdie agtergrond het die NP, in heterogene Suid-Afrika, die kwessie van etnisiteit deur 'n beleid van apartheid/afsonderlike ontwikkeling probeer oplos. 'n Klimaat van nie-rassisme, anti-kolonialisme en universalisme het intussen na die Tweede Wêreldoorlog wêrelddenke begin oorheers, wat die NP-beleid al hoe feller onder kritiek geplaas het.

Na Republiekwording (1961) het die debat binne die NP toenemend gewentel rondom die vraag hoe die party binne die veranderde omstandighede moes aanpas en steeds die Afrikaner/blanke se reg tot selfbeskikking sou beskerm. Dit het toenemend geblyk dat afsonderlike ontwikkeling nie kon werk nie en dat die toepassing daarvan inherent diskriminerend van aard, onbillik en onregverdigbaar was.

Teen 1978 het die NP met 'n proses van hervorming begin, wat ingelui is met belangrike veranderinge op arbeidsterrein wat tot onbelemmerde vryheid van arbeidsorganisasies en die wegdoen van alle rassediskriminasie in arbeidsverhoudinge gelei het. Daarna het die NP-regering 'n grondwetlike skikking begin soek wat alle Suid-Afrikaners ten volle sou insluit. Die grondwet van 1983 het stemreg na kleurling- en Indiër-gemeenskappe

in die Driekamerparlement uitgebrei en teen die einde van 1986 is ongeveer 100 diskriminerende wette afgeskaf.

Die groot vraag was egter hoe swart Suid-Afrikaners staatkundig bevredigend geakkommodeer kon word. Tot 1989, wat ook die einde van die PW Botha-era was, het die NP aan 'n stelsel geglo wat besondere maatreëls sou verg ter beskerming van die regte van groepe op die basis van maksimale selfbeskikking vir elk en medeverantwoordelikheid oor gemeenskaplike belange, op 'n wyse wat oorheersing van enige groep deur ander sou uitskakel.

Die NP het in hierdie tyd ook besef dat enige staatkundige bedeling diskriminasie moes uitskakel, die resultaat van onderhandelinge moes wees en dat die African National Congress (ANC) 'n belangrike rolspeler in hierdie verband moes wees.

Die FW de Klerk-era is dramaties ingelui met die belangrike toespraak van 2 Februarie 1990 wat nie net die NP se lot uiteindelik sou bepaal nie, maar ook die land in alle opsigte onherkenbaar sou verander. Binne die NP was daar 'n totale transformasie van denke en beleid en is daar gebreek met uitgediende beleide van die verlede, omdat dit volgens hulle "moreel nie regverdigbaar" was nie. Die nuwe doelwit van die NP, waarvoor ook tydens 'n referendum in 1992 'n mandaat verkry is, was "Grondwetlike regering in 'n deelnemende demokrasie". Hierdie raamwerk vir 'n nuwe demokratiese Suid-Afrika sou as die NP se plan tydens intensiewe onderhandeling tussen al die deelnemende partye uitgemaak

word en het op twee pilare gerus, naamlik 'n regstaat en veelparty-regering.

Die laaste paar jaar van NP-bewind is deur uitmergelende onderhandelinge gekenmerk, veral tussen die NP en die ANC as hoofrolspelers. Die uiteinde daarvan was die interim-grondwet van 1993 waarvolgens die NP eventueel na 46 jaar die mag aan die ANC afgestaan het. Hoewel die grondwet vir 'n Regering van Nasionale Eenheid (RNE) vir vyf jaar voorsiening gemaak het, was die NP niks meer as 'n gekoöpteerde vennoot nie. Hierdie frustrasie het in 1996 onder meer tot die NP se onttrekking uit die RNE gelei.

In retrospeksie word kortliks teruggekyk op die NP se laaste dekade as regerende party. Hoewel daar verskillende menings oor die party se rol tydens die laaste dekade bestaan, word die NP al hoe meer verwytdat hy sy voormalige ondersteuners in die steek gelaat het.

Die laaste dekade van NP-regering sal nog lank deur historici en die gewone landsburgers ontleed word en die gevolgtrekkings waartoe in hierdie proefskrif gekom is, sal nie noodwendig die laaste wees wat hieroor geskryf word nie.

ABSTRACT

For almost half the time of the existence of the National Party (NP), since 1914 till the middle of the previous century, nearly no one from those parts of the world dominated by Europe, thought that the indigenous nations of the remote colonial empires were ready to govern themselves.

Against this background the NP, in heterogeneous South Africa, tried to solve the issue of ethnicity by means of a policy of apartheid/separate development. In the meantime the climate of non-racialism, anti-colonialism and universalism after the Second World War started to dominate, which brought the NP policy more and more intensely under fire.

After becoming a Republic (1961), the debate in the NP increasingly revolved around the question of how the party would have to adapt within the changing circumstances, while at the same time it still had to protect the right to self-determination of the Afrikaner/white South African. It increasingly seemed as if separate development could not work and that its implementation was of a discriminating nature, unfair and unjustifiable.

By 1978, the National Party started with a process of reform, which was ushered in by important changes in the field of labour which led to unrestricted freedom for the labour organisations and the scrapping of all racial discrimination in labour relations. Since then the NP government started looking for a constitutional settlement which would fully include all South Africans. The Constitution of 1983 extended the franchise to

coloured and Indian communities in the three-chamber parliament and by the end of 1986 approximately 100 discriminatory laws had been repealed.

The major question was, however, how black South Africans could be accommodated politically in a satisfactory way. Until 1989, which was also the end of the PW Botha era, the NP believed in a system which would require special measures for the protection of the rights of groups on the basis of maximum self-determination for each and co-responsibility in respect of common interests, in a way which would rule out domination of any group by another.

At this time the NP also realised that any political dispensation would have to rule out discrimination, had to be the result of negotiations and that the African National Congress (ANC) was an important role player in this connection.

The FW de Klerk era commenced dramatically with the important speech of 2 February 1990. It ultimately determined the destiny of the NP, but also unrecognisably changed the country in all respects. Within the NP there was a total transformation of thoughts and policy and a break with the obsolete policies of the past as these were, according to them, "morally unjustifiable". The new objective of the NP, for which a mandate had been obtained during a referendum in 1992, was "constitutional rule in a participatory democracy". This framework for a new democratic South Africa would be established during intensive negotiations between all the

participating parties and was founded on two pillars, namely a constitutional state and multiparty government.

The last few years of NP government were characterised by exhausting negotiations, especially between the NP and the ANC as major role players. The end result was the Interim Constitution of 1993 according to which the NP eventually, after 46 years, yielded power to the ANC. Although the Constitution provided for a Government of National Unity (GNU) for five years, the NP was little more than a co-opted partner. This frustration would *inter alia* lead to the withdrawal of the NP from the GNU in 1996.

In retrospect, the last decade of the NP as ruling party is briefly assessed. Although there are different opinions about the party's role during the last decade, it is increasingly blamed for having left its former supporters in the lurch.

The last decade of NP government will continuously be analysed by historians and citizens of the country. The conclusions which were reached in this thesis, will not necessarily be the last words written on this matter.